Facebook en die bediening van die kerkjeug in die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika: ’n Pastorale studie

DJ Du Plessis

orcid.org/0000-0001-8127-6751

Proefskrif aanvaar ter nakoming vir die graad *Philosophiae Doctor in Pastorale Studies* aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof Marius Nel

Mede-promotor: Prof Gert Breed

Gradeplegtigheid: Mei 2020

Studentenommer: 23309512

Opgedra aan my vrou, **Bernadette du Plessis** (2 April 1975 - 18 Julie 2019), wat die afgelope drie jaar, te midde van baie groot uitdagings, my getrou ondersteun en aangemoedig het om die navorsing te voltooi waarmee ek begin het.

PLEGTIGE VERKLARING

1. Plegtige verklaring deur student

Hiermee verklaar ek, Daniël Jan du Plessis, die ondergetekende, dat hierdie proefskrif, getiteld “Facebook en die bediening van die kerkjeug van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika. ’n Pastorale studie”, wat ek by die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus inhandig, ter vervulling aan die vereiste van die graad, *Philosophiae Doctor in Pastorale Studies,* my eie werk is, dit volgens die vereistes taalversorg is en dat dit nie reeds by ’n ander universiteit ingehandig is nie.

Ek verstaan en aanvaar dat die eksemplare, wat vir eksaminering ingehandig word, die eiendom van die universiteit is.

Handtekening van student: _____ Studentenommer: 23309512

Geteken te _____ hierdie _____ dag van _____ 2019.

Verklaar voor my hierdie _____ dag van _____ 2019.

Kommissaris van Ede: _____

Stempel van kommissaris van ede word hier vereis

2. Plegtige verklaring deur die studieleier/mede-studieleier

Hiermee verklaar ondergetekende:

Ja	Nee
x	
x	--

1. Dat die student gemagtig word om sy proefskrif in te handig.
2. Dat die student se werk by TurnItIn ingedien is en ’n bevredigende verslag ontvang is.

Handtekening Promotor/Mede-promotor: _____ Datum: 2019-08-16

DANKBETUIGING

Graag wens ek die volgende persone van harte te bedank vir die bydrae wat elkeen van hulle gelewer het ten opsigte van hierdie studie.

- In die eerste en belangrikste plek, gee ek alle lof, dank en eer aan die Here vir sy krag, genade en seën wat my in staat gestel het om hierdie studie aan te pak en dit te voltooi. Mag sy Naam deur hierdie studie verheerlik word en mag dit bydra tot die bemagtiging van ouers en hoërskoolleerders ten opsigte van die gebruik van Facebook.
- My kinders, Ruan en Chanté. Julle insigte met betrekking tot Facebook en dit waaraan hoërskoolleerders op dié sosiale mediaplatform blootgestel word, is besonder insiggewend en dra by tot ’n dieper begrip van die dinge waaraan die jongmense in ons kerk blootgestel en waarmee hulle gekonfronteer word.
- My promotor, prof. Marius Nel en mede-promotor prof. Gert Breed vir die leiding wat u aan my gegee het gedurende die studietydperk. U belangstelling, insig, insette, ondersteuning en aanmoediging regdeur die verloop van die studie word hoog op prys gestel en ek het die grootste agting en waardering daarvoor.
- Elkeen van die respondente van die deelnemende gemeentes.
- Aan past. Johan Mahne en Greg van der Merwe onder wie se toesig die vraelyste voltooi is.
- Aan prof. Suria Ellis van die Sentrale Statistiekdiens aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus, vir haar hulp met die kodering van die data.
- Mev. Hester Lombard, bibliotekaresse van die Teologiese Biblioteek van Noordwes-Universiteit, asook Adri Smit en Sydney Vos vir hulle flinke diens met die opsporing van die toepaslike navorsingsbronne.
- Dr. Lariza Hoffman vir die proeflees, taalversorging en formatering van die teks.
- Noordwes-Universiteit vir die beurs wat aan my toegestaan is.
- AGS Koningstad-gemeente se kerkraad vir die studieverlof wat aan my toegestaan is, asook die gemeente vir hul gebede, belangstelling en finansiële ondersteuning.
- My vrou wat tydens die studie ernstig siek geword het en kort voor die afloop daarvan oorlede is. As ’n godvresende en deugsame vrou was haar lewe

gekenmerk deur haar volkome liefde vir God en haar gesin. Haar liefde vir my as haar eggenoot was in alle opsigte die verrykendste en wonderlikste lewenservaring. ’n Verdere kenmerk van haar lewe was haar passie vir die kerk van die Jesus Christus. Haar algehele toewyding tot die uitbou van God se koninkryk was duidelik waargeneem in elke faset van gemeentelewe en haar dienswerk in die gemeenskap waar die Here ons geplant het. Vir Bernadette du Plessis was die lewe Christus en die sterwe wins.

OPSOMMING

Titel: Facebook en die bediening van die kerkjeug van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika. ’n Pastorale studie.

Die internet en sosiale media het die wyse waarop mense regoor die wêreld kommunikeer na alle waarskynlikheid vir altyd verander. Een van die vele sosiale mediaplatforms wat op die sosiale medialandskap verskyn het, is Facebook. Facebook is tans die sosiale mediaplatform met die meeste intekenare in die wêreld. Dit is besonder gewild onder hoërskoolleerders en word vir verskeie doeleindes deur gebruikers aangewend. Facebook, soos alle ander sosiale mediaplatforms, hou bepaalde voor- en nadele vir gebruikers daarvan in. Omdat adolessensie as ’n tyd van onsekerheid gekenmerk word, bestaan die moontlikheid dat hoërskoolleerders verkeerde besluite kan neem ten opsigte van die gebruik van Facebook. Hoërskoolleerders moet gedurende adolessensie die versekering hê dat hulle hulself met vrymoedigheid na hulle ouers en kerkleiers kan wend, ten einde leiding te ontvang en toegerus te word om die negatiwiteit wat op Facebook voorkom, te identifiseer en pro-aktief daarop te reageer. Hierdie studie is onderneem vanuit die pentekostalistiese tradisie en spesifiek die AGS-Kerk, met die doel om die kerk se moontlike rol in die toerusting vir die verantwoordelike gebruik van Facebook deur hoërskoolleerders te bespreek.

In hierdie navorsing is beide kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes gebruik wat getoon het dat hoërskoolleerders aan verskeie gevare op Facebook blootgestel word. Daar is gevind dat die blootstelling aan pornografie, *sexting,* kuberteistering *(“cyberbullying”),* en betrokkenheid by geslote groepe, deel van sommige hoërskoolleerders se Facebook-gebruik kenmerk. Hoërskoolleerders benodig hulp om Facebook op ’n verantwoordelike wyse te gebruik en volgens die Bybel het ouers en kerkleiers die verantwoordelikheid om adolessente te onderrig om op ’n waardige wyse as Christene te leef. In hierdie studie is die grammaties-historiese metode van eksegese gebruik om vanuit die Efésiërsbrief riglyne neer te lê wat AGS-kerkleierskap kan gebruik om hoërskoolleerders te bemagtig om Facebook op ’n verantwoordelike wyse te gebruik.

Sleutelwoorde

Facebook

Sosiale media

AGS-Kerk

Bybel

Internet

Ouers

Hoërskoolleerders

Kerkleierskap

ABSTRACT

Title: Facebook and the ministry of the church youth of the Apostolic Faith Mission of South Africa. A pastoral study.

The internet and social media have in all likelihood changed the way people communicate around the world. One of the many social media platforms that has appeared on the social media landscape is Facebook. Facebook is currently the social media platform with the most subscribers in the world. It is particularly popular with secondary school learners and is used by users for a variety of purposes. Facebook, like all other social media platforms, has certain advantages and disadvantages for users. Because adolescence is characterized as a time of uncertainty, the possibility exists that secondary school learners can make the wrong decisions about using Facebook. During adolescence, secondary learners children must be assured that they can boldly turn to their parents and church leaders in order to receive guidance and be equipped to identify and proactively deal with the negativity found on Facebook. This study was undertaken from the pentecostal tradition and specifically the AFM Church, with the aim of discussing the church's possible role in equipping secondary school learners to use Facebook in a responsible way.

In this research, both qualitative and quantitative research methods were used that showed that secondary school learners are exposed to various dangers on Facebook. Exposure to pornography, sexting, cyberbullying, and community engagement has been found to be part of some secondary school learners' Facebook use. High school kids need help using Facebook responsibly and according to the Bible and parents and church leaders have the responsibility to teach adolescents to live in a dignified way as Christians. In the study, the grammatical-historical method of exegesis harnessed from the letter to the Ephesians provides possible guidelines for AFM church leadership in equipping secondary school learners to use Facebook responsibly.

Keywords

Facebook

Social media

AFM Church

Bible

Internet

Parents

Secondary school learners

Church leadership

INHOUDSOPGAWE

PLEGTIGE VERKLARING ii

DANKBETUIGING iv

OPSOMMING ..... **Error! Bookmark not defined.**

ABSTRACT viii

HOOFSTUK 1: INLEIDING 1

1.1 VOORGESTELDE TITEL EN SLEUTELWOORDE 1

1.2 AGTERGROND 1

1.3 PROBLEEMSTELLING/RASIONAAL 7

1.3.1 Probleemstelling 7

NAVORSINGSVRAAG 12

1.4 DOELSTELLINGS EN DOELWITTE 12

1.4.1 Doelstelling 12

1.4.2 Doelwitte 12

1.5 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT 13

1.6 METODOLOGIE 13

1.6.1 Die beskrywend-empiriese taak 14

1.6.2 Die interpreterende taak 15

1.6.3 Die normatiewe taak 16

1.6.4 Die pragmatiese taak 16

1.6.5 Literatuurstudie 16

1.6.6 Empiriese navorsing 18

1.7 VERKLARING VAN KONSEPTE 20

1.8 ETIESE OORWEGINGS 20

1.9 BEGRENSING 23

1.10 HOOFSTUKINDELING 24
1.11 SKEMATIESE VOORSTELLING 24
HOOFSTUK 2: BESPREKING VAN DIE NAVORSINGSONTWERP 27
2.1 INLEIDING 27
2.2 NAVORSINGSONTWERP 27
2.3 KWALITATIEWE NAVORSINGSONTWERP 28
2.3.1 Verduideliking van die vier eienskappe om kwalitatiewe navorsing beter te verstaan 31
2.3.2 Opsomming van die kwalitatiewe navorsingsontwerp 33
2.4 KWANTITATIEWE NAVORSINGSONTWERP 43
2.4.1 Opsomming van die kwantitatiewe navorsingsontwerp 44
2.5 GEKOMBINEERDE METODE VAN NAVORSING 47
2.5.1 Fase 1: Navorsing van AGS-pastore se siening en belewenis oor die gebruik van Facebook deur hoërskoolkinders 51
2.6 ETIESE OORWEGINGS 52
2.6.1 Vrywillige deelname 53
2.6.2 Ingeligte toestemming 54
2.6.3 Geen misleiding van deelnemers nie 55
2.6.4 Vertroulikheid en anonimiteit 56
2.6.5 Privaatheid 56
2.6.6 Vryheid om te onttrek 57
2.7 SAMEVATTING 58
HOOFSTUK 3: EMPIRIESE ONDERSOEK EN BESPREKING VAN DIE EMPIRIESE NAVORSINGSRESULTATE 60
3.1 INLEIDING 60

3.2 BESPREKING VAN DIE RESULTATE VAN DIE ONDERHOUDE WAT MET DIE PASTORE GEVOER IS 60

3.2.1 Hooftema 1. Facebook speel 'n groot rol in die lewe van baie volwassenes en hoërskoolkinders en nie alle gebruikers is ten volle eerlik oor hulle gebruik van sosiale media nie 64

3.2.2 Die voordele wat Facebook vir hoërskoolkinders inhou is minimaal 65

3.2.3 Die nadele verbonde aan die gebruik van Facebook hou veral baie gevare vir hoërskoolkinders in. Die meeste van die dinge waaraan hoërskoolkinders op Facebook blootgestel word, is direk verantwoordelik vir die afbreek van morele waardes en dit staan in direkte teenstelling met die boodskap van die Bybel..... 67

3.2.4 Die algemene gevoel onder vyf van die sewe respondente met wie die onderhoude gevoer was, is dat die ouers van hoërskoolkinders nie deeglik ingelig is oor die gevare van sosiale media en spesifiek Facebook nie..... 76

3.2.5 Ouerbetrokkenheid is van kardinale belang in hoërskoolkinders se lewe..... 78

3.3 BESPREKING VAN DIE KWANTITATIEWE NAVORSINGSRESULTATE 83

3.3.1 Algehele oorsig van inligting wat vanuit die kwantitatiewe resultate bekom is..... 83

3.3.2 Statistieke ten opsigte van die verskille tussen die sewe deelnemende gemeentes 91

3.3.3 Verskille tussen die gemeentes van Gauteng en die gemeentes van die Vrystaat ten opsigte van die antwoorde wat die respondente verskaf het 112

3.4 GEVOLGTREKKING 115

HOOFSTUK 4: EMPIRIESE ONDERSOEK EN BESPREKING VAN DIE EMPIRIESE NAVORSINGSRESULTATE 119

4.1 INLEIDING 119

4.2 BESPREKING VAN DIE KWANTITATIEWE NAVORSINGSRESULTATE ... 119

4.2.1 Algehele oorsig van inligting wat vanuit die kwantitatiewe resultate bekom is..... 120

4.2.2 Statistieke ten opsigte van die verskille tussen die sewe deelnemende gemeentes 128

4.2.3 Statistieke ten opsigte van die verskille tussen die twee provinsies waar die navorsing onderneem is 148

4.2.4 Statistieke ten opsigte van die verskille tussen ouers en hoërskoolkinders 151

4.3 GEVOLGTREKKING 156

HOOFSTUK 5: DIE ONTSTAAN, ONTWIKKELING EN GROEI VAN FACEBOOK EN DIE POPULARITEIT VAN FACEBOOK ONDER HOËRSKOOLKINDERS: 'N LITERATUURSTUDIE 158

5.1 INLEIDING 158

5.2 DIE SOSIALE-MEDIAREWOLUSIE 158

5.3 LITERATUURSTUDIE 160

5.4 VOORGESTELDE RAAMWERK 161

5.4.1 Identifisering van die wetenskaplike etos 162

5.4.2 Die bepaling van die navorsingsprobleem en die omlyning van die navorsingsprojek 163

5.4.3 Konseptualisering van sleutelbegrippe 163

5.4.4 Analisering van beskikbare tekste oor die onderwerp 163

5.4.5 Weergee van die literatuurstudie 164

5.4.6 Lewering van kritiek op die literatuurstudie 164

5.4.7 Formulering van 'n eie standpunt 164

5.5 ONTSTAAN EN GESKIEDENIS VAN DIE INTERNET EN DIE WÊRELDWYE WEB. DIE KUBERRUIMTE 165

5.5.1 Wat is die internet? 166

5.5.2 Die ontstaan van die internet 167

5.5.3 Wat is die Wêreldwye Web (www)? 172

5.5.4 Die totstankoming van die Wêreldwye Web 173

5.5.5 Wat is die kuberruimte? 175

5.6 HISTORIESE OORSIG VAN SOSIALE-MEDIANETWERKE 176
5.7 DIE KONSEP VAN SOSIALE MEDIA 180
5.8 DIE SEWE BOUBLOKKE VAN DIE SOSIALE WEB 183
5.9 DIE ONTSTAAN EN GROEI VAN FACEBOOK 190
5.10 DIE SKEP VAN 'N FACEBOOKPROFIEL 195
HOOFSTUK 6: SKRIFTUURLIKE PERSPEKTIEF OP DIE TOERUSTING VAN DIE OUERS EN HOËRSKOOLKINDERS TEN OPSIGTE VAN DIE VERANTWOORDELIKE GEBRUIK VAN FACEBOOK VANUIT DIE BRIEF AAN DIE EFESIËRS 198
6.1 INLEIDING 198
6.2 GRAMMATIES-HISTORIESE EKSEGESE AS BENADERING 200
6.3 DIE KEUSE VAN 'N PERIKOOP 207
6.4 VERKLARING VAN SKRIFGEDEELTES UIT EFÉSIËRS 209
6.4.1 Keuse van 'n teks 209
6.4.2 Agtergrond van die Efésiërbrief 210
6.5 STRUKTUUR VAN EFÉSIËRS 211
6.5.1 Efésiërs 1:1-3:21 211
6.5.2 Efésiërs 4:1-6:24 215
6.5.3 Lewe in eenheid (Eksegese van Efésiërs 4:1-6) 218
6.5.4 Behou die eenheid (Eksegese van Efésiërs 4:7-16) 224
(a) Versorging as element wat bydra tot eenheid 228
(b) Toerusting as element wat bydra tot eenheid 229
6.6 LEEF IN HEILIGHEID (Eksegese van Efésiërs 4:17-4:32) 238
6.6.1 Beskrywing van die ou persoon (Eksegese van Efésiërs 4:17-4:19) 238
6.6.2 Beskrywing van die wedergebore persoon (Eksegese van Efésiërs 4:20-4:32) ... 240
6.7 VOORTSETTING VAN DIE VERMANINGS (Eksegese van Efésiërs 5:1-21) 247
6.7.1 Lewe in liefde (Eksegese van Efésiërs 5:1-6) (Hoehner, 2008:99) 248

6.7.2 Lewe in die Lig (Eksegese van Efésiërs 5:7-5:14) 251

6.7.3 'n Wyse lewenswandel onder leiding van die Heilige Gees (Eksegese van Efésiërs 5:15-5:21) 254

6.8 VERHOUDING TUSSEN KINDERS EN HULLE OUERS (Eksegese van Efésiërs 6:1-4) 258

6.9 GEESTELIKE OORLOGVOERING (Eksegese van Efésiërs 6:10-20) 261

6.9.1 Die geestelike wapenrusting (Eksegese van 6:10-17) 261

6.9.2 Die stryd van die gelowige moet met aanhoudende gebed en smeking gepaard gaan (Eksegese van Efésiërs 6:18-20) 274

6.10 GEVOLGTREKKING 279

HOOFSTUK 7: BEVINDINGE EN AANBEVELINGS – GEDETAILEERDE BEDIENINGSMODEL VIR DIE BEMAGTIGING VAN HOËRSKOOLKINDERS IN DIE AGS MET BETREKKING TOT DIE VERANTWOORDELIKE GEBRUIK VAN FACEBOOK 280

7.1 REDE WAAROM HIERDIE STUDIE ONDERNEEM IS 280

7.2 DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE 280

7.3 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT 281

7.4 METODOLOGIE 281

7.5 KRITIEKE BESLUITE WAT HOËRSKOOLKINDERS MOET NEEM 281

7.6 EMPIRIESE ONDERSOEK EN BESPREKING VAN DIE EMPIRIESE NAVORSINGSRESULTATE 282

Tabel 7.1 285

7.6.1 Bevindinge ten opsigte van die empiriese navorsing 285

7.7 DIE ONTSTAAN, ONTWIKKELING EN GROEI VAN FACEBOOK EN DIE POPULARITEIT VAN FACEBOOK ONDER HOËRSKOOLKINDERS: 'N LITERATUURSTUDIE 288

7.8 SKRIFTUURLIKE PERSPEKTIEF OP DIE TOERUSTING VAN HOËRSKOOLKINDERS TEN OPSIGTE VAN DIE VERANTWOORDELIKE GEBRUIK VAN FACEBOOK VANUIT DIE BRIEF AAN DIE EFÉSIËRS 290

7.9 GEDETAILLEERDE PERSPEKTIEWE OP 'N MOONTLIKE BEDIENINGSMODEL VIR DIE EFFEKTIEWE BEDIENING VAN HOËRSKOOLKINDERS MET DIE OOG OP DIE GEBRUIK VAN FACEBOOK..... 290

7.9.1 Die kerk het taak 'n belangrike taak om te vervul ten opsigte van die onderrig van hoërskoolkinders om hulle redding te verstaan 292

7.9.2 Hoërskoolkinders moet deur hulle ouers, kerkleierskap en gemeenteleierskap geleer word hoe hulle as kinders van God waardig moet lewe.....295

7.9.4 Hoërskoolkinders moet vanuit die Woord toegerus word oor die erns van die eenheid van die kerk/gemeente en hoe hulle ook verantwoordelik is om dié eenheid te beskerm.....305

7.9.5 Die toerusting van hoërskoolkinders om heiligmaking na te streef, is 'n absolute prioriteit van die kerk 306

7.9.6 Hoërskoolkinders moet onderrig word om in liefde te wandel en om hulleself van onheilige praktyke op te weerhou 307

7.9.7 Die wedergebore hoërskoolkind se lewenswandel moet ook deur sy/haar wandel in die lig gekenmerk word.....308

7.9.8 Dit is deel van die taak van die kerk om hoërskoolkinders toe te rus om in wysheid te wandel 310

7.9.9 Hoërskoolkinders se verhouding met hulle ouers moet gekenmerk word as 'n verhouding waarin hulle hul ouers eer 311

7.9.10 Hoërskoolkinders moet ook geleer word om standvastig te wees in die geestelike oorlogvoering.....313

7.10 FINALE GEVOLGTREKINGS 314

7.11 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING..... 315

BRONNELYS 317

ADDENDUM A: Onderhoudsvrae aan pastore van deelnemende gemeentes 403

ADDENDUM B: Getranskribeerde onderhoud met die respondent van gemeente nommer 1 403

ADDENDUM C: Getranskribeerde onderhoud met die respondent van gemeente nommer 2 403

ADDENDUM D: Getranskribeerde onderhoud met die respondent van gemeente nommer 3 403

ADDENDUM E: Getranskribeerde onderhoud met die respondent van gemeente nommer 4 403

ADDENDUM F: Getranskribeerde onderhoud met die respondent van gemeente nommer 5 403

ADDENDUM G: Getranskribeerde onderhoud met die respondent van gemeente nommer 6 412

ADDENDUM H: Getranskribeerde onderhoud met die respondent van gemeente nommer 7 419

ADDENDUM I: Ingeligte toestemmingsvorm 430

ADDENDUM J: Voorbeeld van die vraelys wat vir kwantitatiewe navorsing onder ouers van hoërskoolkinders gebruik is.....433

ADDENDUM K: Statistieke ten opsigte van die kwantitatiewe vraelyste wat deur die ouers van hoërskoolkinders voltooi is 457

ADDENDUM L: Statistieke ten opsigte van die verskille tussen die sewe deelnemende gemeentes waar ouers van hoërskoolkinders by die navorsing betrek is 458

ADDENDUM M: Statistieke ten opsigte van verskille tussen Gautenge en Vrystaatouers..... 477

ADDENDUM N: Voorbeeld van toestemmingsbrief wat ouers moes onderteken om toestemming te verleen dat hulle kind(ers) vrywillig aan die navorsingsproses mag deelneem 482

ADDENDUM O: Voorbeeld van die vraelys wat vir kwantitatiewe navorsing onder hoërskoolkinders gebruik is.....484

ADDENDUM P: Statistieke ten opsigte van die kwantitatiewe vraelyste wat deur deelnemende hoërskoolkinders voltooi is 487

ADDENDUM Q: Statistieke ten opsigte van die verskille tussen die sewe deelnemende gemeentes waar hoërskoolkinders by die navorsing betrek is.....508

ADDENDUM R: Statistieke ten opsigte van verskille tussen Gauteng- en Vrystaatkinders 530

ADDENDUM S: Statistieke ten opsigte van verskille tussen ouers en hoërskoolkinders 544

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1 VOORGESTELDE TITEL EN SLEUTELWOORDE

Facebook[1] en die bediening van die kerkjeug[2] in die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika:[3] 'n Pastorale studie.

Sleutelwoorde: Facebook, sosiale media, AGS-Kerk, Bybel, internet,[4] ouers, hoërskoolleerders, pastore/jeugpastore.[5]

Keywords: Facebook, social media, AFM-Church, Bible, internet, parents, high school children, pastors/youth pastors.

1.2 AGTERGROND

Sosiale media,[6] waarvan Facebook deel uitmaak, het 'n fundamentele manier van kommunikasie geword, waar intekenare aanlyn[7] met mekaar kommunikeer (Doorley & Garcia, 2011:114). Rainer en Rainer (2011:202) beskryf sosiale media as die kragtigste vorm van media terwyl Zhang, Flammer en Yang (2010:218) redeneer dat dit die manier waarop individue met mekaar kommunikeer na alle waarskynlikheid permanent verander het. Volgens Coombs (2015:46) kan dit toegeskryf word aan die feit dat sosiale media maklik en vinnig is om te gebruik. Grudin (2014:45:17) sê dit word weerspieël in die meer as 80 persent van alle ouderdomsgroepe wat teen die einde van 2012 'n Facebook-profiel gehad het. Kandroudi en Bratitsis (2014:63) is van mening dat Facebook met sy miljoene aktiewe gebruikers en steeds groeiende getalle een van die gewildste sosiale netwerkdienste (Social Networking Services) op die

---

[1] Facebook verwys na een van vele sosiale netwerkdienste en word deur Sitton (2014:171) gedefinieer as "the leading social network, providing a popular free networking website that allows registered users to create profiles, upload photos and videos, send messages, and keep in touch with friends, family, and colleagues" (vgl. Crane, 2012:108).

[2] Kerkjeug verwys na tieners in die ouderdomsgroep van dertien tot agtien jaar. Die motivering hiervoor is dat die minimum ouderdom om 'n Facebookprofiel te skep dertien jaar is (Morley & Parker, 2017:538). Daar word gefokus op kerkjeug tot en met die ouderdom van agtien jaar, omdat dit gewoonlik die ouderdom is wat tieners gedurende hul matriekjaar bereik.

[3] AGS van SA.

[4] Rahman (2014:224) beskryf die internet as 'n "global computer network providing a variety of information and communication facilities, consisting of interconnected networks using standardized communication protocols. It is a computer network consisting of a worldwide network of computer networks that use the TCP/IP network protocols to facilitate data transmission and exchange".

[5] Die gebruik van die enkelterm, kerkleierskap, verwys in hierdie studie na pastore/jeugpastore.

[6] Boyd en Ellison (2013:152) definieer sosiale media as "web-based services that allow individuals to (1) construct a public or semi-public profile within a bounded system, (2) articulate a list of other users with whom they share a connection, and (3) view and traverse their list of connections and those made by others within the system" (vgl. Herring, 2015:10; Gould, 2013:3).

[7] Aanlyn *("online")* word in rekenaarterme gedefinieer as: "Equipment or devices that are connected to the communucations line" (Graf, 1999:518; vgl. Morris 1992:1512).

huidige stadium is. Levy (2014:78) wys daarop dat die grootste aantal gebruikers van Facebook tussen die ouderdomme van 18 en 29 jaar is, gevolg deur die 30 tot 49-jarige ouderdomsgroep (vgl. Cross, 2014:87; Poore, 2013:36). Die gebruik van Facebook is veral baie populêr onder tieners "because participation is an important part of overall teenage socializing" (Lucantoni, 2014:142).

Corey, Corey en Muratori (2016:69-70) beklemtoon dat sosiale verhoudinge vir adolessente van primêre belang is. Adolessente gebruik sosiale verhoudinge om hulleself, die wêreld en ander mense te leer ken. Adolessensie[8] is 'n tydperk in die lewe van jongmense waar hulle die behoefte het aan universele aanvaarding. Dit is 'n tydperk waarin hulle onder meer moet leer om onderskeid te tref tussen die goedkeuring van ander en om hulself te aanvaar. Hierdie oriëntasie teenoor die sosiale wêreld verhoog hulle behoefte aan onafhanklikheid. 'n Belangrike deel van identiteitsvorming is individuasie,[9] waar adolessente hulself van hul familie losmaak en hulle hul eie identiteit vestig op grond van hulle eie ervarings (vgl. Levine, Green & Million, 1986:123-124).

Madden *et al.* (2013:2) toon aan dat sosialisering baie belangrik is vir adolessente en dat die gebruik van sosiale media 'n belangrike element is van sosialisering met mekaar. Maurieni (2012) voeg by dat die onweerstaanbare behoefte om met hulle vriende te "***connect***",[10] gekoppel aan tegnologie wat vier en twintig uur per dag, sewe dae 'n week beskikbaar is, baie tydrowend van aard is en gevolglik sukkel baie tieners om 'n gesonde balans tussen hulle sosiale media lewe en die werklikheid te vind en te hanhaaf. Volgens McMurtry (2012:xi) hou die snelle ontwikkeling van tegnologie baie voordele vir die mens in (vgl. Smith, 2008:26-27). Dit word veral gesien in die feit dat mense nou baie meer as ooit vantevore op 'n goedkoop manier met mekaar kan kommunikeer. Tog kan en mag die nadele verbonde daaraan nie misgekyk word nie.

Malinen, Virjo en Kujala (2012:237) is van mening dat Facebook moontlik die gewildste sosiale medianetwerk onder alle ouderdomsgroepe is. Volgens Chen (2019)

---

[8] Adams (2007:3) definieer adolessensie as 'n lewensfase wat begin rondom die aanvang van puberteit en wat tot 'n einde kom wanneer die individu self verantwoordelikheid kan neem vir sy/haar optrede en eie lewe.
[9] Rague (2013:2) definieer individuasie as die proses van ontwikkeling van 'n outonome self gedurende die vormingsjare en die handhawing van gesonde verhoudinge met andere (vgl. Peter & Valkenburg, 2011:225).
[10] *"Connect"* verwys na twee of meer partye wat deur middel van sosiale mediaplatforms soos ondermeer Facebook met mekaar verbind is, om met mekaar te kommunikeer.

word dit weerspieël in die meer as 2.32 miljard aktiewe maandelikse gebruikers teen die einde van 2018 regoor die wêreld (vgl. Hutchinson, 2019; Gebel, 2019), terwyl Truta, Tsikerdekis & Zeadally (2015:268) meen dat daar 'n dramatiese toename onder alle ouderdomsgroepe is in die gebruik van Facebook as 'n sosiale netwerk.

Cross (2014:217) vestig die aandag daarop dat sosiale media soos enige ander verbruikersitems sekere voordele en nadele inhou en hy verduidelik dat die grootste gevaar in die gebruik van enige sosiale media in die gedrag van die gebruiker daarvan lê. Gold (2015:80-81) benadruk die feit dat sosiale media, waarvan Facebook deel uitmaak, hier is om te bly. Om hierdie rede is dit nodig dat tieners gehelp moet word om gebalanseerde sosiale lewens en gesonde vriendskappe binne die sosiale netwerk te kweek, met die hulp en ondersteuning van hulle ouers en die plaaslike gemeente.

Volgens Rae (2012:121) is een van die grootste behoeftes van enige tiener om privaatheid te hê. Die internet bied hierdie geleentheid, maar dit hou sekere gevare in. Die mees algemene gevare wat die internet en sosiale media vir tieners inhou is die volgende:

1. Seksuele predatore.[11] Rae (2012:121-122) redeneer dat die internet dit vir seksuele predatore moontlik maak om tieners se privaat lewe te infiltreer, met die doel om hulle seksueel te misbruik. In aansluiting hierby sê Zarra (2013:190) dat seksuele predatore veral gebruik maak van kommunikasie tegnologie en sosiale media om naby aan hulle potensiële slagoffers te kom en dat hulle ook op die algemene omgewing van hulle slagoffers fokus. Page en Page (2015:137) vewys na die optrede as *"grooming"*[12] waar potensiële slagoffers op 'n subtiele wyse voorberei word, met die uitsluitlike doel om hulle seksueel te misbruik en te eksploiteer. Om hierdie rede voer Scofield Clark (2013:36-40) aan dat ouers verantwoordelik moet optree en hulleself deeglik

[11] Die uitdrukking "seksuele predator" verwys na 'n individu wat 'n seksuele misdaad teen 'n minderjarige kind gepleeg het, of poog om so 'n misdaad te pleeg. So 'n misdaad kan 'n suiwere seksuele misdaad wees of dit kan met fisiese geweld gepaardgaan. Die vergrype kan op 'n totale vreemdeling gerig wees, of 'n kennis, hetsy 'n familielid of iemand in sy/haar vriendekring, of iemand met wie hy/sy homself/haarself bevriend het met die doel om 'n seksuele misdaad te pleeg. Seksuele predatore is meerendeels geneig om 'n vriendskap met die potensiële slagoffer te vestig, wat hoofsaaklik op vertroue gebaseer word (Cavendish, 2010:807).

[12] *"Grooming"* is die proses wat seksuele predatore gebruik om hulle potensiële slagoffers se vertroue geleidelik te wen en wanneer hulle vertroue gewen is, begin hulle met subtiele verleiding van die potensiële slagoffer (Ramsland & McGrain, 2010:146).

moet vergewis van wat hulle tieners aanlyn doen en met wie hulle kommunikeer, ten einde hulle kinders te beskerm. Om hierdie rede is dit ook nodig dat ouers toegang tot hulle tieners se virtuele wêreld sal verkry en dit baie duidelik maak wat aanvaarbaar en onaanvaarbaar is.

2. Pornografie.[13] Volgens Murphy, Ranger & Fedoroff (2014) is die internet een van die gewildste instrumente wat tieners gebruik om hulle ontluikende seksualiteit te verken. In aansluiting hierby sê Rainey en Rainey (2017) dat tieners se nuuskierigheid oor seksualiteit en die opwinding wat met seksuele ontwaking gepaard gaan, daartoe kan lei dat hulle onskuldig in die strik van pornografie kan trap. Die blootstelling aan pornografie kan onskuldige nuuskierigheid in 'n obsessie omskep, wat vernietigende en lewenslange gevolge kan hê.
3. *"Sexting".*[14] Volgens Johnston (2016:94) is *"sexting"* 'n kombinasie van *"sex"* en *"texting"* wat wys op die stuur van seksueel suggestiewe foto's (naak of semi-naak) of videos, deur middel van sellulêre telefone, tussen twee of meer partye, of na 'n sosiale netwerkwebtuiste. *"Sexting"* het 'n komplekse wetlike kwessie geword, hoofsaaklik omdat baie van diegene wat *"sext"* adolossente is, wat wettig as minderjariges beskou word. Die stuur en ontvang van naakte beeldmateriaal van minderjariges, al is die minderjarige self verantwoordelik vir die verspreiding daarvan, is 'n oortreding van die wet op die besit van kinderpornografie (vgl. Haller, Myers & Okada, 2013:565). Volgens Shariff (2008:29) is dié tienerdiskoers[15] geïnfiltreer met vele nuwe woorde,

---

[13] MacKinnon (1987:148) definieer pornografie as "the graphic sexually explicit subordination of women, whether in pictures or in words, that also includes one or more of the following: (i) women are presented dehumanized as sexual objects, things or commodities; or (ii) women are presented as sexual objects who enjoy pain or humiliation; or (iii) women are presented as sexual objects who experience sexual pleasure in being raped; or (iv) women are presented as sexual objects tied up or cut up or mutilated or bruised or physically hurt; or (v) women are presented in postures of sexual submission, servility or display; or (vi) women's body parts—including but not limited to vaginas, breasts, and buttocks—are exhibited such that women are reduced to those parts; or (vii) women are presented as whores by nature; or (viii) women are presented being penetrated by objects or animals; or (ix) women are presented in scenarios of degradation, injury, torture, shown as filthy or inferior, bleeding, bruised, or hurt in a context that makes these conditions sexual."

[14] *"Sexting"* word gedefinieer as "the postage of sexually explicit messages (mainly images and videos) through mobile phones. It includes a large range of situations, from adolescents' own account of sexual experiences, the exchange of messages between partners, the postage of particular sexual expectations or the installation on the net of images and videos without the consent of the exposed individual or even with the explicit aim to psychologically harm the person" (Michaud & Free, 2017:402; vgl. Hopwood, 2010:169).

[15] Diskoers dui op gesproke en geskrewe kommunikasie. Dit behels die totaliteit van gekodifiseerde taal (woordeskat) wat in 'n gegewe gebied van intellektuele ondersoek en sosiale praktyk, byvoorbeeld tienerdiskoers gebruik word (Haythornthwaite & Andrews, 2011:66).

byvoorbeeld *"ho"* wat na 'n prostituut verwys, asook 'n magdom van akronieme[16] wat ontwikkel het deur MSN[17] en teksboodskappe[18]. Mueller (2012:1) fokus die aandag daarop dat die koms van nuwe digitale tegnologie tot gevolg gehad het dat 'n "nuwe taal" ontwikkel het. In sekere kringe word daar na hierdie nuwe taal verwys as "Internet slang, Internet short-hand, chatspeak, and netspeak". Hierdie nuwe taal beskik oor 'n steeds groter wordende woordeboek van akronieme en afkortings wat in baie gevalle onbekend is aan ouers en ander volwassenes. Tieners gebruik doelbewus hierdie nuwe terminologie in hulle digitale kommunikasie, siende dat dit uniek is aan hulle eie generasie en omdat dit hulle in staat stel om vinnig en effektief te kommunikeer en "to keep adults out-of-the-loop and in-the-dark" (Helgoe & Helgoe, 2008:193; vgl. Miller, 2008:62; Shariff, 2008:29).

4. Kuberteistering (*"Cyberbullying"*[19]). Kuberteistering is volgens Betts (2016:4) 'n relatiewe nuwe fenomeen[20] wat deels weerspieël hoe digitale tegnologie die dag-tot-dag lewe van jongmense deurgedring het. Smith *et al.* (2004:6) is van mening dat kuberteistering baie vorme kan aanneem en onderverdeel die konsep van kuberteistering in sewe subkategorië, naamlik: teksboodskapteistering; foto/videoteistering (via selfoonkameras); foonoproepteistering (via selfone); eposteistering; kletskamerteistering; teistering deur kitsboodskappe en teistering via webtuistes.
5. Kletskamers (*"Chat rooms"*[21]). Scott (2014:118) vestig die aandag daarop dat daar betaalde en gratis kletskamers bestaan. Kletskamers het name waardeur die beoogde kletsfokus geïdentifiseer word. Op hierdie wyse word individue van dieselfde ouderdom en geslag getrek om aan gesprekke deel te neem. Tieners kan maklik en gratis toegang tot kletskamers verkry, waar die gesprekke op seksuele onderwerpe fokus. Moore (2015:89-90) se bydrae tot die gesprek oor

---

[16] 'n Akroniem is 'n woord wat gevorm word uit die eerste letter of letters van daaropvolgende woorde (Morris, 1992:xxvi; vgl. Clark & Pointon, 2016:2; Verma & Anand, 2016:319).
[17] MSN verwys na Microsoft Subscription Network (Cole, 2009:420).
[18] Teksboodskappe is 'n kommunikasiemodus van keuse vir baie selfoongebruikers. Dit het 'n eie groeptaal ontwikkel wat baie van akronieme gebruik maak (Rutenbeck, 2006:245).
[19] Rivers (2013:224) definieer kuberteistering as 'n aggressiewe, opsetlike daad deur 'n groep of individu, wat met behulp van elektroniese vorme van kontak, herhaaldelik en met verloop van tyd 'n slagoffer teister wat homself/haarself nie maklik verdedig nie.
[20] Fenomeen verwys na waarneembare feite, gebeure, situasies en ervarings in mense se daaglikse lewe (Solomon & Theiss, 2013:24; vgl. Sankey, 2008:116).
[21] Rutenbeck (2013:43) definieer *"chat rooms"* soos volg: "A virtual room or place on a computer network where users can log in at the same time and participate in real-time text-based conversations."

kletskamers wys spesifiek op die wyse waarop seksuele predatore te werk gaan, om verhoudings met onskuldige en niksvermoedende tieners te vestig. Seksuele predatore se kennis oor die belangstellings van tieners, soos byvoorbeeld gewilde programme op televisie, die jongste rolprente, musiek en stokperdjies is in die meeste gevalle die aanknopingspunt om toegang tot tieners se leefwêreld te verkry. Wanneer seksuele predatore toegang tot tieners se lewe verkry en hulle 'n verhouding gevestig het, waarin die potensiële slagoffers hulle vertrou, sal die aanbieding van kinderpornografie gebruik word om die potensiële slagoffers te desensitiseer[22] (*"desensitize"*). In aansluiting by die gesprek oor kletskamers meen Page en Page (2015:137) dat die betrokkenheid by gesprekke in kletskamers nie net vir die individue bepaalde gevare kan inhou nie, maar dat die soort gesprekvoering ook primêre en sekondêre verhoudinge[23] negatief kan beïnvloed.

Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat die gevare van internetgebruik geensins onderskat moet word nie. Omdat baie tieners naïef kan wees in hulle optrede, kan hulle hulself in ernstige gevaar stel. Om hierdie rede behoort ouers en hulle tieners deeglik ingelig en toegerus te word oor die gevare van die internet, om alle vorme van die internet op 'n verantwoordelike wyse te gebruik. Indien die kerk daarin kan slaag om 'n bedieningsmodel te ontwerp en dit implementeer om gesinne as 'n geheel toe te rus oor hoe om sosiale media verantwoordelik te gebruik, kan dit 'n positiewe bydrae lewer tot gesonde gesinsverhoudinge wat deel uitmaak van die kerk se toerustingsrol.

Cundy (2015:22) voer aan dat die kuberruim[24] nie net die grense van privaatheid verlê het nie, maar dit in sommige gevalle geheel en al geërodeer het. Dit word veral waargeneem binne die publieke domein waar daar weinig of geen respek vir ander individue is nie. In baie gevalle is daar algehele minagting van ander individue se privaatheid, wat ondermeer in die verspreiding

---

[22] Cox en Demmitt (2014:237) beskryf desensitasie is die proses van ongevoeligmaking. Dit is 'n proses waardeur mense dit wat moreel onaanvaarbaar en verkeerd is, as reg aanvaar, hoe meer hulle daaraan blootgestel word. 'n Volgehoue proses van desensitasie sal gevolglik daartoe lei dat die behoefte/begeetre aan blootstelling van meer eksplisiete en pornografiese beelde en beeldmateriaal sal verhoog.

[23] Verhoudings waarin die meeste emosies belê word en interafhanklike verhoudings (byvoorbeeld, familiebande, langtermyn romantiese verhoudings en naby vriendskapsverhoudings) staan bekend as primêre verhoudings, terwyl alle ander verhoudings as sekondêr geklassifiseer word (Morrill & Snow, 2005:16; vgl. Scabini & Manzi, 2011:568).

[24] Shaud (2009:43) definieer die kuberruim as "a global domain within the information environment consisting of the interdependant network of information technology infrastructures, including the Internet, telecommunications networks, computer systems, and embedded processors and controllers."

van persoonlike inligting op sosiale media waarneembaar is. Cline (2009:32) sê dat elke mens die reg tot privaatheid het sonder om te vrees dat enige materiaal van hulle sonder toestemming op die internet geplaas word. Cline waarsku dat selfs materiaal wat met goeie bedoelinge op die internet geplaas is, 'n negatiewe impak kan hê en tot die verleentheid van onskuldige mense kan lei.

Cundy (2015:22) redeneer verder dat die internet 'n wêreldwye platform bied waar narsistiese selfvertoning (ekshibisionisme) aangemoedig word. Inligting oor sommige individue se persoonlike lewe, gewoontes, seksuele fantasieë en romantiese verhoudings word "terloops aan vriende" op Facebook en ander sosiale mediaplatforms verkondig. Cline (2009:32) sê wat ook al die motivering vir sodanige plasings is, dit steeds 'n skending van die ander party se privaatheid kan wees.

Dit wil voorkom of die internet mense se privaatheid kan bedreig, veral wanneer sommige internet gebruikers onverskillig optree, deur inligting (waar of vals), foto's en video's versprei, sonder die medewete van die betrokkenes. Om hierdie rede behoort ouers en hulle kinders deeglik ingelig te word, oor die verantwoordelike gebruik van die internet en Facebook.

1.3 PROBLEEMSTELLING/RASIONAAL

1.3.1 Probleemstelling

Die studie word onderneem omdat die gebruik van die internet en sosiale media soos Facebook byna onlosmaaklik deel geword het van die daaglikse lewe van meeste mense wat toegang tot die internet en telekommunikasie het. Facebook is 'n bekende en gewilde sosiale mediaplatform wat deur alle ouderdomsgroepe vir verskeie redes gebruik word. Omdat dit deur Christene en nie-Christene gebruik word, word alle gebruikers daarvan aan die voordele en gevare daarvan blootgestel. Die studie word aangepak omdat die navorser nie bewyse kon vind dat daar 'n wetenskaplik nagevorste studie aangepak is, wat die uitsluitlike doel gehad het om ouers en kerkjeug te bemagtig, om Facebook op 'n verantwoordelike wyse te gebruik nie.

Die navorser bespreek die probleem deur kennis wat vanuit resente literatuur en semi-gestruktureerde onderhoudsvoering bekom is, oor die voor- en nadele van die gebruik van Facebook as sosiale mediaplatvorm. Nadat die geïdentifiseerde probleem uitgelig is, is daar ondersoek ingestel om vas te stel waarom die probleem bestaan en waaruit dit bestaan.

Van den Berg (2016:2) wys daarop dat die steeds groeiende internet, individue en gemeenskappe regoor die wêreld "op van die mees intieme wyse tot die mees globale wyse aan mekaar verbind". Hierdie verbintenisse en die invloede wat dit op individue en gesinne se lewe het, behoort ondersoek te word, in 'n poging om vas te stel hoe positief en/of negatief die invloede is wat op individue en hulle gesinslewe uitgeoefen word. Die studie het ten doel om die leierskap van *enkele* AGS-gemeentes te help met die daarstelling van 'n bedieningsmodel om gesinne te bemagtig om Facebook op 'n verantwoordelike wyse te gebruik.

Dit blyk dat die gebruik van die internet en sosiale media, met spesifieke verwysing na Facebook, grootliks bydra tot die verbrokkeling van verbale kommunikasie en van gesonde gesinsverhoudinge; dat persoonlike en aangesig-tot-aangesig-kommunisasie aan die kwyn is en dat mense skynbaar nie die gevare hiervan identifiseer nie; dat Christene se heiligmaking deur die oormatige gebruik van Facebook bedreig kan word en dat oormatige tydbesteding op Facebook verslawend van aard kan wees. Dié gevolge word nou in meer besonderhede bespreek.

Drago (2015:13-15) benadruk dat die vooruitgang op die gebied van tegnologie, die wyse van kommunikasie tussen mense tot so 'n mate verander het, dat daar in baie gevalle 'n groot afname in aangesig-tot-aangesig-kommunikasie is. Seaward (2015:328) voer aan dat toename in kommunikasiemiddele (soos eposse, teksboodskappe, Facebook, Twitter, ens.) nie net aangesig-tot-aangesig-kommunikasie bedreig nie, maar dat dit ook die kwaliteit van kommunikasie nadelig raak en tot misverstande in kommunikasie kan lei (vgl. Winch, 2013:247). Op sy beurt sê Brown (2017:24-29) dat hoewel aanlynkommunikasie sekere voordele vir gebruikers inhou, die voordele teen 'n prys kom. Volgens hom (Brown) het rekenaarbemiddelde kommunikasie *(computer mediated communication)* 'n negatiewe uitwerking op aangesig-tot-aangesig-kommunikasie met vreemdelinge, kennisse, vriende en familie. "Online communication puts people in touch...(but) it doesn't create strong, long-lasting relationships. It creates weak ties...(as) we sacrifice connection and empathy for speed and ready access. This is anytime anywhere connectivity that allows communication in a variety of ways" (Brown, 2017:29).

Morse (2013:59-60) is van mening dat Christene wat te veel tyd aan sosiale media spandeer, hulleself in die proses van die Here kan isoleer en dat dit kan lei tot die

verbrokkeling van hulle verhouding met die Here asook die gepaardgaande proses van heiligmaking. Tennant (2012:67-69) se siening is dat die gebruik van Facebook die gebruikers daarvan aanmoedig om meer oor hulleself te praat en dat sosiale media nie die waardes van godsaligheid, heiligmaking en geregtigheid as waardes hoog aanskryf nie (vgl. McMurtry, 2012:87-90).

Volgens Cohen (2017) kan die gebruik van Facebook verslawend raak (vgl. Kleine-Kalmer, 2016:5; Fasano, 2015:102-103; Winch, 2013:247). Fasano (2015:5) meen dat dit by mense waargeneem kan word, wat konstant op Facebook inteken, "just to check something" en uiteindelik lang tye op Facebook deurbring (vgl. McMurtry, 2012:7-11). Kleine-Kalmer (2016:5) sluit aan by die gesprek en wys daarop dat dit veral waargeneem kan word sedert die mobiele toepassing (mobile app[25]) vir draagbare toestelle soos "smart phones"[26] en "iPods"[27] bekend gestel was.

Die redes waarom die probleme bestaan is:

1. Kommunikasie deur middel van Facebook is sonder enige emosie, terwyl emosie 'n bydraende faktor is vir die handhawing van gesonde gesinsverhoudinge. Cole, Ovwigho en Ross (2015) verwys na onlangse navorsing wat onder hoërskoolleerders gedoen is, wat aandui dat die kinders deeglik bewus is van die gevare wat tegnologie vir hulle verhoudinge met ouers en familielede inhou. Die lees van plasings (*posts*) op Facebook kan 'n valse gevoel van intimiteit skep omdat emosie ontbreek, terwyl die afwesigheid van nie-verbale aanwysings soos stemtoon en gesigsuitdrukkings wat kommunikasie verryk en verdiep, dikwels die oorsaak is vir misverstande. McMurtry (2012:45-47) is van mening dat die gebruik van en oormatige tydsbesteding op Facebook die wese van die gesin in gevaar stel, omdat dit inbraak op goeie persoonlike kommunikasie tussen gesinslede maak. Eerstens hou die gebrek aan volgehoue en sinvolle kommunikasie 'n groot bedreiging in vir die gesonde huweliksverhouding tussen man en vrou. Tweedens is swak

[25] Volgens Rouse (2017) is 'n *"app"* 'n verkorte weergawe van die woord "application". "An 'application' is a software program that's designed to perform a specific function directly for the user or, in some cases, for another application program."
[26] Yuan (2005:xv) definieer 'n *"smart phone"* soos volg: "A mobile phone that has computer functionality, such as a web browser, an email client, a personal information manager, a media player, and video games."
[27] *"iPod"* kan beskryf word as 'n klein elektroniese toestel vir die speel en die stoor van digitale klank en video lêers (Oxford English Dictionary, 2012:384).

en/of gebrekkige kommunikasie een van die oorsake vir die agteruitgang van verhoudinge tussen ouers en kinders, asook tussen broers en susters.

2. Dit blyk dat gesiglose kommunikasie[28] vir baie mense ŉ aanvaarbare wyse van kommunikasie geword het en dat hulle nie die gevare verbonde daarvan identifiseer nie. Olpin en Hesson (2013:238) is van mening dat die hedendaagse gesiglose kommunikasie teenstrydig is met een van die mees basiese menslike behoeftes om persoonlike kontak met ander mense te hê. Tennant (2012:50-51) benadruk die feit dat ware gemeenskap tussen mense persoonlike betrokkenheid verg, terwyl Facebook ŉ soort gemeenskap bied, wat baie min van mense vereis. Gladwell (2010) sê: "Facebook activism succeeds not by motivating people to make real sacrafice but by motivating them to do the things that people do when they are not motivated enough to make a real sacrifice." Bundsgaard (s.a.:2) meen dat daar weinig voordele in gesiglose kommunikasie is en dat dit sekere uitdagings inhou. Die uitdagings sluit onder meer in; die gebrek aan vertroue (Jarvenpaa & Leider, 1999:791); toenemende gevoelens van eensaamheid, sosiale isolasie; moontlike verslawing aan die internet, ŉ afname in kommunikasie met familielede (Chen, Lee & Kirk, 2013:132); verhoogde negatiewe kommunikasietoon, vyandige taalgebruik en ŉ verhoogde gevoel van depersonalisering (Andres, 2002:41).
3. Plasings (*posts*) van sommige mense wat daarop aanspraak maak dat hulle Christene is, spreek nie noodwendig van lewens wat heiligmaking nastreef nie. Een van die redes waarom die wêreld nie vir Jesus Christus in die lewe van sommige Christene kan waarneem nie, is omdat daar nie werklik sprake van heiligmaking in hulle lewe is nie. Shellenberger en Weber (2014) neem sterk standpunt in teen die gebruik van Facebook en ander sosiale media as platforms wanneer dit vir die verkeerde redes gebruik word. Die verkeerde gebruik van Facebook en ander vorme van sosiale media sluit volgens Shellenberger en Weber (2014) onder meer plasings in, waar sommige mense openlik aandui dat hulle Christene is, terwyl sommige van hulle se kru taalgebruik, selfgesentreerdheid en ander negatiewe uitlatings van die teendeel spreek. Courtney (2007:133) meen dat Christene se Facebook kommentaar

[28] Gesiglose kommunikasie verwys na kommunikasie waar mense mekaar nie kan sien of hoor nie en ook nie aan mekaar kan raak nie (Bundsgaard, s.a.:2).

(*comments*), kommentaar van hulle vriende, skakels en foto's nie deur hulle gedrag in die publiek weerspreek moet word nie. Reuter (2015:36-37) voeg by dat alle plasings op Facebookgebruikers se *"wall"*[29] insluitende hulle *"status updates"*[30], dit wat hulle *"like"*[31] en ook alle videoskakels wat hulle deel, 'n duidelike aanduiding kan wees van wie individue werklik is. Seymour (2014:17) voer ook aan dat die oormatige gebruik van sosiale media 'n groot bedreiging vir heiligmaking kan inhou, waarna elke wedergebore kind van God moet streef (vgl. Davis, 2010:55-57). Die veronderstelling in hierdie pastorale studie is dat die Bybel al die voorskrifte bevat om rein en heilig voor God en medemens te leef (Barna, 2006:20). Pope (2013) meen dat welkome en onwelkome plasings (*posts*) op Facebook elke aspek van Facebookgebruikers se lewe deurdring en dat voortdurende blootstelling aan negatiewe en vuil taal gewis 'n negatiewe invloed op Christene se lewe kan hê (vgl. McMurtry, 2012:73-76).

4. Die oormatige tydbesteding van sommige Facebookgebruikers kan tot verslawing lei. Boyd (2014:78) is van mening dat die groot hoeveelhede tyd wat sommige tieners op Facebook deurbring, die idee versterk dat hulle aan Facebook verslaaf is en dat hulle nie in staat is om beheer oor hul eie lewe te neem nie. Gesigte wat deur rekenaarskerms of selfone in donker kamers verlig word, "imply that there's a generation of zombified social media addicts who are unable to tear themselves away from the streams of content from Facebook" (Boyd, 2014:78). McMurtry (2012:7) is van mening dat dit nie net tieners is wat verslaaf raak aan die internet en Facebook nie, maar dat mense in alle ouderdomsgroepe hierdeur geraak word. Boyd (2014:78-79) redeneer verder dat hierdie ongesonde verhouding van tieners met tegnologie aanduidend is van 'n obsessie met sosiale media en dat dit 'n negatiewe uitwerking op hulle skoolwerk en emosionele ontwikkeling kan hê.

Hieruit kan afgelei word dat:

---

[29] Facebook *"wall"* verwys na die area op 'n individu se Facebookbladsy waar mense kommentaar kan lewer, asook foto's, video's en skakels kan deel (Purcell, 2012:98).
[30] *"Status updates"* is 'n opsie wat Facebookgebruikers in staat stel om vriende in te lig oor waar hulle hulleself bevind en waarmee hulle besig is (Purcell, 2012:98).
[31] *"Like"* op Facebook is 'n funksie wat mense in staat stel om aan te dui dat hulle van 'n foto, *"status update"* of ander plasings hou (Purcell, 2012:98).

1. Die probleme dringend blootgelê moet word, ten einde dit wat oor die potensiaal beskik om gesinne uit mekaar te dryf, die hoof te bied.
2. Baie ouers en hulle hoërskoolleerders wat van Facebook as sosiale mediaplatform gebruik maak, nie noodwendig ingelig is oor al die gevare van Facebook nie.

NAVORSINGSVRAAG

Hoe kan die AGS-Kerk te werk gaan om gesinne pastoraal effektief toe te rus om Facebook op ’n verantwoordelike wyse te gebruik?

Om hierdie vraag te antwoord word daar op die volgende wyse te werk gegaan:

- Wat is die huidige situasie in sewe geïdentifiseerde gemeentes wat vir empiriese navorsing ge-oormerk is met betrekking tot die gebruik van Facebook?
- Watter inligting kan vanuit ’n literatuurstudie verkry word aangaande die redes waarom Facebook so ’n negatiewe impak op gesinne het?
- Watter inligting kan vanuit die Skrif verkry word waarvolgens gesinne in die AGS-Kerk pastoraal effektief toegerus kan word om Facebook op ’n verantwoordbare wyse te gebruik?

Hoe lyk ’n bybels-gefundeerde toerustingsmodel gegrond op die navorsingsresultate wat vanuit die beantwoording van die vorige vraag verkry is?

1.4 DOELSTELLINGS EN DOELWITTE

1.4.1 Doelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van die studie is om ’n werkbare bedieningsmodel te skep, om pastore en jeugpastore in sekere AGS-gemeentes te bemagtig om hulle ouers en tienerjeug te help om sosiale media (met spesifieke verwysing na Facebook) op ’n verantwoordelike en gebalanseerde wyse te gebruik. Die navorsing fokus spesifiek daarop om ’n bedieningsmodel daar te stel wat binne die spesifieke AGS-gemeentes gebruik kan word, om ouers te help om hul tienerjeug te help om die gevare van sosiale media te herken en te vermy.

1.4.2 Doelwitte

Die spesifieke doelwitte van die studie is:

- Om te bepaal wat die huidige situasie in die sewe geïdentifiseerde gemeentes is, met betrekking tot die gebruik van Facebook.
- Om deur middel van ’n literatuurstudie vanuit resente bronne te bepaal wat die redes is waarom Facebook so ’n negatiewe impak op gesinne het en hoe om dit aan te pak.
- Watter perspektiewe kan vanuit die Skrif verkry word waarvolgens gesinne in die AGS-Kerk pastoraal effektief toegerus kan word om Facebook op ’n verantwoordbare wyse te gebruik.
- Om Bybelse riglyne te verkry en dit saam met ander praktiese fasette wat vanuit die navorsing verkry is, aan te wend vir die ontwerp van ’n bedieningsmodel om die AGS-Kerk se gesinne toe te rus om Facebook op ’n verantwoordelike wyse te gebruik.

Die navorser is van mening dat die plaaslike gemeente op die volgende maniere iets kan doen om gesinne (ouers en hoërskoolleerders) te bemagtig om Facebook op ’n verantwoordelike wyse te gebruik.

- Deur die aanbieding van inligtingsessies oor die gevare wat die gebruik van Facebook vir gesinne inhou en hoe om die gevare die hoof te bied.
- Deur ouers te ondersteun in die paraatmaking van hulle hoërskoolleerders, oor die verantwoordelike gebruik van Facebook.

1.5 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van hierdie pastorale studie is dat die AGS-Kerk gesinne deur ’n bybels-gefundeerde bedieningsmodel kan toerus om Facebook verantwoordelik te gebruik.

1.6 METODOLOGIE

Hierdie pastorale studie word gedoen vanuit die perspektief van die Pinkstertradisie, met spesifieke verwysing na die AGS van Suid-Afrika (Möller, 2000a:63-67; 2000b:17-73; 2000c:120-158).

Die navorser baseer sy navorsing deels op ’n literatuurstudie[32] en deels op empiriese navorsing[33] asook op grammaties-historiese eksegese (Jordaan, Van Rensburg & Breed, 2011:234) van gekose Skrifgedeeltes.

Osmer (2008:4) se model vir prakties-teologiese interpretasie word aangewend. Hy stel ’n model voor, bestaande uit vier take. Elke taak poog om ’n spesifieke vraag te antwoord. Die vier take behels.

1.6.1 Die beskrywend-empiriese taak

Osmer (2008:4) se beskrywend-empiriese taak het ten doel om die vraag, "Wat gebeur tans?" te beantwoord. Volgens hom (Osmer) is die insameling van inligting van kardinale belang omdat dit die navorser in staat stel om patrone en dinamika in spesifieke episodes, situasies of kontekste te onderskei. Dit fokus met ander woorde op die werklike toestand van een of ander vorm van Christelike praxis in ’n bepaalde sosiale konteks (Osmer, 2005:xv).

Die empiriese navorsing was in drie fases onderneem. In die eerste fase was onderhoude met die pastore van sewe AGS-gemeentes naamlik, AGS Krugersdorp-Sentraal, AGS Krugersdorp-Wes, AGS Witpoortjie, AGS Sasolburg-Suid, AGS Riebeeckstad, AGS Welkom-Noord en AGS Virginia gevoer, ten einde inligting te bekom oor hulle siening en belewenis van die gebruik van Facebook, in hulle onderskeie gemeentes. Diegene in kerkleierskap waarmee hierdie onderhoude gevoer is, het ook as die *"gatekeepers"* van hulle onderskeie gemeentes opgetree (sien in hierdie verband die aangehegte toestemmingsbriewe). Die inligting wat uit die onderhoude bekom is, is gebruik om twee kwantitatiewe vraelyste op te stel in samewerking met die promotor, mede-promotor en die Sentrale Statistiekdiens van Noordwes-Universiteit. Die eerste vraelys is in AGS Krugersdorp-Sentraal, AGS Krugersdorp-Wes, AGS Witpoortjie, AGS Sasolburg-Suid, AGS Riebeeckstad, AGS Welkom-Noord en AGS Virginia, anoniem en vrywillig deur die ouers van kerkjeug voltooi en die tweede deur hoërskoolleerders wat Facebook gebruik. Die onderskeie persone in kerkleierskap wat as *"gatekeepers"* toestemming tot die empiriese

[32] Literatuurstudie behels die lees van relevante literatuur, om dit te analiseer en toepaslike materiaal te identifiseer en sinvol in ’n bepaalde studie aan te wend (Lin, 2009:179).
[33] Empiriese navorsing is ’n wyse waarop kennis bekom word by wyse van direkte of indirekte waarneming of ervaring. Empiriese bewyse (die rekord van direkte waarnemings of ervarings) kan kwalitatief of kwantitatief geanaliseer word (Shively, 2015).

ondersoek in die onderskeie gemeentes gegee het, het ook as mediators optree en die navorsingsprojek aan hul gemeentelede bekendgestel, om sodoende betrokke ouers en kerkjeug te nader om deel te neem aan die kwantitatiewe ondersoek. Diegene in kerkleierskap het ook die ingeligte toestemmingsbriewe aan die geidentifiseerde deelnemers oorhandig. Die deelnemers het dan die briewe in hul privaatheid noukeurig gelees en hulself vergewis van alle aspekte rondom die ondersoek. In die briewe is ook die kontaknommers van die promotor, mede-promotor en die navorser verskaf indien enige van die deelnemers hulle sou wou kontak. Die deelnemers het die toestemmingsbriewe saamgebring na die sessie waar die vraelyste voltooi is. By aanvang van die sessie het die twee aangewese onafhanklike persone (*"gatekeepers"*) die implikasies soos vervat in die toestemmingsbriewe weereens aan die deelnemers verduidelik, waarna ondertekening plaasgevind het. Die inligting verkry uit die vraelyste is deur die Sentrale Statistiekdiens van NWU verwerk, onder leiding van prof. Suria Ellis.

1.6.2 Die interpreterende taak

Osmer (2008:4) se interpreterende taak is daarop ingestel om die vraag, "Waarom het dit gebeur?" te beantwoord. Om antwoorde te verkry voer Osmer (2008:4) aan dat teorieë van die kunste en wetenskappe gebruik moet word om beter te verstaan en te verduidelik waarom bepaalde patrone en dinamika voorkom. In hierdie fase van die navorsing moet die data wat vanuit die empiriese navorsing verkry word, geïnterpreteer word, deur dit in 'n meer omvattende raamwerk te plaas, met die doel om bepaalde gedragspatrone, houdings en ander tendense beter te verduidelik (Osmer, 2005:xv). Osmer (2012:338) stel 'n proses voor wat nie in teenstelling met Bybelse eksegese is nie, waar die navorser betrokke is by die onttrekking van inligting vanuit die data wat verkry is, deur dit te evalueer teen die agtergrond van faktore soos 'n gemeente se sosiokulturele konteks en organisatoriese waardes. Die doel hiermee is om 'n ryker begrip te verkry, waarom sekere gedragspatrone na vore kom.

In hierdie fase van die ondersoek word spesifieke aandag gegee aan die oorsake waarom die gebruik van Facebook in sommige gevalle 'n negatiewe uitwerking op die gesinslewe en hoërskoolleerders se lewe het.

1.6.3 Die normatiewe taak

Die normatiewe taak waarna Osmer (2008:4) verwys, stel dit ten doel om die vraag, "Wat is veronderstel om te gebeur?" te beantwoord. Die taak begin met die gebruik van teologiese konsepte om bepaalde episodes, situasies of kontekste te interpreteer en etiese norme vir die praktyk te formuleer, "to guide our responses, and learning from 'good practice'" (Osmer, 2008:4). Teologiese navorsing en interpretasie word as deel van die normatiewe taak gesien, terwyl Bybelse teorie nie net verduidelik word nie, maar daar word ook gefokus op dit wat veronderstel is om teologies plaas te vind (Osmer, 2008:131).

In die konteks van hierdie studie het die normatiewe stadium 'n literatuuroorsig en grammaties-historiese eksegese ingesluit, wat aangewend is word om sleutelaspekte oor die gebruik van Facebook deur hoërskoolleerders te ondersoek.

1.6.4 Die pragmatiese taak

Die laaste van die vir take waarna Osmer (2008:4) verwys, is die pragmatiese taak. Hierdie fase van die studie fokus daarop om die vraag, "Hoe kan daar in die betrokke situasie opgetree word?", te beantwoord. Osmer (2008:176) is van mening dat daar gedurende hierdie fase gefokus moet word op die vorming en die uitvoering van strategieë van aksie, wat die verloop van gebeure op 'n wesenlike wyse sal beïnvloed. Hy redeneer dat praktiese teologie dikwels modelle vir die praktyk, asook "rules of art" voorsien. Modelle vir die praktyk gee aan leiers 'n algehele beeld van die veld waarin hulle werksaam is, en maniere om die veld volgens hulle gewenste doelwitte te vorm. Nadat die belangrikste tendense in die empiriese navorsing geïdentifiseer en ontleed is, het die finale fase van die navorsing gefokus op die daarstelling van 'n bybels-gefundeerde model om die normatiewe elemente wat in die aanvanklike stadia van die studie geïdentifiseer was, meer volledig te beliggaam. In hierdie fase het die navorser gepoog om wat Osmer (2005:xvi) "action-guiding models" noem, te ontwikkel. Dit is praktiese riglyne wat daarop gemik is om 'n nuwe praktykgerigte model te ontwikkel, wat in lyn gebring kan word met bybelse voorskrifte.

1.6.5 Literatuurstudie

Mouton (2001:86-87) wys op die belangrikheid van 'n literatuurstudie as die eerste fase van 'n empiriese studie. Simon (2009:6) redeneer dat teorie dikwels die bron van belangrike idees vir empiriese navorsing is en dat goeie teorieë van onskatbare

waarde in alle velde is. ’n Literatuurstudie begin met die kies van die mees onlangse gepubliseerde en geloofwaardige literatuur wat relevant is tot die studie. Blaxter, Hughes en Tigh (2010:104) benadruk dat ’n literatuurstudie nie net tot boeke beperk is nie en dat gepubliseerde en ongepubliseerde artikels, joernale en sommige internetmateriaal tot groot nut kan wees.

’n Literatuurstudie moet nie bloot gesien word as ’n opsomming of verskaffing van die bevindinge van vorige studies nie, maar dit moet duidelik aan die lig bring waarom die navorser die spesifieke lyn van ondersoek volg en waarom hy of sy die navorsingsprobleem op die spesifieke manier konseptualiseer (Rubin & Babbie, 2010:316-317). Volgens Fouché en Delport (2011:134) het ’n literatuurstudie dit ten doel om sinvol by te dra daartoe dat die geïdentifiseerde probleem duideliker verstaan word deur die omvang en betekenis daarvan te beskryf. Literatuur is ’n uitstekende bron om op die onderwerp te fokus en om die navorsingsvraag te verfyn. Alvesson en Sandberg (2013:19) meen dat ’n literatuurstudie onderneem moet word, voordat die navorsingsvrae geformuleer word. Die literatuurstudie vorm ’n integrale deel van die navorsingsproses en wanneer daarmee begin word, verkry die navorser deeglike agtergrondkennis van die fenomeen wat bestudeer word (Fouché & Delport, 2011:134). Rahschulte (2008:22) beklemtoon dat ’n literatuurstudie van kritieke belang is omdat dit grootliks bydra tot die vorming van nuwe teorieë, terwyl Verbruggen en Berger (2011:35) redeneer dat ’n literatuurstudie insig oor die huidige stand van sake bied en dat dit die navorser in staat stel om leemtes in bestaande teorieë te identifiseer.

Hierdie studie begin met ’n omvattende literatuurstudie waarin daar gepoog word om by die oogmerke wat Creswell (1994:20-21) vir ’n literatuurstudie in die vooruitsig stel, te bly:

- Die navorser word blootgestel aan die resultate van soortgelyke studies wat die nuwe onderwerp meer kan belig.
- Die navorsing is ’n voortgesette dialoog met betrekking tot die onderwerp.
- Dit bied ’n raamwerk om die uniekheid van die studie te bevestig en om navorsingsresultate mee te vergelyk.

Volgens Mouton (2001:92) is die doel van teoretiese studies om die mees relevante en toepaslike teorieë, modelle of definisies van ’n spesifieke fenomeen te hersien en bespreek.

1.6.6 Empiriese navorsing

Kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes is geskik vir verskillende navorsingstake en is ontwerp om verskillende navorsingsdoelwitte te bereik (Goertz & Mahoney, 2012:3). Ivankova, Creswell & Plano Clark (2007:255) wys daarop dat daar drie erkende benaderings bestaan vir die uitvoer van navorsing, naamlik, kwalitatief, kwantitatief en die gekombineerde metodebenadering. Die keuse van benadering berus op die navorser se filosofiese oriëntasie (positivisties teenoor konstruktivisties[34] teenoor pragmatisties[35]), die tipe kennis waarna daar gesoek word objektiewe, feitelike inligting teenoor subjektiewe, persoonlike ervarings of beide) en metodes en strategieë wat gebruik word om die kennis te bekom (ondersoeke en eksperimente teenoor "open-ended" onderhoude en observasies, of beide). Goertz en Mahoney (2012:3) benadruk dit dat sommige navorsingsprobleme kan vereis dat daar van die gekombineerde metodebenadering gebruik gemaak moet word, ten einde die navorsingsdoelwitte van die navorser te bereik en dat elke benadering sy eie doelstellings en metodes van ondersoek het (vgl. Litchman, 2013:104-107; Babbie, 2010:23-25; Bergman, 2008:11-15). Vervolgens word elkeen van die metodes nou van naderby bekyk.

Volgens Klandermans en Stagenborg (2002:xiv) is die doel van empiriese navorsing om met behulp van ’n verskeidenheid van metodes goeie teorieë te skep wat in die praktyk toegepas kan word. Hulle sê: "Sound theories are not abstract, free floating entities, but systems of ideas that can stand empirical tests and serve practical needs; after all, there is nothing so practical as good theory" (Klandermans & Stagenborg, 2002:xiv). Simon (2009:28) is van mening dat ’n empiriese studie geldig is indien dit ’n betroubare antwoord op die navorsingsvraag waarop dit gerig is oplewer, en dit is moontlik as dit die navorsingsdoel verwesenlik. Volgens Heitink (1999:231-233) bestaan empiriese navorsing uit ’n vyfledige siklus waarin die elemente van

[34] Tashakkori en Teddlie (1998:3) beskryf die positivistiese paradigma as wat in navorsingskringe bekendstaan as kwantitatiewe metodes terwyl die konstruktivistiese paradigma verwys na kwalitatiewe metodes.
[35] Pragmaties wys op navorsing wat elemente van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings bevat (Tashakkori & Teddlie, 1998:5).

waarneming, induksie, deduksie, toetsing en evaluering voorkom. "Waarneming" behels die versameling en kategorisering van empiriese data, met die oog op die formulering van hipoteses; "induksie" handel oor die formulering van die hipoteses; "deduksie" is die optekening van die gevolgtrekkings van hierdie hipoteses, in die vorm van toetsbare voorspellings; "toetsing" van die nuwe empiriese data, gebaseer op die uitslag van die voorspellings en "evaluering" is die terugvoer aan die teorie en aanbeveling vir verdere navorsing.

Die doel met die eerste vraelys was om van ouers van kerkjeug te verneem, of:

- Hulle meen dat die gebruik van Facebook enige noemenswaardige uitwerking op hul gesinslewe as sulks het;
- Hulle glo dat die gebruik van Facebook hulle kinders se lewens positief of negatief beïnvloed;
- Hulle as ouers weet wat die gevare van die gebruik van Facebook behels;
- Hulle persoonlik kennis dra van hulle hoërskoolleerders se redes waarom hulle Facebook gebruik;
- Hulle weet wat op hul hoërskoolleerders se Faceboekprofiel aangaan;
- Hulle as ouers gereeld ondersoek instel oor hulle kinders en vriende se inskrywings op Facebook;
- Hulle met hul kinders praat oor veiligheid en privaatheid op Facebook.

Die inligting wat uit die vraelyste bekom is, is saam met die kwalitatiewe navorsing gebruik om 'n tweede vraelys saam te stel in samewerking met die promotor, die mede-promotor en die Sentrale Statistiekdiens van Noordwes-Universiteit. Die vraelyste is deur vrywillige kerkjeug wat aan spesifieke gemeentes behoort en in die hoërskool is en 'n Facebookprofiel het anoniem voltooi, met die doel om te bepaal watter ooreenstemming en verskille daar met die ouers se sienswyse en kennis is. Slegs hoërskooljeug van die betrokke gemeentes is by die navorsing betrek. Daar is dus nie met tieners in skole kontak gemaak nie maar slegs met kerkjeug en eers nadat hulle ouers by die navorsing betrokke geraak het. In die onwaarskynlike geval van 'n risiko sou 'n deelnemer 'n sosiale risiko kon loop. Omdat diegene wat in kerkleierskap staan by die navorsing betrokke gemaak is, is hulle dan ook daarop bedag gemaak om te let na moontlike toekomstige nadelige gevolge as gevolg van die leerders se deelname aan die navorsing deur die voltooiing van die vraelyste. Kerkeleierskap is versoek om die navorser dadelik in kennis daarvan te stel indien daar nadelige gevolge sou wees sodat die nodige stappe gedoen sou kon word om pastorale en ander professionele ondersteuning aan te bied

indien enige van die deelnemende hoërskoolleerders dit sou verlang of benodig. Tot op datum is geen negatiewe response ontvang nie.

Die doel met hierdie vraelys is om van kerkjeug te verneem of hulle al op Facebook blootgestel is aan:

- Kontak deur mense wat hulle ongemaklik laat voel of bedreig het, soos pedofiele;
- Pornografie;
- *"Sexting";*
- *"Cyberbullying";*
- Deelname van gesprekke in private *"chat rooms"*[36];
- Identiteitsdiefstal;
- Versoeke om private inligting uit te gee;
- Vriendskapsversoeke van mense wat hulle nie persoonlik ken nie;
- Gevare wat vermoedelik ontstaan het as gevolg van die kubervoetspoor wat hulle op deur hul internetgebruik agterlaat nie.

1.7 VERKLARING VAN KONSEPTE

Die Afrikaanse skryftaal leen sigself tot skynbare seksisme vanweë die gebruik van woorde soos "hy", "sy", "hom" en "haar". Die navorser is van mening dat die vermyding van hierdie woorde die teks van sy gemaklike vloei sal ontneem. Die doelwit van hierdie studie is die daarstelling van 'n begronde gemeente-bedieningsmodel vir die oordeelkundige en verantwoordelike gebruik van sosiale media, met spesifieke verwysing na Facebook. Die doelwit is nie om enige seksistiese uitlatings te maak nie. As gevolg hiervan sal die navorser vrylik gebruik maak van die terme, "hy", "sy", "hom" en "haar". Die leser moet nie enige seksisme in hierdie gebruiksvorme inlees nie.

1.8 ETIESE OORWEGINGS

Met kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing is die toepassing van etiese maatreëls van kardinale belang, ten einde al die deelnemers te beskerm. Mouton (2001:239) wys daarop dat navorsers die reg het om te soek na die waarheid, maar nie ten koste van die regte van enige individu nie. Die streng toepassing van etiese maatreëls sal

[36] Vergelyk definisies wat vir vermelde terme in voetnotas hierbo gebied is.

meebring dat die vertrouensverhouding tussen die navorser en die deelnemers versterk word. Denzin en Lincoln (1994:372) benadruk dit dat:

> Because the objects of inquiry in interviewing are human beings, extreme care must be taken to avoid any harm to them. Traditional ethical concerns have revolved around the topics of informed consent (consent received from the subject after he or she has been carefully and truthfully informed about the research), right of privacy (protecting the identity of the subject) and protection from harm (physical, emotional, or any other kind) (Denzin & Lincoln, 1998:70).

Die navorser onderneem om al die deelnemers aan hierdie studie, wat die kerkleierskap van die sewe deelnemende gemeentes, ouers van hoërskoolleerders en die hoërskoolleerders van die betrokke gemeentes insluit, se identiteit en lokaliteit te beskerm. Geen skole is direk by die navorsingsproses betrek nie. In die geval van die empiriese navorsing, is daar nie na die pastore se identiteit verwys word nie. Diegene in kerkleierskap is voor die aanvang van die onderhoude vriendelik versoek word, om nie die gemeente waar hulle in die bediening staan se naam bekend te maak nie. Dit beteken dat elkeen van die onderhoude wat verbatim getranskribeer is, geen aanduiding van die deelnemende pastoor/jeugpastoor se identiteit of die lokaliteit van die gemeente bevat nie. Die onderhoude wat met die pastore gevoer is, is in elektroniese formaat (op ’n kompakskyf) in die navorser se kluis geberg word.

In die eerste fase van die kwantitatiewe navorsing het ouers van hoërskoolleerders in die sewe geïdentifiseerde gemeentes vrywillig en anoniem deelgeneem aan die voltooiing van die vraelys wat in samewerking met die promotor, mede-promotor en Noordwes-Universiteit se Statistiekdiens opgestel is. Die vraelyste is by die onderskeie gemeentes se weeklikse jeugbyeenkomste deur die ouers voltooi, onder die toesig van ’n onafhanklike persoon *(“gatekeeper”)*, wat oor die kwalifikasies beskik om pastorale ondersteuning te kan verleen indien sekere vrae reaksies sou sneller. Omdat die navorsing by drie AGS-gemeentes in Gauteng en vier AGS-gemeentes in die Vrystaat gedoen is, is daar van twee onafhanklike persone *(“gatekeepers”)* gebruik gemaak. Beide die onafhanklike persone het die standaard-geheimhoudingsvorm van Noordwes-Universiteit onderteken terwyl die navorser ook die inhoud van die vraelyste met hulle bespreek en verdere inligting verskaf het oor hoe om ondersteuning aan die

ouers en hoërskooljeug te verleen, indien sekere vrae reaksies sou sneller. Die onafhanklike persone het die inhoud van die ingeligte toestemmingsbrief aan die ouers verduidelik, voordat hulle dit onderteken het om finaal toe te stem tot hulle deelname aan die ondersoek, asook dié van hulle kinders. Indien enige van die ouers op enige stadium van die navorsingsproses sou wou onttrek, kon hulle dit te enige tyd doen, deur die onvoltooide vraelys aan die onafhanklike persoon *("gatekeeper")* te oorhandig, en die lokaal waar die vraelyste voltooi word, te verlaat. Dit het egter in geen geval gebeur nie. Die onafhanklike persoon *("gatekeeper")* sou dan sodanige vraelyste persoonlik vernietig het. Die onafhanklike persone *("gatekeepers")* het al die voltooide vraelyste in koeverte verseël en hulle name in drukskrif en handtekening oor die verseëlde gedeelte van die koeverte aangebring. Daarna is die koeverte bo-oor die name en handtekeninge met deursigtige kleefband verseël, as 'n sekuriteitsmaatreël wat ongemagtigde hantering aan die lig sou bring. Daarna het die onafhanklike persone *("gatekeepers")* die vraelyste per koerier aan die navorser gestuur. Nadat al sewe deelnemende gemeentes se vraelyste wat deur die ouers voltooi is en deur die navorser ontvang is, het hy dit persoonlik by Noordwes-Universiteit se Statistiekdiens op die Potchefstroomkampus ingedien vir die verwerking daarvan. Die uitslag van die verwerkte vraelyste en die vraelyste is in die navorser se studeerkamer in veilige bewaring gehou.

In die tweede en finale fase van die kwantitatiewe navorsing het die hoërskooljeug in die sewe geïdentifiseerde gemeentes op hulle beurt vrywillig en anoniem aan die navorsing deelgeneem. Die hoërskoolleerders is egter net toegelaat word om aan die navorsing deel te neem, indien hulle ouers/voogde skriftelik daartoe ingestem het, deur die ondertekening van die meegaande toestemmingsbrief. Die vraelyste is by die onderskeie gemeentes se weeklikse jeugbyeenkomste deur die hoërskoolleerders voltooi, onder die onafhanklike persone *("gatekeepers")* se toesig. Voordat die vraelyste aan die hoërskoolleerders uitgedeel is, het die onafhanklike persone *("gatekeepers")* verseker dat slegs hoërskoolleerders wie se ouers/voogde die toestemmingsbrief onderteken het, in die lokaal teenwoordig is, waar die vraelyste voltooi is. Die onafhanklike persone *("gatekeepers")* het die inhoud van die toestemmingsbriewe aan die jeug verduidelik en daarna het die jeug op hulle beurt die briewe onderteken wat hulle toestemming tot die ondersoek verleen. Indien enige hoërskoolleerder/s van die betrokke gemeentes van die navorsingsproses sou wou

onttrek, kon hulle dit te enige tyd gedoen het, deur die onvoltooide vraelys aan die onafhanklike persone *("gatekeepers")* te oorhandig, en die lokaal waar die vraelyste voltooi is, te verlaat. Die onafhanklike persone *("gatekeepers")* sou sodanige vraelys/te persoonlik vernietig het. Dit het egter nie by enige van die voltooiingsessies gebeur nie. Ná voltooiing van die vraelyste het die onafhanklike persone *("gatekeepers")* al die voltooide vraelyste in koeverte verseël en hulle name in drukskrif en handtekening oor die verseëlde gedeelte van die koeverte aangebring. Daarna is die koeverte bo-oor die name en handtekeninge met deursigtige kleefband verseël, as 'n sekuriteitsmaatreël wat ongemagtigde hantering aan die lig sou bring. Daarna het die onafhanklike persone *("gatekeepers")* die vraelyste per koerier aan die navorser gestuur. Nadat al sewe deelnemende gemeentes se vraelyste wat deur die hoërskoolleerders van die betrokke gemeentes voltooi is, deur die navorser ontvang is, het hy dit persoonlik by Noordwes-Universiteit se Statistiekdiens ingedien wat dit verwerk het. Die uitslag van die verwerkte vraelyste en die vraelyste is daarna in die navorser se kluis in veilige bewaring geberg.

Alle etiese riglyne soos voorgeskryf deur NWU is in die studie toegepas (NWU, 2010:31-32).

1.9 BEGRENSING

Aangesien die onderwerp van sosiale media 'n baie wye veld dek, word daar in hierdie studie uitsluitlik op Facebook gefokus, aangesien dit blyk dat die meeste mense wat van sosiale media gebruik maak, spesifiek van hierdie sosiale mediaplatform gebruik maak. Daar is egter van sekere vergelykings met ander sosiale mediaplatforms gebruik gemaak waar dit sinvol was om toepaslike data uit te lig. Die rede waarom daar spesifiek op Facebook gefokus is, is omdat Facebook 'n belangrike deel van baie mense se sosiale lewe geword het en omdat dit sonder twyfel 'n invloed op die lewe van gesinne en individue uitoefen. Hoewel die populariteit van Instagram as sosiale mediaplatform erken word, word Instagram nie bespreek nie omdat dit buite die beperkings van hierdie studie val. Dat sosiale media 'n besonder invloedryke medium is waardeur talle mense in alle ouderdomgroepe te kenne gee wat vir hulle sosiaal aanvaarbaar is, kan nie betwis word nie.

1.10 HOOFSTUKINDELING

Die volgende hoofstukindeling word in die vooruitsig gestel:

In Hoofstuk 1 word die probleemstelling, rasionaal en doel van die studie uitgelig. ’n Kort uiteensetting van die navorsingsproses word bespreek.

In Hoofstuk 2 word die navorsingsproses breedvoerig bespreek.

In hoofstuk 3 word die kwalitatiewe resultate van die onderhoude wat met diegene in kerkleierskap gevoer is, bespreek. Dit word opgevolg met die bespreking van die kwantitatiewe navorsingsresultate van die eerste fase van die kwantitatiewe navorsingsontwerp, waartydens die ouers van hoërskoolleerders vraelyste voltooi het. Osmer se beskrywend-empiriese taak wat vra, "Wat gebeur tans?”, word hier beantwoord.

In Hoofstuk 4 word die empiriese navorsingsresultate van die vraelyste wat deur die hoërskoolleerders voltooi is, bespreek. Osmer se beskrywend-empiriese taak wat vra, "Wat gebeur tans?”, word hier beantwoord.

Hoofstuk 5 bestaan uit ’n literatuurstudie wat handel oor die ontstaan, ontwikkeling en groei in toename van verbruikers van sosiale media. Die inligting wat deur hierdie literatuurstudie bekom is, word gebruik om Osmer se interpreterende taak wat vra, "Waarom het dit gebeur?”, te beantwoord.

Hoofstuk 6 word die Skrif ondersoek om ’n Skriftuurlike bedieningsmodel daar te stel om gesinne van spesifieke AGS-gemeentes toe te rus om Facebook op ’n verantwoordelike en oordeelkundige manier te gebruik. Osmer se normatiewe taak wat vra, "Wat is veronderstel om te gebeur?”, word in hierdie hoofstuk beantwoord. Klem val op Skrifgedeeltes uit die brief aan die Efésiërs wat blyk uiters geskik te wees vir toepassing op die kontemporêre situasie.

Hoofstuk 7 bevat die nuwe voorgestelde gemeente-bedieningsmodel vir die gebruik van Facebook deur gesinne. Osmer se pragmatiese taak wat vra, "Hoe kan daar in die betrokke situasie opgetree word?”, word hier beantwoord.

1.11 SKEMATIESE VOORSTELLING

Tabel 1.1 is ’n skematiese voorstelling betreffende die uitvoering van hierdie studie.

Osmer se indeling	Probleemstelling	Doelstelling & Doelwitte	Metode
Beskrywend-empiriese taak Wat gebeur tans?	Watter nuwe perspektiewe sal na afloop van die empiriese navorsing oor die gebruik van Facebook na vore kom?	Om vas te stel of daar enige vernuwende insigte rakende die verantwoordelike gebruik van Facebook deur ’n empiriese ondersoek na vore sal kan kom, wat kan bydra om die gesinne effektief toe te rus.	Empiriese navorsing wat saamgestel sal word uit ’n kwalitatiewe navorsingsontwerp word beoog, ten einde te bepaal wat die stand van sake in spesifieke AGS-gemeentes is met betrekking tot die gebruik van Facebook.
Interpreterende taak Waarom het dit gebeur?	In watter mate kan gebruik gemaak word van die resultate van die empiriese navorsing wat kan bydra met die daarstelling van ’n aanvaarbare gemeente-bedieningsmodel vir die toerusting van gesinne met betrekking tot die verantwoordelike gebruik van Facebook?	Om vas te stel in watter mate daar gebruik gemaak kan word van resultate wat verkry is deur die empiriese navorsing. Die data wat bekom is oor die gebruik van Facebook en die voor- en nadele daarvan, sal aangewend word vir die daarstelling van ’n gemeente-bedieningsmodel binne die AGS-	Die bestudering en evaluering van data wat verkry is deur empiriese navorsing, sal vergelyk word met die literatuurstudie.

		gemeentes ten einde meer gesinne te bemagtig om Facebook op ’n verantwoordelike wyse te gebruik.	
Normatiewe taak Wat is veronder-stel om te gebeur?	Watter insig kan verkry word vanuit ’n basis-teoretiese studie vanuit die Skrif met betrekking tot die gebruik van sosiale media om gesinne effektief toe te rus om Facebook oordeelkundig en verantwoordelik te gebruik?	Om vas te stel watter insig verkry kan word vanuit ’n basis-teoretiese studie vanuit die Skrif met betrekking tot toerusting van gesinne rakende die verantwoordelike gebruik van Facebook.	Eksegese sal gedoen word van sekere Skrifgedeeltes wat kan help met verantwoordelike optrede van gesinne, betreffende die gebruik van Facebook.
Pragmatiese taak Hoe kan daar in die betrokke situasie opgetree word?	Watter praktyk-teoretiese bedieningsmodel kan vir die toerusting van die AGS-gemeentes geformuleer word betreffende die verantwoordelike gebruik van Facebook vir die gesin?	Om praktyk-teoretiese riglyne te formuleer vir die daarstelling van ’n gemeente-bedieningsmodel om gesinne van die AGS- gemeentes effektief toe te rus in die oordeelkundige en veratwoordelike gebruik van Facebook.	Om alle beskikbare resultate te gebruik om ’n gemeente-bedieningsmodel neer te lê vir die gemeentes van AGS-gemeentes vir die oordeelkundige en verantwoordelike gebruik van Facebook.

HOOFSTUK 2: BESPREKING VAN DIE NAVORSINGSONTWERP

2.1 INLEIDING

In hoofstuk 1 is die probleemstelling en doelwitte bespreek, asook ŉ bondige uiteensetting van die metodologie. In dié hoofstuk word die navorsingsontwerp breedvoerig bespreek tesame met ŉ uiteensetting van die proses van dataversameling.

Die resultate van die kwalitatiewe navorsing wat onder kerkleierskap van sewe AGS-gemeentes gedoen is, sowel as die resultate van die eerste fase van die kwantitatiewe navorsing onder die ouers van hoërskoolleerders, word breedvoering in hoofstuk 3 bespreek. Die resultate van fase twee van die kwantitatiewe navorsing waarby die hoërskoolleerders van die sewe geïdentifiseerde gemeentes betrek word, word breedvoerig in hoofstuk 4 bespreek.

2.2 NAVORSINGSONTWERP

Mouton en Marais (1988:33) beskryf die doel van ŉ navorsingsontwerp soos volg: "The aim of a research design is to plan and structure a given research project in such a manner that the eventual validity of the research findings is maximized" (vgl. DePoy & Gitlin, 2011:122-123; Craig, 2009:231). Navorsingsontwerp het dus met rasionele besluitneming gedurende die navorsingsproses te doen. Dit is die navorser se taak om vas te stel watter algemene veranderlikes die resultate ongeldig kan maak en om alles binne sy vermoë te doen om te verseker dat die faktore beperk of uitgeskakel word (Mouton & Marais, 1988:33).

Die empiriese studie het ten doel om ondersoek in te stel na die moontlike impak van die gebruik van Facebook deur hoërskoolleerders. Die ontwerp van die navorsing bestaan uit ŉ gekombineerde kwalitatiewe en kwantitatiewe metodologie. Omdat sosiale media ŉ groot invloed op alle gebruikers daarvan se lewe uitoefen, het die navorser doelbewus besluit om die studie tot die invloed van Facebook op hoërskool kerkjeug te beperk. Daar sal ook ŉ literêre studie gedoen word om ŉ beter begrip oor die onderwerp van die impak van Facebook op kerkjeug se lewe te verkry. Die doel hiermee is om vanuit resente literatuur wat bestudeer is en die Bybel, ŉ bedieningsmodel te ontwerp om kerkleierskap en ouers van hoërskoolleerders te

bemagtig om Christengelowige hoërskoolleerders binne die AGS van SA te help om Facebook op ’n verantwoordelike wyse te gebruik.

Jugenheimer *et al.* (2014:100) wys daarop dat sommige studies vereis dat kwalitatiewe en kwantitatiewe gekombineer word, wanneer onafhanklike veranderlikes nie bekend is nie (vgl. Mariampolski, 2001:22). Dit beteken dat die ontleding van die inligting wat versamel is en die interpretasie van die resultate tot breër bevindings sal lei, as wanneer slegs een benadering gevolg word (Jugenheimer *et al.,* 2014:100). Om hierdie rede stem Heaton (2004:56) saam dat kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing mekaar komplimenteer en nie as teenstrydige navorsingstrategieë gesien moet word nie (vgl. Flick, 2014:30; Connelly *et al.,* 2012:134; Hennink, Hutter & Bailey, 2011:55; Henn, Weinstein & Foard, 2006:151; Bamberger, 2000:145). Die ontwikkeling van ’n kwantitatiewe meetinstrument vereis dat navorser moet vasstel watter moontlike impak die gebruik van Facebook op hoërskoolleerders het. Om al hierdie faktore te bespreek, vereis dat die navorser ook kwalitatief te werk moet gaan.

2.3 KWALITATIEWE NAVORSINGSONTWERP

Ritchie en Lewis (2003:267) is van mening dat die waarde van kwalitatiewe navorsing gesetel is "in its ability to explore issues in depth and from the perspectives of different participants, with concepts, meanings and explanations developed inductively from the data” (vgl. Hesse-Biber & Leavy, 2011:256; Seale, 1999:138; Bryman, 1988:8).

Kwalitatiewe navorsing is ’n breë benadering tot die studie van sosiale fenomene (Marshall & Rossman, 2011:3) en kan beskryf word as:

> An inquiry process of understanding based on a distinct methodological approach to inquiry that explores a social or human problem. The researcher builds a complex, holistic picture; analyzes words; reports detailed views of participants; and conducts the study in a natural setting (Marshall & Rossman, 2011:3; vgl. Creswell, 2012:300; Denzin & Lincoln, 2011:3; Creswell, 2009:4; Denzin & Ryan, 2007:579-582; Ivankova, Creswell & Plano Clark, 2007:257-259; De Vos, 2002:364; Van Maanen, 1983:9).

In aansluiting meen Kendall (2016:37) dat kwalitatiewe navorsing dikwels die volgende stappe insluit: (1) die bestudering van resente literatuur en die formulering van ’n

navorsingsprobleem, in plaas van die formulering van ’n hipotese; (2) die insameling en ontleding van data; en (3) die rapportering van resultate. Die doel van kwalitatiewe navorsing is om soveel as moontlik genuanseerde beskrywings van die lewenswêreld van die persoon/e waarmee onderhoude gevoer word, te verkry (Kvale, 1983:175; vgl. Merriam, 2009:15). Volgens Rubin en Babbie (2016:46) is kwalitatiewe navorsingsmetodes geneig om die dieper betekenis van besondere menslike ervarings te ondersoek, wat uiteindelik lei tot ryker waarnemings as blote getalle.

Merriam (1988:18-19) identifiseer ses eienskappe wat van deurslaggewende belang is om die aard van kwalitatiewe navorsing te begryp, omdat dit:

- Primêr op die navorsingsproses fokus en nie noodwendig op die uitkoms daarvan nie. Dit hou betekenisvolle implikasies in vir die vertrouenswaardigheid van die navorsing
- Ingestel is om ’n begrip te verkry van die betekenis wat ’n persoon aan sy belewenis gee. Daar word eerder gefokus op betekenis en begrip, terwyl woorde in plaas van getalle gebruik word om die resultate van die navorsing weer te gee;
- Die navorser self is die primêre instrument vir die verkryging en analisering van data. Die sensitiwiteit van die navorser is hier van deurslaggewende belang;
- Veldwerk insluit, wat onder andere impliseer dat die navorser, die studie-objek (mense en instansie) sal moet ken;
- Beskrywend is, aangesien die navorser belangstel in die proses, begrip en betekenis waartoe gekom word deur woorde en beelde;
- Induktief van aard is. Dit impliseer dat die navorser tydens die navorsingsproses tot sekere gevolgtrekkings, insigte en hipotesevorming kan kom. Die navorser moet dus oop en ontvanklik wees vir nuwe inligting, insigte en data.

Merriam (1998:7) is van mening dat kwalitatiewe studies onderneem word omdat bestaande teorieë nie noodwendig daarin slaag on ’n bepaalde verskynsel voldoende te beskryf nie. Polgar en Thomas (2013:13) wys daarop dat die navorser tydens die kwalitatiewe navorsingsproses deel van die fenomeen word wat nagevors word. Om persoonlike ervarings en subjektiewe betekenisse te verstaan, moet die navorser betrokke raak in die lewens van diegene wie se lewens nagevors word. Sodoende

neem die navorser ’n subjektiewe posisie in. Dit bring mee dat die navorser homself in die posisie van die deelnemende persone plaas en ’n bepaalde situasie vanuit hulle perspektief/we sien.

Berg (1995:7) vestig die aandag daarop dat kwalitatiewe navorsing dit ten doel het om ’n bepaalde groep mense van die samelewing intensief te bestudeer. Die intensiewe bestudering van die gekose groep mense het ten doel om antwoorde te bekom op sekere sosiale vraagstukke. Met kwalitatiewe navorsing is die navorser dus besonder geïnteresseerd "in how humans arrange themselves and their settings and how inhabitants of these settings make sense of their surroundings through symbols, rituals, social structures, social roles, and so forth” (vgl. Austin & Sutton, 2014:436; O’Donoghue 2007:43). Volgens Amaratunga *et al.* (2002:21) word kwalitatiewe navorsing uitgevoer deur ’n intense en/of langdurige kontak met ’n veld *(“field”)* of lewensituasie. Miles en Huberman (1994:6) is van mening dat die situasies "are typically ‘banal’ or normal...reflective of the everyday life of individuals, groups, societies, and organizations”. Amaratunga *et al.* (2002:21-22) voer verder aan dat een van die belangrikste eienskappe van kwalitatiewe navorsing is dat dit fokus op natuurlike en gewone gebeurtenisse in ’n natuurlike omgewing sodat daar waargeneem kan word hoe "real life” lyk. ’n Verdere eienskap van kwalitatiewe data is "their richness and holism with strong potential for revealing complexity. Such data provide ‘rich descriptions’ that are vivid, nested in real life context, and have a ring of truth”. Kwalitatiewe navorsing stel die navorser in staat om mense te ondersoek en meer te wete te kom oor hoe hulle sin van hulself en andere maak (Berg & Lune, 2014:8; vgl. Pitney & Parker, 2009:102).

Heaton (2004:55) fokus die aandag op die volgende kenmerke van kwalitatiewe navorsing:

- Die klem val op dit wat deur die oë gesien word, van diegene wat bestudeer word;
- Die beskrywing van die sosiale omgewing wat nagevors word;
- Die ondersoek van die sosiale gedrag van mense, sowel as die gebeure binne die historiese en sosiale konteks;
- Die ondersoek van die proses waardeur ’n bepaalde sosiale lewe gevestig word;

- ❖ Die aanvaarding van ’n buigsame benadering tot die sosiale ondersoek wat die navorser in staat stel om sy benadering te verander, indien dit nodig sou wees;
- ❖ Die afhanklikheid van teorieë en konsepte wat vanuit die data afgelei is.

Merriam (2009:13-16) sê kwalitatiewe navorsers het ten doel om ’n begrip te verkry van mense en hoe hulle hul lewe konstrueer. Dit is, hoe mense sin maak van die gebeure, situasies en ervarings binne hulle leefwêreld. Die volgende vier eienskappe is van groot belang om kwalitatiewe navorsing te verstaan: (a) Die fokus is op die proses, begrip en betekenis; (b) die navorser is die primêre instrument vir data insameling en analisering daarvan; (c) die proses is induktief; (d) en die produk is beskrywend (vgl. Van Manen, 1977:214).

2.3.1 Verduideliking van die vier eienskappe om kwalitatiewe navorsing beter te verstaan

(a) Die fokus is op die proses, begrip en betekenis

Die oorkoepelende doel van kwalitatiewe navorsing is om ’n beter begrip te verkry van hoe mense sin maak van hulle lewe en beskryf hoe hulle interpreteer wat hulle ervaar. Die sleutel om hierdie fenomeen te verstaan, lê daarin dat die deelnemer se perspektief aan die lig kom en nie dié van die navorser nie (Merriam, 2009:14).

(b) Die navorser is die primêre instrument vir data-insameling en analisering daarvan

Omdat begrip van die onderwerp die doel van kwalitatiewe navorsing is, blyk dit dat die navorser die ideale instrument vir data-insameling en analisering daarvan is, omdat hy onmiddelik kan reageer en aanpassings maak, waar nodig. Ander voordele is dat die navorser sy/haar begrip deur nie-verbale en verbale kommunikasie kan uitbrei, onmiddelik data kan prosesseer, die inhoud van materiaal te verduidelik, die akkuraatheid van interpretasie met die respondente te verifieer en ongewone of onverwagte reaksies te verken. Die mens as instrument het egter tekortkominge en vooroordele wat ’n moontlike impak op die studie kan hê. Om hierdie rede is dit belangrik om nie te fokus op hoe die vooroordele of subjektiwiteite uitgeskakel kan word nie, maar eerder hoe dit geïdentifiseer en gemonitor kan word, om vas te stel tot watter mate dit die versameling en interpretasie van data kan beïnvloed (Merriam, 2009:15).

(c) Die proses is induktief

Navorsers onderneem dikwels ’n kwalitatiewe studie omdat daar ’n gebrek aan teorie is of omdat ’n bestaande teorie misluk het om ’n fenomeen duidelik te beskryf. Om hierdie rede is dit ’n noodsaaklike eienskap van kwalitatiewe navorsing dat die proses induktief van aard is. Dit beteken dat navorsers data versamel, met die doel om konsepte, hipoteses of teorieë te vorm. Die kwalitatiewe navorser het ten doel om waarnemings en ’n intuïtiewe begrip te verkry, van wat in die navorsingsveld aangaan. Brokkies inligting wat uit onderhoude verkry is, waarnemings of dokumente word gekombineer en in groter temas georden, namate die navorser van die spesifieke na die algemene werk. Bevindinge wat induktief van die data in die kwalitatiewe studie afgelei is, is in die vorm van temas, kategorieë, konsepte, tentatiewe hipoteses, en teorieë oor 'n spesifieke aspek van die praktyk (Merriam, 2009:15-16).

(d) Die produk is beskrywend

Die produk van ’n kwalitatiewe ondersoek is ryk en beskrywend. Woorde en beelde, eerder as syfers word gebruik om bekend te maak wat die navorser oor die fenomeen geleer het. Data in die vorm van aanhalings vanuit onderhoude met deelnemers, dokumente en veldnotas moet ingesluit word ter stawing van die bevindinge van die studie. Hierdie aanhalings en uittreksels dra by tot die beskrywende aard van kwalitatiewe navorsing. Een van die grootste voordele van kwalitatiewe navorsing is dat dit buigbaar is en positief reageer op verandering namate die studie vorder (Merriam, 2009:16).

Kwalitatiewe navorsing het dus ten doel om ’n bestaande fenomeen te beskryf en nuwe teorieë en hipoteses te vorm. Strauss en Corbin (1998:12) wys daarop dat die kwalitatiewe navorser nie begin met ’n vooropgestelde teorie in gedagte nie (tensy hy/sy op ’n bestaande teorie wil uitbrei). "Rather, the researcher begins with an area of study and allows the theory to emerge from the data” (Strauss & Corbin, 1998:12). Kwalitatiewe navorsing sal dus die regte ontwerp wees vir die huidige studie, omdat dit die navorser sal help om bepaalde sieninge te ontdek en dan kan daar nuwe teorieë geformuleer word.

Kwalitatiewe navorsing maak gebruik van doelbewuste steekproewe. Die doelbewuste keuse berus op die beskikbaarheid van geskikte deelnemers en hulle bereidwilligheid tot die deelname aan die steekproef (Ritchie & Lewis, 2003:78). Denzin en Lincoln (1998:73; vgl. Morse, 1994:228) is van mening dat ’n goeie informant iemand is "who

has the knowledge and experience the researcher requires, has the ability to reflect, is articulate, has the time to be interviewed, and is willing to participate in the study".

In fase 1 word kwalitatiewe navorsing onderneem, ten einde kerkleierskap se begrip en sieninge oor hoërskoolleerders se gebruik van Facebook as sosiale mediaplatform te verstaan.

In fase 2 word die data wat met die kwalitatiewe navorsing bekom is, geanaliseer en geprosesseer, en saam met inligting wat uit die literatuurstudie bekom is, gebruik in die samestelling van 'n kwantitatiewe vraelys met die doel om van ouers te verneem wat hulle siening en belewenis van hul hoërskoolleerders se gebruik van Facebook is.

In fase 3 word die data wat met die kwantitatiewe vraelys wat ouers van hoërskoolleerders voltooi het, geanaliseer en geprosesseer, en ook saam met inligting wat uit die literatuurstudie bekom is, gebruik om 'n kwantitatiewe vraelys saam te stel, om van die hoërskoolleerders te verneem hoe hulle Facebook gebruik en wat hulle algemene belewenis op die sosiale mediaplatform is.

2.3.2 Opsomming van die kwalitatiewe navorsingsontwerp

Die grootste hoeveelheid data wat deur die navorser ingesamel word, is kwalitatief van aard. Volgens Gibson (2014:xxvi), is dit data wat uit woorde bestaan en nie soseer uit getalle nie (vgl. Hesse-Biber & Leavy, 2011:319; Creswell & Plano Clark, 2007:6; Silverman, 2006:153). Miles en Huherman (1994:1) beskryf kwalitatiewe data as 'n bron van ryk, insiggewende beskrywings en verduidelikings van prosesse binne 'n geïdentifiseerde konteks.

> Qualitative data are a source of well-grounded, rich descriptions and explanations of human processes. With qualitative data, one can preserve chronological flow, see which events led to which consequenses, and derive fruitful explanations (Miles, Huberman & Saldana, 2014:4).

Miles, Huberman en Saldana (2014:4) is verder van mening dat goeie kwalitatiewe data waarskynlik tot dieper bevindinge en nuwe integrasies lei en dit behoort die navorser te help om meer as net aanvanklike konsepte te verkry en konseptuele raamwerke te genereer of te hersien. Daarbenewens het die bevindinge van goed geanaliseerde studies 'n kwaliteit wat nie maklik bevraagteken kan word nie. Woorde, veral georganiseer in voorvalle, het 'n konkrete, lewendige en betekenisvolle *"egtheid"* wat dikwels vir 'n leser of ander navorser meer oortuigend is.

Johnson en Onwuegbuzie (2004:21) vestig die aandag op die volgende sterk punte (voordele) en swak punte (nadele) van kwalitatiewe navorsing.

Sterk punte:

- Data is gebaseer op die deelnemers se eie siening;
- Voordelig vir in-diepte navorsing op beperkte of klein groepe;
- Voordelig vir die beskrywing van komplekse fenomene;
- Kan kruisvergelykings met data doen;
- Dit bied 'n beskrywing van die deelnemers se persoonlike ervarings van 'n spesifieke fenomeen (dit is 'n ingeligte siening);
- Dit kan die fenomeen soos dit in die plaaslike konteks beleef word, in detail beskryf;
- Kwalitatiewe navorsers kan op veranderinge reageer wat plaasvind, tydens die proses van navorsing; en
- Kwalitatiewe data in die deelnemers se woorde bied aan navorsers die geleentheid om vas te stel hoe en waarom 'n bepaalde fenomeen voorkom.

Swak punte:

- Inligting wat bekom is, kan nie veralgemeen word nie;
- Dit is moeilik om kwalitatiewe voorspellings te maak;
- Dit is moeiliker om hipoteses en teorieë te toets;
- Dit kan minder geloofwaardig wees by sommige administrateurs;
- Analisering van data neem dikwels baie tyd in beslag; en
- Die resultate kan makliker deur die navorser se vooroordeel beïnvloed word.

Siende dat die navorser van die gekombineerde metode van navorsing gebruik maak, sal daar onder punt 2.5 (waar die gekombineerde metode van navorsing breedvoerig bespreek word) aangedui word hoe die navorsing die sterk punte gaan uitbou en hoe die swak punte ondervang gaan word.

2.3.2.1 Die rol van die navorser

In hierdie navorsingsprojek vervul die navorser 'n deelnemende rol. Hy tree op as die hoofnavorsingsinstrument tydens onderhoudsvoering, die analisering van al die data in beide die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing, sowel as die data-interpretasie. Die navorser het 'n professionele verhouding met elkeen van diegene wat in

kerkleierskap staan, met wie die onderhoude gevoer was, in die kwalitatiewe been van die navorsing. Die reeds bestaande vertrouensverhouding wat daar tussen die navorser en die deelnemende kerkleierskap bestaan, het daartoe bygedra dat die respondente met groot vrymoedigheid aan die onderhoude deelgeneem het.

Die rol wat die navorser in kwalitatiewe navorsing speel, is van deurslaggewende belang vir die sukses en geloofwaardigheid van die navorsing. Yin (2016:27) benadruk dit dat die navorser in effek die belangrikste instrument is vir die insameling van data (vgl. Austin & Sutton, 2014:437; Lichtman, 2014:43; Thomas, Nelson & Silverman, 2011:364-365; Boeije, 2010:61; Osmer, 2008:53-55; Padgett, 2008:185; Creswell, 1994:147-148). Durrheim (2007:57) huldig dieselfde siening en voeg by dat die navorser se invloed en mate van beheer wat hy in elke fase van die navorsing uitoefen, 'n besliste impak op die uitkoms van die studie in die geheel het. Latini (2011:210) plaas die kwalitatiewe navorser in die rol van die "active contributor" omrede die navorsingsproses vereis dat die navorser fisies en geestelik betrokke raak in die wêreld wat nagevors word. Gläser-Zikuda (2012:2742-2743) is van mening dat die navorser en die deelnemers in kwalitatiewe navorsing as geëmansipeerde vennote[37] funksioneer (vgl. Dresser, 2016; Morris, 2006:204). Heron (1981:19-20) redeneer dat die navorser-deelnemer onderskeiding verbreek behoort te word en "the subject is a fully fledged co-researcher, and the researcher is a co-subject, participating fully in the action and experience to be researched" (vgl. Mitchell, 2010:35; McClintock, Ison & Armson, 2003:719). Dit beteken dus dat die navorser en die deelnemers ewe betrokke is in die navorsingsproses (Klenke, 2016:10). In die geheel is die bovermelde kundiges dit eens dat die navorser instrumenteel is in die sukses van die kwalitatiewe navorsingsprojek.

Smith en Bowers-Brown (2010:113) vestig die aandag daarop dat dit baie belangrik is dat die kwalitatiewe navorser eerlik moet wees oor die redes vir sy navorsing, omdat versuim om dit te doen, daartoe kan lei dat belangrike inligting geïgnoreer word. Die kwalitatiewe navorser moet ook ernstig daarteen waak om nie 'n spesifieke verlangde uitkoms in gedagte te hê nie. Durrheim (2007:53) sê dat kwalitatiewe navorsers

[37] Geëmansipeerde vennote verwys na die navorser en deelnemers wat as gelyke vennote in die navorsingsproses in 'n subjek-subjek verhouding optree (Strydom, 2011:491).

versigtig te werk moet gaan in hulle vraagstelling aan respondente en seker maak dat hulle nie subtiele leidrade gee, wat respondente sal lei om die antwoorde te gee, wat die navorser verlang nie. In sy toetrede tot die gesprek maak Merriam (2009:99-100) dit duidelik dat kwalitatiewe navorsers hulself daavan moet weerhou om tydens onderhoudvoering toonaangewende vrae aan respondente te vra. Verder is daar ŉ sterk oproep tot die kwalitatiewe navorser om deursigtig te wees ten opsigte van sy waardes, aannames en agtergrond waarteen die navorsing gedoen word (Klenke, 2016:42-43; vgl. O'Dwyer & Bernauer, 2014:29). Osmer (2008:76) verduidelik dat kwalitatiewe navorsers hulself vir die siening en belewenis van die respondente moet oopstel en dat enige vooropgestelde idees, verander kan word deur dit wat die respondente in hulle leefwêreld ervaar.

2.3.2.2 Onderhoudsvoering

In die eerste fase van die empiriese navorsing voer die navorser onderhoude met kerkleierskap van sewe AGS-gemeentes. Volgens Morse *et. al.* (2002:11) is die besluit oor wie aan die onderhoude gaan deelneem van kritieke belang vir die geldigheid van enige kwalitatiewe studie, omdat dit die toereikendheid van die steekproef beïnvloed. Spradley (2016:46) noem dat die ideale deelnemer aan die volgende vyf vereistes moet voldoen: (1) "thorough enculturation, (2) current involvement, (3) an unfamiliar cultural scene, (4) adequate time, and (5) nonanalytic". Met *"nonanalytic"* verwys Spradley (2016:52-54) na ŉ deelnemer se ingesteldheid om die vrae onbevange te beantwoord, sonder om dit te analiseer met die doel om vrae vanuit ŉ vooraf ingenome standpunt te beantwoord, moontlik met die bedoeling om die vraagsteller te probeer behaag. Met "behaag" word bedoel dat deelnemers van mening kan wees dat hulle die vraagsteller kan help, met die analitiese insigte wat hulle bied. Dit in ag genome, het die navorser verseker dat elkeen van die deelnemers aan die navorsing aan die vereistes voldoen.

Kvale en Brinkmann (2009:113) bied die volgende raad aan kwalitatiewe navorsers, met betrekking tot die hoeveelheid individue waarmee onderhoude gevoer moet word. "Interview as many subjects as necessary to find out what you need to know" (Kvale & Brinkmann, 2009:113). Die kerkleierskap is vooraf genader om te hoor of hulle vrywillig aan die navorsing wil deelneem en of hulle toestemming sal verleen dat die tweede en derde fase van die studie (die kwantitatiewe navorsing) in hulle onderskeie

gemeentes onderneem kan word. Met hulle instemming tot deelname aan die navorsing, was daar toe gereël vir ŉ datum en tyd waarop die onderhoude met diegene in kerkleierskap gevoer is.

Olson (2011:24) vestig die aandag daarop dat onderhoudsvoering ŉ komplekse taak is en dat dit deeglike voorbereiding vereis. Powney en Watts (soos aangehaal deur Verma & Mallick, 1999:123) definieer ŉ onderhoud as "a conversation between two or more people where one or more of the participants takes the responsibility for reporting the substance of what is said". Die rede waarom die navorser onderhoude as data-insamelingsmetode gebruik, lê daarin dat onderhoude bepaalde voordele inhou. Ely *et al.* (1991:58) voer aan dat onderhoudvoering die kern van kwalitatiewe navorsing is "because they seek the words of the people we are studying, the richer the better, so that we can understand their situations with increasing clarity".

Om hierdie rede is Draus (2017:137), Luton (2015:21) en King en Horrocks (2010:1) is dit eens dat die voering van onderhoude die mees algeneme en effektiewe wyse is waarop die kwalitatiewe navorser inligting oor die navorsingsonderwerp kan bekom (vgl. Rubin & Rubin, 2012:xvii; 3-5; Osmer, 2008:61; Heath & Coombs, 2006:110; Denzin & Lincoln, 2003:239; Thomas, 2003:66). Holstein en Gubrium (1997:13) wys daarop dat onderhoudsvoering ŉ manier is om empiriese data oor die sosiale wêreld te genereer deur ŉ teikengroep gestruktureerd na hulle menings, ervarings en houdings uit te vra. In aansluiting hierby sê Carey (2017) dat die navorser in hierdie fase van die navorsing sterk fokus op die respondente (subjekte) se begrip en belewenis van hulle sosiale wêreld. Die navorser probeer om die perspektiewe, menings, emosionele reaksies en houdings van die deelnemers in hulle leefwêreld te meet en verstaan. Denzin en Lincoln (2011:416) is van mening dat hierdie leefwêreld gekenmerk word deur mense wat redeneer dat "interviews generate useful information about lived experience and its meanings". Dit is die siening van Gorman *et al.* (2005:41) dat onderhoudsvoering in kwalitatiewe navorsing twee belangrike voordele inhou. Eerstens word die persoon met wie die onderhoud gevoer word, deur die gebruik van semi-getruktureerde (oop) vrae aangemoedig om probleme wat hulleself in die praktyk waarneem, uit te lig. Dit kan van groot belang wees om bepaalde kontekste te verstaan en om skakels te identifiseer wat sleutelaspekte van kwalitatiewe navorsing is en moontlik deur die navorser gemis kan word. Tweedens,

bied die dialoog tussen die navorser en die respondent die moontlikheid dat die gesprek in ’n nuwe en onverwagte rigting kan beweeg, wat tot ’n dieper begrip van die betrokke probleem kan lei. Insig van wat die respondent self in die praktyk waarneem, kan op geen ander manier bekom word as deur onderhoudvoering nie en om hierdie rede vorm dit ’n belangrike hoeksteen in kwalitatiewe navorsing.

Onderhoude is met kerkleierskap gevoer met die doel om hulle sieninge oor die gebruik van Facebook deur ouers en hul hoërskoolleerders te verkry. Deur die gebruik van semi-gestruktureerde (oop) vrae het die navorser aan respondente die geleentheid gebied om die probleme wat hulle in die praktyk waarneem, aan te spreek. King en Horrocks (2010:42-43) is van mening dat die fisiese omgewing waar die onderhoud gevoer word ’n groot invloed het op hoe die onderhoud gaan ontvou. Hulle stel ’n gemaklike omgewing, privaatheid in die gesprek en ’n omgewing waar relatiewe stilte heers, as drie sleutelaspekte wat die vloei van die onderhoud positief beïnvloed. Dit in ag genome, is die onderhoude vir die kwalitatiewe navorsing met die pastore gevoer in die gemak van hulle eie kerkkantoor of pastorie, of ’n plek van hulle persoonlike voorkeur.

Gedurende die onderhoudvoering is die navorser deurgans aktief betrokke en neem hy nie ’n neutrale posisie in en is hy nie emosioneel onbetrokke nie. Denzin en Lincoln (2005:643) beskryf die onderhoud en interaksies soos volg:

> The interview is a conversation-the art of asking questions and listening. It is not a neutral tool, for at least two people create the reality of the interview situation. In this situation answers are given. Thus the interview produces situated understandings grounded in specific interactional episodes. This method is influenced by the personal characteristics of the interviewer. (Denzin & Lincoln, 2005:643).

Rubin & Rubin (1995:12) benadruk dat die navorser se empatie, sensitiwiteit, humor en opregtheid belangrike elemente in die navorsingsproses is. In aansluiting hierby meen Rubin & Rubin (2012:72-73) dat die samewerkende verhouding tussen die navorser en die subjek beïnvloed word deur die persoonlikheid, verwagting en agtergrond van beide die navorser en die subjek. ’n Navorsingsverhouding lê bepaalde verpligtinge op beide die navorser en die subjekte. Die respondente werk saam met

die navorser, om die navorsingsvraag te antwoord en hulle deel in die proses hul siening en ervaring en in die proses maak hulle dikwels baie van hulself bekend. In ruil vir hulle kennis rus die verantwoordelikheid op die navorser om te alle tye eerlik met die deelnemende subjekte/respondente te wees, om hulle teen enige gevare te beskerm wat uit die navorsing mag voortspruit en om die onderhoud so aangenaam as moontlik te maak.

Denzin en Lincoln (2005:646) wys daarop dat kwalitatiewe navorsers in gedagte moet hou dat onderhoudvoering nie ’n neutrale instrument is wat vir data-insameling gebruik word nie, maar dat dit ’n aktiewe interaksie tussen twee individue is en dat sodanige interaksie tot onderhandelde, konteks gebaseerde resultate lei (vgl. Mason, 2002:62). Silverman (2004:145) is van mening dat die respondente nie bloot kennis oordra nie, maar hulle kennis in samewerking met die navorser konstrueer. Die navorser bekom belangrike inligting deur perspektiewe en ervarings in diepte met die respondente te bespreek. Burgess (1984:102) verwys hierna as "conversations with a purpose". Richards en Morse (2013:219) fokus die aandag daarop dat kwalitatiewe navorsing nie van ’n rigiede voorafbepaalde konseptuele raamwerk gebruik maak wat die aard van veranderlikes dikteer nie. ’n Rigiede raamwerk sal gevolglik die onderhoude in ’n rigting stuur, waar die navorser doelbewus na inligting sal soek om die raamwerk te pas en te wys dat die navorser presies bekom het waarna hy gesoek het. Sou ’n navorser hierdie metode van data-insameling gebruik, sal dit die navorsing ongeldig maak. Volgens Mason (2002:65) word hierdie onderhoude gekenmerk deur die veronderstelling dat data deur interaksie tussen die navorser en die respondent gegenereer word. Johnson en Christensen (2014:233) wys daarop dat die navorser die patroon van vraagstelling kan wysig, deur opvolgvrae wat voortspruit uit die antwoorde van die respondente te stel (vgl. Silverman & Patterson, 2015:63). "The goal of qualitative research is to discover patterns which emerge after close observation, careful documentation, and thoughtful analysis of the research topic. What can be discovered by qualitative research are not sweeping generalizations but contextual findings. The process of discovery is basic to the philosophic underpinning of the qualitative approach" (Maykut & Morehouse, 1994:21).

Voordat daar met die onderhoude begin is, was die respondente vriendelik versoek om:

- Die ingeligte toestemmingsvorm te onderteken, as bewys dat hulle vrywillig en anoniem aan die navorsing deelneem.
- Hulle selfone vir die duur van die onderhoud af te skakel, ten einde onderbrekings die hoof te bied.

2.3.2.3 Transkribering van onderhoude

Die navorser is deeglik bewus van die feit dat die transkribering van onderhoude baie tyd in beslag neem. Swinton en Mowat (2016:60); Klenke (2016:130), Bryman (2012:469), Sensing (2011:186) en Powers (2005:25) ondersteun die argument. Ten spyte van die feit dat die transkribering van die onderhoude baie arbeidsintensief en tydrowend is (Hepburn & Bolden, 2017:14; vgl. Magnusson & Marecek, 2015:73; Kvale & Brinkmann, 2009:180; Seidman, 2006:115) het die navorser self die sewe onderhoude se transkribering behartig. Dit het hom in staat gestel om in-diepte kennis vanuit die onderhoude te verkry (Crouch & Pearce, 2012:114-115).

Kvale en Brinkmann (2009:177-178) is van mening dat daar in baie gevalle meer gefokus word op die kwaliteit van onderhoudvoering, terwyl die kwaliteit van die transkribering selde aangespreek word. Die onderhoud is ’n ontwikkelende aangesig-tot-aangesig-gesprek tussen twee persone maar in ’n transkripsie word die gespreksinteraksie tussen twee fisies teenwoordige persone abstrak en in ’n skriftelike vorm vasgestel. "Once the interview transcriptions have been made, they tend to be regarded as the solid rock-bottom empirical data of an interview project” (Kvale & Brinkmann, 2009:177-178; vgl. Flick, 2009:294). Lapadat en Lindsay (1999:82) maak die volgende stelling ten opsigte van die proses van transkribering.

> It is not just the transcription product-those verbatim words written down-that is important; it is also the process that is valuable. Analysis takes place and understandings are derived through the process of constructing a transcript by listening and re-listening, viewing and re-viewing. Transcription facilitates the close attention and the interpretive thinking that is needed to make sense of the data. Transcription as a theory-laden component of qualitative analysis warrants closer examination (Lapadat & Lindsay, 1999:82).

Volgens Miller en Brewer (2003:169) berus die onus op die navorser of hy die onderhoude verbatim[38] of selektief[39] gaan transkribeer, terwyl Josselson (2013) dit benadruk dat 'n verbatim weergawe van die onderhoud elke woord sowel as klanke wat gevoelens aandui (lag, bulderlag en snikke) bevat. Dit beteken ook dat gesprekmerkers (uh, uhm, "ek weet nie" ensomeer) en lang pouses ingesluit moet word. In aansluiting hierby redeneer Alcock en Iphofen (2007:17-18) dat navorsers wat self die transkribering van hulle onderhoude behartig, die refleksiwiteit[40] en betroubaarheid van die inhoud van die transkripsies verhoog. Beduidende aspekte van die data word ook meer betekenisvol in 'n verbatim transkripsie (Miller & Brewer, 2003:169). Josselson (2013) redeneer dat navorsers wat hulle eie transkribering van die onderhoude wat gevoer is behartig, kan terugkeer na die oomblik van die onderhoud, kan stop en 'n oomblik reflekteer op wat gehoor word, aangesien dit nie tydens die onderhoudvoering moontlik was nie. Dit sal die navorser in staat sal stel om 'n dieper kennis van die inhoud van die onderhoude te verkry (Bosi & Reiter, 2014:136; vgl. Seidman, 2013; Kvale & Brinkmann, 2009:180), terwyl die getranskribeerde (teksgebaseerde) weergawes van die onderhoude hoogs doeltreffend sal wees (Seidman, 2013; Kvale & Brinkmann, 2009:180) wanneer temas en subtemas saam gegroepeer word.

2.3.2.4 Verwerking van ingesamelde data

Nadat die navorser die onderhoude getranskribeer het, het hyself die verwerking daarvan behartig. Die doel was om alle inligting wat bekom is, te groepeer en 'n duidelike beeld te verkry van kerkleierskap se siening oor ouers en hoërskoolleerders se gebruik van Facebook as sosiale mediaplatform, met die doel om 'n kwalitatiewe vraelys te ontwerp wat relevante vrae aan die ouers van hoërkoolkinders as respondente rig. Nadat die data wat deur die ouers van hoërskoolleerders verskaf is, verwerk is, sal dit gebruik word vir die ontwerp van 'n vraelys, wat deur die hoërskoolleerders voltooi gaan word, nadat hulle ouers skriftelik toestemming daartoe verleen het.

---

[38] Verbatim verwys na 'n woord vir woord weergawe van die onderhoude wat gevoer is.
[39] Selektiewe transkribering van onderhoude behels dat die navorser besluite neem oor watter aspekte van die data relevant is, met betrekking tot die navorsingsvraag (Miller & Brewer, 2003:169).
[40] Refleksiwiteit beteken *"[To be]* clearly aware of one's viewpoint and monitoring its influence on one's understanding of what is being studied" (Fortune & Miller, 2013:xx).

Schatzman en Strauss (1973:110) sê: "Probably the most fundamental operation in the analysis of qualitative data is that of discovering significant *classes* of things, persons and events and the *properties* which characterize them." Agar (1980:224; 229-231) is van mening dat die verwerking van kwalitatiewe data ten doel het om partone en temas vanuit die perspektief van die deelnemer(s) te identifiseer en te probeer beskryf. Die navorser probeer dan om hierdie patrone en temas te verstaan en te verduidelik. Volgens Creswell (1994:153) word die data-analise uitgevoer "as an activity simultaneously with data collection, data interpretation, and narrative report writing" (vgl. Dortsen & Hotchkiss, 2016).

Tesch (2013:141-145) stel 'n proses voor bestaande uit agt stappe om die inligting wat met die onderhoudsvoering bekom is, te verwerk.

1. Verkry 'n geheelbeeld van die data. Dit word gedoen deur al die transkripsies noukeurig deur te lees en al die inligting en idees neer te skryf. Hierdie stap voorsien die navorser van belangrike agtergrondinligting.
2. Kies een van die onderhoude, hetsy die mees interessante of die kortste, lees dit deur en vra: "Waaroor handel hierdie onderhoud?" Moenie soseer op die inhoud van die onderhoud fokus nie, maar let ook op die onderliggende betekenis daarvan.
3. Maak dan 'n lys van al die temas wat herhaardelik voorkom. Alle soortgelyke temas moet in kolomvorm onder hooftemas en unieke temas bymekaar geplaas word.
4. Met hierdie lys moet daar teruggegaan word na die data. Dan moet die temas met 'n afkorting as 'n kode aangedui word en in die vorm van kodes langs die ooreenstemmende dele van die teks neergeskryf word. Met hierdie skema kan daar vasgestel word of nuwe kategorieë en kodes ontstaan.
5. Vind die mees beskrywende woorde vir die temas en plaas dit in kategorieë. Verminder die kategorieë deur oorstemmende temas saam te groepeer.
6. Besluit op finale afkortings vir elk van die kategorieë en plaas hierdie kodes dan in alfabetiese volgorde.
7. Versamel die data wat by elke kategorie pas en analiseer dit voorlopig.
8. Indien nodig, herkodeer die bestaande data.

Om die proses te voltooi wat opsommend hier gegee word, het die navorser ná die transkribering van die onderhoude weer aandagtig na elkeen van die onderhoude geluister. Daarna het hy ook elkeen van die transkripsies noukeurig deurgelees, om homself met die inhoud van die data te vereenselwig. Die navorser het toe die transkripsies een vir een begin ontleed en soortgelyke tema's en subtema's saam gegroepeer. Die respondente is hierna gevra om die geanaliseerde data geldig te verklaar.

2.4 KWANTITATIEWE NAVORSINGSONTWERP

Kwantitatiewe navorsing fokus hoofsaaklik op die meting van objektiewe veranderlikes wat individue of groepe beïnvloed (Guthrie, 2010:87). Rubin en Babbie (2016:46) beklemtoon dat kwantitatiewe navorsingsmetodes die lewering van akkurate statistiese bevindinge waarborg terwyl Ivankova, Creswell en Plano Clark (2007:255-257) die aandag daarop vestig dat kwantitatiewe navorsing ten doel het om tendense te beskryf of die verwantskappe tussen die veranderlikes te verduidelik. Die navorser vra spesifieke navorsingsvrae of formuleer hipoteses oor die veranderlikes wat waargeneem of gemeet kan word (vgl. Williams, 2007:66). Volgens Leedy en Ormrod (2001:102) soek kwantitatiewe navorses na "explanations and predictions that will generate to other persons and places. The intent is to establish, confirm, or validate relationships and to develop generalizations that contribute to theory". Kwantitatiewe navorsing is dus "an inquiry into a social or human problem, based on the testing of a theory composed of variables, measured with numbers an analysed with statistical procedures in order to determine whether the predictive generalisations of the theory hold true" (Creswell, 1994:1-2; vgl. Maykut & Morehouse, 2003:3). Mouton en Marais (1990:59) wys daarop dat kwalitatiewe navorsing dikwels 'n hipotesetoestand is, vanwaar daar "met 'n redelik eksplisiete probleemstelling en ook hipotesestelling begin" word. Kendall (2016:37) wys ses sleutelstappe uit in kwantitatiewe navorsing: (1) keuse en definiëring van die navorsingsprobleem; (2) bestudering van vorige navorsing; (3) formulering van die hipotese; (4) ontwikkeling van die navorsingsontwerp; (5) insameling en analisering van data; en (6) maak gevolgtrekkings en kommunikeer bevindinge.

Johnson en Onwuegbuzie (2004:19) vat die sterk punte (voordele) en swak punte (nadele) van kwantitatiewe navorsing soos volg saam (vgl. Rao & Woolcock, 2003:165-166).

Sterk punte:

- Toets en geldig verklaring van reeds gekonstrueerde teorieë oor hoe (en tot ’n mindere mate, hoekom) verskynsels voorkom;
- Daar is reeds gevestigde hipoteses voordat data ingesamel word;
- Dit kan navorsingsbevindine veralgemeen;
- Data-insameling is relatief vinnig;
- Dit verseker noukeurige, kwantitatiewe, numeriese data;
- Dataverwerking neem nie te veel tyd in beslag nie;
- Navorsingsresultate is relatief onafhanklik van die navorser;
- Dit is nuttig vir die bestudering van groot getalle mense; en
- Resultate geniet hoë geloofwaardigheid.

Swak punte:

- Die navorser se teorieë wat gebruik word, kan bevraagteken word;
- Die objektiewe kwantitatiewe aard van hierdie metodologie, asook die metodes waarmee data ingesamel word, maak dit onmoontlik om kontekssensitiewe individuele ervarings van individue in diepte na te vors, soos in die geval van kwalitatiewe onderhoude; en
- Kennis wat verkry word, kan te abstrak wees vir toepassing in bepaalde situasies, kontekste en individue.

Soos reeds genoem onder punt 2.3.1 sal die navorser onder punt 2.5 aandui hoe die navorsing die sterkpunte gaan uitbou en die swak punte gaan ondervang.

2.4.1 Opsomming van die kwantitatiewe navorsingsontwerp

2.4.1.1 Voltooiing van kwantitatiewe vraelyste

Nadat die onderhoude met die pastore van die sewe deelnemende gemeentes gevoer en getranskribeer is, is die inligting wat die navorser daaruit bekom het, verwerk met die doel om ’n kwantitatiewe vraelys op te stel. Hierdie vraelys is opgestel in samewerking met die promotor, mede-promotor en prof. Suria Ellis van die Sentrale Statistiekdiens van Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus.

Die doel met hierdie vraelys was om vas te stel tot watter mate die ouers van hoërskoolleerders wat Facebook as sosiale mediaplatform gebruik, bewus is van:

- die feit dat hulle hoërskoolleerders moontlik meer as een Facebookprofiel het;

- die moontlikheid dat hulle hoërskoolleerders 'n vals Facebookprofiel/e geskep het;
- die moontlikheid dat hulle hoërskoolleerders 'n Facebookprofiel gehad het voordat hulle dertien jaar oud was;
- die hoeveelheid tyd wat hulle hoërskoolleerders moontlik lang tye op Facebook deurbring;
- die potensiële gevare wat Facebook as sosiale mediaplatform vir hoërskoolleerders inhou;
- die moontlike effek wat plasings/inskrywings op hulle hoërskoolleerders se lewe kan hê;
- die aantal vriendskappe wat hulle hoërskoolleerders op Facebook het;
- die gevare wat kuberteistering *("cyberbullying")* vir kinders inhou;
- die gevare wat identiteitsdiefstal[41] vir hulle hoërskoolleerders inhou;
- die moontlikheid dat hulle hoërskoolleerders tyd in *"chat rooms"* spandeer;
- die noodsaaklikheid dat hulle hulself moet vergewis van wat op hulle hoërskoolleerders se Facebookprofiele aangaan;
- die gevare wat blootstelling aan ander godsdienste vir hulle hoërskoolleerders inhou;
- die feit dat daar privaatheidstellings op hulle hoërskoolleerders se Facebookprofiel/e is, om hulle kinders te beskerm;

[41] Stone, Krueger en Takach (2017:431) definieer identiteitsdiefstal as "the deliberate use of someone else's identity, usually as a method to gain...advantage in the other person's name which may compromise the other person if they are held responsible for the perpetrator's actions" (vgl. Delaney, 2017:398; Ayala, 2016:4; Vacca, 2003:5).

- toepassings (*"apps"*) soos, Kik Messenger[42], Snapchat[43], Whisper[44], en Tumblr[45].

Daar is doelbewus op hierdie faktore gefokus omdat die vermoede bestaan dat sommige hoërskoolleerders tot 'n mindere of meerdere mate al aan een of meer van die bogenoemde faktore blootgestel was.

Nadat die Sentrale Statistiekdiens van die Noordwes-Universiteit hulle tevredenheid met die grootte van die steekproef en die metodologie bevestig het, is daar voortgegaan met die reëlings vir die voltooiing van die vraelyste. Die navorser het voldoende ingeligte toestemmingsvorms en onvoltooide vraelyste aan die onafhanklike *"gatekeepers"* oorhandig. Daarna het die navorser die deelnemende pastore van die sewe gemeentes in kennis gestel dat hulle met die kwantitatiewe navorsingsproses kan begin, deur afsprake met die onafhanklike *"gatekeepers"* te reël vir die voltooiing van die vraelyste.

---

[42] Larson (2015) beskryf Kik Messenger as een van die gewildste sosiale mediaplatforms onder tieners, maar daar is 'n donker kant waarvan ouers nie noodwendig bewus is nie. "The app has seemingly become the go-to chat service for people dealing in illegal trades or sharing adult content" (Larson, 2015). Op Kik wat as *"kick"* uitgespreek word, maak die gebruikers staat op gebruikersname *(usernames)* in plaas van telefoonnommers om kontak met mekaar te maak (Larson, 2015). Maas (2018) wys daarop dat die uitdrukking *"sex buddy"* met "Kik buddy" vervang word en dat Kik geen ouerbeheer funksie bied nie. Dus is daar geen wyse om gebruikers te verifieer nie. Die gevolg hiervan is dat seksuele predatore die toepassing *(app)* gebruik om met minderjariges te kommunikeer. Volgens Newman (2015) kan Kik-gebruikers in groepsgesprekke *(group chats)* met tot 50 verskillende mense kommunikeer.

[43] Salter (2017:9) beskryf Snapchat as 'n "mobile-device only application (unlike Facebook, Twitter and You Tube, which can be accessed on a computer or moibile device such as a phone or tablet) that allows users to exchange photos, video and text. The major point of difference with other social media platforms is that Snapchat content can only be viewed for up to 10 seconds, at which point it is automatically deleted. Snapchat owes much of its popularity to public concern about young people 'sexting' or exchanging nude photos of one another. The service offers users some assurance that 'private' images such as nude pictures cannot be recirculated without their consent" (vgl. Maíz-Arévalo, 2017:597; Queensberry, 2016:116; Timm, 2015:182).

[44] Volgens Balk, Cavuoti en Smith (2017:54) laat die Whisper-toepassing *(app)* gebruikers toe om "anonymous secrets superimposed over an image" te deel (vgl. Narayanan, Huey &Felten, 2016:360; Lewis & Rushe, 2014). Kozel (2017:119) wys op die Whisper-*"app store"* se belofte wat sê: "If you have ever had something too intimate to share on traditional networks, simply share it on Whisper!" Lewis en Rushe (2014) waarsku egter dat Whisper-gebruikers se ligging maklik bepaal kan word en dat hulle maklik opgespoor kan word. "The practice of monitoring the whereabouts of Whisper users - including those who have expressly opted out of geolocation services - will alarm users, who are encouraged to disclose intimate details about their private and professional lives" (Lewis & Rushe, 2014).

[45] Vickers (2017:17) beskryf Tumblr as 'n "microblogging platform and social networking website allowing users to post multimedia and other content to a short-form blog. Users can follow other users' blogs, as well as make their blogs private" (vgl. Helmick, 2015:20). Ochs (2017a) wys daarop dat Tumblr "allows posting 'adult-oriented' content" wat dit besonder gevaarlik vir tieners kan maak. Ochs (2017b) beklemtoon dat daar baie pornografiese materiaal op Tumblr te sien is. Woorde wat skynbaar veilig van aard is en op Tumblr ingetik word, kan die oopmaak van eksplisiete inhoud tot gevolg hê. Tumblr-gebruikers kan ander gebruikers verhinder *(block)* om hulle te kontak, maar nie verhinder dat hulle plasings *(posts)* gesien word nie.

2.4.1.2 Datavaslegging

Die datavaslegging en dataverwerking van die voltooide vraelyste sal deur die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkamus uitgevoer word, onder die toesig van prof. Suria Ellis. Hulle sal die data elektronies vaslê. Daarna sal die konsultant die data met behulp van toepaslike rekenaarpakette ontleed. Die uitkoms van die studie sal deur die konsultant van die Statistiese Konsultasiediens met die navorser bespreek word. Die konsultant sal ook die navorser behulpsaam met die interpretering van die resultate ten einde die resultate wetenskaplik korrek aan te teken.

2.5 GEKOMBINEERDE METODE VAN NAVORSING

Soos reeds gemeld, maak die navorser in hierdie studie gebruik van 'n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing. Teddlie en Tashakkorie (2009:5-8) verwys na hierdie vorm van navorsing as "mixed method research" (vgl. Bergman, 2008:1; Ivankova, Creswell & Plano Clark, 2007:261; Johnson & Onwuegbuzie, 2004:17; Amaratunga *et al.,* 2002:23-24). Rhodes, Guise en Green (2014:164) beskryf 'n gekombineerde metodebenadering van navorsing as die doelbewuste gebruik van meer as een metode, metodologie en/of metodologiese tradisie in dieselfde studie of navorsing. Greene (2007:20) toon aan dat die kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing die grootste moontlikhede vir dieper, breër en meer insiggewende begrip oor die navorsingsonderwerp bied. "A mixed methods way of thinking generates questions, alongside possible answers; it generates results that are both smooth and jagged, full of relative certainties alongside possibilities and even surprises" (Greene, 2007:20). Johnson, Onwuegbuzie en Turner (2007:123) definieer die metode van navorsing soos volg:

> Mixed methods research is the type of research in which a researcher or team of researchers combines elements of qualitative and quantitative research approaches (e.g., use of qualitative and quantitative viewpoints, data collection, analysis, inference techniques) for the broad purposes of breadth and depth of understanding and corroboration (Johnson, Onwuegbuzie & Turner, 2007:123).

Outeurs soos Babbie (2013:23), Denzin en Lincoln (2011:273-278), Creswell en Plano Clark (2007:20-37), De Vos (2005:357-366), sowel as Tashakkori en Teddlie (1998:3-19) vestig die aandag daarop dat die navorsingsonderwerp dikwels vereis dat beide

metodologieë (kwalitatief en kwantitatief) wat bekend staan as *"mixed methods research",* gebruik word. Burger (2013:20) asook Keegan (2009:15), Judd en Randolph (2008:91), en DeCuir-Gunby, (2008:125) wys daarop dat kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing nie opponerende metodologieë is nie, maar dat dit mekaar komplementeer. Volgens Sreejesh en Mohapatra (2014:48) verleen die kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing meer diepte, akkuraatheid en geldigheid aan die ondersoek. Keller (2011:371) wys daarop dat sommige navorsers in verskillende velde van navorsing van mening is dat die kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing in een studie onprakties is (vgl. Gelo, Braakman & Benetka, 2008:266-290). Morse (2010:484; 487) redeneer egter dat die gebruik van 'n sekondêre aanvullende navorsingskomponent kan bydra om 'n bepaalde navorsingsprobleem op te los. Smith (2009:66) meen dat dit op die oog af onprakties mag voorkom om kwalitatief en kwantitatief te werk te gaan, maar dat dit bepaalde voordele binne die konteks van die algehele navorsingsdoel inhou en dat die navorsingstaak tot 'n sekere mate meer kompleks is, as die navorser besluit om die kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings te integreer (vgl. Achterberg & Arendt, 2008:67-68;70). Mouton en Marais (1988:169-170) vestig die aandag daarop dat fenomene in die sosiale wetenskappe so in mekaar verweef is, dat 'n enkele navorsingsmetode nie daarin kan slaag om mense in hulle kompleksiteit te omvat nie. Om hierdie rede sal dit verkeerd wees om 'n spesifieke navorsingsmetode in geheel te aanvaar, terwyl die ander in geheel verwerp word. "By adopting the point of view of convergence and complementarity we may eventually be in a position to understand more about human nature and social reality" (De Vos, 2005:360).

Volgens Creswell en Plano Clark (2011:5) fokus 'n gekombineerde metode van navorsing op die insameling, analisering en gebruik van beide kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsontwerpe wat in kombinasie sorg vir beter begrip en verstaan van die navorsingsprobleem.

Johnson en Onwuegbuzie (2004:21) wys die volgende sterk punte (voordele) en swak punte (nadele) van gekombineerde metode navorsing soos volg uit:

Sterk punte:

- Die sterk punte (voordele) van beide kwalitatiewe- en kwantitatiewe navorsing kan effektief aangewend word in die gemengde metode van navorsing;
- Die navorser kan teorieë ontwikkel en toets;
- Dit kan ’n breër en meer volledige reeks van navorsingsvrae beantwoord, want die navorser is nie tot een metode van navorsing beperk nie;
- Die navorser kan die sterk punte van een van die navorsingsmetodes gebruik, om die swak punte van die ander metode te oorkom;
- Dit kan meer volledige antwoorde op navorsingsvrae verstrek;
- Dit kan bydra tot dieper insigte oor die bepaalde fenomeen, wat moontlik gemis kan word as daar slegs van ’n enkele navorsingsmetode gebruik gemaak sou word;
- Bied meer geloofwaardige bewyse vir gevolgtrekkings;
- Die metode gee substansie om nie veralgemenings te kan maak nie; en
- Die kombinasie van kwalitatiewe- en kwantitatiewe navorsing lewer meer volledige kennis wat nodig is om teorie en die praktyk in te lig.

Swak punte:

- Dit kan moeilik wees vir ’n enkele navorser om beide navorsingsmetodes uit te voer;
- Die navorser moet kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes verstaan en weet hoe om die twee te kombineer, ten einde die beste reultate te verkry;
- Dit is ’n duurder metode van navorsing; en
- Dit neem baie tyd in beslag.

Met bogenoemde in gedagte sal die navorser besonder bedag daarop wees om te verseker dat sy subjektiwiteit nie die resultate van die navorsing negatief beïnvloed nie. Die navorser sal die sterk punte (voordele) van beide kwalitatiewe- en kwantitatiewe navorsing aanwend om die geloofwaardigheid van die navorsing te verhoog. Hoewel dit tydrowend is om van die gekombineerde metode van navorsing gebruik te maak, is die navorser van mening dat dit die beste manier is om antwoorde op baie vrae te verkry, rakende ouers en hulle hoërskoolleerders se gebruik van Facebook.

Reiskostes na elkeen van die sewe deelnemende pastore in Gauteng en die Vrystaat het die kostes van die navorsing verhoog. Afstande van tussen eenhonderd en vyftig kilometer en vierhonderd kilometers was gereis, vir elk van die sewe onderhoude wat met die deelnemende pastore gevoer was. Die gedrukte vraelyste wat deur deelnemers in die kwantitatiewe fase voltooi was, was per hand aan die *"gatekeeper"* in Gauteng afgelewer, ten einde te verseker dat die proses so vinnig as moontlik voltooi kon word. Die druk van die vraelyste wat in die kwantitatiewe fase van die navorsing gebruik is, het saam met die aflewering van die voltooide vraelyste by NWU se Statistiekdiens bygedra tot 'n verhoging in die kostes, maar om die inligting te bekom wat nodig is om die geloofwaardigheid van die navorsing te verseker, het die navorser die uitgawes aangegaan.

Tabel 2.1 bied 'n opsomming van die metodologie wat in hierdie empiriese ondersoek gevolg is.

Kwalitatief (Fase 1)	**Kwantitatief (Fase 2)**
1. Navorsing van kerkleierskap se siening oor die gebruik van Facebook as sosiale mediaplatform, deur ouers en hoërskoolleerders	1. Analiseer data en identifiseer die faktore wat aanleiding gee tot die verkeerde gebruik van Facebook as sosiale mediaplatform vir die opstel van die kwantitatiewe vraelys wat deur ouers van hoërskoolleerders voltooi gaan word 2. Die geïdentifiseerde respondente voltooi die vraelyste wat opgestel is in samewerking met promotor, mede-promotor en die Statistiese Konsultasiediens van NWU. Die voltooiing van die vraelyste word deur onafhanklike *"gatekeepers"* behatig 3. Literatuurstudie/Eksegese

Tabel 2.1: Die fases van die empiriese ondersoek.

2.5.1 Fase 1: Navorsing van AGS-pastore se siening en belewenis oor die gebruik van Facebook deur hoërskoolleerders

In hierdie fase van die navorsing word daar spesifiek op die proses van data-insameling en die verwerking daarvan gefokus. Daar is gebruik gemaak van 'n semi-gestruktureerde (oop) vraelys vir die insameling van data deur onderhoude wat met geïdentifiseerde AGS-pastore/jeugpastore van sewe gemeentes gevoer is.

2.5.1.1 Die steekproef

DePoy en Gitlin (2016:191-192) vestig die aandag daarop dat 'n steekproef 'n spesifieke en beperkte deel van 'n geteikende bevolking kies, om as verteenwoordigers van die totale teikengroep aan 'n bepaalde navorsingsprojek deel te neem (vgl. Sanchez, 2001:113). Miles en Huberman (1994:27) is van mening dat die steekproef gewoonlik doelbewus van aard is en dat die navorser met kwalitatiewe navorsing doelbewus met 'n klein groep mense werk, wat oor in-diepte kennis beskik en lig op 'n bepaalde onderwerp kan verskaf. Volgens Maykut en Morehouse (1994:27) het kwalitatiewe navorsing ten doel "to build a sample that includes people (or settings) that will aid them in gaining a deeper understanding of the phenomenon that is to be researched, as this approach to purposefully select people (or settings, or organizations) for a study acknowledges the complexity that characterizes human and social phenomena".

2.5.1.2 Die teikengroep

Volgens Thomas (2004:85-86) bestaan 'n teikengroep uit respondente wat verteenwoordigend is van die populasie (vgl. Flick, 2009:166-167; Keegan, 2009:34-35; Creswell & Plano Clark, 2007:112-113; Light, Singer & Willet, 1990:43). Creswell (1994:148) toon aan dat die deelnemers vanuit 'n spesifieke populasie gekies word op grond van die feit dat hulle oor die nodige inligting beskik om antwoorde op die navorsingsvrae te kan verskaf. In die kwalitatiewe been van die studie is die teikengroep pastore/jeugpastore van die sewe geïdentifiseerde AGS-gemeentes. Die kwantitatiewe deel van die studie word eers onderneem onder die ouers van hoërskooljeug. Nadat die data verwerk is, word die hoërskoolleerders ook by die studie betrek.

2.6 ETIESE OORWEGINGS

Voordat die navorser om etiese klaring by NWU se Etiekkomitee gedoen het, het hy die vereiste etiekkursus, Training Resources in Research Ethics Evaluation (TRREE), soos deur Noordwes-Universiteit vereis, elektronies voltooi. Die sertifikate vir die suksesvolle voltooiing van die kursus is saam met die etiekaansoek ingedien. Die betrokke Etiese Komitee van die Noordwes-Universiteit het hierdie studie goedgekeur en die etieknommer is: NWU-00216-18-A6.

Alle wetenskaplike navorsing moet vanuit ’n morele oogpunt aan bepaalde etiese standaarde voldoen. Die oomblik wat navorsers by gemeenskapsinteraksie betrokke raak kom hulle voor etiese verantwoordelikhede te staan wat hulle ooreenkomstig die betrokke etiese norme moet nakom (Babbie, 2008:73). Israel en Hay (2006:17) benadruk dat navorsers ’n groot verantwoordelikheid teenoor diegene wat hulle toelaat om persoonlike inligting oor hulle lewens te bekom (vgl. Liamputtong, 2010:31). Navorsers moet dus alles binne hulle vermoë moet doen om die deelnemers wat by die navorsing betrek word te beskerm, vertroue te bevorder, die integriteit van die navorsing te bevorder en te waak teen wangedrag en onbehoorlike optrede wat negatief op hulle organisasie of instansie kan reflekteer. Yin (2016:44) toon aan dat navorsingsintegriteit beteken dat die navorser en sy bevindinge vertrou kan word. Met betrekking tot die integriteit in kwalitatiewe navorsing sê Yin (2016:44-45):

> Research integrity carries special importance in qualitative research. Because the designs and procedures for doing qualitative research are potentially more flexible than doing most other kinds of research, people will want to know that qualitative researchers have gone to great length to conduct their research accurately and fairly. For instance, one sign of research integrity is the willingness to be proven wrong, or to have your earlier thinking on a matter challenged (Yin, 2016:44-45).

Die belangrikheid van etiese maatreëls word sterk benadruk deur navorsers soos Korrapati (2016), Berg en Lune (2014:61-62), Creswell (2013:55), Hopkins-Burke (2011:149), Allen (2005:15-16) en Farrell (2005:1-7). Merriam en Tisdell (2016:266) motiveer die noodsaaklikheid vir etiese oorwegings soos volg:

> The best a researcher can do is to be conscious of the ethical issues that pervade the research process and to examine his or her own philosophical orientation vis-à-vis these issues.

Etiese optrede is belangrik want die navorser betree "the lives of others, making public what many may feel ought to be kept private or secret and, indeed, about making changes whether to perceptions, bodies of knowledge, beliefs, values or to the circumstances of lives" (Schostak, 2002:178). In aansluiting hierby sê Denzin en Lincoln (2003:88-89), "Because the objects of inquiry in interviewing are human beings, researchers must take extreme care to avoid any harm to them. Traditionally ethical concerns have revolved around the topics of *informed consent* (receiving consent by the subject after having carefully and truthfully informed him or her about the research), *right to privacy* (protecting the identity of the subject), and *protection from harm* (physical, emotional or any other kind)."

Die navorser sal ten alle tye verseker dat alle etiese maatreëls streng nagevolg word, ten einde die deelnemende kerkleierskap, ouers van hoërskoolleerders en die hoërskoolleerders self te beskerm. Die maatreëls wat vir hierdie navorsing geld, sluit in vrywillige deelname, ingeligte toestemming, geen misleiding nie, vertroulikheid en anonimiteit, privaatheid en vryheid om te onttrek.

2.6.1 Vrywillige deelname

Potensiële deelnemers aan enige vorm van navorsing behoort deeglik ingelig te word dat hulle 'n vrywillige keuse het of hulle aan 'n bepaalde navorsingsprojek wil deelneem, aldan nie. Die navorser moet potensiële deelnemers aan die navorsing ook daarop wys dat hulle te enige tyd van die navorsing kan onttrek, indien hulle nie wil voortgaan nie. Babbie (2008:67-68) beklemtoon dit sterk dat geen persoon op enige stadium gedwing of gedreig mag word om aan enige navorsing deel te neem nie (vgl. Baumeister & Bushman, 2017:19).

Nadat potensiële deelnemers van die aard, omvang en doelstellings van die navorsing ingelig is, moet hulle genoegsame tyd gegun word om te besluit of hulle aan die navorsing wil deelneem. Baumeister en Bushman (2017:19) dui aan dat deelnemers wat deeglik oor die aard, omvang en doelstellings van die navorsing ingelig is, hulle bereidwilligheid tot deelname aan die navorsing te kenne gee deur die ingeligte toestemmingsvorm te onderteken. Met die

ondertekening van die ingeligte toestemmingsvorm beteken dit egter nie dat die deelnemer nie van die navorsing mag onttrek nie.

Onttrekking aan die navorsingsproses wat deel van die etiese maatreëls van hierdie studie aanbetref, word onder punt 2.4.6 bespreek.

2.6.2 Ingeligte toestemming

Respondente is deeglik ingelig waaroor die navorsing handel, alvorens hulle ingestem het om vrywillig aan die navorsing deel te neem. Daar is eenstemmigheid tussen Patten (2017:183), Carter en Lubinsky (2016:47), De Vaus (2014:57-58), Rubin en Rubin (2012:91) en Danis *et al.* (2012:52) dat ingeligte toestemming 'n primêre etiese vereiste in wetenskaplike navorsing is. Klenke (2016:51) huldig die seining dat ingeligte toestemming van alle individue wat in staat is om sodanige toestemming te verskaf, in alle vorme van navorsing verkry moet word. Hammersley en Traianou (2012:82) vestig die aandag daarop dat een van die kwessies oor toestemming hoofsaaklik ontstaan wanneer navorsers deur middel van onderhoude en vraelyste inligting van mense wil bekom.

Volgens Brydon-Miller (2009:248) bied ingeligte toestemming 'n duidelike verklaring van die doelstellings, prosedures, risiko's en voordele van die navorsingsprojek, asook die verpligtinge en verbindtenisse van beide die deelnemers en die navorser (vgl. Wiles, 2013:25-26; 34). Klenke (2016:51) sê in aansluiting by Brydon-Miller dat die navorser 'n etiese verantwoordelikheid het teenoor diegene wat aan die navorsing deelneem. Om hierdie rede moet die navorser die deelnemers deeglik inlig oor die algehele doel van die navorsing, die prosedures wat gevolg word en die risiko's en voordele wat deelname aan die navorsing vir hulle as deelnemers inhou. Ingeligte toestemming vra dus vir 'n deursigtige ooreenkoms tussen die navorser en die deelnemers. Rubin en Rubin (2012:91) voer aan dat geen deelnemer aan die navorsing bewustelik of onbewustelik gedwing sal word om aan die navorsing deel te neem nie.

In die kwalitatiewe navorsingsfase het die navorser skriftelike toestemming van die sewe gemeentes se kerkrade bekom, alvorens afsprake met die deelnemende pastore gemaak is vir die onderhoudsvoering. Die deelnemende pastore het voor die aanvang van die onderhoude ingestem om op 'n vooraf ooreengekome datum, tyd en plek aan

die onderhoud deel te neem en dat die onderhoud wat in MP4-formaat[46] opgeneem word en dat die transpripsies daarvan gebruik mag word. Voordat die onderhoude met die deelnemende kerkleierskap in aanvang geneem het, het hulle die ingeligte toestemmingsvorm onderteken. Tydens die eerste van die twee kwalitatiewe navorsingsfases het die onafhanklike *"gatekeepers"* toegesien dat die deelnemende ouers van hoërskoolleerders die ingeligte toestemmingsvorm onderteken, voordat hulle die vraelyste voltooi het. In die tweede fase van die kwantitatiewe navorsing sal die onafhanklike *"gatekeepers"* verder toesien dat die hoërskoolleerders 'n toestemmigsbrief wat deur een van hulle ouers onderteken is indien, alvorens die hoërskoolleerders 'n vraelys ontvang, om te voltooi.

2.6.3 Geen misleiding van deelnemers nie

Die navorser het homself daartoe verbind om ten alle tye met alle deelnemende partye eerlik te wees, ten opsigte van alle aspekte van die navorsing. Yin (2016:43) beskou eerlikheid as een van die belangrikste etiese beginsels in alle vorme van navorsing. Resnik (2018:134) beklemtoon dat misleiding van deelnemers die geldigheid van navorsing in die gedrang kan bring.

Geller (2012:42) sowel as Struwig en Stead (2001:69) is van mening dat misleiding die wanvoorstelling van feite of die weerhouding van inligting aan die deelnemers is, of wanneer onvolledige inligting as volledige inligting voorgehou word. In Fisher en Anushko (2008:101) se toetrede tot die gesprek beteken misleiding van deelnemers dat die navorser doelbewus verkeerde inligting verskaf, ten einde deelname van deelnemers aan die navorsingsproses te verseker waar hulle dit andersins sou weier. Misleiding is 'n doelbewuste skending van die beginsel van respek, waardeur voornemende deelnemers aan die navorsing van die geleentheid ontneem word, om 'n ingeligte keuse te maak rakende die ware aard van hulle deelname aan die navorsingsproses.

Judd, Smith en Kidder (1991:496-497) is van mening dat deelnemers in sommige gevalle deur navorsers mislei word, vir die volgende drie redes.

- Om die werklike doel van die navorsing te verdraai of verberg;

[46] Hassan en Hijazi (2017:90) beskryf MP4 as "a container video file that can store video and audio. It can also be used to store other data such as subtitles and images" (vgl. Vaughan, 2014:126).

- ❖ om die ware funksie van die deelnemers se optrede te verberg; en
- ❖ om die ervarings van deelnemers te verberg.

Die navorser het alles binne sy vermoë gedoen om enige moontlike misleiding van al die deelnemers (kerkleierskap, ouers van hoërskoolleerders en hoërskoolleerders) uit te skakel, deur alle inligting met betrekking tot die navorsing so volledig en korrek aan hulle te voorsien.

2.6.4 Vertroulikheid en anonimiteit

Volgens Babbie (2008:69) is die belangrikste ding wat navorsers kan doen om deelnemers wat aan navorsing deelneem, se identiteit te beskerm (vgl. De Vaus, 2014:59-61). Wiles (2013:42) is van mening dat die konsep van vertroulikheid nou verbind is aan anonimiteit, terwyl King en Horrocks (2010:117) die aandag daarop vestig dat vertroulikheid en anonimiteit, elk 'n duidelike onderskeidende betekenis in kwalitatiewe navorsing het (vgl. Berg, 2007:79). Vertrouluikheid word gesien as die aktiewe poging wat die navorser aanwend deelnemers se identiteit te beskerm, terwyl anonimiteit beteken dat die subjek naamloos bly (Berg & Lune, 2014:93; Wiles, 2013:41-42). Wiles (2013:42) maak die volgende stelling oor vertroulikheid: "In the research context, confidentiality is taken to mean that identifiable information about individuals collected during the process of research will not be disclosed and that the identity of research participants will be protected through various processes designed to anonymise them."

Volgens Cournoyer (2017:183) word vertroulikheid met privaatheid geassosieer en as enige navorser inligting oor deelnemers aan navorsing bekend maak, sal dit 'n oortreding van die etiese maatreëls wees, wat veronderstel is om deelnemers aan die gevare van navorsing beskerm.

2.6.5 Privaatheid

Cournoyer (2017:183) sowel as Dixon, Singleton en Straits (2016:45) beklemtoon dat alle deelnemers wat aan navorsing deelneem, die reg het om die aard en die omvang van hul deelname te bepaal en te besluit tot watter mate hulle hul privaatlewe en privaatruimte gaan oopstel om inligting aan navorsers te verskaf (vgl. Hammersly & Traianou, 2012:99-100). Seidman (2013) huldig die siening dat deelnemers aan navorsing 'n deel van hulle lewe aan die navorser toevertrou en dus daarop geregtig is dat hulle privaatheid beskerm word. Stake en Rizvi (2009:530-531) is van mening

dat deelnemers aan navorsing se persoonlike privaatheid en reputasie onder geen omstandighede blootgelê mag word nie. "Especially in changing times, a person is differently vulnerable at different times, and our boundaries of privacy need resetting" (Stake & Rizvi, 2009:530). Die beskerming van die deelnemers se privaatheid is grootliks die navorser verantwoordelikheid (Stake & Rizvi, 2009:531). Dit in ag genome het die navorser King en Horrocks (2010:42-43) se voorskrifte met betrekking tot 'n gemaklike omgewing gevolg, wat impliseer dat diegene in kerkleierskap sonder enige onderbreking, spontaan aan die onderhoude kon deelneem.

Volgens Seidman (2006:67) het die deelnemers aan onderhoude die volste reg om van die navorser te vra, wie die transkribering van die onderhoude gaan behartig. Indien die navorser nie self die transkribering van die onderhoude behartig nie, moet hy aan die deelnemers verduidelik wat se maatreëls hy in plek het, ten einde te verseker dat die persoon wat die transkribering behartig, nie die deelnemers se inligting op enige wyse sal misbruik nie (vgl. Heggen & Guillemin, 2012:471).

In die lg hiervan het die navorser die respondente verseker dat die transkribering van die onderhoude deur die navorser self behartig sal word as 'n maatreël om hulle privaatheid te verseker.

2.6.6 Vryheid om te onttrek

De Vaus (2014:57) asook Silverman (2010:155) benadruk die feit dat alle deelnemers vrywillig aan die navorsing moet deelneem ten einde die geldigheid van die navorsing te verseker. Die navorser het dus die verantwoordelikheid om die deelnemende kerkleierskap daarop te wys dat hulle vrywillig aan die navorsing deelneem (vgl. punt 2.4.1) en dat hulle te enige tyd van die navorsing kan onttrek. Indien enige van die deelnemende pastore/jeugpastore tydens die onderhoudvoering van die navorsing wil onttrek, moet hulle net die navorser van die besluit inlig (De Vaus, 2014:57).

In die geval waar 'n deelnemer of deelnemers van die navorsing wil onttrek, kan dit te enige tyd gedoen word sonder om enige rede/redes te verskaf (Braun & Clarke, 2013:125; vgl. Reamer, 2013:170; Iphofen, 2011:63; Creswell, 2007:123).

Anastas (1999:261) dui aan omdat deelnemers te enige tyd van die navorsing kan onttrek, hulle ook ingelig moet word wat met die inligting sal gebeur, wat hulle reeds verskaf het, tot en met die tyd van hulle besluit om van die navorsing te onttrek (vgl. Tolmie, Muijs & McAteer, 2011:61). Die kerkleierskap wat in die kwalitatiewe fase van die navorsing deelgeneem

het, is ingelig dat sou hulle gedurende die onderhoudvoering van die navorsing onttrek, die opname van die onderhoud in hulle teenwoordigheid van die MP4-opnemer uitgewis sal word, ten einde te verseker dat daar geen inligting sal bestaan wat die navorser kan gebruik nie.

Jensen en Laurie (2016:58) maak egter ’n belangrike punt dat die deelnemers moet besef dat die vryheid om aan die navorsing te onttrek nie vir ’n onbepaalde tyd geld nie en dat hulle nie kan onttrek nadat die data gepubliseer is nie. Die deelnemende pastorer/jeugpastore is dienooreenkomstig ingelig.

Tydens die gesprekke met die twee onafhanklike *“gatekeepers”* het die navorser aan hulle verduidelik, dat die ouers van hoërskoolleerders en die hoërskoolleerders self die vryheid het om te enige tyd van die navorsingsproses te onttrek, sonder om enige rede/s te verskaf. In die geval waar enige ouer of ouers van die navorsing wil onttrek, moet die ouer/s die betrokke *“gatekeeper”* dien ooreenkomstig verbaal van sodanige besluit in kennis stel. In so geval sal die betrokke *“gatekeeper”* dan die ondertekende ingeligte toestemmingsvorm wat voor die aanvang van die invul van die vraelyste onderteken is, en die vraelys vernietig deur dit op te skeur, om te verseker dat die inligting nie vir die doeleindes van die navorsing gebruik kan word nie.

In die geval waar enige hoërskoolleerder/s van die navorsing wil onttrek, moet hoërskoolleerder/s die betrokke *“gatekeeper”* dien ooreenkomstig verbaal van sodanige besluit in kennis stel. In so geval sal die betrokke *“gatekeeper”* dan die betrokke ondertekende toestemmingsbrief wat die ouers van hoërskoolleerders moes onderteken, om toestemming aan hulle kind/ers te verleen om aan die navorsing deel te neem, saam met die vraelys vernietig, deur dit op te skeur, om te verseker dat die inligting nie vir die doeleindes van die navorsing gebruik kan word nie.

2.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die navorsingsontwerp breedvoerig bespreek, asook die proses wat gevolg was om die nodige data in te samel. Die kenmerke van kwalitatiewe navorsing, kwantitatiewe navorsing en gekombineerde metode van navorsing was aangebied en die rede waarom die navorser van die gekombineerde metode van navorsing gebruik gemaak het, is belig. Daar is verwys na kerkleierskap wat by die kwalitatiewe fase van die navorsing betrek is, asook die ouers van die

hoërskoolleerders wat in die eerste fase van die kwantitatiewe navorsing deelgeneem het. Aandag is aan etiese oorwegings geskenk, naamlik vrywillige deelname, ingeligte toestemming, geen misleiding van die deelnemers nie, vertroulikheid en anonimiteit, privaatheid en vryheid om van die navorsing te onttrek. In hoofstukke drie en vier word die statistiese ontleding van die data en resultate van die empiriese ondersoeke bespreek.

HOOFSTUK 3: EMPIRIESE ONDERSOEK EN BESPREKING VAN DIE EMPIRIESE NAVORSINGSRESULTATE

3.1 INLEIDING

In hoofstuk 2 was die navorsingsontwerp en navorsingsmetodologie breedvoerig bespreek. In dié hoofstuk word spesifiek gefokus op Osmer (2008:4) se beskrywend-empiriese taak wat ten doel het om die vraag, "Wat gebeur tans?" te beantwoord. Die volgende kom in hierdie hoofstuk aan die orde.

- Die resultate van die onderhoude wat met die geïdentifiseerde AGS-gemeentes se kerkleierskap gevoer is; en
- Die inligting wat in die eerste fase van die kwantitatiewe navorsing bekom is, waar ouers van hoërskoolleerders vraelyste voltooi het, volg op die resultate van die kwalitatiewe navorsing.

3.2 BESPREKING VAN DIE RESULTATE VAN DIE ONDERHOUDE WAT MET DIE PASTORE GEVOER IS

Met die analisering van die data rakende ouers se kennis omtrent Facebook, is daar sekere temas wat duidelik na vore gekom het. Kerkleierskap van die sewe gemeentes waar die navorsing gedoen is, is dit eens dat baie van die ouers van hoërskoolleerders nie bewus is van die omvang van gebeure op Facebook nie. Hierdie skynbare gebrek aan kennis kan volgens die respondente grootliks toegeskryf word aan ouers wat nie rekenaargeletterd is nie en die gebruik van die internet en sosiale media vrees. Die volgende tabel illustreer die enkele voordele en die gevare van die gebruik van Facebook as twee van die hooftemas, saam met geïdentifiseerde subtemas wat aan die lig gekom het, met die gebruik van Tesch (2013:141-145) se agt stappe om die inligting wat in die onderhoudsvoering bekom is, te verwerk.

Die antwoorde wat die navorser bekom het uit die vrae wat aan kerkleierskap gevra is, dien as beantwoording van Osmer (2008:4) se beskrywend-empiriese taak wat ten doel het om die vraag: "Wat gebeur tans?" te beantwoord.

Tabel 2.5 bied 'n opsomming van die inligting wat bekom is uit die onderhoude wat met kerkleierskap gevoer is, onder die opskrifte van hooftemas en subtemas, met betrekking tot die tema van die gebruik van Facebook deur hoërskoolleerders.

HOOFTEMA	SUBTEMAS
3.2.1 Facebook speel ’n groot rol in die lewe van baie volwassenes en hoërskoolleerders en nie alle gebruikers is eerlik oor hulle gebruik van sosiale media nie	3.2.1.1 Baie hoërskoolleerders (tieners) is nie eerlik met hulle ouers oor hulle gebruik van Facebook nie
3.2.2 Die voordele wat Facebook vir hoërskoolleerders inhou is minimaal	3.2.2.1 Dit is ’n vinnige en goedkoop kommunikasiemiddel om belangrike inligting te kommunikeer 3.2.2.2 Facebook kan gebruik word om bemoedigende boodskappe aan te stuur 3.2.2.3 Daar kan groepe gestig word om hoërskoolleerders met die inhoud van sekere skoolvakke te help en ook emosionele ondersteuning aan emosioneel behoeftiges te bied
3.2.3 Die nadele verbonde aan die gebruik van Facebook hou veral baie gevare vir hoërskoolleerders in. Die meeste van die dinge waaraan hoërskoolleerders op Facebook blootgestel word, is direk verantwoordelik vir die afbreek van morele waardes en dit staan in direkte teenstelling met die boodskap van die Bybel	3.2.3.1 Facebook dien as ’n platform vir die verspreiding van pornografie 3.2.3.2 Daar is ’n spesifieke Facebookblad wat vir *"sexting"* gebruik word, getiteld, "I love sexting" 3.2.3.3 *"Cyberbullying"* via Facebook kom algemeen voor en dit gaan gepaard met afbrekende woorde en leuens 3.2.3.4 Facebookdepressie[47] is ’n realiteit en kan ernstige probleme vir hoërskoolleerders inhou

[47] O'Keeffe en Clarke-Pearson (2011:802) definieer Facebookdepressie as "depression that develops when preteens and teens spend a great deal of time on social media sites, such as Facebook, and then begin to exhibit classic symptoms of depression".

	3.2.3.5 Verbale en aangesig-tot-aangesig-kommunikasie lei ernstige skade onder ouers en hulle hoërskoolleerders as gevolg van sosiale media soos Facebook 3.2.3.6 Plasings van eksplisiete of naakfoto's en *"posts"* op Facebook, kan ernstige probleme vir die ouers en hulle hoërskoolleerders skep 3.2.3.7 Seksuele predatore hou 'n groot gevaar vir tieners wat Facebook gebruik se veiligheid in 3.2.3.8 Die Blue whale[48] speletjie of uitdaging *(challenge)* hou ernstige gevare vir tieners wat Facebook gebruik se welstand in 3.2.3.9 Die gebruik van akronieme is algemene gebruik onder hoërskoolleerders om ouers te mislei 3.2.3.10 Die ongesonde vergelyking met ander kinders lei in sommige gevalle tot 'n swak selfbeeld by tieners en dit kan aanleiding tot selfdoding gee 3.2.3.11 Hoërskoolleerders word op Facebook aan geweld blootgestel 3.2.3.12 Die gebruik van die internet lei daartoe dat ook Facebookgebruikers 'n digitale voetspoor[49] (ook bekend as 'n

[48] Holden (2017) beskryf die "Blue whale" speletjie as 'n aanlyn spel wat hoofsaaklik deur tieners gespeel word. Dit bestaan uit 'n reeks van vyftig uitdagings ("dares") wat deelnemers moet voltooi, waarvan die laaste selfmoord is (vgl. Trincardi & Salvia, 2017; James, 2017; Giri, 2018).

[49] Purcell (2012:26) definieer 'n digitale voetspoor as "a trail of information about yourself left online for others to see. Digital footprints include emails and attachments, uploaded videos and images, profiles created, forum posts, and so on" (vgl. Fulton & McGuinness, 2016:184).

	kubervoetspoor) agterlaat, wat ander mense in staat kan stel om vas te stel presies waar mense hullesef bevind 3.2.3.13 Geslote groepe[50] *("closed groups")* skep die geleentheid vir alle Facebookgebruikers om by ongewenste aktiwiteite betrokke te raak 3.2.3.14 Sommige tieners en/of hulle ouers gebuik Facebook ondermeer om eksplisiete foto's te deel
3.2.4 Die algemene gevoel onder die sewe respondente met wie die onderhoude gevoer was, is dat die ouers van hoërskoolleerders nie deeglik ingelig is oor die gevare van sosiale media en spesifiek Facebook nie	3.2.4.1 Dit blyk dat daar baie ouers van hoërskoolleerders is wat oningelig is oor sosiale media en wat dit alles behels 3.2.4.2 Dit blyk dat veral die ouers van hoërskoolleerders op die platteland naïef is oor die gevare van Facebook 3.2.4.3 Baie ouers is bang vir tegnologie, met spesifieke verwysing na die internet en daarom bly hulle weg daarvan
3.2.5 Ouerbetrokkenheid is van kardinale belang in hoërskoolleerders se lewe	3.2.5.1 Ouers wat betrokke is in hulle hoërskoolleerders se lewe kan deur 'n voorbeeldige Christenlewe modelleer hoe om sosiale media en spesifiek Facebook te gebruik 3.2.5.2 Ouers behoort toegang tot hulle hoërskoolleerders se

[50] Volgens Marichal (2016:13) kan geslote groepe *("closed groups")* op Facebook opgesoek word, terwyl die inhoud en groepsaktiwiteite privaat is en lidmaatskap tot die groepe beperk is. Miller (2014:145) wys daarop die alle versoeke om deel van 'n bepaalde geslote groep te word, onderhewig is aan die groepadministrateur se goedkeuring van sodanige versoek.

	Facebookprofiele te hê, ten einde hulle kinders teen die gevare van Facebook te beskerm 3.2.5.3 Ouers moet grense vir die gebruik van Facebook neerlê en duidelike riglyne gee, oor hoe Facebook gebruik moet word

Tabel 2.2: Opsomming van inligting bekom vanuit onderhoude

Die navorser bespreek nou die sieninge van die kerkleierskap met wie die onderhoude gevoer is, aan die hand van tabel 2.2. Die deelnemende kerkleierskap het tot 'n baie groot mate saamgestem. Waar daar wel verskille voorgekom het, sal dsodanige verskille aangedui word.

3.2.1 Hooftema 1. Facebook speel 'n groot rol in die lewe van baie volwassenes en hoërskoolleerders en nie alle gebruikers is ten volle eerlik oor hulle gebruik van sosiale media nie

Die respondente het verdeelde sieninge oor hoërskoolleerders se eerlikheid ten opsigte van die gebruik van Facebook gehad. Die respondente het hulleself soos volg daaroor uitgespreek.

3.2.1.1 Baie hoërskoolleerders (tieners) is nie eerlik met hulle ouers oor hulle gebruik van Facebook nie

Respondent een: "Sommige kinders is eerlik, maar as ek eerlik moet wees ook, die teendeel is ook waar dat baie kinders is nie eerlik met hulle ouers nie."

Respondent twee: "Ek dink die meerderheid van hoërskoolleerders en ons verwys ook na hulle as millennials is nie ten volle eerlik met hulle ouers oor hulle gebruik van sosiale media nie. Uhm ek dink dit gaan nie net oor eerlikheid nie maar hulle uhm bly net heeltemal stil daaroor."

Respondent drie: "Neil, ek dink glad nie kinders is eerlik met hulle ouers oor die gebruik van Facebook nie. Kinders voel dat dit 'n bedreiging vir hulle privaatheid sal wees."

Respondent vier: "As ek kan sê vanoggend, dan sal ek sê ek dink, dit is so as ek persentasie gewys moet vat, so vyftig persent eerlik met hulle ouers."

Respondent vyf: "Op jou vraag of is hulle baie eerlik met hulle ouers, moet ek vir jou sê, ek dink ek het gemengde gevoelens daaroor. Ons is nou 'n jaar in die gemeente en ek ooglopend lyk dit nie of kinders so eerlik is met hulle ouers soos wat ons sou wou hê hulle moet wees nie."

Respondent ses: "Wanneer ek kyk wat kinders doen, hoe hulle dit doen en waar hulle dit doen, dan dink ek nie regtig dat kinders heeltemal eerlik is oor uh waar hulle is op die uh oomblik op Facebook of sosiale media nie, want hulle wil alles privaat hou en ek glo dat uh wanneer iemand uh iets privaat hou wanneer hy dit nie kan oopstel vir sy ouers eers om insae te hê in dit wat hy doen nie, dan uh is hy besig met dinge uh wat nie volgens die woord van die Here met regte dinge is nie."

Respondent sewe: "Ek dink dat daar uh van die kinders is wat eerlik is en waarvan die ouers alles bewus is."

3.2.2 Die voordele wat Facebook vir hoërskoolleerders inhou is minimaal

Tussen die sewe deelnemende respondente het hulle slegs drie voordele van die gebruik van Facebook genoem.

3.2.2.1 Dit is 'n vinnige en goedkoop kommunikasiemiddel om belangrike inligting te kommunikeer

Die respondent van gemeente nommer een het soos volg gereageer.

"Ek dink dis 'n goeie kommunikasiemiddel om inligting rond te stuur. Ons gebruik by ons sosiale media. Ons is op Twitter, ons is op Facebook en dan en dan het ons ook Whattsapp. Hierdie middele help ons om basies om meer inligting aan kinders, aan ouers en aan mense deur te gee rondom aktiwiteite, uhm hoe laat vind aktiwiteite plaas, waar vind aktiwiteite plaas, wie kan na hierdie aktiwiteit toe kom. So ek dink daar is 'n *great* geleentheid om mense in te lig rondom aksies."

Respondent twee het soos volg geantwoord:

"Dit is *instant messaging.* Die ouens kan vinnig kommunikeer."

Die respondent van gemeente drie het sy mening soos volg uitgespreek:

"Dit is 'n vinnige goedkoop manier van kommunikeer, rondom reëlings met die sportbyeenkomste, of huiswerk (hoes, keelskoonmaak), of uitstappies, hierdie tipe van

goed. Kinders van die Here kan nie die gebruik van sosiale media uitskakel nie en ek dink ook nie dis nodig nie. Tog, ons moet dit bestuur. Ons kan dit tot ons voordeel aanwend...In my eie gemeente gebruik ek dit ook om om gebeure aan die gemeente te kommunikeer, byvoorbeeld tema van Sondag se dienste, of wanneer iemand siek is, of verjaarsdae, dies meer."

Die pasroor van gemeente nommer vier se mening vind uitdrukking in die volgende woorde:

"Ja, as 'n ou kyk na die voordele, is daar soveel uhm groepe vandag op Facebook. Christelike volgelinggroepe, volgelingegroepe en ek byvoorbeeld self, my eie gemeente het 'n groep vir my gemeente op Facebook."

Gemeente nommer sewe se respondent het gesê:

"Ek dink dat sosiale media is 'n baie kragtige medium...Hulle kan hulle probleme uh daarso bespreek en uh mense kan op 'n verantwoordelike manier en selfs skoolwerk kan op daardie manier gedeel word, hoe om dit op te los. Ek dink daar is baie voordele daarin as dit reg hanteer en reg gebruik word."

3.2.2.2 Facebook kan gebruik word om bemoedigende boodskappe aan te stuur

Die respondent van gemeente nommer een het soos volg gereageer:

"Daar is ook ander voordele uhm wat ek besef uh media het en dit is dat ons ook bemoedigende boodskappe, Skrifte en video's kan stuur."

Respondent nommer twee het soos volg geantwoord:

"So daar is tog Facebook-*pages* wat vir 'n ou goeie dinge kan leer. Daarso is bemoedigende *pages* waar 'n ou kan opgaan en hulle stuur vir jou bemoedigende boodskappies."

Die respondent van gemeente nommer vyf het homself soos volg uitgedruk:

"Omdat almal op sosiale media is kan jy 'n positiewe invloed daardeur *create.* So, die tieners het 'n groep gaan stig, waar hulle positiewe opbouende boodskappe vir mekaar gee en nie net Bybelversies en hierdie prentjies wat julle vir vir mekaar aanstuur nie, maar hulle kan uit hulle hart uit vir mekaar iets skryf en uhm dit het ek nogals gesien,

het ’n positiewe invloed na uhm na wat ’n mens al ’n bietjie met hulle beginne *(sic)* gesels het om liefde op te bou en dink en ek ek dink daar kan wel ’n voordeel wees.”

Respondent nommer ses se reaksie was soos volg:

"As ek dink aan die voordele wat daar is, dink ek maar dit is baie minder as die slegte goeters. Die voordele daarin is dat hulle dalk mekaar kan kontak uh dat ’n mens dalk uh goeie kommunikasie kan hê om sekere goeie dinge wat jy wil uit hê...Wat ons gedoen het is dat ons het ’n gemeente Facebookprogram begin of uh so rekening geopen waar ons kon uh foto’s van uh gebeure wat gaan gebeur in die gemeente plaas uh om dan die woord te versprei.”

3.2.2.3 Daar kan groepe gestig word om hoërskoolleerders met sekere vakke te help en ook emosionele ondersteuning aan emosioneel behoeftiges te bied

Respondent nommer sewe het homself soos volg uitgedruk:

"Ek dink daar is geweldige voordele daarin om groepe te stig, wat emosionele ondersteuning kan gee, wat uh uh leerondersteuning kan gee, wat probleme waar jy kan jou probleme deel en hoe dit opgelos word en sodoende die kinders te versterk.”

3.2.3 Die nadele verbonde aan die gebruik van Facebook hou veral baie gevare vir hoërskoolleerders in. Die meeste van die dinge waaraan hoërskoolleerders op Facebook blootgestel word, is direk verantwoordelik vir die afbreek van morele waardes en dit staan in direkte teenstelling met die boodskap van die Bybel

Vyf van die sewe respondente het hulle baie sterk uitgespreek oor die groot hoeveelheid nadele verbonde aan die gebruik van Facebook. Daar is baie groot eenstemmigheid tussen die respondente, ten opsigte van die nadele wat deur hulle uitgewys is.

3.2.3.1 Facebook dien as ’n platform vir die verspreiding van pornografie

Respondent nommer een se grootste kommer is die vrylike beskikbaarheid van pornografie.

"Sekerlik die grootste uitdaging wat ek in die gemeente het en tans het, is pornografie. Nie net onder kinders nie, onder jong volwassenes. Nie net onder mans nie, maar ook onder studente meisies... In my eie gemeente het ek gekry waar daar ’n kind al van die ouderdom van nege jaar af, sy is tans sestien, maar sy het van die ouderdom van

nege af het sy na pornografie gekyk, of sy was verslaaf aan pornografie vir omtrent so sewe jaar. Pornografie lei maar net tot op ’n plek met kinders se lewens waar nuuskierigheid nie meer geprikkel word nie. Uhm daar is so baie uhm *free sites* wat kinders kan besoek, met ander woorde daar is ’n legio *sites* wat kinders kan besoek, vrylik en gratis om na pornografie te kyk, maar dit lei toe daarna dat nuuskierigheid nie meer geprikkel word nie. Ons het hierdie tendens gehad waar die meisie dan haar kêrel genader het en gesê het, luister hierso, kyk saam met my na pornografie en hierdie seun het toe begin saam met die meisie pornografie kyk, en wat toe daartoe later aan gelei het, dat hulle selfs meer nuuskierig was en op ’n jong ouderdom dan betrokke geraak het by seksuele aktiwiteite, met hulle uitdruklike woorde aan my was, pastoor, ons wil voel hoe dit voel en dit is as gevolg van die nuuskierigheid wat geprikkel is deur pornografiese webtuistes... Ons sal met hulle praat, ons verdeel in kleingroepe en in grootgroepe oor die gevare van Facebook en pornografie...So as ’n tienerseun uh pornografie besigtig, dan kan hy byvoorbeeld leer, dat enige vrou soos ’n *porn*-ster hanteer moet word en in sy huwelik sal dit baie keer na vore toe kom, as hy getroud is. Hulle kry verskillende perspektiewe rondom wat is ware liefde, uhm die huwelik het nie meer vir hulle waarde nie... Ons het al tendense waar pa’s langs hulle tienerdogters sit en pornografie op hulle *laptops* kyk, terwyl hulle tienerdogter in hulle geselskap is en daardie meisies word groot met ’n verwronge beeld wat ware liefde is en seksualisering.”

Respondent nommer drie wys die volgende uit rondom die onderwerp van pornografie.

"Ek het ’n geval gehad waar ’n ma my kom sien het, omdat sy haar kind gevang het. Hy kyk na pornografie op sy selfoon... Ek lees nou die dag dat die gemiddelde ouderdom waarop kinders aan internetpornografie blootgestel word, is elf jaar oud. So sosiale media bevorder dierdie dinge.”

Gemeente nommer vier se respondent het soos volg gereageer.

‘”n Radioprogram wat op RSG[51] uitgesaai is en uh, dit was vir my baie interessant gewees wat die persoon gesê het, rakende pornografie. Uh dat die die persoon het gesê, dat hulle opgetel het in hulle in hulle navorsing dat kinders so jonk as sewe jaar

[51] RSG is die afkorting wat vir Radio Sonder Grense gebruik word. Dit is beskikbaar op 100-104 FM. FM is die afkorting vir frekwensiemodulasie (De Villiers *et al.,* 1988:616).

oud toegang tot Facebook het en toegang het tot pornografiese uhm uh uhm daai *(sic)* tipe goete *(sic)* en dit is dit is kommerwekkend en uh en ek dink, in daai *(sic)* opsig is Facebook oop."

Die vyfde respondent het die probleem van pornografie soos volg aangespreek:

"'n Kind word byvoorbeeld by die skool uitgevang met pornografie op sy telefoon dan land dit hier in jou kantoor. Dan kom jy agter maar die ouers was glad nie daarvan bewus nie...So daarom dink ek dis vir hulle maklik om ingesuig te word, eerstens deur Facebook, deur enige sosiale front uhm tegnologiese front...en dan wanneer...pornografie...plaasvind, dan raak dit al hoe moeiliker om wel die ouer daarop in te laat... Ons het 'n bestuursaand gehad met die tienerbestuur en van die beplaninge bespreek en een van die ma's was teenwoordig en die einde van die van die vergadering toe noem sy net, kan ons so bietjie in die volgende byeenkoms en dit wat voorlê met tieners begin praat oor...pornografie...want sy het nou al opgemerk die goed gebeur by haar seuns. Nou haar seuns is volgens my nog redelik jonk. Hulle is tien en dertien en ek het besef dat op hierdie ouderdom sien hulle dit al en ons het gedink, dis nie 'n probleem nie, maar hier is 'n ma wat dit sien, dis maar een ma, so die probleem is duidelik daar in die gemeenskap."

Respondent nommer sewe lig die volgende uit, rondom die gevaar van pornografie:

"Ek het 'n seun wat na my toe gekom het en vir my kom sê het, dat hy het met pornografie betrokke geraak via Facebook en dat hy hulp soek en as jy kyk na en baie duidelik vir my gesê hy is verskriklik bang om oor hierdie goed te praat, want sy ouers is nie bewus van wat hy doen nie en dat hy dit meer sal doen as sy ouers nie by die huis is nie...Uh pornografie is vrylik beskikbaar op die net en op Facebook."

3.2.3.2 Daar is 'n spesifieke Facebookblad wat vir "sexting" gebruik word, getiteld, "I love sexting"

Respondent drie maak die volgende belangrike punt oor "*sexting":*

"Ek verneem daar is 'n Facebookblad getiteld, *I love sexting.* Natuurlik gaan jongmense in hulle ontluiking van seksualiteit na die goed toe getrek word en dit gaan hulle inligting oor seks gee, maar nie God se plan met seks nie. Dit gaan hulle morele sedes en waardes baie sleg beïnvloed... Baie ouers is onbekend met terme wat vandag gebruik word. 'n Term soos *sexting*... Daar is ook al 'n geval waar 'n ma

boodskappe op haar dogter se selfoon gekry het, waar 'n seun haar versoek om 'n half naakfoto van haarself vir hom te stuur. Uh *sexting.* Die ma weet tot vandag toe nie of die dogter dit gedoen het of nie. Sy beweer sy het nie."

Respondent nommer sewe wys soos volg op die gevaar van *"sexting":*

"Soveel van die goed waarmee die kinders sukkel is die goed wat die ouers ook mee uitdagings het. Goed soos *sexting. Sexting* wat uh die gedagte is dat kinders of mense naakfoto's van hulleself sal aanstuur...Uhm ons het te doen hier in ons eie gemeente tans waar kinders uhm *sexting* gedoen het. Naakfoto's vir mekaar gestuur het."

3.2.3.3 "Cyberbullying" via Facebook kom algemeen voor en dit gaan gepaard met afbrekende woorde en leuens

Respondent nommer een reageer soos volg op die kwessie van *"cyberbullying":*
Uhm *cyberbullying* waar mense mekaar slegsê oor Facebook, oor sosiale media, uhm seksuele aannames wat mense teenoor mekaar maak op Facebook, uh die goed wat mense kwytraak op Facebook soos haatspraak."

Respondent nommer drie verbaliseer homself soos volg oor die gevaar van *"cyberbullying":*

"Dinge soos *cyberbullying*...dinge wat langtermyn skade kan maak...goed wat selfbeeld kan beïnvloed."

Gemeente nommer vyf se repondent laat homself soos volg oor *"cyberbullying"* uit:

"Dan wanneer hierdie *cyberbullying*...plaasvind, wat wel plaasvind, dan raak dit al hoe moeiliker om wel die ouer daarop in te laat."

Die respondent in gemeente nommer sewe verwys soos volg na die kwessie oor *"cyberbullying":*

"Ander gevalle wat ek gesien het uh is dat mense eintlik mekaar afkraak of uh hulle noem dit mos *bullying* of *cyberbullying* waar hulle die Facebook gebruik om 'n ander persoon se beeld af te kraak."

3.2.3.4 Facebookdepressie is 'n realiteit en kan ernstige probleme vir hoërskoolleerders inhou

Die eerste respondent het die ernstigheid oor Facebookdepressie soos volg verwoord:

"Dat Facebookdepressie gesien word as ’n siekte en kinders in klinieke en psigiatriese hospitale opgeneem word as gevolg van hulle verslawing aan Facebook."

Die derde respondent beklemtoon die gevaar van Facebookdepressie soos volg:

"Nou skets Facebook ’n valse, uh weereens die woord valse of eensydige prentjie van ander se lewens. Facebookvriende lyk almal gelukkiger as ek. Facebookvriende het meer en beter besittings as ek. My Facebookvriende het beter geleethede as ek. Hierdie leuen laat jongmense in ’n sogenaamde Facebookdepressie verval. Hulle voel heeltyd soos verloorders. Boonop word die waardesisteme uitgedaag."

3.2.3.5 Verbale en aangesig-tot-aangesig-kommunikasie lei ernstige skade onder ouers en hulle hoërskoolleerders as gevolg van sosiale media soos Facebook

Respondent nommer een het die volgende stelling gemaak:

"Kinders...is vasgevang op hulle fone, hulle het minder kommunikasievaardighede, hulle kan nie konflik hanteer nie en uhm omdat hulle in sigself die gesigwaarde van kommunikasie heeltemal verloor...Ek sien dit en ek kan dit uitwys vir mense...verval [in] familiestrukture, verval kommunikasievaardighede en verbrokkel gesinverhoudinge *(sic)* en verbrokkel kinders se lewens."

Die derde respondent het homself soos volg baie sterk uitgespreek oor aangesig-tot-aangesig-kommunikasie wat as gevolg van Facebook skade ly.

"Neil, ons maak ’n geslag groot wat nie meer kan kommunikeer nie. Daar is nie meer aangesig-tot-aangesig verbale kommunikasie tussen ouers en kinders nie en ook nie tussen kinders en hulle vriende ook nie. Ek dink ons moet kommunikasie en ek praat van aangesig-tot-aangesig-kommunikasie rondom etenstafel, wanneer ons saam kuier, weer prominensie in ons huise gee."

Respondent nommer ses het gesê:

"So, die tyd toe hulle nog gepraat het met mamma en pappa waar hulle gesê het is, dis my probleem, word nou half deur uh die uh media gebruik om te kyk vir die oogkontak wat hulle het is nie meer daar nie en dit is vir my belangrik dat wanneer jy in geselskap is, wanneer jy in kommunikasie is met iemand dat jy darem oogkontak

het. Nou praat hulle en kan eintlik hulle hart uitspoel teenoor ’n ander een sonder om die persoon eer in die oë die gesig te kyk.

3.2.3.6 Plasings van verkeerde foto’s en "posts" op Facebook, kan ernstige probleme vir die ouers en hulle hoërskoolleerders skep

Respondent nommer een wys op die volgende met betrekking tot plasings op Facebook:

"Ons wil vinnig *reply,* vinnig *send* en vinnig goed *post.* Ek dink een ding wat ouers aan hulle kinders kan leer is, dink voordat jy iets *send,* dink voordat jy iets *post* en dink voordat jy iets *reply".*

Respondent nommer twee het soos volg geantwoord:

"Daar’s rassistiese goed op. Daar’s haatspraak op. Uhm hoeveel uhm berigte is daar nie ook al op Facebook op mense se *posts* van hulle eie menings...Almal het nou die reg om iets net te mag sê en dit is so, daar is vryheid van spraak en al hierdie tipe van goed, maar ek dink juis as gevolg van dit het grense ook al begin afbreek, want jy kan nou net sê wat jy wil, jy kan *post* wat jy wil, en niemand kan net niks daaroor sê nie.”

Die derde respondent het die volgende in sy antwoord uitgewys:

"Kinders...moet besef dat dit wat hulle *send, post or reply* kan nie teruggetrek word nie. Ons woorde het gevolge.”

Respondent nommer vyf het gesê:

"Enige iets wat jy *post* kan hulle op *google maps* sien waar jy is.”

3.2.3.7 Seksuele predatore hou ’n groot gevaar vir tieners wat Facebook gebruik se veiligheid in

Die eerste respondent het soos volg daarna verwys:

"Ons het al gehoor van situasies waar kinders hulle adresse en uhm telefoonnommers weergee, waar uhm mense wat seksuele predatore is, uhm hierdie kinders sal nader en dan op die einde van die dag word kinders ontvoer, as gevolg van die inligting wat hulle weergee aan sekere mense op Facebook.”

3.2.3.8 Die "Blue whale"-speletjie of uitdaging (challenge) hou ernstige gevare vir tieners wat Facebook gebruik se welstand in

Die vyfde respondent het soos volg na die *"Blue whale"*-speletjie verwys:

"So daarom dink ek dis vir hulle maklik om ingesuig te word, eerstens deur Facebook, deur enige sosiale front...en hierdie *dare (sic)* speletjies wat plaasvind...het ons agtergekom in ons area, het hierdie internet *dare* speletjie van *'Blue whale'* sy kop uitgesteek."

3.2.3.9 Die gebruik van akronieme is algemeen onder hoërskoolleerders om ouers te mislei

Die respondent van gemeente nommer drie het sy siening oor die gebruik van akronieme soos volg verwoord:

"Kinders kommunikeer met akronieme, juis met die doel om ouers in die duister te hou oor hulle doen en late... As ek byvoorbeeld kyk na die akronieme wat kinders gebruik om seksuele dade en ouergesag uh te beskryf, is dit skokkend dat ons kinders al so ver gekondisioneer is, dat hulle al so eksplisiet is."

Die respondert van gemeente nommer vyf het soos volg kommentaar gelewer:

"Hierdie afkortings jy sien dit op jou kind se foon en jy weet nie wat dit beteken nie...maar ek sal graag wil weet wat het wat het gelei wat het gemaak dat een vier drie beteken *I love you* want as jy die psige agter dit verstaan dalk kan jy verstaan hoekom praat hulle op 'n manier wat hulle praat maar dat dit 'n erkende taal is en dat hulle so werk tussen mekaar en hulle verstaan dit dis dis 'n feit. Jy gaan na jou kind se foon kyk en jy gaan sien daar staan *bbiaf* en dan beteken dit *be back in a few.* Ek sou in my lewe nooit geweet het wat beteken dit nie. Ek sou net gedink het dis nou weer een of ander spelfoute. So, ek dink hulle doen dit om taal te vergemaklik maar verseker het die het die vyand dit gebruik om goed te kan verskans, steek nog ietsie weg en dit is hoe hy subtiel besig is en ek dink nie eers meer dit is subtiel nie om die kinders aan te moedig om in die duister te beweeg want hoe meer jy die taal gebruik hoe minder weet my ma en pa. Die afkortings beskryf eintlik hoe dom ouers is of uhm *the watchkeeper is here* en dis alles deel van respek om respek af te breek.

3.2.3.10 Die voortdurende vergelyking met ander kinders, lei in sommige gevalle tot 'n swak selfbeeld by tieners en dit kan aanleiding tot selfdoding gee

Wat vergelyking van kinders onder mekaar aanbetref, het die eerste respondent die volgende gesê:

"Hulle kyk na iemand anderster *(sic)* se lewe. Hulle kyk na hulle huwelik, hulle kyk na hulle werk en hulle aanskou daardie persoon se lewe, se huwelik, se werk, se kinders as perfek en hierdie goed veroorsaak gevoelens van minderwaardigheid, spyt en selfs depressie wat tot gevolg kan hê...dat mense 'n vergelykingspeletjie speel, kyk na iemand se lewe en voel, maar hulle behaal nie dit wat ander mense behaal nie. Ek dink nie die ouers besef noodwendig die gevaar van hierdie Facebookblaaie en sosiale blaaie op kinders se lewens... om kinders te leer dat dit wat hulle sien op Facebook uhm nie altyd die waarheid is nie, uhm hulle moet besef hulle vergelyk hulle lewe baie keer soos teenoor hulle ander vriende en maats en daai *(sic)* kind se lewe is perfek *(sic)* en daai *(sic)* kind se lewe is volmaak."

Respondent nommer ses het gesê:

"Dit het my nogal opgeval dat van ons jongmense uh uh vergelykings tref wanneer hulle op Facebook is. Het jy gesien die ene se kleredrag of het jy gesien hoe daardie een."

3.2.3.11 Hoërskoolleerders word op Facebook aan geweld blootgestel

Die tweede respondent het die volgende antwoord gegee, ten opsigte van die geweld waaraan hoërskoolleerders op Facebook blootgestel word:

"Ons het al te doen gehad met gevalle waar...hulle te doen gehad het met uhm waar daar geweld was, mense wat baklei op sosiale media, video's wat hulle gesien het van mense wat baklei, dalk waar mense geskiet word ook."

Respondent nommer drie se reaksie oor die geweld waaraan hoërskoolleerders blootgestel word, was soos volg geverbaliseer:

"Ek het ook al meer as een geval gehad (keelskoonmaak) ekskuus, waar ouers met my kom praat het oor hulle seuns wat videospeletjies speel, geweldadige videospeletjies en hulle bekommernis daaroor want hulle kan sien, hoe hierdie goed hulle kinders se gedrag beïnvloed."

3.2.3.12 Die gebruik van die internet lei daartoe dat ook Facebookgebruikers 'n digitale voetspoor (ook bekend as 'n kubervoetspoor) agterlaat, wat ander mense in staat kan stel om vas te stel presies waar mense hullesef bevind

Respondent nommer vyf verwys na die digitale voetspoor wat die gebruik van die internet tot gevolg het, in die volgende woorde:

"So, dis lekker om in kontak te bly, maar in dieselfde asem, so kan hulle wat wil skade aanrig ook in kontak bly, want nou het jy 'n *cyber footprint* waar jy rondbeweeg en as jou *location enabled* is op jou foon dan weet hulle presies waar jy is. Enige iets wat jy *post* kan hulle op *google maps* sien waar jy is."

3.2.3.13 Geslote groepe (closed groups) skep die geleentheid vir alle Facebookgebruikers om by ongewenste en verkeerde aktiwiteite betrokke te raak

Respondent nommer sewe spreeek sy mening in die volgende woorde uit:

"'n *Closed group*...is 'n groep waarby 'n persoon kan vra om...deel te word van die groep of wat deur vriende uitgenooi word. Wat ek verstaan van 'n geslote groep is dat dit slegs kinders is wat soortgelyke of uh uh media wil deel of en niemand van buitekant af soos ek dit verstaan kan hierdie groepe binnekom nie. Jy moet of genooi word of aansoek doen en dat jy gekeur word om aan hierdie groepe deel te neem."

3.2.3.14 Sommige tieners en/of hulle ouers gebuik Facebook ondermeer om eksplisiete foto's te deel

Die respondent van gemeente nommer vier het die volgende probleem uitgelig oor sommige ouers wat die verkeerde voorbeeld vir hulle hoërskoolleerders stel:

"'n Tienerouer wat uhm byvoorbeeld by sekere plekke ingaan en dan foto's van dit opsit, waar hulle in is en wat hulle doen en uh die gevaar daaraan verbonde is, die kind sê, my ouers is in die kerk, my ma is byvoorbeeld in die kerk en sy gaan soentoe *(sic)* en sy sit dit op Facebook.

Die respondent van gemeente nommer vyf is van mening dat:

"Hulle het dit algemeen aanvaarbaar gemaak om half naakfoto's rond te stuur."

Respondent nommer sewe het die volgende uitgewys:

"Sy het 'n baie uh uh uh geslote groep gehad en uh dit het begin met foto's uitruil uh en dat hy begin belangstel het, omdat dit hom geprikkel het en so het hy al dieper en

dieper gegaan...hulle hom genooi het na ’n uh *closed group* en uh waar baie eksplisiete foto’s uitgestal word en so aan en so het hy betrokke geraak... Ander geval waar ’n meisietjie ’n jong meisie ’n jong dametjie na my toe gekom het, my kom sê het dat daar is seuns wat vir haar die mees eksplisiete foto’s stuur.”

3.2.4 Die algemene gevoel onder vyf van die sewe respondente met wie die onderhoude gevoer was, is dat die ouers van hoërskoolleerders nie deeglik ingelig is oor die gevare van sosiale media en spesifiek Facebook nie

Die moontlikheid dat sommige ouers van hoërskoolleerders moontlik nie deeglik ingelig is oor die gevare van sosiale media en spesifiek Facebook nie, is kommerwekkend.

3.2.4.1 Dit blyk dat daar sommige ouers van hoërskoolleerders is wat oningelig is oor sosiale media en wat dit alles behels

Respondent nommer een het die volgende insiggewende stellings gemaak:

"Oningeligte ouers tree baie keer onsensitief op, bloot omdat hulle onkundig is... Pastoor, ek dink nie...ouers in ons gemeente en ons gemeenskap self en ouers in die breë kerk is goed ingelig oor die gevare van Facebook nie. Ek het baie keer al oor hierdie vraag gedink, en besef uhm baie ouers gebruik ook Facebook en ek dink hulle besef self nie eers die gevare [nie]... Ek dink nie die ouers besef noodwendig die gevaar van hierdie Facebookblaaie en sosiale blaaie op kinders se lewens nie.”

Respondent nommer twee het soos volg gereageer:

"Ek dink die meerderheid van die ouers is nie deeglik ingelig nie. Ek dink, die rede daarvoor is omdat hulle nie noodwendig self op sosiale media is nie. Ek dink nie hulle verstaan dit nie. Dit is nie eintlik ’n wêreld waarin hulle leef nie en as gevolg daarvan, verstaan hulle nie die gevare daarvan nie...so ek dink as ouers blootgestel moet word aan hierdie tipe van goed, as hulle self kan sien, watter goed daar op sosiale media is, sal hulle hulle kinders daarteen kan beskerm...ek dink omdat ouers nie self op sosiale media is noodwendig nie en nie self kan sien wat daar aangaan nie, los hulle dit maar, maar as hulle as ouers blootgestel kan word aan die gevare van dit...”

Die respondent van gemeente nommer drie het die volgende in sy antwoord uitgewys:

"Ouers is nie vertroud met die gebruik van sosiale media en internet nie... Moontlik is ouers nie ingelig nie, omdat hulle nie belangstel om nuwe tegnologie te leer ken nie... Ouers sal egter self ook gedissiplineerd moet optree en deur hul voorbeeld moet lei... Ouers moet ingelig word... Ouers moet ingelig word rondom die gevare. Dalk praktiese voorbeelde gegee word, van wat al gebeur het en hoe dit 'n negatiewe impak op op 'n kind kan hê... Ons moet ouers bemagtig."

Die vyfde respondent het soos volg hierby aangesluit:

"Ek dink glad nie in ons gemeente is hulle so ingelig soos wat 'n mens sal wil hê nie...besef ek hoe in ons generasie en bietjie ouer generasies selfs min weet ons eintlik van die gevare... Ons ouers moet informasie kry... Ek dink nie hulle is ingelig oor wat regtig daarin is nie, want wanneer 'n mens bietjie gaan oplees en jou huiswerk doen oor uh sosiale media en spesifiek Facebook dan nou dan dink ek dat daar eintlik op die oomblik meer gevare in Facebook is."

Respondent sewe het soos volg hieroor kommentaar gelewer:

"Ek dink nie dat uhm dat die ouers is baie goed ingelig nie... Mense is baie baie oningelig. Die ouer garde baie oningelig oor sosiale media en wat dit behels, uh alhoewel baie van die mense met wie ek al gesels het, is bewus van vir as daar 'n skandaal is wat op sosiale media wat in die nuus beland en so, sal hulle baie maklik vir jou sê, dat dit is die rede hoekom hulle nie hierby betrokke raak nie... Nie al die ouers het hierdie wysheid en kennis om vir die kinders te verduidelik...is daar baie groot onbetrokkenheid by ons ouers veral wat hierdie goed aanbetref...ek dink ons generasie ouers is baie onbetrokke as gevolg van 'n gebrek aan kennis."

3.2.4.2 Dit blyk dat sommige ouers van hoërskoolleerders op die platteland naïef is oor die gevare van Facebook

Die respondent van gemeente nommer vier het spesifiek gevoel:

"Baie ouers is naïef in hierdie opsig om te dink dat dit veilig is en hulle...weet nie rêrig nie."

Die vyfde respondent spreek die skynbare probleem van naïwiteit soos volg aan:

"Ek dink hier in ons plattelandse gemeenskap speel naïwiteit 'n groot rol. As ouers is hulle bewus van die gevare maar ons dink, dalk kan dit nie met ons ouers gebeur nie. Dit is iets wat in 'n stad gebeur of tussen die die *cyber tech* ouens gebeur. Hier in die platteland dink die mense nie regtig dis van toepassing nie."

3.2.4.3 Baie ouers is bang vir tegnologie, met spesifieke verwysing na die internet en daarom bly hulle weg daarvan

Die respondent van gemeente nommer drie spreek die kwessie oor bangheid vir tegnologie en die internet soos volg aan:

"'n Vorige geslag en hulle voel...nie vertroud met die gebruik van sosiale media en internet nie...omdat hulle nie belangstel om nuwe tegnologie te leer ken nie."

Die sewende respondent het die volgende in sy antwoord genoem:

"Die generasie van ouers van baie van ons tieners is soos hulleself nou al gesê het, tegnologiegestremd *(sic).* Hulle stel nie belang om self bietjie te gaan kyk wat op media's soos Facebook en Twitter en blogs en so aangaan nie...baie van die ouers is baie bang vir tegnologie en bly daarby weg...hulle het baie duidelik gestel, dat hulle is bang vir hierdie goed. Hulle weet nie wat dit behels nie."

3.2.5 Ouerbetrokkenheid is van kardinale belang in hoërskoolleerders se lewe

Dit is belangrik dat ouers van hoërskoolleerders sal besef dat hulle betrokkenheid in hulle kinders se lewe 'n positiewe invloed sal hê. Die afwesigheid van ouers in hulle hoërskoolleerders se lewe, sal 'n negatiewe uitwerking op die kind se waardesisteme hê.

3.2.5.1 Ouers wat betrokke is in hulle hoërskoolleerders se lewe kan deur 'n voorbeeldige Christenlewe modelleer hoe om sosiale media en spesifiek Facebook te gebruik

Die respondent van gemeente nommer een het homself soos volg oor die noodsaaklikheid van ouerbetrokkenheid geverbaliseer:

"Jy moet vir jouself gedurig afvra: Is dit wat jy doen en aanskou op sosiale media heilsaam en opbouend vir jou verhoudinge in jou lewe, want onthou, jou voorbeeld is vir kinders belangrik. Daar's mos die gesegde wat sê: *Children see, children do* en as ons vasgevang is as ouers in in hierdie greep van sosiale media en die slegte wat na

vore kom daarvan, is dit so moeilik om vir kinders ’n voorbeeld te wees en uhm kinders wil ’n voorbeeld hê en hulle wil ’n voorbeeld volg. So die eerste belangrike ding dink ek, is ouerbetrokkenheid... So ’n voorbeeldige lewe by ouers is vir my noodsaaklik. Sonder ’n voorbeeldige lewenstyl, het die kinders nie ’n voorbeeld om te volg nie. Kinders wil iemand volg en as ouers nie na opgekyk gaan word nie, kinders sal altyd vir my sê, pastoor, my pa steek sy hande die hoogste op in die kerk, maar by die huis is hy die duiwel, wat net vir my sê, dat ’n voorbeeldige lewe ontbreek vandag en daarom wil ek pa’s en ouers aanmoedig, wees voorbeeldige mense in jou lewenstyl, in die manier van hoe jy Facebook hanteer, in die *games* wat jy op jou Facebook laai, in die *sites* wat jy besoek... Ek wil vandag sê, daar is nie ’n belangriker ding as ’n voorbeeldige lewe nie. Die ouerhuis is die oefenkamp vir kinders.”

Die tweede respondent lig die volgende uit, rakende ouerbetrokkenheid in hulle kinders se lewe:

"Ek dink ook ouers kan self bietjie gaan kyk, wat is die gevare van sosiale media...ek dink as ouers blootgestel moet word aan hierdie tipe van goed, as hulle self kan sien, watter goed daar op sosiale media is, sal hulle hulle kinders daarteen kan beskerm...So, ek dink ons moet net met ouers praat oor die gevare van sosiale media nie. Ek dink ’n mens moet ’n gesprek met hulle ook hê, van hoe verwag God van ons om ons kinders groot te maak? Wat sê die Bybel aangaande opvoeding? Wat moet jy jou kind leer?... So, ek dink as jy jou kind reg grootmaak en hy kom op sosiale media en hierdie snaakse goed kom oor sy pad, sal hy die vermoë hê om dit van die hand te kan wys, want hy is reg opgevoed.”

Die respondent van gemeente nommer drie maak die volgende stelling:

"Ouerbetrokkenheid was en sal altyd belangrik wees, veral in die vormingsjare waar veral morele waardes en sedes geleer, maar ook gevestig moet word. Ouers sal moet begin om pro-aktief op te tree en ouers sal met mekaar moet begin praat om hulle kennis oor die gevare te verbreed en Bybelse oplossings soek en met kinders moet deel. Daar moet grense en tye neergelê word wanneer kinders op sosiale media of Facebook kan wees. Hierdie grense moet aan die kinders gekommunikeer word en hierdie grense moet toegepas word. Ouers sal egter self ook gedissiplineerd moet optree en deur hul voorbeeld moet lei… Ouers se gebruik van sosiale media verklap hulle waardesisteme. Kinders gaan dan dieselfde optree. Een Korinthiërs vyftien drie

en dertig sê dat slegte gesprekke goeie sedes bederf. Ouers moet let op hulle gesprekke op sosiale media. Dit kan hulle kinders opbou of bederf. Dit kan self dit wat ouers oor jare in hulle kinders opgebou het, goeie waardes, kan dit vernietig wanneer kinders hulle gedrag modelleer op dit wat hulle ouers doen, op grond van dit… Ons moet ouers bemagtig om hierdie goed te hanteer."

Die vierde respondent se kommentaar vat die kwessie soos volg saam:

"'n Tienerouer wat uhm byvoorbeeld by sekere plekke ingaan en dan foto's van dit opsit, waar hulle in is en wat hulle doen en uh die gevaar daaraan verbonde is, die kind sê, my ouers is in die kerk, my ma is byvoorbeeld in die kerk en sy gaan soentoe *(sic)* en sy sit dit op Facebook…ek dink van die gemeente se kant af en die beheerraad van die gemeente se kant af kan 'n ou begin om 'n veldtog te loods, miskien in die in die dorp en 'n kenner op die gebied in te trek en uh saam met die ouers en dit (klapgeluid) kinders en ouers om vir almal te kom sê en te sê, luister hier, dit is die voor- en nadele van Facebook. Uh maak seker dat jy weet waarvoor jy jou inlaat, as jy op Facebook ingaan. Uh om 'n kenner in te bring."

Deelnemer nommer vyf het die volgende opgemerk:

"Ons ouers moet informasie kry, want informasie beteken ook maar net dit…*cyberspace* informasie as jy dit nie gaan *link* met dit wat ons lewensaar as Christene nie en dis die Woord en as ek nie vir hulle gaan wys uit die Skrif en Skrifkennis, hoor hier maar dit waarmee ons besig is, is nie iets wat ek nie mag doen nie, dis iets wat ek nie wil doen nie…sodat ouers kan bewus wees en dan reguit met hulle kinders kan praat daaroor op 'n vroeë ouderdom... So ouers het met 'n groot pad om te doen om informasie vir hulle kinders op 'n vroeë ouderdom te gee, glo ek."

Respondent nommer ses se reaksie was:

"Ek dink persoonlik dat die ouers uh die kinders dalk moet attend maak op elke vlak van sosiale media…ek dink dis tog die plig van die ouers uh hoeveel te meer die pa se plig dat hy as prietser van sy huis moet seker maak dat sy kind die woord van God in sy lewe het."

Die sewende respondent verwys na die kwessie oor ouerbetrokkenheid in die volgende woorde:

"Ek het 'n geval van uh ouers wat baie betrokke is by hulle kinders en presies weet waar hulle kinders is en waarmee hulle besig is op Facebook… Nie al die ouers het hierdie wysheid en kennis om vir die kinders te verduidelik… Ons sal moet begin op 'n punt kom waar ons ons ouers leer dat kennis maak mag en dat as jy kennis het kan jy beter verstaan wat jou tiener deurgaan…so as ouers gesamentlik reëls binne die huis het… Ek praat van spesifieke ouer gefundeerde gesinsgefundeerde reëls… As ouers nie gaan begin om die reëls neer te lê in die huisgesin nie en dit saam toepas nie, dan gaan dit nie werk nie."

3.2.5.2 Ouers behoort toegang tot hulle hoërskoolleerders se Facebookprofiele te hê, ten einde hulle kinders teen die gevare van Facebook te beskerm

Die respondent van gemeente nommer een se mening vind uitdrukking in die volgende woorde:

"Ouers moet bewus wees waarna hulle kinders kyk. Uhm ouers moet bewus wees wat op hulle kinders se profiele aangaan. Ouers moet bewus wees uhm watter boodskappe en foto's hulle kinders op Whattsapp ontvang. Uhm so ouers kan hulle kinders help, deur om gereeld supervisie te gee... Uhm ek dink vir Facebook is dit belangrik dat jy jou kind se *"friend" (sic)* ook moet wees. So jou kind moet jou ook be-*"friend" (sic)* sodat jy kan kontroleer watter inhoud, en foto's en verwysings op jou kind se sosiale media voorkom. Uhm sê vir jou kinders, geen wagwoorde nie, want as daar wagwoorde is of *passwords* dan is daar heel waarskynlik iets wat hulle wegsteek... Ek dink dit is verskriklik belangrik wat ouers kan doen en hulle moet dit gemodelleer word. Ons moet gemodelleer word om nie impulsief op te tree nie, ons moet geleer word, die standaard wat Jesus stel, dink voordat jy ietsie sê, voordat jy ietsie doen, want as iets op sosiale media is, as 'n foto uitgelek word of kommentaar gelewer word, is dit sigbaar vir almal en uhm dis baie moeilik om daardie goed te verander weer."

Die respondent van gemeente nommer twee het homself soos volg oor die aangeleentheid uitgedruk:

"Ek dink, dit is belangrik dat die ouers toegang moet hê tot hulle kinders se profiel. Uhm dat hulle kan sien waarmee is die kinders besig, maar ek dink ook ouers kan self bietjie gaan kyk, wat is die gevare van sosiale media."

Gemeente nommer drie se respondent het soos volg gerageer:

"Ouers moet vrye toegang hê tot hulle kinders se alle sosiale media, die webblaaie wat hulle besoek en dies meer. Daar moet kontrole wees. Kinders is nie toegerus om hierdie goed te kan hanteer nie, of om dit self te filter nie. Ons moet ons moet toegang hê tot hierdie dinge... Ouers sal egter self ook gedissiplineerd moet optree en deur hul voorbeeld moet lei."

3.2.5.3 Ouers moet grense vir die gebruik van Facebook neerlê en duidelike riglyne gee, oor hoe Facebook gebruik moet word

Respondent nommer een se kommentaar oor die neerlê van duidelike riglyne ten opsigte van die gebruik van Facebook, vind uitdrukking in die volgende woorde:

"Ek dink ouers moet grense stel vir die gebruik van tegnologie in hulle huis en hulle moet dit self nakom. Ek dink tydsduur, hoe lank tyd 'n kind en die ouers self op sosiale media uhm gebruik, is verskriklik belangrik... Stel grense en ek dink ouers moet nie bang wees vandag om nee te sê nie... Ek dink een van die belangrikste dinge wat ons uhm ervaar en beleef is dat ouers voel ek wil my kind se beste vriend wees en ons is geroep om ouers te wees en ouers is daar om definitiewe grense en riglyne vir ons kinders te stel...en daarom stel grense, maar modelleer die grense ook...stel grense en die gevolge van die misbruik van tegnologie... So ouers moet grense hê en gevolge hê vir die misbruik van tegnologie...dit is belangrik dat ouers duidelike grense vir hulle kinders stel."

Respondent nommer drie het die volgende antwoord gegee:

"Daar moet grense en tye neergelê word wanneer kinders op sosiale media of Facebook kan wees. Hierdie grense moet aan die kinders gekommunikeer word en hierdie grense moet toegepas word... Wat sê die woord van die Here oor...grense?... Ons moet grense in plek kry."

3.3 BESPREKING VAN DIE KWANTITATIEWE NAVORSINGSRESULTATE

Die geanaliseerde data wat van die Statistiese Konsultasiediens van Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus verkry is na die verwerking van die inligting op die vraelyste, word nou aangewend om 'n algehele oorsig van die antwoorde wat vanuit die vraelyste bekom is, te gee. In die tweede plek word die verskillende gemeente verskille bespreek en derdens word die verskille tussen die gemeentes van Gauteng en die gemeentes van die Vrystaat bespreek. Al hierdie inligting sal in konteks geplaas word om die verskynsels uniek aan hierdie studie weer te gee.

Aangesien daar minder voltooide vraelyste verkry is as wat die onderskeie gemeentes se kerkleierskap aanvanklik aangedui het, sal daar gewerk word met dit wat wel van die deelnemende gemeentes verkry is. Ellis en Steyn (2003:51) vestig die aandag daarop dat navorsers soms gedwing word om die data wat hulle verkry het, as 'n subpopulasie van die teikenpopulasie te oorweeg as gevolg van die swakker reaksie van die bepaalde steekproef.

Die effekgrootte is onafhanklik van die steekproefgrootte en dit is 'n maatstaf wat prakties betekenisvol is (Ellis & Steyn, 2003:51). In hierdie studie sal daar slegs aandag gegee word aan gevalle waar *"Cramer's V"* 'n beduidendheidspeil van > as .2 het.

3.3.1 Algehele oorsig van inligting wat vanuit die kwantitatiewe resultate bekom is

Tabel 2.3 behels 'n uiteensetting van die aantal respondente wat in elk van die sewe deelnemende gemeentes deelgeneem het en watter persentasie daardie getal van die groot totaal uitmaak. Die name van die gemeentes word nie vermeld nie, as 'n maatreël om die anonimiteit van die deelnemende respondente te verseker.

Die resultate dui aan dat gemeente nommer een, 28 respondente opgelewer het (28.6%), gemeente nommer twee, sewe respondente (7.1%), gemeente nommer drie, 21 respondente (21.4%), gemeente nommer vier, tien respondente (10.2%), gemeente nommer vyf, sewe respondente (7.1%), gemeente nommer 6, sestien

respondente (16.3%), terwyl gemeente nommer sewe, nege respondente (9.2%) gehad het.

Gemeentes	Aantal respondente	Persentasie
Gemeente nommer 1	28	28.6
Gemeente nommer 2	7	7.1
Gemeente nommer 3	21	21.4
Gemeente nommer 4	10	10.2
Gemeente nommer 5	7	7.1
Gemeente nommer 6	16	16.3
Gemeente nommer 7	9	9.2
Totaal	98	100.0

Tabel 2.3: Uiteensetting van die aantal respondente van elk van die sewe gemeents

Tabel 2.4 behels die gekombineerde getalle van die gemeentes van Gauteng en die Vrystaat. Die resultate dui aan dat 56 van die 98 respondente in gemeentes van Gauteng betrokke is (57.1%), met 42 respondente in die Vrystaatse gemeentes (42.9%).

Gemeentes	Aantal respondente	Uitgedruk as Persentasie
Gauteng gemeentes	56	57.1
Vrystaat gemeentes	42	42.9
Totaal	98	100.0

Tabel 2.4: Die gekombineerde getalle van al die gemeentes

Die volledige profiel van die voltooide vraelyste word in addendum K aangedui. Vervolgens word die resultate nou breedvoerig uiteengesit.

Die resultate wat deur die voltooide vraelyste bekom is, dui aan dat 83 van die 98 respondente (84.7%) Facebook as sosiale mediaplatform gebruik, terwyl vyftien (16.3%) nie van Facebook as sosiale mediaplatform gebruik maak nie (sien resultate van vraag 1 in die tabel in addendum K).

Waar die respondente moes aandui of hulle hoërskoolleerders ŉ Facebookprofiel het, was daar 81 (82.7%) wat "ja" geantwoord het, sestien (16.3%) wat "nee" geantwoord het, en een (1%) wat "nie weet" of sy/haar kind Facebook gebruik nie (sien resultate van vraag 2 in die tabel in addendum K).

Op die vraag of deelnemers daarvan bewus is of hulle kinders al ŉ vals Facebookprofiel geskep het, het 81 (82.7%) van die respondente "ja" geantwoord, met 16 (16.3%) wat "nee" geantwoord het, terwyl een (1%) aangedui het dat hy/sy "nie weet" of sy/haar kind al ŉ vals Facebookprofiel geskep het nie (sien resultate van vraag 3 in die tabel in addendum K).

In vraag 4 moes die respondente aandui of hulle hoërskoolleerders ŉ Facebookprofiel voor dertienjarige ouderdom geskep het. Agtien (18.4%) het aangedui dat hulle hoërskoolleerders ŉ Facebookprofiel "voor dertienjarige ouderdom" geskep het, met 61 (62.2%) wat aangedui het dat hulle kinders eers "na dertienjarige ouderdom" ŉ Facebookprofiel geskep het. Van die 98 respondente het twaaf (12.2%) aangedui dat hulle "nie weet" of hulle kinders ŉ Facebookprofiel voor dertienjarige ouderdom geskep

het nie, terwyl sewe (7.1%) nie die vraag geantwoord het nie (sien resultate van vraag 4 in die tabel in addendum K).

Waar die respondente moes aandui hoeveel tyd hulle dink, hulle hoërskoolleerders per dag op Facebook spandeer het dertien (13.3%) aangedui dat hulle nie "weet nie", met 27 (27.6%) wat van mening is dat dit "minder as een uur" per dag is. Negentien (19.4%) meen dat hulle kinders "een en twee ure" per dag op Facebook spandeer. 'n Verdere negentien (19.4%) meen dat hulle kinders "twee tot drie ure" per dag op Facebook spandeer. Dertien (13.3%) glo dat hulle hoërskoolleerders "meer as drie uur" per dag op Facebook op spandeer. Sewe (7.1%) van die respondente het nie aangedui hoeveel tyd hulle dink, hul hoërskoolleerders op Facebook spandeer nie (sien resultate van vraag 5 in die tabel in addendum K).

In vraag 6 moes die ouers van hoërskoolleerders aandui hoe ingelig hulle oor die evare van Facebook as sosiale mediaplatform is. Sewe (7.1%) het aangedui dat hulle "glad nie" oor die gevare ingelig is nie, terwyl twintig (20.4%) meen dat hulle tot 'n "geringe mate" ingelig is. Veertig (40.8%) glo dat hulle tot 'n "redelike mate" ingelig is, met 31 (31.6%) wat meen dat hulle tot 'n "groot mate" oor die gevare van Facebook as sosiale mediaplatform ingelig is (sien resultate van vraag 6 in die tabel in addendum K).

Deelnemende respondente moes in vraag 7 die gevare van die gebruik van Facebook waarvan hulle bewus is, vermeld het. Die volgende gevare was deur die 98 respondente uitgewys. Die nommer een gevaar waarna die respondente verwys het, was pornografie (27 keer), gevolg deur identiteitsdiefstal *("profile hacking")* (22 keer), kuberteistering *("cyberbullying")* (20 keer) en dan die bedreiging van Facebookgebruikers se privaatheid (19 keer). Daar was vyftien keer elk verwys na *"sexting",* seksuele predatore en verkeerde vriendskappe wat gevare vir Facebookgebruikers inhou, gevolg deur ontvoering/mensehandel (10 keer) en valse Facebookprofiele (8 keer). Daar was in 'n mindere mate na die volgende gevare verwys: persoonlike inligting wat maklik deur ander Facebookverbruikers bekom kan word (6 keer); geen gevare (5 keer); verspreiding van verkeerde inligting (5 keer); Facebookdepressie (5 keer); prostitusie (4 keer); vermorsing van tyd (4 keer); kontak met onbekende mense (4 keer); teistering (4 keer); dwelms (4 keer); geweld (4 keer); naamskending (3 keer); *"chat rooms"* (3 keer); satanisme (3 keer); *"Blue whale"* (3 keer); negatiewe gedrag (3 keer); groepsdruk (3 keer); propaganda (2 keer);

blootstelling aan gevare (2 keer); Facebookverslawing (2 keer); vuil- en beledigende taal (2 keer); negatiewe kommentaar (2 keer); leuens (2 keer); afsondering (2 keer); swendelary (1 keer); posisie bepaling (1 keer); rassime (1 keer); plasing van nuusberigte/gerugte deur oningeligte persone (1 keer); selfdoding (1 keer); disrespek teenoor ander Facebookgebruikers (1 keer) en onbetrokkenheid van ouers (1 keer) (sien resultate van vraag 7 in die tabel in addendum K).

Op die vraag oor wat die voordele van Facebook vir kinders is, het die respondente soos volg gereageer. Dit is ’n goeie kommunikasiemiddel om met familie en vriende kontak te behou (41 keer). Een en dertig van die respondente meen dat Facebook geen voordele vir kinders inhou nie. Facebook bied vir kinders ’n platform om met regte vriende vriendskappe te vestig (14 keer). Facebook bied aan kinders ’n platform vir die verspreiding van Christelike boodskappe (13 keer). Facebook bied aan kinders wat deel van groepe is die geleentheid om byvoorbeeld belanghebbenes van gemeente aktiwiteite en kinders van skoolwerk in kennis te stel (12 keer). Familie en vriende kan foto’s met mekaar deel (6 keer). Facebook bied aan gebruikers leergeleenthede (6 keer). Facebook stel kinders in staat om op hoogte van nuusgebeure te bly (6 keer). Facebook stel kinders in staat om familie en vriende met wie kontak verloor is, maklik op te spoor (5 keer). Facebookgebruikers word in kennis gestel van Facebookvriende se verjaarsdae (5 keer). Facebook stel kinders in staat om maklik en vinnig met hulle vriende in verbinding te tree (4 keer). Facebook bied gesonde vermaak vir kinders (2 keer). Facebookgebruikers kan hulle hulp maklik aan hulle vriende aanbied (1 keer). Facebookgebruikers kan maklik en goedkoop advertensies op Facebook plaas (1 keer) (sien resultate van vraag 8 in die tabel in addendum K).

Op die vraag wat ouers van hoërskoolleerders dink, die effek van plasings/inskrywings deur hulle kinders op hulle vriende het, het slegs agt (8.2%) gemeen dat dit "geen effek” het nie. Twintig (20.4%) meen dat sulke plasings ’n "geringe effek” op hulle kinders se vriende het, terwyl 33 (33.7%) van mening is dat dit ’n "redelike effek” op hulle kinders se vriende het. Vyf en dertig (35.7%) is egter daarvan oortuig dat sulke plasings ’n "groot effek” op hulle kinders se vriende se lewens uitoefen. Twee (2%) van die respondente het geen aanduiding van hulle siening gegee nie (sien resultate van vraag 9 in die tabel in addendum K).

In vraag 10 moes die ouers van hoërskoolleerders aandui tot watter mate hulle van mening is dat die aantal vriendskappe wat hulle kinders op Facebook het, hulle kinders se populariteit beïnvloed. Nege en twintig (29.6%) van ouers is van mening dat die aantal vriendskappe op Facebook "glad nie" enige invloed op hulle kind/ers uitoefen nie, met 24 (24.5%) wat glo dat dit tot 'n "geringe mate" 'n invloed op hulle kinders het. Drie en twintig (23.5%) dink dit het tot 'n "redelike mate" 'n invloed op hulle kinders se lewe, met negentien (19.4%) wat glo dat die aantal vriendskappe wat hulle kinders op Facebook het, hulle kinders se populariteit tot 'n "groot mate" beïnvloed (sien resultate van vraag 10 in die tabel in addendum K).

Op die vraag of ouers van hoërskoolleerders dink dat kinders seksueel op Facebook uitgebuit word, deur mense met bose motiewe, het drie (3.1%) "glad nie" geantwoord. Vier (4.1%) het aangedui dat dit tot 'n "geringe mate" die geval is en twintig (20.4%) dat dit tot 'n "redelike mate" die geval is. Die meerderheid van 71 (72.4%) respondente meen egter dat die seksuele uitbuiting van hoërskoolleerders, deur mense met bose motiewe tot 'n "groot mate" die geval is (sien resultate van vraag 11 in die tabel in addendum K).

Waar ouers van hoërskoolleerders moes aandui tot watter mate hulle meen dat kuberteistering *("cyberbullying",* afdreiging van kinders) 'n gevaar vir kinders inhou, het hulle soos volg gereageer. Vier (4.1%) meen dat dit "glad nie" enige gevaar vir kinders inhou nie, terwyl drie (3.1%) van mening is dat dit tot 'n "geringe mate" 'n gevaar inhou, met 23 (23.5%) wat glo dat dit tot 'n "redelike mate" 'n gevaar inhou. Die meerderheid van 68 (69.4%) is egter van mening dat kuberteistering tot 'n "groot mate" 'n gevaar vir hoërskoolleerders inhou (sien resultate van vraag 12 in die tabel in addendum K).

Waar die respondente moes aandui tot watter mate identiteitsdiefstal (dat 'n kind se identiteitsprofiel gesteel word) op die internet 'n gevaar vir kinders inhou, het slegs drie (3.1%) aangedui dat dit "glad nie" 'n gevaar vir kinders inhou nie, met vier (4.1%) wat meen dat dit tot 'n "geringe mate" 'n gevaar inhou. Vyftien (15.3%) het aangedui dat dit tot 'n "redelike mate" 'n gevaar inhou, terwyl 58 (59.2%) van mening is dat identiteitsdiefstal tot 'n "groot mate" gevare vir kinders inhou. Agtien (18.4%) "het nog nie daaraan gedink" dat identiteitsdiefstal enige gevare vir hoërskoolleerders inhou nie (sien resultate van vraag 13 in die tabel in addendum K).

In vraag 14 moes die respondente aandui of hulle dink dat hul hoërskoolleerders tyd is *"chat rooms"* spandeer. Drie en sestig (64.3%) het "ja" geantwoord, terwyl ses (6.1%) "nee" geantwoord het. Nege en twintig (29.6%) het aangedui dat hulle "nie weet" of hoërskoolleerders tyd in *"chat rooms"* spandeer nie (sien resultate van vraag 14 in die tabel in addendum K).

Die respondente moes ook aandui of hulle dink dat hulle kinders al hulle Facebook-vriende persoonlik ontmoet het. Slegs twintig (20.4%) het geantwoord dat dit "glad nie" die geval is nie, met 30 (30.6%) wat aangedui het dat hulle dink hulle kinders "slegs 'n paar" Facebook-vriende persoonlik ontmoet het. Dertig (30.6%) dink dat hulle kinders "grotendeels" al hulle Facebook-vriende ontmoet het en sestien (16.3%) het aangedui dat hulle nie "weet nie". Twee (2.0%) het nie die vraag beantwoord nie (sien resultate van vraag 15 in die tabel in addendum K).

Waar die respondente moes aandui of hulle toegang tot hulle kinders se Facebookprofiele het, het 61 (62.2%) "ja" geantwoord terwyl 33 (33.7%) "nee" geantwoord. Vier (4.1%) het geen aanduiding gegee of hulle toegang tot hulle kinders se Facebookprofiele nie (sien resultate van vraag 16 in die tabel in addendum K).

In die daaropvolgende vraag moes die ouers wat toegang tot hulle hoërskoolleerders se Facebookprofiele het, aandui hoe gereeld hulle hulself vergewis van wat op die profiele aangaan. Twee en dertig (32.7%) het aangedui dat hulle "een keer per maand" kyk, sewentien (17.3%) "een keer per week", ses (6.1%) "twee keer per week" en sestien (16.3%) "drie keer of meer per week". Sewe en twintig (27.6%) het nie die vraag geantwoord nie. Dit kan moontlik daaraan toegeskryf word, omdat hulle nie toegang tot hulle kinders se Facebookprofiele het nie (sien resultate van vraag 17 in die tabel in addendum K).

In vraag 18 moes die respondente wat op hulle kinders se Facebookprofiele ingaan, aandui of hulle al op inskrywings afgekom het, wat hulle nie goedkgekeur het nie. Nege en dertig (39.8%) het "glad nie" geantwoord, terwyl 21 (21.4%) aangedui het dat hulle "baie min kere" op inskrywings afgekom het, wat hulle nie goedgekeur het nie. Agt (8.2%) het "enkele kere" op sulke inskrywings afgekom en vyf (5.1%) het "baie keer" op sulke inskrywings afgekom. Vier (4.1%) van die respondente het aangedui dat hulle nie toegang tot hulle kinders se Facebookprofiele het nie, terwyl veertien

(14.3%) geen aanduiding gegee het nie (sien resultate van vraag 18 in die tabel in addendum K).

Die respondente moes in vraag 19 aandui tot watter mate hulle sodanige inskrywings met hulle kinders bespreek het. Twee en twintig (22.4%) het dit "glad nie" met hulle kinders bespreek nie, terwyl slegs 8 (8.2%) dit "baie min kere" met hulle kinders bespreek het. Vyftien (15.3%) het dit "enkele kere" met hulle kinders bespreek, terwyl 21 (21.4%) dit "baie kere" met hulle kinders bespreek het. Agtien (18.4%) het aangedui dat die vraag "nie van toepassing" op hulle is nie, met veertien (14.3%) wat nie die vraag beantwoord het nie (sien resultate van vraag 19 in die tabel in addendum K).

Die ouers van hoërskoolleerders moes ook aandui of hulle bewus is of hulle kinders al aan ander godsdienste buiten Christenskap op Facebook blootgestel was. Sewentien (17.3%) het "ja" geantwoord, 39 (39.8%) het "nee" geantwoord, en 41 (41.8%) het aangedui dat hulle nie "weet nie". Een (1.0%) het geen aanduiding gegee nie (sien resultate van vraag 20 in die tabel in addendum K).

Op die vraag of ouers geweet het dat hulle hul kinders se privaatheidstellings op die Facebookprofiel/e kan stel, om hulle kinders te beskerm, het 55 (56.1%) "ja" geantwoord en 40 (40.8%) het "nee" geantwoord. Drie (3.1%) van die respondente het geen aanduiding gegee nie (sien resultate van vraag 21 in die tabel in addendum K).

In die laaste vraag wat die respondente moes antwoord, moes hulle antwoord of hulle weet van die volgende toepassings *("apps")* wat hoërskoolleerders gebruik. Kik Messenger, wat gebruik word om vreemdelinge vir *"sexting"* te ontmoet. Twee en twintig (22.4%) het "ja" geantwoord en 75 (76.5%) het "nee" geantwoord. Een (1.0%) van die respondente het nie die vraag beantwoord nie (sien resultate van vraag 22.1 in die tabel in addendum K).

Met betrekking tot Snapchat, waar foto's en videos binne tien sekondes nadat dit ontvang is, verdwyn, het die respondente soos volg gereageer. Een en veertig (41.8%) het "ja" geantwoord en 57 (58.2%) het "nee" geantwoord (sien resultate van vraag 22.2 in die tabel in addendum K).

Wat Whisper aanbetref, wat gebruikers toelaat om 'n anonieme rekening te skep, terwyl dit presies wys waar verbruikers hulle bevind, was die reaksie soos volg. Nege

(9.2%) het "ja" geantwoord, terwyl 89 (90.8%) "nee" geantwoord het (sien resultate van vraag 22.3 in die tabel in addendum K).

Oor Tumblr, wat maklike toegang tot pornografie bied, het dertien (13.3%) "ja" geantwoord en 84 (85.7%) het "nee" geantwoord. Een (1.0%) het nie aangedui of hy/sy geweet het van die bestaan van die Tumblr-toepassing *("app")* nie (sien resultate van vraag 22.4 in die tabel in addendum K).

3.3.2 Statistieke ten opsigte van die verskille tussen die sewe deelnemende gemeentes

Tweerigting frekwensie tabelle en Chi-kwadraat toetse het aangedui dat daar betekenisvolle verskille tussen die onderskeie gemeentes se respondente voorgekom het. *"Cramer's V"* dui die praktiese betekenisvolheid van verskille aan en waardes bo 0.2 mag dui op prakties belangrike verskille ten opsigte van die gemeentes. Op grond hiervan word die resultate van die onderskeie gemeentes afsonderlik bespreek. Die volledige profiel met betrekking tot die ouers van hoërskoolleerders se gebruik en kennis van Facebook, waar *"Cramer's V"* > as 0.2 was, word in addendum L aangedui.

Die resultate van die navorsing onder die ouers van hoërskoolleerders het die volgende aan die lig gebring. In vraag 1 waar die ouers van hoërskoolleerders moes aandui of hulle as ouers Facebook gebruik, was die resultate soos volg. In gemeente nommers een en twee het 85.7% van die ouers "ja" geantwoord, terwyl 14.3% "nee" geantwoord het. Gemeente nommer drie het 66.7% respondente opgelewer wat "ja" geantwoord het en 33.3% wat "nee" geantwoord het. Gemeentes een, twee en drie is stedelike gemeentes wat in gegoede woonbuurte van die stad geleë is. Daar is 90.0% respondente in gemeente nommer vier wat Facebook gebruik, terwyl 10% nie van Facebook gebruik maak nie. In gemeente nommer vyf gebruik 100.0% van die respondente Facebook, met 88.9% in gemeente nommer ses, terwyl slegs 11.1% nie Facebook gebruik nie. Gemeentes vier, vyf en ses is gemeentes wat in die myngemeenskap gevestig is. In gemeente nommer sewe het 84.7% van die respondente "ja" geantwoord, met 15.3% wat "nee" geantwoord het. Gemeente sewe is 'n plattelandse gemeente. Vanuit die resultate kan waargeneem word dat die gemiddeld van ouers wat Facebook in Gauteng en die Vrystaat gebruik, bo 80% is, met die uitsondering van gemeente nommer drie waar slegs 66.7% van ouers Facebook as sosiale mediaplatform gebruik. Hieruit kan afgelei word dat die

meerderheid van ouers van hoërskoolleerders oor ’n mate van rekenaargeletterdheid beskik, wat hulle in staat stel om tot ’n sekere mate te weet waaroor Facebook gaan en waarvoor hulle kinders die spesifieke platform as kommunikasiemiddel gebruik. Navorsing wat deur Duggan *et al.* (2015:5-6) in die VSA gedoen was, het aan die lig gebring dat 75% van ouers Facebook as sosiale mediaplatform gebruik. Die gebruik van Facebook deur ouers is veral daarop gemik om kontak met familie en vriende te behou, maar dit word ook gebruik om ouerverwante inligting wat hulle as ouers belangrik ag, met mekaar te deel en mekaar sosiaal te ondersteun. Die 84.7% ouers in die sewe deelnemende gemeentes is dus heelwat meer as in die VSA. Die moontlikheid bestaan egter dat Suid-Afrikaanse ouers van hoërskoolleerders Facebook vir dieselfde redes as die Amerikaners gebruik (sien tabel 1 in addendum L).

In vraag 2 moes die respondente aandui of hulle hoërskoolleerders ’n Facebookprofiel het. Die resultate het die volgende antwoorde in die onderskeie gemeentes opgelewer. In gemeente nommer een is 82.1% van ouers bewus dat hulle hoërkinders ’n Facebookprofiel het, terwyl 17.9% se kinders nie oor ’n Facebookprofiel beskik nie. In gemeentes nommer twee, vier en sewe het 100.0% van die respondente aangedui dat hulle hoërskoolleerders wel van Facebook as sosiale mediaplatform gebruik maak. Die respondente van gemeente nommer drie het aangedui dat 66.7% van hulle hoërskoolleerders ’n Facebookprofiel het, met 33.3% wie se hoërskoolleerders nie enige Facebookprofiel het nie. Die ouers van gemeente nommer vyf het aangedui dat 71.4% van hulle hoërskoolleerders ’n Facebookprofiel het, met 14.3% wat nie ’n Facebookprofiel het nie, terwyl 14.3% nie weet of hulle kinders ’n Facebookprofiel het nie. Die respondente van gemeente nommer ses het aangedui dat 81.3% van hulle hoërskoolleerders ’n Facebookprofiel het, met 18.7% wat nie van Facebook as sosiale mediaplatform gebruik maak nie. Die gemiddeld van 82.7% ouers in die sewe gemeentes wat aangedui het dat hulle kinders Facebook as sosiale mediaplatform gebruik, dui daarop die ouers in die stede, myngemeenskappe en platteland bewus is wat in hierdie spesifieke opsig in hulle hoërskoolleerders se lewe aangaan. Die enigste noemenswaardige onderskeid tussen die Gauteng en Vrystaatgemeentes is dat gemeente nommer drie wat ’n stadsgemeente is die enigste gemeente is waar minder as 70% van die ouers aangedui het dat hulle kinders Facebook gebruik (sien tabel 2 in addendum L).

Op die vraag of die respondente se hoërskoolleerders ’n Facebookprofiel voor die ouderdom van dertien jaar geskep het, of eers daarna, wys die resultate in die onderskeie gemeentes die volgende. In gemeente nommer een is 34.8% van ouers daarvan bewus dat hulle hoërskoolleerders voor dertienjarige ouderdom ’n Facebookprofiel gehad het, met 52.2% wat aangedui het dat dit eers na dertienjarige ouderdom die geval was. Daar was 13.0% van die respondente wat aangedui het dat hulle nie weet of hulle hoërskoolleerders voor of na dertienjarige ouderdom ’n Facebookprofiel geskep het nie. In gemeente nommer vyf het 71.4% van die respondente se kinders voor die ouderdom van dertienjaar ’n Facebook profiel gehad, met 14.3% na dertien jaar en 14.3% wat "nie weet” wanneer hulle hoërskoolleerders ’n Facebookprofiel geskep het nie. In gemeente nommer ses was 25.0% van die respondente seker dat hulle hoërskoolleerders voor dertienjarige ouderdom ’n Facebookprofiel geskep het, met 43.8% wat aangedui het dat hulle kinders se Facebookprofiele na dertienjarige ouderdom geskep is. Daar was 31.2% van die ouers wat aangedui het dat hulle "nie weet” of hulle hoërskoolleerders voor of na die ouderdom van dertien ’n Facebookprofiel geskep het nie. In gemeente nommer sewe het 77.8% van die respondente aangedui dat hulle hoërskoolleerders eers na die ouderdom van dertienjaar ’n Facebook profiel geskep het, met 11.1% wat aangedui het dat dit voor dertienjarige ouderdom was en ’n verdere 11.1% wat "nie weet” of hulle kinders voor of na die ouderdom van dertien ’n Facebookprofiel geskep het nie. Die respondente van gemeentes nommer twee, drie en vier het aangedui dat hulle hoërskoolleerders nie voor die ouderdom van dertienjaar oor Facebookprofiele beskik het nie. In gemeentes nommer twee en vier het die respondente aangedui dat hulle hoërskoolleerders in 100.0% van die gevalle eers na die ouderdom van dertien ’n Facebookprofiel geskep het, terwyl dit in 89.5% die geval in gemeente nommer drie was. In gemeente nommer drie het 10.5% van die respondente aangedui dat hulle "nie weet” of hulle hoërskoolleerders voor of na die ouderdom van dertien ’n Facebookprofiel geskep het nie. Vanuit die resultate wat uit die sewe gemeentes bekom is, is dit opsigtelik dat die meerderheid van ouers in Gauteng bewus is dat hulle kinders eers na dertienjarige ouderdom ’n Facebookprofiel geskep het. Die meerderheid van twee van die drie gemeentes in die myngemeenskap het aangedui dat hulle hoërskoolleerders eers na dertienjarige ouderdom ’n Facebookprofiel geskep het. In die geval van gemeente nommer vyf het ’n baie hoë persentasie van kinders voor dertienjarige ouderdom oor ’n Facebookprofiel beskik. Dit is opvallend dat die

oorgrote meerderheid van plattelandse ouers aangedui het dat hulle kinders eers na dertienjarige ouderdom ’n Facebookprofiel geskep het. Die resultate wys daarop dat die meerderheid van ouers in ses van die sewe gemeentes seker daarvan is dat hulle hoërskoolleerders eers ’n Facebookprofiel geskep het, na die vereiste ouderdom van dertien jaar (sien tabel 3 in addendum L).

In vraag 5 was die ouers van hoërskoolleerders gevra om aan te dui hoeveel tyd hulle dink, hulle kinders per dag op Facebook spandeer. Ouers moes ’n aanduiding onder die hoofde van "weet nie", "minder as een uur", "een tot twee uur", "twee tot drie uur" en "meer as drie uur" gee. In gemeente nommer een het 8.7% gesê hulle "weet nie", terwyl 39.1% aangedui het dat dit "minder as een uur" is, met 21.7% wat meen dat dit "een tot twee uur" is, gevolg deur 26.1% wat meen dat dit "twee tot drie uur" is en 4.3% wat aangedui het dat dit "meer as drie uur" is. In gemeente nommer twee het geen ouers aangedui dat hulle nie "weet nie". ’n Totaal van 42.9% van ouers is van mening dat dit "minder as een uur" is, gevolg deur 28.6% wat weer meen dat dit "een tot twee uur" is. In 14.3% van die gevalle meen die respondente dat dit "twee tot drie uur" is en ’n verdere 14.3% is van mening dat dit "meer as drie uur" per dag is. In die geval van gemeente nommer drie het 15.8% van die respondente aangedui dat hulle nie "weet nie", met 36.8% wat meen dat dit "minder as een uur" is en 15.8% wat meen dat dit tussen "een en twee uur" is. Daar was 26.3% wat aangedui het dat hulle hoërskoolleerders "twee tot drie uur" per dag op Facebook spandeer en 5.3% wat meen dat dit "meer as drie uur" is. Wat gemeente nommer vier aanbetref het geen respondente aangedui dat hulle nie "weet nie", met 30.0% wat meen dat dit "minder as een uur" per dag is. Twintig persent het aangedui dat hulle van mening is dat hulle hoërskoolleerders "een tot twee uur" per dag op Facebook spandeer, met ’n verdere 30.0% wat meen dat dit "twee tot drie uur" per dag beloop. Die oorblywende 20% glo egter dat hulle hoërskoolleerders "meer as drie uur" per dag op Facebook deurbring. In gemeente nommer vyf het 28.6% van die respondente aangedui dat hulle "nie weet" hoeveel tyd hulle kinders op Facebook spandeer nie, met 14.3% wat meen dat dit "minder as een uur" per dag beloop. Daar was 42.9% wat van mening is dat hulle kinders "een tot twee uur" per dag op Facebook spandeer. Die oorblywende 14.3% het aangedui dat hulle kinders "twee tot drie uur" per dag op Facebook deurbring. Daar was 31.3% van die respondente van gemeente nommer ses wat aangedui het dat hulle "nie weet" hoeveel tyd hulle kinders op Facebook spandeer nie en ook 31.3%

wat van mening is dat dit "meer as drie uur" per dag beloop. 'n Verdere 12.5% meen dat hulle dink, hulle kinders spandeer "minder as een uur" per dag op Facebook, met 6.3% wat meen dat dit eerder "een tot twee uur" per dag is. Daar is 18.8% wat aangedui het dat hulle dink dat dit "twee tot drie uur" per dag is. Die ouers van gemeente nommer sewe het aangedui dat 11.1% van hulle nie "weet nie" en 22.2% is van mening dat hulle hoërskoolleerders "minder as een uur" per dag op Facebook spandeer. Daar was 33.3% van die respondente wat gemeen het dat hulle hoërskoolleerders "een tot twee uur" per dag op Facebook spandeer. Die oorblywende 33.3% is van mening dat hulle hoërskoolleerders "meer as drie uur" per dag op Facebook spandeer. Die resultate wys daarop dat die meerderheid van ouers in die drie Gautenggemeentes dit eens is dat hulle kinders minder as een uur per dag op Facebook spandeer, terwyl ouers van die drie gemeentes wat in die myngemeenskappe voorkom, uiteenlopende sieninge oor hulle kinders se tydsbesteding op Facebook het. Wat egter opsigtelik is tussen gemeentes nommer vyf en ses wat in die myngemeenskap gevestig is, is die groot persentasies van ouers wat aangedui het dat hulle nie weet hoeveel tyd hulle kinders op Facebook spandeer nie. Ouers van hoërskoolleerders op die platteland het aangedui dat hulle meen hul kinders meer tyd op Facebook spandeer as hulle eweknieë in die stede. 'n Moontlike rede hiervoor is dat die stede in Gauteng baie meer vir kinders bied om hulle mee besig te hou, as wat dorpe in die myngemeenskappe en die platteland vir kinders bied (sien tabel 4 in addendum L).

Die respondente moes in vraag 6 aangedui het hoe ingelig hulle as ouers oor die gevare is, wat Facebook vir hulle hoërskoolleerders inhou. In gemeentes nommer een is 46.4% van mening dat hulle tot 'n "redelike mate" ingelig is en 'n verdere 46.4 % glo dat hulle tot 'n "groot mate" oor die gevare wat Facebook inhou, ingelig is. Daar is 3.6% wat aangedui het dat hulle "glad nie" ingelig is nie en 3.6% wat tot 'n "geringe mate" ingelig is. In gemeente nommer twee meen 57.1% van die respondente dat hulle tot 'n "redelike mate" ingelig is, terwyl 28.6% meen dat hulle tot 'n "groot mate" ingelig is. Daar is 14.3% wat meen dat hulle tot 'n "geringe mate" ingelig is. Die uitslae van gemeente nommer drie wys dat 38.1% van die respondente meen dat hulle tot 'n "redelike mate" van die gevare wat Facebook vir hulle hoërskoolleerders inhou, ingelig is, met 33.3% wat tot 'n "geringe mate" ingelig is, 19.0% wat tot 'n "groot mate" ingelig is en 9.5% wat "glad nie" ingelig is nie. In gemeente nommer vier is daar 50.0% van

die respondente wat meen dat hulle tot ’n "redelike mate” oor die gevare wat die gebruik van Facebook vir hoërskoolleerders inhou, ingelig is. Dertig persent huldig die siening dat hulle tot ’n "groot mate” ingelig is en 20% dat hulle tot ’n"geringe mate” oor die gevare ingelig is. In die vyfde gemeente meen 71.4% van die respondente dat hulle tot ’n "geringe mate” oor die gevare wat Facebook vir hoërskoolleerders inhou, ingelig is. Die oorblywende 28.6% meen dat hulle "redelik ingelig” is. In gemeente nommer ses is die meerderheid van 31.2% van die ouers van hoërskoolleerders tot ’n "groot mate” oor die gevare wat die gebruik van Facebook inhou, ingelig. Daar is onderskeidelik 25.0% van die respondente wat tot ’n "redelike mate” ingelig is, 25.0% wat "glad nie” ingelig is nie, terwyl 18.8% tot ’n "geringe mate” van die gevare wat die gebruik van Facebook inhou, kennis dra. Die respondente van gemeente nommer sewe het aangedui dat 44.4% tot ’n "groot mate” ingelig is, terwyl 44.4% tot ’n "redelike mate” ingelig is en 11.1% tot ’n "geringe mate” ingelig is. Die resultate van die respondente in Gauteng bring aan die lig dat die grootste persentasie van ouers in al drie gemeentes tot ’n "redelike mate” oor die gevare ingelig is, wat Facebook vir hulle kinders inhou. Die resultate wys ook duidelik dat in al drie gemeentes van Gauteng die minderheid van die respondente "glad nie” ingelig is oor die gevare nie. In die geval van die drie gemeentes in die myngemeenskap, is dit duidelik dat die ouers grootliks van mekaar verskil ten opsigte van die gevare wat Facebook vir hulle kinders inhou. Die meerderheid van die respondente van die plattelandse gemeente blyk goed ingelig te wees oor die gevare wat Facebook as sosiale mediaplatform vir hulle hoërskoolleerders inhou (sien tabel 5 in addendum L).

In vraag sewe was die respondente versoek om die gevare van Facebook waarvan hulle bewus is, te vermeld. Die gevare wat die ouers genoem het sluit in: pornografie; identiteitsdiefstal; *"cyberbullying";* bedreiging van privaatheid; *"sexting";* seksuele predatore; verkeerde vriende; ontvoering (mensehandel); valse profiele; persoonlike inligting wat te maklik bekombaar is; verspreiding van verkeerde inligting; Facebookdepressie; prostitusie; vermorsing van tyd; kontak met onbekende mense; teistering; dwelms; geweld; naamskending; *"chat rooms",* satanisme; Blue whale; negatiewe gedrag; groepsdruk; propaganda; Facebookverslawing; onwelvoeglike en beledigende taal; negatiewe kommentaar; leuens; afsondering (ontrekking van mense); *"scams"* (verneukery); bepaling van posisie; rassisme; selfdoding; disrespek teenoor ander mense en die onbetrokkenheid van ouers.

Respondente was in vraag 8 gevra om die voordele van Facebook uit te lig. Hoewel daar een en dertig van die respondente was wat aangedui het, dat die gebruik van Facebook geen voordele inhou nie, was daar respondente wat die volgende voordele genoem het: dit is ’n kommunikasiemiddel waarmee kontak met familie en vriende behou kan word, veral waar daar groot afstandverskille is; opsporing van mense; kan regte vriendskappe bevorder; Christelike boodskappe kan gedeel word; maklike manier om gemeente aktiwiteite asook skoolwerk te deel; dit bied die geleentheid om te leer; nuusgebeure kan gevolg word; Facebookgebruikers weet wanneer hulle vriende verjaar; kan foto’s deel; gesonde vermaak; aanbieding van hulp en die plaas van advertensies.

Die ouers van hoërskoolleerders moes in vraag 9 aandui tot watter mate hulle meen dat hulle kinders se plasings/inskrywings op Facebook ’n uitwerking op hulle vriende het. Die respondente moes ’n keuse tussen vier opsies uitoefen, naamlik "geen effek", "geringe effek", "redelike effek" en "groot effek". Ook in hierdie geval was daar verskille tussen die onderskeie gemeentes. Die respondente van gemeente nommer een het aangedui dat hulle kinders se plasings/inskrywings op Facebook in 34.6% van gevalle ’n "groot effek" op hulle kinders se vriende het. ’n Totaal van 30.8% is van mening dat sulke plasings ’n "redelike effek" op hulle kinders se vriende uitoefen. Daar is 19.2% van die ouers wat meen dat dit "geen effek" op hulle kinders se vriende het nie, met 15.4% wat glo dat dit slegs ’n "geringe effek" op hulle kinders se vriende het. Daar was 71.4% van die respondente van gemeente nommer twee wat meen dat hulle hoërskoolleerders se plasings/inskrywings op Facebook ’n "groot effek" op hulle kinders se vriende het, terwyl 28.6% van mening is dat dit ’n "redelike effek" op hulle kinders se vriende uitoefen. In die geval van gemeente nommer drie was 42.6% van die respondente van mening dat plasings/inskrywings deur hulle kinders op Facebook net ’n "redelike effek" op hulle vriende het, met 33.3% wat glo dat dit ’n "geringe effek" uitoefen. ’n Totaal van 19.4% meen dat die effek van plasings/inskrywings deur hulle kinders ’n "groot effek" op hulle vriendekring uitoefen, met 4.8% wat aangedui het dat dat dit "geen effek" op hulle kinders se vriende het nie. Veertig persent van gemeente nommer vier se respondente het aangedui dat hulle kinders se plasings/inskrywings op Facebook ’n "groot effek" op hulle kinders se vriende uitoefen, gevolg deur 30.0% wat ’n "redelike effek" aangedui het, gevolg deur 20.0% wat meen dat dit ’n "geringe effek" op hulle kinders se vriende het, met 10.0% wat van meen dat dit "geen effek"

op hulle kinders se vriendekring het nie. Gemeente nommer vyf se uitslae wys dat 42.9% van die respondente aangedui het dat hulle hoërskoolleerders se plasings/inskrywings ’n "groot effek” op hulle kinders se vriendekring het. ’n Verdere 42.9% meen dat dit ’n "redelike effek” op hulle kinders se vriende uitoefen, terwyl 14.2% dink dat dit net ’n "geringe effek” op hulle kinders se vriendekring het. Die respondente van gemeente nommer ses het aangedui dat hulle hoërskoolleerders se plasings/inskrywings in 43.8% van die gevalle ’n "groot effek” op hulle kinders se vriendekring het. ’n Totaal van 31.2% is egter van mening dat plasings/inskrywings slegs ’n "geringe effek” op hulle kinders se vriende het, terwyl 25.0% van mening is dat dit ’n "redelike effek” op hulle kinders se vriende het. Die meerderheid van gemeente nommer sewe se respondente bestaande uit 44.4%, glo dat hulle hoërskoolleerders se plasings/inskrywings ’n "redelike effek” op hulle vriendekring het, gevolg deur 33.3% wat glo dat dit eerder ’n "groot effek” op die vriendekring sou uitoefen. In die gevalle van ’n "geringe effek” was daar 11.1% en so ook in die geval van "geen effek” 11.1%. Die grootste persentasie van ouers in Gauteng en die Vrystaat is dit eens dat die plasings/inskrywings wat hulle kinders op die se Facebookblaaie maak, ’n groot effek op hulle vriende het. Die meeste ouers van hoërskoolleerders op die platteland verskil egter hiermee en is die mening toegedaan dat die plasings/inskrywings wat hulle kinders op hul vriende se Facebookblaaie maak, slegs ’n redelike effek op hulle vriende het (sien tabel 6 in addendum L).

Daar was ook uiteenlopende menings op vraag tien, waar die respondente moes aadui of die aantal vriendskappe wat hulle hoërskoolleerders op Facebook het, hulle kinders se populariteit beïnvloed. Die ouers moes ’n aanduiding gegee het tussen "glad nie”, "geringe mate”, "redelike mate” en "groot mate.” Daar was 32.0% van gemeente nommer een se ouers wat meen dat die aantal vriende wat hulle hoërskoolleerders op Facebook het, "glad nie” hulle kinders se populariteit beïnvloed nie, gevolg deur 24.0% wat van mening is dat dit tot ’n "geringe mate” wel die geval is. Daar was ook 24.0% van die ouers wat gevoel het dat die stelling tot ’n "redelike mate” gewig dra en 20.0% was van mening dat dit tot ’n "groot mate” wel die geval is. Die respondente van gemeente nommer twee het aangedui dat die aantal vriendskappe wat hulle hoërskoolleerders op Facebook het, in 42.9% tot ’n "geringe mate” hulle kinders se populariteit bepaal. In 28.6% van die gevalle was ouers van mening dat dit "glad nie” ’n effek op hulle kinders se populariteit het nie, terwyl die oorblywende 28.6% meen

dat dit tot ’n "redelike mate” bepaal hoe populêr hulle kinders in hulle vriendekring is. Daar was 42.9% van gemeente nommer drie se respondente wat meen dat die aantal vriendskappe wat hulle kinders op Facebook het, "glad nie” hulle kinders se populariteit beïnvloed nie, gevolg deur 33.3% wat van mening is dat dit slegs tot ’n "geringe mate” ’n invloed op hulle kinders se populariteit het. Daar was 14.3% wat aangedui het dat die aantal vriendskappe wat hulle hoërskoolleerders op Facebook het, tot ’n "groot mate” hulle kinders se populariteit onder hulle vriende bepaal, met 9.5% wat glo dat dit tot ’n "redelike mate” hulle kinders se populariteit beïnvloed. Daar was 50.0% van die respondente van gemeente nommer vier wat van mening is dat die aantal vriende wat hulle hoërskoolleerders het, hulle populariteit tot ’n "redelike mate” mate bepaal, gevolg deur 30.0% wat van mening is dat dit net tot ’n "geringe mate” hulle kinders se populariteit bepaal. Daar was 10.0% van die ouers wat egter van mening is dat die aantal vriende wat hulle kinders op Facebook het, hulle kinders se populariteit tot ’n "groot mate” bepaal en nog 10.0% wat die mening toegedaan is dat dit "glad nie” hulle kinders se populariteit beïnvloed nie. Wat gemeente nommer vyf aanbetref het die resultate aan die lig gebring dat die meerderheid van 42.9% van die respondente van mening is dat die aantal vriende wat hulle kinders op Facebook het, die kinders se populariteit bepaal. Daar was 28.6% van die ouers wat egter meen dat die aantal vriendskappe op Facebook slegs tot ’n "geringe mate” hulle kinders se populariteit beïnvloed en die oorblywende 28.6% is van mening dat die aantal vriendskappe "glad nie” hulle kinders se populariteit beïnvloed nie. In gemeente nommer sewe was daar 33.3% van die respondente wat van mening is dat die aantal vriendskappe op wat hulle kinders op Facebook aanknoop, hulle kinders se populariteit tot ’n "redelike mate” beïnvloed. ’n Verdere 33.3% van die ouers meen dat die aantal vriendskappe wat hulle kinders op Facebook het, hulle populariteit tot ’n "geringe mate” beïnvloed. ’n Totaal van 22.2% glo egter dat hulle kinders se populariteit tot ’n "groot mate” deur die aantal vriendskappe wat hulle kinders op Facebook het, beïnvloed word. Daar was 11.1% van die respondente wat egter van mening is dat die hoeveelheid vriendskappe wat hulle kinders op Facebook het, "glad nie” die populariteit van hulle kinders beïnvloed nie. Dit is opmerklik dat die respondente van die gemeentes in Gauteng van mening is dat die hoeveelheid vriendskappe wat hulle kinders op Facebook het, hul populariteit "glad nie” of tot ’n "geringe mate” beïnvloed. Respondente van drie van die vier gemeentes in die Vrystaat meen egter dat die hoeveelheid vriendskappe wat hulle kinders op Facebook

het, hulle kinders in ’n "redelike mate” tot ’n "groot mate” beïnvloed. Die oorgrote meerderheid van die respondente van die plattelandse gemeente het op hulle beurt aangedui, dat die vriendskappe wat hulle kinders op Facebook het, hulle kinders in ’n "geringe mate” tot ’n "redelike mate” beïnvloed (sien tabel 7 in addendum L).

In vraag 11 was die deelnemers gevra, om aan te toon tot watter mate hulle meen dat kinders op Facebook seksueel uitgebuit kan word deur mense met bose motiewe. In ses van die sewe gemeentes was die deelnemers dit eens dat dit tot ’n "groot mate” die geval is dat kinders op Facebook seksueel uitgebuit kan word deur mense met bose motiewe. In gemeente nommer een het 82.1% van die ouers aangedui dat dit tot ’n "groot mate” die geval is. In gemeentes nommer drie en ses was daar in albei gevalle 71.4% van respondente wat tot ’n "groot mate” aangedui het, met 70.0% wat tot ’n "groot mate” aangedui het in gemeentes nommer vier en vyf. In die geval van gemeente nommer sewe was 88.9% van die respondente daarvan oortuig dat daar tot ’n "groot mate” mense met bose motiewe is wat kinders seksueel op Facebook kan uitbuit. Daar was slegs 28.6% van gemeente nommer twee se respondente wat tot ’n "groot mate” aangedui het. Waar die respondente aangedui het dat kinders tot ’n "redelike mate” seksueel op Facebook uitgebuit kan word deur mense wat bose motiewe het, het slegs 10.7% van gemeente nommer een dit so aangedui. Die meerderheid van gemeente nommer twee se respondente naamlik 71.4% was van mening dat kinders tot ’n "redelike mate” aan die gevaar van seksuele uitbuiting blootgestel kan word. Daar was slegs 14.3% van die respondente van gemeente nommer drie wat meen dat dit tot ’n "redelike mate” die geval is. Daar was 30.0% van gemeentes nommer vier en vyf wat tot ’n "redelike mate” aangedui het, met 28.6% van gemeente nommer ses en 11.1% van gemeente nommer sewe. Slegs gemeente nommer een met 7.1% en gemeente nommer drie met 9.5% van die respondente het aangedui dat seksuele uitbuiting van kinders op Facebook deur mense met bose motiewe tot ’n "geringe mate” kan voorkom. Daar was 4.8% van gemeente nommer drie se respondente wat aangedui het dat kindes op Facebook "glad nie” seksueel uitgebuit sou word nie, terwyl 12.5% van gemeente nommer ses dieselfde siening gehuldig het. Dié syfers toon aan dat die oorgrote meerderheid van die respondente in ses van die sewe deelnemende gemeentes dit eens is dat kinders op Facebook tot ’n "groot mate” seksueel uitgebuit kan word deur mense met bose motiewe. Slegs een van die gemeentes in Gauteng se respondente is van mening dat kinders tot ’n

"redelike mate" seksueel uitgebuit kan word, deur mense met bose motiewe. Respondente van twee van die drie gemeentes in Gauteng het aangedui dat hulle meen dat kinders tot 'n "geringe mate" seksueel uitgebuit kan word, deur mense met bose motiewe. Die syfer is egter in albei gevalle minder as 10.0%. Een van die gemeentes in Gauteng en een van die gemeentes in die Vrystaat se respondente het aangedui dat hulle van mening is dat kinders op Facebook "glad nie" seksueel uitgebuit kan word deur mense met bose motiewe nie. In die geval van die Gauteng gemeente is dit egter onder 5.0%, terwyl die syfer in die Vrystaat onder 15.0% is (sien tabel 8 in addendum L).

Die respondente was in vraag 12 gevra, om aan te dui tot watter mate hulle meen dat kuberteistering (*"cyberbullying",* afdreiging van kinders) 'n gevaar vir kinders inhou. Die respondente het 'n keuse gehad om hulle siening aan te dui onder die hoofde van "glad nie", "geringe mate", "redelike mate" en "groot mate". In al sewe die gemeentes was die respondente dit eens dat kuberteistering tot 'n"groot mate" vir kinders 'n gevaar inhou. In gemeente nommer een is 60.7% van die respondente van mening dat kuberteistering 'n probleem vir hoërskoolleerders inhou. In gemeentes nommer twee en vyf het 71.4 % van die respondente tot 'n "groot mate" aangedui. In gemeente nommer drie was daar 66.7% wat tot 'n "groot mate" aangedui het en 70.0% van gemeente nommer vier wat tot 'n "groot mate" aangedui het. In gemeente nommer ses het 68.8% van die deelnemers aangedui dat kuberteistering tot 'n "groot mate" vir kinders gevare inhou, terwyl 100.0% van gemeente nommer sewe meen dat dit die geval is. Waar die respondente tot 'n "redelike mate" aangedui het, was die persentasies soos volg. In gemeentes nommers een, drie en vyf was die persentasie 28.6%. In gemeente nommer twee, 14.3% met 30.0% in gemeente nommer vier en 18.8% in gemeente nommer ses. In die geval van gemeentes nommer een en sewe het 7.1% van die respondente aangedui dat kuberteistering tot 'n "geringe mate" vir kinders 'n gevaar inhou, met 14.3% in gemeente nommer twee. Die ouers wat van mening is dat kuberteistering "glad nie" 'n gevaar vir kinders inhou nie was in die minderheid. Daar was net drie gemeentes uit die sewe wat respondente in die geval opgelewer het. In gemeente nommer een was daar 3.6%, met 4.8% in gemeente nommer drie en 12.5% in gemeente nommer ses. Die syfers toon baie duidelik dat die oorgrote meerderheid van die respondente van al sewe gemeentes dit eens is dat kuberteistering (*"cyberbullying",* afdreiging van kinders) tot 'n "groot mate" 'n gevaar in vir kinders op Facebook inhou. Al die respondente van die plattelandse gemeente huldig dié siening. In die ander ses gemeentes was die respondente dit

weer eens dat kuberteistering tot ’n "redelike mate” ’n gevaar in vir kinders op Facebook inhou. Respondente in twee van die Gautenggemeentes het aangedui dat kuberteistering tot ’n "geringe mate” ’n gevaar vir kinders op Facebook inhou. In beide gevalle is die persentasie onder 15.0%. Daar was twee gemeentes in Gauteng en een in die Vrystaat waar respondente aangedui het dat kuberteistering "glad nie” ’n gevaar vir kinders op Facebook inhou nie. In beide van die Gauteng gemeentes is die syfer minder as 5.0%, terwyl dit in die geval van die gemeente in die Vrystaat 12.5% beloop (sien tabel 9 in addendum L).

In vraag 13 moes die respondente aandui tot watter mate identiteitsdiefstal (dat ’n kind se identiteitsprofiel gesteel kan word) op die internet ’n gevaar vir kinders inhou. Die respondente moes ’n keuse maak tussen "glad nie”, "geringe mate”, "redelike mate”, "groot mate” en "ek het nog nie so daaraan gedink nie”. Die resultate het die volgende aan die lig gebring. In gemeente nommer een is die meerderheid van 53.6% van die respondente van mening dat identiteitsdiefstal tot ’n "groot mate” gevare vir hoërskoolleerders inhou. Daar is 25.0% van gemeente nommer een se respondente wat glo dat identiteitsdiefstal ’n "redelike mate” van gevare vir kinders inhou, met 17.9% wat "nog nie so daaraan gedink” het nie en 3.6% wat glo dat dit tot ’n "geringe mate” gevare vir hoërskoolleerders inhou. Daar is 57.1% van die respondente van gemeente nommer twee wat tot ’n "groot mate” aangedui het en 42.9% wat tot ’n "redelike mate” aangedui het. Daar is 57.1% van die respondente in gemeente nommer drie wat tot ’n "groot mate” aangedui het, gevolg deur 23.8% wat "nog nie so daaraan gedink” het nie, gevolg deur 9.5% wat meen dat identiteitsdiefstal tot ’n "geringe mate” gevare vir hoërskoolleerders inhou. Daar was 4.8% respondente wat tot ’n "redelike mate” aangedui het, asook 4.8% wat meen dat identiteitsdiefstal "glad nie” enige gevare vir hoërskoolleerders inhou nie. Tagtig persent van die deelnemers van gemeente nommer vier het gemeen dat identiteitsdiefstal tot ’n "groot mate” gevare vir hoërskoolleerders inhou, met 20.0% wat "nog nie so daaraan gedink” het nie. Daar is 42.9% van gemeente nommer vyf se deelnemers wat tot ’n "groot mate” saamstem dat identiteitsdiefstal gevare vir hoërskoolleerders inhou. Daar is 28.6% wat "nog nie so daaraan gedink” het nie, 14.3% wat tot ’n "redelike mate” meen dat dit gevare vir hoërskoolleerders inhou en 14.3% wat meen dat dit net tot ’n "geringe mate” gevare vir hoërskoolleerders inhou. In gemeente nommer ses het 50.0% van die ouers aangedui dat hulle tot ’n "groot mate” saamstem dat identiteitsdiefstal gevare vir

hoërskoolleerders inhou. Daar was 18.8% van die ouers wat meen dat dit tot ’n "redelike mate” gevare vir hoërskoolleerders inhou en ’n verdere 18.8% wat "nog nie so daaraan gedink” het nie, met 12.5% wat glo dat identiteitsdiefstal "glad nie” gevare vir hoërskoolleerders inhou nie. In gemeente nommer sewe is daar 59.2% van die ouers wat reken dat identiteitsdiefstal tot ’n "groot mate” gevare vir hoërskoolleerders inhou, gevolg deur 18.4% wat "nog nie so daaraan gedink” het nie, met 15.3% wat aangedui het dat hulle dink, dit hou tot ’n "redelike mate” gevare vir hoërskoolleerders in. Slegs 4.1% het "geringe mate” aangedui en 3.1% wat meen dat dit "glad nie” enige gevare vir hoërskoolleerders inhou nie. Die oorgrote meerderheid van die respondente van die drie gemeentes in Gauteng en die vier gemeentes in die Vrystaat is dit eens identiteitsdiefstal (dat ’n kind se identiteitsprofiel gesteel word) op internet tot ’n "groot mate” ’n gevaar in vir kinders inhou. Waar die respondente kon aandui dat hulle "nog nie so daaraan gedink” het nie, is dit opvalled dat al vier die gemeentes in die Vrystaat se respondente dit so aangedui het, naas tot ’n "groot mate”. In die geval van die gemeentes in Gauteng het die tweede grootste aantal respondente in twee van die drie gemeentes tot ’n "redelike mate” aangedui, terwyl die ander gemeente se respondente "ek het nog nie so daaraan gedink nie” aangedui het. Minder as 10.0% van die respondente van die drie gemeentes in Gauteng en die plattelandse gemeente het aangedui dat identiteitsdiefstal op internet tot ’n "geringe mate” of "glad nie” ’n gevaar vir kinders inhou nie (sien tabel 10 in addendum L).

Ouers van hoërskoolleerders was in vraag 15 gevra of hulle dink dat hulle kinders al hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het. Die ouers moes ’n aanduiding maak onder die hoofde van "glad nie”, "slegs ’n paar”, "grotendeels” en "weet nie”. In gemeente nommer een het 33.3% van die respondente aangedui dat hulle glo dat hulle kinders "grotendeels” al hulle Facebookvriende ontmoet het, gevolg deur 25.0% wat meen dat hulle kinders "slegs ’n paar” van hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het. ’n Verdere 22.2% van die ouers is van mening dat hulle kinders "glad nie” al hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het nie, met 18.5% van die ouers wat aangedui het dat hulle nie "weet nie”. Daar is 71.4% van respondente van gemeente nommer twee wat meen dat hulle kinders al hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het. Die oorblywende 28.6% meen egter dat hulle kinders "slegs ’n paar” van hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het. In gemeente nommer drie het 50.0% "grotendeels” aangedui, gevolg deur 20.0% wat "slegs ’n paar” aangedui het, gevolg

deur 15.0% wat "glad nie" aangedui het en 15.0% wat nie "weet nie". Vyftig persent van gemeente nommer vier se respondente meen dat hulle kinders "glad nie" al hulle Facebookvriende ontmoet het nie, gevolg deur 30.0% wat van mening is dat hulle kinders "slegs 'n paar" van hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het. Daar was onderskeidelik 10.0% wat "grotendeels" aangedui het en 10.0% wat nie "weet nie". In gemeente nommer vyf het 42.9% van die deelnemers aangedui dat hulle meen dat hulle kinders "slegs 'n paar" van hulle Facebookvriende persoonlik onmoet het, gevolg deur 28.6% wat "grotendeels" aangedui het en 'n verdere 28.6% wat aangedui het dat hulle nie "weet nie". Die meerderheid van die respondente in gemeente nommer ses, naamlik 37.5% is van mening dat hulle kinders "glad nie" al hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het nie, met 31.3% wat meen dat hulle "slegs 'n paar" persoonlik ontmoet het. Vyf en twintig persent het aangedui dat hulle nie "weet nie", terwyl 6.3% glo dat hulle kinders "grotendeels" al hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het. Daar is 66.7% van gemeente nommer sewe se respondente wat aangedui het dat hulle meen hulle kinders "slegs 'n paar" van hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het, met 22.2% wat meen dat dit "grotendeels" die geval is, met 11.1% wat nie "weet nie" aangedui het. Ouers van hoërskoolleerders in Gauteng is dit eens dat hulle dink dat hul kinders "grotendeels" al hulle vriende op Facebook persoonlik ontmoet het. Hierdie siening is in al drie die gemeentes in Gauteng gevolg deur die siening dat ouers dink dat hulle kinders "slegs 'n paar" van hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het. In die vier Vrystaatse gemeentes is daar egter gemengde sieninge hieromtrent. In twee van die vier Vrystaatse gemeentes het die ouers van hoërskoolleerders aangedui dat hulle "glad nie" dink, dat hulle kinders al hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het nie, terwyl die ouers van hoërskoolleerders in die ander twee gemeentes dink dat hulle kinders "slegs 'n paar" van hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het (sien tabel 11 in addendum L).

In vraag 16 was die respondente gevra of hulle toegang tot hulle kinders se Facebookprofiel/e het. In gemeente nommer een het 70.8% aangedui dat hulle toegang tot hulle kinders se Facebookprofiele het, terwyl 29.2% nie toegang daartoe het nie. In gemeente nommer twee het 100.0% van die respondente toegang tot hulle kinders se Facebookprofiele. In gemeente nommer drie het 66.7% "ja" geantwoord, met 33.3% wat "nee" geantwoord het, terwyl gemeente nommer vier 80.0% "ja"-antwoorde en 20.0% "nee"-antwoorde opgelewer het. In gemeentes nommer vyf en

ses was daar meer respondente wat aangedui het dat hulle nie toegang tot hulle kinders se Facebookprofiele het nie. In gemeente nommer vyf het 42.9% wel toegang tot hulle kinders se Facebookprofiele, terwyl 57.1% nie toegang daartoe het nie. In gemeente nommer ses se geval het net 37.5% van die respondente aangedui dat hulle toegang tot hulle kinders se Facebookprofiele het, met 62.5% wat nie toegang daartoe het nie. In gemeente nommer sewe se geval was daar weer 66.7% van die ouers wat toegang tot hulle kinders se Facebookprofiele het, met 33.3% wat nie toegang daartoe het nie. Die meerderheid van ouers van hoërskoolleerders in die drie deelnemende gemeentes in Gauteng het aangedui dat hulle toegang tot hulle kinders se Facebookprofiele het. In die geval van die vier Vrystaatse gemeentes is daar twee gemeentes waar die meerderheid van ouers toegang tot hulle kinders se Facebookprofiele het. In die geval van die ander twee Vrystaatse gemeentes het die meerderheid van ouers nie toegang tot hulle kinders se Facebookprofiele nie. Waar ouers in die twee Vrystaatse gemeentes nie toegang tot hulle kinders se Facebookprofiele het nie, is beide die gemeentes in die myngemeenskap gevestig. Navorsing wat deur Madden *et al.* (2013:8) in die VSA gedoen is, toon dat sewentig persent (70.0%) van ouers toegang tot hulle kinders se Facebookprofiele het en dat die ouers dieselfde inligting kan sien as wat hulle kinders se vriende op Facebook kan sien. Dié persentasie is ietwat hoër as in die geval van die sewe gemeentes waar die navorsing onderneem is, wat by benadering vyf en sestig persent (65.0%) is (sien tabel 12 in addendum L).

In vraag 17 moes die ouers wat wel toegang tot hulle kinders se Facebookprofiele het reageer. Die respondente wat aangedui het dat hulle wel toegang tot hulle kinders se Facebookprofiele het, het die volgende aanduidings gegee, op die vraag hoe gereeld hulle hulself vergewis van dit wat op hulle kinders se Facebookprofiele aangaan. In gemeente nommer een gaan 47.4% van die ouers een keer per maand op hulle kinders se Facebookprofiele in, gevolg deur 31.6% wat drie keer of meer per week ingaan, met 15.8% wat een keer per week kyk en 5.3% wat twee keer per week kyk. In gemeente nommer twee is daar 42.9% wat een maal per week ingaan, met ’n verdere 42.9% wat een keer per week ingaan en 14.2% wat twee keer per week ingaan. In gemeente nommer drie gaan 57.1% van die respondente een keer per maand in, gevolg deur 21.4% wat een keer per week ingaan, met 14.3% wat drie keer of meer per week ingaan en 7.1% wat twee keer per week ingaan. Gemeente nommer

vier se respondente het aangedui dat 50.0% van hulle slegs een keer per maand op hulle kinders se Facebookprofiele ingaan om hulleself te vergewis van wat daar aangaan, met 25.0% wat twee keer per week gaan kyk. Daar is 12.5% wat drie keer of meer per week gaan kyk en 12.5% wat een keer per week gaan kyk. In die geval van gemeente nommer vyf is daar 50.0% wat hulleself een keer per week vergewis wat op hulle kinders se Faceboekprofiele aangaan, gevolg deur 33.3% wat een keer per week gaan kyk en 16.7% wat drie keer of meer gaan kyk. Gemeente nommer ses het 40.0% ouers wat eek keer per maand gaan kyk, wat op hulle kinders se Facebookprofiele aangaan, gevolg deur gelyke hoeveelhede van 30.0% wat drie keer en meer per week en een keer per week gaan kyk. Gemeente nommer sewe is die enigste van die sewe gemeentes waar ouers in die meerderheid van gevalle, 42.9%, drie keer of meer per week hulleself vergewis wat op hulle kinders se Facebookprofiele aangaan, gevolg deur 28.6% wat een keer per week kyk, met gelyke persentasies van 14.3% een keer per maand en een keer per week kyk. Die meerderheid van die respondente in die drie gemeentes in Gauteng en die drie gemeentes wat in die myngemeenskap gevestig is, vergewis hulleself een keer per maand van dit wat op hulle kinders se Facebookprofiele aangaan, terwyl die meerderheid van respondente op die platteland drie keer of meer per week hulleself vergewis van dit wat op hulle kinders se Facebookprofiele aangaan. Die moontlikheid bestaan dat ouers op die platteland hulleself meer gereeld vergewis van dit wat op die Facebookprofiele van hulle kinders aangaan, omdat hulle kinders volgens hulle eie menings meer tyd op Facebook spandeer as wat die ouers in die ander gemeentes aangedui het (vgl. tabel 4 in addendum L) (sien tabel 13 in addendum L).

In vraag 18 moes die ouers wat op hulle kinders se Facebookprofiele ingaan, aandui tot watter mate hulle al op inskrywings afgekom het, wat hulle nie goedkeur nie. Ouers moes aandui tussen "glad nie", "baie min kere", "enkele kere", "baie keer", "ek gaan nie in nie" en "ek het nie toegang nie". In gemeente nommer een het 60.0% van die respondente "glad nie" aangedui, gevolg deur 25.0% wat "baie min kere" geantwoord het, met 10.0% "baie keer" en 5.0% "enkele kere". Gemeente nommer twee se respondente het soos volg gereageer. Die meerderheid van 57.1% het "glad nie" geantwoord, met 28.6% "enkele kere" en 14.3% "baie min kere". In gemeente nommer drie het die meerderheid van 45.0% van die respondente "glad nie" geantwoord, met 25.0% wat "baie min kere" aangedui het, gevolg deur 15.0% wat geantwoord het dat

hulle "nie ingaan nie". 'n Verdere 10.0% van die ouers het aangedui dat hulle "baie keer" op inskrywings afgekom het, wat hulle nie goedgekeur het nie, met 5.0% wat "enkele kere" op onvanpaste inskrywings afgekom het. Gemeente nommer vier se respondente het in die meerderheid van gevalle, 44.4%, aangedui dat hulle "glad nie" op inskrywings afgekom het, wat hulle nie goedkeur nie. In 22.2% van die gevalle het ouers "baie min kere" op onvanpaste inskrywings afgekom. Ouers wat "enkele kere" en "baie keer" aangedui het, was in beide gevalle 11.1%, terwyl nog 11.1% aangedui het dat hulle "nie toegang" tot hulle kinders se Facebookprofiele het nie. In gemeente nommer vyf het die meerderheid van 42.9% "glad nie" aangedui. Die oorblywende respondente het in gelyke persentasies van 14.3% "baie min", "enkele kere", "ek gaan nie in nie" en "ek het nie toegang nie" geantwoord. Wat gemeente nommer ses aanbetref het 33.3% "glad nie" en 33.3% "baie mn kere" aangedui, gevolg deur 16.7% wat "nie toegang het nie" en 8.3% wat sê "ek gaan nie in nie". In gemeente nommer sewe was daar ook 33.3% van die ouers wat "glad nie" geantwoord het en 33.3% wat "baie min kere" aangetoon het. 'n Verdere 22.2% het aangedui dat hulle nie op hulle kinders se Facebookprofiele ingaan nie, met 11.1% wat aangedui het dat hulle "enkele kere" op inskrywings afgekom het, wat hulle nie goedgekeur het nie. In al sewe die gemeentes het die meeste respondente aangedui dat hulle "glad nie" op inskrywings op hulle kinders se Facebookprofiele afgekom het wat hulle nie goedkeur nie. In die gemeentes in Gauteng en die Vrystaat is daar 'n gelyke aantal respondente wat "enkele kere" aangedui het. In Gauteng het vier ouers aangedui, dat hulle al "baie keer" op inskrywings van hulle kinders op Facebook afgekom het wat hulle nie goedkeur nie, terwyl slegs een van die respondente in die vier Vrystaatse gemeentes "baie keer" op inskrywings van sy/haar kind op Facebook afgekom het, wat hy/sy nie goedkeur nie (sien tabel 14 in addendum L).

Respondente moes in vraag 19 aangedui het of hulle die inskrywings van hulle kinders wat hulle nie goedgekeur het nie, met die kinders bespreek het. Die respondente kon hulle antwoorde aangedui het onder, "glad nie", "baie min kere", "enkele kere", "baie keer" en "nie van toepassing". In gemeente nommer een het 31.8% van die respondente aangedui dat hulle dit "baie keer" met hulle kinders bespreek het, terwyl 'n verdere 38.1% dit "glad nie" met hulle kinders bespreek het nie. In 22.7% het ouers dit "enkele kere" en 9.1% "baie min kere" met hulle kinders bespreek. Vyftig persent van gemeente nommer twee se respondente het aangedui dat hulle verkeerde

inskrywings "baie keer" met hulle kinders bespreek het, terwyl 50.0% aangedui het dat hulle sulke inskrywings "glad nie" met hulle kinders bespreek het nie. In die geval van gemeente nommer drie het 35.0% van die respondente "nie van toepassing" geantwoord, met 25.0% "glad nie", 15.0% "baie min kere", 15.0% "enkele kere" en 10.0% "baie keer". In gemeente nommer vier was daar 44.4% van die ouers wat "nie van toepassing" geantwoord het, met 22.2% "baie keer", 22.2% "enkele kere", terwyl 11.1% "glad nie" onvanpaste inskrywings met hulle kinders bespreek het nie. In gemeente nommer vyf het 28.6% van ouers aangedui dat hulle "baie keer" met hulle kinders gepraat het, oor inskrywings wat hulle nie goedgekeur het nie. Daar was 'n verdere 28.6% wat "baie min kere" met hulle kinders oor verkeerde inskrywings gepraat het, met nog 28.6% wat "glad nie" met hulle kinders daaroor gepraat het nie. Daar was 14.3% van die respondente wat aangedui het dat die vraag "nie van toepassing" op hulle is nie. Wat gemeente nommer ses aanbetref het 27.3% "nie van toepassing" aangedui, 27.3% het "baie keer" met hulle kinders oor verkeerde inskrywings gepraat, terwyl nog 27.3% het "enkele kere" met hulle kinders daaroor gepraat het. In 18.1% van die gevalle het ouers "glad nie" met hulle kinders oor verkeerde inskrywings gepraat nie. Gemeente nommer sewe se respondente het in 22.2% van die gevalle "nie van toepassing" aangedui, met nog 22.2% wat verkeerde inskrywings "baie keer" aangespreek het. Daar was ook 22.2% wat verkeerde inskrywings wat hulle kinders gemaak het, "enkele kere" aangespreek het en 22.2% wat dit "glad nie" met hulle kinders bespreek het nie. In 11.1% van die gevalle was verkeerde inskrywings deur kinders "baie min kere" deur hulle ouers met hulle bespreek. In twee van die drie gemeentes in Gauteng is daar gelyke hoeveelhede van ouers van hoërskoolleerders wat aangedui het dat hulle verkeerde inskrywings van hulle kinders op Facebook "baie keer" of "glad nie" aangespreek het nie. Dié tendens het in drie van die vier gemeentes van die Vrystaat ook voorgekom, terwyl daar in die een gemeente wat in die myngemeenskap gevestig is, gelyke hoeveelhede van respondente "baie keer", "glad nie" of "baie min kere" geantwoord het. Wat groot kommer by die navorser wek, is dat daar in meer as vyf en twintig persent van gevalle is waar ouers op verkeerde inskrywings op hulle kinders se Facebookprofiele afkom en "glad nie" met die kinders oor die inskrywings gepraat word nie (sien tabel 15 in addendum L).

In vraag 20 was ouers gevra of hulle weet of hulle kind of kinders al aan ander godsdienste buiten Christengodsdiens op Facebook blootgestel was. Die respondente van die sewe gemeentes het soos volg geantwoord. Gemeente nommer een het 55.6% respondente gehad wat "weet nie" geantwoord het, gevolg deur 29.6% wat "ja" geantwoord het en 14.8% wat "nee" geantwoord het. In gemeente nommer twee het die meerderheid van 57.1% "nee" geantwoord, terwyl 28.6% nie "weet nie" en 14.3% wat "ja" geantwoord het. Ook in die geval van gemeente nommer drie het die meerderheid van 42.9% aangedui dat hulle nie weet nie, met 38.1% wat "nee" aangedui het en 19.0% wat "ja" geantwoord het. In gemeente nommer vier het die meerderheid van 70.0% "nee" geantwoord, terwyl 30.0% aangedui het dat hulle nie "weet nie". Daar was geen ouers wat aangedui het dat hulle kinders al aan ander godsdienste buiten Christengodsdiens blootgestel was nie. Daar was 57.1% van die respondente van gemeente nommer vyf het aangedui dat hulle nie "weet nie" en 42.9% wat "nee" geantwoord het. Gemeente nommer vyf het ook geen respondente gehad wat "ja" op die vraag geantwoord het nie. Gemeente nommer ses het 50.0% respondente opgelewer wat "nee" geantwoord het, terwyl 37.5% aangedui het dat hulle nie "weet nie" en 12.5% wat "ja" geantwoord het. 'n Meerderheid van 55.6% van gemeente nommer sewe se respondente het "nee" geantwoord, terwyl 22.2% "ja" geantwoord het en 22.2% nie "weet nie". In die geval van die drie gemeentes in Gauteng het die meerderheid van respondente in twee van die gemeentes "weet nie" geantwoord op die vraag of hulle weet of hulle kinders al aan ander godsdienste buiten Christengodsdiens op Facebook blootgestel was. In die ander geval het die meeste ouers "nee" aangedui. Respondente in drie van die vier Vrystaatgemeentes het op hulle beurt met groter sekerheid aangedui dat hulle kinders nog nie aan ander godsdienste behalwe die Christengodsdiens blootgestel was nie, terwyl die meerderheid van een van die gemeentes wat in die myngemeenskap gevestig is, se respondente aangedui het dat hulle nie weet of hulle kinders al aan ander godsdienste buiten die Christengodsdiens op Facebook blootgestel is nie (sien tabel 16 in addendum L).

In vraag 21 was die ouers van hoërskoolleerders gevra of hulle bewus is dat hulle hul kinders se privaatheidstellings op die Facebookprofiel/e kan stel, om hulle kinders te beskerm. Daar was 68.0% van die respondente van gemeente nommer een wat "ja" geantwoord het en 32.0% wat "nee" geantwoord het. In gemeente nommer twee het

71.4% "ja" en 28.6% "nee" geantwoord, terwyl 57.1% van die respondente van gemeente nommer drie "ja" en 42.9% "nee" geantwoord het. In gemeente nommer vier het 80.0% van die ouers "ja" geantwoord en 20.0% het "nee" geantwoord. In gemeente nommer sewe het die meerderheid van 55.6% "ja" geantwoord, met 44.4% wat "nee" geantwoord het. In die gevalle van gemeentes vyf en ses het die meerderheid van respondente "nee" geantwoord. Gemeente nommer vyf het 85.7% respondente opgelewer wat "nee" geantwoord het, terwyl slegs 14.3% "ja" geantwoord het. In gemeente nommer ses het 55.6% "ja" geantwoord, met 44.4% wat "nee" geantwoord het. Die meerderheid van die respondente in die drie Gauteng gemeentes is bewus van die feit dat die privaatheidstellings op hulle kinders se Facebookprofiele gestel kan word om hulle kinders te beskerm. Twee van die vier gemeentes in die Vrystaat se respondente is egter nie bewus daarvan dat hulle hul kinders se privaatheidstellings op die Facebookprofiel/e kan stel om jou kinders te beskerm nie. Die hoë persentasie van ouers in al sewe die deelnemende gemeentes (42.1%) wat nie weet dat die privaatheidstellings op hulle kinders se profiele gestel kan word om hulle kinders te beskerm nie, is egter 'n verdere rede tot kommer. Singh en Singh (2017:2696) wys daarop dat sommige gebruikers van sosiale media, insluitende Facebook, nie bewus is van die gevare wat dit vir hulle inhou wanneer persoonlike inligting soos adresse, telefoonnommers en geboortedatums gedeel word nie. Die moontlikheid bestaan dat sommige hoërskoolleerders naïef is en persoonlike inligting op Facebook deel, sonder om oor die nadelige gevolge daarvan te besin. Dit is juis om hierdie rede dat ouers van hoërskoolleerders wat Facebook (en ander sosiale mediaplatforms) gebruik, hulleself deeglik van die privaatheidstellings van Facebook (en die ander sosiale mediaplatforms) moet vergewis, ten einde hulle kinders beter teen die gevare van sosiale media te beskerm (sien tabel 17 in addendum L).

In vraag 22 was ouers gevra of hulle van die volgende toepassings *("apps")* weet wat party hoërskoolleerders gebruik. Met betrekking tot Snapchat (vraag 22.2), waar foto's en videos binne 10 sekondes nadat dit ontvang is, verdwyn, het die respondente van die sewe gemeentes soos volg gereageer. In gemeente nommer een het 57.1% "nee" geantwoord, met 42.9% wat "ja" geantwoord het. In gemeente nommer twee het 100.0% van die respondente "ja" geantwoord, terwyl die meenderheid van 61.9% van gemeente nommer drie se ouers "nee" geantwoord het en 38.1% wat "ja" geantwoord het. Daar was in gemeentes nommer vier en ses 50.0% van die respondente wat "ja"

en 50.0% wat "nee" geantwoord het. In gemeente nommer vyf het 100.0% van die respondente aangedui dat hulle nie van die Snapchat-toepassing kennis dra nie. Die meerderheid van 88.9% van gemeente nommer sewe se ouers het "nee" geantwoord en slegs 11.1% het "ja" geantwoord. Die resultate bring aan die lig dat die meerderheid van ouers in twee van die drie gemeentes in Gauteng nie van die Snapchat-toepassing bewus is nie, terwyl al die respondente van die ander Gautenggemeente wel daarvan bewus is. In die vier gemeentes van die Vrystaat is daar ook twee van die gemeentes waar die oorgrote meerderheid van ouers nie van die Snapchat-toepassing bewus is nie. In die ander twee gemeentes het die helfte van die respondente aangedui dat hulle van die Snapchat-toepassing bewus is, terwyl die ander helfte nie daarvan bewus is nie (sien tabel 18 in addendum L).

In vraag 22.3 moes ouers aandui of hulle van die Whisper-toepassing kennis dra, wat gebruikers toelaat om 'n anonieme rekening te skep, terwyl dit presies wys waar gebruikers hulle bevind. Gemeente nommer een het 78.6% respondente opgelewer wat "nee" geantwoord het en 21.4% wat "ja" geantwoord het. In gemeentes twee, vier en vyf het 100.0% van die ouers aangedui dat hulle nie van die Whisper-toepassing kennis dra nie. Gemeente nommer drie het 95.2% respondente opgelewer wat "nee" geantwoord het , met slegs 4.8% wat "ja" geantwoord het, terwyl gemeente nommer sewe 88.9% respondente gehad het wat "nee" geantwoord het en 11.1% wat "ja" geantwoord het. Die oorgrote meerderheid van die respondente van die drie Gauteng gemeentes en dié van die vier Vrystaat gemeentes (90.8%) het dus aangedui dat hulle nie van die Whisper-toepassing kennis dra nie. Een van die grootste gevare wat die Whisper-toepassing vir tieners inhou, is dat seksuele predatore kwesbare tieners kan identifiseer en vasstel waar hulle hulself bevind. Volgens Grauer (2015) kan Whisper-gebruikers se posisie met redelike groot akkuraatheid bepaal word, binne 'n 500 meter radius (vgl. Larson, 2014). Die aanduiding van so groot aantal ouers wat nie van die Whisper-toepassing kennis dra nie, wek groot kommer omdat oningeligte ouers na alle waarskynlikheid nie hulle kinders teen die gevare van die Whisper-toepassing sal kan beskerm nie (sien tabel 19 in addendum L).

Respondente was in vraag 22.4 gevra of hulle van die Tumblr-toepassing weet, wat maklike toegang tot pornografie bied. In al sewe gemeentes het die oorgrote meerderheid van die respondente (86.6%) "nee" geantwoord. Die resultate het aan

die lig gebring dat 74.1% van gemeente nommer een se respondente nie van die Tumblr-toepassing kennis dra nie, terwyl daar 25.9% was wat wel daarvan bewus was. In gemeente nommer twee het 85.7% "nee" geantwoord en 14.3% wat "ja" aangedui het, terwyl daar in gemeente nommer drie 90.5% was wat "nee" geantwoord het en 9.5% wat "ja" geantwoord het. Al die respondente van gemeente nommer vier het te kenne gegee dat hulle geensins van die Tumblr-toepassing kennis dra nie. Daar was 85.7% van die respondente in gemeente nommer vyf wat "nee" geantwoord het en 14.3% wat "ja" geantwoord het, terwyl gemeente nommer ses se respondente aangedui het dat 93.7% nie van die Tumblr-toepassing bewus is nie, met 6.3% wat wel daarvan kennis dra. Daar is 88.9% van gemeente nommer sewe se ouers wat "nee" geantwoord het en 11.1% wat "ja" geantwoord het. Siende dat so 'n groot aantal respondente aangedui het dat hulle nie van Tumblr-toepassing kennis dra nie, bestaan die moontlikheid dat hulle nie oor die nodige kennis beskik om die probleme wat die gebruik van Tumblr kan veroorsaak, die hoof te bied nie. Ochs (2017a) maan ouers van tieners om hulle kinders deeglik oor die gevare van Tumblr in te lig en om die kinders aan te moedig om 'n meer gepaste toepassing wat veilig is te gebruik (sien tabel 20 in addendum L).

3.3.3 Verskille tussen die gemeentes van Gauteng en die gemeentes van die Vrystaat ten opsigte van die antwoorde wat die respondente verskaf het

Daar was vyf vrae in die vraelys waar prakties betekenisvolle verskille tussen die twee provinsies se respondente voorgekom het. Die volledige profiel met betrekking tot die die verskille tussen die gemeentes van Gauteng die gemeentes van die Vrystaat, waar "Cramer's V" > as 0.2 was, word in addendum M aangedui.

Die resultate van die navorsing tussen die Gauteng- en Vrystaatprovinsies het die volgende aan die lig gebring. In vraag vyf waar die respondente gevra was om aan te dui hoeveel tyd hulle dink hul kinders op Facebook spandeer, meen 38.8% van die ouers van Gauteng dat hulle kinders minder as een uur per dag op Facebook spandeer, gevolg deur 20.4% wat meen dat dit tussen een en twee uur per dag is. Die meerderheid van 23.8% van die ouers van die Vrystaat egter van mening dat hulle kinders meer as drie uur per dag op Facebook spandeer, gevolg deur 21.4% wat meen dat dit tussen een en twee uur per dag beloop (sien tabel 1 in addendum M). In

Gauteng is ouers dus van mening dat hulle kinders minder tyd op Facebook spandeer as in die Vrystaat. Interessant genoeg toon Lenhart (2015) se navorsing in die Verenigde State van Amerika (VSA) dat tieners wie se ouers in die lae inkomstekategorie val, meer van Facebook gebruik maak as tieners wie se ouers in hoër inkomstegroepe val. Vanuit Lenhart (2015) se navorsing is dit egter opvallend dat tieners in stedelike gebiede meer tyd op Facebook spandeer as tieners op die platteland. In die twee Suid-Afrikaanse provinsies verskil dit egter. Dit kan moontlik beteken dat ouers in Gauteng nie ten volle ingelig is oor hulle hoërskoolleerders se gebruik van Facebook nie, of dat tieners in Suid-Afrika se Facebook-gebruik van dié van die VSA verskil.

In vraag 10 waar ouers gevra was of hulle dink die aantal vriendskappe wat hulle kind op Facebook het, sy of haar populariteit beïnvloed, was daar uiteenlopende verskille tussen die twee provinsies. Ouers moes hul antwoord vanuit "geringe mate", "glad nie", "redelike mate" en "groot mate" kies. Daar was 35.8% van die ouers van Gauteng wat "glad nie" geantwoord het, met 30.2% wat aangedui het dat dit tot 'n "geringe mate" die geval mag wees. Een en dertig persent (31.0%) van die ouers van die Vrystaatse gemeentes het aangedui dat dit tot 'n "redelike mate" die geval is, met 26.2% wat tot 'n "groot mate" geantwoord het (sien tabel 2 in addendum M). Die uitslag van die kwantitatiewe navorsing het ook aan die lig gebring dat die meerderheid van ouers van hoërskoolleerders in Gauteng van mening is dat die aantal vriendskappe wat hulle hoërskoolleerders op Facebook het, nie noodwendig hulle kinders se populariteit beïnvloed nie. Die meerderheid van ouers van hoërskoolleerders in die Vrystaat is egter van mening dat die aantal vriende wat hulle kinders op Facebook het, gewis 'n invloed op hulle populariteit het.

Respondente moes in vraag 15 aangedui het of hulle dink dat hulle kinders al hul Facebookvriende persoonlik ontmoet het. Die respondente moes tussen "glad nie", "slegs 'n paar", "grotendeels" en "weet nie" kies. Daar was 44.4% van die respondente van Gauteng wat meen dat hulle kinders "grotendeels" al hulle Facebookvriende ontmoet het, gevolg deur 21.4% wat meen dat hulle "slegs 'n paar" ontmoet het. Die meerderheid van 40.5% van die Vrystaatse ouers het aangedui dat hulle kinders "slegs 'n paar" van hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het, terwyl 26.2% "glad nie" geantwoord het (sien tabel 3 in addendum M). Dit impliseer dat die meederheid van ouers van hoërskoolleerders in Gauteng meen dat hulle kinders die meeste van

hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het, terwyl die meerderheid van ouers van hoërskoolleerders in die Vrystaat die siening huldig dat hulle kinders die minderheid van hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het. Lenhart *et al.* (2015) wys daarop dat die ontstaan van nuwe vriendskappe nie as iets gesien word wat slegs tot die skoolgronde, sportvelde en woonbuurte beperk is nie. Die meeste van hierdie vriendskappe "stay in the digital space" en in die absolute minderheid van gevalle het tieners al hulle aanlyn-vriende persoonlik ontmoet.

Ouers was in vraag 18 gevra om aan te dui of hulle al op inskrywings op hulle kinders se Facebookprofiele afgekom het, wat hulle nie goedgekeur het nie. Die grootste persentasie van die ouers in Gauteng, 53.2% het "glad nie" geantwoord, gevolg deur 23.4% wat "baie min kere" geantwoord het. In die Vrystaat was daar 37.8% van die ouers "glad nie" geantwoord, met 27.0% wat "baie min kere" aangedui het (sien tabel 4 in addendum M). Ten opsigte van hierdie vraag is daar redelike eenstemmigheid tussen die respondente van Gauteng en die Vrystaat.

In vraag 20 waar ouers van hoërskoolleerders moes aandui of hulle weet of hul kind/ers al aan ander godsdienste buiten Christengodsdiens op Facebook blootgestel was, was daar noemenswaardige verskille. Die ouers moes "ja", "nee" of "weet nie" antwoord. In Gauteng het die meerderheid van 47.3% van die respondente aangedui dat hulle nie "weet nie", gevolg deur 29.1% wat "nee" geantwoord het en 23.6% wat "ja" aangedui het. Daar was in die Vrystaat 54.8% wat "nee" geantwoord het, 37.5% wat nie "weet nie" geantwoord het en slegs 9.5% wat "ja" geantwoord het. Die meerderheid van ouers van hoërskoolleerders in Gauteng is nie bewus of hulle kinders al aan ander godsdienste buiten die Christengodsdiens blootgestel is nie, terwyl die meerderheid van ouers in die Vrystaat egter oortuig is dat hulle kinders nie aan ander godsdienste buiten die Christengodsdiens blootgestel is nie. Die meerderheid van ouers van hoërskoolleerders in Gauteng is nie bewus of hulle kinders al aan ander godsdienste buiten die Christengodsdiens blootgestel is nie, terwyl die meerderheid van ouers in die Vrystaat egter oortuig is dat hulle kinders nie aan ander godsdienste buiten die Christengodsdiens blootgestel is nie (sien tabel 5 in addendum M).

3.4 GEVOLGTREKKING

Die kwantitatiewe navorsing het die volgende belangrike feite aan die lig gebring met betrekking tot die gebruik van Facebook as sosiale mediaplatform en die invloed wat kerkleierskap meen die gebruik daarvan op hoërskoolleerders het.

Die kwalitatiewe navorsing het die volgende punte aan die lig gebring:

- Dat daar hoërskoolleerders is wat nie te alle tye heeltemal eerlik met hulle ouers is nie.
- Dat hoërskoolleerders van akronieme gebruik maak om hulle ouers in die duister te hou oor dit waarmee hulle werklik besig is.
- Dat Facebook in baie gevalle vir hoërskoolleerders dikteer wat sosiaal aanvaarbaar en onaanvaarbaar is. Dit kan weer aanleiding gee dat kinders hulleself met hulle vriende vergelyk, wat in sommige gevalle kan tot 'n lae of swak selfbeeld lei.
- Dat daar ouers van hoërskoolleerders is wat tot 'n mindere of meerdere mate oningelig is oor sosiale media, wat dit behels en dat sommige van hulle naïef is oor die gevare van Facebook.
- Dat 'n speletjie soos Blue whale wat selfdoding aanmoedig 'n ernstige gevaar vir hoërskoolleerders inhou.
- Dat die gebruik van Facebook as sosiale mediaplatform direk bydra tot die afbreek van Christelike morele waardes en dat daar baie van die dinge waaraan hoërskoolleerders op Facebook blootgestel word, in direkte teenstelling met die boodskap van die Bybel as gesaghebbende woord van God staan.
- Dat die blootstelling aan pornografie, *"sexting", "cyberbullying",* Facebookdepressie, geslote groepe, die blootstelling aan geweld, die deel van eksplisiete foto's en sekere plasings ernstige gevare vir hoërskoolleerders inhou.
- Dat seksuele predatore wat hulleself onder valse Facebookprofiele met niksvermoedende hoërskoolleerders bevriend, 'n toenemende gevaar is.
- Dat daar gevaarlike speletjies soos *Blue whale* is, wat lewensgevaarlik vir hoërskoolleerders kan wees.

Vanuit die kwalitatiewe navorsing wat gedoen is, is diegene in kerkleierskap dit eens dat Facebook as sosiale mediaplatform ’n baie negatiewe en afbrekende invloed op die lewens van hoërskoolleerders uitoefen.

In die kwantitatiewe fase van die navorsing is sewe AGS-gemeentes by die navorsing betrek. Drie daarvan is stedelike gemeentes in Gauteng en dit is in gegoede gedeeltes van die stad geleë. ’n Verdere drie gemeentes wat in die Vrystaat is, is in die myngemeenskap gevestig, terwyl daar ook een plattelandse gemeente van die Vrystaat betrek is.

Die resultate wat uit die kwantitatiewe navorsing onder ouers van hoërskoolleerders bekom is met die vrae wat betrekking op Facebook en die gebruik daarvan as sosiale mediaplatform het, het heelwat ooreenstemming met die kwalitatiewe navorsing getoon. Daar was heelwat verskille tussen die onderskeie gemeentes en ook enkele verskille tussen die twee provinsies se respondente.

Die resultate wys die volgende:

- Dat die meerderheid van ouers self Facebook as sosiale mediaplatform gebruik.
- Dat die meeste ouers bewus is van die feit dat hulle hoërskoolleerders ’n Facebookprofiel het.
- Dat daar hoërskoolleerders is wat ’n Facebookprofiel gehad het voor dertienjarige ouderdom.
- Dat daar verdeelde sieninge onder die respondente is oor hoeveel tyd hulle hoërskoolleerders daagliks op Facebook spandeer.
- Dat die meerderheid van ouers bewus is van sekere gevare wat Facebook vir hoërskoolleerders inhou.
- Dat daar egter ook ouers (20.4%) van hoërskoolleerders is wat net tot ’n geringe mate of glad nie (7.1%) oor die gevare van Facebook ingelig is nie.
- Dat die meerderheid van die ouers (29.6%) van die sewe gemeentes van mening is dat die aantal vriendskappe wat hulle kinders op Facebook het, nie hulle kinders se populariteit bepaal nie.
- Dat die meerderheid van die respondente (72.4%) glo dat kinders op Facebook seksueel uitgebuit kan word, deur mense met bose motiewe.

- Dat die respondente in al sewe gemeentes is dit eens dat pornografie, *"sexting", "cyberbullying"* en identiteitsdiefstal gevare vir hoërskoolleerders op Facebook inhou.
- Dat daar verdeelde sieninge onder ouers is of hulle kinders al hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het.
- Dat nie alle ouers toegang tot hulle kinders se Facebookprofiele het nie en dit kan lei tot onvanpaste inskrywings en blootstelling aan mense met verkeerde motiewe, wat die beskerming van die kinders kan bemoeilik.
- Dat ouers wat wel toegang tot hulle kinders se Facebookprofiele het, vanaf twee tot drie keer per week tot slegs een keer per maand hulleself vergewis wat op hulle kinders se Facebookprofiele aangaan.
- Dat ouers wat op verkeerde inskrywings op hulle kinders se Facebookprofiele afgekom het, nie noodwendig die inskrywings met hulle bespreek nie. Dit kan dus daartoe lei dat dié kinders wat hulleself aan die gedrag skuldig maak, sal volhard om verkeerde inskrywings op hulle Facebookprofiele te *"post".*
- Dat daar 17.5% van hoërskoolleerders is wat volgens hulle ouers al op Facebook aan ander godsdienste buiten die Christengodsdiens blootgestel was.
- Dat nie alle ouers (40.8%) bewus is dat hulle kinders se privaatheidstellings op Facebook gestel kan word, om hulle kinders te beskerm nie.
- Dat daar baie ouers is was nie van toepassings *("apps")* soos Snapchat, Whisper en Tumblr bewus is nie.

Die inligting wat bekom is met die kwalitatiewe en eerste rondte van die kwantitatiewe navorsing het aan die lig gebring wat Osmer se beskrywend-empiriese taak ten doel het, naamlik om die vraag, "Wat gebeur tans?" te beantwoord. Vanuit die kwalitatiewe navorsing is dit duidelik dat Facebook as sosiale mediaplatform in 'n seker sin 'n negatiewe invloed op die lewe van hoërskoolleerders uitoefen en dat alle ouers van hoërskoolleerders nie ten volle toegerus is om die gevare waarmee die kinders gekonfronteer word, die hoof te bied nie.

Die resultate wat die kwalitatiewe navorsing reeds opgelewer het is voldoende bewys dat dit nodig is dat daar pastorale riglyne neergelê moet word, ten einde ouers en hulle hoërskoolleerders toe te rus om Facebook op 'n verantwoordelike wyse te gebruik. Met

die kennis wat hulle deur die toerusting bekom, kan hulle dan self besluite neem wat reg is en wat die Here tevrede sal stel.

HOOFSTUK 4: EMPIRIESE ONDERSOEK EN BESPREKING VAN DIE EMPIRIESE NAVORSINGSRESULTATE

4.1 INLEIDING

In hoofstuk 3 is die resultate van die onderhoude wat met die geïdentifiseerde AGS-gemeentes se kerkleierskap gevoer is, bespreek. Daarna is die inligting wat in die eerste fase van die kwantitatiewe navorsing bekom is, waar ouers van hoërskoolleerders vraelyste voltooi het, belig.

In dié hoofstuk word steeds gefokus op Osmer (2008:4) se beskrywend-empiriese taak wat ten doel het om die vraag, "Wat gebeur tans?" te beantwoord. Die resultate van die tweede fase van die kwantitatiewe navorsing, waar hoërskoolleerders vraelyste voltooi het, word hier bespreek.

4.2 BESPREKING VAN DIE KWANTITATIEWE NAVORSINGSRESULTATE

Soos in die eerste fase van die kwantitatiewe navorsing word die geanaliseerde data wat van die Statistiese Konsultasiediens van Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus verkry is na verwerking van die inligting op die vraelyste, nou aangewend om ’n algehele oorsig van die antwoorde wat vanuit die vraelyste bekom is, te gee. Tweedens word die onderlinge verskillende gemeente verskille bespreek. In die derde plek word die opvallende verskille tussen die gemeentes van Gauteng en die gemeentes van die Vrystaat bespreek en vierdens kom die verskille tussen ouers en hoërskoolleerders se antwoorde onder die loep.

Siende dat daar minder voltooide vraelyste verkry is as wat die onderskeie gemeentes se kerkleierskap aanvanklik aangedui het, sal daar gewerk word met die vraelyste wat wel van die deelnemende gemeentes se hoërskoolleerders verkry is. Volgens Ellis en Steyn (2003:51) word navorsers soms gedwing om die data wat hulle verkry het, as ’n subpopulasie van die teikenpopulasie te oorweeg as gevolg van die swakker as verwagte reaksie van die bepaalde steekproef.

Effekgrootte is onafhanklik van die steekproefgrootte en dit is ’n maatstaf wat prakties betekenisvol is (Ellis & Steyn, 2003:51). In hierdie studie is daar slegs aandag gegee aan gevalle waar *“Cramer’s V”* ’n beduidendheidspeil van > as .2 het.

4.2.1 Algehele oorsig van inligting wat vanuit die kwantitatiewe resultate bekom is

Tabel 4.1 behels 'n uiteensetting van die aantal respondente wat in elk van die sewe deelnemende gemeentes deelgeneem het en watter persentasie daardie getal van die groot totaal uitmaak. Die name van die gemeentes word nie vermeld nie, as 'n maatreël om die anonimiteit van die deelnemende respondente te verseker.

Die resultate toon dat gemeente nommer een, negentien respondente opgelewer het (17.4%), gemeente nommer twee, tien respondente (9.2%), gemeente nommer drie, sewentien respondente (15.6%), gemeente nommer vier, tien respondente (9.2%), gemeente nommer vyf, negentien respondente (17.4%), gemeente nommer ses, sestien respondente (14.7%), terwyl gemeente nommer sewe, agtien respondente (16.5%) opgelewer het.

Gemeentes	Aantal respondente	Persentasie
Gemeente nommer 1	19	17.4
Gemeente nommer 2	10	9.2
Gemeente nommer 3	17	15.6
Gemeente nommer 4	10	9.2
Gemeente nommer 5	19	17.4
Gemeente nommer 6	16	14.7

Gemeente nommer 7	18	16.5
Totaal	109	100

Tabel 4.1: Uiteensetting van die aantal respondente van elk van die sewe gemeents

Tabel 4.2 behels die gekombineerde getalle van die gemeentes van Gauteng en die Vrystaat. Die resultate dui aan dat 47 van die 109 respondente in gemeentes van Gauteng betrokke is (43.1%), met 62 respondente in die Vrystaatse gemeentes (56.9%).

Gemeentes	**Aantal respondente**	**Uitgedruk as Persentasie**
Gautenggemeentes	47	43.1
Vrystaatgemeentes	62	56.9
Totaal	109	100.0

Tabel 4.2: Die gekombineerde getalle van al die gemeentes

Die volledige profiel van die voltooide vraelyste word in addendum P aangedui. Vervolgens word die resultate wat bekom is van vraelyste wat deur die hoërskoolleerders voltooi is, nou breedvoerig uiteengesit.

Die resultate wat vanuit die voltooide vraelyste bekom is, dui aan dat 52 van die 109 respondente (47.7%) manlik is en 57 (52.3%) vroulik is. (Sien resultate van vraag 1 in die tabel in Addendum P).

Sewe-en-veertig van die 109 respondente (43.1%) is van die drie gemeentes in Gauteng en 62 respondente (56.9%) van die vier gemeentes in die Vrystaat. (Sien resultate van vraag 2 in die tabel in Addendum P).

Van die 109 deelnemende respondente het 95 (87.2%) aangedui dat hulle Facebook as sosiale-mediaplatform gebruik, terwyl veertien (12.8%) nie van Facebook gebruik maak nie. (Sien resultate van vraag 3 in die tabel in Addendum P)

Op die vraag of die respondente al ’n vals Facebookprofiel geskep het, het nege (8.3%) uit 108 "ja” geantwoord, terwyl een (0.9%) geen aanduiding gegee het nie. (Sien resultate van vraag 4 in die tabel in Addendum P).

In vraag 5 moes die respondente aandui of hulle ’n Facebook-profiel geskep het voordat hulle dertien jaar oud was of eers daarna. Daar is 43 (39.4%) uit 103 respondente wat "ja” geantwoord het, terwyl 60 (55.0%) "nee” geantwoord het en ses (5.5%) wat nie aangedui het of hulle ’n Facebook-profiel voor of na dertienjarige ouderdom geskep het nie. (Sien resultate van vraag 5 in die tabel in Addendum P).

Waar respondente moes aandui of die gebruik van Facebook hulle in staat stel om te ontvlug van die dinge wat rondom hulle gebeur het 56 (51.4%) uit 105 "glad nie” geantwoord, met 23 (21.1%) wat meen dat dit in ’n "geringe mate” die geval is. ’n Verdere 24 (22.0%) het aangetoon dat dit tot ’n "redelike mate” die geval is, met slegs 2 (1.8%) van die respondente wat tot ’n "groot mate” van Facebook gebruik maak om te ontvlug van die dinge wat rondom hulle gebeur. Daar is vier (3.7%) respondente wat geen aanduiding gegee het nie. (Sien resultate van vraag 6 in die tabel in Addendum P).

Op die vraag of Facebook ’n negatiewe invloed op respondente se lewe het het 63 (57.8%) "glad nie” geantwoord, gevolg deur 27 (24.8%) wat meen dat dit tot ’n "geringe mate” die geval is. Daar is vyftien (13.8%) respondente wat egter meen dat Facebook tot ’n "redelike mate” ’n negatiewe invloed op hulle lewe uitoefen en een (0.9%) wat meen dat dit tot ’n "groot mate” die geval is. Daar is drie (2.8%) respondente wat nie aangedui het of Facebook ’n negatiewe invloed op hulle lewe uitoefen nie. (Sien resultate van vraag 7 in die tabel in Addendum P).

Waar respondente gevra is om aan te dui hoeveel tyd hulle per dag op Facebook spandeer, het die die grootste groep van 46 (42.2%) aangedui dat hulle minder as een uur op Facebook spandeer, gevolg deur 22 (20.2%) wat een tot twee uur per dag op Facebook spandeer. Daar is twintig (18.3%) wat twee tot drie uur per dag op Facebook spandeer en twaalf (11.0%) wat meer as drie uur per dag op Facebook spandeer. Nege (8.3%) respondente het nie aangedui hoeveel tyd hulle per dag op Facebook spandeer nie. (Sien resultate van vraag 8 in die tabel in Addendum P).

In vraag nege moes respondente aandui of hulle eerder deur sosiale media kommunikeer as om met mense te praat. Die meerderheid, 83 (76.1%), het "nee" geantwoord, terwyl 24 (22.0%) "ja" geantwoord het. Die redelike hoë persentasie van respondente wat aangedui het dat hulle eerder deur sosiale media kommunikeer as om persoonlik met mense te praat, wek kommer. Mouton en Marais (1990:169) vestig die aandag daarop dat oogkontak een van die "basiese modusse" is waarop verhoudinge berus. In aansluiting hierby vestig Neureiter, Moser en Tscheligi (2014:183) die aandag daarop dat oogkontak as een van die belangrikste nie-verbale aanduidings in menslike kommunikasie beskou moet word, omdat dit die fondament van sosiale interaksie tussen mense is. Volgens Mohapatra (2009:88) word die noodsaaklikheid van persoonlike kontak tussen mense deur gesiglose kommunikasie (waar die ander persoon nie gesien of gehoor kan word nie) bedreig. Die feit dat daar tieners is wat verkies om eerder deur sosiale media te kommunikeer as om met mense te praat, kan daartoe lei dat diegene wat op die wyse kommunikeer se verhoudings met ander mense skade lei. Twee (1.8%) van die respondente het nie die vraag beantwoord nie. (Sien resultate van vraag 9 in die tabel in Addendum P).

Waar respondente moes aandui of hulle deel van 'n geslote groep is, het 88 (80.7%) "nee" geantwoord en agtien (16.5%) het "ja" geantwoord. Daar is drie respondente wat nie die vraag beantwoord het nie. (Sien resultate van vraag 10 in die tabel in Addendum P).

Op die vraag of dit vir respondente belangrik is hoeveel *"likes"* hulle op Facebook kry, wanneer hulle iets *"post"* het 60 (55.0%) aangedui dat dit "glad nie" vir hulle belangrik is nie, met sewentien (15.6%) vir wie dit tot 'n "geringe mate" belangrik is. Daar is negentien (17.4%) vir wie dit tot 'n "redelike mate" en tien (9.2%) vir wie dit tot 'n "groot mate" belangrik is hoeveel *"likes"* hulle op Facebook kry wanneer hulle iets *"post".* Drie

van die respondente het nie die vraag geantwoord nie. (Sien resultate van vraag 11 in die tabel in Addendum P).

Respondente is ook gevra of hulle al met pornografie op Facebook te doen gekry het. Die meerderheid van 86 (78.9%) het "nee" geantwoord, met 21 (19.3%) wat "ja" geantwoord het. Twee (1.8%) van die respondente het nie enige aanduiding gegee of hulle al met pornografie op Facebook te doen gekry het nie. (Sien resultate van vraag 12 in die tabel in Addendum P).

In die daaropvolgende vraag is respondente gevra om aan te dui of hulle hul konfrontasie met pornografie op Facebook onder hulle ouers se aandag gebring het. Sestig (55.0%) het "nie van toepassing" aangedui, terwyl ses (5.5%) nie die vraag geantwoord het nie. Daar is 27 (24.8%) van die respondente wat "nee" geantwoord het, met sestien (14.7%) wat "ja" geantwoord het. (Sien resultate van vraag 13 in die tabel in Addendum P).

Waar respondente moes aandui of hulle al gevra is om naakfoto's van hulleself aan te stuur, het 80 (73.4%) "nee" geantwoord en 27 (24.8%) het "ja" geantwoord. Twee (1.8%) van die respondente het geen aanduiding gegee of hulle al genader is om naakfoto's van hulleself aan te stuur nie. Die stuur van naakfoto's deur middel van 'n slimfoon, bekend as *sexting,* word volgens Hinduja en Patchin (2012:55) onder adolessente beskou as 'n wyse waarop hulle hulself seksueel ontdek, sonder om fisies seksueel aktief te wees. Adolessente beskou *sexting* as 'n veilige vorm van seks, sonder enige vrese vir ongewenste swangerskappe en seksueel oordraagbare siektes. Hinduja en Patchin (2012:55) benadruk dat adolessente nie die gevare en blywende nadelige gevolge van die neem en aanstuur van suggestiewe of eksplisiete foto's begryp nie en dat hulle ten alle koste hieroor ingelig behoort te word. Volgens Khan, Mashiane en Shozi (2015:163) kan vulgêre *sexting*-foto's maklik met a *quick search* (vinnige soektog) op Facebook opgespoor word. Dit is hier waar die AGS-kerk 'n positiewe en ondersteunende rol kan speel, deur ouers en hoërskoolleerders oor die gevare van *sexting* in te lig en vanuit die Skrif te bemagtig om die soort gedrag hok te slaan. (Sien resultate van vraag 14 in die tabel in Addendum P).

In die volgende vraag moes respondente aandui of hulle dit onder hulle ouers se aandag gebring het dat hulle genader was om naakfoto's van hulleself aan te stuur.

Die meerderheid, 63 (57.8%) het "nie van toepassing" geantwoord, terwyl drie (2.8%) nie die vraag geantwoord het nie. Vier-en-dertig (31.2%) het "nee" geantwoord, met nege (8.3%) wat "ja" geantwoord het. (Sien resultate van vraag 15 in die tabel in Addendum P).

In vraag 16 waar respondente gevra is of hulle al die slagoffer van kuberteistering was, het 85 (78.0%) "nee" geantwoord, met 23 (21.1%) wat "ja" geantwoord het. Een (0.9%) respondent het nie aangedui of hy/sy al die slagoffer van kuberteistering was nie. (Sien resultate van vraag 16 in die tabel in Addendum P).

Waar respondente moes aandui of hulle dit met hulle ouers bespreek het as hulle die slagoffer van kuberteistering is, het 64 (58.7%) aangedui dat die vraag "nie van toepassing" op hulle is nie. Daar is 25 (22.9%) wat "nee" geantwoord het en sestien (14.7%) wat "ja" geantwoord het. Vier (3.7%) van die respondente het geen aanduiding gegee of hulle al die slagoffer van kuberteistering was nie. (Sien resultate van vraag 17 in die tabel in Addendum P).

Op die vraag of respondente se Facebook-profiel al gesteel is, het 93 (85.3%) "nee" geantwoord, terwyl vyftien (13.8%) "ja" geantwoord het, met een (0.9%) respondent wat nie die vraag geantwoord het nie. (Sien resultate van vraag 18 in die tabel in Addendum P).

Waar respondente moes aandui of die aantal vriendskappe wat hulle op Facebook het hulle populariteit beïnvloed, het 62 (56.9%) aangedui dat dit "glad nie" die geval is nie, met sestien (14.7%) wat meen dat dit tot 'n "geringe mate" die geval is. 'n Verdere 21 (19.3%) is van mening dat die aantal vriendskappe wat hulle op Facebook het, hulle populariteit tot 'n "redelike mate" beïnvloed, met slegs agt (7.3%) wat meen dat dit tot 'n "groot mate" die geval is. Twee (1.8%) van die respondente het nie aangedui tot watter mate die aantal vriendskappe op Facebook hulle populariteit beïnvloed nie. (Sien resultate van vraag 19 in die tabel in Addendum P).

Die respondente is ook gevra om aan te dui hoeveel vriende hulle op Facebook het. Die grootste groep, 27 (24.8%), het aangedui dat hulle tussen 51 en 150 vriende op Facebook het, gevolg deur 24 (22.0%) wat meer as 500 vriende het. Agtien (16.5%) van die respondente het aangedui dat hulle vriendskapskring op Facebook tussen 151 en 300 is, gevolg deur sewentien (15.6%) wat 301 tot 500 vriende het en vyftien

(13.8%) wat minder as 50 Facebook-vriende het. Daar is agt (7.3%) van die respondente wat nie aangedui het hoeveel vriende hulle op Facebook het nie. (Sien resultate van vraag 20 in die tabel in Addendum P).

Op die vraag of die respondente al hulle Facebook-vriende persoonlik ontmoet het, het 48 (44.0%) aangedui dat hulle die "meeste" van hulle Facebook-vriende persoonlik ontmoet het, gevolg deur 37 (33.9%) wat "slegs 'n paar" ontmoet het en negentien (17.4%) wat "glad nie" aangedui het nie. Vyf (4.6%) van die respondente het geen aanduiding gegee van hoeveel Facebook-vriende hulle persoonlik ontmoet het nie. (Sien resultate van vraag 21 in die tabel in Addendum P).

In vraag 22 is respondente gevra of hulle ouers toegang tot hulle Facebookprofiele het. Daar is 64 (58.7%) wat "ja" geantwoord het en 40 (36.7%) wat "nee" geantwoord het. Vyf (4.6%) respondente het nie die vraag geantwoord nie. (Sien resultate van vraag 22 in die tabel in Addendum P).

Respondente is ook gevra om aan te dui of hulle van enige ander sosiale media-*"apps"* gebruik maak. Die oorgrote meerderheid van 93 (85.3%) het "ja" geantwoord. Slegs vyftien (13.8%) het "nee" geantwoord, terwyl een (0.9%) nie die vraag geantwoord het nie. (Sien resultate van vraag 23 in die tabel in Addendum P).

In die laaste vraag is die respondente wat "ja" geantwoord het op die vraag of hulle van ander sosiale media *"apps"* gebruik maak, gevra om die *"apps"* waarvan hulle gebruik maak, op te noem. Die voorkeur *app* wat deur die hoërskoolleerders in die sewe gemeentes gebruik word, is Whatsapp[52] ('n gratis toepassing vir *"smartphones"*)

[52] Yang en Li (2016:177) beskryf WhatsApp as 'n "cross-platform mobile messaging app which allows you to excnange messages without having to pay for SMS. WhatsApp Messenger is availablie for iPhone, BlackBerry, Android, Windows Phone and Nokia and yes, those phones can all message each other! Because WhatsApp Messenger uses the same internet data plan that you use for email and web browsing, there is no cost to message and stay in touch with your friends" (vgl. Iqbal *et al.,* 2018:379; Gilling, 2014:207). Op hierdie punt moet dit egter genoem word dat hierdie beskrywing nie die waarheid is nie, aangesien gebruikers wat boodskappe, foto's en video's stuur, data op hulle fone beskikbaar moet hê, alvorens die boodskappe, foto's en video's gestuur kan word. So ook moet diegene wat die boodskappe, foto's en video's ontvang, data op hulle fone beskikbaar hê, om die boodskappe te ontvang en die inhoud van die foto's en video's te kan aflaai. Nhlapo (2017) berig dat data in Suid-Afrika 134 persent duurder is as in ander BRICS-lande (Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika). MTN Suid-Afrika se koste vir een *gigabyte* se data (1GB) beloop R160, terwyl Vodacom en Cell C se koste R149 beloop, met Telkom wat R99 vra. In vergelyking met die res van die wêreld beloop die kostes vir een *gigabyte* se data soos volg: Indië, R11; Nigerië, R22; Ghana, R71 en in Rusland R24. In Tanzanië beloop Vodacom se koste vir een *gigabyte* se data R98. Die hoë pryse vir data word hoofsaaklik toegeskryf aan 'n beperkte reeks radiofrekwensies wat die vinnige breëbandoordrag van data in Suid-Afrika toelaat en duur infrastruktuur.

met 71 gebruikers, gevolg deur Instagram[53] met 53 gebruikers, Snapchat met 30 gebruikers en Facebook Messenger[54] met 23 gebruikers. 'n Verdere twaalf respondente het aangedui dat hulle Musical.ly[55] gebruik, met elf wat Twitter[56] gebruik, agt wat YouTube[57] gebruik, ses wat Pinterest[58] gebruik, vyf wat WeChat[59] gebruik en vier wat Tumblr gebruik. Google,[60] Omegle,[61] Tinder[62] en Whisper word deur twee van

[53] Volgens Bosley-Wisdom en McNeil-Sutton (2018) is Instagram 'n sosiale netwerktoepassing *(app)* wat geskep is vir die doel om foto's en video's te deel. Instagram is 'n mobiele toepassing en foto's en videos kan alleen deur die gebruik van 'n slimfoon (*smartphone*) gedoen word. Dit is soortgelyk aan Facebook en Twitter en elkeen wat 'n Instagram-rekening skep, verkry 'n profiel, *"news-feed"* en 'n netwerk van volgelinge (*followers*). Wanneer gebruikers 'n foto of video op Instagram plaas, word dit op die gebruiker se profiel vertoon. Medoff en Kaye (2017:214) sê: "The point [of Instagram] is to share experiences by uploading photos and videos in real time as an event is occurring". Volgens McLean (2018) kan gebruikers kies om hulle foto's en videos privaat te deel, maar die meerderheid maak nie van die funksie gebruik nie. Omdat die meeste gebruikers van Instagram nie hulle privaatheidstellings aktiveer nie, is dit maklik om vas te stel vanwaar foto's en videos gestuur is. Ouers behoort hulleself dus te vergewis van hulle kinders se privaatheidstellings op Instagram, ten einde groter veiligheid van hulle kinders te verseker, veral gesien in die lig dat baie tieners Facebook getransendeer het en na ander sosiale-mediaplatforms soos Instagram en Snapchat migreer (Solon, 2018; vgl. Lomas, 2017; Bough, 2016; Kiss, 2013). Rawal en Nixon (2016:32) skryf dié migrasie na netwerke soos Instagram en Snapchat toe aan tieners se behoefte aan privaatheid en die behoefte om te sosialiseer sonder hulle ouers se betrokkenheid (vgl. Kiss, 2013).

[54] Volgens Quesenberry (2019:120) is Facebook Messenger die "instant messaging service application that enables sending multimedia content with optional encryption through Facebook accounts". Die multimedia-inhoud waarna Quesenberry verwys, sluit foto's, oproepe, video-oproepe en *chat* in (McLean, 2018).

[55] Burston en Collier-Stewart (2018:274) beskryf Musical.ly as die "video social network *[that]* can feature original compositions and lyrics about STEM that will include beats that will encourage youth to lip sync the STEM embedded messages". McLean (2018) waarsku dat Musical.ly 'n populêre aanlyntoepassing vir sesuele predatore geword het. Hoewel gebruikers ouer as dertien jaar moet wees om Musical.ly te gebruik, vereis die terme en voorwaardes dat kinders tussen die ouderdom van dertien en agtienjaar toestemming van hulle ours moet hê om die toepassing te gebruik. STEM is die akroniem vir "science, technology, engineering and mathematics" (Kumtepe & Genc-Kumtepe, 2014:142).

[56] Reece (2012:44) definieer Twitter as 'n "free social networking service that enables its users to send and read messages known as tweets. Tweets are text-based posts of up to 140 characters displayed on the author's profile page and delivered to subscribers who are known as followers. Senders can restrict delivery to those in their circle of friendes or allow open access" (vgl. Botba & Mills, 2012:86; Gross, 2012:29). McLean (2018) wys daarop dat Twitter veral gewild is onder hoëprofiel mense soos sportsterre en politici. Veral die Amerikaanse president Donald Trump het bekend geword vir sy *tweets* wat sy verkiesingsveldtog asook termyn as president kenmerk.

[57] LaFay (2015:238) sowel as Chuang en Yang (2010:54) verduidelik dat YouTube (*www.youtube.com*) 'n webwerf is waar gebruikers hulle eie videos gratis kan deel. Die sosiale-mediaplatform bied ook aan ander gebruikers die geleentheid om daarop kommentaar te kan lewer. McLean (2018) maan ouers om die nodige voorsorg te tref om te verseker dat hulle kinders nie aan onvanpaste inhoud op YouTube blootgestel word nie.

[58] "Pinterest, operates a photo-sharing Web site where users create personalized boards with visual bookmarks - called pins - that link back to the sites they came from. Individuals and businesses use Pinterest to discover and save creative ideas - or to be discovered by the site's more than 100 million users" (Stair & Reynolds, 2018:99). Volgend Schell (2016:155) is Pinterest veral gewild onder vroulike internetgebruikers.

[59] Wu en Xue (2017:xii) beskryf WeChat as 'n multifunksionele boodskap-, sosiale media- en *"mobile payment app".*

[60] Van Couvering (2015:561) beskryf Google as die gewildste soekenjin in die wêreld. Google word daagliks deur meer as ses miljard mense regoor die wêreld gebruik om inligting op die wêreldwye web te bekom."

[61] Omegle is 'n gratis aanlynwebtuiste wat gebruikers in staat stel om met vreemdelinge te kommunikeer, sonder om te registreer (Naik, 2014). McLean (2018) gaan 'n stap verder as Naik en beskryf Omegle in meer diepte. Sy (McLean) sê dat Omegle 'n *"webcam-based app"* is vir gebruikers bo die ouderdom van agtienjaar. Juis omrede dit vreemdelinge met mekaar verbind, is dit een van die toepassings waarvoor gebruikers baie versigtig behoort te wees. "It is not for kids" (McLean, 2018).

[62] Tinder is 'n ligging-gebaseerde toepassing wat kommunikasie tussen mense met dieselfde belangstellings fasiliteer en dit word hoofsaaklik as 'n *"dating app"* gebruik (Novic, 2017:282). Siende dat dit 'n ligging-gebaseerde toepassing is stel dit gebruikers van dieselfde omgewing in staat om mekaar persoonlik te ontmoet. Sales (2015) maan egter dat Tinder gebruikers van die toepassing tot *"destructive promiscuity"* aanhits. McLean (2018) vestig die aandag daarop dat Tinder baie gewild onder tieners is, maar dat dit streng gesproke vir volwassenes gebruikers bedoel is.

die respondente gebruik. Ask.fm,[63] Discord,[64] Kik, OLX,[65] SMS,[66] Steam,[67] Vidmate,[68] Wishbone[69] en 9Gag[70] is elk deur een respondent aangedui as toepassings wat hulle gebruik. Die feit dat sommige van die respondente nie net na toepassings (*"apps"*) verwys het nie, maar na ander sosiale-medianetwerke, Google as soekenjin en OLX as bemarkingsplatform laat die vermoede bestaan dat nie alle hoërskoolleerders noodwendig kennis dra van die verskille tussen toepassings, sosiale-medianetwerke, soekenjins en bemarkingsplatforms nie. (Sien resultate van vraag 24 in die tabel in Addendum P).

4.2.2 Statistieke ten opsigte van die verskille tussen die sewe deelnemende gemeentes

Soos in die geval van die kwantitatiewe navorsing wat onder die ouers van hoërskoolleerders in sewe AGS-gemeentes onderneem is, het tweerigting-frekwensie-tabelle en Chi-kwadraat toetse aangedui dat daar betekenisvolle verskille tussen die onderskeie gemeentes se respondente voorgekom het. *"Cramer's V"* dui die praktiese betekenisvolheid van verskille aan en waardes bo 0.2 mag dui op prakties belangrike verskille ten opsigte van die gemeentes. Op grond hiervan word die resultate van die onderskeie gemeentes afsonderlik bespreek. Die volledige profiel met betrekking tot die hoërskoolleerders se gebruik van Facebook, waar *"Cramer's V"* > as 0.2 was, word in addendum Q aangedui.

Die resultate van die navorsing onder die hoërskoolleerders het die volgende aan die lig gebring. In vraag 2 waar die hoërskoolleerders moes aandui of hulle in Gauteng of

---

[63] Goswami en Kumar (2018:329) beskryf Ask.fm as 'n sosiale-medianetwerk wat gebruikers in staat stel om profiele te skep, waarna hulle anoniem vrae aan mekaar kan stuur (vgl. McLean, 2018).
[64] Discord is 'n sosiale-mediatoepassing wat redelik veilig is om te gebruik, mits die gesprekvoering met mense is wat gebruikers persoonlik ken. Dit het egter ook 'n negatiewe kant en kan soos sommige ander toepassings gebruik word *"to bully/harass or groom"* (McLean, 2018).
[65] McCarthy en Puffer (2017:441) beskryf OLX as 'n wêreldwye aanlyn bemarkinsplatform waar mense privaat kan adverteer, koop en verkoop.
[66] Agrawal en Zeng (2016:270) noem dat SMS die akroniem vir *Short Message Service* is en dat SMS verwys na die wyse waarop teksboodskappe tussen gebruikers van selulêre telefone gestuur en ontvang kan word.
[67] McLean (2018) beskryf Steam as 'n platform wat gebruik word om aanlyn speletjies te speel en af te laai.
[68] Singh (2018) beskryf Vidmate as een van die beste aanlyntoepassings wat gebruikers in staat stel op honderde webtuistes na videos en musiekvideos te soek, te kyk en af te laai.
[69] Volgens Ochs (2016) is die Wishbone toepassing se teikengroep meisies. Die toepassing stel gebruikers in staat om te *"compare, vote, create, find friends and get featured".* Deur advertensies wat elke 30 sekondes op die Wishbone-toepassing verskyn, kan meisies blootgestel word aan onvanpaste materiaal wat seksueel eksplisiet van aard is.
[70] Gross (2014) vestig die aandag daarop dat die 9Gag-toepassing gebruikers daarvan in staat stel om na snaakse videos te kyk en te soek. Die gevaar wat die 9Gag toepassing vir kinders inhou, word soos volg beskryf: "This app mixes into it's content many memes that are not suitable for children."

in die Vrystaat woonagtig is, het 47 (43.1%) respondente aangedui dat hulle in Gauteng woon, met 62 (56.9%) respondente wat in die Vrystaat woonagtig is. (Sien tabel 1 in addendum Q).

In vraag drie waar die hoërskoolleerders moes aandui of hulle Facebook gebruik, is die resultate soos volg. Gemeentes nommer een, twee en drie is in gegoede woonbuurte in die stad geleë. In gemeente nommer een het 63.2% "ja" geantwoord, terwyl 36.8% "nee" geantwoord het. In gemeente nommer twee het 80.0% van die respondente aangedui dat hulle Facebook gebruik, met 20.0% wat aangedui het dat hulle nie van Facebook gebruik maak nie. Respondente in gemeente nommer drie het 94.1% Facebookgebruikers opgelewer, terwyl slegs 5.9% aangedui het dat hulle nie van Facebook gebruik maak nie. In gemeentes vier, vyf en ses wat in die myngemeenskap gevestig is, het 100.0% van die respondente in al drie gemeentes aangedui dat hulle van Facebook as sosiale-mediaplatform gebruik maak. Gemeente sewe wat in die platteland geleë is, het 77.8% respondente wat Facebook gebruik, met 22.2% wat nie Facebook gebruik nie. Die resultate toon dat 79.1% van hoërskoolleerders in Gauteng Facebook as sosiale-mediaplatform gebruik, terwyl 94.5% van hoërskoolleerders in die Vrystaat van Facebook gebruik maak. Die gemiddeld van 87.2% hoërskoolleerders in die sewe deelnemende gemeentes toon dat die gebruik van Facebook as sosiale-mediaplatform baie gewild onder dié hoërskoolleerders is. Navorsing wat deur Anderson en Jiang (2018) in die VSA gedoen is, toon dat die gewildheid van Facebook as sosiale-mediaplatform onder tieners in die VSA aan die afneem is, vergeleke met Lenhart (2015) se syfers van drie jaar gelede (vgl. Solon, 2018; Lomas, 2017; Bough, 2016; Kiss, 2013). Die verskil tussen Lenhart (2015) se navorsing wat in die VSA onderneem is en die sewe AGS-gemeentes waar die navorsing onderneem is, is dat stedelike tieners in die VSA groter gebruikers van Facebook is as tieners wat in die platteland woon. Die resultate van die navorsing wat in sewe AGS-gemeentes onderneem is, toon egter dat die vier plattelandse dorpe meer Facebookgebruikers het, as die wat in die stede woonagtig is. Anderson en Jiang (2018) se navorsing in die VSA toon dat tieners wat in laerinkomste-huishoudings grootword meer geneig is om van Facebook gebruik te maak, as tieners wat in hoërinkomste-huishoudings groot word. Die vermoede bestaan dat die hoër syfer van Facebookgebruikers in die Vrystaatse dorpe ook

hieraan toegeskryf kan word, siende dat daar ’n moontlikheid is dat mense wat in Gauteng woonagtig is, finansieel beter daaraan toe is. (Sien tabel 2 in addendum Q).

Respondente is in vraag vier gevra of hulle al ’n vals Facebookprofiel geskep het. Uit die 47 respondente van Gauteng het slegs een (2.1%) "ja” geantwoord, terwyl agt (12.9%) van die 62 Vrystaatse respondente "ja” geantwoord het. Moore (2014) meen dat een van die redes waarom tieners vals Facebookprofiele skep, toegeskryf kan word aan die feit dat hulle nie wil hê hulle ouers moet van hul doen en late op Facebook weet nie (vgl. Adler & Proctor, 2014:87; Bradley, 2014; Steyer, 2012:24-26). Die moontlikheid bestaan dat dit ook die rede kan wees waarom nege van die 109 respondente wat aan dié navorsing deelgeneem het, vals Facebookprofiele geskep het. (Sien tabel 3 in addendum Q).

Waar respondente gevra is of hulle ’n Facebookprofiel voor dertienjarige ouderdom geskep het of eers daarna, is daar soos volg gereageer. In gemeente nommer een het 42.9% "ja” geantwoord, met 10.0% in gemeente twee wat "ja” geantwoord het, terwyl 43.8% in gemeente nommer drie "ja” geantwoord het. Die aantal respondente in gemeente nommer vier wat "ja” geantwoord het, is 50.0%, met 47.4% in gemeente nommer vyf, 37.5% in gemeente nommer ses en 50.0% in gemeente nommer sewe. Die gemiddeld van respondente in die sewe gemeentes wat aangedui het dat hulle voor die ouderdom van dertiejaar ’n Facebookprofiel geskep het, is 41.7%. Facebook se *terms of service* (*https://www.facebook.com/terms.php*) maak dit duidelik dat die vereiste minimum ouderdom dertien jaar is om ’n Facebookprofiel te skep (vgl. Abram, 2018; McManis & Garrison 2015:47 asook Lewix 2014:84-85). Die hoë persentasie van respondente wat ’n Facebookprofiel voor die ouderdom van dertien geskep het, wys dat Facebook geen maatreëls in plek het om die oortreding van die reël die hoof te bied nie. Wat egter groter kommer by die navorser wek, is die oortreding van die reël deur tieners wat lidmate van die AGS is, omdat dit op oneerlikheid dui. Woda (2014) skryf die skep van vals Facebookprofiele toe aan die moontlikheid dat tieners die oë van hulle ouers wil ontsnap. Dit is moontlik dat hulle nie enige iets het om weg te steek nie, maar hulle het die behoefte om hulleself uit te druk sonder om hulleself aan hulle ouers te moet verduidelik. Die verantwoordelikheid lê egter steeds by die ouers om hulle kinders se aanlynbewegings te monitor. (Sien tabel 4 in addendum Q).

Op die vraag of respondente Facebook gebruik om te ontvlug van die dinge wat rondom hulle gebeur, het 75.0% van gemeente nommer een se respondente "glad nie" geantwoord, gevolg deur 25.0% wat aangedui het dat dit tot 'n "geringe mate" die geval is. In gemeente nommer twee het 60.0% "glad nie" aangedui, gevolg deur 30.0% wat "geringe mate" aangedui het en 10.0% wat tot "redelike mate" geantwoord het. In gemeente nommer drie het 37.5% aangedui dat hulle Facebook tot 'n "redelike mate" gebruik om van die dinge te ontvlug, wat rondom hulle gebeur. Daar is 31.1% wat "glad nie" geantwoord het, gevolg deur 25.0% wat meen dat dit tot 'n "geringe mate" in hulle lewe die geval is, terwyl 6.3% meen dit is tot 'n "groot mate" die geval. Vyftig persent van gemeente nommer vier se respondente het "glad nie" geantwoord, met 40.0% wat "geringe mate" aangedui het en 10.0% wat tot 'n "redelike mate" geantwoord het. In die geval van gemeente nommer vyf het die respondente soos volg gereageer: 52.6% "glad nie", 21.1% "geringe mate" en 26.3% "redelike mate". In gemeente nommer ses het die grootste groep van 43.8% aangedui dat hulle Facebook tot 'n "redelike mate" gebruik om van die dinge wat rondom hulle gebeur, te ontvlug, terwyl 31.3% "glad nie" aangedui het, met 18.8% wat "geringe mate" aangedui het en 6.3% wat "groot mate" geantwoord het. Gemeente nommer sewe wat 'n plattelandse gemeente is, het 72.2% respondente opgelewer wat aangedui het dat hulle "glad nie" Facebook gebruik om te ontvlug van die dinge wat rondom hulle gebeur nie, terwyl 22.2% aangedui het dat dit tot 'n "redelike mate" in hulle lewe die geval is, met 5.6% wat "geringe mate" aangedui het. Die meerderheid van die 109 respondente, 53.3%. het aangetoon dat hulle "glad nie" Facebook gebruik om te ontvlug van die dinge wat rondom hulle gebeur nie, terwyl 22.9% "redelike mate" en 21.9% "geringe mate" geantwoord het. Die lae syfer van 1.9% wat aangedui het dat hulle tot 'n "groot mate" van Facebook gebruik maak om te ontvlug van dit wat om hulle gebeur, is egter verblydend. (Sien tabel 5 in addendum Q). Die feit dat daar wel hoërskoolleerders is wat van Facebook en ander sosiale media gebruik maak om van die dinge te ontvlug wat rondom hulle gebeur, hetsy tot 'n "geringe mate," "redelike mate" of 'n "groot mate" kan 'n aanduiding wees dat Facebook as sosiale-mediaplatform 'n omgewing bied waar sommige hoërskoolleerders veilig voel. Volgens Rickman (2018:140) dryf die realiteite waarmee tieners in hulle leefwêreld gekofronteer word, hulle dikwels na sosiale media om die druk wat hulle by die huis en die skool beleef, te ontvlug. "They migrate tot social media to escape shaming, denail of their realities and the throngs of parents and other observing adults who restricted their ability to act both as they were and as

they wished" (Rickman, 2018:140). Hierdie mediamigrasie bied volgens Rickman (2018:140) aan hoërskoolleerders die geleentheid om die gevoelens van "connection, control, direction, and purpose that social media promised", te beleef. Hoewel hoërskoolleerders wat na sosiale media ontvlug 'n gevoel van verbintenis op sosiale media met ander beleef, is daar 'n groter soeke in hulle lewe om die behoefte aan verbintenis in hulle daaglikse lewe *"face-to-face"* te ervaar. Omdat die element van fisiese verbintenis met ander mense in baie hoërskoolleerders se lewe ontbreek, maak die toeganklikheid van aanlynverbintenisse sosiale media vir hoërskoolleerders baie aantreklik, maar in hierdie konteks bevind hoërskoolleerders hulleself dikwels in moeilike of selfs gevaarlike situasies, omdat sosiale media nie die fisiese behoeftes van gebruikers daarvan aanspreek nie.

Respondente is in vraag sewe gevra om aan te dui of Facebook 'n negatiewe invloed op hulle lewe het. Vyftien (83.3%) van gemeente nommer een se respondente het aangedui dat Facebook "geen effek" op hulle lewe uitoefen met betrekking tot negatiwiteit nie, terwyl een (5.6%) aangedui het dat Facebook 'n "geringe effek" op sy of haar lewe het wat negatiwiteit aanbetref. Daar is twee (11.1%) respondente wat meen dat negatiwiteit wat deur Facebook veroorsaak word 'n "redelike effek" op hulle lewe uitoefen. Sewe (70.0%) van gemeente nommer twee se respondente is van die oortuiging dat Facebook "geen effek" op hulle lewe uitoefen wanneer dit by negatiwiteit kom nie, gevolg deur twee (20.0%) wat meen dat Facebook 'n "geringe effek" op hulle lewe uitoefen met betrekking tot negatiwiteit, met een (10.0%) wat aangedui het dat Facebook 'n "redelike effek" op sy of haar lewe uitoefen, met betrekking tot negatiwiteit. Die respondente van gemeente nommer drie het vyf (31.3%) aanduidings van "geen effek" opgelewer nie, met nege (56.3%) wat 'n "geringe effek" aangedui het, terwyl twee (12.5%) van mening is dat Facebook 'n "redelike effek" op hulle lewe uitoefen, ten opsigte van negatiwiteit. Gemeente nommer vier het vyf (55.6%) respondente wat aangedui het dat Facebook "geen effek" op hulle lewe uitoefen wat negatief van aard is nie, terwyl vier (44.4%) van mening is dat Facebook wel 'n "geringe effek" rakende negatiwiteit op hulle lewe uitoefen. Die respondente van gemeente nommer vyf het elf (57.9%) respondente opgelewer wat meen dat Facebook "geen effek" op hulle lewe uitoefen wat negatief van aard is nie, gevolg deur vyf (26.3%) wat "geringe effek" aangedui het en drie (15.8%) wat van mening is dat Facebook 'n "redelike effek" van negatiwiteit op hulle lewe het. Vier (25.0%) van gemeente nommer ses se

respondente is van mening dat Facebook "geen effek" op hulle lewe uitoefen wat negatief van aard is nie, terwyl vyf (31.3%) egter meen dat Facebook 'n "geringe effek" van negatiwiteit op hulle lewe het. Daar is ses (37.5%) respondente wat aangedui het dat Facebook tot 'n redelike mate 'n negatiewe invloed op hulle lewe het, met een respondent (6.3%) wat van mening is dat Facebook 'n "groot effek" van negatiwiteit op sy of haar lewe uitoefen. Gemeente nommer sewe het sestien (88.9%) respondente opgelewer wat aangedui het dat Facebook "geen effek" op hulle lewe uitoefen wat negatief van aard is nie, terwyl een (5.6%) meen dat Facebook 'n "geringe effek" van negatiwiteit op sy of haar lewe het en een (5.6%) wat aangedui het dat Facebook 'n "redelike effek" van negatiwiteit op sy of haar lewe het. In totaal het 63 (59.4%) van die sewe gemeentes se respondente aangetoon dat hulle van mening is dat Facebook "geen effek" van negatiwiteit op hulle lewe uitoefen nie, gevolg deur 27 (25.5%) wat van mening is dat Facebook 'n "geringe effek" van negatiwiteit op hulle lewe uitoefen, met vyftien (14.2%) wat aangedui het dat Facebook 'n "redelike effek" van negatiwiteit op hulle lewe het. Daar was slegs een respondent (0.9%) wat van mening is dat Facebook 'n "groot effek" van negatiwiteit op sy of haar lewe het. (Sien tabel 6 in addendum Q). Hoewel die meerderheid van die respondente (59.4%) aangedui het dat Facebook in geen opsig 'n negatiewe invloed op hulle lewe het nie, maan Bhardwaj (2018) dat tieners wat al meer van hulle tyd op Facebook spandeer die gevaar staan om toenemend aan die negatiewe aspekte van sosiale media blootgestel te word. Dit word bevestig deur Anderson en Jiang (2018) se navorsing in die VSA waar 24.0% van die tieners wat aan die navorsing deelgeneem het, aangedui het dat sosiale media grootliks 'n negatiewe invloed op hulle lewe uitoefen. In die sewe gemeentes van die AGS waar die navorsing onderneem is, is die 14.2% van die respondente wat meen dat Facebook 'n redelike effek van negatiwiteit op hulle lewe uitoefen moontlik aanduidend dat die negatiewe impak van sosiale media nie geïgnoreer kan word nie. Twenge (2017:93) is van mening dat daar met baie groter erns na die realiteit van negatiewe invloede wat sosiale media op tieners se lewe het, gekyk behoort te word. Hedendaagse tieners is volgens Twenge (2017:93) "on the verge of the most severe mental health crisis for young people in decades". Dit kan ondermeer toegeskryf word aan die feit dat tieners al minder tyd met hulle vriende in persoon deurbring en meer tyd op hulle telefone, die internet en sosiale media spandeer (vgl. Milner, 2016:230; Mwangi, 2016). Die gevare van sosiale media, waaronder die moontlike negatiewe

invloed wat Facebook op sommige tieners se lewe uitoefen, word breedvoerig in hoofstuk vyf bespreek.

In vraag agt is respondente gevra om aan te dui hoeveel tyd hulle op Facebook spandeer. In gemeente nommer een is daar twaalf (87.5%) respondente wat aangedui het dat hulle "minder as 1 uur" per dag op Facebook spandeer, gevolg deur twee (14.3%) wat een tot twee ure per dag op Facebook spandeer. Gemeente nommer twee het vyf (55.6%) respondente wat aangedui het dat hulle "minder as 1 uur" per dag op Facebook spandeer, gevolg deur twee (22.2%) wat "2-3 uur" aangedui het en een (11.1%) wat "1-2uur" per dag op Facebook spandeer, met nog een (11.1%) wat "meer as 3 uur" aangedui het. In gemeente nommer drie het ses (37.5%) van die respondente aangedui dat hulle "1-2 uur" per dag op Facebook spandeer, gevolg deur vier (25.0%) wat "meer as 3 uur" aangedui het, met onderskeidelik drie (18.8%) wat "2-3 uur" en "minder as 1 uur" per dag op Facebook spandeer. Gemeente nommer vier het ses (60.0%) respondente wat aangedui het dat hulle "1-2uur" per dag op Facebook spandeer, gevolg deur vier (40.0%) wat "2-3 uur" aangedui het. In gemeente nommer vyf het het die meerderheid van tien (52.6%) van die respondente aangedui dat hulle "minder as 1 uur" per dag op Facebook spandeer, gevolg deur vyf (26.3%) wat "2-3 uur" aangedui het, terwyl drie (15.8%) "1-2 uur" per dag op Facebook spandeer en een (5.3%) "meer as 3 uur" aangedui het. Wat gemeente nommer ses aanbetref spandeer 'n gelyke aantal van vyf (31.3%) respondente onderskeidelik "minder as 1 uur" en "2-3 uur" per dag op Facebook, met vier (25.0%) wat "meer as 3 uur" per dag op Facebook spandeer, terwyl twee (12.5%) "1-2 uur" per dag op Facebook deurbring. In gemeente nommer sewe het die meerderheid van elf (68.8%) respondente aangedui dat hulle "minder as 1 uur" per dag op Facebook spandeer, gevolg deur twee (12.5%) wat "1-2 uur" aangedui het, met nog twee (12.5%) wat "meer as 3 uur" per dag op Facebook spandeer en een (6.3%) wat "2-3 uur" aangedui het. In die geheel is daar 46 (46.0%) respondente wat "minder as 1 uur" per dag op Facebook spandeer, gevolg deur 22 (22.0%) wat "1-2 uur" aangedui het, terwyl 'n verdere twintig (20.0%) "2-3 uur" aangedui het. Die oorblywende twaalf (12.0%) het aangedui dat hulle "meer as 3 uur" per dag op Facebook spandeer (Sien tabel 7 in addendum Q). Burns (2017:60) asook Stewart (2016) wys daarop dat die gemiddelde Facebookgebruiker sowat 50 minute per dag op dié sosiale-medianetwerk spandeer (vgl. Street *et al.,* 2010:136). Volgens Blake (2013:153) wat sy navorsing onder tieners

gedoen het, spandeer tieners nege ure per week op sosiale media en siende dat Facebook die meeste tieners se voorkeur sosiale-medianetwerk is, kan daar aanvaar word dat die meeste tieners ietwat minder as een uur per dag op Facebook deurbring. Die grootste groep van 46.0% van die respondente wat aan die navorsing in die sewe AGS-gemeentes deelgeneem het, het aangedui dat hulle minder as een uur per dag op Facebook spandeer. Die feit dat daar in die sewe deelnemende gemeentes van die AGS-kerk 22.0% respondente is wat tussen een en twee uur per dag, 20.0% wat tussen twee en drie uur per dag en 12.0% wat meer as drie uur per dag op Facebook spandeer, wek groot kommer by die navorser. Volgens Stewart (2016) kan die groot aantal ure wat sommige respondente op Facebook spandeer, dui op die toestand wat nie-amptelik bekend staan as internetverslawingversteuring[71] *(Internet Addiction Disorder - IAD)* of problematiese internetgebruik *(Problematic Internet Use - PIU).*

Op die vraag of respondente eerder deur sosiale media kommunikeer as om met mense te praat, het hulle soos volg gereageer. In gemeente nommer een het twee (11.1%) "ja" geantwoord met 16 (88.9%) wat "nee" geantwoord het. In gemeente nommer twee het geen (0.0%) respondente "ja" geantwoord nie, terwyl tien (100.0%) "nee" geantwoord het. Gemeente nommer drie het ses (37.5%) respondente opgelewer wat "ja" geantwoord het, met tien (62.5%) wat "nee" geantwoord het. Drie (30.0%) van gemeente nommer vier se respondente het "ja" geantwoord, terwyl sewe (70.0%) "nee" geantwoord het. Twee (10.5%) van die respondente van gemeente nommer vyf het "ja" geantwoord met sewentien (89.5%) wat "nee" geantwoord het. In gemeente nommer ses is daar vier (25.0%) wat "ja" geantwoord het, terwyl twaalf (75.0%) "nee" geantwoord het. Die respondente van gemeente nommer sewe het sewe (38.9%) "ja" antwoorde opgelewer, met elf (61.1%) "nee" antwoorde. In totaal het 24 (22.4%) van die respondente aangedui dat hulle eerder deur middel van sosiale

[71] Weinstein *et al.* (2014:99) vestig die aandag daarop dat internetverslawingversteuring deur "excessive or poorly controlled preoccupations, urges, or behaviors regarding Internet use that lead to impairment or distress" gekenmerk word. Die toenemende gebruik van die internet oor die afgelope vyftien jaar het daartoe gelei dat internetverslawingversteuring die aandag van baie mediese navorsers en klinici in dié veld getrek het. Volgens Carli en Durkee (2016:274) is daar tans geen internasionale konsensus vir die diagnostiese kriteria vir internetpatologie nie. Gevolglik is dit die rede waarom internetverslawingversteuring of problematiese internetgebruik nie in die "Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders (DSM) – Fourth Edition" of die "International Classification of Diseases" as 'n amptelike geestesgesondheidstoestand erken word nie. "In the scientific literature, PIU has conceptually been modeled as an impulse-control disorder and derived from the DSM-IV diagnostic criteria of pathological gambling. It has been proposed that the diagnostic construct of pathological gambling, as a behavioural addiction is most akin to the pathological nature of Internet use. The major challenge facing PIU, however, is its conception as an addictive disorder" (Carli & Durkee, 2016:274).

media kommunikeer, terwyl 83 (77.6%) "nee" geantwoord het (Sien tabel 8 in addendum Q). Die feit dat 22.4% van die respondente van die sewe AGS-gemeentes aangedui het dat hulle eerder deur sosiale media kommunikeer as om met mense te praat, wek kommer by die navorser. Huang (2014:2-3) is van mening dat die populêre maar oormatige gebruik van sosiale media as kommunikasiemiddel 'n negatiewe impak op die kommunikasievaardighede van adolessente kan hê (vgl. Dantuono, 2015; Coleman, 2014:4). In aansluiting hierby noem Redmond (2018:259) dat die impak van die internet en die gebruik van sosiale media, gebruikers daarvan se sosiale vaardighede en kommunikasievermoëns 'n negatiewe knou kan toedien. Dit kan weer daartoe lei dat aangesig-tot-aangesig-interaksie en kommunikasie tussen mense skade kan lei. Gebrekkige en swak kommunikasie tussen mense sal gevolglik swak verhoudinge oplewer (Stafford, 2009:295-297).

Respondente is ook gevra om aan te dui of hulle deel van 'n geslote groep is. In al sewe die gemeentes het die meerderheid "nee" geantwoord. In gemeente nommer een is daar sestien (88.9%) respondente wat "nee" geantwoord, terwyl twee (11.1%) "ja" geantwoord het. In gemeente nommer twee is daar sewe (70.0%) "nee" antwoorde en drie (30.0%) "ja" antwoorde. Gemeente nommer drie het vyftien (93.8%) "nee" antwoorde opgelewer en een (6.3%) respondent wat "ja" geantwoord het. In gemeente nommer vier het nege (90.0%) respondente "nee" geantwoord en een (10.0%) respondent het "ja" geantwoord, terwyl gemeente nommer vyf veertien (73.7%) "nee" en vyf (26.3%) "ja" antwoorde opgelewer het. Gemeente nommer ses het veertien (87.5%) respondente wat "nee" geantwoord het, met twee (12.5%) wat "ja" geantwoord het. In gemeente nommer sewe is daar dertien (76.5%) "nee" antwoorde en vier (23.5%) "ja" antwoorde. Die meerderheid van 88 (83.0%) respondente het aangedui dat hulle nie deel van 'n geslote groep is nie, terwyl agtien (17.0%) wel deel van 'n geslote groep is. (Sien tabel 9 in addendum Q). Lincoln (2012:208) vestig die aandag daarop dat adolessente deel van geslote groepe word omdat die lede van 'n bepaalde groep sekere gemeenskaplike belange het. Om deel van die groep te wees stel lede binne die groep in staat om byvoorbeeld op hoogte te bly van aktiwiteite wat deur die groep gereël word, soos gesellighede en buitemuurse aktiwiteite. Die moontlikheid bestaan egter dat hoërskoolleerders vir die verkeerde redes lede van 'n bepaalde geslote groep kan raak, soos uitgelig deur die pastoor van gemeente

nommer sewe. (Sien onderhoud wat gevoer is met die pastoor van gemeente nommer sewe [Addendum H]).

Waar respondente gevra is of dit vir hulle belangrik is hoeveel *likes* hulle op Facebook kry wanneer hulle iets *post,* het hulle soos volg geantwoord. In gemeente nommer een het die meerderheid van veertien (77.8%) "glad nie" geantwoord, gevolg deur drie (16.7%) wat aangedui het dat dit tot 'n "geringe mate" vir hulle belangrik is hoeveel *likes* hulle op Facebook kry wanneer hulle iets *post,* terwyl dit vir een (5.6%) respondent tot 'n "groot mate" belangrik is. Gemeente nommer twee se respondente het aangedui dat dit vir sewe (70.0%) "glad nie" belangrik is hoeveel *likes* hulle op Facebook kry wanneer hulle iets *post* nie. Drie (30.0%) respondente het aangedui dat dit tot 'n "geringe mate" vir hulle belangrik is en een (10.0%) vir wie dit tot 'n "redelike mate" die geval is. Gemeente nommer drie het sewe (43.8%) respondente opgelewer wat "glad nie" aangedui het, gevolg deur ses (37.5%) wat geantwoord het dat dit tot 'n "redelike mate" vir hulle belangrik is hoeveel *likes* hulle op Facebook kry wanneer hulle iets *post.* Twee (12.5%) van die respondente meen egter dat dit tot 'n "groot mate" vir hulle belangrik is, met een (6.3%) respondent wat "geringe mate" aangedui het. Vir vyf (50.0%) van gemeente nommer vier se respondente is dit tot 'n "geringe mate" belangrik hoeveel *likes* hulle op Facebook kry wanneer hulle iets *post,* terwyl drie (30.0%) meen dit is "glad nie" die geval nie, met twee (20.0%) wat meen dat dit tot 'n "redelike mate" die geval is. Nege (47.4%) van gemeente nommer vyf se respondente het aangedui dat dit "glad nie" vir hulle belangrik is hoeveel *likes* hulle op Facebook kry wanneer hulle iets *post* nie, gevolg deur vyf (26.3%) respondente wat aangedui het dat dit tot 'n "redelike mate" die geval is. Vir drie respondente (15.8%) is dit tot 'n "geringe mate" belangrik hoeveel *likes* hulle op Facebook kry wanneer hulle iets *post,* met twee (10.5%) respondente vir wie dit tot 'n "groot mate" belangrik is. In gemeente nommer ses het ses (37.5%) respondente aangedui dat dit vir hulle "glad nie" belangrik is hoeveel *likes* hulle op Facebook kry wanneer hulle iets *post* nie, met vyf (31.3%) vir wie dit tot 'n "redelike mate" belangrik is, vier (25.0%) vir wie dit tot 'n "groot mate" belangrik is en een (5.9%) vir wie dit tot 'n "geringe mate" die geval is. Die algehele uitslag op van die vraag of dit vir die respondente belangrik is hoeveel *likes* hulle op Facebook kry wanneer hulle iets *post,* het 60 (56.6%) "glad nie" geantwoord, met negentien (17.9%) wat aangedui het dat dit tot 'n "redelike mate" die vir hulle belangrik is, met sewentien (16.0%) vir wie dit tot 'n "geringe mate" die geval is en tien

(9.4%) vir wie dit tot ’n "groot mate” belangrik is (Sien tabel 10 in addendum Q). Hoewel die meerderheid van die respondente in die sewe gemeentes aangedui het dat dit glad nie vir hulle belangrik is hoeveel *likes* hulle op Facebook kry nie, verskil dit tot ’n groot mate met navorsing wat deur Madden *et al.* (2013) in die VSA onderneem is. "*'Likes'* specifically seem to be a strong proxy for social status, such that some teen Facebook users will try to upload photos of themselves that garner the maximum number of *'likes,'* and remove photos with too few *'likes'*" (Madden, *et al.,* 2013). Marks (2013.50) is van mening dat diegene wat baie *"likes"* op Facebook kry, gewis meer populêr is (en voel) as diegene wat nie so baie *"likes"* op hul plasings kry nie (vgl. Walsh, 2018).

Op die vraag of respondente al met pornografie op Facebook te doen gekry het, het slegs een (5.6%) van gemeente nommer een "ja” geantwoord, terwyl sewentien (94.4%) "nee” geantwoord het. In gemeente twee het twee (20.0%) respondente "ja” geantwoord, met agt (80.0%) respondente wat "nee” geantwoord het. In gemeente drie het een (6.3%) van die respondente "ja” geantwoord, terwyl vyftien (93.0%) respondente met "nee” op die vraag gereageer het. Gemeente nommer vier het vyf (50.0%) respondente wat "ja” geantwoord het en vyf (50.0%) wat "nee” geantwoord het. In gemeente nommer vyf het vier (21.1%) van die respondente "ja” geantwoord en vyftien (78.9%) het "nee” geantwoord. Gemeente nommer ses het sewe (43.8%) respondente opgelewer wat "ja” geantwoord het, terwyl nege (56.3%) "nee” geantwoord het. In gemeente nommer sewe het een (5.6%) respondent "ja” geantwoord, terwyl die ander sewentien (94.4%) respondente "nee” geantwoord het. Van die 109 respondente het 21 (19.6%) "ja” geantwoord dat hulle al met pornografie op Facebook te doen gekry het, terwyl 86 (80.4) "nee” geantwoord het. (Sien tabel 11 in addendum Q). Siende dat die internet maklike toegang tot pornografie bied, en byna 20.0% van die respondente aangedui het dat hulle al deur Facebook toegang tot pornografie verkry het, sal dié onderwerp as een van die gevare van Facebook meer breedvoerig in hoofstuk vyf bespreek word.

Respondente wat met pornografie op Facebook gekonfronteer is, is gevra om aan te dui of hulle sulke voorvalle onder hulle ouers se aandag gebring het. Die respondente in die onderskeie gemeentes het soos volg gerageer. In gemeente nommer een het een (5.9%) "ja” geantwoord, vyf (29.4%) het "nee” geantwoord en elf (64.7%) wat aangedui het dat die vraag "nie van toepassing” op hulle is nie. In gemeente nommer

twee het twee (20.0%) "nee" geantwoord, terwyl daar agt (80.0%) respondente is op wie die vraag "nie van toepassing" is nie. In gemeente nommer drie het twee (13.3%) "ja" geantwoord, een (6.7%) het "nee" geantwoord en daar is twaalf (80.0%) respondente op wie die vraag "nie van toepassing" is nie. In geemeente nommer vier is daar drie (30.0%) respondente wat "ja" geantwoord het, drie (30.0%) wat "nee" geantwoord het en vier (40.0%) op wie die vraag "nie van toepassing" is nie. In gemeente nommer vyf is daar vier (21.1%) wat "ja" geantwoord het, vyf (26.3%) wat "nee" geantwoord het en tien (52.6%) op wie die vraag "nie van toepassing" is nie. In gemeente nommer ses het vier (28.6%) respondente "ja" geantwoord, met sewe (50.0%) wat "nee" geantwoord het en drie (21.4%) op wie die vraag "nie van toepassing" is nie. In gemeente nommer sewe is daar twee (11.1%) respondente wat "ja" geantwoord het, vier (22.2%) wat "nee" geantwoord het, terwyl die vraag op twaalf (66.7%) "nie van toepassing" is nie. In die geheel het sestien (15.5%) "ja" geantwoord, met 27 (26.2%) wat "nee" geantwoord het. Die meerderheid van 60 (58.3%) respondente het aangedui dat die vraag "nie van toepassing" op hulle is nie. (Sien tabel 12 in addendum Q).

In vraag 14 is respondente gevra of hulle al genader is om naakfoto's van hulleself aan te stuur ("*sexting"*)? Die respondente in die sewe gemeentes het soos volg op die vraag gereageer. Gemeente nommer een, (5.3%) "ja" en agtien (94.7%) "nee". Gemeente nommer twee, twee (20.0%) "ja" en agt (80.0%) "nee". Gemeente nommer drie, een (6.3%) "ja" en vyftien (93.8%) "nee". Gemeente nommer vier, een (10.0%) "ja" en nege (90.0%) "nee". Gemeente nommer vyf, ses (31.6%) "ja" en dertien (68.4%) "nee". Gemeente nommer ses, tien (62.5%) "ja" en ses (37.5%) "nee". Gemeente nommer sewe, ses (35.3%) "ja" en elf (64.7%) "nee". In totaal het 27 (25.2%) van die respondente "ja" geantwoord, terwyl 80 (74.8%) "nee" geantwoord het. Gegewe die feit dat die navorsing in sewe gemeentes van die AGS-kerk onderneem is, is dit kommerwekkend dat 25.2% van die respondente al genader is om naakfoto's van hulleself aan te stuur. *Sexting,* soos die praktyk bekendstaan, is ook iets waarmee Facebookgebruikers te doen kan kry. Kennis moet geneem word dat *sexting* nie net iets is wat deur middel van selfone en op die internet plaasvind nie, maar dat Facebook nog een van die platforms is waar naakfoto's gedeel word (Carrington & Larkin, 2017:199). Carrington en Larkin (2017:199) tref egter onderskeid tussen *sexting* waar volwassenes wedersyds daartoe ingestem het en *sexting* tussen

minderjarige kinders. In die geval van tieners wat *sext,* selfs al is daar wedersydse instemming daartoe, kan dit skadelik wees veral wanneer foto's van 'n gewese meisie of kêrel die betrokke party in 'n verleentheid kan bring. (Sien die getranskribeerde onderhoud van gemeente nommer een as 'n voorbeeld hiervan, [Addendum B] asook tabel 13 in addendum Q). Carrington en Larkin (2017:199) wys verder daarop dat die gevaar van *sexting* onder minderjariges[72] daartoe kan lei dat die skuldige party of partye aanspreeklik gehou kan word vir die oortreding van die wet op kinderpornografie wat die verspreiding van foto's of beelde van mense onder die ouderdom van agtienjaar verbied (vgl. Kinderwet 38 van 2005). Gegewe die feit dat daar op Facebook *sexting*-groepe bestaan is daar 'n moontlikheid dat hoërskoolleerders nie net aan *sexting* blootgestel kan word nie, maar dat hulle by hierdie verkeerde en sondige praktyke betrokke kan raak. Cook (2017) vestig die aandag op SextPanther, 'n volwasse webtuiste wat ook op Facebook beskikbaar is, wat pornografiese filmsterre in staat stel om teksboodskappe en naakfoto's van hulleself teen 'n prys met intekenaars te deel. Die moontlikheid bestaan dat hoërskoolleerders wat by hierdie spesifieke *sexting*-platform betrokke raak, by pornografie betrokke kan raak. Die gevaar van *sexting* word breedvoerig in hoofstuk vyf bespreek.

Respondente wat gevra is om naakfoto's van hulleself aan te stuur, is gevra om aan te dui of hulle die voorvalle onder hulle ouers se aandag gebring het. Die respondente van die onderskeie gemeentes het soos volg op die vraag geantwoord. In gemeente nommer een het een (5.6%) respondent "ja" geantwoord, met vyf (27.8%) respondente wat "nee" geantwoord het en twaalf (66.7%) wat aangedui het dat die vraag "nie van toepassing" op hulle is nie. In gemeente nommer twee het twee (20.0%) respondente "nee" geantwoord, met agt (80.0%) wat "nie van toepassing" aangedui het. In gemeente nommer drie het een (6.3%) respondent "ja" geantwoord, drie (18.8%) het "nee" geantwoord, terwyl twaalf (75.0%) aangedui het dat die vraag "nie van toepassing" op hulle is nie. In gemeente nommer vier het een (10.0%) respondent "ja" geantwoord, een (10.0%) het "nee" geantwoord en agt (80.0%) het "nie van toepassing" geantwoord. In gemeente nommer vyf het twee (10.5%) respondente "ja"

[72] In hierdie studie verwys minderjariges na kinders onder die ouderdom van agtien jaar, wat in ooreenstemming is met die Kinderwet (38 van 2005).

geantwoord, ses (31.6%) het "nee" geantwoord en elf (57.9%) het aangedui dat die vraag "nie van toepassing" op hulle is nie. In gemeente nommer ses het drie (20.0%) van die respondente "ja" geantwoord, tien (66.7%) het "nee" geantwoord, terwyl twee (13.3%) respondente geantwoord het dat die vraag "nie van toepassing" op hulle is nie. In gemeente nommer sewe het een (5.6%) respondent "ja" geantwoord, sewe (38.9%) het "nee" geantwoord, terwyl tien (55.6%) "nie van toepassing" geantwoord het. In totaal het nege (8.5%) van die respondente "ja" geantwoord, terwyl 34 (32.1%) "nee" geantwoord het. Die meerderheid van 63 (59.4%) het "nie van toepassing" geantwoord. (Sien tabel 14 in addendum Q).

In vraag sestien is die respondente gevra om aan te dui of hulle al die slagoffer van kuberteistering was. Die reaksie van die respondente in die onderskeie gemeentes word nou weergegee. In gemeente nommer een het een (5.3%) respondent "ja" geantwoord en agtien (94.7%) het "nee" geantwoord. In gemeente nommer twee is daar een (10.0%) respondent wat "ja" geantwoord het, terwyl nege (90.0%) "nee" geantwoord het. Gemeente nommer drie het vier (25.0%) "ja" antwoorde opgelewer, terwyl die ander twaalf (75.0%) respondente "nee" geantwoord het. In gemeente nommer vier is daar drie (30.0%) van die respondente wat "ja" geantwoord het en sewe (70.0%) wat "nee" geantwoord het. Gemeente nommer vyf het ses (31.6%) respondente wat "ja" geantwoord het, met dertien (68.4%) wat "nee" aangedui het. In gemeente nommer ses is daar vier (25.0%) van die respondente wat "ja" op die vraag geantwoord het, terwyl twaalf (75.0%) respondente "nee" geantwoord het. Respondente in gemeente nommer sewe het vier (22.2%) "ja"-antwoorde opgelewer, terwyl veertien (77.8%) "nee" geantwoord het. In die geheel het 23 (31.2%) van die respondente aangedui dat hulle al slagoffers van kuberteistering was. Die oorblywende 85 (78.7%) van die respondente het "nee" as antwoord op dié vraag aangedui. (Sien tabel 15 in addendum Q). Omdat kuberteistering ook ’n realiteit op Facebook is, word dit breedvoerig as een van die gevare in hoofstuk vyf bespreek.

Respondente wat wel slagoffers van kuberteistering is, is gevra om aan te dui of die voorvalle met hulle ouers bespreek is. Die terugvoer wat van die respondente ontvang is, word vervolgens weergegee. In gemeente nommer een het een (5.6%) respondent "ja" geantwoord, terwyl vier (22.2%) "nee" geantwoord het. Daar is dertien (72.2%) respondente wat aangedui het dat die vraag "nie van toepassing" op hulle is nie. Een

(10.0%) van die respondente van gemeente nommer twee het "nee" geantwoord, terwyl die oorblywende nege (90.0%) respondente aangedui het dat die betrokke vraag "nie van toepassing" op hulle is nie. In gemeente nommer drie het drie (18.8%) van die respondente "ja" geantwoord, een (6.3%) het "nee" geantwoord en twaalf (75.0%) het "nie van toepassing" aangedui. Twee (20.0%) van gemeente nommer vier se respondente het "ja" geantwoord, een het "nee" geantwoord, terwyl die ander sewe (70.0%) respondente aangedui het dat die vraag "nie van toepassing" op hulle is nie. In gemeente nommer vyf is daar vyf (26.3%) van die respondente wat "ja" geantwoord het, terwyl nog vyf (26.3%) "nee" geantwoord het, met nege (47.4%) wat "nie van toepassing" aangedui het. Twee (14.3%) van gemeente nommer ses se respondente het "ja" geantwoord, ses (42.9%) het "nee" geantwoord en ses (42.9%) het "nie van toepassing" geantwoord. In gemeente nommer sewe is daar drie (16.7%) van die respondente wat "ja" geantwoord het, sewe (38.9%) wat "nee" geantwoord het, met agt (44.4%) respondente wat "nie van toepassing" aangedui het. 'n Totaal van sestien (15.2%) respondente wat slagoffers van kuberteistering is, het dit onder hulle ouers se aandag gebring, terwyl 25 (23.8%) respondente dit nie onder hulle ouers se aandag gebring het nie. Die meerderheid van 64 (61.0%) respondente het aangedui dat die vraag nie op hulle van toepassing is nie. (Sien tabel 16 in addendum Q).

In vraag sewentien is respondente gevra of hulle Facebookprofiel al gesteel (ge-*"hack"*) was? In gemeente nommer een het al negentien (100.0%) van die respondente "nee" geantwoord. Al tien (100.0%) respondente van gemeente nommer twee het ook "nee" op die vraag geantwoord. In gemeente nommer drie het een (6.3%) van die respondente "ja" geantwoord, met vyftien (93.8%) wat "nee" geantwoord het. In gemeente nommer vier het vier van die respondente (40.0%) "ja" geantwoord en ses (60.0%) het "nee" geantwoord. Vier (21.1%) respondente van gemeente nommer vyf het "ja" op die vraag geantwoord, terwyl vyftien (78.9%) "nee" geantwoord het. Gemeente nommer ses het drie (18.8%) respondente opgelewer wat "ja" geantwoord het, met dertien (81.3%) wat "nee" geantwoord het. In gemeente nommer sewe is daar drie (16.7%) respondente wat aangedui het dat hulle Facebookprofiele al gesteel is, terwyl vyftien (83.3%) respondente "nee" op die vraag geantwoord het. In totaal is daar vyftien van die respondente wat aangedui het dat hulle Facebookprofiele al gesteel is, terwyl 93 (86.1%) "nee" op die vraag geantwoord het. (Sien tabel 17 in addendum Q). Die feit dat vyftien Facebookgebruikers in die sewe gemeentes se Facebookprofiele

al ge-*hack* is, dui daarop dat dit gevare vir diegene kan inhou wat dit al oorgekom het. Een van die grootste gevare wat 'n gesteelde Facebookprofiel vir hoërskoolleerders inhou, is dat hulle adres, telefoonnommer en eposadres tot beskikking is van die *hacker*[73] is. Read (2013:69) wat baie sterk te velde trek teen die gebruik van Facebook en ander vorme van sosiale media is van mening dat veral Facebook baie min doen om hulle gebruikers se persoonlike inligting teen kuberkriminele te beskerm. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die Cambridge Analytica[74] Facebookskandaal wat gedurende Maart 2018 aan die lig gekom het. In hierdie voorval is data van nagenoeg 87 miljoen Amerikaanse Facebookprofiele deur *hackers* geoes. Volgens Read (2013:69) maak baie Facebookgebruikers hulleself skuldig daaraan om groot hoeveelhede persoonlike inligting op Facebook te deel, sonder om die gevare daaraan verbonde te besef. Omdat daar Facebookgebruikers is wat die bedreiging van kubermisdaad beskou as iets wat nie werklik vir hulle gevare inhou nie omdat hulle meen dit iets is wat met ander mense gebeur, is daar baie min Facebookgebruikers wat met groot omsigtigheid op Facebook te werk gaan. "The excessive sharing of information in and of itself is dangerous, and it doesn't help that Facebook encourages with every feature they create. The heavy volume of information makes Facebook nearly unprotected when combined with its large concentration of users of weak ties to one another. Facebook profiles can easily be impersonated which allows hackers to gain the trust of their targets in an environment that is assumed to be safe. If the hacker can gain the friendship of the user, the privacy controls will begin to lose value. With enough determination the hacker will eventually find a way into the profile" (Read, 2013:69). Om hierdie rede is dit van kardinale belang dat hoërskoolleerders wat Facebook gebruik en hulle ouers deeglik ingelig word van die gevare verbonde aan die gebruik van Facebook. Dit is veral die ouers op wie se skouers die verantwoordelikheid rus om hulle kinders teen die gevare van Facebook en ander sosiale-mediaplatforms te beskerm en toe te rus om behoorlike voorsorg te tref, ten einde die veiligheid van hulle kinders te verseker.

[73] *Hacker* word deur die Wesbster dictionary (2018) gedefinieer as "a person who illegally gains access to and sometimes tampers with information in a computer system".
[74] *Cambridge Analytica* is 'n politieke raadgewende firma wat vir die Trump-veldtog in die Amerikaanse presidentsverkiesing van 2017 gewerk het (Chang, 2018).

Respondente is ook gevra om aan te dui tot watter mate die hoeveelheid vriendskappe wat hulle op Facebook het, hulle populariteit beïnvloed. In gemeente nommer een het sestien (88.9%) respondente aangedui dat die hoeveelheid vriendskappe wat hulle op Facebook het "glad nie" hulle populariteit beïnvloed nie, met een (5.6%) respondent wat aangedui het dat dit tot 'n "redelike mate" die geval is en een (5.6%) wat meen dat dit tot 'n "groot mate" die geval is. Ses (60.0%) respondente van gemeente nommer twee wys daarop dat die hoeveelheid vriendskappe op Facebook "glad nie" 'n invloed op hulle populariteit het nie, terwyl drie (30.0%) aangedui het dat dit tot 'n "geringe mate" aandui hoe populêr hulle is en een (10.0%) respondent wat meen dat dit tot 'n "redelike mate" die geval is. Gemeente nommer drie het vyf (31.3%) respondente wat "glad nie" geantwoord het, ses (37.5%) wat "geringe mate" geantwoord het, vier (25.0%) wat "redelike mate" aangedui het, met een (6.3%) wat meen dat dit tot 'n "groot mate" die geval is. In gemeente nommer vier het vier (40.0%) van die respondente "glad nie" aangedui, met twee (20.0%) wat "geringe mate" aangedui het en vier (40.0%) wat meen dat dit tot 'n "redelike mate" die geval is. In gemeente nommer vyf is die meerderheid van elf (57.9%) respondente van mening dat die aantal vriendskappe "glad nie " aandui hoe populêr hulle onder hulle Facebookvriende is nie. Daar is egter vier (21.1%) respondente wat van mening is dat hulle populariteit tot 'n "redelike mate" deur die aantal vriende op Facebook beïnvloed word, terwyl drie (15.8%) die mening toegedaan is dat dit tot 'n "geringe mate" hulle populariteit beïnvloed en een (5.3%) respondent wat meen dat dit tot 'n "groot mate" die geval is. In gemeente nommer ses het die grootste groep van ses (37.5%) respondente aangedui dat die hoeveelheid vriende wat hulle op Facebook het, hulle populariteit tot 'n "redelike mate" beïnvloed, gevolg deur vyf (31.3%) wat "glad nie" aangedui het, vier (25.0%) wat tot 'n "groot mate" geantwoord het en een (6.3%) respondent wat "geringe mate" geantwoord het. Gemeente nommer sewe het vyftien (83.3%) respondente wat aangedui het dat die hoeveelheid vriendskappe wat hulle op Facebook het "glad nie" hulle populariteit beïnvloed nie. In die gevalle van 'n "geringe mate," "redelike mate" en "groot mate" is daar onderskeidelik een (5.6%) respondent elk wat so geantwoord het. In totaal het 62 (57.9%) van die respondente aangedui dat die hoeveelheid vriendskappe wat hulle op Facebook het "glad nie" hulle populariteit beïnvloed nie, gevolg deur 21 (19.6%) wat meen dat dit tot 'n "redelike mate" 'n invloed op hulle populariteit het. 'n Verdere sestien (15.0%) van die respondente is van mening dat die hoeveelheid vriende wat hulle op Facebook het tot 'n "geringe mate" 'n invloed op hulle

populariteit het, met agt (7.5%) wat egter meen dat dit tot ’n "groot mate" hulle populariteit beïnvloed. (Sien tabel 18 in addendum Q).

Waar die respondente gevra is om aan te dui hoeveel vriende hulle op Facebook het, het hulle soos volg gerageer. In gemeente nommer een is daar sewe (50.0%) respondente wat aangedui het dat hulle tussen "51-150" Facebookvriende het, met vier (28.6%) wat "minder as 50" Facebookvriende het en drie (21.4%) wat "meer as 500" Facebookvriende het. In gemeeente nommer twee is daar drie (33.3%) respondente wat "minder as 50" Facebookvriende het, gevolg deur gelyke getalle van twee (22.2%) wat "151-300" en "301-500" Facebookvriende het. Daar is een (11.1%) respondent wat "51-150" Facebookvriende het en een wat "meer as 500" Facebookvriende het. In gemeente nommer drie is daar ses (37.5%) respondente wat aangedui het dat hulle tussen "51-150" Facebookvriende het, gevolg deur vyf (31.3%) respondente wat "151-300" Facebookvriende het, terwyl drie (18.8%) "meer as 500" Facebookvriende het en twee (12.5%) wat tussen "301-500" Facebookvriende het. Gemeente nommer vier het vier (40.0%) respondente wat "meer as 500" Facebookvriende het, met drie respondente wat tussen "51-150" Facebookvriende het, gevolg deur een (10.0%) wat "minder as 50", een (10.0%) wat tussen "151-300" en een (10.0%) wat "meer as 500" Facebookvriende het. In gemeente nommer vyf is daar ses (31.6%) respondente wat tussen "51-150" Facebookvriende het. Vyf respondente (26.3%) het tussen "151-300" Facebookvriende, met nog vyf (26.3%) respondente wat "301-500" Facebookvriende het en drie (15.8%) wat aangedui het dat hulle "meer as 500" Facebookvriende het. Gemeente nommer ses het sewe (43.8%) respondente wat "meer as 500" Facebookvriende het, met drie (18.8%) respondente wat "301-500" Facebookvriende het en drie (18.8%) respondente wat "151-300" Facebookvriende het. ’n Verdere twee (12.5%) respondente het tussen "51-150" Facebookvriende met een (6.3%) wat "minder as 50" Facebookvriende het. In gemeente nommer sewe het ses (35.3%) van die respondente aangedui dat hulle "meer as 500" Facebookvriende het, met nog ses (35.3%) wat "minder as 50" Facebookvriende het. Daar is twee (11.8%) respondente wat "51-150" Facebookvriende het en nog twee wat "151-300" Facebookvriende het, met een (5.9%) respondent wat "301-500" Facebookvriende het. In die geheel het die grootste groep van 27 (26.7%) vanuit al sewe deelnemende gemeentes tussen "51-150" Facebookvriende, gevolg deur 24 (23.8%) wat "meer as 500" Facebookvriende het.

'n Verdere agtien (17.8%) het aangedui dat hulle tussen "151-300" Facebookvriende het, met nog sewentien (16.8%) wat "301-500" Facebookvriende het en vyftien (14.9%) wat "minder as 50" Facebookvriende het. (Sien tabel 19 in addendum Q). Navorsing wat Lenhart (2015) in die VSA onderneem het, toon dat tieners gemiddeld 145 Facebookvriende het.

Op die vraag of die respondente al hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het, het twaalf (75.0%) van die respondente van gemeente nommer een aangedui dat hulle die "meeste" van hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het, terwyl drie (18.8%) respondente "glad nie" aangedui het en een (6.3%) wat "slegs 'n paar" Facebookvriende persoonlik ontmoet. In gemeente nommer twee het sewe (70.0%) respondente aangedui dat hulle die meeste van hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het, met drie (30.0%) respondente wat "slegs 'n paar" van hulle Facebookvriende ontmoet het. Nege (56.3%) van gemeente nommer drie se respondente het "slegs 'n paar" van hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet, met vier (25.0%) respondente wat die "meeste" van hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het, terwyl drie (18.8%) respondente geantwoord het dat hulle "glad nie" al hulle Facebookvriende ontmoet het nie. In gemeente nommer vier het sewe (70.0%) van die respondente aangedui dat hulle "glad nie" al hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het nie, met twee (20.0%) respondente wat "slegs 'n paar" van hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het en een (10.0%) respondent wat die "meeste" Facebookvriende persoonlik ontmoet het. In gemeente nommer vyf het elf (57.9%) van die respondente aangedui dat hulle die "meeste" van hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het, terwyl agt (42.1%) van die respondente "slegs 'n paar" van hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het. Gemeente nommer ses het elf (68.8%) respondente wat aangedui het dat hulle "slegs 'n paar" van hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het, terwyl vyf (31.3%) respondente aangedui het dat hulle die "meeste" van hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het. Agt (47.1%) van gemeente nommer sewe se respondente het die "meeste" van hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet, terwyl ses (35.3%) respondente aangedui het dat hulle "glad nie" al hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het nie en drie (17.6%) respondente wat aangedui het dat hulle "slegs 'n paar" van hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het. 'n Totaal van 48 (46.2%) respondente het aangedui dat hulle die meeste van hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het, terwyl 37 (35.6%) geantwoord het dat hulle

"slegs 'n paar" van hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het. Negentien (18.3%) van die respondente het aangedui dat hulle "glad nie" al hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het nie. (Sien tabel 20 in addendum Q).

Die respondente is in vraag 21 gevra om aan te dui of hulle ouers toegang tot hulle Facebookprofiel/e het. In gemeente nommer een het elf (73.3%) respondente "ja" geantwoord en vier (26.7%) respondente het "nee" geantwoord. In gemeente nommer twee het ses (60.0%) respondente "ja" geantwoord, terwyl vier (40.0%) respondente "nee" geantwoord het. Elf (68.8%) van gemeente nommer drie se respondente het "ja" geantwoord, met vyf (31.3%) wat "nee" geantwoord het. In gemeente nommer vier is daar agt (80.0%) respondente wie se ouers toegang tot hulle Facebookprofiel/e het, terwyl twee (20.0%) respondente se ouers nie toegang tot hulle Facebookprofiel/e het nie. Twaalf (63.2%) van gemeente nommer vyf se respondente het aangedui dat hulle ouers toegang tot hulle Facebookprofiel/e het, met sewe (36.8%) respondente wie se ouers nie toegang tot hulle Facebookprofiel/e het nie. Gemeente nommer ses het nege (56.3%) respondente wie se ouers toegang tot hulle Facebookprofiel/e het en sewe (43.8%) respondente wie se ouers nie toegang tot hulle Facebookprofiel/e het nie. Elf (61.1%) van gemeente nommer sewe se respondente het "nee" geantwoord op die vraag of hulle ouers toegang tot hulle Facebookprofiel/e het, terwyl sewe (38.9%) van die respondente "ja" op die vraag geantwoord het. Gemeente nommer sewe is die enigste van die sewe gemeentes waar meer respondente "nee" geantwoord het op die vraag of hulle ouers toegang tot hulle Facebookprofiel/e het. (Sien tabel 21 in addendum Q).

Op die vraag of die respondente van ander sosiale media *apps* gebruik maak, het die respondente van die onderskeie gemeentes soos volg geantwoord. In gemeente nommer een het veertien (73.7%) van die respondente "ja" geantwoord en vyf (26.3%) respondente het "nee" geantwoord. Nege (90.0%) van gemeente nommer twee se respondente het "ja" geantwoord en een (10.0%) het "nee" geantwoord. In gemeente nommer drie het dertien (81.3%) van die respondente "ja" geantwoord, met drie (18.8%) wat "nee" geantwoord het. In gemeente nommer vier het sewe (70.0%) van die respondente aangedui dat hulle van ander sosiale media *apps* gebruik maak, terwyl drie (30.0%) "nee" geantwoord het. Al negentien (100.0%) van die respondente van gemeente nommer vyf het "ja" geantwoord op die vraag of hulle van ander sosiale

media *apps* gebruik maak. Veertien (87.5%) van gemeente nommer ses se respondente het aangedui dat hulle van ander sosiale media *apps* gebruik maak, met twee (12.5%) respondente wat "nee" geantwoord het. In gemeente nommer sewe het sewentien (94.4%) van die respondente "ja" geantwoord op die vraag of hulle ander sosiale media *apps* gebruik, terwyl een (5.6%) "nee" geantwoord het. In totaal het 93 (86.1%) van die respondente "ja" geantwoord op die vraag of hulle ander sosiale media *apps* gebruik, terwyl vyftien (13.9%) "nee" geantwoord het. (Sien tabel 22 in addendum Q).

4.2.3 Statistieke ten opsigte van die verskille tussen die twee provinsies waar die navorsing onderneem is

Die hoërskoolleerders van die sewe AGS-gemeentes is gevra om aan te dui in watter provinsie hulle woon. Die meerderheid van 62 (56.9%) respondente het aangedui dat hulle in die Vrystaat woon, terwyl 47 (43.1%) aangedui het dat hulle in Gauteng woonagtig is. (Sien tabel 1 in addendum R).

Die respondente is ook gevra om aan te dui of hulle as hoërskoolleerders Facebook gebriuk. In Gauteng het 36 (78.3%) "ja" geantwoord, met tien (21.7%) wat "nee" geantwoord het. In die Vrystaat 59 (93.7%) van die respondente "ja" geantwoord, terwyl slegs vier (6.3%) "nee" geantwoord het. Vanuit die resultate is dit duidelik dat die Vrystaatse respondente meer van Facebook gebruiker maak, as dié in Gauteng. (Sien tabel 2 in addendum R).

Op die vraag of die respondente al met pornografie op Facebook te doen gekry het, het vier (9.1%) van die respondente in Gauteng "ja" geantwoord, terwyl 40 (90.9%) "nee" geantwoord het. In die Vrystaat is daar sewentien (27.0%) wat "ja" geantwoord het, met 46 (73.0%) wat "nee" geantwoord het. Die resultate bring duidelik aan die lig dat daar meer van die respondente in die Vrystaat is wat met al pornografie op Facebook te doen gekry het, as wat die geval in Gauteng is. (Sien tabel 3 in addendum R).

Diegene wat met pornografie op Facebook te doen gekry het, is gevra om aan te dui of hulle dit onder hulle ouers se aandag gebring het. In Gauteng het drie (7.1%) "ja" geantwoord, met agt (19.0%) wat "nee" geantwoord het en 31 (73.8%) wat aangedui het dat die vraag "nie van toepassing" op hulle is nie. In die Vrystaat het dertien (21.3%) van die respondente "ja" geantwoord, terwyl negentien (31.1%) "nee"

geantwoord het, met 29 (47.5%) wat "nie van toepassing" geantwoord het. Die resultate toon in hierdie geval dat die respondente in die Vrytaat meer geneig is om dit onder hulle ouers se aandag te bring, dat hulle al met pornografie op Facebook te doen gekry het, as wat die geval in Gauteng is. Daar is ook meer respondente in die Vrystaat wat dit nie onder hulle ouers se aandag bring wanneer hulle met pornografie op Facebook te doen kry nie. In Gauteng is die syfer egter aansienlik hoër waar respondente aangedui het dat die vraag "nie van toepassing" op hulle is nie. (Sien tabel 4 in addendum R).

Waar respondente gevra is of hulle al genader is om naakfoto's van hulleself aan te stuur (*sexting*), het vier (8.9%) van die respondente van Gauteng "ja" geantwoord het, terwyl 41 (91.1%) "nee" geantwoord het. In die Vrystaat het 23 (37.1%) van die respondente "ja" geantwoord, met 39 (62.9%) wat "nee" geantwoord het. Die resultate wys daarop dat die meer respondente van die Vrystaat genader is om naakfoto's van hulleself aan te stuur, as wat respondente in Gauteng gevra is om naakfoto's van hulleself aan te stuur. (Sien tabel 5 in addendum R).

In die gevalle waar respondente gevra is om naakfoto's van hulleself aan te stuur, is hulle versoek om aan te dui of hulle dit onder hulle ouers se aandag gebring het. Twee (4.5%) respondente van Gauteng het aangedui dat hulle die voorvalle onder hulle ouers se aandag gebring het, terwyl tien (22.7%) "nee" geantwoord het. 'n Totaal van 32 (72.7%) het aangedui dat die vraag "nie van toepassing" op hulle is nie. In die Vrystaat het sewe (11.3%) van die respondente aangetoon dat hulle dit onder hulle ouers se aandag gebring het, toe hulle gevra is om naakfoto's van hulleself aan te stuur, terwyl 24 (38.7%) "nee" geantwoord het. Die oorblywende 31 (20.0%) van die respondente het aangedui dat die vraag "nie van toepassing" op hulle is nie. Daar is meer respondente in die Vrystaat wat die voorvalle onder hulle ouers se aandag gebring het, toe hulle gevra is om naakfoto's van hulleself aan te stuur, as in die geval van Gauteng. In die Vrystaat is daar egter ook meer respondente wat dit nie onder hulle ouers se aandag gebring het, toe hulle genader is om naakfoto's van hulleself aan te stuur nie. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat meer respondente in Gauteng as in die Vrystaat "nie van toepassing" geantwoord het. (Sien tabel 6 in addendum R).

In die geval waar respondente gevra is om aan te dui of hulle dit onder hulle ouers se aandag gebring het dat hulle al die slagoffer van kuberteistering was, het hulle soos

volg gereageer. Vier (9.1%) van die Gautengrespondente het "ja" geantwoord, met ses (13.6%) wat "nee" geantwoord het, terwyl 34 (77.3%) "nie van toepassing" geantwoord het. In die Vrystaat het twaalf (19.7%) van die respondente "ja" geantwoord, terwyl negentien (31.1%) "nee" geantwoord het. Daar is 30 (49.2%) van die Vrystaatrespondente wat geantwoord het dat die vraag "nie van toepassing" op hulle is nie. Daar is meer respondente in die Vrystaat wat aangedui het dat hulle voorvalle van kuberteisteriing onder die aandag van hulle ouers bring, as wat die geval in Gauteng is. Ook in die geval waar die respondente gevra is om aan te dui of hulle voorvalle van kuberteistering nie onder hulle ouers se aandag gebring het nie, is daar meer respondente in die Vrystaat as in Gauteng. In Gauteng het aansienlik meer respondente geantwoord dat die vraag "nie van toepassing" op hulle is nie, as in die Vrystaat. (Sien tabel 7 in addendum R).

Op die vraag of die respondente se Facebookprofiel al gesteel (ge-*"hack"*) is, het slegs een (2.2%) van die respondente in Gauteng "ja" geantwoord, met 44 (97.8%) "nee" geantwoord het. In die Vrystaat het veertien (22.2%) van die respondente "ja" geantwoord, terwyl 49 (77.8%) "nee" geantwoord het. Die resultate bring aan die lig dat respondente van die Vrystaat in meer gevalle slagoffers is van Facebookprofiele wat gesteel is, as in Gauteng. (Sien tabel 8 in addendum R).

Respondente is ook gevra om aan te dui hoeveel Facebook-vriende hulle het. In Gauteng is daar 'n groot groep van veertien (35.9%) wat aangedui het dat hulle tussen "51-150" Facebook-vriende het. Die getal is gevolg deur gelyke hoeveelhede van sewe (17.9%) wat onderskeidelik "meer as 500," "151-300" en "minder as 50" aangedui het. Daar is vier (10.3%) wat tussen "301-500" aangedui het. In die Vrystaat het die grootste groep van sewentien respondente aangedui dat hulle "meer as 500" Facebook-vriende het, gevolg deur dertien (21.0%) wat tussen "301-500" en 'n verdere dertien (21.0%) wat "51-150" Facebook-vriende het. Elf (17.7%) van die respondente het aangedui dat hulle "151-300" Facebookvriende het, terwyl agt (12.9%) "minder as 50" Facebookvriende het. Die resultate wys dat die meeste respondente in die Vrystaat "meer as 500" Facebook-vriende het, terwyl die grootste groep respondente in Gauteng "51-150" Facebookvriende het. (Sien tabel 9 in addendum R). Gilbert, Karahalios en Sandvig (2010:1369, 1371) se navorsing in die VSA bewys die

teendeel. Hulle voer aan dat diegene wat in die platteland woonagtig is baie minder aanlynvriende het as diegene wat in die stede woon.

4.2.4 Statistieke ten opsigte van die verskille tussen ouers en hoërskoolleerders

In vraag vier is die hoërskoolleerders van die sewe deelnemende AGS-gemeentes gevra of hulle al ’n vals Facebookprofiel geskep het (onder ’n vals naam)? Nege (8.3%) van die respondente het "ja” geantwoord, terwyl 99 (91.7%) "nee” geantwoord het. Die deelnemende ouers in die sewe AGS-gemeentes is gevra of hulle kinders al ’n vals Facebookprofiel (onder ’n vals naam) geskep het? Twee (2.0%) van die ouers het "ja” geantwoord, met 78 (79.6%) wat "nee” geantwoord het, terwyl agtien (18.4%) aangedui het dat hulle nie "weet nie”. Die gekombineerde totale van die hoërskoolleerders en ouers het die volgende aan die lig gebring. Elf (5.3%) respondente het "ja” geantwoord, terwyl 177 (85.9%) "nee” geantwoord het. Daar is agtien (8.7%) van die ouers wat aangedui het dat hulle nie "weet nie”. Statisties betekenisvolle verskille het in gemeentes vyf, ses en sewe voorgekom. Die verskille kan toegeskryf word aan die ouers wat geantwoord het dat hulle nie weet of hulle kinders al ’n vals Facebookprofiel geskep het nie, terwyl die kinders net "ja” of "nee” op die vraag kon antwoord. In gemeente nommer vyf is daar 15.8% van die respondente wat "ja” geantwoord het, terwyl 84.2% "nee” geantwoord het. Van die ouers het 57.1% "nee” geantwoord, met 42.9% wat aangedui het dat hulle nie "weet nie.” Die 42.9% ouers wat aangedui het dat hulle nie weet of hulle kind of kinders ’n Facebookprofiel geskep het voor die ouderdom van dertien jaar nie, gee direk daartoe aanleiding dat hier ’n statisties betekenisvolle verskil is wat gerapporteer moet word. (Sien tabel 1 in Addendum S). Post Senning (2013) is van mening dat baie ouers nie bewus is van Facebook se vereiste minimum ouderdom van dertien jaar om ’n Facebookprofiel te skep nie, terwyl Lee (2014:32) se navorsing aan die lig gebring het dat 55.0% van ouers hulle kinders onder die ouderdom van dertien jaar help om op ’n oneerlike wyse ’n Facebookprofiel te skep.

Op die vraag of die hoërskoolleerders ’n Facebookprofiel geskep het voordat hulle dertien jaar was of eers daarna, het 43 (41.7%) van die hoërskoolleerders "ja” geantwoord, terwyl 60 (58.3%) "nee” geantwoord het. Van die deelnemende ouers van die sewe AGS-gemeentes het agtien (19.8%) "ja” geantwoord, met 61 (67.0%) "nee” geantwoord het en twaalf (13.2%) wat "weet nie” geantwoord het. Die

gekombineerde totale van die hoërskoolleerders en ouers toon dat 61 (31.4%) van die respondente "ja" geantwoord het, terwyl 121 (62.4%) "nee" geantwoord het. Twaalf (6.2%) ouers het geantwoord dat hulle nie "weet nie". Die statisties betekenisvolle verskille het in gemeentes drie, vier, vyf, ses en sewe voorgekom. In gemeente nommer drie het 43.8% van die hoërskoolleerders aangedui dat hulle 'n Facebookprofiel voor die ouderdom van dertien jaar geskep het, terwyl daar geen ouers is, wat aangedui het dat hulle kind of kinders 'n Facebookprofiel voor die ouderdom van dertien jaar geskep het nie. In gemeente nommer vier is daar 'n soortgelyke tendens met 50.0% van die hoërskoolleerders wat aangedui het dat hulle voor die ouderdom van dertien jaar 'n Facebookprofiel geskep het, terwyl geen ouers aangedui het dat hulle kind of kinders 'n Facebookprofiel voor dertienjarige ouderdom geskep het nie. In gemeente nommer vyf is daar egter 71.4% van ouers wat aangedui het dat hulle kinders voor die ouderdom van dertien 'n Facebookprofiel geskep het, terwyl 47.4% van die hoërskoolleerders aangetoon het dat hulle 'n Facebooprofiel voor dertien jaar geskep het. In gemeente nommer ses is daar weer 'n ander tendens te bespeur. Daar is 62.5% hoërskoolleerders wat aangedui het dat hulle nie 'n Facebookprofiel voor die ouderdom van dertien jaar geskep het nie, terwyl 43.8% van die ouers aangedui het dat hulle kinder of kinders nie voor dertien jaar 'n Facebookprofiel geskep het nie. Die feit dat 31.3% van gemeente nommer ses se ouers geantwoord het dat hulle nie "weet nie," dra by tot die syfer wat wys op die statistiese betekenisvolle verskille. In gemeente nommer sewe is daar ook groot verskille tussen die antwoorde wat die hoërskoolleerders en die ouers van die sewe AGS-gemeentes gegee het. 'n Totaal van 50.0% van die hoërskoolleerders het aangedui dat hulle 'n Facebookprofiel voor die ouderdom van dertien jaar geskep het, teenoor 11.1% van die ouers aangedui het dat hulle meen dit die geval is. In die geheel het 41.7% van die hoërskoolleerders aangedui dat hulle oor 'n Facebookprofiel beskik het voor die ouderdom van dertien jaar, terwyl net 19.8% van die deelnemende ouers van mening is dat hulle kinders voor dertienjarige ouderdom 'n Facebookprofiel geskep het. Hierdie getalle bring aan die lig dat nie alle ouers ten volle ingelig is oor wanneer hulle kinders 'n Facebookprofiel geskep het nie. (Sien tabel twee in Addendum S). Kraft (2015) is van mening dat daar een van twee redes is waarom kinders voor die ouderdom van dertien jaar oor 'n Facebookprofiel beskik. Eerstes kan dit toegeskryf word aan kinders wat sonder hulle ouers se toestemming 'n Facebookprofiel geskep

het. Die tweede moontlikheid is dat die kinders met hulle ouers se medewete ’n Facebookprofiel geskep het.

Die hoërskoolleerders is in vraag negentien gevra of die aantal vriendskappe wat hulle op Facebook het, hulle populariteit beïnvloed. Die meerderheid van 62 (57.9%) het geantwoord dat die aantal vriendskappe wat hulle op Facebook het "glad nie" hulle populariteit beïnvloed nie, gevolg deur 21 (19.6%) wat geantwoord het dat dit tot ’n "redelike mate" die geval is. ’n Verdere sestien (15.0%) het aangedui dat die aantal vriendskappe wat hulle op Facebook het, hulle populariteit tot ’n "geringe mate" beïnvloed, met agt (7.5%) van die hoërskoolrespondente wat meen dat die aantal vriendskappe wat hulle op Facebook het hulle populariteit tot ’n "groot mate" beïnvloed. Waar die ouers van die hoërskoolleerders in die sewe AGS-gemeentes gevra was of hulle dink dat die aantal vriendskappe wat hulle kinders op Facebook het, hulle populariteit beïnvloed het 29 (30.5%) aangedui dat dit "glad nie" hulle kinders se populariteit beïnvloed nie, gevolg deur 24 (25.3%) wat meen dat dit tot ’n "geringe mate" die geval is, met 23 (24.2%) wat meen dat hulle kinders se populariteit tot ’n "redelike mate" deur die aantal vriendskappe op Facebook beïnvloed word. Daar is negentien (20.0%) van die ouers wat egter die mening toegedaan is dat die aantal vriendskappe wat hulle kinders op Facebook het tot ’n "groot mate" ’n invloed op hulle kinders se populariteit het. Die gekombineerde syfers van die hoërskoolleerders en die ouers van die sewe AGS-gemeentes, toon dat 91 (45.0%) aangedui het dat die aantal vriendskappe op Facebook "glad nie" ’n invloed op hulle kinders se populariteit het nie, gevolg deur 44 (21.8%) wat aangedui het dat dit tot ’n "redelike mate" die geval is. Daar is veertig (19.8%) respondente wat meen dat die aantal vriendskappe op Facebook hulle populariteit tot ’n "geringe mate" beïnvloed, terwyl 27 (13.4%) egter meen dat dit tot ’n "groot mate" die geval is. Statisties betekenisvolle verskille het voorgekom in gemeentes een en sewe. Die groot verskille in die persentasies tussen die hoërskoolleerders en hulle ouers in gemeente nommer een dui aan waarom daar statisties betekenisvolle verskille tussen die gemeente se respondente voorkom. Daar is 88.9% hoerskoolkinders in die gemeente wat aangedui het dat die aantal vriendskappe wat hulle op Facebook het "glad nie" hulle populariteit beïnvloed nie, waarteenoor 32.0% van die ouers aangedui het dat die aantal vriendskappe wat hulle kinders op Facebook het "glad nie" ’n invloed op hulle populariteit het nie. Vierentwintig persent van ouers het aangedui dat die aantal vriendskappe op Facebook tot ’n

"geringe mate" 'n invloed op gulle kinders se populariteit het, met nog 24% wat meen dat dit tot 'n "redelike mate" die geval is, terwyl 20.0% van die respondente die mening toegedaan is dat die aantal vriendskappe op Facebook tot 'n "groot mate" hulle kinders se populariteit beïnvloed. Die grootste verskil het in gemeente nommer sewe voorgekom, waar 83.3% van die hoërskoolleerders aangedui het dat die aantal vriendskappe wat hulle op Facebook het "glad nie" hulle populariteit beïnvloed nie, teenoor 11.1% van die ouers wat dié siening huldig. In die geheel gesien is daar 57.9% van die hoërskoolleerders wat aangedui het dat die aantal vriendskappe op Facebook "glad nie" hulle populariteit beïnvloed nie. In teenstelling hiermee het 30.5% van die ouers aangedui dat hulle van mening is dat die aantal vriendskappe wat hulle kinders op Facebook het "glad nie" 'n invloed op hulle kinders se populariteit het nie. Vanuit die statistieke is dit duidelik dat die hoërskoolleerders tot 'n groter mate as wat hulle ouers dink, meen dat die aantal vriendskappe wat hulle op Facebook het "glad nie" 'n invloed op hulle populariteit het nie. (Sien tabel drie in Addendum S). Rickman (2018:112) is egter van mening dat die aantal vriende wat tieners op Facebook het een van die grootste faktore is wat hulle populariteit onder hulle vriende aandui (vgl. Bakkar, 2012:86). Volgens Lobstein (2013:58) het tieners in die Verenigde Koninkryk[75] gemiddeld 450 Facebookvriende terwyl Sterling (2013) daarop wys dat tieners in die VSA gemiddeld 425 Facebookvriende het.

Waar die respondente moes aandui of hulle al hul Facebookvriende persoonlik ontmoet het, is daar ook statisties betekenisvolle verskille wat aan die lig gekom het tussen die antwoorde wat die hoërskoolleerders en hulle ouers gegee het. Daar het statisties betekenisvolle verskille voorgekom in gemeentes een, drie, vyf, ses en sewe. In gemeente nommer een lê die verskil waar die respondente gevra is om aan te dui tot watter mate hulle al hul Facebook vriende persoonlik ontmoet het, by die opsie waar die respondente met "meeste" geantwoord het. Ouers moes aandui tot watter mate hulle meen hul hoërskoolleerders al hulle Facebookvriende onmoet het. In gemeente nommer een het 'n totaal van 75.0% van die hoërskoolleerders "meeste" geantwoord, teenoor 33.3% van die ouers "meer" aangedui het. In gemeente nommer een is daar dus aansienlik meer hoërskoolleerders wat "meer" van hulle

[75] Die Verenigde Koninkryk bestaan uit Engeland, Skotland, Wallis en Noord-Ierland (Harssel, Jackson & Hudman, 2015:226).

Facebookvriende ontmoet het, as wat die ouers meen hulle hoërskoolleerders ontmoet het. In gemeente nommer drie kan die prakties betekenisvolle verskil gesien word waar 25.0% van die hoërskoolleerders "meeste" aangedui het, teenoor die 50.0% van die ouers. In gemeente nommer drie het meer ouers dus aangedui dat hulle hoërskoolleerders die "meeste" van hulle Facebookvriende ontmoet het, as wat die geval werklik is. In gemeente nommer vyf is daar 57.9% van die hoërskoolleerders wat aangedui het dat hulle "grotendeels" al hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het nie. Daarenteen het 28.6% van die ouers aangedui dat hulle meen hulle hoërskoolleerders "grotendeels" al hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het. Die feit dat 'n verdere 28.6% van die ouers aangedui het dat hulle nie weet hoeveel Facebookvriende hulle hoërskoolleerders persoonlik ontmoet het nie, dra by tot die statistiese betekenisvolle verskil. Vanuit dié syfers is dit opsigtelik dat die hoërskoolleerders meer van hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het, as wat hulle ouers gemeen het die geval is. Ook in gemeente nommer ses was daar groot verskille tussen dit wat die hoërskoolleerders en die ouers geantwoord het. Die gevolg hiervan is verdere statisties betekenisvolle verskille wat gerapporteer word. 'n Totaal van 31.3% van die hoërskoolleerders in gemeente nommer ses het aangedui dat hulle die "meeste" van hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het, teenoor 6.3% van die ouers wat die siening huldig. Die verskil tussen die werklike syfer wat deur die hoërskoolleerders verskaf is en dit wat deur die ouers aangedui is, word verder beïnvloed deur die 25.0% ouers wat aangedui het dat hulle nie weet of hulle hoërskoolleerders al hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het nie. In gemeente nommer sewe is daar groot verskille tussen twee van die antwoorde wat deur die respondente verskaf is. Dit is dus die rede vir die prakties betekenisvolle verskille wat in die gemeente aan die lig kom. Daar is 17.6% van die hoërskoolleerders wat aangedui het dat hulle "slegs 'n paar" van hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het. 'n Totaal van 66.7% ouers is egter van mening gewees dat hulle hoërskoolleerders "slegs 'n paar" van hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het. Baie meer van die ouers is dus van mening gewees dat hulle hoërskoolleerders "slegs 'n paar" van hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het. Die grootste groep van 47.1% van die hoërskoolleerders het egter aangetoon dat hulle die "meeste" van hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het, teenoor 22.2% van die ouers wat aangedui het dat hulle hoërskoolleerders die "meeste" van hulle hoërskoolleerders ontmoet het. Daar is dus aansienlik meer hoërskoolleerders wat die "meeste" van hulle

Facebookvriende ontmoet het, as wat ouers gemeen het die geval is. (Sien tabel vier in Addendum S). Lenhart *el al.* (2015) se navorsing wat in die VSA onderneem is, toon dat 57% van tieners nuwe vriende aanlyn ontmoet het en dat die meeste van die vriendskappe slegs in die *"digital space"* bly voortbestaan. Slegs 20% van die tieners onder wie die navorsing in die VSA gedoen is, het 'n aanlynvriend in persoon ontmoet. Hiervolgens kan die afleiding gemaak word dat aanlynvriendskappe nie noodwendig 'n persoonlike vriendskap tot gevolg sal hê nie.

4.3 GEVOLGTREKKING

Die resultate wat uit die kwantitatiewe navorsing onder die hoërskoolleerders bekom is met die vrae wat betrekking op Facebook en die gebruik daarvan as sosiale mediaplatform het, toon in sekere gevalle ooreenstemming tussen die antwoorde wat deur die ouers en hoërskoolleerders verskaf is, terwyl daar in sommige gevalle egter verskille aan die lig gekom het.

Die resultate wys die volgende:

- Dat die oorgrote meerderheid van 87.2% van die hoërskoolleerders wat aan die navorsing in die sewe AGS-gemeentes deelgeneem het, wel van Facebook as sosiale-mediaplatform gebruik maak.
- Dat daar hoërskoolleerders is wat 'n vals Facebookprofiel geskep het.
- Dat daar hoërskoolleerders is wat 'n Facebookprofiel voor die ouderdom van dertien jaar geskep het. Dit bevestig die antwoord wat sommige ouers in die eerste rondte van die kwantitatiewe navorsing verskaf het (Sien punt 3.3.1).
- Dat die meerderheid van hoërskoolleerders in die sewe AGS-gemeentes wat Facebook gebruik, dit nie beskou as iets waarmee hulle kan ontvlug van die dinge wat rondom hulle gebeur nie.
- Dat daar hoërskoolleerders in die sewe AGS-gemeentes is wat deel van geslote groepe is, al is hulle in die minderheid.
- Dat pornografie, *"sexting"* en *"cyberbullying"* gevare is waarmee sommige van die hoërskoolleerders in die sewe AGS-gemeentes al te doen gekry het.
- Dat nie al die respondente wat al met pornografie, *"sexting", "cyberbullying"* op Facebook gekonfronteer is, dit noodwendig onder hulle ouers se aandag bring nie.

- Dat identiteitsdiefstal van Facebookprofiele ’n gevaar is waarmee enkele van die hoërskoolleerders in die sewe AGS-gemeentes al te doen gekry het.
- Dat die meerderheid van die hoërskoolleerders in die sewe AGS-gemeentes ook van ander sosiale mediaplatforms en *apps* gebruik maak.
- Dat die grootste groep van 46.0% van die respondente minder as een uur per dag op Facebook spandeer. Die oorblywende deel van die respondente bestaan uit 22.0% wat tussen 1 en 2 uur op Facebook spandeer, twintig persent wat tussen 2 en 3 uur, en twaalf persent wat meer as 3 uur per dag op Facebook spandeer.
- Dat die meerderheid van die respondente die meeste van hulle Facebookvriende persoonlik ontmoet het.
- Dat nie alle ouers toegang tot hulle hoërskoolleerders se Facebookprofiele het nie.
- Dat respondente in die Vrystaat meer tyd as hulle eweknieë in Gauteng op Facebook spandeer.

Die inligting wat bekom is met die tweede rondte van die kwantitatiewe navorsing het aan die lig gebring wat Osmer se beskrywend-empiriese taak ten doel het, naamlik om die vraag, "Wat gaan aan?” te beantwoord. Vanuit die kwalitatiewe navorsing wat onder die hoërskoolleerders onderneem is, is dit duidelik dat Facebook as sosiale-mediaplatform baie gewild is, maar dat dit sekere gevare vir hoërskoolleerders inhou.

Die resultate wat die kwantitatiewe navorsing in die tweede fase aan die lig gebring het, bevestig dat dit nodig is dat daar pastorale riglyne neergelê moet word ten einde ouers en hulle hoërskoolleerders toe te rus om Facebook op ’n verantwoordelike wyse te gebruik. Die kennis wat beide die ouers en die hoërskoolleerders deur die toerusting bekom, behoort hulle te bemagtig om besluite te kan neem wat ooreenstem met die Bybel en sodoende tot eer van die Here te leef.

HOOFSTUK 5: DIE ONTSTAAN, ONTWIKKELING EN GROEI VAN FACEBOOK EN DIE POPULARITEIT VAN FACEBOOK ONDER HOËRSKOOLLEERDERS: 'N LITERATUURSTUDIE

5.1 INLEIDING

In hoofstuk 4 is die resultate van die empiriese navorsing bespreek, met betrekking tot die vraelyste wat deur die hoërskoolleerders van die sewe deelnemende gemeentes voltooi is. In dié hoofstuk word ondersoek ingestel na bestaande literatuur oor die onderwerp van Facebook as sosiale mediaplatform en die klem val op Osmer (2008:4) se interpreterende taak, wat dit ten doel het om die vraag, "Waarom het dit gebeur?" te beantwoord (vgl. punt 1.6.2 in hoofstuk 1). Die doel hiermee is om te bepaal in watter mate hierdie studie by bestaande literatuur aansluit en of die studie nuwe resultate oplewer.

5.2 DIE SOSIALE-MEDIAREWOLUSIE

Pérez-Latre (2013:46) sê dat die invloed van die digitale revolusie in alle vorme van menslike kommunikasie en interaksie in geen opsig onderskat behoort te word nie. Dit is veral duidelik in die snelle toename van gewilde sosiale-medianetwerke. Hierdie netwerke stel rekenaar- en selfoongebruikers regoor die wêreld in staat om internetgebaseerde sosiale-mediaplatforms soos Facebook (https://www.facebook.co), Twitter (https://twitter.com) of nisnetwerke (*niche*)[76] soos Pinerest (https://www.pinterest.com)[77] en LinkedIn te ontsluit. In haar toetrede tot die gesprek oor sosiale-medianetwerke wys Carbal (2011:5-6) daarop dat die eksponensiële groei van sosiale media op die behoeftes van gebruikers gebaseer is. Sy (Carbal) vestig ook die aandag daarop dat die grootste persentasie van sosiale mediagebruikers Generasie Y[78] is wat met die internet grootgeword het en die krag

---

[76] *Niche* word in die Cambridge dictionary (2018) gedefinieer as, "an area or position that is exactly suitable for a small group of the same type".

[77] Schell (2016:155) beskryf Pinterest as "a virtual scrapbook filled with pretty pictures of outfits, recipes, and other goodies appealing to online users". Dit is veral gewild is onder vroulike internetgebruikers.

[78] Hazleton, Harrison-Rexrode en Kennan (2007:100) meen dat verskillende generasies sosiale-medianetwerke vir verskillende redes gebruik (vgl. Abram, 2012:32; Kneidinger, 2012:133; McClellan *et al.,* 2012:1367-1369). Celik en Schoreels (2014:44) definieer generasies as "time intervals which are formed with worldwide economic and

daarvan verstaan. In aansluiting hierby sê Kidd en Hodges (2017:281) dat dié netwerke uit ’n wêreldwye gehoor van miljoene mense bestaan, wat mekaar in die virtuele wêreld ontmoet en op groot skaal sosiale interaksie met mekaar het.

Lenhart, Madden en Hitlin (2005) toon aan dat toenemende getalle van tieners van digitale middels gebruik maak om met hulle vriende te kommunikeer. In navorsing wat Lenhart *et al.* in 2007 onderneem het, het dit aan die lig gekom dat die gebruik van sosiale media die middelpunt is waarom baie tieners se lewe draai. In hierdie spesifieke studie het 93% van tieners aangedui dat hulle die internet gebruik. Hulle beskou die kuberruim as ’n ontmoetingsplek waar hulle hoofsaaklik met hulle vriende gebeure deel wat in hulle lewe gebeur. Hulle beskou sosiale-mediaplatforms ook as die ideale plek om hul foto’s, video’s en ander vorme van kuns met mekaar te deel.

Die impak van die sosiale-mediarewolusie kan dus nie onderskat word in die lewe van hedendaagse tieners nie. Die syfers toon duidelik dat sosiale media ’n integrale deel van tieners se lewe en kommunikasiewyse geword het.

Die sosiale-mediarewolusie wat in besonder ’n groot invloed op Generasie Y en Generasie Z het, noop die navorser om ’n deeglike literatuurstudie te doen, in ’n poging om ’n beter begrip van die leefwêreld van Generasie Y en Generasie Z te verkry.

---

social movements”. As gevolg van verskille in opvoedingstyle en die omgewings waarin die onderskeie generasies groot word, kan belangrike verskille tussen die onderskeie generasies waargeneem word in terme van hul karakters, verwagtinge en werkswyses. Bronne wat die verskillende generasies in diepte beskryf, verskil van mekaar rakende die presiese tydperiodes maar die verskille is nie meer as twee jaar nie. Celik en Schoreels (2014:44) klasifiseer die onderskeie generasies soos volg: *“Boomers”* is diegene wat tussen 1943 en 1960 gebore is (vgl. Rubin, 2015:87; Holland, 2006:4); *“Generation X”* is diegene wat tussen 1961 en 1981 gebore is (vgl. Carlson, 2008:27; Holland, 2006:4-5); *“Generation Y”, “Millennials”* of die *“net generation”* is die generasie wat tussen 1982 en 2004 gebore is (vgl. Savage *et al.,* 2011:16-7; Holland, 2006:5-6), terwyl *“Generation Z”* sedert 2005 gebore is (vgl. Gordon, 2009:182). Volgens Zarra (2017:51) is daar ten minste agt ander benamings wat aan Generasie Z toegedig word, naamlik: *(1) iGen; (2) Post-millennials; (3) Homelanders; (4) Digital natives; (5) Selfie Generation; (6) Generation Zed; (7) Generation Firsts* en *(8) Generation iCan* (vgl. Twenge, 2017:7-8). Die veranderende leefwêreld van die verskillende generasies sal waarskynlik daartoe lei dat diegene wat in verskillende generasies gebore is, sosiale media, soos Facebook, op verskillende maniere sal gebruik.

5.3 LITERATUURSTUDIE

Lategan (2007:128) vestig die aandag daarop dat die literatuurstudie 'n sleutelrol in enige navorsing speel en dat dit geensins as 'n blote "tussen-in-stap" in die navorsingsproses gesien moet word nie. Volgens hom (Lategan) fokus die literatuurstudie "op die navorsingsprobleem wat ondersoek word en die moontlike oplossings wat in reeds voltooide navorsingsprojekte aangebied is" (Lategan, 2007:128-129). Fouché en Delport (2011:134), Rubin en Babbie (2011:143), Dawidowicz (2010:5-6), Guthrie (2010:28-29), Teddlie en Tashakkori (2009:121) sowel as Ridley (2008:149) is dit eens dat die literatuurstudie 'n integrale deel van die navorsingsproses is. Kumar (2011:31) maak 'n belangrike opmerking oor literatuurstudie wanneer hy sê: "The literature review is an integral part of the entire research process and makes a valuable contribution to almost every operational step." Die belangrikheid van die literatuurstudie word deur Collins (2017:108) beklemtoon deurdat hy daarop wys dat dit:

- die keuse van die navorsingsvraag regverdig;
- die navorsingsmetodologie ontwikkel;
- die aandag op belangrikheid van die navorsingsonderwerp vestig;
- met die verduideliking van die navorsingsprobleem help;
- die teoretiese basis van die navorsing ondersteun;
- die omvang van die navorser se kennis oor die bepaalde vakgebied verbreed;
- opponerende sieninge identifiseer;
- die duplisering van studies voorkom;
- agtergrondinligting verskaf wat nodig is om die navorsingsprojek te verstaan;
- help om sommige van die slaggate en foute wat ander navorsers begaan het, te vermy.

Kumar (2011:32) voeg hierby dat die literatuurstudie met die kontekstualisering van die navorsingsprobleem en bevindinge help, terwyl Descombe (2010:30) die aandag daarop vestig dat die gebruik van resente literatuur die navorsing tot voordeel strek. Mouton (2001:87) wys op sy beurt dat die literatuurstudie 'n beduidende rol speel om inligting en idees wat relevant tot die navorsing is te identifiseer.

Volgens Mouton (2001:91) moet daar voortdurend heen en weer beweeg word tussen die navorsingsprobleem en die literatuurstudie. "It is truly an interactive and cyclical

process." Mouton (2001:91) verbreed die begip *literatuurstudie* deur daarop te wys dat die term nie alleen verwys daarna om 'n versameling tekste oor 'n bepaalde onderwerp te raadpleeg nie, maar dat dit belangriker is om na te vors hoe ander navorsers reeds met die probleem, teorie en uitkomste gehandel het. Lategan (2008:139) is van mening dat literatuurstudie deel vorm van 'n "basiese navorsingsmetodologie wat gerig is op die skep van kennis om die onderwerp onder bespreking beter te verstaan en toegepaste navorsing om die kennis op 'n bepaalde praktiese probleem van toepassing te maak". Kumar (2011:32) maak 'n belangrike opmerking oor die literatuurstudie as hy na die paradoks[79] in die literatuurondersoek verwys, menende dat die literatuurstudie aan die een kant nie sonder 'n goed geformuleerde navorsingsprobleem onderneem kan word nie en aan die anderkant help die literatuurstudie weer met die formulering van die navorsingsprobleem (vgl. Finn, 2005:90). Lategan (2007:130) beskryf 'n spesifieke stuk literatuur as 'n "inligtingsbron oor metodologie, paradigmas, teorieë en data".

5.4 VOORGESTELDE RAAMWERK

In hierdie studie maak die navorser van Lategan (2007:131) se sewe stap-raamwerk vir die literatuurstudie gebruik. Die sewe stappe is:

- Identifisering van die wetenskaplike etos[80];
- Bepaling van die navorsingsprobleem en die omlyning van die navorsingsprojek;
- Konseptualisering van sleutelbegrippe;
- Analisering van beskikbare tekste oor die onderwerp;
- Weergee van die literatuurstudie;
- Lewering van kritiek op die literatuurstudie;

[79] Bisschoff (2013) beskryf 'n paradoks as 'n "uitspraak wat aanvanklik lyk of dit 'n teenstrydigheid bevat, maar by nader beskouing tog versoenbaar is."

[80] Merton (1973:268-269) beskryf die wetenskaplike etos soos volg: "The ethos of science is that affectively toned complex of values and norms which is held to be binding on the man of science. The norms are expressed in the form of prescriptions, proscriptions, preferences, and permissions." Sztompka (2017:150) beskryf die kernwaardes van wetenskap as: objektiwiteit-die verbintenis tot die soeke na nuwe kennis so voldoende en volledig as moontlik- en oorspronklikheid-die verbindtenis tot die soeke na nuwe kennis. Norme of 'institusionele imperatiewe' definieer die aanvaarbare of voorkeurmaniere om daardie waardes te verwesenlik.

- ❖ Formulering van ’n eie standpunt.

Lategan (2007:131) redeneer dat ’n belangrike eienskap van hierdie raamwerk lê in "die opeenvolging van die verskillende stappe in die *doen* van die literatuurstudie”. Hy (Lategan) benadruk egter dat hierdie opeenvolging nie noodwendig die geval sal wees "in die *opskryf* van die resultate van die literatuurstudie nie”.

Vervolgens word daar meer in diepte aan hierdie raamwerk aandag gegee.

5.4.1 Identifisering van die wetenskaplike etos

Lategan (2007:7131) wys op drie probleme in die literatuurstudie wat grootliks verhinder dat die literatuur nie na waarde beoordeel word nie.

- ❖ Die afwesigheid van ’n goed gedefinieerde wetenskaplike etos van waaruit tekste beoordeel word;
- ❖ Die subjektiwiteit waarmee tekste gelees word;
- ❖ Die vooroordeel waarmee tekste gelees word.

Lategan (2007:131) vestig die aandag daarop dat die wetenskapsteorie wetenskaplikes se aandag daarop gevestig het "dat 'n teks beswaarlik korrek beoordeel kan word sonder die identifisering van die eie etos en die etos van die outeur(s) van die teks” (vgl. Aguilar, 2008:133-136; Hyland, 2005:67). Volgens Lategan (2007:132) doen die skrywer van ’n teks dit altyd vanuit ’n bepaalde etos en dus sal die navorser ook "altyd vanuit ’n bepaalde etos na ’n probleem kyk” (vgl. Trunk & Olsen, 2016:29; De Wet, 2013:25-26).

Lategan (2007:132-133) redeneer verder dat ’n etos ’n bepaalde "wetenskaplike beeld vorm en dat hierdie wetenskaplike beeld bepaal hoe die literatuur bestudeer en beoordeel sal word. Die onderskrywing van ’n etos beteken nie dat *subjektief* of met *vooroordeel* na tekste gekyk word nie. Dit is wel die geval as ’n standpunt wat nie binne ’n bepaalde etos inpas nie, geïgnoreer word. Dit is verder die geval wanneer alle standpunte wat nie met ’n bepaalde etos korrespondeer nie, byvoorbaat afgewys word sonder dat dit beoordeel en gedebatteer word.”

5.4.2 Die bepaling van die navorsingsprobleem en die omlyning van die navorsingsprojek

Lues en Lategan (2006:9) wys daarop dat die navorsingsprobleem aan die lig kan kom deur ŉ probleem wat in die praktyk geïdentifiseer word en/of vanuit literatuur wat oor ŉ bepaalde onderwerp bestudeer word. Lategan (2007:133) is van mening dat baie navorsers nie daarin slaag om die navorsingsprobleem (met ander woorde, dit wat ondersoek word) "goed te formuleer of af te baken nie" en dat daar ŉ "opvallende ongemaklikheid met die term is dat baie navorsers" van mening is dat *moeilikheid* ondersoek word in plaas van ŉ saak wat onduidelik is of waaroor daar ŉ meningsverskil bestaan.

5.4.3 Konseptualisering van sleutelbegrippe

Lategan (2007:134) benadruk dat konseptualisering die gebruik van begrippe duidelik maak, dat dit ŉ "toegangspoort" is vir die verstaan van ŉ argument en dat dit bepaalde begrippe met mekaar in verband bring (vgl. Babbie, 2017:157; Chambliss & Schutt, 2013:60-62). "Dit is dus onontbeerlik in die literatuurstadie" (Lategan, 2007:134). Lategan (2007:134) is van mening dat nie alle navorsers altyd daarin slaag om sleutelbegrippe met sukses te konseptualiseer nie. Rossouw (2003:16-18) lig vier probleme uit wat met konseptualisering gepaardgaan:

- Konsepte word baie keer dubbelsinnig gebruik;
- Konsepte is vaag;
- Konsepte is nie bekend nie;
- Emosionele konsepte is moeilik om te verduidelik.

Toegepas op die onderwerp van Facebook as sosiale-mediaplatform kan begin word deur te sê dat die gebruik van Facebook nie noodwendig veilig is vir hoërskoolleerders nie.

5.4.4 Analisering van beskikbare tekste oor die onderwerp

Lategan (2007:136) voer aan dat die identifisering van die probleem saam met die omlyning van die onderwerp die navorser in staat stel om gefokus en "nou afgebaken" na die onderwerp te kyk. Hart (1998:13) definieer die literatuur oorsig as die "selection of available documents (both published and unpublished) on the topic, which contain information, ideas, data, and evidence written from a particular standpoint to fullfil certain aims or express certain views on the nature of the topic and how it is to be

investigated, and the effective evaluation of these documents in relation to the research being proposed". Volgens Lategan (2007:136) is die primêre doel van die literatuurstudie dus om op hoogte te kom "van die stand van navorsing oor 'n bepaalde onderwerp" en daarom moet die literatuurstudie so omvattend as moontlik wees. Omdat die omvang van bestaande literatuurstudies dit prakties onmoontlik maak om elke artikel en bydra oor 'n bepaalde onderwerp te lees, moet navorsers ten minste die primêre bronne lees (Mann, 2015; vgl. Mouton, 2001:90). Finn (2005:90) wys daarop dat die literatuuroorsig navorsers in staat stel om te bewys dat hulle op 'n onafhanklike wyse krities met die literatuur kan omgaan.

5.4.5 Weergee van die literatuurstudie

Lategan (2007:137) wys navorsers daarop dat hulle ernstig moet waak om nie argumente eensydig weer te gee nie. Mouton (2001:91) beklemtoon dat dit nie in 'n literatuurstudie net oor 'n blote samestelling, of opsomming of aanbieding van inligtingsbronne gaan nie. In aansluiting hierby sê Lategan (2007:137) dat dit in die literatuurstudie gaan oor 'n "gestruktureerde en logiese weergee van argumente".

5.4.6 Lewering van kritiek op die literatuurstudie

Volgens Lategan (2007:137) moet kritiek nie net as die negatiewe beoordeling van 'n bepaalde standpunt gesien word nie, maar ook as die "beoordeling van die etos, konteks en paradigma van 'n standpunt". Strauss (aangehaal in Lategan, 2007:137-138) se kriterium vir wetenskaplike kommunikasie kan in hierdie verband nuttig gebruik word. "Hy argumenteer dat elke navorser die eis van *kritiese solidariteit* moet nakom". Dit beteken dat die navorser die positiewe in 'n studie kan uitwys en waardeer en dit waarmee hy verskil, "nie net kan identifiseer nie, maar met toepaslike voorbeelde op die teks kan verbeter". Lategan (2007:138) sluit by hierdie denkrigting aan en sê dat te veel navorsers bloot eensydige en negatiewe kritiek lewer, sonder om die argument te verbeter. Hy (Lategan) meen dat navorsers "voldoende winspunte in die literatuurstudie" moet formuleer om verder met die insigte te kan handel.

5.4.7 Formulering van 'n eie standpunt

Lategan (2007:138) voer aan dat die formulering van 'n eie standpunte "voorkom dat ritse name en argumente gelys word". Wanneer die navorser sy eie standpunt formuleer, is dit nie net 'n bewys dat hy in beheer van die navorsingsmateriaal is nie,

maar dit stel ook die leser in staat om te bepaal wat die waarde is wat die navorser tot die onderwerp toevoeg.

Met hierdie raamwerk in gedagte gaan die navorser die literatuurstudie aanpak, om insig te verkry oor die wêreld van sosiale media en hoe dit die gebruikers daarvan (in hierdie studie, ouers en hulle hoërskoolleerders) se lewens beïnvloed.

Ten einde by Facebook as sosiale-mediaplatform uit te kom en die impak wat dit op hoërskoolleerders se lewe uitoefen, is die volgende fase van die studie spesifiek op die ontstaan en geskiedenis van die internet en die wêreldwye web gerig. Daar sal ook na die begrip, kuberruimte, gekyk word.

5.5 ONTSTAAN EN GESKIEDENIS VAN DIE INTERNET EN DIE WÊRELDWYE WEB. DIE KUBERRUIMTE

Om beter te verstaan wat sosiale media is, is die navorser van mening dat dit belangrik is om kennis te hê van die agtergrond waarteen sosiale media figureer. Om hierdie rede is dit nodig dat sekere begrippe gedefinieer word, ten einde die komplekse netwerk waarvan sosiale media maar net een is, beter te kan begryp. Daar is drie begrippe wat uitgelig word, naamlik die internet, die wêreldwye web *(world wide web)* en die kuberruimte. Onwillekeurig wil 'n mens vra: Watter rol speel die internet in baie mense se lewens? Daar bestaan min of geen twyfel dat die ontstaan van die internet baie mense se lewe onherroeplik verander het. Volgens Zikmund *et al.,* (2017:16) is die internet 'n kommunikasiemedium waardeur die samelewing voortdurend getransformeer word. "Time is collapsing. Distance is no longer an obstacle. Crossing oceans requires only a mouse click. People are connected 24 hours a day, seven days a week" (Zikmund *et al.,* 2017:16). Die internet het volgens Zikmund *et al.,* (2017:16), Rice en Haythornthwaite (2006:92) asook Garson (1999:123) die wyse verander het waarop miljoene mense inligting bekom en versprei. Lazenby (2013:95) meen dat die intenet die wêreld weer "plat" en "klein" gemaak het. Internetgebruikers regoor die wêreld kan nou met mekaar kommunikeer, terwyl hulle mekaar sien. Skype[81] is 'n goeie voorbeeld hiervan.

[81] Silvius (2016:138) beskryf Skype as 'n telekommunikasietoepassing wat spesialiseer in die voorsiening van video-gesprekke en stemoproepe vanaf rekenaars, tablette, mobiele toestelle via die internet na ander toestelle of telefone of slimfone. Skype stel internet gebruikers ook in staat om kitsboodskappe te stuur, inligting uit te ruil, videoboodskappe te stuur en om konferensiegesprekke te inisieer (vgl. Rusen, 2015:89).

5.5.1 Wat is die internet?

Leiner *et al.,* (2009:1) is van mening dat die internet ’n omwenteling in die rekenaar en kommunikasiewêreld teweegebring het, soos nog nooit vantevore gesien is nie. Vroeëre uitvindings soos telegraaf, telefone, radio en die rekenaar het die weg gebaan vir die ongekende integrasie van vermoëns (vgl. Ryan, 2010:7-8). "The internet is at once a world-wide broadcasting capability, a mechanism for information dissemination, a medium for collaboration and interaction between individuals and their computers without regard for geographic location” (Leiner *et al.,* 2009:1). Op sy beurt beskryf Kelly (2016:26) die internet as ’n *"wide-open frontier”*. Von Solms (2013:109) brei hierop uit en noem dit ’n "globale stelsel van gekoppelde rekenaars en rekenaarnetwerke”. Die internet kan dus as ’n netwerk van rekenaarnetwerke beskryf word, waar letterlik miljoene rekenaars en rekenaarnetwerke betrokke is, wat aan private individue, openbare instansies, maatskappye en universiteite behoort. In beginsel is alle rekenaars wat aan ’n spesifieke netwerk gekoppel is, aan mekaar verbind en data en inligting kan tussen die rekenaars uitgeruil word. Von Solms wys verder daarop dat niemand met sekerheid kan sê waar die grense van die internet lê nie, siende dat daar op ’n daaglikse basis rekenaars en netwerke bygevoeg en verwyder word. Die internet as sulks is ook nie onder die beheer of bestuur van ’n spesifieke persoon of instansie nie.

Volgens Lazenby (2013:96) is die internet ’n wêrldwye inligtingsnetwerk wat ondermeer die wêreldekonomie, industrieë en die akademie tot voordeel strek, terwyl dit individue se persoonlike lewens op ’n daaglikse basis radikaal beïnvloed. Volgens Ryan (2010:7) het die koms van internet ’n enorme verandering in die individu se plek in die wêreld teweeggebring. "It is also the story about the coming power of the networked individual as the new vital unit of effective participation and creativity” (Ryan, 2010:7). Ryan (2010:8) redeneer verder dat die kombinasie van die rekenaar en die internet mag in die hande van die individu geplaas het. Hierdie mag stel die individu in staat stel om op elke terrein regoor die wêreld ’n betekenisvolle rol te speel. Verder bied dit aan individue die geleentheid om hulle opinies te lug, om met markte regoor die wêreld te kompeteer en om gemeenskappe positief of negatief te beïnvoed. ’n Goeie voorbeeld hiervan in Suid-Afrika is die wyse waarop die organiseerders van die "Fees must fall”-veldtog studente in 2015 by die meeste universiteite gemobiliseer het om protes aan te teken teen die verhoging van klasgelde. Ryan (2010:8) wys ook

daarop dat die internet selfs ingespan kan word om die staat uit te daag en ŉ beslissende rol te speel in die verkiesing van ŉ land se president. Die verkiesing van president Donald Trump van die VSA in 2016 is ŉ goeie voorbeeld hiervan. Daar is ook wyd bespiegel oor Russiese inmenging by die Amerikaanse verkiesing.

5.5.2 Die ontstaan van die internet

Die internet en die ontstaan daarvan, word soos volg deur Leinar *et al.* (2009:22) verwoord.

> The Internet represents one of the most successful examples of the benefits of sustained investment and commitment to research and development of information infrastructure. Beginning with the early research in packet switching, the government, industry and academia have been partners in evolving and deploying this exciting new technology.

Daar is eenstemmigheid tussen Ryan (2010:11-12), Banks (2008:2-3) asook Keefer en Baiget (2001:90-91) dat die ontstaan van die internet direk aan die Koue oorlog[82] tussen die VSA en die Soviet Unie (Rusland) toegeskryf kan word. Ryan (2010:12) redeneer verder dat dit met die verloop van tyd duidelik geword het dat die moondheid wat die mees effektiewe kommunikasie tussen militêre dissiplines sou bewerkstellig die beste toegerus sou wees, om die druk van die ander moontheid teë te werk. Vir dié doel het die VSA ŉ span navorsers (RAND)[83] aangewys om te verseker dat die

---

[82] Hastedt (2004:83) beskryf die Koue oorlog as die tydperk tussen die einde van die Tweede-wêreldoorlog en die val van die Berlynse muur in 1989. Hierdie tydperk was deur politieke vyandigheid en spanning tussen die Westerse moonthede en die kommunistiese Oosblok-lande gekenmerk. Hoewel die spanning tussen die Ooste en die Weste soms baie intens was, het die Koue oorlog nooit tot volskaalse oorlog geëskaleer nie.

[83] RAND (die akroniem vir Research and Development) verwys na die VSA se vernaamste *"think tank"* wat in verdediging en nasionale sekuriteitsaangeleenthede spesialiseer. Die RAND-korporasie het tydens die die Koue Oorlog ŉ kritieke rol gespeel, in die ontwikkeling van die Verenigde State se kernbeleid (Robin, 2016:51-52). McGrayne (2011:119) vestig die aandag daarop dat RAND hulleself as ŉ *"university without students"* beskou het, terwyl hulle nagenoeg 1,000 werknemers as *"defense intellectuals "* bekend gestaan het. Hulle doel was om wiskundige formules, statistieke en rekenaars te gebruik om militêre probleme die hoof te bied en besluite te neem onder toestande van onsekerheid en die Verenigde State teen ŉ aanval van Rusland te beskerm (vgl. Robin, 2016:51-52; Ryan, 2010:13). *"Think tank"* word gedefinieer as "An institute, corporation, or group organized to

VSA die botoon teen Rusland sou voer. Volgens die navorsers by RAND was die verbetering van die kommunikasienetwerk regoor die VSA van kardinale belang om oorlog teen die Verenigde State af te weer (Ryan, 2010:13).

Leinar *et al.* (2009:23) vestig die aandag daarop dat die geskiedenis van die internet rondom vier kenmerkende aspekte sentreer:

1. Die tegnologiese evolusie wat met die vroeë navorsing van *"packet switching"* en die ARPANET[84] begin.
2. Die bedrywighede en bestuursaangeleenthede wat met 'n globale en komplekse operasionele infrastruktuur geasossieer word.
3. Die sosiale aspek wat tot gevolg gehad het dat 'n breë gemeenskap van bekwame internetgebruikers saamgewerk het om dié tegnologie te skep en te ontwikkel.
4. Die kommersialiseringsaspek wat tot 'n uiters effektiewe oorskakeling van navorsingsresultate na 'n breë ontplooiing en beskikbare inligtingsinfrastruktuur aanleiding gegee het.

Leiner *et al.* (2009:23) wys daarop dat die eerste aangetekende beskrywing van sosiale interaksie tussen mense via 'n netwerk sonder grense voorgekom het in 'n reeks aantekeninge wat deur J.C.R. Licklider van MIT[85] wat in Augustus 1962 aan mense gestuur is, waarin hy sy *"Galactic Network"*-konsep bespreek het. Hy het 'n wêreldwye netwerk van gekoppelde rekenaars in die vooruitsig gestel, waardeur rekenaargebruikers van enige plek in die wêreld met 'n rekenaar data en programme kon verkry. Hierdie konsep stem ooreen met dit wat vandag as die internet bekendstaan. Licklider was die eerste hoof van die rekenaarnavorsingsprogram by DARPA[86] (vgl. Ryan, 2010:25; Ronchi, 2009:59). Licklider het sy opvolgers by

---

study a particular subject (such as a policy issue or a scientific problem) and provide information, ideas, and advice" (Webster, 2018).

[84] ARPANET is die akroniem vir "The Advanced Research Projects Agency Network" (Sampathkumar, 2014:2).

[85] MIT is die afkorting wat gebruik word om na die Massachusetts Institute of Technology te verwys (Schiller & Smyth, 2010:193).

[86] Leinar *et al.* (2009:23) vestig die aandag daarop dat ARPANET hulle naam in 1971 na DARPA verander het. DARPA is die akroniem vir "Defense Advanced Research Projects Agency". Die naam was in 1993 na ARPA verander en toe weer in 1996 terug verander na DARPA.

DARPA, Ivan Sutherland, Bob Taylor en die MIT-navorser Lawrence G. Roberts van die noodsaaklikheid van dié netwerpkonsep oortuig.

Leiner *et al.* (2009:23), Marinescu (2018:148) asook Ronchi (2009:59) is dit eens dat Leonard Kleinrock wat homself by MIT in die rekenaarwetenskap onderskei het, die teoretiese basis vir *"packet-switched networks"*[87] gefinaliseer het. *"Packet-switched networks"* is bekend as die tegnologie wat die internet ondersteun. Kleinrock se eerste artikel oor *"packet-switched networks"* was in Julie 1961 gepubliseer, gevolg deur sy eerste boek oor *"packet-switching"* wat in 1964 die lig gesien het. Leiner *et al.* (2009:23) skuif die aandag na Kleinrock wat vir Roberts van die teoretiese haalbaarheid van kommunikasie met behulp van *"packets"* eerder as stroombane oortuig het. Dit was 'n belangrike stap in die rigting na die rekenaarnetwerk. Die volgende belangrike stap na die internet was om rekenaars met mekaar te laat "praat". Gedurende 1965 het Roberts en Thomas Merrill gewerk om die TX-2 rekenaar by MIT deur middel van 'n laespoedskakeltelefoonlyn *(low-speed dial-up telephone line)* met die Q-32 rekenaar in Kalifornië te verbind. Sodoende het die eerste *wide-area computer network (WAN)* tot stand gekom (Ronci, 2009:60). Volgens Leiner *et al.* (2009:23) het die gevolgtrekking van dié eksperiment aan die lig gebring dat dit moontlik is om sulke netwerke op te rig en vir kommunikasiedoeleindes te benut. In aansluiting by die gesprek sê Ronchi (2009:60) dat "time-sharing systems could work well together while running remote procedures and retrieving data and that *circuit switching networks* are not suitable for this task but the *packet switching* approach was". Sodoende is Kleinrock se argument vir *"packet switching"* bevestig (Leiner *et al.,* 2009:23).

Ronchi (2009:60) vestig die aandag daarop dat daar in die tydperk tussen 1961 en 1967 deur drie afsonderlike navorsingsgroepe (wat nie van mekaar bewus was nie) aan die netwerkkonsep gewerk het. Die drie navorsingsgroepe was MIT (1961-1967),

---

[87] Banerjee (2018:226) beskryf *"packet-switched networks"* as "the type of network in which relatively small units of data called packets are routed through a network based on the destination address contained within each packet. Breaking communication down into packets allows the same data path to be shared among many users in the network. This type of communication between sender and receiver is known connectionless (rather than dedicated). Most traffic over the Internet uses packet switching and the Internet is basically a connectionless network."

RAND (1962-1965) en NPL[88] (1964-1967) (vgl. Leiner *et al.,* 2009:23). Leiner *et al.* (2009:23) wys daarop dat die volgende groot ontwikkeling wat die internet 'n hupstoot gegee het, die daarstel van die ARPANET-konsep in 1967 was. Tydens 'n konferensie in 1967 het Donald Davis en Roger Scantlebury van die Verenigde Koninkryk 'n artikel oor die *"packet network concept"* voorgelê, wat betrekking op die werk by NPL gehad het. Tydens die konferensie is die woord *"packet"* algemeen aanvaar, as erkenning van die werk wat by NPL gedoen was en die voorgestelde lynspoed vir die ARPANET-ontwerp van 2.4 kbps[89] is na 50 kbps opgegradeer.

Volgens Hey en Pápay (2015:204) asook Leiner *et al.* (2009:23) het die ontwikkeling van die internet gedurende Desember 1968 groot stukrag gekry, toe 'n sagteware maatskappy van Cambridge, Massachusetts, genaamd Bolt, Beranek en Newman (BBN) toestemming verkry het om die eerste *Interface Message Processors (IMP's)*[90] te kan ontwikkel. Leiner *et al.* (2009:23) fokus die aandag op die belangrike gebeure van September 1969 toe die eerste IMP deur Bolt, Beranek en Newman by UCLA[91] in die gasheerrekenaar geïnstalleer is en Kleinrock se rekenaar die eerste nodus van die internet geword het. 'n Maand later toe Stanford Research Institute (SRI) met die ARPANET verbind is, was die eerste gasheer-na-gasheer *(host-to-host)* boodskap van Kleinrock se laboratorium na Stanford Research Institute gestuur en so is die internet op 29 Oktober 1969 gebore (Kleinrock, 2009). Volgens Leiner *et al.* (2009:23) is nog twee nodusse bygevoeg toe die Universiteit van Santa Barbara en die Universiteit van Utah deel van die netwerk geword het. Teen die einde van 1969 was daar vier gasheerrekenaars aan die ARPANET verbind en so het die ontluikende internet ontstaan. "Even at this early stage, it should be noted that the networking

[88] NPL is die afkorting vir National Physical Laboratory (Speed & Ellis, 2003:3).

[89] Dahlman en Utz (2005:169) asook Olla (2005:294) beskryf kbps as "kilobits per second (thousands of bits per second) and is a measure of bandwidth (the amount of data that can flow in a given time) or data-transmission medium."

[90] Volgens Talukder (2011:87) is die Interface Message Processors (IMP) "the packet-switching node used to interconnect participant networks to the ARPANET from the late 1960s to 1989. IMP was the first generation of gateways, which are known today as routers".

[91] UCLA is die afkorting vir University of California, Los Angeles (Gebhard & Winter, 2003:144).

research incorporated both work on the underlying network and work on how to utilize the network. This tradition continues to this day" (Leiner *et al.,* 2009:23).

Volgens Mathews (2010:586) het rekenaarnetwerke sedert die middel van die 1970's geweldig vinnig begin groei. ARPANET het in 1973 die eerste internasionale toevoegings gemaak, toe die University College of London (Engeland) en NORSAR (Noorweë) bygevoeg is. Van der Merwe, Van Dyk en Prinsloo (2008:4) beskryf die groei van die internet as eksponensieel en sê dat daar teen 1989 reeds meer as 100 000 gashere *(hosts)* was wat aan die netwerk verbind was, waarna mense toenemend as die internet verwys het.

Ronchi (2009:60) vestig die aandag op die groot en amptelike bekendstelling van ARPANET, wat 'n baie suksesvolle demonstrasie was, wat deur Robert Khan in 1972 tydens die Internasionale Rekenaarkommunikasie Konferensie (International Computer Communication Conference of ICCC) georganiseer is. Leiner *et al.* (2009:23) voeg by dat dit die grootste publieke demonstrasie van die nuwe netwerktegnologie aan die publiek was. "It was also in 1972 that the initial 'hot' application, electronic mail, was introduced. In March Ray Tomlinson at BBN wrote the basic email message send and read software, motivated by the need of the ARPANET developers for an easy coordination mechanism. In July, Roberts expanded its utility by writing the first email utility program to list, selectively read, file, forward, and respond to messages. From there email took off as the largest network application for over a decade. This was a harbinger of the kind of activity we see on the World Wide Web today, namely, the enormous growth of all kinds of 'people-to-people' traffic" (Leiner *et al.,* 2009:23; vgl. Ronchi, 2009:60-61).

Volgens Ronchi (2009:61) het die snelle uitbreidings gedurende die tagtigerjare daartoe gelei het dat mense in die sakewêreld ernstig in die Internet begin belangstel het, omdat hulle besef het dat netwerkskakeling (*networking*)[92] 'n belangrike rol in die vooruitgang van enige ekonomie kan speel. Omdat rekenaarhardeware en programme wat deur verskillende verskaffers ontwerp is van mekaar verskil, het dit

[92] Webster (2018) definieer *"networking"* soos volg: "*[Networking]* is the exchange of information or services among individuals, groups, or institutions; specifically: the cultivation of productive relationships for employment or business."

kommunikasie oor die netwerk bemoeilik en gaandeweg is daar tot die besef gekom dat bepaalde protokolle gestandaardiseer moet word, ten einde kommunikasie te vergemaklik. Dit het daartoe gelei dat 'n volledige pakket van protokolle, genaamd die TCP/IP,[93] ontwerp is. Dit het verbruikers in staat gestel om sonder probleme met die internet te verbind, ongeag die soort rekenaar of programme wat hulle gebruik. Volgens Korowajczuk (2011:16) bied die internet interkonektiwiteit tussen rekenaars, maar dit het min gedoen om inligting wat gedeel word te standardiseer, terwyl die wêreldwye web die probleem aangespreek het.

5.5.3 Wat is die Wêreldwye Web (www)?

Naughton (2016:6), Lumsden (2012) asook Rouse (1999) fokus die aandag daarop dat die wêreldwye web (die Web soos wat algemeen daarna verwys word en voorts ook in hierdie studie na verwys sal word) soms met die internet verwar word en dat gebruikers moet verstaan dat daar 'n duidelike verskil tussen die twee is, al is dit op 'n ingewikkelde wyse met mekaar verbind. Bekkers en Moody (2015:35) beskryf die Web as 'n inligtingstelsel op die internet waar dokumente deur hiperteksskakels[94] *(hypertext links)* met mekaar verbind word, terwyl Von Solms (2013:110) daarna verwys as 'n stelsel wat die "internet as onderliggende infrastruktuur gebruik", waarmee gebergde dokumente gevind en gebruik kan word. Die rekenaargebruiker kan met behulp van 'n sogenaamde webleser *("browser")* toegang tot 'n spesifieke dokument verkry, wat deel van die wêreldwye web is (Von Solms, 2013:110). Bekkers en Moody (2015:35) vestig die aandag daarop dat die gebruiker deur die webleser toegang tot webblaaie verkry, wat tekste, foto's, video en ander multimedia bevat. Rouse (1999) wys ook daarop dat die Web 'n kommunikasiemodel is wat via die *"hypertext transfer protocol"*[95] *(http)* die uitruil van inligting oor die internet moontlik maak.

---

[93] Ronchi (2009:61) vestig die aandag daarop dat die TCP/IP die aanvaarde afkorting vir *Trasmission Control Protocol/Internet Protocol* is.

[94] Bekkers en Moody (2015:35) beskryf hiperteksskakels as 'n verwysings- of navigasie-element in 'n dokument wat na 'n ander gedeelte van dieselfde dokument lei, of na 'n ander dokument wat deel van 'n ander domein is.

[95] Mujumdar en Kumar (2012:142) verduidelik die *"hypertext transfer protocol" (http)* soos volg. "Usually when a web page is browsed the web browser uses HTTP to transfer data. It is a common standard that enables any browser to connect to any server."

5.5.4 Die totstankoming van die Wêreldwye Web

Volgens Lumsden (2012) is die Web iets waarvan daar al in 1946 melding van gemaak is, toe Murray Leinster 'n kortverhaal gepubliseer het wat beskryf het hoe rekenaars (waarna Leister as *"Logics"* verwys het) in elke huis sou wees. Elke persoon binne elke huishouding sou toegang tot die sentrale toestel (die *"Logic"*) gehad het, vanwaar enige inligting verkry kon word. Hoewel daar heelwat verskille is tussen die Leister se kortverhaal en die wyse waarop die Web vandag funksioneer, word die idee van 'n groot inligtingsnetwerk vir almal binne elke huishouding in die vooruitsig gestel. Die totstandkoming van die werklike wêreldwye web soos wat dit vandag bekend is, het egter eers in 1989 tot stand gekom toe die Britse wetenskaplike Tim Berners-Lee, werksaam by CERN[96] in Geneve, Switserland, aan 'n projek bekend as Enquire gewerk het (vgl. Schniedermeier, 2016:13; Korowajczuk, 2011:16). Hinderman (2016:5) beskryf Enquire soos volg: "It was a database of hypertext information within which other related information was accessible through hyperlinks." Jansen en James (2002:58) vestig die aandag daarop dat Berners-Lee gedurende Desember 1990 'n kode vir die eerste webleser geskryf het (vgl. Hinderman, 2016:5). In aansluiting hierby sê Merritt (2012:122) dat Berners-Lee op 25 Desember 1990 met die hulp van sy kollega Robert Cailiau die eerste suksesvolle kommunikasie tussen 'n webleser en bediener (*"server"*)[97] via die internet bewerkstellig het. Volgens LeDeuff (2018), Hitzler, Krötzsch en Rudolph (2010:9) en Milicchio en Gehrke (2007:209) het Berners-Lee op 6 Augustus 1991 met die amptelike bekendstelling van die Web die volgende verklaring gemaak:

> The WWW project was started to allow high energy physicists to share data, news, and documentation. We are very interested in spreading the web to other areas, and having gateway servers for other data. Collaborators welcome!

Lumsden (2012) vestig die aandag daarop dat ander weblesers kort hierna vrygestel is. Die eertse, die *Line Mode Browser,* was ook die werk van Berners-Lee (vrygestel

---

[96] CERN is die Franse akroniem vir, Conseil Européen pour la Recherche Nucléaire, wat in Engels as European Council for Nuclear Research (Korowajczuk, 2011:16; vgl. Schniedermeier, 2016:13).

[97] Mitchell (2018) definieer 'n "server" as 'n "a computer designed to process requests and deliver data to another computer over the internet or a local network".

in Februarie 1992), gevolg deur *Viola WWW Browser* (vrygestel in Maart 1992). Korowajczuk (2011:16) wys daarop dat CERN dit in 1993 bekendgemaak dat die Web gratis toegang aan alle gebruikers sou bied.

Volgens Korowajczuk (2011:16) het die populariteit van die Web toegeneem, met die bekendstelling van Marc Andreessen en Eric Bina se *Mosaic Browser,* wat by die NCSA (National Center for Supercomputing Applications) ontwikkel is. Die *Mosaic Browser* het ander protokolle soos, FTP (File Transfer Protocol), Usenet en Gropher ondersteun. Hierdie spesifieke protokolle was gelisensieer vir nie-kommersiële toepassings. Andreessen het saam met sy kollegas *Mosaic Communications* begin, wat later van tyd *Netscape* geword het. *Spyglass Inc.* het die tegnologie van NCSA gelisensieer en hulle eie weblewer genaamd *Spyglass Mosaic* geskep. Dit was later deur *Microsoft* gekoop en die naam is na *Internet Explorer* verander.

Daar is eenstemmigheid tussen Gupta (2014:365) en Korowajczuk (2011:16) wat daarop wys dat soekenjins (*"search engines"*)[98] vanaf 1994 op die internet beskikbaar is. Volgens Pani (2016:17), Gupta (2014:365) sowel as Sherman en Price (2001:15) was die *World Wide Web Worm (WWWW),* ontwikkel deur Oliver McBryan, een van die eerste soekenjins wat in 1994 die lig gesien het. Pani (2016:17) asook Gupta (2014:365) noem dat dié soekenjin se indeks uit 110 000 webblaaie en webtoeganklike dokumente bestaan het. Volgens Korowajczuk (2011:16) het ander soekenjins soos WebCrawler, Lycos, AltaVista, InfoSeek, Excite, Magellan en Yahoo gevolg (vgl. Bouguettaya, Benatallah & Elmagarmid, 1998:115). In 1997 het Larry Page en Sergey Brin, PhD-studente aan die Universiteit van Stanford, die Backrub-soekenjin, die voorloper van die Google-soekenjin (*www.google.com/*) ontwikkel. Google was later in die jaar 1997 van stapel gestuur en dit was veral gewild in akademiese geledere, vanweë die nie-kommersiële voorkoms daarvan (Korowajczuk, 2011:16; vgl. Chakrabarti, 2003:10).

Die intenet, die Web en soekenjins is vandag 'n noodsaaklike deel van vele mense se lewe en dit het alle vlakke en ouderdomme van die samelewing deurgedring

[98] Krishnamurthy en Akila (2017:42) definieer 'n soekenjin as: "A program that searches for and identifies items in a database that correspond to keywords or characters specified by the user, used especially for finding particular sites on the World Wide Web" (vgl. Stephen & Muragan, 2015:285; Ledford, 2008:5).

(Brachman, 2014:xxi; vgl. Dragut, Meng & Yu, 2012:1; Korowajczuk, 2011:16; Shelly & Woods, 2009:2; Farajian & Bhutkar, 2007:60).

5.5.5 Wat is die kuberruimte?

Naughton (2016:12-13), Schubert (2011:302) asook Bisk en Dror (2003:169) maak melding van die feit dat die eerste verwysing na die uitdrukking *"cyberspace"* (kuberruim) aan William Gibson toegeskryf kan word. Gibson het in sy futuristiese roman, *Neuromancer* (1984), die uitdrukking gebruik om 'n rekenaargegenereerde, multidimensionele, multinasionale interaktiewe omgewing te beskryf. Bisk en Dror (2003:169) beskryf Gibson se kuberruimte as 'n "computer-generated landscape that characters enter by 'jacking in,' sometimes into a machine and sometimes by plugging electrodes directly into sockets implanted in the brain. What they see is a three-dimensional representation of stored information, a *virtual* reality" (vgl. Jansen van Vuuren *et al.,* 2016:198).

Von Solms (2013:110) beskryf die kuberruimte as 'n "tipe samevoeging van die internet en die wêreldwye web". Hy (Von Solms) verduidelik dit aan die hand van 'n eposboodskap wat van een gebruiker na 'n ander gebruiker gestuur word. Dié boodskap beweeg dan via die kuberruimte van die persoon wat dit stuur, na die persoon wat dit onvang. Dieselfde is dus van toepassing wanneer Facebookgebruikers boodskappe aan mekaar stuur en foto's en video's met mekaar deel. Bisk en Dror (2003:169) vestig die aandag daarop dat Gibson se uitdrukking, *"cyberspace,"* in die vroeë 1990's deur die aanlyngemeenskap aanvaar is, om die toenemende onderlinge verbindtenis deur rekenaarstelsels te beskryf.

Bisk en Dror (2003:170) is van mening dat die kuberruim meer as net 'n medium is wat mense in staat stel om vinniger en beter maniere te ontdek, om dinge wat hulle vroeër gedoen het, beter te doen. Die betekenisvolheid van die kuberruim word soos volg deur Bisk en Dror (2003:170) verwoord:

> Cyberspace is a completely new and different kind of intellectual and spiritual human environment, analogous in its implications to the invention of alphabets and writing. It signifies an entirely new medium of humanity's *cultural evolution.* The change from pen and pencil to typewriter and to word processor represents humanity's *technical development,* certainly with cultural ramifications, but in no way

> comparable to the qualitative spiritual, and intellectual potential of cyberspace. Cyberspace is more an emerging virtual ecosystem than an extended machine. Cyberspace is a universal bioelectronic environment, one that exists everywhere telephone wires, coaxial cables, fibre-optic lines, or electromagnetic waves exists – everywhere and anywhere on the planet and beyond. This environment contains numerous and varied forms of data, information, and knowledge that enable human beings to crate and innovate in completely new ways. This environment is composed of anything that can be digitized (put into a computer code): word text, music, still images and pictures, video, animation, and the emerging world of virtual reality.

Hieruit is dit duidelik dat die kuberruim alle grense wat voorheen bestaan het, verskuif het. Volgens Paasi (2004) moet daar ook kennis geneem word van die belangrikheid wat grense in mense se sosiale identiteit speel. Grense speel ook 'n belangrike rol in die wyse waarop mense hulleself oriënteer, in die konkrete en abstrakte ruimtes waarin hulle leef. Grense is dus nie net iets wat verdeel nie, maar dit definieer ook. Die kuberruim as abstrakte ruimte het die beskrywing van grense onder verdenking geplaas.

Die verskuiwing van grense wat deur die kuberruimte teweeggebring is is ook duidelik sigbaar in die koms en die voortdurende ontwikkeling en groei van sosiale media.

5.6 HISTORIESE OORSIG VAN SOSIALE-MEDIANETWERKE

Wanneer daar van sosiale media gepraat word, is baie mense geneig om net aan Facebook, Twitter[99] (sosiale-medianetwerke) en Whatsapp ('n gratis toepassing vir *"smartphones"*) te dink. Die diens laat gebruikers toe om teksboodskappe,

[99] Reece (2012:44) definieer Twitter as 'n "free social networking service that enables its users to send and read messages known as tweets. Tweets are text-based posts of up to 140 characters displayed on the author's profile page and delivered to subscribers who are known as followers. Senders can restrict delivery to those in their circle of friends or allow open access" (vgl. O'Guinn *et al.,* 2015:285). Veral die Amerikaanse president Donald Trump het bekend geword vir sy tweets wat sy verkiesingsveldtog asook termyn as president kenmerk.

oudioboodskappe,[100] foto's en video's via die internet aan ander Whatsapp-gebruikers te stuur). Baruah (2012:3) is egter van mening dat die stuur van langafstand-boodskappe van die vroegste tye af waarskynlik oudio en visueel van aard was. Mense in antieke China, Egipte en Griekeland het gedurende die dag deur rookseine en in die nag deur vuurseine met mekaar gekommunikeer. Tromme was in baie dele van die wêreld gebruik om die omvang van die menslike stem vir kommunikasiedoeleindes uit te brei. Die ontstaan van sosiale media kan volgens Baruah (2012:3) moontlik so vroeg as 550 vC wees, toe 'n gereelde posstelsel in Iran gestig was, waar perderuiters en poswaens ingespan was om pos van een punt na 'n ander te neem.

Baruah (2012:4) vestig die aandag daarop dat die agtiende en negentiende eeue 'n tydperk van deurbrake in die kommunikasiewese was. Die koms van die telegraaf in 1792, die telefoon in 1890 en die radio in 1891 het 'n nuwe tydperk in die stuur en ontvang van boodskappe oor lang afstande ingelei. Die toenemende aantal boodskappe in die sakewêreld het nuwe metodes van kommunikasie soos die telegram tot gevolg gehad. Wat kommunikasie aanbetref, was die twintigste eeu veral gekenmerk deur die ontstaan en snelle ontwikkeling van die internet. Met die ontwikkeling van die internet het 'n tydperk aangebreek waar boodskappe digitaal van een persoon na 'n ander gestuur word via die wêreldwye web.

Die laat 1990's en veral die eerste vyf jaar van die 21ste eeu is gekenmerk deur die ontstaan van verskeie sosiale netwerke. Facebook is deur verskeie sosiale-medianetwerke vooraf gegaan. Die eerste daarvan was SixDegrees[101] (www.sixdegrees.com), gestig deur Andrew Weinreich (Kirkpatrick, 2010:68), wat gedurende 1997 van stapel gestuur is (McCarty & Molina, 2015:631; vgl. Brunty & Helenek, 2013:2-3; Goff, 2013:28; Boyd & Ellison, 2008:214). Brunty en Helenek (2013:2-3) verduidelik dat SixDegrees dit ten doel gehad om sosiale assosiasies en

[100] Ribbers en Waringa (2015) wys daarop dat WhatsApp-gebruikers oudioboodskappe kan opneem en dit aan die betrokke persoon/persone stuur, aan wie hulle 'n spesifieke boodskap wil kommunikeer.

[101] Moeller (2016:493) beskryf die SixDegrees sosiale-medianetwerk soos volg: "It was named after the six degrees of separation concept that allowed users to list their friends, family members, and acquintances on the site, and allowed external contacts to join members, circles as well. Users could send messages and post bulletin board items to people in their first, second, and third degrees, and see their connection to any other user on the site."

sakekontakte te bevorder. ’n Gebruiker het deel van die netwerk geword, deur sekere inligting op ’n aanlyn-aansoekvorm te verskaf en daarmee saam tien eposadresse van kollegas te lys. Kontakte is in *grade* ingedeel, wat gebruikers in staat gestel het om hulle eerste graadkontakte te sien, gevolg deur die tweede graadkontakte en uiteindelik het dit tot die sesde graadkontakte gelei, wat uit die hele SixDegrees-netwerk bestaan het. Brunty en Helenek (2013:2-3) verduidelik dat die SixDegrees-sosiale-medianetwerk uit elektroniese bulletinborde, stuur van eposse en aanlynboodskappe bestaan het. Dit het ook oor ’n interne soekenjin beskik, wat gebruikers in staat gestel het om ander gebruikers wat dieselfde belange deel, te soek en met hulle te *"connect"* (vgl. Fellow, 2010:381; Boyd & Ellison, 2008:214). SixDegrees is volgens Brunty en Helenek (2013:2-3) die eerste webwerf wat funksies van ander populêre webwerwe suksesvol gekombineer het, om ’n sosiale-medianetwerk te skep. Dit het ook profiele bevat wat ontmoetings tussen geslagte gereël het *("online dating/internet dating"*[102]*),* gemeenskapswebwerwe, vriendskapslyste en netwerke wat hoërskole en tersiêre instansies algemeen gebruik, akkommodeer. Namate die internet uitbrei en verbeter, ontwikkel en groei sosiale-medianetwerke en strewe die skeppers/ontwikkelaars daarvan om ’n hoë mate van gewildheid onder gebruikers te bereik en om voortdurend meer gebruikers te trek. Die voortdurende groei van sosiale-medianetwerke is ’n algemene verskynsel in die hedendaagse samelewing, waar sosiale media ’n integrale deel van baie mense se lewens geword het.

Volgens Boyd en Ellison (2008:214) het SixDegrees miljoene gebruikers gelok, maar dit was nie ’n volhoubare besigheid nie. Die stigter, Andrew Weinreich, het die sluiting van SixDegrees toegeskryf aan die volgende rede: "Looking back...Sixdegrees was simply ahead of its time." Lerner (2017:82-83) stem met Weinreich saam maar noem ’n verdere drie faktore wat bygedra het tot die ondergang, naamlik die belangrike behoefte by gebruikers dat foto’s gestuur kan word wat ontbreek het, die onderontwikkeling van webtegnologie wat nie al die funksies kon ondersteun wat

[102] *"Online dating/internet dating"* word gedefinieer as "the practice of searching for a romantic or sexual partner on the internet, typically via a dedicated website" (Oxford, 2018).

benodig is en die gebruikswaarde verbeter en verhoog het nie en (3) dat *"tagging"*[103] nog nie bestaan het nie. Daarbenewens noem Imafidon (2013:367) ook dat onvoldoende finansiering die netwerk beperk het om gebruikers by die ontwikkeling van programgedrewe funksies te betrek en dit het tot weerstand onder gebruikers gelei, asook die skynbare onvermoë om wins uit aanlynadvertensies te genereer. SixDegrees het dienslewering aan die begin van 2001 gestaak (Medoff & Kaye, 2017:210; vgl. Karagiannis, 2014:62; Crowe, 2012; Boyd & Ellison, 2008:214).

Boyd en Ellison (2008:214-215) wys daarop dat al meer mense sedert 1997 van die internet begin gebruik maak het, alhoewel die meeste gebruikers nie uitgebreide netwerke van vriende aanlyn gehad het nie. Vanaf 1999 tot 2001 het 'n golf van sosiale-medianetwerke verskeie kombinasies van aanlynprofiele begin ondersteun en daarna vewys as "aanlynvriende". LiveJournal[104] (www.livejournal.com) is byvoorbeeld in 1999 gestig, gevolg deur Asian Avenue[105] (www.asianave.com) en BlackPlanet[106] (www.blackplanet.com) in dieselfde jaar. In 2000 is MiGente (www.migente.com) gestig. Hierdie sosiale-medianetwerke het internetgebruikers in staat gestel om persoonlike, professionele en *"dating"*-profiele te skep, waarmee gebruikers met hulle vriende kon assosieer en te enige tyd op 'n indirekte wyse *sosiaal*

---

[103] "*Tagging* is 'n wyse waarop iemand in 'n *post,* 'n foto, of 'n *status update* wat op Facebook gedeel word, geïdentifiseer kan word. 'n *Tag* kan ook iemand in kennis stel dat daar na hom of haar in 'n *post,* of 'n foto verwys is. 'n *Tag* kan met 'n skakel terug gevolg word na die Facebookgebruiker wat 'n spesifieke persoon ge-"*tag*" het. Facebookgebruikers het die opsie om iemand wat hulle in foto's wat hulle deel, te *tag.* Vriende van vriende kan ook van 'n *tag* in kennis gestel word. Die *tagging*-instrument is ontwerp om bykomende verbindings tussen Facebookgebruikers te skep (Beal, 2019; vgl. Miller, 2012).

[104] Vettorel (2014:92) beskryf LiveJournal as 'n gemeenskapsplatform wat die lyne tussen *blogging* en interaksie deur sosiale-medianetwerke doelbewus vervaag. Geregistreerde gebruikers word die geleentheid gebied om 'n aanlyn dagboek of aanlynjoernaal te skep en soos wat hulle hul inskrywings opdateer, word dit in omgekeerde chronologiese orde aangeteken. LiveJournal moedig gebruikers van die platform aan om gemeenskapsbelange te deel en nuwe vriende te ontmoet. Die stigter vam LiveJournal, Brad Fitzpatrick wat negentien jaar oud was ten tyde van die stigting, se hoofdoel was om kontak met sy skoolvriende te bewekstellig.

[105] Jin (2015:6) vestig die aandag daarop dat die Asian Avenue-sosiale mediaplatform gestig is om die Asiër-Amerikaanse gemeenskap te bedien.

[106] Volgens Cohen (2003:262) was die stigting van BlackPlanet daarop gerig om die Afro-Amerikaanse gemeenskap van 'n eie sosiale-medianetwerk te voorsien. Gedurende 2002 het die netwerk daarin geslaag om BlackPlanetLove, 'n *"matchmaking site",* te stig. Gebruikers van BlackPlanetLove moet 'n fooi betaal om van die diens gebruik te maak.

met mekaar verkeer. Ryze[107] (*www.ryze.com*) het in 2001 op die sosiale-medianetwerktoneel verskyn en is gevolg deur Friendster[108] in 2002 en LinkedIn (*https:///www.linkedin.com*)[109] in 2003 (Boyd & Ellison, 2008:214-215).

5.7 DIE KONSEP VAN SOSIALE MEDIA

Boyd en Ellison (2008:211) definieer sosiale netwerk-webwerwe as webgebaseerde dienste "that allow individuals to (1) construct a public or semi-public profile within a bounded system, (2) articulate a list of other users with whom they share a connection, and (3) view and traverse their list of connections and those made by others within the system. The nature and nomenclature of these connections may vary from site to site" (vgl. Kamatula, 2017:30; Flynn, 2012; Kaplan & Haenlein, 2010:60). Aktan en Ozupek (2015:212) vestig die aandag daarop dat daar 'n diversiteit van sosiale media bestaan wat 'n verskeidenheid van doeleindes dien. Hulle (Aktan & Ozupek) beskryf sosiale media as 'n "mixture of fact and opinion, impression and sentiment, founded and unfounded tidbits, experiences, and even rumor". Volgens Sfetcu (2017) sowel as Baruah (2012:1-3) stel hierdie webgebaseerde dienste gebruikers daarvan in staat om met ander gebruikers te kommunikeer en inhoud soos foto's, video's en skakels[110] *("links")* met mekaar te deel. Dit neem die vorm aan van tydskrifte, internetforums,

[107] Hall en Rosenberg (2009:161) beskryf Ryze as 'n sosiale netwerk wat ontwerp is om professionele beroepslui en veral nuwe entrepreneurs met mekaar te verbind.

[108] Boyd en Ellison (2008:215) wys daarop dat Friendster ontwerp is met die gedagte dat intekenare vriende-van-vriende kon ontmoet, gebaseer op die aanname dat romantiese verhoudinge met vriende-van-vriende 'n beter kans staan om te slaag, as in die geval waar *totale vreemdelinge* romantiese verhoudinge met mekaar sou aanknoop. 'n Kombinasie van tegniese- en maatskaplike probleme het daartoe gelei dat gebruikers vertroue in die netwerk verloor het en gevolglik het dit tot niet gegaan. Goff (2013:30) noem dat Friendster in 2009 deur 'n Maleisiese firma bekom is en dat dit sedert 2011 as 'n *"social gaming site"* bedryf word.

[109] Di Virgilio (2018:167) definieer LinkedIn as 'n "business and employment-oriented social networking service that operates via websites."

[110] Young (2017:25-26) definieer 'n skakel soos volg: "A link (short for hyperlink) is an HTML object that allows you to jump to a new location when you click it. Links are found on almost every webpage and provide a simple means of navigating between pages on the web."

"weblogs",[111] *"social blogs",*[112] *"micro-blogging",*[113] *"wikis",*[114] *"podcasts",*[115] en *"social bookmarking"*[116]*.* Mayfield (2008:5) wys daarop dat alle sosiale-mediaplatforms die volgende fundamentele karaktertrekke in gemeen het: deelname en gesprekvoering, verbintenis tussen mense op sosiale vlak asook met die gemeenskap, en openheid.

In aansluiting by Boyd en Ellison (2008:220) is Pandia en Bihari (2015:186) sowel as Targowski (2012:230) dit eens dat sosiale netwerke strukture is wat uit individue (of organisasies) bestaan wat as nodusse en verbintenisse *("nodes and ties")*[117] bekend is. Hierdie individue (of organisasies) word deur een of meer spesifieke tipes gemeenskaplikheid met mekaar gekoppel, wat vriendskap, verwantskap, gemeenskaplike belang, seksuele verhoudings, of verhoudings van bepaalde oortuigings, kennis of prestige insluit.

Voordat die vraag, "Wat is sosiale media?" beantwoord kan word, blyk dit belangrik te wees om kortliks te verduidelik wat media in die algemeen behels. Biagi (2017:6) sowel as Buckingham (2003:3) beskryf 'n medium[118] as 'n kommunikasiemiddel wat

---

[111] Rutenbeck (2013:29) definieer 'n *"weblog" ("blog")* as 'n "web page or web site that is regularly updated, usually by a single person (although a common blog can have may different authors contributing to the same page)" (vgl. Kay, 2003:30).

[112] Walker (2016) beskryf "social blogs" soos volg: "Social blogs and social blogging are phrases used to describe second-generation Internet publishing tools that blend features of both traditional blogging and social networking. The lines between blogging and social media continue to blur, making blogging more social."

[113] Nations (2017) definieer "micro blogging" as 'n kombinasie van "blogging and instant messaging that allows users to create short messages to be posted and shared with an audience online" (vgl. Rouse, 2003).

[114] Mohr, Sengupta en Slater (2010:386) gee die volgende definisie van 'n "wiki": "A collaborative website composed of the collective work of many authors. A wiki allows anyone using a browser interface to edit, delete, or modify content that has been placed on the website, including the work of previous authors" (vgl. Pilgrim & Bledsoe, 2013:45). Die akademiese waarde van wiki's word betwyfel juis omdat enigeen inligting kan verwyder of byvoeg sonder om noodwendig na goed gefundeerde navorsing te verwys.

[115] Mestre (2012:92) definieer 'n "podcast" as 'n "audio file that can be downloaded and listened to either on an iPod, or MP3 player, as well as on a computer, laptop, iPad, etc."

[116] Tella en Kwanya (2018:397) beskryf "social bookmarking" as "the practice of saving the address of Website users who wish to visit it in the future on their computer. To create a collection of social bookmarks, users need to register with a social bookmarking site, which lets them store bookmarks, add tags of choice, and designate individual bookmarks as public or private."

[117] Pandia & Bihari (2015:186) beskryf nodusse en verbindtenisse soos volg. "Nodes are the individual actors within the network, and ties are the relationships between the actors."

[118] Medium in hierdie studie verwys na die enkelvoud van media.

gebruik word om ’n bepaalde boodskap op ’n indirekte wyse aan ’n gehoor oor te dra. Volgens Buckingham (2003:3) is "media" ’n omvattende uitdrukking wat die hele reeks moderne kommunikasiemedia soos televisie, die rolprentteater, video, radio, fotografie, advertensies, koerante en tydskrifte, rekenaarspeletjies en die internet insluit. Daar word na verskeie van hierdie vorme van media as "massamedia" verwys omdat dit groot gehore bereik, terwyl sommige ander media slegs bedoel is om kleiner of gespesialiseerde gehore te bereik. Daar is eenstemmigheid tussen Serrianni, Eley en Cannon (2017:80), Aviv (2014:xxiii), Mesquita (2012:xiii), De Jonge, Scherer en Rodger (2007:2), O’Dowd (2007:17) sowel as Weber (2004:17) dat die internet die wyse waarop baie mense regoor die wêreld kommunikeer, sosialiseer, werk, studeer en besigheid doen, onherroeplik verander het.

In hulle toetrede tot die gesprek oor sosiale media, beklemtoon White, Tella en Ampofo (2016:3) dat die koms van sosiale media die kommunikasielandskap regoor die wêreld in die geheel getransformeer het. Hulle (White, Tella & Ampofo) benadruk dat die sosiale-mediakonsep in geheel gegrond is op wat bekend staan as Web 2.0. Constantinides en Fountain (2007:232-233) beskryf Web 2.0 soos volg:

> Web 2.0 is a collection of open-source, interactive and user-controlled online applications expanding the experiences, knowledge and market power of the users as participants in business and social processes. Web 2.0 applications support the creation of informal users’ networks facilitating the flow of ideas and knowledge by allowing the efficient generation, dissemination, sharing and editing of informational content.

In hierdie opsig verbind sosiale media mense met mekaar om verskillende vorme van diverse kommunikasie moontlik te maak, met min of geen beperking op individuele sienings of menings (White, Tella & Ampofo, 2016:3). In Suid-Afrika het dit al tot gevolg gehad dat mense vir haatspraak vervolg is omdat hulle menings of opinies oor mense van ander rasse wyd bekend geword het nadat dit op sosiale media geplaas is.

Tartari (2015:321) vestig die aandag daarop dat tieners ’n wye verskeidenheid van sosiale media gebruik en dat onlangse navorsing aan die lig gebring het dat tieners baie van hulle vrye tyd op sosiale-medianetwerke deurbring. Interaksie op sosiale media is ’n integrale deel van baie tieners se daaglikse aktiwiteite. Dié sosiale-

medianetwerke sluit in: Facebook, Twitter, Instagram[119], Myspace[120] en virtuele wêrelde[121] soos Club Penguin[122], Second Life[123] en die SimCity[124]; video webtuistes soos YouTube (www.youtube.com)[125] en *blogs.* Gevolglik bied sodanige webwerwe 'n platform aan tieners vir vermaak en kommunikasie.

5.8 DIE SEWE BOUBLOKKE VAN DIE SOSIALE WEB

Kietzmann *et al.* (2011:243) vestig die aandag daarop dat sosiale media hoofsaaklik uit sewe boublokke bestaan. Volgens Folorunso (2013:192) help hierdie sewe

---

[119] Volgens Bosley-Wisdom en McNeil-Sutton (2018) is Instagram 'n sosiale netwerktoepassing *(app)* wat geskep is vir die doel om foto's en video's te deel. Instagram is 'n mobiele toepassing en foto's en videos kan alleen deur die gebruik van 'n slimfoon (*smartphone*) gedoen word. Dit is soortgelyk aan Facebook en Twitter en elkeen wat 'n Instagram-rekening skep, verkry 'n profiel, *"news-feed"* en 'n netwerk van volgelinge (*followers*). Wanneer gebruikers 'n foto of video op Instagram plaas, word dit op die gebruiker se profiel vertoon. Medoff en Kaye (2017:214) sê: "The point [of Instagram] is to share experiences by uploading photos and videos in real time as an event is occurring".

[120] Tomei (2010:158) definieer MySpace as 'n "popular free social networking website offering an inter-active, user-submitted network of friends, personal profiles, blogs, groups, photos, music, and videos for teenagers and adults internationally." Gebruikers van MySpace skep 'n profiel wat 'n digitale foto insluit asook in-diepte inligting oor persoonlike belangstellings. Die hoeveelheid inligting wat in die profiel ingesluit word, word vrywillig gedeel en berus op die diskresie van die gebruiker. Lede van die MySpace-gemeenskap kan boodskappe aan mekaar stuur, met mekaar netwerk en ook sosialiseer.

[121] Volgens Gaspar (2018:2524-2525) is 'n virtuele wêreld "a computer-based, online community environment that is designed and shared by individuals so that they can interact in a custom built, simulated world."

[122] Harvey (2015:156) verduidelik dat Club Penguin (www.clubpenguin.com) 'n baie suksesvolle "multiplayer online roleplaying" spel is wat hoofsaaklik deur kinders tussen die ouderdomme van ses en veertienjaar gespeel word. "It is a virtual world inhabited by players using cartoonish penguins as avatars to play a range of games and activities, including shopping for virtual clothing, pets, and furniture for the decoration of one's igloo."

[123] Yigitcanlar (2016:165) vestig die aandag daarop dat Second Life (www.secondlife.com), 'n aanlyn virtuele wêreld is wat uit 3D-gebaseerde gebruiker-gegenereerde inhoud *(user-generated content)* bestaan. Die gebruikers skep virtuele voorstellings van hulself, genaamd *"avatars",* wat hulle in staat stel "to interact with other avatars, places or objects". Spelers kan die virtuele wêreld verken, ander inwoners ontmoet, sosialiseer, deelneem aan individuele en groepaktiwiteite en virtuele eiendom koop en verkoop.

[124] Volgens Siyahhan en Gee (2018:171) is SimCity 'n gewilde enkelspeler stadbou-spelreeks, met weergawes wat vrygestel word vir rekenaars, spelkonsole en handtoestelle. Die speler het geen "avatar" nie, maar vertolk die rol van 'n burgemeester wat alle aspekte van 'n stad bestuur. Dit sluit in die sonering, die skepping van infrastruktuur, die ondertekening van ordonnansies en die heffing van belastings. Die speler kan sien wat die effek van spesifieke aksies op die stad het. is.

[125] Chuang en Yang (2010:54) verduidelik dat YouTube (www.youtube.com) 'n webwerf is waar gebruikers hulle eie videos gratis kan deel. Die sosiale-mediaplatform bied ook aan ander gebruikers die geleentheid om daarop kommentaar te kan lewer.

boublokke om die betrokkenheid en behoeftes van die sosiale-mediagehoor te verstaan. So is Linked In-gebruikers byvoorbeeld meer ingestel op identiteit, populariteit en verhoudinge, terwyl YouTube primêr op die deel van videomateriaal en gesprekke fokus.

Die sewe boublokke van sosiale media waarna Kietzmann *et al.* (2011:243-248) verwys, is:

1. Identiteit: ’n wyse van unieke identifisering van gebruikers en die mate waartoe hulle hulleself binne die stelsel blootstel en hulle identiteit openbaar. Dit kan insluit hoe hulle inligting soos naam, ouderdom, geslag, beroep en plek bekend maak, asook inligting wat gebruikers op sekere maniere uitbeeld. Kaplan en Haenlein (2010:62) verduidelik dat die wyse waarop die identiteit van ’n sosiale-mediageruiker geskep word, geskied deur bewustelike of onbewustelike selfopenbaring *(“self-disclosure”)* van subjektiewe inligting soos byvoorbeeld gedagtes, gevoelens, voorkeure en afkeure, wat in ooreenstemming is met die beeld wat die gebruiker graag aan ander sosiale-mediagebruikers wil kommunikeer. Kietzmann *et al.* (2011:243-244) vestig die aandag daarop dat gebruikers en sosiale-mediawebwerwe verskillende diskoersvoorkeure en doelstellings het. So is daar baie individue wat aan aanlynaktiwiteite deelneem, waar hulle hul regte name gebruik, terwyl ander individue verkies om van byname *(“handles”)*[126] gebruik te maak. Omdat identiteit ’n sleutelaspek van baie sosiale-mediaplatforms is, speel privaatheid ’n belangrike rol. Al deel gebruikers hulle identiteit op sosiale media soos Facebook en Twitter, beteken dit nie dat hulle nie omgee wat met die inligting gebeur nie. Om hierdie rede is privaatheid van die grootste belang. ’n Noukeurige balans tussen die deel van identiteite en die beskerming van privaatheid is dus belangrik in die keuse van ’n sosiale-mediaplatform. Die verkeerde kombinasie tussen identiteit en privaatheid kan lei tot ’n gebrek aan aanspreeklikheid onder gebruikers, wat kuberteistering kan aanmoedig en die weg baan vir ongevraagde kommentaar en selfs viktimisering.

[126] *“Handles”* is ’n ander uitrukking wat vir byname op sosiale media geruik word (Tuten & Solomon, 2015; vgl. Décary-Hétu, Dupont & Fortin, 2014:67-68).

2. Teenwoordigheid: ’n wyse om te weet wie aanlyn beskikbaar is of andersins nabygeleë is. Dit sluit in dat gebruikers weet waar ander gebruikers hulleself in die virtuele- of regte wêreld bevind. In die virtuele wêreld geskied dit deur statuslyne soos "beskikbaar" *("available")* of "verborge" *("hidden").* Gebruikers word ondermeer deur Facebook in staat gestel om hulle status op te dateer en aan te dui waar hulle hulself op ’n gegewe oomblik bevind. ’n Goeie voorbeeld hiervan op Facebook is wanneer sommige deelnemers aan die weeklikse weeklikse Parkrun[127] op hul Facebookprofiele aandui waar hulle aan die Parkrun deelgeneem het, en/of in watter tyd hulle dit voltooi het. Kietzmann *et al.* (2011:246) wys ook daarop dat teenwoordigheid op sosiale-mediaplatforms direk aan ander funksionele boublokke soos gesprekke en verhoudings gekoppel is. Kaplan en Haenlein (2010:61) maak ’n belangrike punt wanneer hulle sê dat sosiale teenwoordigheid beïnvloed word deur die intimiteit en onmiddelikheid van die verhoudingsmedium. Hoe hoër die gebruiker se sosiale teenwoordigheid, hoe groter sal die sosiale invloed wees wat die kommunikasievennote op mekaar se gedrag het.
3. Verhoudings: ’n manier om te beskryf hoe twee gebruikers binne die stelsel met mekaar verwant is. Met verwant word bedoel dat twee of meer gebruikers op een of ander wyse met mekaar assosieer wat daartoe lei dat hulle met mekaar gesprekke voer, of foto’s, video’s en ander inligting met mekaar deel, mekaar persoonlik ontmoet, of mekaar net as ’n vriend/vriendin of ’n volgeling op hulle profiele lys. Hogan en Smith (2011:284) vestig die aandag daarop dat "vriend" ’n uitdrukking is wat algemeen op Facebook en ander sosiale-mediaplatforms gebruik word om ’n basiese verhouding tussen twee mense aan te dui. Kietzmann *et al.* (2011:246) brei uit hierop en verduidelik dat die verhouding tussen gebruikers van ’n sosiale-mediaplatform bepaal watter inligting asook hoe die inligting met mekaar gedeel word. In die geval van Linked In is verhoudings redelik formeel, gereguleerd en gestruktureerd, terwyl verhoudings op ander sosiale-mediaplatforms soos Facebook informeel en ongestruktureerd is. In die geval van Twitter en YouTube is daar geensins

[127] Parkrun verwys na weeklikse georganiseerde vyf kilometer wedlope waaraan deelnemers regoor die wêreld deelneem. Enige iemand, van amateur stappers tot professionele atlete, kan gratis daaraan deelneem.

sprake van verhoudings nie. Die algemene reël is dat sosiale-mediagemeenskappe vir wie identiteit van geen belang is nie, ook nie verhoudings hoog aanskryf nie. Volgens Thorkildson en Xing (2016:117) gebruik baie adolessente sosiale-medianetwerke soos Facebook as 'n instrument om hulle kommunikasie oor 'n breër verskeidenheid van onderwerpe te verbeter. Burns (2017:87) maan egter dat verhoudings deur die gebruik van Facebook kan skade ly, omdat daar navorsing is wat aan die lig gebring het dat eensaamheid onder Facebook-gebruikers voorkom, te midde van vriendskappe met baie mense.

4. Gesprekke: die wyse waarop gebruikers binne die stelsel met mekaar kommunikeer. Baie sosiale-medianetwerke soos Facebook en Twitter is primêr ontwerp om gesprekke tussen individue en groepe te fasiliteer (Khan, 2016:11). Volgens Kietzmann *et al.* (2011:244) is daar verskeie redes vir hierdie gesprekke. Sommige mense *"tweet", "blog"* of *"post"* om mense met dieselfde sienings oor bepaalde onderwerpe te onmoet, om ware liefde te vind, hulle selfbeeld te bou, of om aan die voorpunt van nuwe idees of tendense te wees. Daar is egter ook mense wat sosiale media gebruik om hulle siening oor bepaalde boodskappe soos humanitêre kwessies, omgewingsprobleme, ekonomiese aangeleenthede, of politieke debatte te deel (Beirut, 2009).
5. Groepe: die wyse waarop gemeenskappe en sub-gemeenskappe van belang gevorm word. Hoe meer "sosiaal" 'n netwerk word, hoe groter word die groep van vriende, volgelinge en kontakte. Facebook bied aan gebruikers die geleentheid om groepe te stig. Die groep word dan deur 'n administrateur[128] bestuur, wat gebruikers wat deel van die groep wil word goedkeur. Lede van die geslote groep kan dan aan hulle vriende 'n versoek rig om by die groep aan te sluit. Goedkering berus egter by die administrateur. 'n Voorbeeld hiervan is die groep *Save Our Rhino (SOR).* Dit is 'n geslote groep vir diegene wat besorg is oor die uitwissing van renosters in Suider-Afrika. Tans bestaan die groep uit meer as 19 200 lede. Nog 'n voorbeeld van 'n geslote groep is Grensoorlog/Border War 1966-1989, geskep deur en vir mense wat deel aan

[128] Die stigter van 'n bepaalde groep is outomaties die administrateur (*"group admin"*) van die groep en kan ook ander 'n ander persoon of persone aanwys om die rol van administrateur te vervul (Abram & Pearlman, 2010:178).

die destydse Suidwes-Afrikaoorlog was. Facebookgebruikers wat deel van die groep wil word, stuur aan die administrateur 'n versoek om in die groep opgeneem te word. Een van die vrae wat voornemende lede van die groep moet beantwoord is, waar en wanneer hulle nasionale diensplig verrig het. Die groep het tans meer as 54 200 lede. Kietzmann *et al.* (2011:247-248) wys egter daarop dat groepe op sosiale media meer as net 'n lys van gebruikers se name is. Omdat die fokus van groepe op sosiale-medianetwerke van mekaar verskil, vereis dit dat aansoeke gefiltreer word.

6. Populariteit: 'n manier om te weet wat die status van ander gebruikers binne die stelsel is. Populariteit op sosiale-mediaplatforms kan verskillende betekenisse hê. In die meeste gevalle hou populariteit op sosiale-mediaplatforms verband met vertroue. In die geval van LinkedIn word die populariteit van een individu op die aanbevelings van 'n ander LinkedIn-gebruiker gebaseer. In sosiale media verwys populariteit egter nie net na die gebruikers van 'n bepaalde sosiale-mediaplatform nie, maar ook na die inhoud wat deur hulle geplaas word. Op YouTube mag die populariteit van video's op die aantal *"view counts"*[129] of beoordelings (*"ratings"*)[130] gebaseer word. Op Facebook sal die aantal *"likes"* en *"shares"* weer van belang wees.
7. Deel: 'n wyse waarop gebruikers dit wat vir hulle betekenisvol is sosiaal met andere te kan deel (bv. foto's en video's). Die uitdrukking "sosiaal" impliseer dat die deel van inligting tussen mense noodsaaklik is. Om te deel is 'n manier waarop sosiale-mediagebruikers interaksie met mekaar het, maar dit wat tussen gebruikers gedeel word, of selfs verhoudinge tussen gebruikers bou,

---

[129] Lastufka en Dean (2009:128) verduidelik dat *"view counts"* op You Tube dikwels die maatstaf van 'n video se sukses of mislukking is, maar wys ook daarop dat daar baie mense is wat nie na getalle kyk, om die sukses of mislukking van 'n video te bepaal nie.

[130] Volgens Lastufka en Dean (2009:129-130) speel die beoordelings (*"ratings"*) van video's 'n belangrike rol, net soos video's waarna die meeste gekyk word. Net soos in die geval van *"most viewed"* is daar ook 'n *"top rated"* lys vir elke video-kategorie. Hoe meer beoordelings – en hoe hoër die beoordelings is – wat 'n video ontvang, hoe beter die plasing op die *"Top Rated"* lys, wat toekomstige soekresultate beïnvloed. Die beoordeling van video's geskied op die basis waar die beoordelaar (enige kyker van enige video op YouTube) op een, twee, drie, vier of vyf sterre klik. Die waarde van die sterbeoordelings is soos volg: Een ster: Swak (*"Poor"*); Twee sterre: Niks besonder (*"Nothing special"*); Drie sterre: Werd om na te kyk (*"Worth watching"*); Vier sterre: Redelik goed (*"Pretty cool"*); Vyf sterre: Asemrowend (*"Awesome"*).

word deur die funksionele oogmerk van die sosiale mediaplatform bepaal. So byvoorbeeld is die oogmerk van Flickr,[131] en Instagram om aan gebruikers 'n platform te bied waar foto's met mekaar gedeel kan word, terwyl LinkedIn meer professioneel ingestel is en op loopbane fokus. YouTube is 'n webtuiste wat aan gebruikers die geleentheid bied om persoonlike video's met mekaar te deel.

Figuur 5.1 is 'n grafiese voorstelling van sosiale-mediafunksionaliteit waarin die sewe boublokke waaruit die verskillende sosiale-mediaplatforms bestaan, geïllustreer word (aangepas uit Kietzmann *et al.,* 2011:243).

[131] Amadio (2016:3) asook Onwuegbuzie en Frels (2016:185), beskryf Flickr (www.flickr.com) as 'n webwerf waar gebruikers foto's en video's met mekaar kan deel.



Figuur 5.1 Sosiale mediafunksionaliteit

Kietzmann *et al.* (211:248-249) vestig die aandag daarop dat die bestudering van die sosiale-medianetwerke duidelik aan die lig bring dat *"many sites have struck a careful balance among the different blocks"*. Terwyl sommige van die netwerke op "identiteit" fokus, is daar andere wat weer sterker fokus op "deel", maar nie een van die groot sosiale-medianetwerke fokus slegs op een van die blokke nie. Smith (2007) is van mening dat sosiale-medianetwerke geneig is om op drie of vier van die blokke te konsentreer. In figuur 5.2 word die verskille tussen sosiale-medianetwerke geïllustreer, aan die hand van die volgende drie voorbeelde: Facebook, LinkedIn en YouTube. Die donkerblou heksagoon is die fokuspunt van die bepaalde sosiale-medianetwerk, terwyl die ligblou heksagone op die ondersteunende elemente van die bepaalde netwerk dui.



Facebook **LinkedIn** **YouTube**

Figuur 5.2 Kontrastering van die funksionaliteiete van die verskillende sosiale-mediaplatforms se klem op verskillende areas fokus

Die gebruik van 'n raamwerk soos hierbo uiteengesit, is van groot belang om die sosiale-medialandskap beter te verstaan.

5.9 DIE ONTSTAAN EN GROEI VAN FACEBOOK

Die snelle ontwikkeling van tegnologie die afgelope aantal jare, gekombineer met die verbetering van sosiale-mediaplatforms wat al meer van die behoeftes van sosiale-mediagebruikers aangespreek het, is 'n aanduiding dat dit net 'n kwessie van tyd was voordat die "ideale" sosiale-mediaplatform die lig sou sien. Met "ideale" sosiale-mediaplatform bedoel die navorser dat 'n sosiale-mediaplatform die lig sou sien, wat aan vele van die vereistes wat meeste sosiale-mediagebruikers gestel het, voldoen sou word.

Georgalou (2017:16-17) asook Kirkpatrick (2010:30-31) vestig die aandag daarop dat Facebook (*http://www.facebook.com*) op 4 Februarie 2004 as 'n nis (*niche*) privaat sosiale-medianetwerk ontstaan het toe Mark Zuckerberg en drie van sy klasmaats, Dustin Moskovitz, Chris Hughes en Eduardo Saverin dié sosiale-medianetwerk in hulle koshuiskamer by Harvard Universiteit geskep het (vgl. Dar & Teng, 2017; Lee, 2014:367; Smith, 2012:4; Steyer, 2012:4; Cassidy, 2006). Volgens Smith (2018), Haydon (2015:8), Boyd (2018) asook Burnham (2014) was die aanvanklike naam van die netwerk vir enkele dae Facemash gewees, voordat dit na *Thefacebook* verander is en kort daarna net Facebook (vgl. Kirkpatrick, 2010:78). Martínez Alemán en Lynk Wartman (2009:7) vestig die aandag daarop dat die naam Facebook ontleen aan die naam van die jaarboek (oorspronklik *face-book*) wat aan eerstejaarstudente by Harvard Universiteit met registrasie gegee is. Dié boek dien as 'n gids vir eerstejaarstudente met betrekking tot die kampus, bevat ondermeer 'n foto en basiese

inligting oor ander eerstejaarstudente en administrateurs en dit het ten doel om onderlinge verhoudinge tussen studente aan te moedig en te bevorder (vgl. Johnson & Schelhas-Miller, 2011:41; Bogost, 2010:27; Kirkpatrick, 2010:23;28). Martínez-Alemán en Lynk Wartman (2009:7-8) is van mening dat die virtuele Facebook dieselfde aan gebruikers bied en meer. So bied die virtuele Facebook aan gebruikers die geleentheid om hulle vriendekring vinniger uitbrei, inligting met mekaar deel, uitnodigings na geleenthede en partytjies aan mekaar stuur, belangegroepe vorm, foto's en videos met mekaar deel en in kontak met familie en vriende bly. Facebook is vir baie gebruikers daarvan 'n verlengstuk van hulle persoonlike verhoudings en 'n wyse waarop hulle vinnig met mekaar kontak kan maak. Facebook beskryf hulself op hulle webblad as "a social media utility that helps people communicate more efficiently with their friends, family and coworkers" (Facebook, 2009).

Smith (2018) asook Boyd (2018) wys daarop dat Facebook begin het as 'n privaat sosiale-medianetwerk, wat uitsluitlik vir studente van Harvard Universiteit bedoel was (vgl. Kietzmann *et al.,* 2011:242). Boyd en Ellison (2008:218) wys op hulle beurt dat diegene wat by dié sosiale-medianetwerk wou aansluit 'n geldige harvard.edu-eposadres moes hê. Namate Facebook ook gebruikers van ander universiteite begin akkommodeer het, was die vereiste dat die gebruikers geldige eposadresse by hulle universiteite moes hê. Hierdie vereiste het grootliks daartoe bygedra dat Facebook 'n intieme en privaat gemeenskap gebly het. Volgens Boyd en Ellison (2008:218) het Facebook aan die begin van September 2005 begin om hoërskoolleerlinge en professionele persone binne korporatiewe netwerke toe te laat om as gebruikers aan te sluit. Gedurende Oktober 2005 het Facebook bekend gemaak dat hulle 'n onbeperkte bergingsfasiliteit aan gebruikers bied, wat hulle in staat stel om foto's en videos te deel (Burnham, 2014). Op 26 September 2006 is Facebook amptelik oopgestel vir almal wat detienjaar en ouer is (Smith, 2018; vgl. Dar & Teng, 2017; Madden, 2017; Nair & Chandra, 2014:100). Boyd en Ellison (2008:218) wys egter daarop dat die geleentheid om 'n Facebookprofiel te skep nie beteken het dat 'n nuwe gebruiker maklik toegang tot geslote netwerke verkry het nie. Toegang tot groepe binne korporatiewe netwerke het vereis dat gebruikers oor 'n toepaslike *.com* eposadres moes beskik, terwyl toegang tot hoërskoolnetwerke vereis het dat die administrateur van die groep goedkeuring moet verleen aan diegene wat aansoek doen om deel van die groep te word.

Die toenemende groei van Facebook as 'n sosiale-medianetwerk is iets wat nie betwis kan word nie. Volgens Jin (2015:62) is Facebook die gewildste sosiale mediaplatform in 130 van 137 lande regoor die wêreld. Sedert 2010 het Facebook meer gebruikers as Iwiw[132] in Hongarye, Nasza-Klasa[133] in Pole en Hi5[134] in Mongolië. Daar is eenstemmigheid tussen Haydon, Carr en Stay (2012), Dumortier (2010:119), Powel (2010), asook Robertson en Caldart (2009:93) dat Facebook daagliks 250,000 nuwe intekenare registreer. Dit is 'n spekende bewys dat Facebook die sosiale-medialandskap tans domineer. Reuter (2015:37) asook Miller (2012:44) benadruk die feit dat Facebook die grootste *"online community"* in die wêreld is. Schoop (2017:15) is van mening dat die maklike toeganklikheid wat Facebook vir minder *"tech-savvy"*-gebruikers bied en die feit dat dit nie net by jongmense aanklank vind nie, 'n bydraende faktor vir die snelle toename in Facebook se gebruikersgetalle is. Martínez Alemán en Lynk Wartman (2009:8) redeneer dat dit algemeen aanvaar word dat die jong tegnologiesbewuste gehoor besonder fyn ingestel is op die ontwikkeling van sosiale media as 'n geheel en baie op die gebruik van sosiale media as kommunikasiemiddel steun. Dit is egter opvallend dat Facebook se gebruikers een van die mees diverse in die sosiale mediasfeer is. Met die verloop van tyd het dieFacebookgehoor toenemend divers geword. So vestig Rice (2009:73) die aandag daarop dat die groep gebruikers wat die vinnigste in 2008 gegroei het, 55-jarige vroue is, terwyl die ouderdomsgroep van 35-54-jaar in 2008 met 276 persent gegroei het. Die ouderdomsgroep van 25-34-jaar het in dieselfde tyd verdubbel. Statistieke oor die gebruik van Facebook regoor

---

[132] Iwiw (die afkorting vir *International Who is Who*) is 'n Hongaarse sosiale-medianetwerk wat op 14 April 2002 ontstaan het (Lányi, 2010:412). Teen 2008 het Iwiw viermiljoen gerigistreerde gebruikers gehad, maar sedertdien is daar toenemend Iwiw-gebruikers "who abandon 'the path of enlightment' by relocating their virtual headquarters to Facebook" (Jin, 2010:412).

[133] Scaife (2014) beskryf Nasza-Klasa 'n Poolse sosiale-medianetwerk wat dit ten doel het om studente en alumni met mekaar te verbind. Gebruikers van Nasza-Klasa kan op hulle persoonlike profile inligting soos hulle naam, ouderdom, foto's en belange deel en vereis nie 'n uitnodiging van 'n reeds bestaande lid of lede van die netwerk nie. Sodra 'n gebruiker gerigistreer het, is algehele toegang tot die netwerk beskikbaar. Diepenbrock en Gibson (2016:859) asook Dománski en Sedkowski (2014:110) is dit eens dat die afname in gebruikersgetalle van Nasza-Klasa grootliks toegeskryf kan word aan gebruikers wat Facebook hulle voorkeur sosiale-medianetwerk maak.

[134] Hi5 is 'n sosiale-medianetwerk wat in 2003 deur Ramu Yalamanchi begin is en dit het veral in Latyns-Amerikaanse lande, Mongolië, Tunisië en Romenië groot aftrek gekry (Burns, 2017:368). Treadaway en Smith (2012:12) wys daarop dat Facebook die sosiale-medialandskap oorheers en dat ander sosiale-medianetwerke soos Hi5 voortdurend veld verloor.

die wêreld toon in die tweede kwartaal van 2018 toon dat Facebook 1.47 miljard aktiewe gebruikers het, wat die netwerk op ’n daaglikse basis gebruik (Statista, 2018). Tsukayama (2011) vestig die aandag op statistieke wat deur DoubleClick, Google se filiaalmaatskappy verantwoordelik vir advertensies bekend gemaak het, dat Facebook gedurende Junie 2011 die eerste webtuiste in die geskiedenis van die internet geword het wat een triljoen besoekers gehad het, wat Facebook die meesbesoekte webwerf in die wêreld maak (vgl. Strasburger, Wilson & Jordan, 2014). Hierdie syfers maak dit duidelik dat Facebook ’n wêreldwye fenomeen geword het. Lambert (2013:1) sê:

> For many people life goes on within a complex media ecology. Within this ecology *social media* have become a dominant genus and Facebook the dominant species. Facebook’s massive population, third to India and China, makes it a significant global phenomenon with deep-reaching social and cultural effects (vgl.Smith, 2012:3; Steyer, 2012:6).

Miller (2011:x), Kinkoph Gunther (2010), Martínez Alemán en Lynk Wartman (2009:8) asook Rice (2009:72) is dit eens dat meer as 70 persent van Facebookgebruikers buite die grense van Amerika woon. ’n Verdere bewys van Facebook se gewildheid as wêreldbekende sosiale-medianetwerk kan gesien word in die beskikbaarhed van Facebook in meer as 70 tale (Villarroel, 2013:191; vgl. Carter & Levy, 2012: Yildirim, 2012:11; Kinkoph Gunther, 2010). In die lig van hierdie syfers is Oldewage (2015:73) van mening dat Facebook die primêre digitale bestemming vir mense regoor die wêreld geword het, waar hulle die belangrikste gebeure en mylpale wat hulle bereik het, met vriende en familie deel. Die sukses wat Facebook in die eerste dekade van die 21ste eeu behaal het, word duidelik deur die groeiende getal gebruikers van regoor die wêreld beklemtoon.

Volgens Stone (2007) het Microsoft op 24 Oktober 2007 $240 miljoen in Facebook belê vir ’n 1.6% aandeel. Dié belegging het die waarde van Facebook, wat toe slegs drie jaar oud was, tot $15 miljard verhoog. Gebaseer op SecondMarket Inc. was Facebook se waarde in November 2010 $41 miljard en het dit die derde grootste aanlyn maatskappy in die VSA geword, naas Google en Amazon.com (Rippeon, 2017). Volgens Fiegerman (2017) is Facebook se *initial public offering* (*IPO*) op 18 Mei 2012 gehou en lede van die publiek kon aandele teen $38 per aandeel koop, wat

dit die derde grootste *IPO* in die geskiedenis van die Verenigde State maak. Die IPO het die waarde van Facebook tot $104.2 miljard verhoog (Geron, 2012).

Volgens Carlson (2010) was daar ten spyte van die gewildheid van Facebook en die opgang wat dié sosiale-mediaplatform in 'n kort tydjie gemaak het, ook groot omstredenheid binne die eerste week gewees nadat Facebook amptelik van stapel gestuur is. Zuckerberg is aanvanklik deur drie Harvard-seniors, die Winklevoss-tweeling Cameron en Tyler asook Divya Narendra, genader om hulle met die programmering van hulle Harvard Connection (teen die einde van 2004 hernoem as Connect U) webtuiste te help (Read, 2013:154). Die rede waarom Zuckerberg deur die drie Harvard seniors genader is, is omdat nie een van die drie rekenaarprogrammeerders is nie (Kirkpatrick, 2010:80). Read (2013:154-156), Lusted (2013:56-57), Carlson (2010) asook Kirkpatrick (2010:80-85) wys daarop dat die Winklevoss-tweeling en Narendra vir Zuckerberg daarvan beskuldig het dat hy die idee van 'n sosiale-mediaplatform en *"dating site"* (Harvard Connect) van hulle gesteel het, terwyl hy veronderstel was om die kode daarvoor te skryf. Dié aantuiging is gevolg deur 'n regsgeding waarin aangevoer is dat Zuckerberg sy met die Winklevoss-tweeling en Narendra verbreek het, hulle idees gesteel het en homself aan onbillike sakepraktyke skuldig gemaak het (Lusted, 2013:60). Kirkpatrick (2010:83) haal 'n gedeelte van die formele klag teen Zuckerberg in die volgende woorde aan:

> The lawsuit asserted that Zuckerberg stole ideas including "creating the first niche social network for college/university students"; "serving as a directory of people and their interests and qualifications, a forum for the expression of opinion and ideas, and a safe network of connections"; requiring members to register using their ".edu" email addresses; and launching at Harvard and then extending to other schools, with an eventual plan to include "every accredited academic insitution domestically and internationally."

Lusted (2013:63) noem dat die regsgeding lank en ingewikkeld geraak het deur aanhoudende eise en teeneise wat die onderskeie patye voor die hof gebring het en dat die saak eers in Februarie 2008 afgehandel is. Volgens Bolton en Thompson (2013) het Zuckerberg ingestem om die saak buite die hof te skik vir $65 miljoen. Parr (2011) wys daarop dat Facebook ConnectU (voorheen HarvardConnect) se bates

bekom het, in ruil vir 1,253,326 Facebook-aandele (wat ten tyde van die skikking $160 miljoen beloop het) en $20 miljoen in kontant (vgl. Lusted, 2013:63; Arthur, 2009). Bolton en Thompson (2013) vestig die aandag op die feit dat die kernargument nooit opgelos nie en dat Zuckerberg van die begin af onversetlik is dat die idee wat die Winklevoss-broers gehad het nie dieselfde is as Facebook wat hyself (Zuckerberg) ontwikkel het nie.

Gegewe die snelle groei en ontwikkileng van Facebook as die gewildste sosiale-mediaplatform, word daar in die volgende deel van die studie aandag gegee aan hoe Facebook werk en wat dit.

5.10 DIE SKEP VAN ’N FACEBOOKPROFIEL

In hierdie deel van die studie word daar kortliks gefokus op hoe maklik dit vir voornemende Facebookgebruikers is om ’n Facebooprofiel te skep en hulleself kan vestig as gebruikers van die gewilde sosiale-medianetwerk.

Robbert (2012:16) vestig die aandag daarop dat Facebook baie gebruikersvriendelik vir alle gebruikers van dié gewilde sosiale-mediaplatform is en skryf dit toe aan die feit dat Facebook maklike en bruikbare riglyne bied, waarna gebruikers kan verwys ten einde duidelikheid te verkry oor hoe hulle Facebook optimaal kan benut. Bozarth (2010) is van mening dat Facebook baie populêr is, juis omrede baie gebruikersvriendelik is. Miller (2014:7) wys daarop dat Facebook ’n groot verskeidenheid van funksies beskik en dat alle Facebookgebruikers nie noodwendig al die funksies wat Facebook bied, gaan gebruik nie.

Ewin, Ewin en Ewin (2018:5-7; 9-10), Walker (2018), Crager *et al.* (2014:15-16) en Miller (2014:12) verduidelik dat persone wat van Facebook as sosiale-media-platform gebruik wil maak, by *www.facebook.com* moet registreer. Vir ’n gedetaileerde stap-vir-stap uiteenstetting van hoe maklik en gebruikersvriendelik Facebook as sosiale mediaplatform is, kan Ewin, Ewin en Ewin (2018:1-280) se boek getiteld, *Facebook for seniors: connect with friends and family in 12 easy lessons,* geraadpleeg word.

5.11 GEVOLGTREKKING

Hoofstuk 5 het op die interpreterende taak gefokus, wat dit ten doel stel om die vraag, "Waarom het dit gebeur?” te beantwoord. Die literatuurstudie het besondere insiggewende feite aan die lig gebring, waarom die gebruik van Facebook onder hoërskoolleerders toenemend groei en so populêr is. Sekere inligting wat van die

ouers van hoërskoolleerders en die hoërskoolleerders in die twee kwantitatiewe navorsingsfases verkry is, is deur die literatuurstudie bevestig. Die literatuurstudie het ook verdere betekenisvolle inligting oor Facebook, die gebruik van dié sosiale-medianetwerk en die populariteit daarvan onder hoërskoolleerders bekend gemaak. Die volgende gevolgtrekkings word vanuit die literatuurstudie gemaak.

- Die literatuurstudie speel 'n sleutelrol in die navorsingsproses.
- Die virtuele wêreld vergroot daagliks namate al meer mense van die internet en sosiale media, waarvan Facebook deel is, gebruik begin maak.
- Die internet en sosiale media is 'n integrale deel van hoërskoolleerders se lewe.
- Faceboeek bied aan hoërskoolleerders 'n ideale platform om foto's en videos met hulle vriende te deel.
- Die internet het die wêreld waarin rekenaars gebruik word en die kommunikasielandskap onherroeplik getransformeer. Dit stel internetgebruikers in staat om vinnig inligting te bekom en letterlik met die druk van 'n sleutel op 'n rekenaarsleutelbord inligting regoor die wêreld te stuur en te ontvang.
- Die kuberruimte het die virtuele wêreld 'n realiteit gemaak.
- Die ontstaan en ontwikkeling van sosiale media het oor die afgelope twintig jaar met rasse skrede gevorder.
- Daar is tans 'n groot aantal sosiale-mediaplatforms en toepassings *(apps)* besikbaar wat verskillende behoeftes van sosiale-medigebruikers aanspreek.
- Oor die algemeen spandeer hoërskoolleerders wat aan hierdie studie deelgeneem het en toegang tot die internet het, daagliks minder as een uur per dag van hulle tyd op sosiale media, waarvan Facebook deel is.
- Die koms van Facebook het die sosiale-medialandskap getransformeer en is tans die grootste aanlyngemeenskap in die wêreld.
- Facebook is baie gebruikersvriendelik en dit is nie net hoërskoolleerders wat van die sosiale mediaplatform gebruik maak nie. Dit word weerspieël in die groot aantal ouer gebruikers wat ook van Facebook gebruik maak nie, wat nie in die rekenaartydvak grootgeword het nie.
- Omdat Facebook nie maatreëls in plek het om te verhoed dat kinders onder die ouderdom van dertien jaar 'n Facebookprofiel kan skep nie, is daar baie kinders onder die ouderdom van dertienjaar wat oor 'n Facebookprofiel beskik. Die gebrek aan maatreëls om kinders jonger as dertien jaar te verhoed om 'n

Facebookprofiel te skep, hou groot gevare vir dié ouderdomsgroep in. Kinders wat ouer as detrien jaar is en oor ’n Facebookprofiel beskik, is egter geensins van die gevare van Facebook gevrywaar nie.

- ❖ Facebook bied aan gebruikers die geleentheid om hulleself te beskerm, deur privaatheidstellings.
- ❖ Die gebruik van Facebook as ’n sosiale-mediaplatform is sonder twyfel populêr onder baie hoërskoolleerders.
- ❖ Daar is ’n snelle toename van sosiale-medianetwerke en toepassings *(apps)* wat tot gevolg het dat baie hoërskoolleerders van meer as een sosiale-mediaplatform gebruik maak.

Die gebruik van Facebook hou sekere voordele asook nadele vir gebruikers daarvan in. In hoofstuk 6 word daar spesifiek op die voordele en die nadele van die gebruik van Facebook gefokus, met die doel om ouers en kerkleierskap in te lig hoe Facebook tot voordeel en veilig deur hoërskoolleerders gebruik kan word.

HOOFSTUK 6: SKRIFTUURLIKE PERSPEKTIEF OP DIE TOERUSTING VAN DIE OUERS EN HOËRSKOOLLEERDERS TEN OPSIGTE VAN DIE VERANTWOORDELIKE GEBRUIK VAN FACEBOOK VANUIT DIE BRIEF AAN DIE EFESIËRS

6.1 INLEIDING

In hoofstuk 5 is bestaande literatuur oor die onderwerp van die ontstaan, ontwikkeling en groei van Facebook, asook die populariteit van Facebook onder hoërskoolleerders ondersoek. In dié hoofstuk val die soeklig op Osmer (2008:4; 175-218; 2005:xvi) se normatiewe taak. Dié taak het ten doel om die vraag, "Wat is veronderstel om aan te gaan?"[135] te beantwoord. Volgens Osmer is teologiese navorsing en interpretasie deel van die normatiewe taak. Tydens die normatiewe fase van die navorsing word die Bybelse teorieë nie net verduidelik nie, maar daar word spesifiek gefokus op dit wat veronderstel is om teologies plaas te vind (2008:131). Vir die doeleindes van hierdie studie sal daar eksegese van die Efésiërbrief gedoen word. Breed (2015:45) is 'n groot voorstaander vir die gebruik van die Efésiërbrief omdat dit oor geskikte materiaal beskik vir die ondersoek na pastorale bediening,[136] omdat God se saligheidsplan, verandering en groei na harmonie in die innerlike wese van die mens en sy verhouding met ander hierin beskryf word. Hedendaagde kerkleierskap kan die Efésiërbrief met welslae benut, om hoërskoolleerders te help om Facebook (en ander sosiale media) op 'n verantwoordelike wyse te gebruik. Die doel van die eksegese is om vas te stel wat die korrekte boodskap is wat die teks kommunikeer en nie om iets in die teks te lees of daaruit te verwyder wat dit nie bevat of sê nie (Zuck, 1991:58).

Die werk van Hoehner (2002:xxi-xxix) en Fowl (2012:xi-xvii) maak dit duidlik dat daar reeds intensiewe navorsing oor die brief aan die Efésiërs gedoen is. Breed (2015:37)

---

[135] Soos vermeld in hoofstuk 1, word Osmer (2008:4) se ordeningsmodel vir prakties-teologiese interpretasie wat vier take beskryf, in dié studie gebruik. Die beskrywend-empiriese taak vra: "Wat gebeur tans?" Die interpreterende taak wat in hoofstuk 5 behandel is, beantwoord die vraag: "Waarom het dit gebeur?" Die normatiewe taak vra: "Wat is veronderstel om aan te gaan?" en kom in dié hoofstuk aan die beurt. In die slothoofstuk kom die pragmatiese taak aan die beurt, vat vra: "Hoe kan daar in die betrokke situasie opgetree word?"

[136] Pastorale bediening sluit die begeleiding en toerusting van hoërskoolleerders in en dit dui op die gee van Bybelse advies deur kerkleierskap en ander geestelike volwasse persone.

is egter van mening dat daar ŉ gebrek aan navorsing bestaan oor die betekenis van die Efésiërbrief vir praktiese bediening in plaaslike gemeentes, met spesifieke verwysing na die toerusting van lidmate. Purves (2004:xvii) sê:

> My broad concern is the seeming lack of connection between exegesis of the Scriptures and the central Christian doctrines, on the one hand, and the theology and practice of ministry today, on the other ... Pastoral theology, in my view, has largely abandoned the responsibility to speak concerning God.

In hierdie hoofstuk slaan die navorser ag op die woorde van Purves en daar sal ŉ diepgaande eksegese van die Skrif gedoen word. Die doel van hierdie studie is om riglyne neer te lê vir die praktiese pastorale bediening van die sewe AGS-gemeentes waar die navorsing onderneem is. Om dié riglyne neer te lê, vra vir ŉ diepgaande eksege van die Efésiërbrief. In hierdie hoofstuk kom ŉ eksegetiese beoordeling van die volgende Nuwe Testamentiese perikope aan die beurt met die doel om riglyne vir die praktyk te ontwikkel: Efésiërs 4:1-6; 7-16; 17-32; 5:1-6; 7-14; 15-21; 6:1-4 en 6:10-20.

Nel (2014:187) vestig die aandag daarop dat die eksegese van ŉ Bybelse teks ŉ besondere gekompliseerde aangeleentheid is en dat dit ŉ versigtige verklaring van ŉ mens se voorveronderstellings, sowel as ŉ mens se keuse van eksegetiese praktyke behels. Hy (Nel) sê:

> The circumstances 'behind' the text and the role of the reader 'in front of' the text are important in the hermeneutical process but it cannot form the point of departure for the process of interpretation. In reading any literary work, the process of reading and understanding starts at all times with the text, and not the circumstances of the author or reader (2014:187).

Gedurende die laaste eeu was daar ŉ beduidende uitbreiding van die metodes wat deur eksegete van die Skrif gebruik is om die teks te interpreteer. Brueggeman (1997:58) is ŉ sterk voorstaander daarvan dat daar nie net op ŉ enkele metode van teksinterpretasie gesteun moet word nie en dat ander interpretasies van die teks nooit buite rekening gelaat behoort te word nie en ek stem hiermee saam. Volgens Kennedy (2006:128) is die moderne neiging daarop ingestel om die teks op verskeie maniere

te benader. Hy (Kennedy) meen dat daar eenstemmigheid tussen baie navorsers is dat daar geen rede is waarom verskillende menings van die primêre lokus van betekenis en hulle gepaardgaande metodes gesien moet word as wedersydse uitsluiting en teenstrydige benaderings nie. Uitdagings en kwessies wat in die teks voorkom, behoort eerder die bepalende faktor te wees vir watter spesifieke metode(s) van eksegese ingespan gaan word, ten einde die korrekte betekenis van die teks te ontsluit. Hierdie manier van teksontleding staan bekend as probleemgeoriënteerde ontleding, wat lei tot 'n metode van pluraliteit. Die versmelting van skrywergesentreerde, teksgesentreerde en lesergesentreerde menings, kan 'n veel ryker, geïntegreerde begrip van betekenis as enige enkele benadering in isolasie bied (vgl. Tate, 2008; Vrolijk, 2011:28-32). Tate (2008) maak die volgende opmerking:

> What I propose ... is that meaning results from a conversation between the world of the text and the world of the reader, a conversation informed by the world of the author.

Nel (2014:189) voer aan dat die teks vrae aan lesers stel en dat hierdie vrae bepaal watter metodes gebruik gaan word om die teks so korrek as moontlik te interpreteer. Nel stel dit soos volg:

> The issues inherent to the text send the reader to the gallery of instruments to find the correct methods in order to unlock its meaning, as the diamond cutter allows the specific diamond to determine the way it will be cut.[137] (2014:189).

Vir die doeleindes van hierdie studie meen die navorser dat "the gallery of instruments to find the correct methods in order to unlock its meaning" (Nel, 2014:189) in die gebruik van die grammaties-historiese eksegetiese metode opgeteken is.

6.2 GRAMMATIES-HISTORIESE EKSEGESE AS BENADERING

Vir die doeleindes van hierdie studie sal daar van die grammaties-historiese eksegetiese metode gebruik word. De Klerk (1937:221) vestig die aandag daarop dat die grammaties-historiese metode van eksegese die meeste aftrek onder Biblisiste

[137] Die beeld van 'n diamantslyper verwys na 'n opmerking van professor Jan van der Watt in 'n gesprek met professor Marius Nel op 16 Oktober 2013.

(fundamentaliste)[138] geniet (vgl. Van Deventer, 2011:294). Volgens Jordaan, Van Rensburg en Breed (2011:234) is grammaties-historiese eksegese ’n "hermeneutiese model waarvan die wortels in die eksegetiese praktyke van die vroeë kerk te vinde is”. Binne hierdie hermeneutiese model "dien dit wat in die Bybel geskryf staan, as grondslag vir die eksegese. Hierby is die grammatiese aspek daarvan ingesluit, waaronder taal, styl, idioom en literêre genre” (vgl. Keener, 2016:141). Die uiteindelike doel is om op ’n korrekte wyse rekenskap te gee van dit wat in die Bybel geskryf staan. Jordaan, Van Rensburg en Breed (2011:234) maak die volgende opmerking ten opsigte van grammaties-historiese eksegese:

> Op grond van die organiese inspirasie van die Bybel en die gevolglike tydsgerigtheid daarvan, word daarna gestreef om dìt wat in die Bybel geskryf staan binne die historiese situasie en sosiale/kulturele omstandighede waarop dit gerig is, te verstaan. Daar word veral rekening gehou met die feit dat dit wat in die Bybel geskryf staan, deel van God se openbaring uitmaak. Daarom word die openbaringshistoriese van elke Skrifdeel deeglik verreken.

De Klerk (1937:279) meen dat die eksegeet tydens grammaties-historiese eksegese moet ag slaan op die grammatiese vorme wat gebruik is. Daar moet ook op die betekenis van woorde gelet word, binne die konteks waarin dit staan, sowel as op die gebruik van bepaalde woorde op paralelle plekke in die Bybel. Die eksegeet is ook verantwoordelik om ’n ondersoek na die historiese waarde van die teks te loods, voordat dit op hedendaagse lesers se lewe van toepassing gemaak kan word (vgl. Jordaan, Van Rensburg & Breed, 2011:235). Schmidt (2011:774) is van mening dat lesers eerstens die historiese boodskap wat die skrywer aan sy gehoor of lesers wou oordra moet begryp, voordat daar gevra kan word: "Wat beteken dit vir vandag se

---

[138] Masden (2006:4) beskryf fundamentalisme as ’n losse koalisie tussen strominge soos die Amerikaanse herlewingsbewegings, puritanisme, piëtisme, evangeliebewegings, millennialisme en Baptistiese tradisionalisme wat hulle kragte saamsnoer in ’n reaksie op modernistiese teologie. In aansluiting hierby beskryf Barr (1981:1) fundamentalisme as ’n godsdienstige houding binne konserwatiewe kringe wat die volgende kenmerke vertoon: (1) Dit beklemtoon die foutloosheid van die Bybel; (2) dit staan negatief teenoor modernistiese teologie, asook die wetenskap; (3) dit is sterk eksklusiwisties. In sy toetrede tot die gesprek oor fundamentalisme voeg Vorster (1993:16) die volgende drie kenmerke by: (4) dit vertoon ’n onderontwikkelde historiese bewussyn; (5) dit berus op die filosofie van *Scoittish Common Sense Realism;* (6) dit maak gebruik van grammaties-historiese eksegese.

lesers?" De Klerk (1937:279) benadruk dit dat die taak van eksegese is om te vra: "Wat openbaar God in sy Woord?" Nadat die openbaring ontvang is, rus die verantwoordelikheid op die eksegeet om dit wat in die Skrif staan so duidelik as moontlik deur te gee (Jordaan, Van Rensburg & Breed, 2011:234). Volgens Kaiser en Silva (2007:281) fokus grammaties-historiese eksegese op die terugkeer na die oorspronklike tale, sowel as die historiese situasie van die teks. In aansluiting hierby maak Jordaan, Van Rensburg en Breed (2011:234) die volgende opmerking ten opsigte van die grammaties-historiese metode van eksegese:

> Hierby is die grammatiese aspek daarvan ingesluit, waaronder taal, styl, idioom en literêre genre. Uiteindelik moet rekenskap gegee word van dit wat in die Bybel geskryf staan. Op grond van die organiese inspirasie van die Bybel en die gevolglike tydsgerigtheid daarvan, word daarna gestreef om dít wat in die Bybel geskryf staan binne die historiese situasie en sosiale/kulturele omstandighede waarop dit gerig is, te verstaan. Daar word veral rekening gehou met die feit dat dit wat in die Bybel geskryf staan, deel van God se openbaring uitmaak. Daarom word die openbaringshistoriese konteks van elke Skrifdeel deeglik verreken.

Siende dat bogenoemde skrywers vanuit 'n gereformeerde en hervormde oogpunt skryf en hierdie studie vanuit die perspektief van die Pinkstertradisie (AGS-Kerk) gedoen word, stel dit die eis dat daar ook gekyk word na wat skrywers van hermeunetiek[139] in Pinkstergeledere oor die grammaties-historiese metode van eksegese sê en hoe hulle hierdie metode van eksegese in hul Skrifontleding gebruik. Volgens Howard M Ervin (1987:22) verskil Pinksterhermeneutiek grootliks van ander tradisies. Hy (Ervin) meen dat dit moontlik is om na Pinksterinterpretasie as 'n onderskeidende hermeneutiek te verwys, en hy verwys daarna as "pneumatic exegesis".[140] Op sy beurt vestig Nel (2017:87-92) die aandag daarop dat daar in die

---

[139] Hermeneutiek kan op twee maniere verstaan word. Dit kan verwys na die metode en tegnieke wat gebruik word om geskrewe tekse te interpreteer, of dit kan verwys na die voorwaardes wat begrip van geskrewe tekse moontlik maak. In beide gevalle is dit inherent aan epistemologie gekoppel. Die woord, hermeneutiek is van die Griekse *hermeneueien* afgelei, wat sinoniem met die Latynse werkwoord vir interpretasie is. Teologiese hermeneutiek is dus die studie van die interpretasie van die Bybel (Maimela & König, 1998:451).

[140] Volgens Nel (2017:87) kan "pneumatic exegesis" gedefinieer word, "not on te basis of some imagined spiritual power that Scripture possesses, but as scriptural exegesis that introduces the Spirit in the sense that it articulates its witness to revelarion in the Bible. It is called pneumatic in the sense and to the extent that it uses the freedom founded ultimately on Scripture themselves, listening to the Spirit's testimony heard in them".

afgelope twintig jaar verskeie Pentekostaliste is wat hulle toespits op kwessies wat deur die Pinksterhermeneutiek gestel word en dat die meerderheid van hierdie Pentekostaliste oënskynlik Ervin se siening ondersteun dat Pinksterhermeunetiek kenmerkend van ander teologiese tradisies verskil. Nel redneer dat wedergeboorte in ooreenstemming met Johannes 3:5 'n absolute voorvereiste is om die woord van God te verstaan. Nel (2017:88) sê:

> In this way, human beings become partakers of the divine nature, although they do not partake in the divine. The boundary between Creator and creature is not erased, but the Spirit creates the conditions where human beings may hear and understand the Word that he makes present or reveals. As the Spirit of Christ, he reveals the Word, Christ, the revelation of God's character and will.

Ek stem saam met Nel se siening dat wedergeboorte 'n absolute voorvereiste is om die Woord van God te kan verstaan. Die Woord van God verlkaar self dat die vleeslike mens vleeslike dinge bedink, teenoor geestelike mense wat geestelike dinge bedink (Rom.8:5; vlg. 1 Kor. 2:13-16). In hierdie opsig beskou Pentekostaliste die rol van die Heilige Gees in die eksegetiese proses in 'n baie belangrike lig. Pentekostaliste is oortuig van die noodsaaklikheid van die Heilige Gees gedurende die proses van Bybelinterpretasie (Nel, 2017:92). Craig Keener (2016:129), 'n Pinksterteoloog is oortuig dat die Heilige Gees hom tydens eksegese in sy kognitiewe vaardighede (wat algemeen in die eksegetiese proses voorkom) fasiliteer. So byvoorbeeld ervaar Keener dat sy aandag na allerhande potensiële verbindings getrek word, soos wat hy verskillende agtergrondbronne lees en terwyl hy met die teks as sulks worstel. Pentekostaliste argumenteer juis dat 'n lewe in die Gees 'n voorvereiste is om die Bybel reg te interpreteer (Nel, 2018:157). Pinksterteologie is dus 'n natuurlike uitvloeisel van die salwing van die Heilige Gees op die Christengelowige se betrokkenheid by die Skrif (Arrington, 1988:377). Dit impliseer dat die Pinkstermetode van interpretasie op drie pilare staan, naamlik, pneumaties, ervaring en historiese narratief (Nel, 2018:157).[141] Pneumatiese verligting is 'n onvoorwaardelike vereiste om die Woord

[141] Vir 'n kritiese bespreking van die drie pilare waarop Pinksterinterpretasie berus, raadpleeg Cargal (1993:163-165).

van God te verstaan (Nel, 2018:157). Arrington (1988:387) benadruk die noodsaaklikheid dat die goddelike en die menslike elemente in die interpretasie van die Bybel erken word.

Volgens Nel (2018:157) is hierdie hermeneutiese model oop vir bevraagtekening en kritici. Van die vrae wat beantwoord moet word is: Wat kom eerste, die sogenaamde geestelike interpretasie of die menslike strewe om die teks in terme van historiese en grammatiese konteks? Wat gebeur wanneer 'n Geesgedrewe interpretasie en die menslike eksegetiese poging teenstrydighede met mekaar is? Hoe kan die balans tussen geestelike/pneumatiese en histories vasgestelde eksegese gehandhaaf word?

Eksegese is volgens Nel (2018:157) veronderstel om met bestudering van die Woord en gebed gepaard te gaan en ek deel in sy siening hieromtrent. Nel (2017:88) is oortuig dat Pentekostaliste se hermeneutiese denke gewis deur Ervin se waarnemings beïnvloed is, omdat sy hermeneutiek ruimte laat vir 'n intuïwe, nie-verbale kommunikasie tussen God en die mensdom wat altyd die kenmerk van die wonderwerk of ontmoeting met God deur sy Gees is. Clark en Lederle (1989:43) sê: "To be Pentecostal is to have experienced the power of God in Jesus." Pentekostaliste beklemtoon dat die werking van die Heilige Gees deur krag, insluitende wonders, tekens en kragtige dade gekenmerk word (Thomas, 2010:302-304) en dat dit deel is van die "standard operating procedure of a New Testament/indigenous church" (Rance, 2009:9). Nel (2017:89) maak die volgende insiggewende verklaring ten opsigte van Pinksterhermeneutiek:

> For Pentecostals, hermeneutics is informed by their first-hand experiences of encounters with God against the background of their reading and interpreting of biblical narratives about such encounters. Without spirituality, their hermeneutics does not make sense.

Die element van 'n direkte en unieke ontmoeting tussen God en 'n individu of 'n groep gelowiges is van deurslaggewende belang vir die hermeneutiese proses, andersins is die onthulling van kennis blote kognitiewe data omdat die dimensie van ervaring verwaarloos word (Jacobsen, 2003:110). Keener (2016:1; 39-43) voer aan dat Pinksterteologie 'n dinamiese en eksperimentele lees van die Skrif ondersteun, waar die eksegeet sensitief vir die stem van die Heilige Gees moet wees. Hoewel daar binne

Pinkstergeledere gebou word op dit wat voorheen bestaan het (grammaties-historiese eksegese), het Pinkster iets nuut ingelui, met spesifieke verwysing na die Pinksterervaring waarvan daar in Handelinge 2 gelees word. "Peter explained the Pentecost experience in the light of Scripture and Scripture in the light of the Pentecost experience" (Keener, 2016:43). Coetzee, De Klerk en Floor (1980:21) vestig die aandag daarop dat diegene wat bely dat die hele Skrif "deur God ingegee" (2 Tim. 3:16) is en dat Bybelskrywers "deur die Heilige Gees gedrywe" (2 Pet. 1:21) is, nie net moet erken dat die Heilige Gees die Inspireerder van die Skrif is nie, maar dat Hy ook die onmisbare Eksegeet daarvan is. Die Heilige Gees as Bybelskrywer is ook die Een wat die Bybel verklaar (Joh. 14:25-26; 16:12-13; 1 Kor. 2:10-16). Coetzee, De Klerk en Floor maak die volgende opmerking:

> God laat nie net sy heilsdade in die geskiedenis plaasvind nie, maar sorg ook deur sy Heilige Gees dat ons 'n betroubare berig daaroor ontvang en – deur dieselfde Heilige Gees – dat ons ook die berig reg verstaan. Die geheimenisse van God kan alleen verstaan word deur mense in soverre hulle genadiglik verlig is deur die Heilige Gees. Dit is die Heilige Gees wat die hart van die mens moet sag maak, die ore moet deurboor en die oë moet oopmaak om die Bybel te verstaan. Die Gees tree in die proses van die verstaan van die Bybel op as die eintlike Skrifverklaarder (1980:21).

Dit is Momberg (2000:5) se siening dat die eksegeet in sy soeke na die betekenis van 'n spesifieke Skrifgedeelte begin deur "te wete te kom wat die woorde in hulle historiese inbedding beteken het". Die eksegeet strewe dus doelbewus daarna "om die teks te verstaan deur die volle taaluiting/taalvorm" van die bepaalde Skrifgedeelte bloot te lê. Dit word gedoen deur:

- Noukeurig na te vors wat die korrekte grondteks is;
- Van taalhandboeke, woordeboeke en konkordansies gebruik te maak;
- Sintaktiese skakels na te vors;
- Semantiese velde na te vors;
- Die historiese inbedding na te vors (Momberg, 2000:5).

Momberg (2000:5) sê: "Die grammaties-historiese metode neem die volle openbaring soos dit gegee is, ernstig, in die sin dat dit aanvaar word as WERKLIKE kommunikasie

van die WARE God met WERKLIKE mense. Die grammaties-historiese eksegse neem eerstens die grammatiese ernstig omdat die grammatiese uiteindelik die betekenis van die teks bepaal" (vgl. Jordaan, Van Rensburg & Breed, 2011:235). Tweedens word die historiese inbedding van die teks ernstig opgeneem, omdat die teks nie in 'n tydsvakuum plaasgevind het nie, "maar in alle werklikheid tot die kerk gekom het" (Momberg, 2000:5; vgl. Jordaan, Van Rensburg & Breed, 2011:236). Momberg beklemtoon dat die verklaring by grammaties-historiese eksegese van so aard is, dat die grammatiese en historiese "mekaar aanvul en versterk, maar nie weerspreek nie".

Van der Walt (2009:15) wys daarop dat een van die grootste leemtes in die grammaties-historiese metode van eksegese daarin lê, dat dit "teksgebonde is en die huidige leser se rol by eksegese" tot 'n mindere of meerdere mate ignoreer. Hoewel daar na alle waarskynlikheid 'n suiwere motief mag wees, naamlik om die Skrifgesag te "beskerm", dateer die grammaties-historiese metode van eksegese uit 'n tyd toe daar hoofsaaklik nog in 'n neutrale beoefening van die wetenskap, onder die invloed van rasionalisme geglo is. "Dit hou dus nie rekening met die werklike stand van sake van enige soort interpretasie nie. Die werklike situasie is dat dit onmoontlik is om die rol van die huidige leser/eksegeet by die lees van 'n Skrifgedeelte uit te skakel" (Van der Walt, 2009:15). Silva (1987:112) maak die volgende opmerking:

> Biblical interpreters in earlier centuries have of course been conscious of the role played by personal bias, but they have simply taken it for granted that such a bias could be overcome. It certainly would not have occurred to them that in the very nature of the case we are incapable of grasping objective reality.

Van Deventer (2011:294-302) is nog een van die kritici teen die grammaties-historiese metode van eksegese en redeneer dat die grammaties-historiese metode "nie genoegsaam rekening hou met al die aspekte (nl. histories-, literêr- en lesergefokus) wat in die leerproses ter sprake is nie" (2011:294).

Hoewel daar leemtes in die grammaties-historiese metode van eksegese mag wees, sal die navorser vanuit sy Pinksteragtergrond van dié metode gebruik maak om riglyne vir die praktyk te ontwikkel, om hoërskoolleerders toe te rus om Facebook op 'n verantwoordelike wyse te gebruik. Die navorser sal, in sy omgaan met die teks,

deurentyd bedag wees op die leemtes van die grammaties-historiese metode van eksegese en streng daarteen waak dat daar nie in die moontlike slaggate van dié metode getrap word nie. Volgens Momberg (2000:5-6) konsentreer die grammaties-historiese metode sterk "op die natuurlike manier waarop die Bybelteks homself aanbied" en dat daar te alle tye rekening gehou word met die feit "dat die soewereine drie-enige God Homself kenbaar maak en verstaan wil wees binne die beperkings van die natuurlike kommunikasieprosesse van ons gebroke menswees". Dit in ag genome verskuif die aandag nou na die keuse van 'n perikoop.

6.3 DIE KEUSE VAN 'N PERIKOOP

Van Rensburg *et al.* (2011:37-38) beskryf 'n perikoop as 'n paragraaf, "'n hulpmiddel wat in bladuitleg gebruik word om aan te dui dat 'n bepaalde tema (of onderdeel van 'n tema) daarin aan die orde is." Die perikoop moet 'n enkele gedagte-eenheid vorm, waarbinne 'n sekere tema of sub-tema behandel word. Partykeer is daar merkers wat aandui waar 'n spesfieke tema of sub-tema begin en eindig. Merkers kan egter nie alleen as aanduidings gebruik word nie, maar die inhoud van die betrokke gedeelte moet meespeel by die interpretasie van die merkers. Indelings van kommentare kan ook as nuttige aanwysings gebruik word. Jordaan, Van Rensburg en Breed (2011:236) vestig die aandag daarop dat die "deeglike verekening van die tekstuele konteks van sowel die perikoop (paragraaf) as die boek waarin die perikoop" voorkom, belangrik is omdat die verklaarder hierdeur voorsorg tref dat die betrokke Skrifgedeelte nie uit verband verklaar word nie. Jordaan, Van Rensburg en Breed maak die volgende opmeking met betrekking tot perikoopafbakening:

> Deeglike verrekening van die tekstuele konteks van sowel die perikoop (paragraaf) as die boek waarin die perikoop is, is baie belangrik, want hierdeur tref die verklaarder 'n voorsorgmaatreël dat hy nie 'n Skrifdeel uit verband verklaar nie (2011:36).
>
> Perikoopafbakening berus grootliks op die verklaarder se oordeel oor die gedagte-opbou van die betrokke boek. Binne die geheelargument van die betrokke boek vervul elke perikoop 'n spesifieke funksie. Die verklaring van die intra-argument van die perikoop moet die funksie van hierdie paragraaf binne die argument van die hele boek verreken. (2011:236).

Volgens Van Rensburg *et al.* (2011:43; 45-46) is ’n verdere belangrike aspek van eksegese dat die genre[142] van die perikoop, en van die boek waarin die perikoop voorkom, bepaal moet word. Daar word "algemeen aanvaar dat elke genre sy eie interpretasiereëls het, wat in ’n mindere of meerdere mate oorvleuel met dié van ander genres”. Hoewel daar sommige boeke van die Bybel is wat as ’n spesifieke genre getipeer word, is dit by ander boeke "nodig dat die verskillende onderdele van die boek apart ten opsigte van genre geklassifiseer word” (Van Rensburg *et al.,* 2011:43). Kugler en Hartin (2009:330-336) wys daarop dat die Nuwe Testamentiese geskrifte hoofsaaklik in drie groot literêre genres verdeel is, naamlik, narratiewe, briewe en die apokalips. Die vier Evangelies (Matthéüs, Markus, Lukas en Johannes) en Handelinge val in die genre van narratiewe. Die vier evangelies en Handelinge word gevolg deur die 21 briewe (literêre en egte briewe) en die apokalipstiese genre, word in Openbaring omvat. Van Rensburg *et al.* (2011:45-46) wys daarop dat slegs die genre van briewe in die Grieks-Romeinse wêreld gebruik was. Die ander genres was uniek aan die Christendom, en in die geval van die apokaliptiese literatuur (soos Openbaring), is dit uniek aan die Jodedom en die Christendom. Daar word ook mikro-genres onderskei, "soos die huistafels[143] (1 Pet. 2:13-3:7); toesprake (bv. Hand. 2:14-36); liedere (bv. Luk. 1:46-55); gelykenisse (bv. Matt. 13:1-8); ‘wysheidspreuke’ (Matt.13:9); briewe in ander boeke (Hand. 16:23-29)” (Van Rensburg *et al.,* 2011:45). Wat die briewe aanbetref word daar tussen twee soorte briewe onderskei, naamlik: literêre briewe en egte briewe. ’n Literêre brief (of *epistel*) "is wanneer die uiterlike briefvorm gebruik word om materiaal te publiseer wat nie as ’n brief onstaan het nie” (Van Rensburg *et al.,* 2011:45). In die Nuwe Testament bestaan hierdie literêre briewe uit preke of toesprake, waar die briefaanhef (begin) en briefslot (einde) bygevoeg is. Voorbeelde hiervan is die brief aan die Hebreërs en brief van Jakobus. Egte briewe is gewone briewe. "Hierdie briewe is geskryf om spesifieke probleme wat in bepaalde gemeentes ondervind is, aan die orde te stel” (Van Rensburg *et al.,* 2011:45). In die geval van egte briewe sal ’n bepaalde skrywer dan vanuit sy eie situasie skryf, "in ’n

[142] "Genre” verwys na ’n bepaalde soort "literatuur wat onderskei kan word van ander soorte, soos epiek, liriek of dramatiek” (Van Rensburg *et al.,* 2011:327).

[143] "Huistafels”: Gedurende die Nuwe Testamentiese tyd is daar van alle persone binne die geslote sosiale gemeenskappe verwag om hulleself op ’n bepaalde wyse te gedra. "Dit is nie vreemd om lyste of kodes in die literatuur van daardie tyd te vind” wat bepaalde gedragsvoorskrifte, vir bepaalde verhoudings, soos die huweliksverhouding tussen mans en vroue, tussen kinders en hulle ouers, tussen slawe-eienaars en hul slawe, en burgers en die staat, bevat nie. Voorbeelde hiervan word ondermeer in Efésiërs 5:21-6:9; Kolossense 3:18-4:1 en 1 Petrus 2:13-3:7 gesien (Van Rensburg *et al.,* 2011:327).

poging om oplossings vir hierdie probleme te verskaf" (Van Rensburg *et al.,* 2011:46). Dit is belangrik om te onthou dat wanneer inligting vanuit hierdie briewe geïnterpreteer word, met die oog op die toepassing in hedendaagse situasies, die omstandighede wat tot die skryf van die brief gelei het, altyd ten volle verreken moet word. Voorbeelde hiervan is 1 en 2 Korinthiërs.

Die eksegese in hierdie studie het ten doel om vas te stel wat God se Woord leer aangaande die moreel-etiese toerusting van hoërskoolleerders en om riglyne neer te lê wat gebruik kan word om die hoërskoolleerders in die sewe AGS-gemeentes waar die navorsing onderneem is, te begelei tot verantwoordelike en geestelike volwasse besluitneming, met betrekking tot die gebruik van Facebook.

6.4 VERKLARING VAN SKRIFGEDEELTES UIT EFÉSIËRS

6.4.1 Keuse van 'n teks

Ten einde enige teks in die Bybel te verstaan, is dit belangrik om te besef dat tekste wêreldbeelde skep en dat literatuur mense vorm (Steyn, 2005:11). In hierdie verband wys Young (2001:81) daarop dat eksegese 'n diskoers[144] is, wat die teks in staat stel om die leser en lesersgemeenskappe herhaaldelik te vorm. Die Bybel as heilige geskrif beskik oor die vermoë om Christengelowiges se verbeelding, hoop en vrese, verwagtings of ambisies aan te spreek en dit uit te daag om te verander. Wanneer die Christengelowige hiermee erns maak, kan belangrike godsdienstige dinamika binne 'n tradisie verstaan word. Die effek van 'n diskoers op die vorming van 'n tradisie mag geensins onderskat word nie.

Die keuse van 'n teks word hoofsaaklik deur die behoefte van 'n bepaalde groep mense bepaal, wat geïdentifiseer en aangespreek moet word, sodat daar duidelikheid sal bestaan oor wat God se wil oor die bepaalde saak beskryf (Fee, 2002:135). Volgens Rensburg *et al.* (2011:33) is daar 'n tweeledige taak wat op die keuse van 'n teks berus en dat die Skrifgedeelte op so 'n wyse oorgedra sal word dat:

- God deur die verklaring van 'n bepaalde Skrifgedeelte die Een is wat spreek;

[144] "Diskoers" verwys na die retoriek van die narratief: *Hoe* word die verhaal vertel? Dit impliseer dat dit moontlik is om verhale op dieselfde gebeure en met dieselfde karakters en agtergrond op verskillende maniere te vertel (Smith, 1996:19).

- ❖ Die hoorders (lesers) ’n boodskap sal ontvang wat die huidige stand van hulle "geloofs(on)volwassenheid” sal aanspreek en "wat tot in die hart van hulle bestaansnood, roepingsbesef en roepingsvervulling” sal deurdring.

Die keuse van ’n Skrifgedeelte bring mee dat die navorser ’n gedeelte moet kies wat die volle waarheid van God se wil en plan vir sy mense beskryf. Die gekose gedeelte moet die "bepaalde omstandighede, met geloofsworstelinge en geloofsagterstande” aanspreek, sodat daar duidelikheid sal bestaan oor die roeping en plan van God (Van Rensburg *et al.,* 2011:33). Die betrokke Nuwe-Testamentiese brief en Skrifgedeeltes wat geëksegetiseer word, is doelbewus met dié riglyne in gedagte gekies omdat dit oor geestelike volwassenheid by gelowiges handel.

Die keuse van ’n Skrifgedeelte vereis dat daar ook in ag geneem moet word dat die Bybel uit verskillende genres bestaan. Hierdie genres sluit onder meer narratiewe, geskiedskrywing, wysheidsliteratuur, profetiese literatuur, kultiese literatuur, wettiese literatuur, poësie, gedigte, gesange of liedere, genealogie, evangelies, gelykenisse, briewe en die apokaliptiek soos die Openbaring van Johannes (Van Rensburg *et al.,* 2011:43; vgl. Hayes & Holladay, 2007:95). Eksegete moet noukeurige aandag aan die verskillende genres gee, omdat dit ’n belangrike komponent vir ’n korrekte begrip van God se Woord is (Futato, 2007:13).

6.4.2 Agtergrond van die Efésiërbrief

Die openingswoorde van die brief aan die Efesiërs laat geen twyfel oor die identiteit van die skrywer, die apostel Paulus nie (Klein, 2006:21). Klein vestig die aandag daarp dat die brief aan die Efésiërs een van die vier briewe is wat deur Paulus geskryf is terwyl hy homself in die gevangenis bevind het. Die ander drie briewe is dié aan die Filippense, Kolossense en Filémon. Daar is egter verskeie faktore wat in die laaste paar eeue die daartoe gelei het dat Paulus se outerskap van die Efésiërbrief bevraagteken word. Die grootste verskil word hoofsaaklik aan verskille in die taalgebruik en grammatika toegeskryf. Die taalgebruik en grammatika verskil van die ander briewe soos Romeine, Galasiërs, 1 en 2 Korinthiërs, Filippense, 1 Thessalonicense en Filémon (Klein, 2006:21-24; vgl. Cohick, 2010:5). Vir ’n volledige bespreking oor die skrywer, die gehoor/belanghebbenes en die agtergrond van die Efésiërbrief, kan Fowl (2012:1-28); Hoehner (2002:2-60); Muddiman (2001:1-54); en

Verhey en Harvard (2011:21-31) geraadpleeg word. Vir die doeleindes van hierdie studie word Paulus as die skrywer van die brief erken[145].

6.5 STRUKTUUR VAN EFÉSIËRS

6.5.1 Efésiërs 1:1-3:21

Vanweë die aard van die navorsing sal daar nie in detail na struktuur en uitleg van die brief gekyk word nie. Vir indiepte-inligting rakende dié onderwerpe kan Hoehner (2002:64-69); Mbennah (2009:37; 44-45); en Petrenko (2011:1-25) geraadpleeg word. In hierdie studie sal daar slegs ŉ oorsig oor die struktuur van die Efésiërbrief gegee word. Na die openingsrede (1:1-2) bring die skrywer uitgebreide lof aan God vir al die geestelike voordele wat diegene wat in Christus is geniet (1:3-14). Die uitgereide lof word gevolg deur Paulus se danksegging aan die lesers vir hulle geloof en liefde, asook ŉ petisie vir wysheid en openbaring (1:15-23). Die lesers se aandag word gevestig op hulle verhouding met God, voor en na hulle bekering (2:1-10), sowel as die nuwe eenheid tussen die Jode en die heidene wat gelowig geword het, wat nou as een persoon en een kerk gesien word (2:11-22). Gevolglik is daar nie net eenheid tussen God en die mens nie, maar ook tussen die Joodse en heidense gelowiges. Dan volg Paulus se beskrywing van die misterie van die eenheid tussen Joodse en heidense gelowiges in Christus en sy bediening om hierdie misterie aan die heidene oor te dra (3:1-13). Die eerste gedeelte van die brief word sluit af met ŉ gebed dat die gelowiges in Efése in liefde versterk mag word, sodat die eenheid van die Joodse en die heidense gelowiges in God tot uitvoer kan kom (Hoehner, 2002:61-62). Daar bestaan redelike grootliks konsensus dat die struktuur van Efésiërs in die vorm van ŉ brief is[146]. Vanweë die oorwegende groot konsensus sal die teks as ŉ brief hanteer word en daar word aanvaar dat Paulus die outeur daarvan is (Breed, 2015:38). Siende dat verskeie temas deurlopend in die brief aangespreek word, bestaan daar ŉ groot aantal menings rakende die doel en sentrale temas van die brief (Barnard, 2009:167)[147].

---

[145] Vir ŉ meer kritiese bespreking van die agtergrond, die outeur en die doel van die Efésiërbrief kan Schnakenburg (2001:32-38) geraadpleeg word.

[146] Vergelyk Witherington III (2007:216-219) vir ŉ alternatiewe mening, naamlik dat Efésiërs eerder as homileties gesien moet word.

[147] Vergelyk Hoehner (2002:97-114) vir ŉ bespreking van verskillende teorieë. Pretorius (2006:255) verwys na die "elusive centre" van Paulus se teologie om aan te dui dat dit nie so maklik is om van ŉ sentrale tema in Efésiërs te praat nie.

Hagee (2004:1409-1410) se siening is hoewel die verskillende kommentaarskrywers elkeen hulle eie siening huldig rakende die sentrale temas van die Efésiërbrief, die eenheid van en die eenheid binne in die kerk as van die vernaamstes beskou behoort word. Afgesien van die temas van eenheid in en van die kerk, wys Hagee ook daarop dat die kerk beskou moet word as die heilige liggaam van Christus en dat gelowiges aangemoedig word om tot volwassenheid in Hom te groei (Ef. 4:14-15). Bhae (2000:176-184) is van mening dat die brief uitsluitlik op die kerk van toepassing is (vgl. Floor, 1981:37-212)[148]. Hoehner (2008:27) is van mening dat die aanspreekvorm van "heiliges" geen twyfel laat dat die brief aan diegene gerig is wat hulle volkome vertroue in Jesus Christus geplaas het nie. Volgens Bhae (2000:176-184) word die kern van die brief in Efésiërs 1:15-19 saamgevat en hy (Bhae) identifiseer die volgende drie aspekte: "Die hoop van God se roeping" (1:18c), God se "heerlikheid van sy erfdeel onder die heiliges" (1:18d) en "die uitnemende grootheid van God se krag" vir die gelowige (1:19). Volgens Van Rensburg (1993:1822) word die volgende temas weergegee: (a) God se doel. Ooreenkomstig die ewige en liefdevolle raadsplan van God is Hy besig om die redding van die mensdom te bewerk. (b) Christus die Hoof. Jesus Christus is verhoog as Hoof van die ganse heelal en die geskiedenis as 'n geheel. (c) Lewende kerk. Die kerk is 'n lewende liggaam, met Christus as die Hoof daarvan. Deur die gawes wat God aan die kerk gee, stel Hy die gelowiges in staat om die kerk op te bou. (d) Kinders van God. Omdat Christus die skuld vir die sonde betaal het, het God mense vergewe en is hulle met Hom versoen. Diegene wat die offer aanvaar het, word "kinders van God" genoem en is as gelowiges broers en susters, wat almal een Vader het. (e) Christelike gedrag. Paulus doen 'n oproep op alle Christene om verstandig en dinamies te lewe. Om 'n lid van die nuwe gesin te wees, het nie net bepaalde voorregte nie, maar dit vereis ook sekere verantwoordelikhede. Binne hierdie nuwe gemeenskap moet Christene Christus se voorbeeld uitleef.

Nadat Hoehner (2002:105-106) verskeie kommentaarskrywers se temas van Efésiërs bestudeer het, kom hy tot die konklusie dat die sentrale tema van die brief aan die Efésiërs, liefde is. Die liefde verwys in die eerste plek na God se liefde vir die mensdom en dan na gelowiges se liefde vir mekaar. Naas die sentrale tema van liefde

[148] Lincoln (1990:lxxii-lxxxvii) is van mening dat die Efésiërbrief uitsluitlik vir die heidense lesers bedoel is. Sy is uitsluitlik gegrond op die inhoud van dit wat in die teks van die brief geskrywe staan.

identifiseer Hoehner (2002:106-114) ook die volgende sewe temas: (a) Die Drie-eenheid van God wat op agt plekke in die brief voorkom (Ef. 1:4-14, 17; 2:18, 22; 3:4-5, 14-17; 4:4-6; 5:18-20); (b) God as Vader, met agt verwysings, wat meer is as in enige ander brief van Paulus (Ef. 1:2, 3; 17; 2:18; 3:14-15; 4:6; 5:20; 6:23); (c) Christologie (Ef. 1:2-5; 7-8; 10-12; 15; 17; 20; 22-23); (d) pneumatologie (Ef. 1:13; 17; 2:18; 22; 3:5; 16-20; 4:3-6; 30; 5:18 6:17-18); (e) soteriologie (1:13-14; 2:1-3; 8-13; 16; 4:30; 5:2; 25); (f) ekklesiologie (Ef. 1:22; 3:10; 21: 5:23, 24, 25, 27, 29, 32) en (g) versoeningsleer (Ef. 2:1-10; 11-22; 3:1-12; 17-19; 4:1-3; 4-6; 7-11; 12-16; 5:15-20; 5:21-6:9; 6:10-20). Lloyd-Jones (1980:12-14) beklemtoon dat die grootste verskil tussen die brief aan die Efésiërs en die ander briewe wat Paulus geskryf het daarin lê dat dit vanuit ’n hemelse oogpunt geskryf is. "And that is the great theme of this Epistle: it holds us face to face with God and what God is, and what God has done… [We] are told that we are going to be given a view of the glory and the majesty of God” (Lloyd-Jones, 1980:13).

Die navorser is dit eens met Hoehner, Bhae en andere se siening dat die Efésiërbrief uitsluitlik aan die Kerk van Christus gerig is. Wanneer Christengelowiges volgens die voorskrifte van Efésiërs handel, soos met al die ander Bybelse voorskrifte, sal dit beslis ’n positiewe en betekenisvolle verandering in hulle lewe te weeg bring. Du Plessis (2015:86) wys daarop dat alle mense nie die Bybel as gesaghebbende Woord van God erken of aanvaar nie, sal die inhoud daarvan weinig of geen invloed op diesulkes se lewe uitoefen. Die Christengelowige wat in sy wandel met God deur die Heilige Gees bewus gemaak word van God se liefde en genade, soos dit in Efésiërs 1-3 weergegee word, begin om vanuit sy verhouding met God positief te reageer op God se liefde en genade. As kind van God strewe hy daarna om in elke fasset van sy lewe, sy denke, sy woorde en sy handelinge, te hou by God se voorskrifte vir ’n rein en heilige lewenswandel, waarin hy tot geestelike volwassenheid kan groei. Dit vereis noodwendig dat hy hom van enige vorme van ’n onheilige leefwyse sal weerhou. Binne die verhouding waar hy as kind van God in die lig en wysheid wandel, is hy ook in ’n geestelike oorlog teen die magte en owerhede van duisternis gewikkel, om as kind van God staande te kan bly.

Die navorser stem saam met Hoehner se uitwysing van liefde as die sentrale tema van Efésiërs. Die samestemming berus op die volgende redes; (a) God het nie alleen

sy Seun in liefde gegee het as die Een wat die verlossing van die mensdom bewerkstellig het nie, maar dat Hy ook sy liefde aan die gelowiges bewys deur hulle toe te laat om sy kerk te bou; (b) die onderlinge liefde wat gelowiges vir mekaar het, dien as aansporing om ook die ander lede van die liggaam toe te rus en op te bou, omdat hulle Christus, sy kerk en sy liggaam lief het; (c) naas die liefde staan die eenheid van die kerk en gelowiges se groei tot volwassenhed uit as temas in die Efésiërbrief wat uitstaan (Du Plessis, 2015:86).

Sproul en Wolgemuth (2011:353) beskryf die brief aan die Efésiërs as 'n "recipe for godly living". Bickel en Jantz (2003:15) sê: "Every recipe includes ingredients and instructions, and that's exactly what Ephesians has. The first part of the book gives us the ingredients of belief. This involves knowing God and what He has done for us in Christ. The second part of the book gives us the instructions for behaviour. This involves doing what God wants us to do." Dit stem ooreen met Fowl (2012:125) wat die Efésiërbrief in twee hoofdele opdeel, naamlik, leerstellings en teologie (hfste.1-3), en pligte en etiek (hfste.4-6) (vgl. Hoehner, 2002:61; Kruger, 2005:534; Petrenko, 2011:1). Jordaan (1990:63-66) verskil egter hiermee en wys tereg daarop dat die brief wel in twee dele opgedeel kan word maar dat daar onthou moet word dat daar in beide dele leerstellige sowel as praktiese aspekte voorkom. Die eerste deel fokus meer op dit wat God gedoen het, terwyl die tweede gedeelte 'n heenwyse is na die mens se reaksie op God se genade.

Wanneer die resultate van die navorsing oor die eerste deel van Efésiërs en die belangrike temas in die brief toegepas word op die bediening van hoërskoolleerders wat van Facebook as sosiale media-platform gebruik maak, kan die volgende riglyne daaruit verkry word:

- Die hoërskoolleerders van die sewe AGS-gemeentes waar die navorsing onderneem is, moet deur lering vanuit die Woord en die kragtige werking van die Heilige Gees oortuig word dat die liefde van God deur Jesus Christus aan hulle geopenbaar is en dat hulle, hulleself kan verbly in die hoop van Christus wat hulle tot die ewige lewe geroep het.
- Dit is belangrik dat die hoërskoolleerders van die bovermelde sewe AGS-gemeentes sekerheid van hulle verlossing in Christus en die verseëling van

die Heilige Gees sal hê. Hierdie sekerheid is ’n voorvereiste vir die lewe volgens God se riglyne soos in Efésiërs 4-6 beskryf word.

- ❖ Die bovermelde hoërskoolleerders moet ook besef dat hulle soos enige ander kinders van God tot geestelike volwassenheid geroep is.
- ❖ Die bediening van hierdie hoërskoolleerders moet hulle, hul eenheid met die gemeente laat ervaar. Paulus het op verskeie plekke in sy briewe geskryf dat gelowiges eensgesind teenoor mekaar moet wees (Rom. 12:16, 15:5-6; 1 Kor. 1:10; 2 Kor. 13:11; Ef. 4:3; Fil. 2:2, 3:16; 1 Thess. 5:11; Tit. 3:10-11; 1 Pet. 3:8). Om die hoërkoolkinders paraat te maak teen die aanslae wat deur die gebruik van Facebook op hulle lewe gemaak word, is dit nodig dat hulle ’n tuiste binne die plaaslike gemeente moet vind. Hoërskoolleerders moet geleer en oortuig word dat hulle deel van die kerk van Jesus Christus is en dat hulle net soos die volwasse lidmate van die gemeente bepaalde verantwoordelikhede het om rein en heilig voor God te leef.
- ❖ Kennis van die Drie-enige God, sy genade en liefde is belangrike toerusting vir die paraatheid van hoërskoolleerders.

In die eerste deel van die navorsing oor die Efésiërbrief hou alles in Efésiërs 1-3 veband met die kerk se roeping (Hoehner, 2002:64). Efésiërs 4:1 begin met ’n oproep aan die gemeente en die heiliges om hulle lewe waardig met hulle roeping te leef. Die volgende fase van die studie is daarop gerig om vas te stel wat Efésiërs 4-6 aan die kerk en die Christengelowige kommunikeer.

6.5.2 Efésiërs 4:1-6:24

In hierdie gedeelte van die studie word daar nou spesifiek op Efésiërs 4-6 gefokus, omdat dit ’n besondere ryk bron is wat aandui hoe heiligheid deur die gelowige nagestreef moet word, hoe die individu homself/haarself van sondige praktyke moet weerhou en sodoende in die lig wandel, asook hoe om weerstand teen die bose magte te bied.

Die tweede gedeelte van Efésiërs waarna Jordaan (1990:63-66) verwys, fokus op die toepassing van die leerstelling en die gedrag van die gelowiges/kerk. Dit word in ses onderafdelings verdeel (Hoehner, 2002:62; 66-69; vgl. Fowl, 2012:125-213). In vyf van die ses gevalle word die woord "wandel” gebruik. Dit is sigbaar in:

(A) Wandel in eenheid (4:1-16);
(B) Wandel in heiligheid en nie soos heidene nie (4:17-32);
(C) Wandel in liefde en weerhouding van onheilige praktyke (5:1-6);
(D) Wandel in die lig (5:7-14);
(E) Wandel in wysheid (5:15-6:9);
(F) Staan vas in geestelike oorlogvoering (6:10-20);
(G) Gevolgtrekking (6:21-24) (Hoehner, 2002:vii; 62; 66-69).

Hoehner (2002:500) benadruk dat die woord "wandel" (Ef.4:1, 17: 5:2, 8, 15) herhaaldelik vanaf die vierde hoofstuk gebruik word, met spesifieke verwysing na die gelowige se lewenswandel. Die enigste uitsonderings is in hoofstuk 6:10-20, waar daar na die gelowige se "staan" verwys word. Daarna volg die slot en die seëngroet in 6:21-24. Volgens MacArthur (1986:119) word die woord "wandel", algemeen deur die Nuwe Testament gebruik om na die daaglikse lewe van die Christen te verwys. Die vroegste Christene het van die "Weg" gepraat om na hulleself as dissipels van Jesus te verwys (Hand. 9:2; 19:9, 23; 22:4, 22). Volgens MacArthur fokus verse 1-16 van hoofstuk vier op eenheid binne die kerk en onder gelowiges. Dit word gevolg deur verse 17-32 wat fokus op die uniekheid van die Christelike lewenswandel. In Hoofstukke 5 en 6 word die noodsaaklikheid van morele reinheid, die wysheid, die beheer en leiding van die Heilige Gees, verantwoordelikhede binne die familie en geestelike oorlogvoering binne die Christelike lewenswandel beklemtoon.

Breed (2015:41) is van mening dat die struktuur van Hoehner (2002:vii; 62, 66-69) met betrekking tot Efesiërs 4-6, beskou kan word as 'n beskrywing van hoe God se plan, wat in Efesiërs 1-3 beskryf is, veronderstel is om in die lewe van elke gelowige en in die lewe van die kerk te realiseer. Petrenko (2011:137-140) dien as basis om die volgende punte te beklemtoon:

- Die gawes wat Jesus Christus aan sy kerk (wat uit die onderskeie gemeentes en denominasies bestaan) as gelowiges skenk om hulle toe te rus, is tweeledig van aard. Eerstens dien dit as basis sodat Christus toenemend sigbaar in die gelowiges se lewe word (Ef.4:4-16) en tweedens ook om eenheid binne die kerk mee te bring sodat die karakter van Christus daardeur gereflekteer kan word (Ef.4:3)

- Die soteriologiese kontraste of dualisme in die vorige/huidige leefwyse van die gelowiges volgens Efesiërs 1-3 (vroeër/nou; dood/lewend; vreemdelinge/huisgenote) word in Efesiërs 4-6 gereflekteer en in die konsepte van duisternis/lig, dwaasheid/wysheid, onvolwassenheid/volwassenheid, twis/eenheid uitgebeeld (Ef.4:13-16; 17-5:2; 5:3-14; 5:15-22; vgl. Hoehner hierbo A, B, en C).
- Die kontraste rakende kennis (die ou/nuwe struktuur van visie en kennis) word in Efesiërs 4-6 gereflekteer, wanneer gelowiges enersyds aangemoedig word om hulle roeping (Ef. 4:1; vgl. 1:4-10, 18, 23) en die doel wat God met hulle saligheid in die vooruitsig stel (Ef. 4:4-6; vgl. 1:9-10; 1:20-23; 3:10), in gedagte te hou. Andersyds word daar ’n oproep op die gelowiges gedoen dat hulle vernuwe moet word in die gees van hulle gemoed (Ef. 4:23) deur dit wat hulle geleer het en wat aan hulle geleer is, naamlik die waarheid wat in Christus Jesus is (Ef. 4:20-21; vgl. 1:13; 3:2; sien Hoehner se struktuur, D, E).
- Die kontraste binne die invloedsfeer waarin die mens leef (die ou/nuwe kragte) is ook in Efesiërs 4-6 teenwoordig. Die oorwinning wat Christus oor die bose magte behaal het, bring mee dat daar nou vrug in gelowiges se lewe waargeneem kan word. Dit word gesien in die feit dat hulle as geliefde kinders in ’n nuwe verhouding met God staan en Hom volg (Ef. 5:2, 8; 6:1, 5, 6, 7) en nie hulle eie begeertes nie; dat hulle Christus dien (Ef. 5:1; vgl. 1:5) en nie slawe van die bose magte is nie; hulle laat hulle deur die Heilige Gees lei (Ef. 4:30; 5:18) en nie deur selfsug en hebsug nie (Ef. 4:18-20). Die oorwinning wat Christus behaal het, stel gelowiges in staat om as nuwe mense binne die eenheid van wedersydse liefde te leef sodat die seën van God waarmee Hy hulle in Christus seën, deur die werk van die Heilige Gees vrug in hulle lewe (Ef. 4:32) sal meebring. Hierdie seëninge word saamgevat deur die wapens waardeur gelowiges in die Here versterk kan word en Sy groot krag, om sodoende die bose magte te weerstaan en hulle posisie as oorwinnaars te behou (Ef. 6:10-22; vgl. die struktuur van Hoehner, F).

In die volgende deel van hierdie hoofstuk word daar aandag aan Efésiërs 4:1-16 gegee. Jordaan (1990:61) wys daarop dat Efésiërs 4:1-16 ’n oorgangsfunksie in die brief vervul. Hoewel daar reeds ’n duidelike oorgang na die imperatiewe deel van die brief gemaak is, is veral Efésiërs 4:4-16 nog duidelik oorwegend indikatief. Efésiërs

4:4-16 beskryf die skakel tussen die gelowige se lewe waardig die roeping waarmee hulle geroep is (Ef. 4:17-6:22) en die beskrywing van hierdie roeping (Ef. 1-3) (Breed, 2015:54). In die volgende hoofstuk van die verhandeling (hoofstuk 6) word Efésiërs 4:14-17 saam met die res van die brief as die hoofsaaklik imperatiewe deel van die brief ondersoek. Die doel van die ondersoek na Efésiërs 4:1-16 is om riglyne vir die bediening van hoërskoolleerders daaruit te verkry, met betrekking tot hulle gebruik van Facebook.

6.5.3 Lewe in eenheid (Eksegese van Efésiërs 4:1-6)

Volgens Osborne (2017) rig die eerste ses verse van Efésiërs 4 'n reeks uitdagings aan gelowiges om die Christen lewe volgens die voorskrifte van God te leef. Osborne sê:

> This opening section is brilliantly conceived, stressing first that the unity of the church reflects the unity of the Godhead (4:1-6; vgl. De Klerk, 2001:65), and then that this unity must be lived out in diversity, with every member of the body taking their place and working together to enable the church to grow (vv. 7-16)… [T]he conflict among cultures in the church is insufficient to fracture it, for as each believer is united with Christthey are also united with each other. Christ's reconciliation via the cross has broken down racial and ethnic divisions, and all the diverse peoples form a new humanity in Christ (vgl. De Klerk, 2001:65).

Hoehner (2002:501) wys daarop dat Paulus die heiliges/gelowiges vermaan om die regte gesindheid teenoor "eenheid" te openbaar (verse 1-3) (vgl. Best, 1998:357-365; De Klerk, 2001:63; Fowl, 2012:129-130; Hoehner, 2002:501-513; Mentz, s.a.:34-35; Roberts, 1990:105-106). Daarna illustreer Paulus hoe die drie Persone van die Drie-eenheid van God as 'n basis vir "eenheid" dien (verse 4-6) (Hoehner, 2008:79; vgl. Best, 1998:357-358; De Klerk, 2001:62; Fowl, 2012:126; Roberts, 1990:103-106). Dit is belangrik om daarop ag te slaan dat die gelowiges nie aangesê word om eenheid onder mekaar te bewerkstellig nie, maar wel die eenheid wat reeds bestaan, bewaar moet word (Hoehner, 2008:79). Vanweë die gelowiges se nuwe posisie in Christus, is hulle as individue en korporatief, verantwoordelik om die eenheid te bewaar (Hoehner, 2002:501-513). Paulus maak dit duidelik dat hierdie eenheid deur die Heilige Gees bewerkstellig is en dat vrede die kenmerk daarvan is. Die eenheid stel gelowiges in

staat om liefdevolle verhoudinge met mekaar te handhaaf, ten spyte van enige verskille tussen generasies (Hoehner, 2008:79).

Volgens Hoehner (2008:79) verwys Paulus in 4:4-6 in meer detail hoe elemente van die Christengeloof rondom die drie persone van die Drie-eenheid sentreer. De Klerk (2001:65) meen dat die eenheid op God berus "en dit is ook die model van eenheid van die kerk." Op sy beurt vestig Osborne (2017) die aandag daarop dat die getal sewe in die Bybel na die volmakte verwys. Die feit dat daar in Efésiërs 4:1-6 sewe keer na "een" verwys word, wys dat ons hier met God se volmaakte plan vir sy kerk te doen het. Hoehner (2008:79) voer die argument verder en sê dat eenheid in die sewemalige gebruik van "een" benadruk word.

1. In die eerste plek verwys Paulus na "een" liggaam, wat na die universele kerk verwys (1:23; 2:16; 3:5-6). Hierdie universele kerk of liggaam bestaan uit gelowige Jode en heidene, wat nie meer twee afsonderlike entiteite is nie, maar een liggaam van gelowiges geword het (vgl. Osborne, 2017; Best, 1998:358).
2. Tweedens verwys Paulus na "een" Gees, met spesifieke verwysing na die Heilige Gees. In Efésiërs 2:18; 22 sê die Skrif dat hierdie liggaam van gelowiges toegang tot God verkry deur een Gees en waar die liggaam voorgehou word as 'n woning van God (Hoehner, 2008:79; vgl. De Klerk, 2001:63-65).
3. Derdens is daar "een" hoop wat alle gelowiges in gemeen het, met betrekking tot hulle toekoms saam met God, 'n vertroue wat begin het van die oomblik dat hulle geroep is (1:18; 2:7 4:1). Voor hulle bekering was die heidene sonder enige hoop en sonder God in die wêreld (Ef. 2:12), maar toe hulle deur genade na God getrek is, is hulle in een liggaam met Christus in God versoen (2:11; 3:13) as mense met hoop. Aangesien beide gelowige Jode en heidene "een" (of dieselfde) hoop het, ondersteun dit die konsep van eenheid wat in hierdie verse weergegee word (Hoehner, 2008:79).
4. Die vierde element van eenheid word waargeneem in "een Here" (Ef. 4:5), wat sonder twyfel na Christus wys, aangesien Paulus pas na die Heilige Gees in Efésiërs 4:4 verwys het en in 4:6 na die Vader verwys. Christus is die "een Here" wat die verlossing bewerkstellig het (1:7), hoop van die kerk (Ef. 1:12) en die Hoof daaroor is (Ef. 1:22-23). Omdat Christus gelowige Jode en heidene in een liggaam saamgevoeg het, is Hy die "een" Here (Hoehner, 2008:79).

5. Vyfdens is daar "een" geloof. Hoehner sê: "The reverence to faith here most likely is not the object of faith, that is, the body of truth believed by Christians (as in Acts 6:7, 1 Tim. 3:9; 4:1; 6; Jude1:3; 20) but the act of faith, which is exercised by all Christians in Christ their Lord." (cf. Col.2:7). Vroeër het Paulus verwys na die Efésiers wat uitdrukking aan hulle geloof gegee het, toe hulle die boodskap van redding gehoor het (1:13) en dat hulle geloof in die Here Jesus (1:15) wyd bekend geword het (Hoehner, 2008:79). Roberts (1990:107) beskryf hierdie geloof as die vertroue wat die gelowige in God stel.
6. In die sesde plek word daar van "een doop" melding gemaak. Hierdie "een doop" verwys spesifiek na die waterdoop. Die vroeë kerk se geloof in Christus het dikwels uiting gevind in die waterdoop (Hand. 2:38; 8:16, 35-39; 19:5; 1 Kor. 1:13-15; vgl. Best, 1998:369). Die waterdoop is 'n uiterlike manifestasie van 'n innerlike vereenselwiging van die gelowiges met Christus se dood en opstanding (Hoehner, 2008:80, vgl. Hoehner, 2002:517-518; O'Brien, 1999:284).
7. Die sewende en laaste element van eenheid word in Efésiërs 4:6 uitgelig waar daar na "een God en Vader" verwys word. Ten spyte van baie gode wat aanbid word, is daar net een ware God (1 Kor. 8:5-6), wat ook Vader is (Rom. 15:6; 1 Kor. 15:24; 2 Kor. 1:3; 11:31; Gal. 1:4). Daar word ook na God verwys as die een "wat oor almal" is, wat direk na die gelowiges verwys en nie die ganse mensdom nie (Joh. 1:12; Gal. 3:26) (Hoehner, 2008:80).

Om die eenheid wat reeds binne die kerk bestaan te beskerm, het patore/ jeugpastore en geestelike volwasse lidmate die verantwoordelikheid om hoërskoolleerders te leer, dat elke individu in die kerk die verantwoordelikheid het om in eenheid met die gemeente as 'n geheel te leef. Hoërskoolleerders moet soos alle ander lidmate van die gemeente te alle tye daarna streef om liefdevolle verhoudinge met mekaar, sowel as diegene wat hulle onderrig te handhaaf, al sou hulle verskil met die feit dat Facebook sommige 'n negatiewe invloed op hulle lewens kan uitoefen. Diegene wat toevertrou is met die verantwoordelikheid om die heiliges vir hulle dienswerk toe te rus, moet die hoërskoolleerders leer dat daar geen verdeeldheid in Christus is nie (1 Kor. 1:13; Gal. 1:7; Ef. 4:5). Daar rus ook 'n verantwoordelikheid op die geestelike volwasse lidmate van die gemeente om die kennis wat hulle het met betrekking tot die lewe volgens God se wil, met die hoërskoolleerders te deel. Hierdie deel van kennis

is egter nie iets wat net verbaal oorgedra word nie, maar ook deur lewens wat modeleer hoe hoërskoolleerders waardig moet wandel, as kinders van die Here. Die volwasse gemeentelede het dus ’n groot verantwoordelikheid teenoor die hoërskoolleerders van die gemeente om in alle opsigte so te leef dat hulle in hulle hele lewenswandel daders van die Woord is. Sou volwasse lidmate van die gemeente hoërskoolleerders aansê om iets spesifiek te doen, maar deur hulle eie leefstyl ’n ander boodskap oordra, sal dit net tot verwarring onder die hoërskoolleerders van die gemeente lei. Strommen en Hardel (2008:119-122) se navorsing wys daarop dat die modellering van Christelike waardes deur geestelike volwasse begeleiers ’n direkte bydrae tot die geestelike volwassenheid van hoërskoolleerders lewer.

Paulus se sewemalige gebuik van "een” soos deur Hoehner (2008:79) uitgelig (een liggaam, een Gees, een hoop, een Here, een geloof, een doop en een God en Vader), speel ’n uiters belangrike rol in die toerusting en geloofsgroei waartoe hoërskoolleerders begelei moet word. Met verwysing na die "een” liggaam, is die gemeente verantwoordelik om aan hoërskoolleerders te demonstreer hoe hulle (die hoërskoolleerders) deel van hierdie "een” liggaam is en dat hulle nie afsonderlik van die gemeente staan of kan funksioneer nie. Die gemeentelewe moet dus van so aard wees dat dit hoërskoolleerders inkorporeer as deel van die gemeente, sodat hulle sal ervaar dat hulle behoort. Dit beteken dat hoërskoolleerders nie uitgesluit moet word, of enigsins beleef dat hulle uitgesluit word nie.

Daar rus ook op geestelik volwasse lidmate die verantwoordelikheid om die hoërskoolleerders daarop te wys dat die "een” Gees nie eksklusief aan volwasse lidmate van die gemeente gegee is nie, maar dat die Heilige Gees aan ons almal as kinders van God gegee is. Deur die eenheid wat daar in die liggaam van die gemeente/kerk bestaan, verkry die hele liggaam, hoërskoolleerders ingesluit toegang tot die Vader. Omdat hoërskoolleerders met tye onsekerheid beleef, het die gemeente ’n belangrike rol om hulle te onderrig dat die Heilige Gees in alle gelowiges woon.

Gelowige hoërskoolleerders deel ook in die "een” hoop met betrekking tot hulle toekoms saam met God, van die oomblik dat hulle hulself tot God bekeer het en deur Christus met Hom versoen is. Waar sommige Facebookgebruikers daarop uitgaan om die hopeloosheid van die lewe deur *"posts,"* foto’s en of videos uit te beeld, is die kweek van hoop ontsaglik belangrik by kinders. Dit is noodsaaklik dat

hoërskoolleerders deur toerusting weerbaar gemaak sal word, ten einde te verseker dat hulle weerstand kan bied teen die negatiewe en afbrekende boodskappe wat deur sommige Facebookgebruikers oorgedra word.

Hoërskoolleerders moet ook deur die volwasse Christenlidmate in die gemeente geleer word dat hulle "een" is met Christus wat hulle verlossing, soos die van die volwasse gemeentelede, bewerkstellig het en dat hulle saam met die gemeente onder Hom as Hoof staan.

Wat die "een" geloof aanbetref, moet hoërskoolleerders uit die voorbeeld van die volwasse lidmate leer om hulle onwrikbare geloof in die die Here te stel en dat geloof nie in leë woorde gevind word nie. Hulle moet dus geleer word dat geloof 'n aksie is, waarin hulle op die Here vertrou en hoop, al kan hulle dit nog nie sien nie (Heb.11:1). Dit gaan dus daaroor dat hulle, hul volkome vertroue in die Here stel.

Geestelike volwasse lidmate van die gemeente het ook 'n verantwoordelikheid naas die Woord van God en die Heilige Gees om hoërskoolleerders te leer dat versoening met God deur bekering die eerste tree in hulle wandel met die Here is en dat die wandel met God gekenmerk moet word deur gehoorsaamheid aan sy Woord en die opdragte wat hy daarin gee. Möller (1998:121-131) stel dit duidelik dat daar 'n onlosmaaklike verband tussen die sakrament[149] van die doop en die evangelie bestaan en dat die sakramete (doop en Nagmaal) die kern van die evangelie vorm. Möller wys verder daarop dat die doop amptelik deur Christus ingestel is met die gee van die Groot opdrag (Matt. 28:19; Mark. 16:15-16; Luk. 24:47-48). Die woord "doop" (Grieks: *"baptizō"*), beteken letterlik, indompel, insteek of geheel-en-al insluit. Volgens Handelinge 2:38 volg die doop op die bekering en is dit 'n stap van gehoorsaamheid aan die Here, waar die ou persoon deur die doop in die dood van Christus begrawe word, sodat hulle net soos Christus uit die dood opgewek is en saam met Hom "in 'n nuwe lewe kan wandel" (Rom. 6:1-14). Die doop dien dus as 'n herinnering dat die ou mens afgesterf is en die lewe wat die hoërskoolleerder nou leef, 'n lewe is tot eer van God. Hierdie nuwe lewe getuig daarvan dat hulle nou dood is vir die sonde. Wanneer die hoërskoolleerder homself/haarself laat doop as 'n teken van sy/haar

[149] Sakrament verwys na die Latynse word *"sacramentum"* wat letterlik beteken "to make sacred". In Pinkstergeledere word net die doop en Nagmaal as sakramete beskou (Möller, 1998:121).

gehoorsaamheid, is dit dus ’n uiterlike manifestasie van ’n innerlike vereenselwiging met Christus se dood en opstanding.

Geestelike volwasse lidmate in die gemeente het ook die verantwoordelikheid om hoërskoolleerders te leer, dat daar wel baie gode is wat aanbid word, maar dat daar net "een God en Vader” is en dat hy die God en Vader van die hele gemeente is en dat almal wat lidmate van die gemeente is, aan Hom behoort, insluitende hoërskoolleerders.

Ten einde hierdie sewe elemente aan hoërskoolleerders oor te dra, moet die geestelike volwasse lidmate van die gemeente sterk steun op die leiding van die Heilige Gees ten einde die hoërskoolleerders deeglik toe te rus, sodat hulle tot die geloofsgroei van die hoërskoolleerders kan bydra en die hoërskoolleerders tot volwassenheid in Chistus begelei, "tot die mate van die volle grootte van Christus” (Ef.4:13). Nog ’n punt wat aangespreek moet word wanneer die geestelike volwasse lidmate van die gemeente hoërskoolleerders leer oor wat van hulle as volgelinge van Christus verwag word, is die roeping waarmee en waartoe hulle geroep is. Vir hoërskoolleerders is dit van deurslaggewende belang om hulle roeping te ken, veral wanneer dit kom by die stryd teen die negatiewe konnotasis wat met Facebook gepaard gaan. ’n Deeglike kennis van hulle roeping en hulle posisie in Christus sal hulle bemagtig om die aanslag van Facebook (en ander sosiale media-platforms) op hulle lewens, met welslae af te weer. In Efésiërs 4, verse een en sewentien vermaan Paulus juis die gelowiges om die roeping van die Here ernstig op te neem en op ’n waardige wyse te wandel, aangesien hulle as gelowiges tot een liggaam en Gees geroep is. Gelowige hoërskoolleerders moet dus nie hulle roeping in Christus laat skade ly, deur die negatiewe en verkeerde boodskappe wat deur baie Facebookgebruikers gekommunikeer word nie.

Volgens Breed (2015:52) beskryf Paulus die oorsprong van die gelowige se nuwe identiteit as God se wil wat in die gelowige se lewe vorm aanneem (Ef. 1:1-14). Dit maak hulle uitverkore, geseënde, vergeefde, aangenome kinders en erfgename van God, mense wat die geheimenisse van God se ewige raadsplan ontdek het en nou tot lof en eer van God lewe en wat deur die Heilige Gees verseël is (Ef. 1:13). Breed wys verder daarop dat Paulus hierdie nuwe identiteit as ’n roeping beskryf en dat dié roeping ’n radikale invloed op die lewe van die gelowige uitoefen (Ef. 4:1-6), terwyl

hierdie roeping ook hoop, wysheid en God se opstandingskrag in hulle lewens openbaar (Ef. 1:16-23). Breed (2015:52) maak die volgende opmerking met betrekking tot die Efésiërsbrief:

> In his letter, Paul guides the readers in a nurturing way to gain an increasing insight into their identity in Christ. He advises them on how to apply it practically in their lives in order to renew their lives continuously. He encourages them to lead a life of harmony, love, wisdom and holiness (cf. 2:2). This life flows from being filled by the Holy Spirit and from love in mutual subservience, which influences relationships in marriage, the family and workplace.

Breed (2015:52) benadruk ook die feit dat hoërskoolleerders pastoraal versorg moet word en dat hierdie pastorale sorg begeleidend van aard moet wees, sodat die hoërskoolleerders toenemende insig rakende hulle identiteit in Christus kan verkry en so te lewe dat hulle nuwe identiteit in Christus in alle fassette van hulle lewe sigbaar word (vgl. Fowl, 2012:126-127; Stott, 2007:19-34). Om uit te reik na ongelowiges en hulle na die Here te lei, sodat hulle ook hulle identiteit in Christus kan ontdek, vorm deel van die roeping waartoe die gelowige geroep is (Breed, 2015:52).

Christengelowige hoërskoolleerders wat deeglik deur die gemeente toegerus is, is in staat om hulle roeping waardig te wandel, juis vanweë die Heilige Gees wat in hulle woon. Omdat die Heilige Gees ook die Gees van wysheid, openbaring en kennis is, kan gelowige hoërskoolleerders op Sy leiding staat maak om die onderliggende boodskappe in sekere kommunikasie op Facebook aan hulle bekend te maak (Ef. 1:17). Sodoende kan hulle met die nodige wysheid optree, omdat hulle die openbaring van die Gees ontvang het, van die boodskap wat waarlik deur gebruikers van Facebook gekommunikeer word, sowel as die kennis oor hoe die bepaalde situasie hanteer moet word. Dit is die Heilige Gees wat deur die verligte oë van hulle verstand hulle in staat stel om heiliges te wandel (Ef. 1:18).

6.5.4 Behou die eenheid (Eksegese van Efésiërs 4:7-16)

Nadat Paulus die noodsaaklikheid van eenheid beklemtoon het (4:1-3) en die sewe elemente wat as model vir Christeneenheid dien (4:4-6), gaan hy voort om te beskryf wat nodig is vir die behoud van die eenheid. Hier verwys hy spesifiek na die gawes

wat aan die kerk gegee is (4:7-16) (Hoehner, 2002:521). Die gee van die gawes word in 4:7-10 verduidelik, terwyl die verdeling daarvan in 4:11-16 beskryf word (Hoehner, 2008:83).

Cohick (2010:105) wys daarop dat 4:7 met "maar" (*de*) begin, wanneer Paulus meer oor die onderwerp van eenheid begin deel (vgl. Roberts, 1990:112). Paulus verduidelik wat aan die kerk gegee is en waarom dit gegee is. Dan verduidelik hy waarom hierdie gawes so noodsaaklik vir die kerk is. Hoehner (2008:83) sê dat Paulus die aandag daarop vestig dat elke gelowige uit genade 'n gawe of gawes ontvang het en dat hierdie gawes nie tot kerkleiers alleen beperk is, soos sommiges glo nie. Paulus verskuif die klem van "almal" in 4:6 na "elkeen" in 4:7 wat 'n duidelike aanduiding is dat die gee van die gawes, vir die kerk as 'n geheel bestem is. Dit dui daarop dat elkeen in die kerk hierby ingesluit is en dat niemand buite rekening gelaat word nie. Die gawes is spesifieke "enablements or endowments" wat aan elke Christengelowige geskenk word met die oog op bemagtiging vir bediening. Hierdie gawes het 'n noue verbintenis met *charisma* (gawe), wat in paralelle gedeeltes oor die gawes gebruik word (1 Kor. 12:4, 9, 28, 30, 31). Die "mate" (*metron*) dra 'n besonder betekenisvolle belang en dit word drie keer in hierdie perikoop gebruik (4:7, 13, 16). Cohick (2010:106) gebruik die volgende defenisies om *"metron"* duidelik te beskryf: "(a) a standard, rule, or means of measurement, (b) a certain portion in contrast to another amount, and (c) quantity, size or length". Omdat die gawes deur Christus aan Christengelowiges gegee word en die aard daarvan deur Hom bepaal word, mag daar nie jaloesie in die liggaam wees nie (Hoehner, 2008:83).

Hoehner (2008:86-88) wys daarop dat die gedeelte in 4:11-16 die verspreiding van die gawes verduidelik. Met betrekking tot die verspreiding van die gawes, wys Paulus op diegene wat betrokke is (4:11), die proses (4:12), die produk (4:13), en hulle spesifieke doel (4:14-16). Cohick (2010:113) redeneer dat 4:11 die teologiese behoeftes van die gemeente aanspreek. Hoehner (2008:86) verwys dan na 4:11 wat eerstens van apostels (*apostolos*) praat en tweedens van die profeet (*prophētēs*), wat ook op ander plekke vermeld word (1 Kor. 12:28-29; Rom. 12:6; Ef. 2:20; 3:5). Die derde begaafde persoon is die evangelis (*euaggelistēs*). Hierdie beskrywing kom slegs op twee plekke voor in die Nuwe Testament. In die eerste plek met verwysing na Filippus (Hand. 21:8) en as 'n beskrywing vir die aard van die bediening wat Paulus vir Timothéüs gesê het om uit te voer. Dan word daar melding gemaak van herders

(*poimēn*) en leraars (*didaskalos*). Cohick (2010:111) vestig die aandag daarop dat Paulus in 4:12 verduidelik dat hierdie gawes aan die kerk gegee word, om die heiliges vir hulle dienswerk toe te rus, sodat elkeen van hulle, hul rol in die gemeente kan vervul. Die bediening van die kerk as liggaam van Christus, berus nie alleen op diegene waarna in 4:11 verwys word nie, maar na elkeen wat toegerus is om hulle dienswerk in die kerk te vervul. Hierdie dienswerk sluit die versorging en toerusting van hoërskoolleerders in. Khup (2007:56) wys daarop dat die toerusting van gemeentelede, wat hoërskoolleerders insluit, nie net op diegene berus waarvan melding gemaak word in Efésiërs 4:11 nie, maar dat die toerusting van Christengelowiges, insluitende hoërskoolleerders ook deel van die ouderlinge en ander heiliges (Tit. 2:3-5), se opdrag behels.

Geesvervulde leiers is in staat om elke geleentheid te identifiseer en aan te gryp om lidmate van hulle gemeente geestelik te versorg en toe te rus (Hoppin, 1870:550). Pastorale bediening het dus ten doel om die geleenthede aan te gryp om alle gelowiges te begelei tot insig, sekerheid en die volle benutting van die rykdom wat in Christus is, deur die genade van God die Vader en die kragtige werk van die Heilige Gees (Breed, 2015:49).

Breed en Kruger (2014:2) benadruk die noodsaaklikheid van die rol wat die kerk het om te vervul met betrekking tot die "toerusting en begeleiding van kinders om hulle eie dienswerk in navolging van Christus te verrig". Die "belangrike toerustende rol van die kerk as geloofsgemeenskap" kan dus geensins bevraagteken word nie. In sy toetrede totdie gesprek vestig Kruger (2005:540-541) die aandag op Efésiërs 4:12-16 wat sê dat die hele gemeente vir hulle *"diakonia"* (dienswerk) toegerus moet word. Hierdie toerusting vorm deel van "'n wordingsproses van sowel elke lidmaat as die hele gemeente" (Kruger, 2005:551). Breed en Kruger (2014:6-7) fokus dan die aandag op 1 Korinthiërs 12:4-6 waar dit duidelik gemaak word dat die genadegawes wat deur die Heilige Gees gegee word, daarop gemik is om tot dienswerk (*diakonia*) te lei, "sodat die krag van God daardeur in die gemeente en die wêreld effektief kan werk" (vgl. Du Plessis & Breed, 2013:5-6).

6.5.4.1 Pastorale bediening aan hoërskoolleerders dra by tot versterking van eenheid

Breed (2015:45) vestig die aandag daarop dat die pastorale bediening van die gemeente beskou word as die versorging en toerusting van alle lidmate van die kerk,

asook die uitreik na nie-lidmate sodat die kerk haar Godgegewe roeping kan vervul. Pastoraat word beskou as die "versorgende liefde en genade wat vanuit die totale *diakonia* van die gemeente na die lidmaat (of persoon wat hom- of haarself op een of ander manier met die gemeente verbind) vloei" (Breed, 2013a:227) deur die gawes wat die Heilige Gees gee (1 Pet. 4:10). Pastoraat verwys dus na die spontane onderlinge versorging van alle lidmate. Navorsing wat op die pastoraat fokus, het tot gevolg dat die navorser se mens- en Godsbeskouing 'n groot invloed op die navorsing uitoefen.

Jeugbediening[150] is 'n onlosmaaklike deel van dienswerk (*diakonia*) "van die kerk aan 'n besondere deel van die liggaam van Christus" (Breed, 2013b:197). Volgens Vos (1993:260) handel 1 Korinthiërs 12 oor 'n spesifieke segment van die gemeente en die eenheid, asook die verskeidenheid binne die liggaam van Christus (vgl. Collins & Harrinton, 1999:449). Verskeidenheid is 'n kenmerk van die gemeente en hierdie verskeidenheid word "saamgebind deur elke lid se verbondenheid aan Christus en die feit dat elke lid in die liggaam nie toevallig daar is nie, maar deur God daar geplaas is om 'n bepaalde funksie (*diakonia*) te vervul." Die liggaam word ook deur die onderskeie lede se onderlinge betrokkenheid by mekaar saamgebind. Lede met die grootste behoefte, moet meer versorging ontvang. Sodoende word daar aan die jeug wat op 'n unieke manier geestelik kwesbaar en materieel afhanklik is, 'n spesifieke posisie binne die liggaam gegee waar hulle besondere versorging ontvang (Berding, 2006:105; vgl. Hastings, 2007:33). Breed (2013a:234) sê: "Pastorale hulp sal duidelik die onderrig in en herinnering aan die kennis van die Drie-enige God insluit." Prediking sowel as die bediening van die kerk, op enige plek waar die Woord van God verkondig of onderrig word dien as instrumente waardeur pastoraat kan plaasvind (Breed, 2013a:234; vgl. Purves, 2004:160-174).

5.4.5.2 Pastorale bediening fokus op versorging en toerusting

Ten spyte van die radikale veranderinge wat die seëninge van die Drie-enige God in die lewens van gelowiges teweegbring, bevind die kerk haarself in nood en is dit steeds 'n onvolwasse kerk. Die kerk byvoorbeeld ernstig en voortdurend strewe na volwassenheid (4:3). Indien die kerk nie tot volwassenheid groei nie, sal sy "soos

[150] Jeugbediening in hierdie studie verwys spesifiek na die bediening, ondersteuning en toerusting van hoërskoolleerders (14-18-jarige ouderdom).

golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring" (4:14). Die kerk is in "worstelstryd" (6:12) teen bose geeste gewikkel en sy benodig die krag en ondersteuning van God om staande te bly en te oorleef.

Om hierdie rede benodig die kerk beide versorging en toerusting. Efésiërs 4-6 word ingelei met die woord *parakaleo,* wat op drie verskillende wyses gebruik kan word. In die eerste plek kan dit gebruik word as 'n woord van vertroosting (Matt. 2:18; 5:4; Luk. 16:25; 2 Kor. 1:4; 7:6-7; Ef. 6:22; Kol. 2:2). Tweedens kan dit as 'n "smeekbede" of 'n "versoek" gebruik word (Matt. 8:5; Mark. 6:56; Luk. 8:41; 2 Kor. 9:5; 12:8). In die derde plek, soos in die geval van Efésiërs 4:1, beteken dit duidelik om te "vermaan" (Hoehner, 2002:503; vgl. Fowl, 2012:128; Petrenko, 2011:148).

(a) Versorging as element wat bydra tot eenheid

Die versorging van God se kerk is die verantwoordelikheid van diegene wat Hy in posisies en ampte as gesagsfigure binne die kerk aangestel het. Die lidmate van die kerk moet op sodanige wyse versorg word dat hulle kan groei tot volwassenheid in die kennis van God se woord. Dit beteken dat die gelowiges hulleself moet oopstel vir die volle krag van die transformasie wat deel van God se verlossingswerk is. Die nuwe identiteit van die gelowige moet duidelik weerspieël word in sy lewenswandel met Christus (Practical Christian Foundation, 2012:169-170; 177). Fowl (2012:125) wys daarop dat die beskrywing van hierdie nuwe identiteit in Efésiërs 1-3 uiteengesit word en dat daar mense is wat 'n radikale verandering in hulle identiteit ondergaan het (2:1-10), tot dié mate dat hulle hele wêreldbeskouing verander het (2:11-12). As gevolg van hierdie radikale verandering wat plaasgevind het, het hulle deel geword van 'n nuwe gemeenskap (2:11-20) en gevolglik het hulle nou 'n nuwe lewensdoel (2:21-22). Daar is twee geleenthede waar Paulus bid dat gelowiges sal verstaan wat hierdie nuwe identiteit presies behels (1:15-23: 3:13-31; vgl. Youssef, 2012:30-33; 52-57). Breed (2015:52) sê: "In part, their identity means that they are the so called ones of God and their calling may introduce hope, wisdom and God's power of resurrection into their lives (1:16-23). Volgens Breed beskou Paulus hierdie nuwe identiteit as 'n roeping wat 'n besliste invloed op hulle lewenstyl sal uitoefen (4:1-6).

Die pastorale versorging van lidmate sluit ondermeer in dat hulle begelei word om toenemend meer insig oor hulle nuwe identiteit in Christus bekom, asook om op 'n

praktiese wyse hierdie nuwe identiteit in alle fasette van hulle lewe uit te leef (Breed, 2015:52; vgl. Fowl, 2012:126-127; Stott, 2007:19-34). Breed (2015:52) benadruk dit dat die nuwe identiteit in Christus ondermeer behels dat die kerk na ongelowiges moet uitreik en hulle lei om hulle nuwe identiteit in Christus te ontdek. Kerkleierskap en geestelike volwasse lidmate van die gemeente het ook in hierdie opsig nodig om na hoërskoolleerders uit te reik wat nie in 'n verhouding met die Here staan nie, of hulle van Facebook gebruik maak of nie. Vir die hoërskoolleerders wat wel van Facebook gebruik maak, is dit nodig om hulle aandag daarop te vestig dat hulle identiteit nie deur Facebook gevorm moet word nie, maar dat hulle nuwe identiteit in Christus van veel groter en blywende waarde is.

(b) Toerusting as element wat bydra tot eenheid

In dié studie verwys toerusting van hoërskoolleerders spesifiek na die bemagtiging van diegene wat binne die ouderdomsgroep van veertien- tot agtienjarige ouderdom val. By vergelyking van Breed en Jordaan (2000:423-424) en Breed en Van Rensburg (2001:408-409), blyk dit dat die mens besondere groot vryheid op moreel-etiese terrein geniet. "Die mens bepaal self wat moreel-eties reg of verkeerd is, en dit is nie langer aanvaarbaar dat waardes op iemand afgedwing word nie" (Breed en van Rensburg, 2001:408-409). Taylor (aangehaal in Breed en Van Rensburg, 2001:409) is van mening dat die mens se vryheid om self te kies oor sake soos "pornografie, taalgebruik, egskeiding, homoseksualiteit en aborsie so hoog geag word dat onverdraagsaamheid 'is the only serious sin left'". In die lig van hierdie stelling, moet hoërskoolleerders deeglik toegerus word met die waarheid van God se woord, sodat hulle reg sal optree en korrekte keuses uitoefen in elke situasie wat dit vereis. Dit sluit hoërskoolleerders se gebruik van Facebook in. Dit wat hulle op Facebook *"post", "like"* en *"share"* kan tot 'n groot mate aanduidend wees van hoërskoolleerders se morele waardesistelsel. 'n Verdere faktor wat hoërskoolleerders se morele waardes kan belig, kan waargeneem word in die groepe op Facebook waarvan hulle lede is. De Wet (aangehaal in Breed & Jordaan, 2000:208) sê: "[K]erke en nie-regeringsinstellings het 'n belangrike rol in die proses om die land se morele vesel te herbou en te verstewig". Met betrekking tot die kerk, is dit volgens Paulus diegene wat geroepe is (Efésiërs 4.11) se taak om toe te rus. Deur sodanige Bybelse toerusting kan die "morele vesel" van die gelowige hoërskoolleerders versterk word.

Kruger (2005:528) beklemtoon dat toerusting ’n sentrale tema "binne die spektrum van kerklike aktiwiteite” is. Siende dat die hele brief aan die Efésiërs as ’n instrument tot toerusting van die gelowiges beskou kan word, beskryf Efésiërs 4:1-16 die uitvoering van die plan van God op ’n unieke wyse (Breed, 2015:54). Efesiërs 4:4-16 beskryf die verband tussen die gelowiges se lewens wat waardig is van die roeping waarmee hulle geroep is (4:17-6:22) en die beskrywing van hierdie roeping (1-3) (Jordaan, 1990:61).

Kruger (2005:532-533; 535) beskryf toerusting in die konteks van Efésiërs 4 as ’n "dinamiese wordingsproses” waar gelowiges begelei word om te groei en ontwikkel om hulle lewensroeping in Christus te vervul. Die sukses van hierdie groei is uiteindelik God se werk (vgl. Hoehner, 2002:579). Ten einde die gelowiges toe te rus om effektief te wees in die vervulling van hulle roeping, word daar na enkele definisies van die woord "toerus” *(katartismos)* gekyk:

- Onderrig, toerusting, voorbereiding, opleiding, dissiplinering (Best, 1998:173);
- Om iemand na volmaaktheid te lei (Schnakenburg, 1991:182);
- "A making fit or complete” (Morris, 1994:127);
- "A perfectly adjusted adaption, complete qualification for a specific purpose” (Mounce, 1993:270);
- "To make someone completely adequate or sufficient for something”; "to make adequate, to furnish completely, to cause to be fully qualified, adequacy”; "in order to make God’s people fully qualified for work in (his) service or for (this) work of service” (Louw & Nida, 1988:680);
- "A perfectly adjusted adaptation, complete qualification for a spesific purpose” (Mouton, 1978:220).

Kruger (2005:534) wys daarop dat die woord "toerus” verband hou met menslike eienskappe. Hierdie eienskappe sluit geestelike volwassenheid en rypheid in en dit is op die individu, asook korporatief van toepassing. Die wyse waarop hierdie rypheid bereik kan word, "kan in die volgende terme beskryf word en waarskynlik soos volg gekategoriseer word” (Kruger, 2005:534):

- Die herstel van dit wat verkeerd is of om aan te vul waar daar iets spesifiek ontbreek en die "volmaak van dit wat (half)leeg is” (Kruger, 2005:534);
- Om deur kennis voor te berei, op te lei en toe te rus;

- ❖ Dissiplinering (die vermoë om kennis te konkretiseer is in hierdie verband ter sake);
- ❖ Om geskik te maak vir ’n spesifieke taak.

Volgens Lohfink (1999:287) moet die *ekklesia* as ’n geheel tot volwassenheid kom en die kerk moet ook tot die volle statuur van Christus moet ontwikkel. Alles waardeur ons as individue toegerus moet word, dien "tot die opbouing van die liggaam van Christus” (4:12; vgl. Bickel & Jantz, 2003:102), deur diegene wat geroep is om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk (4:11). Vir die kerk om korrek te funksioneer, het Christus juis bepaalde "gawes” en "ampte” daargestel (Klein, 2006:41).

Paulus maak dit duidelik dat die gawes ’n plek in die kerk sal hê totdat gelowiges "tot die mate van die volle grootte van Christus” groei (4:13). Die gedeelte in 4:13 waar Paulus skryf: "tot die mate van die volle grootte van Christus”, word letterlik vertaal met "according to the measure of the gift of Christ” (Bible, 1989). Dit wys daarop dat God nie net aan elke gelowige ’n gawe gee nie, maar ook dat Hyself die aard van die gawe bepaal. Alle gawes het hul oorsprong in Christus. Die woord "gawe” soos dit ook in Efésiërs 3:7 gebruik word, is ’n direkte verwysing na iets wat uit genade deur God aan die gelowiges geskenk word. Dit is van kardinale belang om daarop te let dat Efësiërs 4:13[151] nie na drie afsondelike doelwitte verwys nie, maar dat hier drie aspekte van een doelwit ter sprake is, wat gemik is op die bereiking van volwassenheid. Die eerste aspek is die eenheid van die geloof en kennis van God se Seun. Die eenheid van geloof stem ooreen met die "een geloof” in Efésiërs 4:5 wat gegee is as bewys van die geloof onder die gelowiges. Die tweede komponent van die doelwit dui daarop dat die gelowiges volwassenheid moet bereik. "Volwasse” wys na ’n mens wat volgroeid is, in teenstelling met ’n kind wat maklik aan valse leeringe kan toegee (Ef. 4:14). Hierdie spesifieke verwysing na die volwasse man dui nie op die individuele gelowige nie, maar wel na die kerk wat as liggaam uit individue bestaan (Hoehner, 2008:83, 89-90, vgl. Cohick, 2010:106). Die derde aspek is om "tot die mate van die volle grootte van Christus te groei.” Ook in hierdie geval word daar nie na ’n spesifieke individu verwys nie, maar na die kerk wat hierdie volwassenheid moet bereik. Die vraag wat hieruit ontstaan is: "Wanneer sal die kerk ‘tot die mate van die

[151] Efésiërs 4:13: "totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot ‘n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus.”

volle grootte van Christus' groei?" Die antwoord op hierdie vraag is, wanneer elke lid sy funksie vervul (Ef. 4:16). Hoewel daar nie 'n spesifieke tyd daaraan gekoppel word nie, bestaan die moontlikheid dat hierdie doelwit in die hedendaagse tyd bereik kan word, anders sou daar geredeneer kan word dat die gawes of die krag van die Heilige Gees nie voldoende is nie (Hoehner, 2008:83, 89-90).

Paulus verduidelik in Efésiërs 4:14-16 die uitsluitlike doel van die gawes wat Christus aan die kerk gee. In die eerste plek is daar 'n waarskuwing oor die gevare om onvolwasse te bly, omdat dit uiteindelik tot vatbaarheid vir valse leerstellings sal gee (Hoehner, 2008:90). Mentz (s.a.:42) maak dit duidelik dat ons as kerk nie kinders in ons wandel met God mag bly nie, omdat dit direk aanleiding daartoe sal gee dat ons soos golwe rondgeslinger word deur elke wind van lering, wat weer tot dwaling kan lei. Na hierdie waarskuwing word die aangdag op die positiewe groei tot volwassenheid in Christus gevestig wat die liggaam in staat stel om in liefde te groei (Ef. 4:15-16) (Hoehner, 2008:90, vgl. Mentz, s.a.:42-43). Cohick (2010:113) sê:

> Teaching the truth in love is a means to the goal of equipping saints for ministry. Truth is to be lived out in such a way that the body of Christ grows bigger as new members are added and each one gains maturity; grows stronger as each by themselves and together understand more fully the riches of Christ; and grows steadier as the church stands firm in the face of struggles.

In hierdie perikoop val die klem daarop dat daar aan elke gelowige 'n gawe gegee word, volgens die mate van die gawe van Christus (Ef. 4:7-10). Dit stel elke gelowige in staat stel om die liggaam van Christus te bedien. Alle groei vind binne die konteks van liefde en waarheid plaas. Die vyandigheid wat vroeër tussen Jode en heidene geheers het is deur die liefde uit die weggeruim, en dit stel die Jode en die heidene nou in staat om die gawes aan te wend om mekaar op te bou en in die proses die liggaam/kerk op te bou (Hoehner, 2008:91).

In Efésiërs 4:15 word die noodsaaklikheid om die waarheid met betrekking tot die gebruik van Facebook, in liefde aan hoërskoolleerders oor te dra as deel van hulle geestelike toerusting. Wanneer die persone wat tot leierskap geroep is, of geestelike volwasse lidmate binne die gemeente, hoërskoolleerders in liefde leer, is die kanse op sukses baie groter as wat die geval sou wees waar daar 'n gebrek aan liefde is.

Wanneer lering wat in liefde gegee word sal dit daartoe bydra dat hoërskoolleerders tot volwassenheid in Christus kan groei.

Efésiërs 4:16-17 praat van hoe die liggaam homself in liefde opbou wanneer elkeen sy funksie binne die liggaam vervul. Liefde is sonder enige twyfel die belangrikste eienskap waaraan die kerk van Jesus Christus herken kan word (Joh. 13:35). Wanneer die geestelike volwasse Christenlidmaat sy verantwoordelikheid teenoor die kerk/liggaam besef, sal hy ook sy funksie in die morele toerusting van hoërskoolleerders vervul, deur hulle ondermeer bewus te maak van die gevare wat in die gebruik van Facebook verskuil lê en die negatiewe boodskappe wat in baie gevalle op Facebook verkondig word. Net soos enige ander lidmaat in die gemeente het hoërskoolleerders ook ’n spesifieke funksie wat hulle in die kerk moet vervul, en om hierdie rede is bemagtiging van hoërskoolleerders met betrekking tot die gebruik van Facebook van die grootste belang omdat dit gesonde groei van die liggaam kan bevorder.

Gesien in die lig dat Facebook (en sosiale media in die geheel) ’n integrale deel van hoërskoolleerders se lewe uitmaak, moet hoërskoolleerders daarop gewys word dat verskille in die siening van die gebruik van Facebook en die kommunikasie op dié sosiale mediaplatform ’n boodskap kan oordra, wat die eenheid en groei in die kerk skade kan berokken. Siende dat eenheid ’n belangrike vereiste in die kerk is, moet al die gelowiges, insluitende hoërskoolleerders, saamwerk om dit te beskerm. Aangesien die vyand skeuring wil bring en hy enige iets sal gebruik om sy doel te bereik, moet hoërskoolleerders daarop gewys word dat die krag en invloed van sosiale media, insluitende Facebook, nooit buite rekening gelaat mag word nie. Omdat die Heilige Gees slegs werksaam is waar daar eenheid tussen die gelowiges bestaan, moet die kerk waaksaam wees vir die vyand alles in sy vermoë doen om verdeeldheid tussen gelowiges te bring. Alle gelowiges het dus ’n verantwoordelikheid om die eenheid binne die kerk ten alle koste te beskerm. Hoërskoolleerders moet begelei word om hulle roeping te ken en waardig die roeping te leef, om hulle gawes te ontdek en om hulle funksie binne die liggaam te vind en te vervul. Om hierdie rede is dit nodig dat hoërskoolleerders proaktief toegerus moet word. Strommen en Hardel (2008:196-236) meen dat hierdie proaktiewe toerusting ’n noodsaaklike rol speel om groei in hoërskoolleerders se geestelike lewens te verseker en dat dit van kardinale belang is dat die waarheid in liefde met hulle gepraat word moet word. Binne die gemeentelike

lewe is dit ook noodsaaklik om ’n jeugsubkultuur te skep omdat dit ’n veilige hawe vir hoërskoolleerders bied, tesame met ’n platform waar hulle moeilike vrae kan vra en oor hulle eie bekommernisse kan gesels (vgl. Gregston, 2012:109). Strommen en Hardel redeneer dat hedendaagse jeug aan ’n kultuur blootgestel is wat baie ooreenstem met dié wat Paulus in Korinthiërs en Efésiërs beskryf. Seksuele immoraliteit en afgodsaanbidding was aan die orde van die dag. Om hierdie rede skryf Paulus aan diegene wat hieraan blootgestel is:

> En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk, onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander. (Ef. 2:1-3) (vgl. Strommen & Hardel, 2008:196).

Selfone bied aan die gebruikers van die toestelle ’n maklike manier om met mekaar te kommunikeer. Die feit dat baie hoërskoolleerders selfone het, stel hulle ook in staat om met hulle selfone toegang tot Facebook te verkry. Die hoeveelheid tyd wat sommige hoërskoolleerders (asook sommige volwassenes) op hulle selfone spandeer en spesifiek op Facebook deurbring wek kommer, omdat dit wys op die toegee aan die begeerlikhede van die vlees. Strommen en Hardel (2008:196-236) se siening dat hedendaagse jeug ondermeer aan ’n kultuur blootgestel is wat baie met dié van die Korinte en Efésiërs ooreenstem, veral met betrekking tot afgodsaanbidding, dra na my mening beslis gewig in ’n tydvak waar vele sosiale mediagebruikers heeltemal te veel tyd op Facebook verkwis en dit is na my mening ’n vorm van afgodsaanbidding. Keller (2013:152) beskryf ’n afgod in terme van Facebook soos volg:

> An idol can be any image used as an object of worship; something or someone that is adored, often blindly and excessively or something visible, but without substance. It’s astounding how so many people, Christians included, get caught up in idol worship. If we consider the definition above, there are so many things or people in this world fit that description… Anything that replaces God in our hearts is an idol and has become

> somewhat of a god to us… Face booking, … when abused become *[a]* time waster which we have allowed to skew our priorities… We were created to worship Him and seek His face… That has to be worth a lot more to us than being glued to Facebook at all hours of the day and night.

Strommen en Hardel (2008:209) is van mening dat die druk wat op hoërskoolleerders uitgeoefen word om ’n sekulêre lewensbeskouing aan te neem, vra dat hulle ’n tyd en ’n plek benodig waar hulle vry is "to examine another perspective - one that centers on God and God’s word”. Met betrekking tot die onderwerp van Facebook en die invloed wat die gebruik van die sosiale mediaplatform op hoërskoolleerders se lewe uitoefen, sal dit goed wees om die waarde van die volgende opmerking van Strommen en Hardel in gedagte te hou:

> Close fellowship is generated where there is a frank exchange of views, when efforts are made to discover what God says about an issue, and when time is taken for praying together for guidance and strength. (Strommen & Hardel, 2008:209).

Strommen en Hardel (2008:211) benadruk die noodsaaklikheid dat hoërskoolleerders by hierdie spesifieke geleenthede die kans gebied moet word om vrae te vra oor die onderwerp van Facebook en dat hulle saam uit die Woord van God kan ontdek wat die Here aan hulle wil sê oor die onderwerp. McMurtry (2012:93-96) verduidelik dat die Bybel as basis vir gesprekvoering tussen kerkleierskap en hoërskoolleerders gebruik moet word wanneer daar oor Facebook (en ander sosiale media) gesels word, ten einde te wete te kom wat God self oor die onderwerp sê. Hy (McMurtry) meen dat die Skrif baie duidelik oor die onderwerp is en dat dit duidelik aan die lig sal bring dat sosiale media ernstige gevare vir gebruikers daarvan inhou. McMurtry maan dat kinders van God "should stop wasting their time, talent, and treasure on things that are empty and worthless” (2012:95) en die smal weg moet bewandel, deur hulleself van die slegte gesprekke op Facebook te weerhou.

In sy samevatting van Efésiërs 4:1-16 beklemtoon Hoehner (2002:578-579) die noodsaaklikheid van toerusting van die gelowige. Verse 1-6 vorm die basis vir die eenheid waartoe Paulus die gelowiges roep, met verse 7-10 wat daarop wys dat elke gelowige ’n gawe van Christus ontvang het. In verse 11-16 verduidelik Paulus hoe die gawes verdeel is. Die gawes (vers 11) word gegee om die heiliges toe te rus met die

oog daarop dat hulle aan wie die gawes toevertrou word, die liggaam van Christus sal opbou (verse 12-13). Die verdeling van die gawes is tweeledig van aard: eerstens, om die gelowige teen valse leringe te beskerm en in die tweede plek, om hulle in staat te stel om tot volwassenheid in Christus te groei (verse 14-15). Paulus se samevatting maak dit duidelik dat elke lid bydra tot die groei van die liggaam. Breed (2015:54) meen dat gemeentes wat nie poog om elke gelowige toe te rus om hulle gawes in diens van andere te gebruik nie, ’n groot fout begaan en dat dit kan lei tot stagnering van ’n gemeente. Om hierdie rede is dit belangrik dat hoërskoolleerders begelei word om hulle gawes te ontdek. Nadat hoërskoolleerders hulle gawes ontdek het, moet hulle spesifiek toegerus en begelei word om die gawes in die praktyk te gebruik. Breed en Kruger (2014:7) beklemtoon die volgende punte met betrekking tot die dienswerk (*diakonia*) van kinders:

- Hoërskoolleerders moet toegerus word "met kennis van die drie-enige God, soos Hy Hom in sy Woord openbaar" (1 Kor. 12:4-6).
- Hoërskoolleerders moet geleer word dat hulle as kinders van God waardig moet wandel "die roeping waarmee" ook hulle geroep is (Ef. 4:1). Diegene wat volgens Efésiërs 4:11 geroep is om die heiliges vir hulle dienswerk toe te rus, moet die hoërskoolleerders leer van die gawes wat aan die kerk gegee is en waarom dit aan die kerk gegee is. Dit is belangrik dat die noodsaaklikheid van die gawes ook aan hoërskoolleerders verduidelik word. Hoërskoolleerders moet deur lering bewus gemaak word dat hulle gawes ook belangrik is vir die opbou van die gemeente.
- Diegene aan wie dit toevertrou is om die heiliges vir hulle dienswerk toe te rus, asook die ander geestelike volwasse lidmate moet die daad by die woord voeg en aan hoërskoolleerders modelleer wat "waardig wandel" binne die Christenlewe behels. Omdat al die gelowiges sekere gawes ontvang het, moet hoërskoolleerders ook op die klemverskuiwing van "almal" in 4:6, na "elkeen" in 4:7 gewys word, sodat hulle kan besef dat dit alle gelowiges binne die gemeente insluit. Hierdie gawes is aan die kerk gegee met die oog op bemagtiging en bediening, dat elkeen, insluitende hoërskoolleerders, hulle rol in die gemeente kan vervul.

- Die wyse waarop hoërskoolleerders binne die gemeente bedien word, moet so geskied dat hulle begryp dat hulle "die bediening van medegelowiges nodig het" (1 Kor. 12:21).
- Sou daar nie ruimte vir hoërskoolleerders geskep word wat "hulle gawes in dienswerk laat oorgaan nie, word die liggaam armer en word die groei van die liggaam gestrem" (Ef. 4:11-16).
- Daar moet 'n doelgerigte toerusting van hoërskoolleerders binne die gemeente wees "om die gawes wat die Heilige Gees aan hulle gee, te ontdek en te gebruik" (Ef. 4:11-16). Om hierdie rede is dit belangrik dat die leierskap van die gemeente doelbewus geleenthede moet skep waar hoërskoolleerders "saam met die gemeente dienswerk kan doen". Sodoende kan hulle verantwoordbaar gehou word om die gawes wat hulle ontvang het, "tot diens van ander te gebruik".
- Deur die nuwe lewenswandel van die gelowige hoërskoolleerders moet hulle nuwe identiteit in Christus gekenmerk word aan sy gehoorsaamheid aan God se opdragte soos dit in die Woord uiteengesit word (Ef. 4:2). Dit beteken dat hulle nie soos ongelowiges moet wandel nie, maar "soos kinders van die lig" (Ef. 5:8).
- Dit is van kardinale belang dat hoërskoolleerders toegerus moet word om die eenheid van die kerk te beskerm deur die toepassing van die lering en gedrag van medegelowiges in die kerk. Hoërskoolleerders moet geleer word hoe om die eenheid binne die gemeente te waardeer en dit te beskerm deur gebruik te maak van die gawes (Ef. 4:3-6).
- Hoërskoolleerders moet toegerus en begelei word om tot volwassenheid in Christus te groei. Dit beteken, dat elkeen in die kerk/gemeente tot volwassenheid moet groei en nie net enkele individue nie. Sodoende word die krag van God wat deur hulle werk, 'n werklikheid vir hulle en dit kan bydra tot die besef dat hulle nie 'n losstaande entiteit is nie, maar deel van die totale gemeente vorm.

Die voorafgaande bestudering van Efésiërs 1:1-4:16 is daarop gemik om riglyne vir die toerusting van hoërskoolleerders te verkry. Die volgende fase van die studie fokus op die bestudering van Efésiërs 4:17-6:24. Hierdie fase van die studie is van besondere belang omdat dit die wyse waarop gelowiges hulle roeping prakties moet

uitleef, beskryf. Daar is ’n sterk oortuiging en verwagting dat besondere riglyne vanuit Efésiërs 4:17-6:24 verkry kan word, vir die toerusting van hoërskoolleerders. Die bespreking van hierdie gedeelte berus op die indeling wat Hoehner (2002:vii, 62, 66-69) van dié gedeelte maak op grond van die voorkoms van die woord "wandel" (sien punt 6.5.2).

6.6 LEEF IN HEILIGHEID (Eksegese van Efésiërs 4:17-4:32)

Hoehner (2008:91-93) verdeel die perikoop in twee dele. Die eerste gedeelte in 4:17-4:19 is ’n negatiewe perspektief, waar die lewe van die ou mens geleef word en waar daar gewys word hoe gelowiges nie moet lewe nie. Dit word gevolg deur die positiewe in 4:20-32 wat die lewe van die wedergebore persoon beskryf en uitlig hoe die gelowige veronderstel is om sy/haar lewe te leef.

6.6.1 Beskrywing van die ou persoon (Eksegese van Efésiërs 4:17-4:19)

Hoehner (2008:92) vestig die aandag daarop dat hierdie gedeelte die tweede van die vyf gedeeltes in die Efésiërsbrief is waar Paulus die woord *"peripateo"* gebruik, wat letterlik vertaal word met "wandel". Dit verwys na die daaglikse lewenswandel soos beskryf in 6.5.2. In elkeen van hierdie gevalle word *"peripateo"* saam met *"oun"* (therefore) gebruik (4:1, 17; 5:1-2, 7-8, 15).

Nadat Paulus in die eerste gedeelte (Ef. 4:1-16) op eenheid gefokus het, beklemtoon hy in hierdie gedeelte die instruksies aan gelowiges oor hoe hulle in heiligheid moet wandel (Hoehner, 2008:92). Mentz (s.a.:43) meen dat Paulus se woorde "betuig ek dan in die Here", op die "groot erns waarmee hy daarop aandring" dat die gelowiges nie soos ongelowiges moet wandel nie. Hierdie pleidooi word "in gemeenskap met die Here" tot die gelowiges gerig. In sy toetrede tot die gesprek vestig Cohick (2010:115) die aandag daarop dat die wandel van die ongelowiges/heidene in direkte teenstelling met die lewenswandel van die gelowiges staan, en dat daar ’n sterk kontras is tussen die heidene wat "in die verdwaasdheid van hulle gemoed wandel" en wie se wysheid nutteloos is, in teenstelling met gelowiges wat van Christus leer en Hom ken. Hoehner (2008:92) is van mening dat die verdwaasdheid *"mataiotes"* die rede is waarom die ongelowige nie sy doelwitte kan bereik nie. In hierdie geval waar daar na die verdwaasdheid van die gemoed verwys word, spreek dit van ’n morele gesindheid of ingesteldheid waar die verstand nie sy doel kan bereik in die ontvangs van God se openbaring nie. Die gevolg hiervan is dat die ongelowige nie behoorlike morele

besluite, wat noodsaaklik is vir sy lewe, neem nie (Rom.1:18-32). Vanweë die geestelike duisternis waarin die ongelowige leef, kan die ongelowige nie die openbaring van God in sy gemoed ontvang nie. Ongelowiges is vanweë hulle onkunde van God vervreem, wat die gevolg is van die verhardheid van hulle harte. Mentz (s.a.:43-44) meen dat "verduisterd is in die verstand", 'n aanduiding van die innerlike toestand van die ongelowige se lewe is en die oorsaak hiervan is gesetel in die feit dat hulle "vervreemd is van die lewe van God". Die oorsaak van hierdie vervreemding is die onkunde waarin hulle leef "vanweë die verharding van hulle hart" (Ef. 4:18). Die gevolg van 'n verharde hart is dat alles wat so 'n mens "dink en wil en doen, sonder liefde is" (Mentz, s.a.:44; vgl. De Klerk, 2001:78-79). Hoehner (2008:92-93) is van mening dat die verhardheid van die ongelowige se hart, hulle onsensitief vir die stem van God maak en dat die onsensitiwiteit daartoe lei dat hulle onkundig is oor God. Hoehner formuleer die gevolge van die onkunde soos volg:

> Their ignorance of God and his will causes their alienation from the life of God, their alienation from God cause them to walk in the futility of the mind. This is in sharp contrast to those who are believers who have been enlightened by God to do his will (2008:92-93).

Die natuurlike uitvloeisel van die ongelowige toestand word in hulle gedrag en optrede tentoongestel, en hulle gebrek aan onderskeiding tussen reg en verkeerd, lei tot ongevoeligheid en onverskilligheid teenoor dit wat moreel korrek is (Hoehner, 2008:93). De Klerk (2001:79) is van mening dat die heidense leefwyse op selfvernietiging uitloop en hulle gedagtes lei tot niks omdat hulle denke oor geen geestelike substansie beskik nie. Morele apatie, onreinheid en hebsug van die ongelowige, is verantwoordelik vir hulle toestand van verdorwenheid en is dit die rede vir hulle selfvernietigende leefwyse (Hoehner, 2008:93). Hulle selfsugtigheid is ook in direkte kontras met die lewe van Christus wat homself as 'n offer vir die sondes van die wêreld aangebied het (vgl. Cohick, 2010:115).

Dit is die taak van diegene wat deur Christus aangestel is (Ef. 4:11-12) om gelowige hoërskoolleerders vanuit die Woord van God te leer wat reg en verkeerd is en te modelleer hoe 'n lewe lyk wat volgens God se wil geleef word, sodat die hoërskoolleerders nie onverskillig sal optree nie. As geroepenes van God moet die apostels, profete, evangeliste, herders en leraars ook die hoërskoolleerders binne die

kerk vir hulle dienswerk toerus. Dit sluit ondermeer in om hoërskoolleerders oor baie van hulle se skynbare onkunde met betrekking tot Facebook en die gebruik van dié sosiale mediaplatform bewus te maak, en hulle ook te wys op die gevare wat dit vir hulle heiligmaking en hulle lewens inhou. Diegene op wie die verantwoordelikheid rus om die heiliges toe te rus, moet dus hoërskoolleerders wat van Facebook gebruik maak, deeglik inlig oor die onderskeid tussen gelowiges en ongelowiges deur uit te wys hoe die lewe van die gelowige verskil van die lewe van die ongelowige soos dit in baie Facebookgebruikers se *"posts," "shares"* en *"likes"* weerspieël word. Gelowige hoërskoolleerders moet begelei en toegerus word om vanuit die Woord van God ingeligte besluite te neem, sodat hulle hul lewens volgens God se wil kan leef. Die keuses wat hulle as gelowige hoërskoolleerders uitoefen, moet die boodskap kommunikeer dat hulle nie meer as ongelowiges wandel nie, maar as kinders van die Lig. Mueller (2006:157) benadruk dat wanneer ons gehoorsaam is en "wandel soos kinders van die lig" (Ef. 5:8), ons nie die lig in ons mag verberg nie, maar dat ons ons lig in die duisternis moet laat skyn. Dit sluit aan by die uitdruklike opdrag van Jesus Christus aan Sy volgelinge (Matt. 5:14-16).

6.6.2 Beskrywing van die wedergebore persoon (Eksegese van Efésiërs 4:20-4:32)

In dié perikoop beskryf Paulus die posisie (4:20-24) en die leefwyse (4:25-32) van die "nuwe mens". God verlos nie net die mens nie, maar Hy stel die vereiste dat die verloste in staat moet wees om sy nuwe leefwyse op 'n eerbare wyse in sy leefwêreld uit te leef. Wat die posisie van die nuwe mens aanbetref, wys Paulus die leser op dit wat hulle vantevore geleer het (4:20-21). Die "nuwe mens" staan nou teenoor die ou losbandige heidense mens (4:17-19). "Teenoor die verduistering en onkunde…staan nou die waarheid wat hulle in Christus leer ken het" (De Klerk, 2001:79). Hoehner (2008:93) vestig die aandag daarop dat die woord "leer" (*manthano*) nie na feitelike kennis oor Christus verwys nie, maar eerder na persoonlike kennis van Hom. Die Christengelowige leer nie net van Christus by die aanhoor van die evangelieboodskap nie, maar dit is 'n voortdurende leerproses terwyl hy die Woord van God bestudeer en bedien word deur diegene van die liggaam wat reeds die gawes ontvang het. De Klerk (2001:80) meen dat daar 'n sterk kontras "tussen die egoïstiese leefwyse wat vrye teuels aan gedagtes, drange en dade gee en die nuwe lewe wat gehoorsaam is aan God se wil" is. Die rede waarom die sonde afgelê moet word, is omdat hulle reeds

nuwe mense in Christus is en nie meer soos heidene kan lewe nie (4:22-24). Omdat die gelowiges aan Christus verbind is en reeds "uit die heidense lewe van die dood na die Christelike lewe van die ewige lewe oorgegaan het", moet daar op 'n deurlopende basis voortgegaan word om met die ou lewe te breek, om innerlik nuut te word en om 'n nuwe lewe te lei (vgl. Cohick, 2010:116; Hoehner, 2008:96; Mentz, s.a.:45).

Dit is van egter van kardinale belang dat die onderrig van hoërskoolleerders nie daarop moet fokus om 'n nuwe stel wette neer te lê waaraan jongmense moet voldoen nie, omdat dit hulle sal ontmoedig om te volhard met die keuse van 'n nuwe lewe. Die toepassing van dit wat hulle leer, moet 'n natuurlike uitvloeisel wees van hulle roeping en nuwe identiteit in Christus. Vanuit hierdie nuwe verhouding met Christus en hulle nuwe identiteit in Hom, strewe hulle dus daarna om die voorskrifte van die Woord in gehoorsaamheid na te kom en sodoende heilig te lewe. Die kennis wat hulle opgedoen het deur die onderrig van diegene wat die heiliges moet toerus, sowel as van die geestelike volwasse gemeentelede, moet hulle tot so mate bemagtig dat hulle hul roeping wil uitleef om die kennis wat hulle van Christus bekom het, toe te pas. Diegene wat vir die toerusting van hoërskoolleerders verantwoordelik is, moet kreatief te werk gaan om die hoërskoolleerders te begelei om hulle identiteit in Christus hulle eie te maak en hulle te help om hulle Christenskap op 'n eerbare wyse uit te leef. In hierdie opsig speel dienswerk 'n belangrike rol.

Hoehner (2008:96) is van mening dat daar onder eksegete verskeie interpretasies van 4:22-24 bestaan, terwyl De Klerk (2001:80) meen dat daar op die daaglikse vernuwing na die beeld van God gefokus moet word. Hierdie vernuwing vind plaas in die gees van die mens, "wat gemeenskap met God beoefen". Die rede waarom hulle as nuwe mense moet lewe, is omdat hulle nuut in Christus herskep is en dit hulle in staat stel om heilig te wees. Deur sy herskepping het die mens die eienskappe van geregtigheid en heiligheid verkry, wat beide eienskappe van God is. Die "nuwe mens" is nou in 'n herstelde verhouding met sy Skepper en dit stel hom in staat om binne hierdie verhouding die wil van God te ken en te doen (De Klerk, 2001:80). Geregtigheid en heiligheid wys op regte optrede of gedrag voor God en mense (Hoehner, 2008:96-97). Hoehner merk op:

> The new person is characterized by righteousness and holiness based on truth, and the resulting attributes will be manifested in many ways, as seen in 4:25-35.

Hoehner (2008:97) wys daarop dat Paulus die Efésiërs aanspreek om nie soos die heidene te leef, wat alle morele sensiwiteit verloor het en hulle aan onreinheid oorgegee het nie (4:17-19), asook om die ou mens af te lê en hulleself met die "nuwe mens" te beklee (4:22-25). Hy (Hoehner) gee ook praktiese wenke waarop die nuwe mens in Christus van dag tot dag behoort te leef. Daar is vyf spesifieke vermanings vir die gelowiges. Met die uitsondering van een van hierdie vermanings, bestaan elkeen uit drie dele: (1) 'n negatiewe opdrag, (2) 'n positiewe opdrag, en (3) die rede vir die positiewe opdrag. In die tweede vermaning is die eerste twee dele omgeruil. Daar word nou na die vyf vermanings gekyk.

Vermaning nommer een waarsku teen die leuen en moedig gelowiges aan om die waarheid met mekaar te praat (4:25). Dit behoort 'n natuurlike uitvloeisel van die "nuwe mens" se leefwyse te wees wat op geregtigheid en heiligheid gebaseer is (4:24) (Hoehner; 2008:97). De Klerk (2001:83) is van mening dat hierdie gedeelte verhoudinge aanspreek, "daarom omarm die 'mekaar' die hele gedeelte". In 4:25 begin dit met "waarheid onder mekaar" en in 4:32 eindig dit met 'n dubbele "mekaar". Sou die boodskap van sekere gebruikers van Facebook ander gebruikers aanmoedig of probeer beïnvloed om leuens te verkondig, moet die gelowige hoërskoolleerders vanuit hulle verhouding met Christus en hulle nuwe identiteit in Hom, nie aan hierdie boodskap toegee nie.

Die tweede vermaning vestig die aandag daarop dat gelowiges met tye rede het om "toornig" te word, maar hulle word in dieselfde teksvers aangesê om nie in hulle toorn te sondig nie (4:26-27). Wanneer die gelowige kwaad word, moet dit nie aanleiding tot sonde gee nie, "such as when it develops into a prolonged irritation, allowing the devil to gain an inroad into the life of the believer" (Hoehner, 2008:97). Paulus stel dit duidelik dat geen gelowige oornag skuiling aan woede mag bied nie (Hoehner, 2008:97). Die volgende opmerking van Hoehner (2008:97-98) moet ernstig deur gelowiges opgeneem word:

> Prolonged anger gives opportunity to the devil to twist and distort truth, causing anger to mount and possibly resulting in dissension and revenge.

Toorn op sig self is dus nie sonde nie, want God word ook toornig, soos gesien by die Vader en by Jesus Christus (Num. 22:22; 2 Sam. 6:7; Joh. 2:15-16). God se toorn is egter iets waarvan Hy altyd in beheer is. In teenstelling hiermee is daar ŉ geneigdheid by die mens om deur sy toorn beheer te word. Vandaar die rede dat die gelowige ernstig daarteen te waak om nie in sy toorn te sondig nie. As iemand binne die liggaam te na gekom sou word, mag hyself kwaad word, maar hy mag nie deur daardie toorn verteer word nie. Gelowiges moet daarteen waak om nie die kwaad-wees te vertroetel nie, en hulle mag ook nie ŉ dag in toorn afsluit nie (Hoehner, 2008:98; vgl. De Klerk, 2001:83; Mentz, s.a.:48).

Die eerste bewys van wedergeboorte is dat daar ŉ radikale verandering in die wedergeborene se lewe waargeneem kan word. Dit is om hierdie rede dat Paulus kon skryf dat dit nie meer hy is wat lewe nie, maar Christus wat in hom lewe (Gal. 2:22). Die wedergebore persoon lewe dus op so ŉ wyse dat Christus deur sy lewe verheerlik word. Die herstelde verhouding waarin die gelowige met God leef en wat hom in staat stel om die wil van God te ken, stel ook gelowige hoërskoolleerders in staat om te weet wat die wil van God vir hulle totale lewe behels. Dit geld ook vir alle boodskappe wat deur gebruikers van Facebook gekommunikeer word. In die geval van hoërskoolleerders wat graag tyd aan Facebook spandeer, is dit baie waarskynlik dat hulle kwaad kan word wanneer die gevare van Facebook en die gebruik van die sosiale mediaplatform uitgewys word. Dit is juis hier waar die pastor/jeugpastor die hoërskoolleerders op so ŉ wyse moet begelei, dat indien hulle kwaad word, die Woord van God as verwysing gebruik sal word dat hulle nie in hulle toorn moet sondig nie. Hoërskoolleerders moet ook gewys word op die gevare wat slegte gesprekke vir hulle geestelike groei inhou. Hulle moet ook die negatiewe boodskappe wat op Facebook voorkom in die lig van hierdie verse leer afkeur. Van die verse wat kerkleierskap effektief kan aanwend is, Psalm 37:8; Spreuke 13:20; 14:29; 15:18; 16:32; 22:24-25; 25:28; Prediker 7:9; Matthues 5:22; Romeine 12:19-21; Efésiërs 4:26-27; 31; Jakobus 1:19-20; 3:14-18 (vgl. McMurtry, 2012:18-90).

In die derde vermaning word die gelowige aangespreek om homself nie aan diefstal skuldig te maak nie, maar dat hy moet arbei deur met sy hande te werk, sodat hy in

staat kan wees om vir die behoeftige uit sy verdienste te kan gee (4:28). Waar die dief steel vir sy eie gewin, moet gelowiges deur hulle handearbeid hul inkomste verdien, sodat hulle daaruit ook iets kan hê om met behoeftiges te deel. Diefstal is 'n karaktertrek wat na die ou mens verwys. Aan die ander kant is handearbeid 'n heenwyse is na die nuwe mens. Waar die nuwe mens op 'n eerlike wyse sy verdienste ontvang, moet hy dit tot voordeel van die gemeenskap van gelowiges aanwend (Hoehner, 2008:98). Die gelowige leef dus met die versekering dat God vir hom sorg en in al sy behoeftes voorsien. Om hierdie rede vrees die gelowige nie vir enige tekorte nie en daarom wend hy homself nie tot diefstal nie. In sommige gevalle is Facebook 'n platform wat met diefstal geassosieer word. Dit word waargeneem in gevalle waar *"hackers"* op Facebook ander Facebookgebruikers se Facebookprofiel steel, met die doel om die slagoffer se persoonlike beeld skade te doen. Die toenemende aantal Faceboekprofiele wat ge-*"hack"* word gee aanleiding tot 'n kultuur van "ek vat wat ek wil hê, met die doel om jou leed aan te doen", en dit moet deur toerusting by hoërskoolleerders teengewerk word.

Die vierde vermaning vestig die aandag op taalgebruik (4:29-30). Ook hier word die negatiewe opdrag eerste gegee waar die gelowige aangesê word om geen vuil taal *"sapros"* te gebruik nie, maar om eerder woorde wat goed, stigtend en opbouend is, te spreek. In vers 28 is die fisiese behoeftes van die gelowiges aangespreek, terwyl vers 29 die geestelike behoeftes aanspreek. Vuil en skandelike taal is afbrekend van aard, terwyl goeie woorde opbouend en stigtend is. Wanneer die gelowige goeie woorde gebruik, lei dit daartoe dat die luisteraar altyd gestig en opgebou word (Hoehner, 2008:98). Op sy beurt vestig Mentz (s.a.:49) die aandag daarop dat die gelowige se taalgebruik 'n duidelike aanduiding sal wees dat hy 'n nuwe mens geword het. Renner (2016:497-498) verduidelik dat skandelike taal in ooreenstemming met die Skrif in die geheel afgelê moet word. Hy (Renner) gee die volgende insiggewende beskrywing:

> The phrase "put off" is the Greek word *apotithemi,* a compound of the words *apo* and *tithemi.* The word *apo* means *away,* and the word *tithemi* means *to place or to lay something down.* When the two words are compounded, the new word gives the picture of someone who is *laying something down* while at the same time pushing it *far away* from himself. It means *to lay*

> *something down and to push it far away and beyond reach.* Thus, the word describes removal of something and putting so much distance between you and that old thing that you cannot easily reach out to pick it up again… We must deliberately decide to change – *to remove, to lay aside,* and *to put away* attitudes and actions that don't please God and adversely affect our walk of faith or that have become out of line with what God is presently doing in our lives. We must choose to put so much space between us and those old things that retrieval is too painful – we'll never reach back to put them back in our "closet" or to wear them again (2016:497-498).

Hoehner (2008:98), Cohick (2010:118), De Klerk (2001:84) en Mentz (s.a.:49) is dit eens dat gelowiges nie stilswygend deur die wêreld mag gaan nie, en waar daar 'n behoefte aan woorde is wat stigtend en opbouend is, moet gelowiges deur hulle spraak na vore tree. Paulus gaan verder deur daarop te wys dat die Heilige Gees, deur wie die gelowiges verseël is tot op die dag van verlossing, deur vuil taal bedroef word (vgl. Osborne, 2017).

Dit is noodsaaklik dat die pastor/jeugpastor die hoërskoolleerders se aandag daarop vestig dat sommige van die gebruikers van Facebook met wie hulle bevriend mag wees en wie se boodskappe hulle lees en videos en foto's waarna hulle kyk, oor vuil- en skandelike taal kan beskik en dat dit geensins opbouend van aard is nie. Die voortdurende blootstelling aan skandelike taalgebruik wat deur sommige Facebookgebruikers gebruik word, kan na alle waarskynlikheid daartoe aanleiding gee dat diegene wat daaraan blootgestel word, negatief daardeur beïnvloed sal word. Die moontlikheid is groot dat persone wat aan voortdurend aan skandelike taalgebruik blootgestel word, self later so kan begin praat. Wanneer die luisteraar dan self so begin praat, sal dit gewis ook 'n destruktiewe uitwerking op diegene hê wat deel van daardie bepaalde vriendekring is. Paulus maan ook in 1 Korinthiërs 15:33 dat slegte gesprekke goeie sedes bederf. Omdat gelowige hoërskoolleerders vanuit hulle verhouding met Christus leef en hulle deur die Heilige Gees laat lei, behoort hulle vanweë hulle oortuigings en die toerusting wat hulle ontvang het, nie toe te gee aan die versoeking om deel van sulke gesprekke op Facebook te word nie.

Vyfdens word gelowiges teen kwaadwilligheid gewaarsku en ook aangemoedig om mekaar op te bou (4:31-32). Weereens word die negatiewe vermaning eerste gegee

(4:31), gevolg deur die positiewe (4:32). Paulus vermaan die gelowige om vyf spesifieke euwels neer te lê, op grond van die ou mens wat afgelê is (4:22). Hierdie vyf euwels is: bitterheid *"pikria",* woede *"thumos",* toorn *"orgē"*, geskreeu *"kraugē"* en lastering *"blasphēmia"*. Osborne (2017) vestig die aandag daarop dat daar 'n toenemende intensiteit in die volgorde van hierdie vyf euwels is. "The descent into the maelstrom of hatred begins with 'bitterness,' a term that denotes growing resentment as our hurt hardens into a settled animosity directed against the other person. This is followed by 'rage and anger' two terms *(thymos kai orgē)* that are usually synonymous in both the Old and New Testaments. Their presence together here emphasizes the deep rage that results when we give vent to our hurt and allow it to fester" (Osborne, 2017). Volgens Hoehner (2008:98) verwys die woord "bitterheid" na 'n spesifieke gesindheid, terwyl "woede" en "toorn" 'n bepaalde ingesteldheid aanspreek. Laasgenoemde twee woorde, "geskreeu" en "lastering" verwys na spesifieke vorme van spraak. In vers 31 sluit Paulus af met die allesomvattende frase, "saam met alle boosheid" wat direk teenoor morele voortreflikheid staan. In vers 32 volg daar drie positiewe opdragte. Die eerste handel oor "vriendelikheid" wat gepas, aangenaam en goed is. In die tweede plek word ons daarop gewys om "vol ontferming" te wees. Die saamgestelde naamwoord *"eusplanchnos"* wat net hier en in 1 Petrus 3:8 gebruik word, kom van die woord *"splanchron"* wat na die innerlike emosies van liefde, goedgesindheid en toegeneentheid verwys, en waarvan deernis 'n uitvloeisel is (vgl. 2 Kor. 6:12; 7:15; Fil. 1:8; 2:1; Kol. 3:12; 1 Joh. 3:17). Dit staan direk teenoor ongevoeligheid, ondeug en emosionaliteit. Laastens is daar die opdrag om mekaar te vergewe. Paulus moedig gelowiges aan om genade aan mekaar te betoon omdat genade teenoor bitterheid, woede, toorn, geskreeu en lastering staan. As gelowiges moet ons mekaar genadig wees, net soos God ons in Christus genadig is (Hoehner; 2008:99; vgl. De Klerk, 2001:84-85; Mentz, s.a.:49-50).

Kerkleierskap en geestelike volwasse lidmate van die gemeente het ook die verantwoordelikheid om hoërskoolleerders aan te moedig om mekaar op te bou. Daar moet voortdurend en doelbewus aan 'n gees van opbouende betrokkenheid by mekaar in die gemeente gewerk word. Hoërskoolleerders moet daarvan bewus gemaak word dat die voortdurende blootstelling aan Facebook en die negatiewe boodskappe wat op dié sosiale mediaplatform gedeel word, meer as net een negatiewe boodskap oordra. Die moontlikheid is ook groot dat die voortdurende blootstelling aan negatiewe

boodskappe daartoe sal lei dat die negatiewe boodskap uiteindelik uitgeleef word. Waar dit die geval is sal dit vir hoërskoolleerders moeilik wees om mekaar te bemoedig en op te bou. Paulus begelei in hierdie perikoop gelowiges om meer en meer te word wat hulle in Christus is. Hy kontrasteer die vorige lewenswyse met die nuwe lewenswyse en moedig die gelowiges aan om die nuwe lewenswyse meer en meer deel van hulle daaglikse lewe te maak. Dit vra dat hoërskoolleerders ŉ doelbewuste besluit sal neem om met sekere dinge in hulle lewe te breek en dit te vervang met dinge wat positief en opbouend is. Om hierdie oorgang te maak moet hulle gees en gedagtes nuut word.

Hoërskoolleerders moet dus nie net op die gevare van Facebook gewys word nie, maar moet ook deur effektiewe toerusting begelei word om sekere keuses vir die nuwe lewenswyse te maak. Dit beteken dat hulle doelbewus met die ou lewenswyse moet breek en daarna moet streef om met volharding nuut te lewe. Om dit te vermag, verg dat hulle nuut oor dié dinge wat hulle lewens raak sal begin dink.

Die gemeente moet dus die hoërskoolleerders begelei om die kontras raak te sien en ŉ keuse uit te oefen, maar hulle moet ook toegerus word om Facebook te beoordeel. Dit impliseer dat diegene wat vir die toerusting van hoërskoolleerders verantwoordelik is, saam met hulle op Facebook sal wees en kyk waarna hulle kyk en lees wat hulle lees, en ook beoordeel of dit bydra tot die nuwe lewenswyse en of dit aftrek na die ou lewenswyse. Hoërskoolleerders moet dus begelei word om doelbewus die negatiewe boodskappe wat op Facebook voorkom, af te wys, en doelbewus kies om hulle aan God se voorskrifte vir ŉ heilige lewenswyse te onderwerp omdat hulle glo dat hulle dan die ware vrede en vreugde van die nuwe lewenswyse in Christus sal ervaar.

6.7 VOORTSETTING VAN DIE VERMANINGS (Eksegese van Efésiërs 5:1-21)

Hierdie perikoop word in drie dele verdeel, naamlik 5:1-6 wat daarop fokus dat gelowiges navolgers van God moet wees; 5:7-14 wat fokus op die kerk wat soos nuwe mense leef en 5:15-21 wat fokus op voorskrifte hoe die gelowige veronderstel is om te wandel.

6.7.1 Lewe in liefde (Eksegese van Efésiërs 5:1-6) (Hoehner, 2008:99)

In 5:1 gebruik Paulus vir die derde keer die woord *"peripateō",* met verwysing na die Christengelowige se lewenswandel. In hierdie geval word die gelowiges beveel om navolgers van God te wees en in navolging van Hom, moet hulle lewens deur 'n wandel in liefde gekenmerk word (Hoehner, 2008:100). "Hulle moet wys dat hulle kinders van God is, verlos, bestraal deur sy liefde" (Mentz, s.a.:51). Om hierdie rede moet gelowiges se gees en gedagtes daagliks vernuwe word sodat hulle toenemend meer kan word wat Christus in hulle is (De Klerk, 2001:87).

Hoehner (2008:100) wys daarop dat hierdie gedeelte weer in twee verdeel word: die positiewe, wandel in liefde (5:1-2) en die negatiewe, weerhouding van die bose (5:3-6). In 5:1-2 word die gelowiges aangemoedig om in die ware sin van die woord, soos geliefde kinders, navolgers van God te wees en om in die liefde te wandel. Hierdie lewenswandel van liefde verwys ook na die liefde wat Christus van sy dissipels teenoor mekaar verwag (Joh. 13:34-35; 15:12, 17). Christus is die kerk se rolmodel wat uit liefde Sy lewe vir ons afgelê het. De Klerk (2001:88) beweer dat die nuwe mensheid en die kerk, nou die opdrag het om in liefde te lewe en dat ons nuwe lewe in alle opsigte binne die raamwerk van liefde moet geskied. Mentz (s.a.:51) beklemtoon dat hierdie liefde, soos die liefde van Christus, 'n selfopofferende liefde moet wees. Hy het Homself as offer aan God gewy, wat 'n aangename geur vir God was. Wanneer die gelowiges mekaar liefhet met die liefde van Jesus, is dit ook 'n aangename geur vir God (2 Kor. 2:14-16; Kol. 1:6; 23) (Hoehner, 2008:100-101; vgl. Mentz, s.a.:51).

Hoehner (2008:101) vestig die aandag daarop dat Paulus die gelowiges in 5:3-4 daarop wys dat hulle alle onreinheid moet vermy en dat die ongelowige leefwyse direk teenoor die lewe wat in liefde geleef word, staan. So ook staan selfgesentreerdheid in gedrag en spraak in 5:3-4 in kontras met die selfopofferende liefde waarvan in 5:1-2 gepraat word. In die lig hiervan word gelowiges daarvan bewus gemaak om in geen opsig deel aan enige seksuele immorele dade te hê nie. Deur gebruik te maak van die woord *"porneia"* (hoerery) wys Paulus die gelowiges daarop dat hulle hulself van buite-egtelike en seksuele verhoudings moet weerhou (Matt. 5:32; Joh. 8:41; Hand. 15:20, 29; 21:25; 1 Kor. 7:2), asook van bloedskande (1 Kor. 5:1) en allerhande ander onreinhede. De Klerk (2001:89) benadruk dat die lewe in liefde bedreig en verdring kan word deur verkeerde invloede vanuit die heidense omgewing. So is daar vele

mense wat die begrip van liefde misbruik om ongeoorloofde seksuele dade te pleeg. Siende dat ouers in die empiriese fase van die navorsing veral hulle kommer oor pornografie en die vrylike beskikbaarheid daarvan op die internet uitgespreek het, moet kerkleierskap en geestelike volwasse lidmate van die gemeente hoërskoolleerders deegli oor die gevare van pornografie as ’n vorm van seksuele losbandigheid inlig. Hoërskoolleerders se aandag moet daarop gevestig word dat seksuele losbandigheid nie net na die fisiese seksuele daad buite die huwelik verwys nie, maar ook na dit waaraan gedink en waarna gekyk word. Omdat hoërskoolleerders in ’n stadium van seksuele ontwaking is is die moontlikheid groot dat hulle versoek sal word om na pornografie te kyk. Wanneer hoërskoolleerders na pornografie kyk, word daar in die proses ’n verwronge beeld van die seksuele in die geheel gevorm en die vestiging van so ’n verwronge beeld sal na alle waarskynlikheid tot ’n ongesonde, negatiewe en afbrekende sekslewe binne die huwelik lei. Hoërskoolleerders moet vanuit die Bybel geleer word om nie na enige vorm van pornografie te kyk nie (Ps. 101:3), omdat dit die lig in hulle lewe sal verduister (Matt. 6:22-23; Luk. 11:34-36). Hoehner (2008:101) verskuif dan die klem na die ander punte wat deur Paulus aangespreek word, naamlik hebsug in 5:3 (vgl. 1 Kor. 5:10-11) wat na selfsugtigheid verwys. De Klerk (2001:89) is van mening da hierdie hebsug *"pleonexia"* na gierigheid verwys, "in die sin van seksuele losbandigheid…wat ’n ander se liggaam wil misbruik ter wille van selfgesentreerde en gierige drange”. Hierdie hebsug (gierigheid) verwys ook na "die teenoorgestelde van opoffer en weggee van jouself en jou besittings, omdat dit ’n gejaag is na selfverryking ten koste van ander”. Hebsug is iets wat selfs nie eers onder die gelowiges genoem word nie (vgl. Hoehner, 2008:101; Mentz, s.a.:51). Dit wys op ’n benadering tot die lewe wat as eksistensialisme bekend staan. In die geval van eksistensialisme word daar sterk op die bestaan van die individu in die hier en nou gefokus en in baie gevalle word verhoudings uitsluitlik gesien in terme van die nut en voordeel wat dit vir die *ek* inhou.

Dit is van kardinale belang dat hoërskoolleerders geleer word dat hulle verhouding met God gekenmerk moet word deur liefde vir God. Hierdie liefde vir God vind uiting in gehoorsaamheid aan Sy wil en Woord. Soos Christus gekom het om die wil van sy Vader te doen, moet ons Sy navolgers wees en lewe volgens die wil van die Vader (Joh. 4:34; 6:38). Omdat hoërskoolleerders boodskappe op Facebook lees en luister luister, wat in sommige gevalle seksuele losbandigheid promoveer, moet

Christenjongmense bewus gemaak word van die feit dat God se Woord die wedergebore kind verbied om seksueel losbandig te wees en om ’n afkeur te hê van die dinge waardeur hulle hul liggame, wat tempels van die Heilige Gees is, kan besoedel (1 Kor. 6:15-20; Gen. 39:12-18; Spr. 5:3-15; 6:24-32; Rom. 6:12-13; 2 Tim. 2:22; Heb. 13:4; 1 Pet. 2:11). Om op seksuele gebied ander mense te misbruik om jou eie begeertes te bevredig, is ’n vorm van hebsug, wat deel vorm van die dade van die duisternis. Gelowige hoërskoolleerders moet daarop gewys word dat Efésiërs 5:11 ’n duidelike boodskap oordra om geen gemeenskap met die onvrugbare werke van duisternis te hê nie. Dit beteken ondermeer dat gelowiges ’n totale afkeur sal hê aan die negatiewe boodskappe wat deur sommige Facebookgebruikers gekommunikeer word.

Hoehner (2008:101) vestig die aandag daarop dat "gemeenheid" *(aischrotēs)* in 5:4 van toepassing is op spraak sowel as gedrag en dat dit dui op iets wat skandelik en gemeen is. Die tweede uitdrukking *"mōrologia"* word vertaal met dwase praatjies. Dit wys direk op nuttelose gesprekke wat afbreuk doen aan die geloof en geensins tot sinvolle en opbouende gesprekvoering bydra nie. Die uitdrukking *"eutrapelia"* word vertaal met lawwe praatjies, wat dui op ’n geskerts wat te ver gegaan het en waar daar ’n bespotting gemaak word van diegene wat teenwoordig is. Dit is humor in swak smaak ten koste van iemand anders en is in direkte teenstelling met Paulus se opdrag in 4:29 dat Christengelowiges mekaar moet stig. Hierdie soort onvanpaste spraak hoort nie in die lewe van wedergebore kinders van God nie. Verder staan dit in teenstelling met danksegging wat aan God gebring word vir die verlossing van sondes en die gawes wat Hy aan die kerk gegee het. Paulus brei verder uit op die feit dat gelowiges hulleself van gemene dade moet weerhou. Hy benadruk die feit dat diegene wat immoreel, onrein en gierig is, nie die Koninkryk van Christus en God sal beërwe nie. Hierdie is dieselfde drie euwels waarna Paulus in 5:3 verwys. By hierdie geleentheid in 5:5 voer hy dit egter verder en hy meld dat die gierigaard ’n afgodedienaar (vgl. De Klerk, 2001:89-90; Mentz, s.a.:52).

Na my mening bestaan daar min of geen twyfel dat Facebook as ’n sosiale mediaplatform effektief aangewend kan word om bepaalde boodskappe oor te dra, hetsy positief of negatief. Sommige boodskappe is baie negatief van aard, soos reeds vermeld in 1.2 asook 3.2.3.1 tot en met 3.2.3.13. Vanweë die negatiewe boodskappe wat deur Facebook oorgedra word, het die pastor/jeugpastor ’n groot taak en

verantwoordelikheid om hoërskoolleerders daarvan bewus te maak dat die Woord ons leer dat hoerery, allerhande onreinheid of hebsug (Ef. 5:3) selfs nie onder die heiliges genoem mag word nie. Hoërskoolleerders moet in liefde en onder die leiding van die Heilige Gees die waarheid van God se Woord geleer word, deur diegene aan wie die Here die verantwoordelikheid opgelê is. Dit beteken dat die Skrifte vir hulle oopgebreek moet word, sodat hulle die inhoud daarvan ter harte kan neem. Hoërskoolleerders moet daarop gewys word dat Efésiërs 5:6 ons waarsku om nie deur die ydele woorde van mense verlei te word nie. Ek is van mening dat baie van die boodskappe wat hoërskoolleerders op Facebook lees, luister, *"like"* en *"share",* met ydele woorde gevul is en dat die woorde as sulks 'n uiters negatiewe boodskap oordra. Die gevolg hiervan is dat hierdie ydele woorde 'n negatiewe uitwerking op die vorming van die jongmens uitoefen.

Dit is belangrik dat hoërskoolleerders begelei word om te verstaan dat die doel van hul lewens 'n positief van aard is en dat hulle alles in die stryd moet werp om daardie doel te vervul. Hierdie doel beteken dat gelowiges in alle opsigte navolgers van God sal wees en in die liefde van Christus sal wandel sodat hul lewens as offer aan God gegee word. Hoërskoolleerders moet dan die boodskappe wat op Facebook gedeel word, leer beoordeel met die vraag of dit hulle help om hierdie doel te bereik en of dit hulle eerder wegtrek van hierdie doel. Om bepaalde boodskappe op Facebook te vermy moet dus 'n keuse wees wat hulleself uit oortuiging maak en wat nie op hulle afgedwing word nie. Die sekuriteitstellings wat Facebook aan gebruikers bied, stel hulle ook in staat om diegene wat voortdurend onvanpaste boodskappe deel, te *"block"* of te *"unfollow".*[152]

6.7.2 Lewe in die Lig (Eksegese van Efésiërs 5:7-5:14)

Hoehner (2008:103-104) vestig die aandag daarop dat hierdie gedeelte die vierde van vyf plekke is waar Paulus die woord *"peripateō"* gebruik en dat hierdie gedeelte in drie dele of mandate verdeel is, naamlik: (1) moenie betrokke raak met kwaaddoeners nie (5:7-10); (2) moenie betrokke raak by die werke van kwaaddoeners nie (5:11-13); en (3) verkry die goedkeuring van Christus en laat Sy lig oor jou skyn. Gesien in die lig

[152] Crookes (2017) bied 'n volledige uiteenseting van die stappe wat Facebookgebruikers kan volg om hulleself teen spesifieke mense te beskerm op Facebook en diegene te verhinder om enige interaksie met jou te hê.

van die komende wraak van God oor diegene wat Hom ongehoorsaam is, moet die gelowiges nie deel wees van die kwaaddoeners nie (5:7). Die woord *"summetochos"* (deelgenote) dui op iemand wat 'n vennoot of 'n medepligtige in 'n sameswering is. In die konteks van 5:7 verwys dit nie na die deelname aan sonde nie, maar spesifiek na die sondaars na wie daar in 5:3-6 verwys is en wat die objekte van God se wraak is. Siende dat die gelowiges gemeenskap met God en die heiliges het, is hulle nie deelgenote van die kwaaddoeners nie. Dit verhoed egter nie die gelowiges om kontak met ongelowiges te hê nie, maar dit verhinder hulle om deel te hê in hulle sondige leefwyse (vgl. Mueller, 2006:157). Hoehner (2008:104) fokus die aandag op die gebruik van die woord *"gar"* (want) waarmee vers 8 begin, wat aandui dat die rede hiervoor is dat Christene veranderde mense is wat nie meer in die duister is nie, maar in die lig van die Here (5:8a). Duisternis *("skotos")* dui op die realm en krag van die sonde waarin hulle vasgevang was voordat hulle die evangelie gehoor en geglo het, terwyl *"phōs"* (lig) wys op hulle status as nuwe mense wat Sy maaksel is (2:10), vandaar, "lig in die Here" (5:8). Mentz (s.a.:53) beskryf die duisternis as "'n toestand sonder kennis van God en van sy heil in Christus", terwyl lig vir ware kennis staan, en "kennis bring heiligheid en heiligheid bring vreugde". Omdat die gelowige nou "lig in die Here" is, beteken dit dat hy van sy sonde skuld verlos is en onthef is van die vloek en toorn, en dat hy nou 'n hoop het van die ewige, onverganklike erfenis en saligheid. Om hierdie rede móét die gelowiges soos kinders van die lig wandel. De Klerk (2001:93) sê die gelowige se gedagtes, woorde en gedrag moet in ooreenstemming wees met ons "nuwe identiteit as lig".

In 5:9 word die kwaliteite van die kinders van die lig vermeld. Ook hierdie geval begin die vers met *"gar"* (want) om te verduidelik watter drie spesifieke dinge karaktertrekke van lig is. Eerstens *"agathōsunē"* (goedheid), wat daarop wys om goed te doen aan ander mense en om vrygewig te wees. In die tweede plek *"dikaiosunē"* wat normaalweg met geregtigheid vertaal word. In hierdie konteks is die moontlikheid groot dat dit op regverdige optrede dui (Hoehner, 2008:104.) Mentz (s.a.:54) meen dat geregtigheid ook wys na 'n "wandel in die vrees van die Here en in die weë van sy woord". Die derde woord *"alētheia"* (waarheid), dui op realiteit of die teenoorgestelde van dit wat vals is (vgl. 4:21, 24-25). In die konteks van 4:9 wys dit op die regte optrede of leefwyse, in teenstelling met 'n vals lewe (Hoehner, 2008:104). Mentz (s.a.:54) meen dat waarheid beteken dat gelowiges se woorde in ooreenstemming is met hulle

gedagtes, en hulle dade ooreenstem met hulle woorde. Die gelowige "wandel in die waarheid, wat sê wat hy dink en wat doen wat hy sê" (Mentz, s.a.:54). Mentz wys daarop dat die waarheid in hierdie vers (Ef. 5:9) ook na godsdienstige en morele waarheid verwys. Die lig in die lewe van die gelowige is iets wat te alle tye raakgesien moet word, omdat lig wat verberg word, geen waarde het nie (Matt. 5.14-16).

Paulus stel dit baie duidelik dat gelowiges in geen opsig by enige van die kwaaddoeners se onvrugbare werke betrokke mag raak nie. Daarna volg hy dit op met 'n opdrag dat gelowiges die bose werke moet bestraf (5:11). Om hierdie rede moet hoërskoolleerders ook toegerus word om hulleself teenoor ander mense te kan verantwoord. Die rede waarom die gelowiges nie by die werke van die kwaaddoeners betrokke moet raak nie, is omdat dit te skandelikheid is om te noem (5:12-13). Gelowiges moet hulle nie net van die kwaaddoeners weerhou nie (5:7-10), maar hulle mag ook nie by hulle werke betrokke raak nie (5:11-13) omdat die oorsprong van dié werke die duisternis is. In 5:8 mag die gelowiges nie deel aan die kwaaddoeners hê nie, terwyl hulle in 5:11 aangesê word om nie aan die werke van duisternis deel te hê nie (Hoehner, 2008:105). Mentz (s.a.:54-55) vestig die aandag daarop dat die werke van duisternis in stryd met die wil van God staan en daarom mag die gelowige homself in geen opsig daarmee vereenselwig nie. Dit is nie voldoende dat hy geen gemeenskap met die werke het nie, maar hy moet homself teen alle verke van die duisternis verset. Die gelowige moet dit wat verkeerd en sondig is, wat sy oorsprong in duisternis het, ten alle koste vermy en bestraf. Volgens Renner (2003:371) beteken dit nie dat die duisternis nie sal poog om die lig te oorkom nie, maar dat alle pogings onsuksesvol sal wees omdat die lig van God altyd die duisternis sal oorheers. Daar bestaan dus geen vorm van duisternis wat oor die krag of vermoë beskik om God se lig te oorweldig nie. As gevolg van hierdie gedeelte haal Paulus 'n lied aan wat 'n oproep tot mense is om wakker te word vanuit die slaap, "en op te staan uit die dood" (De Klerk, 2001:94). Daar is eenstemmigheid tussen Hoehner (2008:106) en De Klerk (2001:94) dat dit 'n saamgevoegde aanhaling uit Jesaja 26:19 en Jesaja 60:1-2 is. Hoehner meen egter dat die moontlikheid bestaan dat dit 'n lied is wat mense aanmoedig tot bekering, of dat dit 'n aanmoedigingslied is. Op sy beurt meen De Klerk dat dit waarskynlik 'n ou Paaslied is of 'n lied by die doop. De Klerk (2001:94-95) deel die siening van Mentz (s.a.:54-55) dat slaap in 5:14 verwys na 'n geestelike doodstaat en dat dit 'n oproep op die mens is om uit die dood wakker te word en op te staan.

Hoërskoolleerders moet geleer word dat ’n lewe wat in die lig van Jesus Christus gelewe word, ’n lewe is waar daar nie aan enige van die werke van kwaaddoeners toegegee word nie. Dit beteken noodwendig dat gelowige hoërskoolleerders nie medepligtig moet wees aan die lees van, luister na en *“share”* van enige negatiewe boodskappe wat op Facebook kommunikeer word nie. Hulle moet besef dat daar Facebookgebruikers is wat doelbewus ’n destruktiewe en skadelike boodskap uitdra, en dat Christengelowiges nie deel daaraan mag hê nie. Om enige boodskap van duisternis te lees, of daarna te luister, of dit met vriende op Facebook te deel, druis in teen hulle identiteit as kinders van die lig. Vanuit die Christengelowige se verhouding met God en sy betrokkenheid by die heiliges wat deel van die liggaam van Christus is, strewe hy daarna om deur sy handel en wandel die liggaam van Christus op te bou. ’n Verdere deel van die toerusting van hoërskoolleerders wat baie belangrik is, is dat hulle geleer moet word om hulleself teenoor andere te kan verantwoord en negatiewe en skadelike boodskappe wat op Facebook gedeel word, apologeties te ontmasker.

6.7.3 ’n Wyse lewenswandel onder leiding van die Heilige Gees (Eksegese van Efésiërs 5:15-5:21)

Hierdie is die laaste van die vyf dele waar *“peripateō”* (wandel, 4:1, 17; 5:1-2, 7-8, 15) gebruik word. Op die basis van die leerstellige fondasie wat in hoofstukke 1-3 gelê is, beveel Paulus dat die gelowiges in eenheid moet wandel (4:1-16); heilig moet wees (4:17-32); in liefde moet leef (5:1-6); in die lig moet wandel (5:7-14); en in die laaste plek word hulle beveel om in wysheid te wandel (5:15-6:9). Hierdie laaste gedeelte kan weer in twee dele verdeel word, naamlik die vermaning (5:15-21) en die toepassing (5:22-6:9) (Hoehner, 2008:107). Wat die toepassing aanbetref sal daar in hierdie studie nie aandag gegee word aan 5:22-33 en 6:5-9 nie, omdat dit buite die veld van die navorsingsonderwerp val. Die gedeelte in 6:1-4 sal wel in oënskou geneem word.

By vergelyking van Hoehner (2008:107) en Roberts (1990:156) word die gelowige in hierdie gedeelte vermaan om in wysheid onder die leiding van die Heilige Gees te lewe. Paulus beklemtoon dien noodsaaklikheid dat gelowiges hulle lewens met wysheid en groot versigtigheid moet leef, en nie soos onwyse mense nie. Wysheid bestaan uit ’n kombinasie van teoretiese en praktiese kennis, wat uitloop op ’n opregte leefwyse (Spr. 4:11; Ps. 25:4-5), en is duidelik sigbaar in die lewe van diegene wat

Godvresend leef (Spr. 9:10; Job 28:28; Ps. 111:10; Pred. 12:13). Hoehner maak die volgende opmerking:

> True wisdom is insight into the true nature of things, and this can only come from God. The unwise lives as one who despises or has no insight into God's plan (2008:107).

Jakes (2008:297) vestig die aandag op 'n belangrike punt met betrekking tot die wysheid waarin die gelowige moet wandel, naamlik dat ons nie net aangesê word om in wysheid te wandel nie, maar dat ons "nougeset" as wyse kinders van God moet wandel. Jakes sê dat die Griekse woord vir "nougeset" (*akribōs*) 'n besondere betekenis het en dan merk hy op:

> It depicts perfection in the sense of being exact, careful, and accurate, and it leaves no room for any quality or characteristic of life that is undisciplined, untrained, unholy, ungodly, or unrighteous. To walk circumspectly we must be entirely focused on what God desires to accomplish in us, through us, for us, and around us. We must be careful, accurate, making certain that our lives - thoughts, speech, actions, and motives - line up perfectly with God's Word and the guidance of the Holy Spirit at all times. A circumspect walk is a walk in which we pay attention and 'take heed' (Jakes, 2008:297).

Die bewys van ware wysheid word duidelik in Efésiërs 5:16 uitgespel, naamlik om die beste van elke geleentheid te maak omdat die dae boos is. Bykomend tot die opdrag om in wysheid te wandel deur die beste van elke geleentheid te maak (Ef. 5:15-16), moedig Paulus ook die gelowiges aan om behoorlike perspektief te hê wat hulle in staat sal stel om hulle lewens volgens die wil van God te leef (Ef. 5:17-21). In 5:18-21 verduidelik Paulus hoe die gelowige God se wil beter kan verstaan. Ook in hierdie geval gee hy eers 'n negatiewe opdrag, "Moenie dronk word van wyn nie", omdat dit oor die vermoë beskik om lewens te vernietig, en gevolglik is dit ooreenstemend met onwyse en dwase optrede. Dan volg die positiewe opdrag om met die Gees vervul te word. Die teenstelling is nie tussen die wyn en die Gees nie, maar tussen die twee gevolglike gedragspatrone. Dit word uitgedruk in die twee werkwoorde: dronk word van wyn, wat lei tot verderf. In teenstelling hiermee staan met die Gees vervul word,

wat lei tot vreugde in gemeenskap *(fellowship)* en gehoorsaamheid aan God se opdragte. By vergelyking van "dronk van wyn" en "vervul met die Gees", kan die volgende waarnemings gemaak word (Hoehner, 2008:107-109).

> In comparing 'drunk with wine' and 'filled by the Spirit,' two observations can be made. Persons controlled by wine are no longer in control of their actions, as is demonstrated by their inability, for instance, to walk a straight line. Neither do those who are filled by the Spirit control their actions as they relinquish their will to the Lord…being filled by the Spirit allows the Spirit of God to direct and empower believers to live lives pleasing to God and to do his will (Hoehner, 2008:108-109).

Paulus lig dan vier kenmerke uit wat duidelike aanduidings is van iemand wat met die Gees vervul is (Ef. 5:19-21). Die eerste kenmerk is kommunikasie met mekaar deur middel van psalms, lofsange en geestelike liedere (Ef. 5:19a). Die tweede kenmerk van 'n mens wat met die Heilige Gees vervul is, word gesien in "sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here". Om te sing beteken nie noodwendig dat die sang met verbale woorde gepaard moet gaan nie. Dit kan sang in die hart insluit, waar die Gees woonagtig is (Rom. 8:9). Die laaste gedeelte van 5:19, "in julle hart tot eer van die Here", kwalifiseer dat lofsange wat tot God gerig is, vanuit die hart kom (Hoehner, 2008:109). Daar is eentemigheid tussen Roberts (1990:162) asook De Klerk (2001:99) dat openbare, gesamentelike sang van geestelike liedere ten doel het om mekaar binne die konteks van die erediens op te bou. Die derde kenmerk is danksegging aan God die Vader, in die Naam van Jesus Christus. Christenelowiges is mense wat voortdurend dank aan God bring vir hulle redding, vir alle geestelike seëninge en vir alle voorsiening (5:20). Die vierde en laaste kenmerk is om in die vrees van God aan mekaar onderdanig te wees (5:21). Die werkwoord *"hupotassomai"* (onderwerp) kommunikeer die boodskap dat wanneer gelowiges met die Heilige Gees vervul is, daar 'n wedersydse onderdanigheid aan mekaar sal wees. Daarteenoor word individualisme en onafhanklikheid onder ongelowiges hoog aangeskryf, maar die gelowiges moet mekaar liefhê (Joh. 13:34-35), hartlik teenoor mekaar wees en eer aan mekaar betoon (Rom. 12:10), en andere hoër as hulleself ag (Hoehner, 2008:109; vgl. De Klerk, 2001:99). Die volgende opmerking van Hoehner gee dieper insig rondom die saak van onderwerping:

> *[That]* submission involves the willingness to submit to those who have authority, whether it be in the home, in the church or in society. One thing is clear. Submission should not be taken lightly, because it is to be done out of fear of Christ. Though the range of meaning for 'fear' is anywhere from absolute terror to one of respect, in this context it connotes reverential fear or reverential respect (Hoehner, 2008:110).

De Klerk (2001:98-99) wys daarop dat die vervulling met die Heilige Gees 'n positiewe uitwerking op alle verhoudinge sal hê. So bou die gelowiges mekaar ook op deur onderdanig aan mekaar te wees. As gelowiges wat aan mekaar onderdanig is, sal hulle na mekaar luister. Hoërskoolleerders moet met geduld en liefde hierin begelei word en daar moet in gedagte gehou word dat daar 'n geneigdheid tot individualisme by die postmoderne jeug bestaan. Relativisme, wat hand aan hand met individualisme loop, moet nie uit die oog verloor word nie, omdat dit 'n sterk ondertoon van postmodernisme bevat.

Wanneer die pastor/jeugpastor en geestelike volwasse lidmate die gevare waarmee hoërskoolleerders op Facebook gekonfronteer word belig, moet hulle met begrip begelei word om hulle aan die gesag wat oor hulle aangestel is te onderwerp, 'n leerbare gesindheid te openbaar, te luister wat aan hulle gekommunikeer word en op die lering ag te slaan. Die pastor/jeugpastor en ander begeleiers moet ook voortdurend deur hulle optrede 'n voorbeeld stel deur hulle bereidwilligheid om na die hoërskoolleerders te luister. Waar dit nodig mag wees, moet hoërskoolleerders die nodige stappe neem om regstellings te maak met betrekking tot hulle gebruik van Facebook as 'n sosiale mediaplatform, en hierdie regstellings moet in ooreenstemming met God se Woord geskied, sodat elkeen sy lewe tot verheerliking van Jesus Christus kan leef. Die toepassing hiervan lê daarin dat hoërskoolleerders begelei moet word tot die vervulling met die Heilige Gees. Möller (1991:218-219) vestig die aandag daarop dat die vervulling met die Heilige Gees op die belofte van Handelinge 1:5, 8 gebaseer is en hy maak die volgende opmerking, met betrekking tot die lewe van die persoon wat met die Heilige Gees vervul word:

> [W]aardeur God Homself genadiglik op 'n persoonlike, onmiddellike, innige en blywende wyse aan die gelowige openbaar, deurdat Hy hom onder die kontrole en in die volheid van die Heilige Gees stel, waardeur

> so iemand op ’n besondere wyse bewus gemaak word van die verrese Christus in sy lewe, en as gevolg waarvan hy met geestelike krag toegerus word om ’n lewe te lei waarin hy ’n groter getuie vir Christus kan wees en ’n voller dimensie van aanbidding kan beoefen (Möller, 1991:218-219).

Deur die vervulling met die Heilige Gees verkry die gelowige hoërskoolleerders krag van die Here self en dit stel hulle in staat om sonde te weerstaan en om in gemeenskap met Hom te leef. Geesvervulde hoërskoolleerders sal dus daarna strewe om hul lewe op ’n waardige wyse onder die leiding van die Heilige Gees te leef. Wanneer daar gekyk word na die aspek van "dronk word van wyn” (Ef. 5:18), is dit simbolies van iets wat ’n persoon se lewe oorheers en uiteindelik kan lei tot die vernietiging van so persoon se lewe. Net soos wat hierdie oorheersing deur "wyn” oor ’n tydperk die persoon se totale wese, gees, siel en liggaam aftakel, kan die boodskappe op sommige Facebookgebruikers dieselfde uitwerking tot gevolg hê. Dit is egter moontlik vir Geesvervulde hoërskoolleerders om hulself deur gehoorsaamheid aan die Heilige Gees te laat lei, en die Gees toe te laat om hulle te bemagtig, sodat hulle ingeligte besluite kan neem met betrekking tot die gebruik van Facebook as ’n sosiale mediaplatform. Sodoende kan hoërskoolleerders die wil van God deur hul keuse uitleef.

6.8 VERHOUDING TUSSEN KINDERS EN HULLE OUERS (Eksegese van Efésiërs 6:1-4)

Roberts (1990:156) beskryf 6:1-4 as ’n huistafel (vgl. Kol. 3:18-4:1; 1 Pet 3:1-7) wat ’n besondere lewensverhouding aan die orde van die tema illustreer. Die raamwerk van ’n vol lewe onder leiding van die Heilige Gees (vgl. 5:18-21), is ’n bepaalende faktor in die verhouding tussen ouers en hulle kinders. Hoehner (2008:120-121) vestig die aandag daarop dat Paulus in 6:1-3 die kinders aanspreek en daarna die vaders in 6:4. In 6:1 word die kinders aangesê om hulle ouers te gehoorsaam, in teenstelling met 6:4 waar daar net van die vader gepraat word. Hoehner merk op:

> It is difficult to ascertain from the Greek what the prepositional phrase ‘in the Lord’ modifies. It could modify ‘parents,’ giving the sense that children are to obey parents who are ‘in the Lord,’ that is, parents who are believers. However, most likely it modifies the verb ‘to obey’ thus

> emphasizing the children's obedience to the Lord, exhibited here by obedience to their parents (Hoehner, 2008:121).

Roberts (1990:168) meen dat "in die Here" nie van die kinders of hulle ouers praat nie, maar dat dit beklemtoon wat die werkwoord sê: "Hulle moet gehoorsaam wees in die Here, dit wil sê hulle gehoorsaamheid word gekenmerk as 'n daad, as optrede, onder die bewind van die Heerskappyvoerder". Mentz (s.a.:64) is van mening dat die gehoorsaamheid van kinders aan hulle ouers die kinders leer om gehoorsaam aan God te wees. Roberts (1990:168) lig dan die twee motiverings uit wat deel van die opdrag is. Die eerste is 'n algemene motivering: vir kinders om hulle ouers in ooreenstemming met die eise van God te gehoorsaam, "is doodgewoon die regte ding om te doen" (Roberts, 1990:168). As tweede motivering haal Paulus die vyfde gebod aan (Eks. 20:12, Deut. 5:16), wat 'n oproep tot eerbied, respek en erkenning van die ouers is. Die motivering tot gehoorsaamheid het 'n dubbele trefkrag. (a) "Aan die een kant is die feit dat daar so 'n gebod is op sigself reeds rede om daarvolgens op te tree, en (b) aan die ander kant is die belofte wat aan die gebod gekoppel is, 'n aansporing tot gehoorsaamheid aan die ouers." Paulus gee die belofte weer as: "sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde" (Roberts, 1990:168; vgl. Cohick, 2010:144-145; De Klerk, 2001:112; Hoehner, 2008:121-122). Die belofte van welstand en 'n lang lewe word nie duidelik gedefinieer nie, en die Ou Testament lig nie duidelike voorbeelde hiervan uit nie. Daar is egter duidelike aanduidings in die Ou Testament dat kinders wat hulle ouers slaan of vloek, gedood moes word (Eks. 21:15, 17), en 'n seun wat in ongehoorsaamheid aan sy ouers volhard, gestenig moes word (Deut. 21:18-21) (Hoehner, 2008:121). Roberts (1990:169) meen dat Paulus na alle waarskynlikheid met die aanhaling van hierdie gebod nie die materiële aspek van aardse seëninge in die oog gehad het nie, maar dat die klem vir hom eerder geval het op die "goed gaan met jou". In die geheel gesien, kommunikeer Paulus die boodskap dat wanneer kinders hulle ouers gehoorsaam is, hulle op God se seën kan reken. Daarna spreek skuif Paulus die aandag na die vaders wat hy aanspreek (6:4). Hoehner (2008:122) beklemtoon dat vaders verteenwoordigend is as die hoofde van hulle families en dat die veranwoordelikheid op hulle rus om dissipline toe te pas. Paulus gee 'n negatiewe sowel as 'n positiewe vermaning aan die vaders. Onder die Romeinse wet het vaders totale mag oor hulle gesinne gehad, bekend as *"patria potestas"* en dit was in baie gevalle op roekelose wyse gebruik. Paulus se opdragte

aan vaders het egter ’n nuwe uitkyk op die hantering van kinders getoon. Die vaders is gewaarsku om nie hulle kinders te vertoorn nie, omdat sulke optrede nie liefde en vriendelikheid binne die huis sal bevorder nie. In teenstelling hiermee word die vaders duidelik aangesê om hulle kinders volgens die voorskrifte van God op te voed en te dissiplineer. Die woord *"nouthesia"* (vermaning) verwys na onderrig met die klem op verbale kommunikasie, hetsy in die sin van aanmoediging of teregwysing. Ook die vermaning van kinders verder aanbetref, moet dit "in die Here" gedoen word.

Hoewel die primêre taak van kinderopvoeding die verantwoordelikheid van ouers is, kan en mag die taak van die kerk nie misgekyk of ontken word nie. Dit is belangrik dat daar besef word dat die kerk ’n baie belangrike ondersteunende rol het om in die opvoeding van hoërskoolleerders te vervul. Strommen en Hardel (2008:41-55) stel duidelik dat ouers toonaangewende rolspelers in die skepping van die regte huislike atmosfeer is en dat hulle gevoelens teenoor mekaar die klimaat vir die opvoeding van hulle kinders skep. Ouers wat wedersydse liefde en respek teenoor mekaar betoon, skep die ideale atmosfeer vir die opvoeding van hulle kinders. Familiebande word ook deur die kwaliteit van kommunikasie tussen ouers en hulle kind/ers versterk. Siende dat kommunikasie van kardinale belang vir gesonde verhoudings is, is dit iets wat in baie families verbeter moet word. Dit is juis in hierdie verband waar gemeentes ’n belangrike rol kan speel om ouers by te staan om hulle kommunikasie met mekaar en met hulle kinders te verbeter. Dit is belangrik om te besef dat wanneer daar na kommunikasie verwys word, dit nie net van verbale kommunikasie spreek nie. Strommen en Hardel (2008:56) maak die volgende opmerking: "Communication also involves a ministry of presence in which parent and child spend time together." Die rol wat gemeentes in die bevordering van effektiewe kommunikasie binne die gesin kan vervul sluit in (a) die aanmoediging om uitdrukking aan gevoelens te gee; (b) luister sodat die ander persoon se siening onderskei kan word en (c) luister met ’n gevoel dat daar hoop is (Strommen & Hardel, 2008:60-61).

Volgens Strommen en Hardel (2008:62) kan gesonde verhoudinge binne families bevorder word in die wyse waarop ouers grense neerlê en die wyse waarop dissipline uitgeoefen word. Ouers se benadering tot dissipline dra nie alleen by tot die emosionele klimaat van die gesin nie, maar ook tot hulle kinders se persoonlikheid, karakter en die wyse waarop hulle op die Evangelie reageer. In aansluiting hierby fokus McDowell en McDowell (2012:137) die aandag daarop dat die neerlê van reëls

en grense van die allergrootste belang vir die opvoeding van kinders is. Ouers moet egter besef dat reëls sonder verhouding tot rebellie sal lei. McDowell en McDowell beklemtoon die noodsaaklikheid dat al die reëls en die grense wat neergelë word, binne die konteks van die liefdevolle ouerlike verhouding met hulle kinders moet geskied. Strommen en Hardel (2008:65) meen dat die metode van dissipline wat toegepas word, 'n sterk invloed op die gedrag van kinders het, sowel as op hoe naby familielede aan mekaar leef. Doelbewuste en gestruktureerde gesinsbediening waarin gesinne toegerus word om bogenoemde te kan doen, is dus 'n kernbelangrike deel van die kerk se taak tot die toerusting van hoërskoolleerders (vgl. Khup, 2007:57-59).

Hoërskoolleerders moet daarvan bewus gemaak word dat daar op Facebook boodskappe gedeel word wat tieners aanmoedig om gesag te minag. Ook in hierdie opsig moet die Woord van God as basis gebruik word om hoërskoolleerders te leer dat alle vorme van gesag deur God daargestel is en dat die onderwerping aan gesag God tevrede stel (Rom. 13:1; Tit. 3:1; 1 Pet. 2:13-17).

6.9 GEESTELIKE OORLOGVOERING (Eksegese van Efésiërs 6:10-20)

Mentz (s.a.:67-75) verdeel hierdie perikoop in twee dele, 6:10-17 en 6:18-20. Vir die doeleindes van die studie sal daar by dié twee onderverdelings gehou word.

6.9.1 Die geestelike wapenrusting (Eksegese van 6:10-17)

Hoehner (2008:126) wys daarop dat Paulus die laaste gedeelte van die brief met *"tou loipou"* (eindelik) begin, om aan te dui dat hierdie sy slotgedagtes is voordat hy die brief afsluit. Hy moedig die gelowiges aan om hulleself in die Here te versterk ten einde staande te kan bly teen die liste van die duiwel en die bose geeste in die lug (6:10-12), wat dit ten doel het om die gelowiges van hulle geestelike voordele te beroof. Hierdie slotgedeelte bestaan uit drie dele: (1) aantrek van die wapenrusting (6:10-13); (2) om standvastig te wees met die wapenrusting (3:14-16); en (3) die opneem van die res van die wapenrusting (6:17-20) (vgl. De Klerk, 2001:121). Ter voorbereiding vir die stryd word gelowiges aangesê om "kragtig in die Here" te wees (6:10), gevolg deur die onmiddellike opdrag om die volle wapenrusting van God aan te trek (6:11a) met die doel om al die strategieë van die duiwel teen te staan (6:11b-12). In 6:13 beklemtoon Paulus die voorafgaande verse en hy maak 'n verklaring dat die gelowige die volle wapenrusting van God moet opneem ten einde effektief weerstand teen die bose te kan bied (Hoehner, 2008:126). De Klerk (2001:120-121) sê: "In hierdie

ongelyke stryd tussen brose gelowiges en bose magte in die lug, kan net God se krag en wapenrusting die deurslag gee." Wanneer die gelowige die stryd in hierdie wapenrusting stry, kan die vyand hom nie oorwin nie (Mentz, s.a.:68). Roberts (1990:176) beklemtoon dat die oorwinning alleen 'n moontlikheid is wanneer daar met God se wapens geveg word, en dat gelowiges te alle tye moet onthou dat die oorwinning altyd God se oorwinning is omdat slegs Hy die bose "in sy planne kan verydel" (Roberts, 1990:176). Die gelowige moet te alle onthou dat sy stryd nie teen mense gevoer word nie, maar teen diaboliese magte "wat hulle bose planne wil laat seëvier" (Roberts, 1990:176), en om hierdie rede moet gelowiges nooit die stryd in hulle eie krag aanpak nie, maar wel met die wapens wat deur God voorsien word.

Hoehner (2008:126) vestig die aandag daarop dat die apostel Paulus in die laaste deel van die brief uitlig dat die gelowige homself in die Here moet versterk - dit is in die krag van Sy sterkte. "In die Here" is 'n aanduiding van die sfeer vanwaar die gelowige se krag kom, naamlik in Jesus Christus, van Jesus Christus. Christengelowiges moet versterk word in die *"kratos"* (krag), die bonatuurlike *"ischus"* (sterkte) van God. Breed (2014:7) wys daarop dat Paulus na alles wat hy in die brief oorgedra het, sy lesers wegstuur "met die opdrag om vas te staan in dit wat hulle ontvang het sodat Satan en sy magte" nie in hulle doel sal slaag nie. Hoehner (2008:126) fokus die aandag daarop dat gelowiges nie net deur Jesus Christus versterk word nie, maar ook deur sy hulpbronne. Nadat Paulus die opdrag gegee het, "word kragtig in die Here," verduidelik hy hoe dit gedoen moet word (6:11a): "Trek die volle wapenrusting van God aan". Elke gelowige is self verantwoordelik om die volle wapenrusting van God aan te trek deur die kragtige werking van die Gees. Die feit dat God hierdie wapenrusting voorsien, is 'n duidelike aanduiding dat dit nie 'n fisiese stryd is nie, maar wel 'n geestelike stryd. Die rede waarom God se wapenrusting aangetrek moet word, is om die gelowiges in staat te stel om staande te kan bly teen die liste van die duiwel (6:11b-12). Omdat dit nie 'n fisiese stryd is nie, maar 'n geestelike stryd, is God se geestelike wapenrusting 'n absolute vereiste ten einde effektief weerstand teen die magte van die Bose te bied. Paulus wys verder in 6:12 die magte van duisternis uit, naamlik die owerhede, die magte, die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu en die bose geeste in die lug. In 6:13 word die gelowiges aangemoedig om die volle wapenrusting van God op te neem sodat hulle teen al die aanslae van die duiwel en sy trawante staande kan bly. De Klerk (2001:122-123) maak dit duidelik dat die doel van die aantrek van die wapenrusting daaroor gaan dat die gelowige weerstand kan bied in die dag van onheil

en staande kan bly in sy posisie in die geveg. Die weerstand teen die aanslae van die bose gaan dus daaroor dat die gelowige stabiliteit in sy lewe sal behou. Breed (2014:7) beklemtoon die feit dat die teenstand teen die bose magte 'n harde realiteit is en dat Satan en sy magte God se plan wil verongeluk en die kerk wil vernietig. Die apostel Paulus begelei egter "die gelowiges in die gevegskuns om hierdie vyand te verslaan" (De Klerk, 2001:123).

Breed (2014:8) vestig die aandag daarop die opdrag "word kragtig in die Here" (Ef. 6:10), gelowiges begelei "om in hulle stryd krag te put vanuit 'n noue persoonlike eenheid (wat voortvloei uit groeiende ervaringskennis) met die Drie-enige God." Met die byvoeging van "en in die krag van sy sterkte" moet hierdie opdrag "in die lig van Paulus se twee gebede in Efésiërs 1:15-23 en Efésiërs 3:14-21" verstaan word. Breed maak die volgende opmerking:

> In hulle stryd kan hulle in geloof, biddend verwag dat God deur sy Gees in en deur hulle sal werk met dieselfde krag waarmee Hy Jesus uit die dood opgewek het en waarmee Hy doen ver bo wat die mens kan bid of dink (2014:8).

Hierdie bekragtiging is 'n gebeure wat kan plaasvind omdat die gelowiges "in Christus" is en Hy in hulle is (Ef. 3:17, vgl. Joh.15; Fowl, 2012:202-203; Reinhard, 2005:521, 529-531).

Breed (2014:8) voer verder aan dat "God se plan met die skepping, elke gelowige en die kerk" op 'n pad geplaas het waar 'n botsing tussen die twee koninkryke onvermydelik is (Kol. 1:13). God het dit ten doel "om die heerskappy van Christus oor die ganse skepping in volle vervulling te bring" (Ef. 1:22-23), maar in teenstelling hiermee is die duiwel en sy bose magte in opstand. In Efésiërs 6:10-20 word die kerk, met verwysing na al die gelowiges "se optrede tydens hierdie botsing" uitgespel. Die opdrag is om vas te staan in die stryd (Ef. 6:11) omdat geeneen wat goddeloos lewe, deel aan die koninkryk van Christus en God sal hê nie (Ef. 5:5). God stel elke gelowige deur die kragtige werking van die Heilige Gees in staat om vas te kan staan in hierdie worstelstryd. Breed merk op:

> Hierdie stryd gaan oor die harte en gedagtes van gelowiges (Ef. 4:20-24) want dit is 'n stryd teen die listige aanslae van Satan (Ef. 6:11). In hierdie stryd kan

> die gelowige en die kerk as eenheid slegs vasstaan indien hulle hulself voortdurend bewapen met die wapenrusting wat God verskaf (Breed, 2014:8).

By nadere bestudering van die wapenrusting bestaan daar geen twyfel nie dat hierdie wapens "die verlossingsdade van die Drie-enige God is" (Breed, 2014:8). Na die opdrag wat Paulus gegee het dat die volle wapenrusting aangetrek moet word (6:10-13), maan hy die gelowiges om staande te bly en nie te weifel nie (6:14a). Dit is belangrik om daarop te let dat die gelowiges nie 'n bevel tot 'n opmars ontvang nie. Dit is egter 'n bevel om staande te bly in hierdie geestelike geveg en nie te retireer nie. Die ferm stand van die gelowige berus tot 'n groot mate op die wapenrusting wat die gelowige aantrek. Die onderskeie dele van die wapenrusting word in 6:14-17 beskryf (Hoehner, 2008:129; vgl. De Klerk, 2001:126-129; Roberts, 1990:176-179).

Die volle wapenrusting van God word nou bespreek om aan te toon dat dit 'n gawe van God is en dat die gelowiges dit aktief moet gebruik in die geveg teen die Bose (Breed, 2014:8).

Die eerste deel van die wapenrusting is die gordel van die waarheid waarmee die lendene gegordel word (6:14b). Hierdie waarheid verwys na God se waarheid, die waarheid soos deur Paulus verkondig, die waarheid waarvan die kerk die draer en die pilaar is (Ef. 3), die waarheid wat in Efésiërs 1-3 verkondig is. Petrenko (2005:194) vestig die aandag daarop dat die waarheid waarna Paulus verwys, afgelei word vanuit Efésiërs 4:20-21 en 5:9 waar hy dit as't ware uitspel dat die waarheid in Christus is (vgl. Breed, 2014:8; Lee, 1984:537-538). Breed (2014:8) verwys na Jesus wat by geleentheid self gesê dat Hy die weg en die waarheid en die lewe is (Joh. 14:6) en dat diegene wat Sy woorde bewaar, die waarheid sal ken en dat die waarheid hulle sal vrymaak (Joh. 8:31-32; vgl. Breed, 2013b:232; Onjoro, 2009:30; Petrenko, 2005:194; Robletto, 2012:17-19). Hierdie waarheid staan lynreg teenoor die leuens waarmee Satan die mens wil vermoor (Joh. 8:44; vgl. Breed, 2013b:234; Breed, 2014:8). Breed (2014:8) benadruk dat Efésiërs 4:15, "die groei van die gelowiges om meer en meer soos Christus te word", daarvan afhanklik is "dat hulle in liefde by die waarheid sal bly". Dit sal verseker dat gelowiges standvastig sal wees en nie deur enige listige en bedrieglike planne van mense verlei sal word nie (Ef. 4:14). In Efésiërs 5:6-9 word daar 'n waarskuwing aan die gelowiges gerig om hulle nie deur ydele woorde te laat mislei nie en "die werke van duisternis word gestel teenoor die werke van die lig. Die

gelowiges is kinders van die lig, want 'die vrug van die Gees bestaan in alle goedheid en geregtigheid en waarheid'" (Ef. 5:9) (Breed, 2014:8). Petrenko (2011:203) is van mening dat gelowiges as kinders van die lig die Gees van God het en om hierdie rede is hulle in staat om die wil van God te onderskei en die werke van die duisternis te bestraf en teenstaan. Omdat gelowiges die waarheid ken deur die werking van die Heilige Gees in hulle lewe is dit vir hulle moontlik om in die lig te lewe en oor die duisternis te triomfeer. Die gordel wat deel van die wapenrusting uitmaak, is die waarheid wat in Christus is. Hierdie waarheid beskik oor die vermoë om gelowiges in hulle diepste wese te verander wanneer dit prakties in elke lewensituasie toegepas word onder die Heilige Gees van God se leiding (Lee, 1984:538; vgl. Petrenko, 2011:204; Reinhard, 2005:524).

Die tweede deel van die wapenrusting wat die gelowige moet aantrek is die borswapen van geregtigheid aantrek (6:14c). Dit beteken dat die gelowige homself met die geregtigheid wat God hom in Christus deur die geloof skenk, beklee. In sy toetrede tot die gesprek benadruk Jakes (2008:418) dat die geregtigheid se oorsprong uit God alleen is en dat dit Sy standaard is vir motief, gedrag en karakter. Volgens Petrenko (2005:195) blyk "die borswapen van geregtigheid" te verwys na die gelowiges se etiese geregtigheid as deel van hulle morele vernuwing, wat deel van die nuwe mens is (Ef. 2:10; 4:24; 5:8-9). Lee (1984:538-540) vestig die aandag daarop dat die borswapen van geregtigheid die gewete van die gelowige beskerm. Lee sê:

> Satan is our accuser. In fighting against him we need a conscience void of offense. But no matter how good we may feel our conscience is, we need to have it covered by the breastplate of righteousness. Righteousness is to be right with both God and man. If we have just a little problem with either God or man, Satan will accuse us, and there will be holes in our conscience through which all our faith and boldness will leak out. Hence, we need the covering of righteousness to protect us from the enemy's accusation. Such righteousness is in Christ (1 Cor. 1:30) (Lee, 1984:538-539).

Lee (1984:539) is van mening dat indien beskuldigings en oortredinge van die verlede 'n individu se gewete vul, die persoon se geloof daaronder sal ly. Lee fokus die aandag verder daarop dat Satan in hierdie geestelike oorlogvoering die gewete van die

gelowige teiken omdat hy weet wanneer daar beskuldigings en oortredinge in sy gewete is. Wanneer Satan die gelowige aankla oor dit wat in sy gewete aangaan, is die gelowige onmiddellik verswak. In Openbaring 12:11 verklaar die Skrif egter:

> En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis (Bybel, 1933/1953).

Lee (1984:539) benadruk die feit dat die gelowige se geregtigheid deur die bloed van Jesus Christus bekom is. Wanneer die gelowige teen die magte van duisternis veg, kom Satan deur middel van beskuldigings en hy teiken die gelowige in sy gewete. Met betrekking tot die aanval van die gelowige se gewete, maak Lee die volgende insiggewende opmerking:

> Satan, through his accusations, causes our conscience to become very sensitive. These feelings actually are not the sensitivity of the conscience, but the result of Satan's accusations. Immediately our response should be, 'I overcome Satan, the accuser, not by my perfection and not even by a conscience, void of offence, but by the blood of the Lamb. I am defended against his accusations by the breastplate of righteousness.' The rigteousness that covers our conscience and that guards us from Satan's accusations is Christ Himself. He is our righteousness (Lee, 1984:539-540).

Wanneer die hoërskoolleerder gestruikel en geval het en die Satan hom aanval, dan kan hy daaraan vasgryp dat hy in Christus reeds van alle sondes vrygespreek is. Op hierdie wyse kan hy die aanval van Satan wat hom soos Adam in skuld en skaamte laat wegkruip, effektief afweer. Wanneer die duiwel die hoërskoolleerder met skuldgevoelens teister, is dit moontlik om daarvan te ontvlug deur die wete dat Christus die volmaakte prys vir hom betaal het. Deur die kragtige werking van die Heilige Gees, het hy die sekerheid dat sy vryheid in Christus volmaak en volkome is. Net soos die borswapen van die soldaat sy hart en longe teen aanvalle van die bose beskerm, so beskerm 'n lewe uit die geregtigheid wat Jesus bewerk het (Rom. 6:13; 14:17), die gelowige se hart teen aanvalle van die duiwel (Jes. 59:17; Jak. 4:7).

Derdens verwys Paulus van die skoene vir die bereidheid van die evangelie aan die voete van die gelowiges (6:15). Lee (1984:540) wys daarop dat "die bereidheid vir die

evangelie van vrede" na die vestiging van die evangelie van vrede verwys. Christus het aan die kruis vir ons vrede met God en die mensdom bewerkstellig en hierdie vrede het ons evangelie geword (Ef. 2:13-17). Volgens Lee impliseer die "bereidheid" 'n paraatheid by gelowiges om die evangelie van vrede te verkondig (Ef. 2:17). Volgens Lee (1984:541) verwys Paulus nie hier spesifiek na die verkondiging van die evangelie nie, maar dat hy eerder een van die spesifieke voordele van die evangelie uitwys, naamlik die vrede van God, wat die gelowiges versterk en stabiliteit in hulle lewens bring. Dit is belangrik om kennis te neem dat Paulus nie hier van die evangelie van genade, of die evangelie van die vergifnis van sondes, of die evangelie van die onnaspeurlike rykdom van Christus praat nie (Ef. 3:8), maar van die evangelie van vrede, wat ook verkondig moet word (Lee, 1984:541). Renner (2003:158) bied 'n interessante beskrywing vir die frase "aan julle voete" wat afgelei is van die Griekse woord *"hupodeomai"* - 'n samevoeging van twee woorde, *"hupo"* en *"deo"*. Die woord *"hupo"* beteken "onder" en *"deo"* beteken "om vas te maak". "Taken together as one word, it conveys the idea of *'binding something very tightly on the bottom of one's feet.'*" (vgl. Lee, 1984:541-542; Petrenko, 2005:195). Renner maak die volgende opmerking:

> Just as the greaves of a Roman soldier protected him from the environment and from the blows of his enemy, the peace of God - when it is operating in your life - protects and defends you from the hassles and assaults of the devil. The enemy may try to disrupt you, distract you, and steal your attention by causing negative events to whirl all around you, but his attempts will fail because the peace of God, like a protective greave, stops you from being hurt and enables you to keep marching forward! (Renner, 2003:158).

Deur hierdie illustrasie te gebruik wys Paulus vir die gelowiges dat God se vrede styf in hulle lewens vasgebind moet wees. "If we only give peace a loosely fitting position in our lives, it won't be long before the affairs of life knock our peace out of place" (Renner, 2003:158).

Jakes (2008:422) sê: "Ephesians 6:15 is saying that *the firm foundation of the Gospel is that we walk in peace."*

- Ons het vrede met God deur Jesus Christus (Rom. 5:1).

- ❖ Ons het vrede tussen Jood en heiden (Ef. 2:14), sowel as tussen rasse, sosiale en ekonomiese klasse en geslagte (Gal. 3:28).
- ❖ Ons het vrede deur die geloof, wat lei tot ons oorvloedige hoop (Rom. 15:13).
- ❖ Ons het vrede in die Heilige Gees (Gal. 5:22).
- ❖ Ons is verenig as ŉ liggaam deur die band van die vrede (Ef. 4:3).
- ❖ Ons het te alle tye die vrede van God (2 Thess. 3:16) (Jakes, 2008:422).

Jakes (2008:422) fokus die aandag daarop dat dit net die vrede van God is wat gelowiges staande kan hou teen die vyandige aanvalle van Satan. "Bereidheid vir die evangelie van vrede" verwys na iets wat die hoërskoolleerders moet doen om hierdie evangelie te verkondig. Die Heilige Gees werk deur die Woord. Wanneer die Woord deur my uitdra word, bevestig die Gees dit in my hart. Indien gelowige hoërskoolleerders waarlik daarop ingestel is om volgens God se wil te leef, sal hulle die nodige stappe neem en hulle sekuriteitstellings op Facebook so stel, dat diegene wat negatiewe boodskappe kommunikeer, nie verder met hulle kan kommunikeer nie. Wanneer hoërskoolleerders hierdie stap neem, sal dit vrede in hulle gemoed bring en die Heilige Gees sal hulle daarvan oortuig dat hulle die regte ding gedoen het. Sodoende sal hoërskoolleerders die vrede van Christus (Joh. 14:27) in hul gemoed ervaar. Wanneer hulle dan deur die duiwel geteister sou word oor die besluit wat hul vir Christus geneem het, sal die evangelie van vrede hulle in staat stel om in die stryd staande te bly en as ŉ Christenkryger vir die Evangelie te stry.

In die vierde plek word die gelowiges aangesê om die skild van die geloof op te neem ten einde al die vurige pyle van die bose uit te blus (Ef. 6:16) (Hoehner, 2008:120-130, vgl. Renner, 2003:364-365; 659-660; 931). Jakes (2008:425) beklemtoon die noodsaaklikheid van geloof in geestelike oorlogvoering. Die Hebreërskrywer sê:

> En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en ŉ beloner is van die wat Hom soek (Bybel, 1933/1953).

Tydens Sy bediening op aarde het Jesus telkens die belangrikheid van geloof uitgewys (Matt. 8:10, 9:22, 15:28; 21:21-22; Mark. 2:5, 4:39-40; Luk. 8:48, 18:42).

Volgens Lee (1984:543) is geloof ŉ vereiste om ons hele wese te beskerm. Die skild van die geloof is nie iets wat gelowiges aantrek nie, maar wat ons moet opneem om

onsself teen die aanvalle van die vyand te beskerm. Lee maak die volgende interessante stelling met betrekking tot geloof:

> If we have truth in our living, righteousness as our covering, and peace as our standing, we shall spontaneously have faith (Lee, 1984:544).

Lee (1984:544) vestig gelowiges se aandag daarop dat Paulus dit duidelik maak dat dit geloof is wat ons teen die vurige pyle en aanvalle van die duiwel beskerm. Wanneer die skild van die geloof bestudeer word, moet die gelowige besef dat sy geloof geensins in sy eie vermoë of krag lê nie. Ons geloof moet in God wees (Mark. 11:22). Lee stel dit duidelik dat die gelowige geloof moet hê in God se hart, Sy getrouheid (Rom. 3:3; 1 Thess. 5:24; 2 Thess. 3:3; 2 Tim. 2:13) en sy vermoë (Ef. 3:20). Geloof in God se Woord is ook van kardinale belang omdat Hy deur sy Woord gebonde is dat dit wat hy gespreek het, in vervulling sal gaan. Die gelowige kan God in nederigheid wys op Sy gesproke/geskrewe Woord, met die wete dat dit vervul sal word. Verder moet ons geloof in Sy wil hê, en besef dat sy wil met betrekking tot ons altyd positief is. As gelowiges moet ons geloof in Sy soewereiniteit hê. Omdat Hy soewerein is kan hy geen foute maak nie. Onder Sy soewereiniteit werk selfs die foute wat ons begaan, tot ons voordeel. Wanneer ons geloof in God se hart, getrouheid, vermoë, Woord en soewereiniteit het, kan die vurige pyle van die bose ons geen leed aandoen nie.

Die brandende pyle wat die Bose op die gelowiges afskiet, "simboliseer die venynigheid en gevaarlikheid van die aanslag" (Roberts, 1990:178). Lee (1984:545) meen dat hierdie vurige pyle onder meer versoekinge, voorstelle, vrae, leuens en aanvalle op elke lewensterrein insluit. In aansluiting hierby, voeg De Klerk (2001:128) onbeheersde drange, vrese en gedagtes van ongehoorsaamheid (vgl. Petrenko, 2005:195). Jakes (2008:426-427) maak dit duidelik dat die gelowige juis vanweë die vurige pyle wat die duiwel op hom afvuur, sy geloofskild, soos die Romeinse soldate van ouds, moet voorberei deur dit in water te week, sodat wanneer 'n vurige pyl dit tref, dit meteens uitgeblus sal word. Dit word gedoen deur die geloofskild in die water van die Woord te week (Ef. 5:26). Jakes fokus die aandag daarop dat ons geloof groei en sterker word wanneer ons die Woord lees, bestudeer, bepeins en daarin lewe. Tereg meld Paulus in Romeine 10:17:

> Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God (Bybel, 1933/1953).

Volgens Petrenko (2005:195) verwys die skild van die geloof na gelowiges se ontvanklikheid vir intimiteit met God en Christus (Ef. 1:13, 15, 19; 2:8; 3:12, 17; 4:5, 13; 6:23). In hierdie konteks is dit die verhouding met God en Christus wat die gelowige beskerm en versterk teen aanvalle en invloede van die bose. Hierdie "vurige pyle" kan ondermeer in die vorm van onsedelike en immorele gedrag kom (Ef. 4:26, vgl. Ef. 4:17-19, 4:25-31; 5:3-7, 5:11-12, 5:18) en ook deur valse leringe (Ef. 4:14; 5:6).

Jakes (2008:428) beklemtoon dat Paulus nie gesê het dat as jy die Woord ken, die vyand nie "vurige pyle" op jou sal afvuur nie, maar wel dat wanneer die "vurige pyle" op jou as gelowige afgevuur word, jou geloof in die Woord van God jou sal beskerm. Een van die beloftes wat God aan die gelowige gee, is dat vyandige wapens nie sal slaag nie, word gevind in Jesaja 54:17.

> Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê. Dit is die erfdeel van die knegte van die HERE en hulle geregtigheid wat uit My is, spreek die HERE (Bybel, 1933/1953).

Vanuit hierdie Skrifgedeelte is dit duidelik dat die vyand wel wapens teen gelowiges sal smee, maar dat geloof in God daartoe sal lei dat dié wapens niks sal uitrig nie.

Die negtiewe en skadelike boodskappe wat op Facebook versprei word wat hoërskoolleerders lees en waarna hulle luister kan as "vurige pyle van die Bose" beskou word (sien 1.2, asook 3.2.3.1 tot en met 3.2.3.13). Hierdie negatiewe en skadelike boodskappe beskik oor die vermoë om die lewe van hoërskoolleerders te verwoes as hulle aan die boodskap daarvan sou toegee. Om hierdie rede moet hoërskoolleerders ook die skild van die geloof reg gebruik, ten einde die "vurige pyle" van verleiding en negatiwiteit wat in sommige boodskappe op Facebook gepromoveer word, effektief te kan uitblus.

Vyfdens moet die gelowige die helm van verlossing opneem (6:17a). Lee (1984:546) fokus die aandag daarop dat "die helm van verlossing" bedoel is vir die beskerming van ons gedagtes teen enige negatiewe invloede waarmee die vyand ons as gelowiges mag aanval (vgl. Onjoro, 2009:33). Petrenko (2005:196) toon aan dat verlossing in Efésiërs daarop wys dat gelowiges vrygemaak is van die realm van dood en die heerskappy van bose magte (Ef. 2:1-3), tot 'n nuwe lewe in die opstanding van

Christus onder die heerskappy van God (Ef. 2:4-6). Hierdie begrip van redding gee aan die gelowiges sekerheid dat hulle oorwinning in Christus veseker is omdat Christus die magte van die bose vernietig het (Ef. 1:20-22) (Renner, 2003:562-564; 582).

Die verlossing wat Christengelowiges geniet, gee aan hulle vertroue van veiligheid wanneer die duiwel hulle aanval. Wanneer die gelowige soos ŉ verloorder voel, is dit moontlik dat hy die oorwinning in Christus sy eie kan maak en sodoende sekerheid hê dat hy reeds die oorwinning behaal het. Deur die kragtige werking van die Heilige Gees in die lewe van die gelowige, is dit moontlik dat hoërskoolleerders voortdurend bewus kan wees van die feit dat hulle meer as oorwinnaars deur Christus is (Rom. 8:37). Siende die gelowige se gedagtes deur die helm van verlossing beskerm word, is dit moontlik om altyd te onhou wat Christus vir ons aan die kruis gedoen het. Hoërskoolleerders moet soos enige ander gelowiges daagliks daarna streef om besluite te neem wat Christus teverede sal stel, en dit is moontlik wanneer die helm van verlossing hulle gedagtes beskerm. Aangesien hoërskoolleerders gedurende adolessensie hulleself in ŉ onseker tyd van hul lewe bevind, is dit baie belangrik dat hulle hul oorwinning in Christus goed sal begryp, asook hoe dit prakties op hul lewe, in hul suksesse en mislukkings, vreugde en hartseer van toepassing is. Die gemeente moet deur haar voorbeeld haar jong lidmate toerus om die helm van verlossing te kan opsit.

In die sesde plek moet die gelowige die swaard van die Gees, of te wel die Woord van God opneem. Dit is die enigste wapen wat offensief gebruik word (Hoehner, 2008:131; vgl. Evans, 2005:42; Lee, 1984:547). Volgens Onjoro (2009:33) beteken offensief dat die swaard ontwerp is as ŉ aanvalswapen. Renner (2003:77-78) vestig die aandag daarop dat die swaard (*machaira*) waarna in 6:17 verwys word, ŉ besondere dodelike wapen is wat God aan die kerk van Jesus Christus gegee het "to slash our demonic foes to shreds!". Dit is belangrik dat gelowiges daarop sal let dat hierdie vers van "die swaard van die Gees - dit is die woord van God -" praat. In die woorde van Renner beskryf die uitdrukking "woord" wat van die Griekse woord *"rhema"* afkomstig is, die volgende:

> Something that is spoken clearly and vividly, in unmistakeable terms and in undeniable language… *[T]*he word *rhema* carries the idea of a

quickened word. Because of the words *machaira* and *rhema*, Ephesians 6:17 conveys this impression: "The Spirit will place a razor-sharp sword at your disposal anytime the enemy gets to close. This sword's power will be available the very moment the Spirit quickens a specific word for a specific situation you are facing" (Renner, 2003:78).

Volgens Mentz (s.a.:74) is die gebruik van hierdie wapen deur Jesus Christus self gedemonstreer tydens Sy versoeking in die woestyn. Jesus Christus het elke aanval van die duiwel met 'n woord uit die Skrif weerlê (vgl. Hoehner, 2008:132, Renner, 2003:78). Mentz merk op:

> Dit is die woord van waarheid om ons teen onwaarheid, teen valsheid te beskerm, en waarmee ons alle onwaarheid en alle valsheid moet bestry; dit is die woord van bevel, waarmee ons alle laksheid en alle agteruitgang moet beveg; dit is die woord van belofte om ons te beskerm teen moedeloosheid, om ons staande te hou in die stryd, om ons krag te gee om te volhard. Die persoon wat sy swaard behoorlik wil hanteer, moet dit ken; die gelowige wat sy swaard behoorlik wil hanteer, moet die Bybel ken (Mentz, s.a.:74).

In aansluiting hierby fokus Onjoro (2009:33) die aandag daarop dat die gelowige die regte woord vir 'n spesifieke situasie alleen reg kan hê, wanneer hy oor kennis van die Woord van God beskik. Die gelowige verkry hierdie kennis slegs wanneer hy tyd spandeer in die lees en bestudering van die Woord. Onjoro sê:

> If we do not know the Word of God personally and intimately, the sword of the Spirit will not be as effective in our lives. (Onjoro, 2009:33).

Volgens Jakes (2008:432) is diepte kennis van die Woord van God van deurslaggewende belang vir die gelowige, omdat dit hom in staat sal stel om die Woord elke keer effektief in die stryd te kan gebruik. Hy sê:

> If you really want to do damage to the Enemy in the spirit realm, declare the Word of God to him, from your heart! He may hang around for a while to see if you really mean it, if the Word really is alive in you; but if it is, eventually this dead, corrupt evil spirit won't be able to endure being

> continually stabbed and cut with the very life of God, and he will flee (Jakes, 2008:432).

Hoehner (2008:132) stel dit onomwonde dat die volle wapenrusting van God nodig is vir die geestelike stryd teen die duiwel en sy demone, en dat die vermaning om daarvan gebruik te maak, tot elke gelowige individu en die korporatiewe kerk gerig is. Wanneer die gelowige die volle wapenrusting van God aangetrek het, is hy in staat om staande te bly teen die vyandige aanvalle, en ook om offensief op te tree met die lewende woord van God teen die magte van die bose (Lee, 1984:551). Strommen en Hardel (2008:121-125) se omvangryke navorsing toon aan, dat indiepte onderrig van hoërskoolleerders, een van die belangrikste faktore is wat daartoe meehelp dat hoërskoolleerders in ’n standvastige en lewende geloof volhard.

Omdat hoërskoolleerders deel van die kerk is moet hulle geleer word waarom dit vir Christene noodsaaklik is om hulleself met die volle wapenrusting van God te beklee. Daarmee saam moet hulle ook onderrig word dat die wapenrusting biddend aangetrek moet word en ook wat die betekenis van elke deel van die wapenrusting is.

1. Die eerste deel van die wapenrusting is die waarheid. Die waarheid van God word deur sy Woord aan ons bekend gemaak. Wanneer gelowige hoërskoolleerders die Woord bestudeer, sal hulle die waarheid van God ontdek, wat hulle in staat sal stel om te wete te kom wat die Woord leer met betrekking tot die onderwerp van Facebook as sosiale mediaplatform, asook die invloed wat Facebook op hul persoon uitoefen. Wanneer hulle die waarheid ontdek en dit hul eie maak, sal die waarheid hulle vrymaak van hul siening oor en verslawing aan Facebook, en kan hulle hul lewe rig volgens die waarheid wat hulle van God, deur die Heilige Gees geleer het (Joh. 8:32).
2. Tweedens word daar na geregtigheid verwys. Deur hulleself met die borswapen van geregtigheid te beklee, beskerm gelowiges hulle hart teen die aanslae van die Bose. Sodoende sal hulle die nodige beskerming geniet teen boodskappe op Facebook wat twyfel wil saai.
3. Derdens kom die skoene vir die bereidheid vir die evangelie van vrede aan die beurt. Hoërskoolleerders wat die waarheid van God ken, behoort ywerig te wees in die verkondiging van die evangelie van vrede. Dit sluit onder meer in om aan ander hoërskoolleerders bekend te maak wat God deur sy Heilige Gees

oor Facebook aan hulle geleer het. Courtney (2004:46) meen dat hoërskoolleerders meer geneig is om met ander hoërskoolleerders oor enige onderwerp te gesels en te luister wat hulle daaroor te sê het. Juis om hierdie rede kan dit vir hoërskoolleerders makliker wees om met diegene te praat wat dieselfde ouderdom as hulle is en die gevare van Facebook aan hulle uit lig, nadat hulle self die kennis van die waarheid ontvang het.

4. In die vierde plek moet gelowige hoërskoolleerders geleer word oor die noodsaaklikheid van die opneem van die skild van geloof. Wanneer hoërskoolleerders die skild van geloof opgeneem en reg aangewend word, sal dit hulle in staat stel om die versoekinge wat deur Facebook kom (soos in 1.2 asook 3.2.3.1 tot en met 3.2.3.13 bespreek), met welslae te weerstaan.
5. Vyfdens kom verlossing ter sprake. Hoërskoolleerders sal die hopeloosheid en sinloosheid van die lewe wat deur sommige boodskappe wat op Facebook gepropageer word, kan teëwerk met die hoop wat hulle in Christus het. Dit sal hulle ook help in hulle stryd om byvoorbeeld met die gewoonte van oormatige tydbesteding op Facebook, te kan breek. Wanneer hulle geval het, kan hulle onthou dat hulle alreeds oorwinnaars is in Christus, en daarom kan opstaan en weer probeer. Dit is belangrik dat gemeentes moet ruimte skep dat hoërskoolleerders mekaar deur geselsgroepe daaraan kan herinner dat hulle reeds oorwinnaars is, selfs wanneer een van hulle geval het. Midde van al die aanvalle van die duiwel kan die hoërskoolleerders vertroue hê in die veiligheid wat hulle in Christus geniet.
6. Sesdens moet hoërskoolleerders "die swaard van die Gees - dit is die woord van God" gebruik om die leuens wat die vyand deur Facebook (en alle ander sosiale media) oordra, te beveg. Om hierdie rede is dit belangrik dat hulle oor kennis van die Woord beskik en daarop gewys word hoe om daardie kennis op dieselfde wyse toe te pas as wat Jesus Christus dit toegepas het toe Hy deur die duiwel versoek was.

6.9.2 Die stryd van die gelowige moet met aanhoudende gebed en smeking gepaard gaan (Eksegese van Efésiërs 6:18-20)

Renner (2003:117) beklemtoon dat gebed van die allergrootste belang vir die Christen is wat ernstig oor sy geestelike groei is. Op sy toeterede tot die gesprek oor gebed vestig Hoehner (2008:132) die aandag op Paulus wat verklaar dat gelowiges

voortdurend in gebed moet verkeer om paraat te bly vir die geestelike stryd (6:18-20). Midde van hierdie worstelstryd moet daar bo alle dinge gebid word (Mentz, s.a.:75): "Dit is in hulle biddende afhanklikheid van God dat die ander wapens effektief word." Wanneer gelowiges bid, verklaar hulle dat hulle alleen deur die krag van die Here in die felheid van die stryd staande kan laat bly (Roberts, 1990:179; vgl. Lee, 1984:551-552). Hoehner (2008:132) merk op dat gebed nie deel van die wapenrusting is nie omdat Paulus geen melding maak van 'n spesifieke deel van die wapenrusting wat verteenwoordigend van gebed is nie. "Bid in die Gees met alle gebed en smeking by elke geleentheid" vestig die gelowige se aandag daarop dat hy voortdurend in gebed moet verkeer (1 Thess. 5:17) om voorbereid te wees vir enige aanvalle van die vyand. Hierdie voortdurende gebed in die Gees wys op volhardende, intense gebed by elke geleentheid en ook in krisistye. Omdat die gelowige in 'n geestelike oorlog gewikkel is, moet hy die oorlog met geestelike wapens voer. Dit word duidelik geïllustreer deur Jesus toe Hy in die tuin van Gétsemané met intensiteit (groter inspanning) gebid het. Gelowiges moet gedurig daarvan bewus wees dat hulle as individue en as kerk teen die bose stry en daarom moet hulle teen elke strategie van die duiwel bid. Hoehner (2008:132) sê: "Nuclear wars cannot be won by rifles. Likewise, satanic wars cannot be won by human strength or strategy. In light of this, Paul warned the saints to constantly pray and remain alert."

Renner (2003:920-921) stel dit duidelik dat biddelose gelowiges en kerke kragteloos, ruggraatloos en oneffektief is en dat hulle biddeloosheid 'n geopende deur vir die vyand is waardeur hy toegang verkry om te steel, te slag en te verwoes. Wanneer gelowiges en die kerk egter bid soos die Woord ons beveel om te doen, word ons 'n mag waarmee die duiwel rekening moet hou.

Paulus se oproep tot gebed is drieledig van aard. In die eerste plek word daar 'n oproep op gelowiges gedoen tot gebed in die algemeen "as 'n daad van vertroue wat te alle tye hulle geestelike stryd teen die magte van die bose begelei." Tweedens word die gelowiges aangesê om vir al die gelowiges te bid. God se kinders is deur die Heilige Gees onlosmaaklik aan mekaar verbind en daarom het hulle 'n verantwoordelikheid teenoor mekaar, om vir mekaar te bid. Derdens is daar die versoek van Paulus dat daar vir hom gebid moet word. Hierdie versoek is gekoppel aan sy werk (verantwoordelikheid) om die evangelie te verkondig. Dit versterk die feit dat dit gebed

is wat die geestelike wapenrusting effektief maak. (Roberts, 1990:179-180; vgl. De Klerk, 2001:131-133).

Dit is van kardinale belang dat die noodsaaklikheid van die volle wapenrusting en gebed by hoërskoolleerders ingeskerp moet word. Wanneer hulle die volle wapenrusting aantrek, sal hulle as Christengelowiges in staat wees om staande te bly in die stryd wat hulle stry. Die volle wapenrusting sal instrumenteel wees vir hoërskoolleerders om oorwinnings te behaal, wat net soos enige ander gelowige stryd voer teen die vyand en sy bose magte. Deur kennis te hê van die gevare wat Facebook inhou, en kennis oor hoe om die volle wapenrusting effektief te kan gebruik, sal hoërskoolleerders bemagtig wees om as Christenkrygers die goeie stryd te stry en as oorwinnaars te triomfeer oor die bose se werke. Dit is belangrik om hoërskoolleerders te leer dat hulle alleen staande sal kan bly in hierdie worstelstryd as hulle in gebed volhard, met hulle volle wapenrusting aan. Omdat hoërskoolleerders ook lidmate van die kerk is moet hulle soos enige ander lidmate van die gemeente volkome toegerus word. In hierdie toerusting moet die Woord van God as verwysingspunt gebruik word om die noodsaaklikheid van gebed sterk te beklemtoon. Dit is verder belangrik dat hoërskoolleerders moet besef dat die oorwinning van die bose in hierdie geestelike oorlogvoering alleen kan realiseer wanneer hulle as gelowiges die volle wapenrusting van God opneem en in die gebed volhard. Hier volg enkele voorbeelde:

- Christene word vanuit die Skrif aangesê om te waak en te bid dat ons nie in die versoeking kom nie (Matt. 26:41). Om hierdie rede moet hoërskoolleerders se aandag daarop gevestig word dat ’n gebrekkige gebedslewe ’n geleentheid aan die duiwel bied om toegang tot hulle lewe te verkry. Een van die vele maniere waarmee die duiwel mense versoek, is deur boodskappe wat deur middel van Facebook verkondig word.
- "Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word” (Matt. 7:7-8). Hoërskoolleerders moet in gebed vir die Here vra om vir hulle antwoorde te gee oor die gebruik van Facebook en die boodskappe wat deur hierdie medium verkondig word. Hoërskoolleerders moet aangemoedig word om in gebed te volhard, totdat hulle die antwoord van die Here sy wil aan hulle bekend maak.

- "En alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo" (Matt. 21:22). Wanneer hoërskoolleerders van gebed geleer word, moet hulle daarop bedag gemaak word dat gebed met geloof gepaard moet gaan ten einde van God te ontvang. Daar moet klem gelê word op Hebreërs 11:6 wat dit duidelik maak dat dit sonder geloof onmoontlik is om God te behaag.
- Gelowiges moet gedurig bid "en nie moedeloos word nie" (Luk. 18:1).
- "Waak dan en bid altyddeur" (Luk. 21:36).
- "Verbly julle in die hoop; wees geduldig in die verdrukking; volhard in die gebed" (Rom. 12:12).
- "Volhard in die gebed en waak daarin met danksegging" (Kol. 4:2).
- "Bid sonder ophou" (1 Thess. 5:17).

Efésiërs hoofstuk 1 beskryf die liefde van God en Sy verlossingswerk, terwyl Paulus in die tweede hoofstuk die gevolg van God se handelinge vir die gelowiges beskryf en hoe die gelowiges vir Christus ervaar. Dit word in hoofstuk 3 verder gevoer, wat handel oor die gelowige se intimiteit met God. Hierdie intimiteit met God loop in hoofstuk 4 uit op die noodsaaklikheid van eenheid binne die liggaam van Christus, terwyl hoofstuk 5 wat 'n aanmoediging is om met die ou mens te breek en in die lig van Christus te wandel. In hoofstuk 6 word daar gefokus op hoe die vyand oorwin moet word. Dit is God se liefde wat dit vir die mens moontlik maak om na God te kan kom, die wedergeboorte deelagtig te word en dan deur 'n intieme lewenswandel met God tot volwassenheid in Christus te groei. Deur hierdie volwassewording is dit vir die gelowige moontlik om die eenheid te bewaar. Namate die gelowige in sy verhouding met die Here groei, word dit vir hom makliker om nee te sê vir die dinge wat die ou en ongeredde mens gedoen het. Gevolglik is dat die geestelike volwasse persoon in staat om deur die gebruik van die volle wapenrusting en volhardende gebed, oor die bose te triomfeer.

Wanneer daar na die toepassing van die leerstelling en gedrag van die gelowiges/kerk soos voorgeskryf in Efésiërs 4-6 gekyk word, en die belangrike temas in die brief toegepas word op die bediening van hoërskoolleerders, kan die volgende riglyne daaruit verkry word:

- Deur toerusting uit die Woord moet hoërskoolleerders geleer word om heiligmaking op elke lewensterrein na te streef, insluitende die wyse waarop hulle Facebook gebruik (Ef. 4:23-24).
- Hoërskoolleerders moet ook onderrig word om in liefde te wandel en om hulleself van onheilige praktyke te weerhou. Dit spreek ook die gebruik van Facebook (en ander sosiale media) aan omdat daar sekere boodskappe op Facebook versprei word, wat Facebookgebruikers aanmoedig om by onheilige praktyke betrokke te raak, wat uitdruklik deur die Woord van God verbied word (Ef. 5:3-6).
- Gelowige hoërskoolleerders se lewenswandel moet ook deur hul wandel in die lig gekenmerk word. Dit beteken dat hulle nie op enige terrein deelgenote van die duisternis mag wees nie en dat hulle ook in geen opsig "gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis" moet hou nie. Dit beteken dat hoërskoolleerders hulle gebruik van Facebook aan die hand van God se Woord moet evalueer omdat daar op Facebook sekere dinge bestaan wat "die onvrugbare werke van die duisternis" bevorder (Ef. 5:7-13).
- Die kerk moet ook hoërskoolleerders toerus om in wysheid te wandel. Dit beteken dat hulle die kennis wat hulle deur lering ontvang, in die praktyk sal toepas en uitleef op 'n wyse wat die Here sal verheerlik. Dit moet ook weerspieël word deur 'n morele rein te lewe, wat alleen moontlik is wanneer die gelowige homself deur die Heilige Gees laat lei (Ef. 5:15-6:9).
- Kerkleierskap moet ook hoërskoolleerders leer om standvastig in geestelike oorlogvoering te wees. Vir Christene om standvastig te wees is alleen moontlik wanneer hulle met oorgawe en volkome toewyding aan die Here vashou en hulleself op 'n daaglikse basis met die volle wapenrusting van die Here beklee. Die kombinasie van volharding in gebed en bestudering van die Woord van God is uiters noodsaaklik vir geestelike groei en effektiewe geestelike oorlogvoering (Ef. 6:10-18). Dit is belangrik dat hoërskoolleerders ook geleer word dat gebed 'n dialoog tussen God en die mens is. Siende dat God net die beste vir elke mens in gedagte het, sal Hy in hierdie dialoog hoërskoolleerders antwoord oor die gevare wat Facebook (en alle ander vorme van sosiale media) vir hulle inhou, wanneer hulle Hom daarna vra.

6.10 GEVOLGTREKKING

Die uitsluitlike doel van die eksegese in hierdie hoofstuk is om vas te stel wat God se Woord aangaande die toerusting en bemagtiging van hoërskoolleerders leer, met betrekking tot die gebruik van Facebook as ’n sosiale mediaplatform. Die doel hiermee is om riglyne vir die praktyk neer te lê wat gebruik kan word om die hoërskoolleerders in die sewe AGS-gemeentes waar die navorsing onderneem is, te begelei tot verantwoordelike en geestelike volwasse besluitneming.

Die bestudering van die Efésiërbrief het dit aan die lig gebring dat dit ’n uitsonderlike ryk bron is wat nie net aan die mense van daardie besondere tydvak waarin die brief geskryf is, die rykdom van God geopenbaar het nie, maar dat dit vandag steeds oor die inhoud/materiaal beskik wat kinders van God se lewe in totaliteit kan transformeer. God se saligheidsplan word duidelik uitgespel deur Jesus Christus, die eniggebore Seun van God wat bereid was om Sy lewe as ’n losprys vir die redding van alle mense gee, omdat hulle vir God van so groot waarde is. In hulle nuwe verhouding met God wat deur Jesus Christus moontlik gemaak is, lewe die wedergebore kind van God nie net as ’n veranderde mens nie, maar deur volkome toewyding in sy verhouding met die Here, is hy in staat om tot geestelike volwassenheid in Christus te groei. In sy verhouding met die Here lewe die gelowige nie net met Hom in verhouding nie, maar omdat hy totaal nuutgemaak is en die liefde van God in hom uitgestort is (Rom. 5:5; 8:14-17), kan hy ook met sy medemens in vrede en harmonie leef (Rom. 12:18; Kol. 3:14-15; 1 Thess. 5:13; Heb. 12:14; Jak. 3:16-18). Soos reeds genoem kan die hedendaagse pastoor/jeugpastoor die Efésiërsbrief met welslae benut om hoërskoolleerders te bemagtig om Facebook op ’n verantwoordelike wyse te gebruik. Die riglyne wat deurlopend in die bestudering van die Efésiërsbrief getrek is, sal in hoofstuk 7 saam met ander resultate saamgevat word vir die aanbieding van die bedieningsmodel.

HOOFSTUK 7: BEVINDINGE EN AANBEVELINGS – GEDETAILEERDE BEDIENINGSMODEL VIR DIE BEMAGTIGING VAN HOËRSKOOLLEERDERS IN DIE AGS MET BETREKKING TOT DIE VERANTWOORDELIKE GEBRUIK VAN FACEBOOK

7.1 REDE WAAROM HIERDIE STUDIE ONDERNEEM IS

Die navorsing het duidelik aan die lig gebring dat baie van die hoërskoolleerders in die gemeentes waar die navorsing onderneem is en van Facebook as sosiale mediaplatform gebruik maak, op ’n gereelde basis blootgestel en gekonfronteer word met pornografie, *sexting,* kuberteistering, identiteitsdiefstal, Facebookdepressie en vele ander aanslae van die Bose. Die gebruik van Facebook speel gewis ’n rol om hoërskoolleerders aan al die genoemde en selfs meer gevare bloot te stel. Dit lei tot die navorsingsvraag van hierdie studie, naamlik: Hoe kan die AGS-kerk te werk gaan om gesinne pastoraal effektief toe te rus om Facebook op ’n verantwoordelike wyse te gebruik? (vgl. 1.3.1).

7.2 DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE

Die oorkoepelende doelstelling van die studie is om ’n gedetailleerde bedieningsmodel wat werkbaar te skep, om pastore en jeugpastore in sekere AGS-gemeentes te bemagtig om hulle ouers en tienerjeug te help om sosiale media (met spesifieke verwysing na Facebook) op ’n verantwoordelike en gebalanseerde wyse te gebruik (vgl. 1.4.1). Die spesifieke doelwitte van die studie is:

- Om deur empiriese navorsing vas te stel wat die impak van die gebruik van Facebook op hoërskoolleerders se lewens is. Die ontwerp van die navorsing bestaan uit ’n gekombineerde kwalitatiewe en kwantitatiewe metodologie (bespreek in hoofstuk 2).
- Om te bepaal wat die huidige situasie in die sewe geïdentifiseerde gemeentes is, met betrekking tot die gebruik van Facebook (bespreek in hoofstuk 3 en hoofstuk 4).
- Om deur middel van ’n literatuurstudie vanuit resente bronne te bepaal wat die redes is waarom Facebook so ’n negatiewe impak op gesinne het en hoe om dit aan te pak (bespreek in hoofstuk 5).

- Watter perspektiewe kan vanuit die Skrif verkry word waarvolgens gesinne in die AGS-kerk pastoraal effektief toegerus kan word om Facebook op ’n verantwoordbare wyse te gebruik (bespreek in hoofstuk 6).
- Om Bybelse riglyne te verwoord en dit saam met ander praktiese fasette wat vanuit die navorsing verkry is, aan te wend vir die ontwerp van ’n bedieningsmodel om die AGS-kerk se gesinne toe te rus om Facebook op ’n verantwoordelike wyse te gebruik (bespreek in hoofstuk 6).

Deur te fokus op die spesifieke bogenoemde doelwitte, sal die navorser in staat stel om ’n gedetailleerde bedieningsmodel wat werkbaar is, vir die sewe AGS-gemeentes waar die navorsing onderneem is, te formuleer.

7.3 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van hierdie pastorale studie is dat die AGS-kerk gesinne deur ’n bybels-gefundeerde bedieningsmodel kan toerus om Facebook verantwoordelik te gebruik (vgl. 1.5).

7.4 METODOLOGIE

Vir die doeleindes van hierdie studie is Osmer (2008:4) se model vir prakties-teologiese interpretasie ingespan. Die model bestaan uit vier take. Elke taak poog om ’n spesifieke vraag te beantwoord:

- Die beskrywend-empiriese taak: "Wat gebeur tans?”
- Die interpreterende taak: "Waarom het dit gebeur?”
- Die normatiewe taak: "Wat is veronderstel om te gebeur?”
- Die pragmatiese taak: "Hoe kan daar in die betrokke situasie opgetree word?” (vgl. 1.6).

Die beantwoording van elk van die bogenoemde vrae sal die navorser in staat stel om ’n werkbare bedieningsmodel te formuleer, wat ouers van hoërskoolleerders en die hoërskoolleerders self in staat sal stel om Facebook op ’n verantwoordelike wyse te gebruik.

7.5 KRITIEKE BESLUITE WAT HOËRSKOOLLEERDERS MOET NEEM

Soos alle Christengelowiges verantwoordelikheid vir hulle verhouding met die Here moet neem en daaraan werk om tot geestelike volwassenheid te groei, moet

hoërskoolleerders in die AGS besef dat dieselfde verantwoordelikheid op hulle rus. In hulle toewyding aan die Here, moet hulle verhouding met die Hom vir hulle die belangrikste van enige verhouding wees. Toegewydheid is ’n vereiste en hoërskoolleerders moet met volharding doen wat die Here van hulle vereis ten einde geestelike volwassenheid te bereik en om die bediening waartoe hulle geroep is, in Christus te vervul (Kol. 4:17; 1 Kor. 4:1-2; 1 Tim. 4:6; 14; 2 Tim. 1:6; 4:5). Om hierdie rede is dit van kardinale belang dat hoërskoolleerders in die AGS sal besef hoe groot en belangrike rol die Heilige Gees in hulle lewe speel en dat hulle Hom sal toelaat om hulle te lei sodat Christus deur hulle hele lewenswandel verheerlik kan word.

7.6 EMPIRIESE ONDERSOEK EN BESPREKING VAN DIE EMPIRIESE NAVORSINGSRESULTATE

In hoofstuk 2 is die bespreking van die navorsingsontwerp breedvoerig bespreek, saam met ’n volledige uiteensetting van die proses van dataversameling. Die ontwerp van die navorsing bestaan uit ’n gekombineerde kwalitatiewe en kwantitatiewe metodologie. Die rede waarom die navorser van die gekombineerde metode van navorsing gebruik maak, is omdat die kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing die grootste moontlikhede vir dieper, breër en meer insiggewende begrip oor die navorsingsonderwerp bied. In die kwalitatiewe fase van die navorsing is daar onderhoude met sewe pastore van die AGS gevoer, om vas te stel wat hulle siening en belewenis oor die gebruik van Facebook deur hoërskoolleerders is.

In die derde hoofstuk van die studie is daar spesifiek gefokus op Osmer (2008:4) se beskrywend-empiriese taak wat ten doel het om die vraag, "Wat gaan aan?” te beantwoord. Die doelstelling van die navorsing is om deur middel van onderhoudsvoering met kerkleierskap vas te stel wat die huidige stand van sake is, ten opsigte van hoërskoolleerders se gebruik van Facebook. Daarna is die ouers van hoërskoolleerders van dieselfde sewe gemeentes by die navorsing betrek. Die gebruik van semi-gestruktureerde onderhoude het aan die deelnemende kerkleierskap die geleentheid gebied om hulle menings te lug oor hoërskoolleerders se gebruik van Facebook en wat die skynbare oorsake vir hoërskoolleerders se betrokkenheid by sondige praktyke op Facebook is. Na die groepering van die inligting wat tydens die onderhoudsvoering met pastore bekom is, is ’n kwantitatiewe vraelys in samewerking met die promotor, mede-promotor en die Sentrale Statistiekdiens van Noordwes-

Universiteit se Potchefstroomkampus opgestel. Die vraelys het relevante vrae aan ouers van hoërskoolleerders gerig om vas te stel tot watter mate dit met die kwalitatiewe navorsing ooreenstem. Die antwoorde wat die ouers van hoërskoolleerders in die eerste fase van die kwantitatiewe vraelyste verskaf het, is gebruik om 'n tweede vraelys op te stel wat deur die hoërskoolleerders van die sewe deelnemende AGS-gemeentes voltooi is. Ook in hierdie geval is die kwantitatiewe vraelys in samewerking met die promotor, mede-promotor en die Sentrale Statistiekdiens van Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus opgestel. Die vraelys het relevante vrae aan hoërskoolleerders gerig om vas te stel tot watter mate die gebruik van Facebook 'n positiewe of negatiewe invloed op hulle lewe uitoefen. Onder die hooftema van Facebook en die rol wat dié sosiale mediaplatform in die lewe van hoërskoolleerders speel, is die volgende subtemas geïdentifiseer (vgl. 3.2):

HOOFTEMA	**SUBTEMAS**
7.6.1 Facebook speel 'n groot rol in die lewe van baie volwassenes en hoërskoolleerders en nie alle gebruikers is eerlik oor hulle gebruik van sosiale media nie	7.6.1.1 Baie hoërskoolleerders (tieners) is nie eerlik met hulle ouers oor hulle gebruik van Facebook nie
7.6.2 Die voordele wat Facebook vir hoërskoolleerders inhou is minimaal	7.6.2.1 Dit is 'n vinnige en goedkoop kommunikasiemiddel om belangrike inligting te kommunikeer 7.6.2.2 Facebook kan gebruik word om bemoedigende boodskappe aan te stuur 7.6.2.3 Daar kan groepe gestig word om hoërskoolleerders met die inhoud van sekere skoolvakke te help en ook emosionele ondersteuning aan emosioneel behoeftiges te bied
7.6.3 Die nadele verbonde aan die gebruik van Facebook hou veral baie gevare vir hoërskoolleerders in. Die meeste van die dinge waaraan hoërskoolleerders op Facebook blootgestel word, is direk verantwoordelik vir die afbreek van morele	7.6.3.1 Facebook dien as 'n platform vir die verspreiding van pornografie 7.6.3.2 Daar is 'n spesifieke Facebookblad wat vir *"sexting"* gebruik word, getiteld, "I love sexting"

waardes en dit staan in direkte teenstelling met die boodskap van die Bybel	7.6.3.3 *"Cyberbullying"* via Facebook kom algemeen voor en dit gaan gepaard met afbrekende woorde en leuens 7.6.3.4 Facebookdepressie is 'n realiteit en kan ernstige probleme vir hoërskoolleerders inhou 7.6.3.5 Verbale en aangesig-tot-aangesig-kommunikasie lei ernstige skade onder ouers en hulle hoërskoolleerders as gevolg van sosiale media soos Facebook 7.6.3.6 Plasings van eksplisiete of naakfoto's en *"posts"* op Facebook, kan ernstige probleme vir die ouers en hulle hoërskoolleerders skep 7.6.3.7 Seksuele predatore hou 'n groot gevaar vir tieners wat Facebook gebruik se veiligheid in 7.6.3.8 Die Blue whale speletjie of uitdaging *(challenge)* hou ernstige gevare vir tieners wat Facebook gebruik se welstand in 7.6.3.9 Die gebruik van akronieme is algemene gebruik onder hoërskoolleerders om ouers te mislei 7.6.3.10 Die ongesonde vergelyking met ander kinders lei in sommige gevalle tot 'n swak selfbeeld by tieners en dit kan aanleiding tot selfdoding gee 7.6.3.11 Hoërskoolleerders word op Facebook aan geweld blootgestel 7.6.3.12 Die gebruik van die internet lei daartoe dat ook Facebookgebruikers 'n digitale voetspoor (ook bekend as 'n kubervoetspoor) agterlaat, wat ander mense

	in staat kan stel om vas te stel presies waar mense hullesef bevind 7.6.3.13 Geslote groepe *("closed groups")* skep die geleentheid vir alle Facebookgebruikers om by ongewenste aktiwiteite betrokke te raak 7.6.3.14 Sommige tieners en/of hulle ouers gebuik Facebook ondermeer om eksplisiete foto's te deel

Tabel 7.1

7.6.1 Bevindinge ten opsigte van die empiriese navorsing

Die antwoord op Osmer (2008:4) se beskrywend-empiriese taak wat vra, "Wat gebeur tans?" het die volgende antwoorde opgelewer.

7.6.1.1 Bevindinge ten opsigte van die onderhoude wat met kerkleierskap gevoer is

Diegene in kerkleierskap wat aan die navorsing deelgeneem het, is van mening dat Facebook baie meer nadele as voordele vir hoërskoolleerders inhou. Volgens die deelnemende respondente word dit aan verskeie oorsake toegeskryf. Die deelnemende respondente het verskeie nadele wat die gebruik van Facebook vir hoërskoolleerders inhou uitgelig, soos in tabel 7.1 vervat.

7.6.1.2 Bevindinge ten opsigte van die resultate wat uit die vraelyste verkry is wat deur die ouers van hoërskoolleerders voltooi is, is met betrekking tot Facebook

Die oorgrote meerderheid van die deelnemende respondente is dit eens dat hulle hoërskoolleerders oor 'n Facebookprofiel beskik. Uit die resultate wat bekom is, het die meerderheid van die respondente aangedui dat hulle daarvan bewus is dat hulle hoërskoolleerders al 'n vals Facebookprofiel geskep het. Dit het ook aan die lig gekom dat daar ouers van hoërskoolleerders is wat daarvan bewus is dat hulle kind of kinders 'n Facebookprofiel voor die ouderdom van dertien jaar geskep het.

Minder as 'n derde van die deelnemende respondente beskou hulleself as tot 'n groot mate toegerus oor die gevare wat die gebruik van Facebook vir hulle hoërskoolleerders inhou. Dit wys daarop dat daar in die sewe gemeentes waar die navorsing onderneem is 'n groot behoefte is vir 'n bedieningsmodel oor hoe Facebook

op ’n verantwoordelike wyse gebruik kan word. Vanuit die resultate is dit duidelik dat die beskikbaarheid van pornografie op Facebook (en die internet), identiteitsdiefstal en *cyberbullying* die gevare is wat die grootste kommer by ouers van hoërskoolleerders wek.

Meer as ’n derde van die respondente meen dat plasings/inskrywings wat deur hulle hoërskoolleerders se vriende op Facebook geplaas word, ’n groot effek op hulle kinders se lewe uitoefen. Hoewel die meerderheid van die respondente aangedui het dat hulle toegang tot hulle hoërskoolleerders se Facebookprofiele het, wek dit groot kommer dat net meer as een derde van die respondente nie toegang tot hulle hoërskoolleerders se Facebookprofiele het nie. ’n Verdere twee faktore wat groot kommer by die navorser wek, is die groot aantal ouerrespondente wat aangedui het dat hulle bewus is dat hulle hoërskoolleerders aan ander godsdienste as Christenskap op Facebook blootgestel is en nog ’n groter aantal ouers wat nie weet of hulle hoërskoolleerders naas Christenskap al aan ander godsdienste op Facebook blootgestel is nie.

Daar is verder bevind dat net meer as die helfte van ouers van hoërskoolleerders bewus is van die privaatheidstellings wat gebruik kan word om hulle hoërskoolleerders teen die gevare van Facebook te beskerm. Die groot persentasie van ouers wat egter nie van die privaatheidstelling op Facebook bewus is nie, bevestig dat inligting met betrekking tot privaatheidstellings op Facebook deel van die toerusting moet wees, sodat hoërskoolleerders Facebook op ’n verantwoordelike kan gebruik.

In die sewe AGS-gemeentes waar die navorsing onderneem is, is ook bevind dat die grootste aantal respondente nie van *apps* (toepassings) soos Kik, Snapchat, Whisper en Tumblr bewus is nie. AGS-kerkleierskap moet hiervan kennis neem en praktiese bedieningstrukture vestig om ouers en hulle hoërskoolleerders toe te rus om Facebook en die toenemende aantal *apps* op ’n verantwoordelike wyse te gebruik.

7.6.1.3 Bevindinge ten opsigte van die resultate wat uit die vraelyste verkry is wat deur die hoërskoolleerders van sewe AGS-gemeentes voltooi is, is met betrekking tot Facebook

Die oorgrote meerderheid van die hoërskoolleerders wat met die toestemming van hulle ouers en voogde aan die navorsing deelgeneem het, het aangedui dat hulle oor ’n Facebookprofiel beskik. Daar is mider as tien persent van die deelnemende hoërskoolleerders wat aangedui het dat hulle ’n valse Facebookprofiel geskep het. Dit is egter

kommerwekkend dat byna 40% van die hoërskoolleerders aangedui het dat hulle voor dertien jarige ouderdom oor 'n Facebookprofiel beskik het, gegewe dat dertien jaar die minimum ouderdom is om 'n Facebookprofiel te skep volgens Facebookreëls.

Hoewel die meerderheid van die respondente minder as een uur per dag op Facebook spandeer, is daar 'n aantal hoërskoolleerders wat aangedui het dat hulle heeltemal te veel tyd op Facebook spandeer. So ook wek dit kommer dat 'n redelike hoë persentasie van respondente aangetoon het dat hulle eerder deur middel van sosiale media kommunikeer, as wat hulle verbaal en van aangesig-tot-aangesig met ander mense kommunikeer. Die uitdaging hiervan is dat diegene wat eerder deur middel van sosiale media kommunikeer, die gevaar staan om grootliks, indien nie heeltemal nie, anti-sosiaal te raak. Hierdie soort gedrag sal gewis 'n negatiewe invloed in romantiese en later in huweliksverhoudinge hê.

Dit is ook bevind dat die minderheid van hoërskoolleerders deel van geslote groepe is. Hoewel die betrokkenheid by geslote groepe nie noodwendig negatief en verkeerd is nie, bestaan die moontlikheid wel dat hoërskoolleerders wat deel van geslote groepe is, moontlik deel kan wees van groepe wat hulle negatief kan beïnvloed. 'n Werkbare bedieningsmodel behoort elemente te bevat wat nie net die gevare van lidmaatskap van sekere geslote groepe uitspel nie, maar ook hoe hoërskoolleerders wat lidmate van die AGS-kerk is nie by ongewenste groepe betrokke moet raak nie.

Die sowat twintig persent van hoërskoolleerders wat aangedui het dat hulle al aan pornografie op Facebook blootgestel is, bevestig kerkleierskap se vermoede in die kwalitatiewe fase van die navorsing dat die blootstelling aan pornografie 'n groot gevaar vir hoërskoolleerders inhou. Die voorkoms van pornografie op Facebook en die maklike toegang daartoe is ook deur die ouers van hoërskoolleerders as die nommer een gevaar op Facebook uitgewys. Daar is verder bevind dat daar sommige hoërskoolleerders is wat op Facebook met pornografie gekonfronteer is, maar dit nie onder hulle ouers se aandag gebring het nie. 'n Verdere punt wat kommer wek, is dat byna 25% van hoërskoolleerders wat aan die navorsing deelgeneem het, by geleentheid genader is om naakfoto's van hulleself aan ander Facebookvriende te stuur. Byna 'n derde van die respondente wat versoeke van Facebookvriende ontvang het om naakfoto's van hulleself aan te stuur, het dit nie onder hulle ouers se aandag gebring nie. Ook hier kan die kerk 'n groot rol speel om hoërskoolleerders te leer om met vrymoedigheid met hulle ouers te praat oor dinge wat hulle tot nadeel kan strek.

'n Verdere bevinding wat gemaak is, is dat *cyberbullying* 'n realiteit is wat aangespreek moet word. Hoewel die minderheid van die respondente aan *cyberbullying* blootgestel is, is die voorkoms daarvan 'n bevestiging van die respondente in die kwalitatiewe fase van die navorsing, asook dié van ouers in die eerste fase van die kwantitatiewe navorsing. Net soos in die geval van pornografie en waar hoërskoolleerders moes aandui of hulle al versoeke van Facebookvriende ontvang het om naakfoto's van hulleself aan te stuur, is daar van die respondente wat nie hierdie voorvalle onder hulle ouers se aandag bring nie.

Die navorsingsuitslae het ook aan die lig gebring dat al die respondente nie al hulle Facebookvriende persoonlik ken of ontmoet het nie. Dit is aanduidend dat virtuele vriendskappe wel voorkom. Die AGS-kerk kan ook in hierdie opsig hoërskoolleerders vanuit die Skrif oor die moontlike gevare van virtuele vriendskappe voorlig.

Die oorgrote meerderheid van die respondente het aangetoon dat hulle van sosiale media-*apps* gebruik maak en 'n groot aantal *apps* wat vir verskillende doeleindes aangewend word, word deur hoërskoolleerders gebruik.

7.7 DIE ONTSTAAN, ONTWIKKELING EN GROEI VAN FACEBOOK EN DIE POPULARITEIT VAN FACEBOOK ONDER HOËRSKOOLLEERDERS: 'N LITERATUURSTUDIE

In hoofstuk vyf is daar ondersoek ingestel na bestaande literatuur oor die ontstaan en die groei van Facebook en die populariteit van Facebook onder hoërskoolleerders, teen die agtergrond van die internet (vgl. 5.5, 5.6, 5.7, 5.9 en 5.11). Die klem het geval op Osmer (2008:4) se interpreterende taak, wat dit ten doel stel om die vraag, "Waarom het dit gebeur?" te beantwoord (vgl. 5.1). Die antwoorde op dié vraag word nou uiteengesit.

Daar is bevind dat die meerderheid van hoërskoolleerders wat aan die navorsing deelgeneem het, van sosiale media gebruik maak en dat hulle hoofsaaklik op die gebruik van Facebook as kommunikasiemiddel steun . Van die redes hiervoor is dat Facebook aan gebruikers die geleentheid bied om die belangrikste gebeure in hulle lewe en prestasies wat hulle bereik het, met familie en vriende te deel.

Facebook is besonder gebruikersvriendelik en gebruikers daarvan hoef nie besonder rekenaargeletterd te wees om van die platform gebruik te maak nie. Enige persoon wat toegang tot 'n rekenaar, tablet of slimfoon en die internet het en wat kan lees en

skryf, behoort die maklike gebruiksaanwysings wat in meer as sewentig tale beskikbaar is, te kan volg om ’n Facebookprofiel te skep, vriendskappe te vorm, te kommunikeer en foto’s en videos te deel. Vanuit die literatuurstudie het dit aan die lig gekom dat hoërskoolleerders (tieners) die mees intensiewe gebruikers van Facebook is. Die populariteit van Facebook kan grootliks toegeskryf word aan die feit dat hoërskoolleerders wat toegang tot rekenaars, slimfone en die internet het, byna met enige iemand te enige tyd op enige plek kan sosialiseer. Dit is vir hoërskoolleerders van kardinale belang om voortdurend met hulle vriende in verbinding te wees, omdat dit hulle in staat stel om uitdrukking aan hulleself te gee. Om die gebeure in hulle lewe met hulle vriende te deel, is ’n sleutelaspek van hoërskoolleerders se aanlynkommunikasie en om in verbinding met hulle vriende te wees, is vir hoërskoolleerders aanduidend dat hulle hoort of *“part of the crowd”* is. ’n Verdere faktor wat Facebook besonder gewild onder hoërskoolleerders maak is dat dié sosiale-mediaplatform vele opsies aan Facebookgebruikers bied. So byvoorbeeld is dit vir hoërskoolleerders belangrik om dit wat in hulle persoonlike lewe gebeur met hulle vriende te deel, omdat dit hulle populariteit op Facebook kan verhoog. Dit is belangrik vir hoërskoolleerders om inligting, foto’s en videos met hulle vriende op Facebook te deel, omdat dit hulle in staat stel om uitdrukking aan hulleself te gee. Terselfdertyd voel hulle dat hulle ’n bydrae tot hulle vriendekring lewer en dat hulle in die proses hulle stempel afdruk op diegene waarvan hulle deel is.

Vanuit die literatuurstudie is dit ook duidelik dat hoërskoolleerders nie sal skroom om van ander sosiale mediaplatforms gebruik te maak om hulle privaatheid en anonimiteit van volwassenes te verseker nie. Om hierdie rede is dit uiters belangrik dat ouers van hoërskoolleerders hulleself voortdurend moet vergewis van die gereëlde verandering van die sosiale medialandskap. Dit bepleit die noodsaaklikheid van ’n werkbare bedieningsmodel wat kerkleierskap van die AGS-kerk kan gebruik om ouers van hoërskoolleerders en hul hoërskoolleerders behulpsaam te wees om Facebook op ’n verantwoordelike wyse te gebruik.

7.8 SKRIFTUURLIKE PERSPEKTIEF OP DIE TOERUSTING VAN HOËRSKOOLLEERDERS TEN OPSIGTE VAN DIE VERANTWOORDELIKE GEBRUIK VAN FACEBOOK VANUIT DIE BRIEF AAN DIE EFÉSIËRS

In hoofstuk 6 het die soeklig op Osmer (2008:4) se normatiewe taak geval, wat vra, “Wat is veronderstel om te gebeur?” Om hierdie vraag te beantwoord, is daar spesifiek gekyk na wat die Bybel sê omdat dit deur Christene beskou word as die bron van wysheid en normgewing en daarom die basis vir gesonde Christelike besluitneming vorm. In hoofstuk 6 is daar eksegese van die brief aan die Efésiërs gedoen om vanuit die Woord van God vas te stel wat veronderstel is om in die praktyk aan te gaan (vgl. 6.1). Die doel van die eksegese is om riglyne neer te lê vir die verantwoordelike gebruik van Facebook deur hoërskoolleerders. Daar is in diepte op die volgende perikope gefokus: Efesiërs 4:1-6; 4:7-16; 4:17-32; 5:1-6; 5:7-14; 5:15-21; 6:1-4 en 6:10-20.

7.9 GEDETAILLEERDE PERSPEKTIEWE OP ’N MOONTLIKE BEDIENINGSMODEL VIR DIE EFFEKTIEWE BEDIENING VAN HOËRSKOOLLEERDERS MET DIE OOG OP DIE GEBRUIK VAN FACEBOOK

In hierdie hoofstuk val die lig op Osmer (2008:4) se pragmatiese taak, wat vra, "Hoe kan daar in die betrokke situasie opgetree word?” Osmer (2008:176) vestig die aandag daarop dat daar gedurende dié fase op die vorming en die uitvoering van strategieë van aksie gefokus word, wat die gebeure op ’n wesenlike wyse beïnvloed. Osmer redeneer dat praktiese teologie dikwels modelle vir die praktyk, asook "rules of art” voorsien. Modelle vir die praktyk gee aan kerkleiers ’n algehele beeld van die veld waarin hulle werksaam is, asook maniere om die veld volgens hulle gewenste doelwitte te vorm. Die "rules of art” is meer spesifieke riglyne oor hoe om besondere aksies binne die gemeente uit te voer. In hierdie hoofstuk word ’n gedetailleerde bedieningsmodel geformuleer om belangrike rolspelers in die AGS-kerk te bemagtig vir die verantwoordelike en effektiewe pastorale toerusting van hoërskoolleerders met betrekking tot die verantwoordelike gebruik van Facebook.

Vir die AGS-kerk om effektief te wees in die vorming, begeleiding en toerusting van hoërskoolleerders, moet daar ’n gedetailleerde bedieningsmodel geformuleer word

wat deur kerkleierskap aangewend kan word ten einde effektief te wees in die bemagtiging van hoërskoolleerders om Facebook op ’n verantwoordelike wyse te gebruik. Hier volg nou ’n uiteensetting van die gedetailleerde bedieningsmodel vir die toerusting van hoërskoolleerders van die AGS-kerk se sewe gemeentes waar die navorsing onderneem is, soos saamgestel vanuit die navorsing en die eksegese wat gedoen is. Hierdie gedetailleerde bedieningsmodel het ten doel om aanbevelings te maak ten opsigte van die verantwoordelike gebruik van Facebook deur hoërskoolleerders binne die sewe gemeentes van die AGS-kerk waar die navorsing onderneem is en om die vraag, "Hoe kan ons reageer?” te beantwoord.

Die eksegese van die Efésiërsbrief het aan die lig gebring dat toerusting en begeleiding van hoërskoolleerders van kardinale belang is om die gevare waaraan hoërskoolleerdersop Facebook blootgestel word, die hoof te bied. Wanneer Christene wat in die hoërskool is volgens die voorskrifte van die Efésiërbrief en die res van die Bybel handel, sal dit gewis ’n positiewe en betekenisvolle verandering in hulle lewens teweegbring. Sou Christene wat in die hoërskool is nie op die Bybelse voorskrifte vir ’n rein en heilige lewe ag slaan nie, is morele verval in hulle lewens onafwendbaar. Dit is belangrik dat kerkleierskap te alle tye in ag moet neem dat hoërskoolleerders gedurende adolessensie in ’n baie gekompliseerde lewensfase is waarin houdings en oortuigings wat noodsaaklik is om effektief deel te kan hê aan die lewe binne die gemeenskap ontwikkel word. Dit omsluit die gemeenskap binne die kerk. Omdat die vraag na die sin van lewe verdiep en hoërskoolleerders voortdurend na antwoorde soek, moet AGS-kerkleierskap en die geestelike volwasse lidmate binne die gemeente die Bybel as primêre bron van onderrig gebruik om antwoorde op lewensvraagstukke aan hoërskoolleerders te verskaf. Die resultate van die empiriese navorsing dui aan dat daar ’n behoefte aan ’n gedetailleerde bedieningsmodel bestaan, waardeur hoërskoolleerders effektief bemagtig kan word om Facebook op ’n verantwoordelike wyse te gebruik (vgl. punte 3.2, 3.3, en 4.2). Hoofstuk 5, wat spesifiek op die populariteit en die invloed van Facebook op hoërskoolleerders se lewens fokus, het aan die lig gebring dat daar verskeie gevare is waaraan hoërskoolleerders as Facebook-gebruikers blootgestel kan word. Dit is ’n verdere aanduiding dat dit noodsaaklik is om ’n gedetailleerde bedieningsmodel daar te stel wat hoërskoolleerders kan aanwend om die gevare waarmee hulle op Facebook te doen kan kry, die hoof te bied.

7.9.1 Die kerk het taak ’n belangrike taak om te vervul ten opsigte van die onderrig van hoërskoolleerders om hulle redding te verstaan

Daar moet eerstens melding gemaak word van die uiters belangrike rol wat die Heilige Gees in die Christelike opvoeding van hoërskoolleerders vervul. Dit is van kardinale belang dat hoërskoolleerders vanuit die Skrif geleer en oortuig moet word dat die liefde van God deur Jesus Christus aan hulle geopenbaar is. Om hierdie rede kan wedergebore hoërskoolleerders hulleself verheug in die hoop van Christus wat hulle tot die ewige lewe geroep het. Dit sal daartoe bydra dat onsekerheid wat deel van hoërskoolleerders se lewe uitmaak en tot ’n groot mate deur die gebruik van Facebook bevorder word, teengewerk kan word. Sodoende sal daar ook groter stabiliteit in hulle lewens gevestig word. Die wedergebore hoërskoolleerder moet nie alleen leer om God se liefde en genade te verstaan nie, maar ook aangemoedig word om in liefde op God se liefde te reageer. Hoërskoolleerders moet daarvan bewus gemaak word dat hulle redding hulle in staat stel om in ’n lewende en intieme verhouding met die Here te lewe. Intimiteit met die Here kan alleen toeneem wanneer die hoërskoolleerder ’n volhardende gebedslewe vestig. ’n Verdere faktor wat hand aan hand met gebed loop, is die bestudering van God se Woord. Intimiteit met die Here sal verdiep wanneer wedergebore hoërskoolleerders van die Here onder die leiding van die Heilige Gees, God se Woord bestudeer. Omdat hoërskoolleerders ’n groot behoefte aan liefde en aanvaarding het, sal volhardende gebed en die bestudering van die Woord biine die veiligheid van die gemeenskap van gelowiges hierdie behoeftes bevredig. Hoërskoolleerders wat hulle redding verstaan en weet wie hulle in Christus is, sal ook minder kwesbaar vir die versoeking wees om liefde en aanvaarding op Facebook en ander sosiale mediaplatforms te soek.

Kerkleierskap en ander geestelike volwasse lidmate van die AGS-kerk moet die hoërskoolleerders in hulle gemeentes deur lering bewus maak van die prys wat Christus vir hulle redding betaal het, die sekerheid van hulle verlossing in Christus en van die Heilige Gees wat hulle as die eiendom van God verseël het. Hierdie sekerheid is ’n voorvereiste om volgens God se riglyne soos wat dit in Efésiërs 4-6 beskryf word te lewe. Hierdie sekerheid sal hoërskoolleerders ook in staat stel om die nodige vrymoedigheid aan die dag te lê wanneer hulle in sonde geval het, of selfs daarin volhard het, om weer na God te kan terugkeer. Dit maak hoërskoolleerders weerbaar

teen die boodskap van wanhoop wat deur baie boodskappe op Facebook verkondig word.

Hoërskoolleerders moet ook daarvan bewus gemaak word dat hulle as kinders van die Here soos enige ander gelowige tot geestelike volwassenheid geroep is. Dit beteken dat hulle as volwassenes in Jesus Christus die regte keuses sal uitoefen ten opsigte van die gebruik van Facebook. Ten einde geestelike volwassenheid te bereik, moet die wedergebore hoërskoolleerder ’n lewe van volkome en volgehoue toewyding aan God leef. Vanuit sy/haar liefde vir die Here moet die wedergebore hoërskoolleerder ’n gedissiplineerde lewe leef om geestelike volwassenheid te bereik, en in sy/haar geestelike volwasse staat ook besluite te neem ten opsigte van sy/haar gebruik van Facebook, sodat Christus daardeur verheerlik sal word. Dit is raadsaam dat kerkleierskap en ander geestelike volwasse begeleiers van hoërskoolleerders in die AGS-kerk doelbewus gereelde tye tydens hulle gemeentes se jeugbyeenkomste sal inruim waar hulle saam met die hoërskoolleerders op Facebook sal inteken en van die boodskappe wat op die hoërskoolleerders se *pages* verskyn, aan die hand van God se Woord toets. Op hierdie wyse is die hoërskoolleerders self by die ontleding van Facebookboodskappe betrokke en kan hulle vanuit die Woord en die oortuiging van die Heilige Gees, hulle eie gevolgtrekkings maak. Omdat die morele ontwikkeling van die hoërskoolleerders juis deur hulle sosiale omgewing gestimuleer word, kan elkeen van die betrokke partye ’n sinvolle bydra tot hulle morele ontwikkeling lewer. Hoërskoolleerders wat met oortuiging kan sê: "die Heilige Gees en ons het besluit” (Hand. 15:28), sal dan in staat wees om met groter versigtigheid boodskappe, foto’s en videos op Facebook te plaas. Omdat die hoërskoolleerder self by die proses van die ontleding en toets van Facebookboodskappe aan die hand van die Skrif betrokke is, en sy/haar insette kan lewer, sal hulle nie voel dat hulle ouers en of kerkleiers aan hulle voorskryf waaraan hulle op Facebook mag of nie mag deelneem nie. In die proses behoort hoërskoolleerders ook groter vrymoedigheid aan die dag te lê om lewensvrae, wat dikwels deur boodskappe of Facebook ontstaan, op die regte plek te vra en Skrifgefundeerde antwoorde op dié te kry. Wanneer hoërskoolleerders dankbaar teenoor die Here staan vir hulle redding, sal hulle daarop ingestel wees om doelbewus daarna te strewe om volgens God se wil en voorskrifte soos in sy Woord uiteengesit, te lewe. Dit geld ook vir hulle gebruik van Facebook. Waar daar ’n persoonlike verhouding tussen die hoërskoolleerder en die Here bestaan, maak dit

hulle weerbaar teen die onvanpaste, negatiewe en afbrekende boodskappe wat van tyd tot tyd op Facebook teëgekom kan word. Omdat die wedergebore hoërskoolleerder in ’n intieme verhouding met die Here leef, sal hy/sy hulself van enige onvanpaste, negatiewe en afbrekende gesprekke wil distansieer, omdat dié gesprekke ’n negatiewe invloed op hulle verhouding met die Here sal hê. Hoërskoolleerders moet ook die Skrif in 1 Korinthiërs 15:33 gewys word, wat dit duidelik maak dat slegte gesprekke goeie sedes bederf (vgl. 2 Tim. 2:16-18; 2 Pet. 2:18-20). Die voorkoms van slegte gesprekke op Facebook is iets wat moeilik betwis sal word.

Kerkleierskap van die AGS-kerk, asook die geestelike volwasse lidmate van die gemeente het ’n groot verantwoordelikheid teenoor hoërskoolleerders om hulle aandag daarop te vestig dat die Here volkome bewus is van al die onsekerhede waarmee hulle gedurende hierdie lewensfase te doen kry. Dit is baie belangrik dat kerkleierskap en die geestelike volwasse lidmate van die gemeente hoërskoolleerders se aandag voortdurend daarop sal vestig dat hulle te midde van al die onsekerhede waarmee hulle te doen kry, nooit oor God se liefde en genade onseker hoef te wees nie. Om tot kennis van God te kom, vra dat hoërskoolleerders die Woord van God moet bestudeer. Deur die kennis wat hulle onder die leiding van die Heilige Gees bekom, sal hulle weet watter soort gesprekke op Facebook vermy moet word en deur die krag van die Heilige Gees sal hulle in staat gestel word om nie by enige onvanpaste, negatiewe en afbrekende gesprekke betrokke te raak nie.

Deur volhardende gebed, volgehoue bestudering van die Woord van God en die leiding van die Heilige Gees, sal hoërskoolleerders in staat gestel word om weldeurdagte en ingeligte besluite te neem met betrekking tot die gebruik van Facebook. Omdat hoërskoolleerders hulleself in ’n tydperk van onder meer emosionele ontwikkeling bevind, kan dit aanvaar word dat die gebruik van Facebook ’n invloed op hulle emosies sal uitoefen. Die kanse is dus groot dat hoërskoolleerders se kommentaar op hulle Facebookvriende se *posts,* foto’s en of videos dikwels emosioneel van aard sal wees. Omdat die neem van emosionele besluite nie noodwendig op die waarheid van God se Woord gebaseer is nie, moet AGS-kerkleierskap ’n volhardende gebedslewe saam met volgehoue bestudering van die Woord van God by hoërskoolleerders aanmoedig. Sodoende word die

hoërskoolleerder bemagtig om saam met die Heilige Gees besluite te neem, waardeur God verheerlik sal word.

7.9.2 Hoërskoolleerders moet deur hulle ouers, kerkleierskap en gemeenteleierskap geleer word hoe hulle as kinders van God waardig moet lewe

Hoërskoolleerders moet geleer word dat hulle as kinders van God waardig moet lewe ooreenstemmend "die roeping waarmee" ook hulle geroep is (Ef. 4:1). Dit beteken dat hoërskoolleerders 'n heilige lewenswandel moet nastreef. Dit geld ook vir hulle gebruik van Facebook. 'n Verbintenis tot 'n heilige lewenswandel sal van wedergebore hoërskoolleerders vra om nie slegs op onvanpaste, negatiewe en afbrekende boodskappe wat van tyd tot tyd op Facebook teëkom nie ag te slaan nie, maar om hulleself geheel en al van alle negatiewe boodskappe op Facebook te distansieer. Diegene wat volgens Efésiërs 4:11 geroep is om die heiliges vir hulle dienswerk toe te rus, het die verantwoordelikheid om ook wedergebore hoërskoolleerders te onderrig in die gawes wat aan die kerk gegee is en seker maak dat die hoërskoolleerders ten volle begryp dat die gawes ten doel het dat ons mekaar daarmee moet opbou en stig. Die noodsaaklikheid van die gawes moet aan die hoërskoolleerders verduidelik word en hulle moet verstaan dat daar verskeie gawes aan die gelowiges gegee is, maar dat almal nie oor dieselfde gawes beskik nie. AGS-kerkleierskap en die geestelike volwasse lidmate van die gemeente, insluitende ouers van jongmense, moet hoërskoolleerders vanuit die Skrif leer hoe hulle op 'n waardige wyse moet wandel. Die wandel wat God verheerlik, is die "wandel in die Gees" (Gal. 5:16). Hoërskoolleerders wat hierdie weg bewandel, sal "nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie" (Gal. 5:16; vgl. Gal. 5:25; 6:8). Hoërskoolleerders moet begelei word om "alles tot verheerliking van God" te doen. Dit sluit hulle gebruik van Facebook en ander vorme van sosiale media in. Paulus maan alle wedergebore kinders van God, insluitend hoërskoolleerders, om waardig te wandel "voor God wat julle tot sy koninkryk en heerlikheid roep" (1 Thess. 2:12).

Kerkleierskap moet ook die ouers van hoërskoolleerders onderrig in die gebruik van Facebook, sodat hulle die waardige lewenswandel aan hulle kinders kan demonstreer. Ouers moet daarop gewys word dat effektiewe ouerskap in hierdie tydvak vereis dat hulle eie gebruik van Facebook aan hulle kinders moet demonstreer hoe 'n heilige en waardige Christenlewenswandel in die sfeer van sosiale media lyk. Ten einde hierin te slaag, is dit belangrik dat ouers van hoërskoolleerders hulleself deeglik oor die

gebruik van Facebook sal vergewis. Om te probeer wegkruip agter stellings soos: "ek ken net die *basics*", of "ek is nie rekenaargeletterd nie", sal gewis groot gevare vir hoërskoolleerders inhou, omdat hulle ouers nie in staat sal wees om hulle teen die gevare van Facebook te waarsku en beskerm nie. Ouers van hoërskoolleerders moet saam met die toerusting wat hulle van kerkleierskap ontvang, sover as moontlik proaktief optree en hulleself verder met kennis toerus oor die gevare van Facebook en hoe hulle stappe kan neem om hulle kinders teen die gevare van Facebook te beskerm. In hierdie verband kan ouers seminare bywoon waar hulle meer oor die potensiële gevare van Facebook te wete kan kom, of vanuit die groot verskeidenheid van beskikbare boeke oor Facebook wat die gebruik van dié sosiale mediaplatform en die voor- en nadele daarvan verduidelik, aanskaf. Ingeligte ouers sal in staat wees om hulle ouerskap met verantwoordelikheid uit te leef deur hulle kinders te leer, soos wat dit aan ouers in die Woord van God voorgeskryf word (vgl. Deut. 6:6-9; 32:46).

Saam met diegene wat toevertrou is om die heiliges vir hulle dienswerk toe te rus, vra dit ook dat die ander geestelike volwasse lidmate van die gemeente die daad by die woord sal voeg en aan hoërskoolleerders modelleer wat "waardig wandel" binne die Christenlewe beteken. Dit vra van AGS-kerkleierskap en die geestelike volwasse lidmate binne die gemeente, om die leiding van die Heilige Gees met oorgawe te volg. Daar moet ook onder die leiding van die Heilige Gees geestelike mentors en rolmodelle vir hoërskoolleerders daargestel word. Elke hoërskoolleerder moet geestelike volwasse rolmodelle binne die gemeente hê deur wie die waarhede van die Woord geïllustreer en uitgeleef word. Om hierdie rede moet diegene wat as geestelike volwasse rolmodelle kwalifiseer, ag slaan op hoe hulle hul lewe leef, hoe hulle praat en hoe hulle in bepaalde situasies optree. Dit sluit hulle gebruik van Facebook in. Geestelike volwasse rolmodelle sal byvoorbeeld nooit aan hoërskoolleerders kommunikeer dat hulle moet maak soos daar aan hulle gesê word, maar self nie die voorbeeld stel nie. Kerkleierskap en die geestelike volwasse lidmate van die AGS-kerk het ook die verantwoordelikheid om die opdrag in Matthéüs 28:19 ten volle uit te voer. Twee gedagtes is hier ter sprake: (1) die pastore, gemeenteleierskap en die geestelike volwasse lidmate moet in die praktyk vir die hoërskoolleerders die voorbeeld demonstreer hoe die opdrag van Matthéüs 28:19 uitgevoer moet word en (2) die hoërskoolleerders moet ook leer dat hulle alles wat Christus hulle deur die Heilige Gees beveel, moet onderhou.

Omdat alle gelowiges sekere gawes ontvang het, moet hoërskoolleerders ook op die klemverskuiwing van "almal" in Efésiërs 4:6, na "elkeen" in Efésiërs 4:7 gewys word, sodat hulle kan besef dat dit alle gelowiges binne die gemeente insluit. Hierdie gawes is deur God aan die kerk gegee met die oog op bediening en bemagtiging sodat elkeen, insluitende hoërskoolleerders, hulle rol in die gemeente kan vervul. Deur die nuwe lewenswandel van gelowige hoërskoolleerders moet hulle nuwe identiteit in Christus aan gehoorsaamheid aan God se opdragte gekenmerk word, soos dit in die Woord uiteengesit word (Ef. 4:2). Dit sluit in dat hoërskoolleerders ook wanneer hulle met die gevare van Facebook gekonfronteer word op 'n waardige wyse moet wandel. Daar word nou op die gevare wat die navorsing aan die lig gebring het (soos in tabel 7.1 vervat) gefokus en vanuit die Skrif gewys hoe hoërskoolleerders waardig moet wandel, wanneer hulle aan dié gevare blootgestel word.

7.9.2.1 Pornografie

Wat die onderwerp van pornografie aanbetref, moet hoërskoolleerders op die groot gevare wat die blootstelling aan en gebruik van pornografie vir hulle lewe inhou, gewys word. Om waardig te wandel as 'n kind van God sluit onder meer in dat Christene moet beproef wat God welbehaaglik is, en dat hulle geen deelgenootskap aan die onvrugbare werke van die duisternis moet hê nie, maar dit eerder moet bestraf (Ef. 5:10-11). Om hulleself van die pornografie te weerhou en die werke van die Bose voortdurend en effektief te bestaf, vra vir drie dinge. Eerstens moet die hoërskoolleerder se lewe deur 'n toegewyde gebedslewe gekenmerk word. Tweedens moet die hoërskoolleerder 'n liefde vir die Woord van God hê, wat in die volgehoue bestudering daarvan weerspieël word. Derdens moet die hoërskoolleerder homself/haarself deur die Heilige Gees laat lei en dit is alleen moontlik wanneer hy/sy die eerste twee punte nakom. 'n Waardige Christenlewenswandel sal gekenmerk word deur die vermyding van alle vorme van pornografie. Gegewe die vrylike beskikbaarheid van pornografie op die internet moet hoërskoolleerders daarop bedag gemaak word dat hulle selfs op 'n onskuldige wyse aan pornografie op die internet blootgestel kan word en wanneer dit gebeur, moet hulle onmiddellik van so 'n webtuiste uitteken en dit onder hulle ouers se aandag bring. Veral hoërskoolseuns wat besonder maklik deur skamel geklede vroue, vroue in swemdrag en vroue wat in onderklere geprikkel word, moet geleer word dat 'n waardige lewenswandel voor God vra dat hulle hulself ten doel kan stel om geen lae ding voor hulle oë te stel nie en die dade van

afvalligheid moet haat (vgl. Ps. 101:3). Ouers van hoërskoolleerders moet van hulle kant verseker dat hulle sagteware op hulle kinders se rekenaars, selfone en tablette installeer wat toegang tot pornografie hok slaan.

AGS-kerkleierskap moet hoërskoolleerders bedag maak van die enorme en vernietigende uitwerking wat pornografie op hulle seksuele ontwikkeling sal hê, indien hulle hulself skuldig maak om daarna te kyk. Dit is ook belangrik dat hoërskoolleerders se aandag daarop gevestig moet word dat pornografie nie net na seksuele- en naakfoto's of -videos verwys nie, maar dat daar ook geskrewe vorme van pornografie bestaan. Hoërskoolleerders moet ook deur kerkleierskap geleer word dat pornografie besondere groot gevare vir die huwelik inhou omdat beide mans en vroue hulle lewensmaat as 'n blote seksobjek sal begin sien as gevolg van blootstelling aan pornografiese prikkeling en in die proses sal dit wat God met seksuele intimiteit binne die huwelik bedoel het skipbreuk lei. Kerkleierskap moet ook hoërskoolleerders se aandag daarop vestig dat pornografie verslawend van aard is en dat pornografie soos alle vorme van sonde met die verloop van tyd eskaleer en 'n vernietigende effek op individue en gesinne het. Diegene wat hulleself met pornografie en losbandigheid besig hou, beskou en behandel ander mense as blote objekte om hulle eie vleeslike behoeftes te bevredig, terwyl die Woord baie ernstige waarskuwings tot diegene rig wat in die vlees wandel (Ef. 5:3). Hoërskoolleerders moet deur die Woord en deur die voorbeeld van kerkleierskap en geestelike volwasse lidmate van die gemeente begelei word om ander mense se voordeel te soek.

Die feit dat daar in sekere vriendskapskringe op Facebook boodskappe, foto's en videos gedeel word wat sommige Facebookgebruikers tot seksuele losbandigheid aanmoedig, vra dat wedergebore hoërskoolleerders nie hulle liggame, wat tempels van die Heilige Gees is, op hierdie wyse sal ontheilig nie (1 Kor. 6:15). Hoërskoolleerders moet ook vanuit die Woord geleer word dat 'n lewe wat in liefde gewandel word, nie onwelvoeglik handel en sy eie belang soek nie (1 Kor. 13:5; 10:24), maar te alle tye ander mense hoër as homself ag en ook na die belange van andere omsien. Op hierdie wyse word die gesindheid van Christus Jesus openbaar.

7.9.2.2 Sexting

Die feit dat daar van die hoërskoolleerders is wat aan die navorsing deelgeneem het en aangedui het dat hulle by geleentheid gevra is om naakfoto's van hulleself aan sekere Facebookvriende te stuur, bewys dat *sexting* ook vir hoërskoolleerders wat in

Christenhuishoudings groot word gevare inhou. Hoërskoolleerders moet geleer word dat *sexting* net nog ’n vorm van pornografie is en daarom ten alle koste vermy moet word. Wanneer hoërskoolleerders by die praktyk van *sexting* betrokke raak, hetsy deur iemand vir naakfoto’s te vra en te ontvang of naakfoto’s van hulleself aan te stuur, kan hulle nie op ’n waardige lewenswandel voor God aanspraak maak nie. Dit is ook belangrik dat hoërskoolleerders daarop gewys word dat alles wat hulle deur middel van die internet aan enige iemand stuur, in die kuberruimte is om daar te bly. Wanneer hoërskoolleerders dus by enige verkeerde praktyke soos *sexting* betrokke raak, kan hierdie gedrag in die toekoms hulle tot groot nadeel strek. AGS-kerkleierskap moet hoërskoolleerders leer dat hulle nie geen plek aan die duiwel moet gee (Ef. 4:27) en moet beproef wat die Here welbehaaglik is (Ef. 5:10). Hoërskoolleerders moet geleer word om in ooreenstemming met Romeine 12:1-2 hulle liggame as ’n lewende, heilige en aan God welgevallige offer moet stel en nie aan hierdie wêreld gelykvormig moet word nie. Hulle moet verander word deur die vernuwing van hulle gemoed, sodat hulle in staat sal wees om te beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is. Wanneer die hoërskoolleerder vanuit die Woord van God geleer is hoe om sy/haar liggaam as ’n lewende, heilige en aan God welgevallige offer te stel, sal hy/sy in staat wees om nie deur *sexting* aan hierdie wêreld gelykvormig te word nie.

7.9.2.3 Cyberbullying

Hoewel daar nie baie slagoffers van *cyberbullying* in die sewe AGS-gemeentes voorgekom het nie, wek die voorkoms van hierdie fenomeen groot kommer. Vir diegene wat hulleself aan *cyberbullying* skuldig maak, bied Facebook ’n ideale platform om dit te doen. Hoërskoolleerders kan juis op grond van hulle verhouding met God die teiken van *cyberbullies*[153] word. Skuldige partye kan hulle slagoffer/s byna ongestoord met woorde, foto’s en videos en die verspreiding van leuens teister en hulle selfbeeld so afbreek, dat dit rampspoedige gevolge kan hê. ’n Verdere gevaar van Facebook is wanneer *cyberbullies* begin om hulle slagoffers te verneder, en in die proses kan ander boelies hierby betrek word. Die voortdurende teistering van hoërskoolleerders op Facebook sal gewis ’n baie nadelige uitwerking op slagoffers se lewe uitoefen en kan

[153] In hierdie studie verwys *cyberbullies* na diegene wat ander persone op Facebook teister.

'n bydraende faktor van selfdoding onder hoërskoolleerders wees.[154] AGS-kerkleierskap moet hoërskoolleerders leer hoe hulle weerstand teen die voorkoms van *cyberbullying* moet bied. Wanneer hoërskoolleerders die slagoffers van cyberbullying is, moet hulle weet hoe om te midde van die omstadighede steeds waardig te wandel as kinders van God. Die belangrikste punt waarop slagoffers van *cyberbullying* gewys moet word, is dat hulle hulself deur die Heilige Gees moet laat lei, omdat Hy hulle altyd in wysheid sal lei. Dan moet die slagoffers van *cyberbullying* leer om ag te slaan op die Woord van God, wat dit in Efésiërs 6:12 duidelik maak dat volgelinge van Christus se stryd nie teen vlees en bloed is nie, "maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug." Om *cyberbullying* te beveg, moet hoërskoolleerders ook geleer word hoe om geestelik oorlog te voer. Die Woord van God is vir Christene altyd die beste plek om te begin, omdat dit die waarheid is en diegene wat die waarheid ken, sal vrygemaak word. 'n Skrifgedeelte wat kerkleierskap kan gebruik om hoërskoolleerders teen *cyberbullying* te bemagtig, is Jesaja 54:17 wat lui: "Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê." Wanneer hoërskoolleerders oor hulle geloof in God en vir enige ander rede die slagoffer van *cyberbullying* is, moet hulle ook daarop gewys word dat hulle ernstig daarteen moet waak om teen die skuldige partye wraak te neem (Rom. 12:17-19). Kerkleierskap moet hoërskoolleerders wat slagoffers van *cyberbullying* is, aanmoedig om sulke voorvalle so gou as moontlik onder hulle ouers se aandag te bring, omdat hulle ouers hulle teen dié gevare van *cyberbullying* op Facebook sal kan beskerm.

Daar moet nie net teen *cyberbullies* geestelik oorlog gevoer word nie, maar die slagoffers moet hulle ook ten doel stel om die skuldige partye vir die koninkryk van die Here te wen. Spreuke 11:30 maak dit duidelik dat diegene wat siele win wys is. *Cyberbullies* is dikwels self slagoffers van *cyberbullying.* Wanneer slagoffers van *cyberbullying* die opdrag van die Here uitvoer en aan andere doen soos wat hulle aan hulle self gedoen wil hê (Matt. 7:12), bestaan die moontlikheid dat *cyberbullies* vir die

[154] Daar is verskeie berigte op die internet en in die media van hoërskoolleerders wat as gevolg van *cyberbullying* selfdood gepleeg het. Voorbeelde hiervan is 'n dertienjarige dogter van Pretoria (wwwtimeslive.co.za/news/south-africa/2019-02-19-pretoria-girl-commits-suicide-allegedly-after-cyberbullying/) en 'n agtienjarige dogter Texas in die V.S.A. (https://www.cbsnews.com/news/ cyberbullying-pushed-texas-teen-commit-suicide-family/).

Here gewen kan word. ’n Skrif wat die bemagtigde hoërskoolleerder kan aangewend om *cyberbullies* tereg te wys, is Efésiërs 4:29.

7.9.2.4 Facebookdepressie

Hoewel daar in sekere geledere na die voorkoms van Facebookdepressie verwys word, bestaan daar tans baie min navorsing wat ek kon vind wat dit bevestig. Dat hoërskoolleerders wat baie tyd op Facebook spandeer depressief kan raak, is egter ’n moontlikheid. Dit kan grootliks aan voortdurende blootstelling aan negatiwiteit op Facebook toegeskryf word. Kerkleierskap van die AGS moet hoërskoolleerders leer om Facebook oordeelkundig te gebruik en altyd seker te maak dat hulle meer tyd in gebed en in die Woord van God, as op Facebook moet spandeer. Efésiërs 6:10 leer dat kinders van God kragtig in die Here moet word en in die krag van sy sterkte, wat hoërskoolleerders in sal staat stel om waardig te wandel. Kerkleierskap kan ook Skriftgedeeltes soos Filippense 4:13; en 1 Johannes 2:27 aanwend om hoërskoolleerders te bemagtig om hulleself meer in die Woord van God as in Facebook te verdiep.

7.9.2.5 Die gebrek aan verbale en aangesig-tot-aangesig-kommunikasie lei tot ernstige skade onder ouers en hulle hoërskoolleerders as gevolg van sosiale media soos Facebook

AGS-kerkleierskap moet hoërskoolleerders se aandag daarop vestig dat God die mens as ’n sosiale wese geskep het. Dit wat egter deesdae as sosiale media bekend staan, bedreig verbale en aangesig-tot-aangesig-kommunikasie wat essensiële kenmerke van sosialisering is. Vir hoërskoolleerders(en alle ander Christene) om waardig te wandel, moet hulle geleer word om nie verbale en aangesig-tot-aangesig-kommunikasie ten koste Facebook se gesiglose, anonieme kommunikasie te versaak nie. Vanuit die Skrif is dit duidelik dat Paulus en Johannes die noodsaaklikheid van persoonlike kontak met geliefdes baie hoog aangeskryf het (vgl. bv. Rom. 15:28-29; Fil. 1:25-26; 2:24; Flm. 1:22; 2 Joh. 1:12; 3 Joh. 1:14).

7.9.2.6 Plasings van onvanpaste posts op Facebook kan ernstige probleme vir die ouers en hulle hoërskoolleerders skep

AGS-kerkleierskap het ’n belangrike rol om te vervul in die geestelike opvoeding van hoërskoolleerders. Dit geld ook ten opsigte van wat gepas is om op Facebook te *post* en wat om nie te *post* nie. Hoërskoolleerders moet leer dat om waardig te wandel, insluit wat hulle op Facebook *post*. Die feit dat die meeste *posts,* foto’s en videos vir alle vriende en of vir die publiek op Facebook sigbaar is (afhangende van die privaatheidstellings), moet vir hoërskoolleerders

'n aanduiding wees dat hulle uiters versigtig moet wees en deeglik moet besin of dit wat hulle van plan is om op Facebook te deel, hulle waardige wandel as kinders van God tot voordeel sal strek. Om hierdie rede moet kerkleierskap verseker dat hulle deur Skrifgefundeerde lering die hoërskoolleerders in die gemeente bemagtig. Vanuit die Efésiërbrief moet kerkleierskap Efésiërs 4:17-32 inspan ter bemagtiging van hoërskoolleerders (soos in vorige hoofstuk geïlustreer). Daar moet in besonder klem gelê word op 'n heilige lewenswandel wat aanduidend van 'n waardige wandel is. Hoërskoolleerders se aandag moet ook daarop gevestig word dat hulle deur dit wat hulle op Facebook *post,* nie aan die duiwel plek moet gee nie. Daarom moet hoërskoolleerders veral op hulle woordkeuse let en waak teen die gebruik van vuil taal. Die *post* van onvanpaste foto's en videos op Facebook sal ook nadelig op 'n waardige wandel reflekteer. Kerkleierskap moet ook hoërskoolleerders daarop wys dat enige kind van God wat nie waardig wandel nie die Heilige Gees bedroef. Ander Skriftgedeeltes wat kerkleierskap kan gebruik om hoërskoolleerders te leer om teen verkeerde *posts* te waak, is: Efésiërs 2:1-3; 5:3-8 en Matthéüs 7:16-20.

Dit is verder ook noodsaaklik dat hoërskoolleerders deur kerkleierskap geleer word dat die plasing van Skrifgedeeltes en Christelike boodskappe op Facebook nie noodwendig aanduidend is dat so 'n persoon waardig wandel nie. Hoërskoolleerders moet daarvan bewus wees dat enige *post* wat hulle op Facebook mag deel en wat teenstrydig met die Woord van God is, daartoe sal lei dat hulle Christenskap bevraagteken sal word. Om hierdie rede is dit belangrik dat hoërskoolleerders sal besef dat hulle 'n goeie Christengetuienis in woord en daad moet handhaaf. Om vrugte te dra wat by die bekering pas (Matt. 3:8), beteken om 'n mens se lewe op so 'n wyse te leef dat die gedrag en optrede van die wedergebore kind van God in alle opsigte sigbaar sal wees. Hoërskoolleerders moet hulleself die volgende vraag vra: Is dit moontlik om mense vir die koninkryk van God te wen, wanneer ek een dag 'n Bybelvers op Facebook *post* en die volgende dag 'n onvanpaste opmerking op 'n *post* van iemand anders lewer, of 'n skandelike aanhaling, foto's en videos deel? Jesus het immers gesê dat ons aan ons vrugte geken sal word (Matt. 7:20; 12:33).

7.9.2.7 Seksuele predatore

Facebook is een van die sosiale mediaplatforms waardeur seksuele predatore baie maklik toegang tot hulle potensiële slagoffers kan verkry en waar hulle deur 'n valse profiel begin om niksvermoedende hoërskoolleerders te *groom* vir hulle bose dade. Gesien in die lig van die voorkoms van mensehandel regoor die wêreld en veral dogters wat ontvoer en verkoop word om seksslawe te word, moet AGS-kerkleierskap baie klem op die bemagtiging van

hoërskoolleerders lê, om uiters versigtig te wees wie hulle op Facebook bevriend. Om as kind van God waardig te wandel, vra dat hoërskoolleerders nougeset volgens die voorskrifte van God se Woord sal wandel. Hoërskoolleerders moet ook vanuit die Woord daarop gewys word dat hulle die tyd moet uitkoop, omdat die dae boos is en dat hulle nie onverstandig moet wees nie maar die wil van die Here moet verstaan (Ef. 5:15-17). Die werksaamhede van seksuele predatore op Facebook, is ’n duidelike aanduiding van die dae wat boos is. Siende dat daar sommige hoërskoolleerders is wat ’n hoë getal van vriende op Facebook najaag, is dit maklik dat veral hulle in die strik van seksuele predatore kan trap. Om hierdie rede moet kerkleierskap hoërskoolleerders van die gevare wat seksuele predatore vir hulle inhou, bewus maak en die Skrif ter bemagtiging van hulle gebruik. Dit is baie belangrik dat hoërskoolleerders wat vermoed dat hulle deur ’n seksuele predator of predatore geteiken word, dit onmiddellik onder hulle ouers se aandag bring. Ouers van hoërskoolleerders moet ook deeglik oor die onderwerp van seksuele predatore se gebruik van Facebook bewus gemaak word. Sou hulle kinders vermoed dat hulle deur ’n seksuele predator of predatore geteiken word en dit onder hulle ouers se aandag bring, moet dit geensins ligtelik opgeneem word nie maar vir die veiligheid van hulle kind of kinders die saak by die polisie aanmeld. Verdere Skrifgedeeltes wat met welslae ingespan kan word om hoërskoolleerders teen seksule predatore te bemagtig, sluit in: Matthéüs 10:16 en Efésiërs 5:11.

7.9.2.8 Geslote groepe

Geslote groepe skep die indruk dat sekere mense doelbewus nie deel van sulke groepe mag wees nie. In die geval van hoërskoolleerders bestaan die moontlikheid dat sommige van hulle deel van geslote groepe is, omdat hulle hul ouers en of sekere vriende in hul vriendekring doelbewus wil uitsluit van die dinge waarby hulle betrokke is. Die moontlikheid is baie groot dat hoërskoolleerders wat deel van geslote groepe is, bewus is van de feit dat betrokkenheid by sulke groepe nie altyd vir hulle voordelig mag wees nie. Die blote beskrywing van hierdie praktyk as geslote groepe spreek ook van ’n mate van geheimhouding. Kerkleierskap moet hoërskoolleerders vanuit die Woord leer dat niks wat in die geheim en in die duister gedoen word, stil gehou kan word nie. Jesus Christus het self gesê dat daar niks bedek is "wat nie geopenbaar sal word nie," en niks verborge is "wat nie bekend sal word nie" (Luk. 12:2; vgl. 2 Sam. 12:12). Een van die maniere waarop sommige hoërskoolleerders hulle betrokkenheid by geslote groepe kan regverdig, is die verkeerde gebruik van 1 Thessalonicense 5:21 wat sê: "Beproef alle dinge; behou die goeie." Waar hoërskoolleerders hulle

betrokkenheid by geslote groepe vanuit die Skrif wil regverdig, moet kerkleierskap hulle aandag daarop vestig dat hulle nie Skrifgedeeltes selektief moet gebruik om verkeerde gedrag en dade te regverdig nie, maar die Skrif in konteks moet lees. Waar 1 Thessalonicense 5:21 so uit konteks aangehaal word, moet kerkleierskap juis na die daaropvolgende vers verwys, waar gesê word: "Onthou julle van elke vorm van kwaad." Wanneer die hoërskoolleerder hierop ag slaan, sal hulle as kinders van God verder verseker dat hulle waardig wandel, ooreenkomstig die Skrif. Wanneer hoërskoolleerders hulleself van enige geslote groep waar sondige praktyke voorkom weerhou, sal hulle as kinders van God verder verseker dat hulle waardig wandel.

7.9.3 Die heilige lewenswandel van ouers en rolmodelle in hoërskoolleerders se lewe kan 'n positiewe invloed op hoërskoolleerders se lewens uitoefen

Vanuit Efésiërs 4:11-12 is dit duidelik dat kerkleierskap verantwoordelik is om die gemeente deeglik vir hulle dienswerk toe te rus. Die gemeenteleierskap moet op hulle beurt saam met die pastoor of pastore in die gemeente die toerusting van ouers behartig. Die toerusting van ouers deur pastore en die gemeenteleierskap moet die ouers van hoërskoolleerders in staat stel om hulle kinders te begelei om hul identiteit in Christus te vind en te weet dat hulle op grond van God se Woord deur Christus aan God behoort en sy kinders is. Dit beteken dat hoërskoolleerders nie soos ongelowiges moet wandel nie, maar "soos kinders van die lig" (Ef. 5:8). Wanneer gesagsfigure met hoërskoolleerders oor die gebruik van Facebook praat en die lewe wat God se Woord voorstel, moet daar ernstig teen 'n klomp "moets" en "moenies" gewaak word. Kerkleierskap en die ouers van hoërskoolleerders moet hulle vanuit hul Christenidentiteit begelei om te besef dat sekere dinge nie in hul lewe tuis hoort nie. Wat die gebruik van Facebook aanbetref, moet dit in hulle hele lewe waargeneem kan word dat hulle 'n algehele afkeur het aan alle Facebookboodskappe wat negatief, afbrekend en skandelik van aard is. Die wyse waarop hoërskoolleerders op Facebook kommunikeer, moet te alle tye die boodskap kommunikeer dat hulle waarlik kinders van die lig is.

Die AGS-pastoor/jeugpastoor, gemeenteleierskap en die geestelike volwasse lidmate moet hoërskoolleerders aanmoedig om met vrymoedigheid uiting te gee aan dit wat die Heilige Gees hulle op die hart lê om te doen. Hierdie begeleiers van hoërskoolleerders moet dit gedurig beklemtoon dat die Here 'n baie hoë prys op

gehoorsaamheid plaas (vgl. 1 Sam. 15:22). Hoërskoolleerders moet ook geleer word om onmiddelik en presies te doen wat die Heilige Gees hulle lei om te doen, omdat uitgestelde en gedeeltelike gehoorsaamheid ongehoorsaamheid is. Die AGS-pastoor/jeugpastoor, gemeenteleierskap en die geestelike volwasse lidmate moet as begeleiers van hoërskoolleerders vir die kinders die versekering gee dat hulle daar is om die hoërskoolleerder te ondersteun en tot hulp te wees, veral wanneer dit blyk dat daar onsekerheid by hoërskoolleerders is. Dit is ook belangrik dat hoërskoolleerders aangemoedig word om bedag te wees op die valstrik van individualisme wat die *ek*, ten koste van *ons* sterk beklemtoon. Die gevare van relativisme wat hand aan hand met individualisme loop, moet ook aan hoërskoolleerders uitgelig word omdat relativisme morele besluitneming as ’n private aangeleentheid beskou. Dit is juis op Facebook wat hoërskoolleerders ernstig teen privaat besluitneming moet waak, omdat niks wat op Facebook gedeel word privaat is nie. Die wyse waarop die onderrig en prediking plaasvind, word ingrypend deur hierdie punt geraak. Die vertrekpunt in die onderrig en prediking is die werk van Christus en die eenheid van die gelowige met Christus. Hoërskoolleerders hoor voortdurend dat hulle toegerus word om te word (identiteit) wat hul reeds in Christus is. Die rede waarom hoërskoolleerders wil doen wat God vra, is gesetel in hulle dankbaarheid teenoor, en liefde vir God, asook die oortuiging dat God se weg die weg van waarheid, vrede en vreugde is. Dit is dus ’n positiewe begeleiding tot die integrering van ’n bepaalde identiteit en nie ’n negatiewe godsdiens vol "moets" en "moenies" nie.

7.9.4 Hoërskoolleerders moet vanuit die Woord toegerus word oor die erns van die eenheid van die kerk/gemeente en hoe hulle ook verantwoordelik is om dié eenheid te beskerm

Omdat die eenheid van die kerk/gemeente baie belangrik is, moet AGS-kerkleierskap hoërskoolleerders toerus om saam met die ander lidmate van die gemeente die eenheid van die kerk/gemeente te beleef. Die belewenis van eenheid binne die kerk/gemeente moet vir hoërskoolleerders so kosbaar word dat hulle dit ten alle koste wil beskerm. Kerkleierskap en geestelike volwasse lidmate van die gemeente moet hoërskoolleerders dus begelei hoe om die eenheid binne die gemeente te waardeer en te beskerm deur van die gawes gebruik te maak (Ef. 4:3-6). Dit is noodsaaklik dat hoërskoolleerders daarvan bewus gemaak word dat negatiewe en afbrekende boodskappe wat op Facebook gedeel kan word, die eenheid van die gemeente skade

kan berokken. Om hierdie rede moet hoërskoolleerders onderrig word om ernsig te waak teen emosionele reaksie op sekere boodskappe wat op Facebook versprei word. Paulus het by geleentheid op die noodsaak van eensgesindheid onder gelowiges gewys (Rom. 12:16-17). Hoërskoolleerders moet vanuit die eenheid binne die gemeente ervaar dat hulle met vrymoedigheid moeilike vrae waarmee hulle worstel, kan vra. Hulle moet bewus wees van die onvoorwaardelike liefde in die gemeente en daaruit die sekerheid hê dat hulle nie verwerp sal word as hulle sou sondig nie. Wanneer hulle hul sondes met vrymoedigheid en opregte harte bely, sal hulle gehelp word om daarmee te kan breek. Om hoërskoolleerders teen die aanslae wat deur Facebook op hulle harte gemaak word, bedag te maak, is dit nodig dat hulle ’n ware tuiste binne die gemeente vind. Wanneer hoërskoolleerders volgens God se Woord leef, bestaan die moontlikheid dat hulle waarskynlik verwerping van hulle portuurgroep kan ervaar. Om hierdie rede moet hulle ’n plek van veiligheid hê, naamlik die gemeente, waar hulle aanvaarding en liefde kan ervaar en dit op hulle beurt ook vir ander bied. Hoërskoolleerders moet vanuit die Woord van God geleer en deur die Gees oortuig word dat hulle deel van die kerk/gemeente van Jesus Christus is.

Diegene wat as begeleiers van hoërskoolleerders optree, moet ook die ernstige gevaar van eksistensialisme uitwys. Eksistensialisme huldig die standpunt dat alle individue verantwoordelikheid vir hul eie lewe moet aanvaar (wat uiteraard ook positiewe elemente inhou). Verhoudings word ook dikwels gesien in terme van die nut en voordeel wat dit vir die *ek* inhou. Hoërskoolleerders moet besef dat wanneer daar op die *ek* gefokus word en die *ek* soekend is na sy eie voordeel, dit die eenheid van die kerk tot nadeel sal strek. Eksistensialisme is ’n standpunt wat teenstrydig met die Woord van God is, omdat ons deur die Woord daarop gewys word dat Christene nie hulle eie voordeel moet soek nie, maar die voordeel van ander (1 Kor. 10:24; 33).

7.9.5 Die toerusting van hoërskoolleerders om heiligmaking na te streef, is ’n absolute prioriteit van die kerk

Kerkleierskap moet hoërskoolleerders vanuit die Skrif toerus om heiligmaking op elke lewensterrein na te streef. Dit geld ook vir die wyse waarop hulle Facebook gebruik (Ef. 4:17-32). Dit beteken dat hulle nie meer soos heidene/ongelowiges in die verdwaasdheid van hulle gemoed (sonder om die gebruik van Facebook krities te beoordeel) kan wandel nie (Ef. 4:17). Hoërskoolleerders, soos alle ander kinders van

God, moet in hulle nuwe lewenswandel voortdurend daarna strewe om ’n heilige lewe voor God en hulle medemens te leef (vgl. Lev. Rom. 6:19; 22; 1 Thess. 4:3; 7; Heb. 12:10; 14).

Dit is van kardinale belang dat hoërskoolleerders daarvan bewus gemaak moet word dat heiligmaking ’n absolute vereiste van die Here is. Die Heilige Gees wat in kinders van God woon, stel hulle in staat om heilige te leef en wandel. Om heiligmaking na te streef, vra dat kinders van God voortdurend volgens die voorskrifte van God se Woord moet leef en hulleself van alles wat onheilig is, moet weerhou. Dit stel die eis dat die wedergebore hoërskoolleerder met alle vorme van sonde in sy lewe moet breek. Deur ’n heilige lewe te leef, sal die hoërskoolleerder in staat wees om van die hoerery weg te vlug en sodoende verseker dat hy nie deur hoerery teen sy eie liggaam sondig nie (1 Kor. 6:18). Op hierdie wyse word die wedergebore hoërskoolleerder se nuwe identiteit sigbaar en is dit duidelik waarneembaar dat hy sy roeping deur die kennis wat hy van Christus bekom het, vervul. Hoërskoolleerders moet besef dat hulle nie alleen in hulle stryd teen die gevare van Facebook (en sosiale media) stry nie. Dit is raadsaam dat kerkleierskap ondersteuningsgroepe binne die gemeente vestig, waar lidmate mekaar met vrymoedigheid verantwoordbaar hou om met bepaalde sondes in hulle lewe te breek.

7.9.6 Hoërskoolleerders moet onderrig word om in liefde te wandel en om hulleself van onheilige praktyke op te weerhou

Dit spreek ook die onderwerp oor die gebruik van Facebook aan omdat daar sekere dinge op Facebook gedeel word wat die heiligmaking van hoërskoolleerders ernstig bedreig. Die plasing van boodskappe waar sommige Facebookgebruikers skandelike taal gebruik om ander mense te beledig en die deel van foto’s en videos wat dikwels met tonele van geweld teenoor ander mense gevul is, spreek van liefdeloosheid teenoor hul medemens.[155] Blootstelling aan hierdie soort materiaal kan aanleiding tot

[155] Foto’s en videos waar sommige mense geweldadig teenoor ander mense optree, begin meer gereeld in Suid-Afrika voorkom. Die voorkoms hiervan word ondermeer die afgelope aantal jare in die Suid-Afrikaanse Parlement waargeneem, waar lede van die EFF hulleself by herhaling aan geweldadigheid teenoor ANC-parlementslede skuldig maak (https://www.news24.com/SouthAfrica/News/watch-anc-eff-mps-involved-in-physical-confrontation-in-parliament-20190612). Hierdie brutaliteit van lede van die EFF word ook in sommige plaaslike munisipaliteite

verkeerde gedrag onder hoërskoolleerders gee. Die Woord van God maak dit duidelik dat kinders van God nie by enige onheilige praktyke betrokke mag raak nie (Ef. 5:1-6). Hoërskoolleerders moet deur onderrig vanuit die Woord bewus gemaak word van die gevare wat die betrokkenheid by onheilige praktyke vir die skuldige persone inhou (1 Kor. 6:9-10; vgl. Gal. 5:21). Die Woord van God leer dat kinders van God vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar moet wees (Ef. 4:32; 2 Pet. 1:7). Hoërskoolleerders moet in hulle verhouding met die Here op die Heilige Gees steun om hulle te help om met liefde teenoor hulle medemens te lewe, om tussen goed en kwaad te onderskei en om 'n algehele afkeer te hê in alle dinge wat hulle lewens skade kan berokken. Kerkleierskap van die AGS, gemeenteleierskap en geestelike volwasse lidmate van die gemeente moet hoërskoolleerders deur Skrifgefundeerde lering onderrig dat hulle nie die Heilige Gees van God deur wie hulle verseël is, moet bedroef (Ef. 4:30) deur by onheilige praktyke wat op Facebook voorkom betrokke te raak nie. Weergebore hoërskoolleerders se lewenswandel moet deur hulle liefde vir God gekenmerk word. Vanuit hulle liefde vir God moet hulle alles wat onrein is vermy, sodat hulle liefde vir God duidelik sigbaar is. Dit beteken dat hulle geen deel aan enige seksuele en immorele gedrag sal hê nie omdat dit in teenstelling met die liefde staan.

7.9.7 Die wedergebore hoërskoolleerder se lewenswandel moet ook deur sy/haar wandel in die lig gekenmerk word

Dit beteken dat kerkleierskap van die AGS, die gemeenteleierskap en geestelike volwasse lidmate, hoërskoolleerders op so 'n wyse moet onderrig dat hulle geen begeerte sal hê om op enige lewensterrein deelgenote van die duisternis te wees nie. Dit beteken dus dat hulle ook geen "gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis" wil hou nie (Ef. 5:11). Dit beteken dat hoërskoolleerders alles wat op Facebook gedeel word, aan die hand van God se Woord moet evalueer omdat daar

---

waargeneem (https://citizen.co.za/news/south-africa/politics/2092471/watch-eff-councillors-brutally-assaulted-by-bouncers-in-metsimaholo-council/). Die voorkoms van geweldadigheid word ook in skole regoor die land waargeneem. Voorvalle waar leerders onderwysers en medeleerlinge in skole aanval, word dikwels deur kinders met selfone afgeneem en op Facebook en YouTube versprei. Voorvalle van geweld op die skoolgronde is nie net beperk tot seuns wat mekaar te lyf gaan nie. Hierdie fenomeen kom ook voor onder skooldogters. In sommige gevalle is daar leerders wat in sulke voorvalle gesterf het.

in sekere kringe waarvan hoërskoolleerders deel mag wees, dinge is wat "die onvrugbare werke van die duisternis" bevorder (Ef. 5:7-13).

Om in die lig te leef, stel die eis aan hoërskoolleerders om na die Lig te kom, om hulle lewe in die lig te leef. Die lewe wat die wedergebore hoërskoolleerders in die lig leef, is 'n lewe waarin hulle hulself van alle vorme van hoerery moet weerhou (1 Thess. 4:3). Die boodskap wat 'n seksueel losbandige lewe promoveer is deel van die skandelike dinge wat sommige Facebookgebruikers deur middel van boodskappe, foto's en videos deel. Om in die lig te lewe (1 Joh. 1:6-7), vra van hoërskoolleerders om 'n algehele afkeur te hê van alles wat met die Bose verbind word, ongeag hoe gering dit mag wees. 'n Lewe wat in die lig gewandel word, word gekenmerk deur die kennis van God se Woord waaroor die individu beskik en die wyse waarop daardie kennis ingespan word om sy lewe op so 'n wyse te leef dat God te alle tye daardeur verheerlik word. Kerkleierskap en geestelike volwasse lidmate moet aan hoërskoolleerders modelleer dat hulle self daders van die Woord van God is. Diegene wat vir die toerusting van hoërskoolleerders verantwoordelik is, moet hulle begelei om hulle sonde voor God te bely en hulle vergifnis van Christus te beleef. Sodoende sal hulle nie deur skuldgevoelens en skaamte van God weggedryf word nie. Hoërskoolleerders wat baie tyd op Facebook spandeer en in die proses by sondige praktyke betrokke geraak het, moet hulleself ten doel stel om mentors te kry teenoor wie hulle met vrymoedigheid kan praat as hulle gestruikel het. Hoërkoolkinders moet die vrymoedigheid hê om met hierdie mentors te gaan gesels as hulle gestruikel het, en die versekering hê dat hulle nie in die proses verwyt sal word nie. Nadat hoërskoolleerders se sonde aan die lig gebring is, moet mentors die boodskap van vergifnis en oorwinning aan hulle oordra. Deur die werking van die Heilige Gees sal die hoërskoolleerder wat gestruikel het, die sekerheid van vergifnis en oorwinning ervaar. Hoërskoolleerders moet ook geleer word om in die oorwinning te bly leef en wanneer hulle deur enige persoon of die duiwel aan hulle sonde van die verlede herinner word, moet hulle doen wat Paulus in Filippense 3:14 leer: "Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus."

7.9.8 Dit is deel van die taak van die kerk om hoërskoolleerders toe te rus om in wysheid te wandel

Dit beteken dat hoërskoolleerders die kennis wat hulle deur lering ontvang, in die praktyk moet toepas en uitleef, op ’n wyse wat God sal verheerlik. Dit moet ook deur ’n rein lewe weerspieël word, wat slegs moontlik is wanneer die gelowige hoërskoolleerder homself deur die Heilige Gees laat lei (Ef. 5:15-21). Wedergebore hoërskoolleerders moet deur lering vanuit die Woord so toegerus word dat hulle sal weet dat hulle die Heilige Gees met vrymoedigheid vir wysheid op enige lewensterrein kan vra, waar wysheid vereis word, en dat Hy sonder enige verwyte dit aan hulle sal gee (Jak. 1:5-7). AGS-kerkleierskap en gemeenteleierskap en geestelike volwasse lidmate in die gemeente moet die bestudering van die wysheidsliteratuur in die Bybel (Job, Psalms, Spreuke en Prediker) onder hoërskoolleerders aanmoedig, siende dat dit hulle in staat sal stel om as kinders van God in wysheid te wandel wanneer hulle die Woord op ’n praktiese wyse in hulle lewens toepas. Kerkleierskap kan ook by hulle gemeentes se jeugbyeenkomste spesifiek op Bybelstudie van die wysheidsliteratuur fokus, om hoërskoolleerders te help om wysheid vanuit die Woord te bekom. In hierdie opsig speel gesinsbediening ook ’n baie belangrik rol (Deut. 6). AGS pastore moet die gemeenteleierskap na behore toerus sodat hulle op hulle beurt weer die ouers kan toerus om hulle kinders van kleins af te begelei om die Woord van God in hulle lewens toe te pas. Die voortdurende toepassing van die Woord in praktiese lewensituasies en probleme waarmee mense te doen kry, groei die wysheid. Gesinsbediening is ook ’n belangrike deel van jeugbediening.

AGS-kerkleierskap en geestelike volwasse lidmate moet hoërskoolleerders se aandag daarop vestig dat ’n wyse lewenswandel ook in die gebruik van Facebook gereflekteer word. So sal dit as wys gereken word wanneer hoërskoolleerders hulleself distansieer van enige boodskappe, foto’s en videos wat op Facebook ge-*“post”* word, wat teenstrydig met die Woord van God is. Wysheid sluit verder in die wyse waarop hoërskoolleerders met hulle portuurgroep saamleef, asook die vermoë om andere deur hulle optrede te beïnvloed om volgens die Woord van God te leef. Bybelse wysheid verwys ook na die vermoë om geensins deel te hê aan enige negatiewe boodskappe wat op Facebook gekommunikeer word nie. Hulle sal ook weet wanneer om die leiding te neem en die gesprek in die regte rigting te stuur.

Om te verseker dat hoërskoolleerders bybelse wysheid begryp, moet kerkleierskap hulle vanuit die Woord onderrig om bedag te wees op wie hulle op Facebook bevriend. Dit is belangrik dat hoërskoolleerders daarop gewys word dat die hoeveelheid vriende wat hulle op Facebook het geensins aanduidend is van wie hulle in Christus is nie, maar dat die Woord teen baie vriendskappe waarsku (Spr. 18:24). Dit is belangrik dat hoërskoolleerders nie gewildheid by vriende hoër moet aanskryf as hulle verhouding met God nie (Gal. 1:10) en dat hulle ook geleer sal word om nie aan vriendskappe vas te hou wat hulle Christelike lewe tot nadeel strek nie, maar eerder van die funksie op Facebook gebruik te maak om diegene wat met sondige praktyke volhard, te ontvriend *("unfriend"),* as hulle nie op teregwysing en vermaning wil ag slaan nie. Hoerskoolkinders moet ook geleer word om hulleself op Facebook van die raad van die goddelose, die weg van die sondaars en die kring van die spotters moet weerhou, om te verseker dat dit met hulle goed sal gaan (Ps. 1:1; 6).

7.9.9 Hoërskoolleerders se verhouding met hulle ouers moet gekenmerk word as 'n verhouding waarin hulle hul ouers eer

AGS-kerkleierskap moet hoërskoolleerders bewus maak van die voorskrif in God se Woord dat kinders aan hulle ouers onderdanig is en dat hulle hulself aan die gesag en outoriteit van hulle ouers moet onderwerp. Op hulle beurt het ouers 'n besondere groot verantwoordelikheid om deur hulle voorbeeld vir hulle kinders te leer hoe 'n lewe van volkome toewyding aan God moet lyk. Om hierdie rede moet ouers se verhouding met die Here gekenmerk word deur daaglikse gebed (1 Thess. 5:17; Kol. 4:2), die getroue bestudering van die Woord van God (Jos. 1:8; Ps. 1:2) en die getroue bywoning van die onderlinge byeenkomste (Heb. 10:25). Wanneer hierdie dinge deur ouers aan kinders deur hulle ouers gemodelleer word, kan dit daartoe bydra dat kinders hulle ouers sal eer. Die wyse waarop kinders eerbied aan hulle ouers betoon, word onder meer waargeneem in die wyse waarop kinders met en van hulle ouers praat, hoe hulle op die opdragte van hulle ouers reageer, asook gehoorsaamheid aan hulle ouers in die algemeen. Gesien in die lig dat die kerk 'n bydraende rol in die opvoeding van kinders vervul, moet hoërskoolleerders ook op die raad en advies van kerkleierskap ag slaan omdat hulle vanuit 'n posisie van verantwoordelikheid onderrig gee aangaande die lewe volgens die voorskrifte in God se Woord.

Dit is belangrik dat hoërskoolleerders vanuit die Woord van God geleer word oor die hoë prys wat Hy op gehoorsaamheid plaas (1 Sam. 15:22). Kinders wat aan God

gehoorsaam is en hulle ouers eer, het ’n belofte van God dat Hy hulle met ’n verlengde lewe sal seën (Ef. 6:1-3). Efésiërs 6:4 vestig vaders se aandag daarop om nie hulle kinders moedeloos te maak nie. Wanneer vaders (en ook moeders) hulle kinders onbestendig behandel, onredelike opdragte aan hulle gee en onrealistiese verwagtinge aan hulle kinders stel, sal dit daartoe lei dat die kinders moedeloos raak. Wat die gebruik van Facebook aan betref is dit belangrik dat ouers voortdurend sal besef dat hulle kinders let op die voorbeeld wat deur hul ouers gemodeleer word. Sou ouers mekaar binne die huwelik verneder, beledig en aftakel sal dit daartoe lei dat die kind/ers hulle respek vir die ouers verloor. Die kerk moet dus ter wille van die kind/ers ook die huwelik as instelling van God opbou.

Wat die gebruik van rekenaars, slimfone en tablette aanbetref, is ouers verantwoordelik om grense vir die gebruik hiervan vas te stel. Wanneer kinders geleer word dat daar bepaalde tye is vir die gebruik van rekenaars, slimfone en tablette sal hulle ook leer om die tyd wat hulle tot hul beskikking het, reg en produktief te bestuur. Dit is baie belangrik dat ouers deur hulle voorbeeld hul kinders moet leer dat niks belangriker is as die mens se verhouding met God nie. Om hierdie rede moet ouers verseker dat hulleself meer tyd in gebed en bestudering van die Woord spandeer, as voor digitae skerms en Facebook. Dit is dus ’n geval van *practise what you preach.* ’n Verdere punt wat ouers aan hulle kinders moet leer, is dat persoonlike familieverhoudinge van baie groter waarde is as digitale vriendskappe. Ouers moet dus ’n milieu skep waar aangesig-tot-aangesig-kommunikasie binne die gesin aangemoedig word.

Wat die gebruik van Facebook aanbetref moet ouers hulleself deeglik vergewis van die redes vir die gewildheid van dié sosiale mediaplatform onder hoërskoolleerders, asook die gevare wat die gebruik van Facebook vir hulle hoërskoolleerders kan inhou. Ten einde hulle kinders teen die gevare van Facebook te beskerm, is dit noodsaaklik dat ouers hulleself nie daaraan sal skuldig maak om hulle kinders wat jonger as dertien jaar is, te help om ’n Facebookprofiel te skep nie. Wanneer kinders deur hulle ouers van gehoorsaamheid aan God geleer word, godvresend leef en hulle ouers eer, sal hulle hulself nie skuldig daaraan maak om ’n Facebookprofiel voor dertienjarige ouderdom te skep nie. Wat die gebruik van Facebook onder hoërskoolleerders aanbetref, moet ouers besef dat ingeligte ouers, ingeligte besluite sal neem en dit is van kardinale belang, veral ten opsigte van die beskerming van hulle kinders. Ouers

van hoërskoolleerders behoort hulself deeglik van al die sekuriteitstellings en privaatheidstellings op Facebook te vergewis en hulle hoërskoolleerders help om die nodige stappe te neem om hulle veiligheid op Facebook te verseker. Hoërskoolleerders wat hulle ouers eer, sal nie agter hulle ouers se rug gaan en die sekuriteitstellings en privaatheidsteliings verander nie, omdat hulle besef dat dit vir hulle eie veiligheid is.

7.9.10 Hoërskoolleerders moet ook geleer word om standvastig te wees in die geestelike oorlogvoering

Hoërskoolleerders moet deur Skrifgefundeerde lering daarvan bewus gemaak word dat hulle as wedergebore kinders van die Here, soos enige ander Christen, in ’n geestelike oorlog met die Bose gewikkel is (Ef. 6:12). Vanweë die felheid van hierdie geestelike oorlog moet die hoërskoolleerder as ’n Christensoldaat daagliks die volle wapenrusting van God aantrek om effektief weerstand teen al die aanslae van die Bose te kan bied. Dit sluit die aanslag wat deur die gebruik van Facebook meegebring kan word. Een van die vele maniere waarop hoërskoolleerders deur die vyand mislei en verlei word, is deur die openlike negatiewe boodskappe en die deel van onvanpaste foto’s en videos op Facebook. Siende dat sosiale media deel van baie hoërskoolleerders se daaglikse lewe geword het en ’n belangrike komponent in hulle lewe is, is dit ’n medium wat met groot welslae deur die vyand ingespan word teen diegene wat hulle nie met die volle wapenrusting van God beklee nie. Die enigste wyse waarop hoërskoolleerders effektief weerstand teen die aanslae van die Bose kan bied, is deur hulle lewe volkome aan God toe te wy. Diegene wat volgens die Skrif vir die geestelike toerusting van hoërskoolleerders verantwoordelik is, moet besondere klem op die wapenrusting lê, wat nie net gedeeltelik aangetrek mag word nie. Sou enige Christen nie sy volle wapenrusting aantrek nie, bied hy aan die vyand toegang tot sy lewe. Omdat die duiwel ’n groot opportunis is, sal hy elke geleentheid wat hom gebied word om die gelowige se lewe te vernietig aangryp (Joh. 10:10a). Nadat hoërskoolleerders die volle wapenrusting van God aangetrek het, moet hulle ook in gebed volhard omdat dit hulle in staat sal stel om effektief weerstand teen die aanslae van die vyand te kan bied (Ef. 6:10-18). Om hierdie rede is dit noodsaaklik dat hoërskoolleerders geleer word dat gebed ’n tweegesprek tussen God en die mens is. Siende dat God vir elkeen van sy kinders net die beste in gedagte het, sal Hy in

hierdie tweegesprek die hoërskoolleerder antwoord oor watter boodskappe, gesprekke en vriendskappe op Facebook hulle persoon en hulle lewe tot nadeel strek, wanneer hulle Hom daarna vra. Wanneer die hoërskoolleerder die antwoord van God ontvang, moet hulle in gehoorsaamheid nie langer verkeerde boodskappe lees en of *post* nie, nie deel wees van gesprekke wat hulle Christenskap sal bevraagteken nie en hulle ook geheel en al van verkeerde vriende distansieer, deur hulle te ontvriend. In hulle wandel met die Here, waarin hoërskoolleerders Hom wil verheerlik, sal die Heilige Gees hulle in staat stel om Facebook baie meer oordeelkundig te gebruik. AGS-kerkleierskap moet hoërskoolleerders deeglik onderrig oor die betekenis van elke deel van die wapenrusting van God. Hoërskoolleerders moet ook geleer word om die volle wapenrusting van God elke dag in hul worstelstryd te gebruik. Om hierdie rede moet die onderrig van hoërskoolleerders die probleme waarmee hulle worstel aanspreek, tesame met die wyse waarop dit hanteer moet word. Dit stel die eis aan AGS-kerkleierskap om hulleself baie deeglik en voortdurend in te grawe in die dinge waarmee hoërskoolleerders gekonfronteer word, sodat hulle die hoërskoolleerders kan toerus om die wapenrusting effektief in konkrete situasies aan te wend. Wanneer hoërskoolleerders se vriende by ongewenste en sondige praktyke op Facebook betrokke wil raak, moet die betrokke hoërskoolleerder daarteen kan veg en met die volle wapenrusting van God weerstand daarteen kan bied.

7.10 FINALE GEVOLGTREKKINGS

Hierdie studie het van empiriese navorsing gebruik gemaak om vas te stel hoe die gebruik van Facebook as ’n sosiale mediaplatform in sewe AGS-gemeentes die lewe van hoërskoolleerders beïnvloed. Die kwalitatiewe navorsingsresultate het aan die lig gebing dat die Facebook meer nadele as voordele vir hoërskoolleerders inhou. Belangrike temas en subtemas was geïdentifiseer, wat gebruik was vir die samestelling van die eerste kwantitatiewe vraelys waar ouers van hoërskoolleerders betrek is. Vanuit die inligting wat uit die kwalitatiewe fase en van ouers bekom is, is die vraelys vir die tweede fase van die kwantitatiewe navorsing, waaraan hoërskoolleerders deelgeneem het, saamgestel. Die voltooiing van die kwantitatiewe vraelyste deur hoërskoolleerders van sewe AGS-gemeentes het die resultate wat die kwalitatiewe navorsing, asook die eerste fase van die kwantitatiewe navorsing opgelewer het, bevestig.

'n Literatuurstudie is onderneem met die doel om 'n oorsig van die ontstaan en die gewildheid van Facebook onder hoërskoolleerders te verkry. Daarmee saam het eksegese van die Efésiërsbrief gewys dat hoërskoolleerders, soos alle ander kinders van God, geroep is om op 'n waardige wyse te wandel en sodoende die Here tevrede te stel. Saam met die waardige lewenswandel, wat heiligmaking insluit, moet daar ook geestelike oorlog teen die Bose gevoer word. Ten einde effektief te wees in geestelike oorlogvoering, moet gelowiges die volle wapenrusting van God opneem.

Die gedetailleerde bedieningsmodel wat neergelê is, wys dat toegewyde kerkleierskap en geestelike volwasse lidmate, hoërskoolleerders effektief kan toerus om nie toe te gee aan die negatiewe boodskappe en sondige praktyke wat op Facebook voorkom nie. Hierdie toerusting stel ook hoërskoolleerders in staat om hulle posisie in die kerk en die samelewing vol te staan.

Hierdie studie veronderstel dat die Woord van God elke wedergebore kind van God se kompas is en dat die AGS-kerk dié gedetailleerde bedieningsmodel kan gebruik om hoërskoolleerders te bemagtig om Facebook op 'n verantwoordelike wyse te gebruik.

7.11 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

Die moontlikheid bestaan dat verdere kwantitatiewe navorsing oor die onderwerp van die uitwerking van Facebook op die lewe van hoërskoolleerders gedoen kan word aan die hand van elkeen van die spesifieke gevare wat die gebruik van Facebook inhou. Die volgende temas kan in gedagte gehou word: Tot watter mate beïnvloed die voorkoms van pornografie op Facebook die seksuele ontwikkeling van hoërskoolleerders; die rol wat Facebook speel in *cyberbullying* van hoërskoolleerders; die impak van Facebook op hoërskoolleerders se akademiese prestasie; Facebook as 'n platform wat seksuele predatore in staat stel om niksvermoedende tieners te *groom* vir kinderpornografie; die effek wat vergelyking met ander hoërskoolleerders op die selfbeeld van tieners het; die impak wat die voorkoms van geweld op Facebook op die vorming van tieners het en die gevare wat *closed groups* op Facebook vir tieners inhou. Vanuit die bogenoemde riglyne kan perspektiewe vir hoërskoolleerders en hulle ouers in die AGS gebied word.

Ander faktore wat die lewe van hoërskoolleerders beïnvloed soos die *Blue Whale*-uitdaging, ander sosiale mediaplatforms wat vir spesifieke doeleindes ontwerp is, en

die moontlike gevare wat *gaming* vir hoërskoolleerders inhou, kan ook ondersoek word.

BRONNELYS

Abram, C . 2012. Facebook for dummies. 4th ed. Hoboken: John Wiley & Sons.

Abram, C. 2018. Facebook for dumies. 7th ed. https://books.google.co.za/books?id=ZHFODwAAQBAJ&pg=PT181&dq Date of access: 31 Jul. 2018.

Abram, C. & Pearlman, L. 2010. Facebook for dummies. 3rd ed. Hoboken: Wiley.

Achterberg, C.L. & Arendt, S.W. 2008. The philosophy, role, and methods of qualitative inquiry in research. (*In* Monsen, E.R. & Van Horn, L. *eds.* Research: successful approaches. 3rd ed. Chicago: American Dietetic Association. p. 65-78).

Aktan, E. & Ozupek, M.N. 2015. Corporate advertising at the age of social media. (*In* Taskiran, N.O. & Yilmaz, R. *eds.* Handbook of research on effective advertising strategies in the social media age. Hershey: Business Science Reference. p. 197-212).

Adams, G.R. 2007. Adolescent development. (*In* Gullotta, T.P. & Adams, G.R. *eds.* Handbook of adolescent behavioral problems: evidence-based approaches to prevention and treatment. New London: Springer. p. 3-16).

Adler, R.B. & Proctor, R.F., II. 2014. Looking out, looking in. 14th ed. Boston: Cengage.

Agar, M. 1980. Stories, background knowledge and themes: problems in the analysis of life history narrative. *American Ethnologist,* 7(2):223-239.

Aguilar, A. 2008. Metadiscourse in academic speech: a relevance-theoretic approach. Bern: Peter Lang.

Alcock, J. & Iphofen, R. 2007. Computer-assisted software transcription of qualitative interviews. *Nurse Researcer,* 15(1):16-26.

Allen, G. 2005. Research ethics in a culture of risk. (*In* Farrell, A. *ed.* Ethical research with children. Berkshire: Open University. p. 15-26).

Alvesson, M. & Sandberg, J. 2013. Constructing research questions: doing interesting research. London: Sage.

Amadio, K. 2016. The boomer's ultimate guide to social media marketing: learn how to navigate the digital highway. Palmyra: Maven House.

Amaratunga, D., Baldry, D., Sarshar, M. & Newton, R. 2002. Quantitative and qualitative research in the built environment: application of "mixed" research approach. *Work Study,* 51(1):17-31.

Anastas, J.W. 1999. Research design for social work and the human services. 2nd ed. New York: Columbia University.

Anderson, M. & Jiang, J. 2018. Teens, social media & technology 2018: Youtube, Instagram and Snapchat are the most popular online platforms among teens: fully 95% of teens have access to a smartphone, and 45% say they are online "almost instantly". http://www.pewinternet.org/2018/05/31/teens-social-media-technology-2018/ Date of access: 31 Jul.2018.

Andres, H.P. 2002. A comparison of face-to-face and virtual software development teams. *Team Performance Management: An International Journal,* 8(1/2):39-48.

Arrington, F.L. 1988. Hermeneutics, historical perspective on Pentecostal and charismatic. (*In* Burgess, S.M. & McGee, G.B. *eds.* Dictionary of Pentecostal and charismatic movements. Grand Rapids: Zondervan. p. 376-398).

Austin, Z. & Sutton, J. 2014. Qualitative research: getting started. *The Canadian Journal of Hospital Pharmacy,* 67(6):436-440.

Aviv, D. 2014. Social innovation and impact in nonprofit leadership. (*In* Hansen-Turton, T. & Torres, N.D. *eds.* Social innovation and impact in nonprofit leadership. New York: Springer. p. xxiii-xxviii).

Ayala, L. 2016. Cybersecurity lexicon. New York: Apress.

Babbie, E. 2008. The basics of social research. 4th ed. Belmont: Thomson Wadsworth.

Babbie, E. 2010. The practice of social research. 12th ed. Belmont: Cengage.

Babbie, E.R. 2013. The practice of social research. 13th ed. Belmont: Cengage.

Babbie, E.R. 2017. The basics of social research. 7th ed. Boston: Cengage.

Bakkar, Y. 2012. The ultimate guide to teen life. s.l.: Yahya Bakkar.

Balk, D.E., Cavuoti, C. & Smith, A.M. 2017. Adolescent sibling loss. (*In* Marshall, B.J. & Winokuer, H.R. *eds.* Sibling loss across the lifespan: research, practice, and personal stories. New York: Routledge. p. 49-57).

Bamberger, M. 2000. Lessons learned and guidelines for the use integrated approaches. (*In* Bamberger, M. *ed.* Integrating quantitative and qualitative qesearch in development projects. Washington: International Bank for Reconstruction and Development. p. 155-164).

Banerjee, K. 2018. CBSE simplified: C++: for class 12. New Delhi: Educreation.

Banks, M.A. 2008. On the way to the web: the secret history of the internet and its founders. New York: Springer-Verlag.

Barna, G. 2006. Revolution. Vereeniging: Christian Art.

Barnard, J.A. 2009. Unity in Christ: the purpose of Ephesians. *The Expository Times,* 120:167-171.

Barr, J. 1981. Fundamentalism. London: SCM.

Baruah, T.D. 2012. Effectiveness of social media as a tool of communication and its potential for technology enabled connections: a multi-level study. *International Journal of Scientific and Research Publications,* 2(5):1-10.

Baumeister, R.F. & Bushman, B.J. 2017. Social psychology and human nature. 4th ed. Boston: Cengage.

Beirut. 2009. Why do people really tweet? The psychology behind tweeting! http:// blog.thoughtpick.com/2009/08/why-do-people-really-tweet-the-psychology-behind-tweeting.html Date of access: 7 Jun. 2018.

Bekkers, V. & Moody, R. 2015. Visual culture and public policy: towards a visual polity? Abingdon: Routledge.

Berding, K. 2006. What are spiritual gifts? Rethinking the conventional view. Grand Rapids: Kregel.

Berg, B.L. 1995. Qualitative research methods for the social sciences. 2nd ed. Boston: Allyn and Bacon.

Berg, B.L. 2007. Qualitative research methods for the social sciences. 6th ed. Boston: Pearson.

Berg, B.L. & Lune, H. 2014. Qualitative research methods for the social sciences. 8th ed. Edinburgh Gate: Pearson.

Bergman, M.M. 2008. The straw men of qualitative-quantitative divide and their influence on mixed methods research. (*In* Bergman, M.M. *ed.* Advances in mixed methods research: theories and applications. London: Sage. p. 1-21).

Best, E. 1998. A critical and exegetical commentary on Ephesians. London: T & T Clark.

Betts, L.R. 2016. Cyberbullying: approaches, consequences and interventions. London: Palgrave Macmillan.

Bhae, J.Y. 2000. The subject of the letter to the Ephesians: a thought-mapping approach. Potchefstroom: NWU. (Thesis – PhD).

Biagi, S. 2017. Media/impact: an introduction to mass media. 12th ed. Boston: Cengage.

Bible. 1989. Life application Bible: King James Version. Wheaton: Tyndale.

Bickel, B. & Jantz, S. 2003. Ephesians: finding our identity in Christ. Eugene: Harvest House.

Bisk, T. & Dror, M. 2003. Futurizing the Jews: alternative futures for meaningful Jewish existence in the 21st century. Westport: Praeger.

Bisschoff, A. 2013. Literêre terme en teorieë. http://www.literaryterminology.com/index.php/33-p/159-paradoks Datum van gebruik: 13 Feb. 2018.

Blake, R.J. 2013. Brave new digital classroom: technology and foreign language learning. 2 nd ed. Washington: Georgetown University.

Blaxter, L., Hughes, C. & Tigh, M. 2010. How to research: 4th edition. Berkshire: University.

Boeije, H. 2010. Analysis in qualitative research. Thousand Oaks: Sage.

Bosi, L. & Reiter, H. 2014. Historical methodologies: archival research and oral history in social movement research. (*In* Della Porta, D. *ed.* Methodological practices in social movement research. Oxford: Oxford University. p. 117-143).

Bogost, I. 2010. Ian became a fan of Marshall McLuhan on facebook and suggested you become a fan too. (*In* Wittkower, D.E. *ed.* Facebook and philosophy: what's on your mind? Chicago: Open Court. p. 21-32).

Bolton, B. & Thompson, J. 2013. Entrepreneurs: talent, temperament and opportunity. 3rd ed. https://books.google.co.za/books?id=RAezyeQLFDAC&pg=PT321&dq Date of access: 15 Sep. 2018.

Bosley-Wisdom, J. & McNeil-Sutton, D. 2018. 2016 election and beyond: what did you know? what you need to know. https://books.google.co.za/books?id=Ss5QDwAAQBAJ&pg=PT234&dq=Instagram Date of access: 14 Apr. 2018.

Bough, B.B. 2016. Txt me: your phone has changed your life: let's talk about it. https://books.google.co.za/books?id=K0UFDAAAQBAJ&pg=PT31&dq Date of access: 17 Aug. 2018.

Bouguettaya, A., Benatallah, B. & Elmagarmid, A. 1998. Interconnecting heterogeneous information systems. New York: Springer Science+Business Media.

Boyd, D.M. & Ellison, N.B. 2008. Social media sites: definition, history and scholarship. *Journal of Computer-Mediated Communication,* 13(1):210-230.

Boyd, D. 2014. It's complicated: the social lives of networked teens. New Haven: Yale University.

Boyd, D. & Ellison, N.B. 2013. Sociality through social network sites. (*In* Dutton, W.H. *ed.* The Oxford handbook of internet studies. Oxford: Oxford University. p. 151-172).

Boyd, J. 2018. The history of Facebook: from basic to global giant. https://www.brandwatch.com/blog/history-of-facebook/ Date of access: 17 Aug. 2018.

Brachman, R. 2014. Relevance ranking for vertical search engines. (*In* Long, B. & Chang, Y. *eds.* Relevance ranking for vertical search engines. Amsterdam: Morgan Kaufmann. p. xxi-xxiii).

Bradley, R. 2014. Understanding Facebook's lost generation for teens: the social network's struggle to woo kids isn't because it's also their parents' favorite social network. https://www.fastcompany.com/3031259/these-kids-today Date of access: 31 Jul. 2018.

Braun, V. & Clarke, V. 2013. Successful qualitative research: a practical guide for beginners. London:Sage.

Breed, D.G. & Jordaan, G.J.C. 2000. Geloofsverryking te midde van moreel-etiese verwarring in die lig van die kernmotief in 2 Petrus 1:5-7. *In die Skriflig,* 34(3):423-436.

Breed, D.G. & Van Rensburg, F.J. 2001. Paraatmaking teen immoraliteit in 'n post-modernistiese samelewing: 'n Hermeneuse van 2 Petrus 1:12-15. *HTS,* 57(1&2)[31]:408-434.

Breed, G. 2013a. Metateoretiese vertrekpunte ten opsigte van wetenskaplike navorsing in pastorale wetenskap. (*In* De Klerk, B.J. & De Wet, F.W. *reds.* Met die oog op God: voorverondrstellings van die reformatoriese invashoek op praktiese teologie. Monumentpark: V&R Drukkery. p. 225-250).

Breed, G. 2013b. Metateoretiese vertrekpunte ten opsigte van wetenskaplike navorsing in kinder- en jeugbediening. (*In* De Klerk, B.J. & De Wet, F.W. *reds.* Met die oog op God: voorverondrstellings van die reformatoriese invashoek op praktiese teologie. Monumentpark: V&R Drukkery. p. 197-222).

Breed, G. 2014. 'n Kritiese blik op *missio Dei* in die lig van Efesiërs. *In die Skriflig,* 48(2):1-10.

Breed, G. 2015. Ministry to the congregation according to the letter to the Ephesians. *Acta Theologica,* 35(1):37-58.

Breed, G. & Kruger, F.P. 2014. 'n Prakties-teologiese besinning oor die begeleiding en toerusting van kinders tot dienswerk as 'n weg tot die navolging van Christus. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies,* 70(2):1-11.

Brown, M.A., Sr. 2017. Solutions for high-touch communications in a high-tech world. Hershey: IGI Global.

Brueggeman, W. 1997. Cadences of home: preaching among exiles. Louisville: Westminister John Knox.

Brunty, J. & Helenek, K. 2013. Social media investigation for law enforcement. Abingdon: Anderson.

Brydon-Miller, M. 2009. Covenantal ethics and action research: exploring a common foundation of social research. (*In* Mertens, D.M. & Ginsberg, P.E. *eds.* The handbook of social research ethics. Thousand Oaks: Sage. p. 243-258).

Buckingham, D. 2003. Media education: literacy, learning and contemporary culture. Cambridge: Polity.

Burger, K. 2013. Early childhood care and education and equality of opportunity: theoretical and empirical perspectives on social changes. Sion: Springer.

Burnham, K. 2014. Facebook history: 10 defining moments. https://www.informationweek.com/software/social/facebook-history-10-defining-moments/d/d-id/1113669 Date of access: 17 Aug. 2018.

Burns, K.S. 2017. Social media: a reference handbook. Santa Barbara: ABC-Clio.

Bryman, A. 1988. Quantity and quality in social research. London: Unwin Hyman.

Bryman, A. 2012. Social research methods. 4th ed. New York: Oxford.

Bundsgaard, J. s.a. Facing faceless faces: competencies of faceless and semi public social communication. Danish University of Education. (Mini-Dissertation – PhD).

Burgess, R.G. 1984. In the field: an introduction to field research. London: Allen and Unwin.

Cambridge dictionary. 2018. Niche. https://dictionary.cambridge.org/dictionary/english/niche Date of access: 11 Jun. 2018.

Carbal, J. 2011. Is generation Y addicted to social media? *The Elon Journal of Undergraduate Research in Communications,* 2(1):5-14.

Carey, M. 2017. Qualitative research skills for social work: theory and practice. https://books.google.co.za/books?id=l1JBDgAAQBAJ&pg=PT89&dq Date of access: 27 Oct. 2017.

Cargal, T. 1993. Beyond the fundamentalist-modernist controversy: Pentecostals and hermeneutics in a postmodern era. *Pneuma,* 15(2):163-187.

Carli, V. & Durkee, T. 2016. Pathological use of the internet. (*In* Mucic, D. & Hilty, D.M. *eds.* e-Mental health. Cham: Springer. p. 269-288).

Carlson, E. 2008. The lucky few: between the greatest generation and the baby boom. Tallahassee: Springer.

Carlson, N. 2010. At last – the ful story of how Facebook was founded. https://www.businessinsider.com/how-facebook-was-founded-2010-3?IR=T Date of access: 15 Sep. 2018.

Carrington, K. & Larkin, A. 2017. The politics of doing imaginative criminological research. (*In* Jacobsen, M.H. & Walklate, S. *eds.* Liquid criminology: doing imaginative criminological research. London: Routledge. p. 188-204).

Carter, B. & Levy, J. 2012. Facebook marketing: leveraging Facebook's features for your marketing campaigns. 3rd ed. Indianapolis: Que.

Carter, R. E. & Lubinsky, J. 2016. Rehabilitation research: principles and applications. 5th ed. St. Louis: Elsevier.

Cassidy, J. 2006. Me media: how hanging out on the internet. https://www.newyorker.com/magazine/2006/05/15/me-media Date of access: 11 Jun. 2018.

Cavendish, M. 2010. Sex and society. Tarrytown: Cavendish Square.

R. Ek wil begin en ek dink, ek kan dit nie meer benadruk as een van die belangrikste feite dat ouers by hulle kinders se lewens moet betrokke wees. Deuteronomium praat van die gedagte, Detreonomium ses van dat ouers hulle kinders uhm moet begelei in hulle volwassewordingproses. Deuteronomium praat van die gedagte van dat hulle liefde vir kinders sal modelleer. Hy praat daarvan dat hulle uhm liefde, die wet van God, gebooie, om hulle uhm op hulle voorkoppe sal skryf, met ander woorde, uhm die dinge waaraan hulle dink, op om hulle hande sal bind, hulle die feit van dinge wat hulle doen. So Deuteronomium praat baie belangrik dat ouerbetrokkenheid en 'n voolbeeldige lewe vir kinders sekerlik een van die belangrikste aspekte is. So as ek moet begin deur wat kan ouers doen om hulle hoërskoolkinders effektief teen die gevare van sosiale media te beskerm, wil ek vir ouers sê: Wees betrokke. 'n Belangrike ding wat ouers ook kan doen is: Monitor jou eie gebruik van sosiale media. Jy moet vir jouself gedurig afvra: Is dit wat jy doen en aanskou op sosiale media heilsaam en opbouend vir jou verhoudinge in jou lewe, want onthou, jou voorbeeld is vir kinders belangrik. Daar's mos die gesegde wat sê: Children see, children do en as ons vasgevang is as ouers in in hierdie greep van sosiale media en die slegte wat na vore kom daarvan, is dit so moeilik om vir kinders 'n voorbeeld te wees en uhm kinders wil 'n voorbeeld hê en hulle wil 'n voorbeeld volg. So die eerste belangrike ding dink ek, is ouerbetrokkenheid. As ek nog kan dink rondom wat is belangrik, ek dink ouers moet grense stel vir die gebruik van tegnologie in hulle huis en hulle moet dit self nakom. Ek dink tydsduur, hoe lank tyd 'n kind en die ouers self op sosiale media uhm gebruik, is verskriklik belangrik. Mens sal hoor kinders in in my gemeente hoor ek dit selfs dat kinders sê, pastoor ek kan nie met my ouers kommunikeer nie, want my pa is die hele ltyd op sy foon en dis die realiteit daarvan. Uhm so tydsduur is verskriklik belangrik. Stel grense en ek dink ouers moet nie bang wees vandag om nee te sê nie. Ek dink een van die belangrikste dinge wat ons uhm ervaar en beleef is dat ouers voel ek wil my kind se beste vriend wees en ons is geroep om ouers te wees en ouers is daar om definitiewe grense en riglyne vir ons kinders te stel en uhm ek sal nie dat my kind met 'n giftige slang speel nie, maar sommige ouers laat toe dat hulle kinders twee ure tot drie ure op sosiale media spandeer. Spreekwoordelik is dit maar 'n giftige slang wat 'n kind op enige tyd kan pik en daarom stel grense, maar modelleer die grense ook. Uhm ek wil ook dink dat laat die gebruik van sosiale media op 'n toepaslike

ouderdom en onder ouersupervisie plaasvind. Uhm jong kinders moenie selfone net kry nie en uhm ’n mens moet jouself afvra, wat is die doel van ’n selfoon vir kinders? Is dit net dat ouers met hulle kinders kan kommunikeer? Of gee ons ’n selfoon aan ’n kind want ons wil hê hy moet vriende maak op sosiale vlakke op sosiale media? As dit die motief is, is dit ’n gevaarlike motief. Ek dink ons moet ouderdomtoepaslik wees, rondom die beskikbaarheid van tegnologie, die beskikbaarheid van toegang tot die internet vir kinders rondom hulle ouderdomme en ek dink supervisie moet hele tyd plaasvind. Ouers moet bewus wees waarna hulle kinders kyk. Uhm ouers moet bewus wees wat op hulle kinders se profiele aangaan. Ouers moet bewus wees uhm watter boodskappe en foto’s hulle kinders op Whattsapp ontvang. Uhm so ouers kan hulle kinders help, deur om gereeld supervisie te gee. Ouers moet hulle kinders leer om dadelik onvanpaste inhoud te raporteer aan hulle. Uhm as hulle byvoorbeeld naakte foto’s gekry of hulle word gebombardeer deur iemand met vuil taal of hulle word sleg gesê op Facebook, sosiale media, dink ek ouers moet dan hulle kinders in kennis stel en hulle moet die vrymoedigheid hê om met hulle ouers te kan praat en sê: Ma, dit het met my gebeur. Pa, dit het met my gebeur en uhm ouers moet kinders aanmoedig die hele tyd om dit, slegte goed wat met hulle gebeur op sosiale media dadelik aan hulle te kommunikeer en te rapporteer. Uhm ek dink vir Facebook is dit belangrik dat jy jou kind se "friend” *(sic)* ook moet wees. So jou kind moet jou ook be-"friend” *(sic)* sodat jy kan kontroleer watter inhoud, en foto’s en verwysings op jou kind se sosiale media voorkom. Uhm sê vir jou kinders, geen wagwoorde nie, want as daar wagwoorde is of passwords dan is daar heel waarskynlik iets wat hulle wegsteek. So moedig hulle aan om geen wagwoorde te hê nie. Uhm leer hulle om nie hulle adres of telefoonnommers vir enige iemand op Facebook te gee, wat dit vra nie. Uhm daardie goed is privaat. Ons het al gehoor van situasies waar kinders hulle adresse en uhm telefoonnommers weergee, waar uhm mense wat seksuele predatore is, uhm hierdie kinders sal nader en dan op die einde van die dag word kinders ontvoer, as gevolg van die inligting wat hulle weergee aan sekere mense op Facebook. So ek dink ’n belangrike ding vir ouers is, bevestig gereeld uhm Christelike standaarde by jou kind. Deel met hulle wat beteken selfrespek, wat is eerlikheid, wat is respek en liefde vir ander en vir jouself en in dit, stel grense en die gevolge van die misbruik van tegnologie. As jou kind oortree het, ouers moet kan hê sekere gevolge. Uhm daar word vandag spekuleer dat wanneer ’n kind se selfoon weggevat word, is dit dieselfde emosionele belewenis as om iemand aan die dood af te staan. ’n Kind maak nie net uh ’n verbindtenis met sosiale media en dink maar net dit is ’n tegnologiese ding nie. Hulle maak emosionele verbindtenisse deur die sosiale media, maar daar moet gevolge wees vir die misbruik van tegnologie, byvoorbeeld uhm dat die kind nie toegang het tot *wifi* nie, uhm dat selfs selfone weggevat word, dat uhm iPads weggeneem kan word vir ’n tyd lank en deur uhm slegte gevolge vir slegte gedrag te implimenteer, kinders agterkom, maar luister hierso uhm as ek aan gaan hou om tegnologie te misbruik, is daar slegte gevolge. So ouers moet grense hê en gevolge hê vir die misbruik van tegnologie. Uhm ek dink ’n belangrike ding wat ouers hulle kinders kan leer, ek dink sosiale media het baie te doen met impulsiwiteit. Ons lees ’n ding en dan reageer ons vinnig. Ons wil vinnig reply, vinnig send en vinnig goed post. Ek dink een ding wat ouers aan hulle kinders kan leer is, dink voordat jy iets send, dink voordat jy iets post en dink voordat jy iets reply. Ek dink dit is verskriklik belangrik wat ouers kan doen en hulle moet dit gemodelleer word. Ons moet gemodelleer word om nie impulsief op te tree nie, ons moet geleer word, die standaard wat Jesus stel, dink voordat jy ietsie sê, voordat jy ietsie doen, want as iets op sosiale media is, as ’n foto uitgelek word of kommentaar gelewer word, is dit sigbaar vir almal en uhm dis baie moeilik om daardie goed te verander weer. Uhm een ding wat ouers vir kinders kan sê is, vermy advertensies op Facebook en sosiale media en op die internet. Uhm soos hulle sal praat van sigarette is partykeer ’n go gateway drug tot gevaarliker dwelms, is daar advertensies op Facebook en op die internet soos ’n deur of ’n toegang tot meer volwasse webtuistes. As ek praat van volwasse webtuistes uhm is dit webtuistes oor pornografie. Ons het eendag ’n

predikant hier by ons gehad (onduidelik) wat gepraat het en gesê het, as 'n mens honderd persent sou kyk na internet se indeling, honderd persente, negentig persent van internet gaan alles oor pornografie en tien persent daarvan het te doen met inligting te bekom, of vir skooltake of vir die goeie dan in hierdie lewe en ek sal nie verbaas wees dit was pastoor Stephen Claassens van Awakening wat daardie aanname gemaak het, dat negentig persent van internet uhm lei tot die toegang na pornografie. Dit is vir my gevaarlike statistieke. Uhm ek dink ouers kan uhm ook hulle kinders help, deur om sekuriteitsverstellings op hulle sosiale media strenger te kan stel. Uhm sekuriteitsverstellings kan uhm gemaak word op enige selfoon of op enige iPad of enige rekenaars. Een van daardie sekuriteitsverstekkings byvoorbeeld is dat net hulle vriende op hulle Facebookbladsy hulle inligting kan (onduidelik). Met ander woorde nie enige iemand van buite af wat nie 'n vriend is kan na hulle foto's kyk en kyk wat aangaan in hulle lewe nie. Ek dink dis maar net 'n veilige ding, 'n veilige sekuriteitsverstelling wat ouers kan doen. Dan is daar ook nog sekuriteitsverstellings wat ek dink noodsaaklik is vir ouers, is om pop-ups te blokeer. Dit doen 'n mens deur sekuriteitsverstellings. Nou pop-ups is niks anderster as advertensies nie. 'n Pop-up kom op, 'n kind wil daardie pop-up close en wanneer 'n kind daardie pop-up wil toemaak, dan lei dit na 'n volgende advertensie, 'n volgende advertensie en voordat 'n kind homself uhm kan keer, bevind hy homself op 'n webtuiste waar hy geprikkel word, omdat hy op 'n stadium is van nuuskierigheid. So dit is maar net 'n paar dinge wat ouers kan doen om hulle kinders te help.

N. Wat dink jy van filters wat, ek verstaan daar is 'n hele klomp filters beskikbaar?

R. Ek dink filters is verskriklik belangrik. Uhm ek is bewus van kinders in ons gemeente wie se ouers filters uhm verstellings op hulle webtuistes het en op hulle selfone. Ek het dit self op my eie persoonlike selfoon. Enige ietsie wat 'n volwasse inhoud het, kan ek glad nie in dit gaan op my selfoon nie. Dit verhinder my partykeer om self uh uhm tydskrifte en artikels te gaan lees, oor byvoorbeeld belangrike sake, maar daardeur kan ek dan op die internet by my rekenaar ingaan, want daar is sekere filters wat 'n ou kan opsit, wat net ouers help, want jy's nie vier en twintig uur 'n dag by jou kind nie. Uhm en dis eintlik maar sekuriteitsverstellings op jou foon. Daar's programme soos K9 wat ouers op hulle selfoon en hulle mobiele toerusting laai, wat hulle dadelik in kennis stel indien hulle kind 'n webtuiste sou besoek, wat volwasse of pornografiese beelde het en dan kry jy 'n epos of 'n sms deur om vir jou te sê dat die gebruiker van hierdie selfoonnommer het nou 'n volwasse webtuiste binnegegaan en dan gewoonlik kan ouers hulle kinders uhm help en kommunikeer. Ons het so geval gehad as ek dit dalk kan noem, dat een van ons kinders was op 'n skooluitstappie en een van die dogtertjies het uit die bus uitgeklim en twee leeus, dis by 'n leeuplaas, was besig om te paar en die een Engelse meisietjie maak toe die aanmaning, oh the lions are having sex. Die een jong seuntjie, hy is in ons gemeente, hy is tans hy was toe tans elf jaar oud, weet toe nie wat bedoel sy nie. They are having sex. Hy tik toe in sy iPad in, by die skool, by die uitstappie, having sex en toe hy dit doen, toe's hy dadelik in 'n pornografiese uhm webtuiste in met beelde en video's omdat daar nie filters op sy iPad was nie, maar wat sy pa wel gehad het is, sy pa het 'n program gehad wat hom inlig oor watter webtuistes sy kind besoek en toe het die pa hierdie epos gekry en die aand toe die kind kind terugkom, het hy die kind gevat, om 'n tafel gaan sit en vir die kind gesê: Pappa het vandag gesien dat jy hierdie webtuiste binnegegaan het. En toe die kind, sy seun vir hom die agtergrond vertel van wat gebeur het, maar toe hierdie goed gebeur het, toe sit hy dit dadelik af, maar dis net 'n goeie voorbeeld van hoe maklik dit is vir kinders om (onduidelik).

N. Hy was onskuldig gewees.

R. Onskuldig, maar daar was 'n betrokke ouer gewees en 'n ouer wat belanggestel het oor wat is die dinge waarna sy kind kyk en op grond daarvan kon hulle die situasie hanteer. Dieselfde situasie gehad met 'n negejarige seun wat uhm uh geluister het na 'n liedjie by die skool en die

liedjie ek probeer onthou, die liedjie het die woord *dog* in gehad en die seun het gaan intik, bad dog of iets soos dit en dit het gelei na ’n pornografiese webtuiste en sy ma het in die kamer gekom en die seun gevind, nege jaar oud op sy bed, besig om te kyk na hierdie pornografiese (onduidelik). Alles deur nuuskierigheid maar onskuldigheid maar as ouers onbetrokke is, ek dink as hierdie pa onbetrokke was en nie hierdie filters of programme gehad het op sy selfoon nie, kon sy kind in ’n dieper afgrond afgeval het en kon hy baie meer betrokke geraak het by pornografie, maar dit is daar en dan gestop en daar was sterker filters aangesit vir sy kind op sy iPad, so wat daardie probleem gaan voorkom vir die toekoms.

N. Wat is die gevare van sosiale media waarmee jy al in jou gemeente te doen gekry het?

R. Ek gaan maar net ’n paar vir jou noem. In my eie gemeente het ek al te doen gekry met kinders wat mekaar sal boelie. Wat mekaar sal sleg sê oor Facebook. Kinders sal dan as gevolg van die dinge wat van hulle gesê word, foto’s, lelik of selfs naak, wat van hulle ge-"post" word, sal hierdie kinders sit met gevoelens van minderwaardigheid en selfs lei tot swak selfbeeld. Ek het al ondervind dat tieners self selfmoord wil pleeg as gevolg van sekere geheime van hulle wat uitgeklap was deur ander vriende op Facebook en sosiale media. Dit is ’n groot tendens. Ons het al tendense gehad waar kinders hulle geslagsdele afgeneem het, in een van my vorige gemeentes het dit ook gebeur, in die huidige gemeente het dit ook al gebeur en dit word genoem, sexting en dan vir mekaar word hierdie foto’s gestuur. Uhm ons het al gekry dat ’n kind dit aan sy meisie wou stuur een van die tienerseuns, my vorige gemeente in Klerksdorp en toe het die seun dit na die meisie se pa toe gestuur. So dit was ’n groot tendens. Uhm uh daar was kriminele sake gemaak teen die kind, uhm die kind het toe later aan weggebly van die kerk af, maar ek dank die Here dat kinders goeie fondasies het, want ek het lateraan verneem dat die kind is darem weer terug in die kerk, maar dit was ’n slegte situasie gewees. Uhm ons het te doen hier in ons eie gemeente tans waar kinders uhm sexting gedoen het. Naakfoto’s vir mekaar gestuur het. Die ou en meisie was baie lief vir mekaar. Hulle het toe die verhouding verbreek en die seun het toe die foto’s wat die meisie vir hom gestuur het, aangestuur het aan al sy vriende en almal op sy sosiale media, wat gelei het dat hierdie meisie baie minderwaardig gevoel het. Sy was gekrenk in haar selfbeeld, vertroue en tans is ek besig met berading met haar om haar te help deur hierdie proses om mense weer te vertrou en net om haar kop weer op te lig en ’n belangrike ding, as dit gebeur het, het dit gebeur en uhm om daardie goed terug te kan neem is onmoontlik. Dis onmoontlik om die gevolge daarvan terug te kan neem, want dit het daardie foto’s versprei en almal het dit gesien. Almal by die skool is bewus daarvan en uhm en dis onmoontlik om na elke ou te gaan, na sy foon toe en te sê, delete daai *(sic)* foto. Dis onmoontlik. So, daai *(sic)* foto loop heel waarskynlik nog rond en dit skep baie onsekerheid by haar, uhm rondom wat aangaan. Dit beïnvloed verhoudings. Sy sukkel tans om enigsins ’n verhouding met iemand aan te knoop, want haar naam was gekonekteer *(sic)* daaraan. So sy het ’n naam gekry dat sy ’n goedkoop meisie is. So dit beinvloed baie aspekte van hulle lewe. In my eie gemeente het ek gekry waar daar ’n kind al van die ouderdom van nege jaar af, sy is tans sestien, maar sy het van die ouderdom van nege af het sy na pornografie gekyk, of sy was verslaaf aan pornografie vir omtrent so sewe jaar. Pornografie lei maar net tot op ’n plek met kinders se lewens waar nuuskierigheid nie meer geprikkel word nie. Uhm daar is so baie uhm free sites wat kinders kan besoek, met ander woorde daar is ’n legio sites wat kinders kan besoek, vrylik en gratis om na pornografie te kyk, maar dit lei toe daarna dat nuuskierigheid nie meer geprikkel word nie. Ons het hierdie tendens gehad waar die meisie dan haar kêrel genader het en gesê het, luister hierso, kyk saam met my na pornografie en hierdie seun het toe begin saam met die meisie pornografie kyk, en wat toe daartoe later aan gelei het, dat hulle selfs meer nuuskierig was en op ’n jong ouderdom dan betrokke geraak het by seksuele aktiwiteite, met hulle uitdruklike woorde aan my was, pastoor, ons wil voel hoe dit voel en dit is as gevolg van die nuuskierigheid wat geprikkel is deur

pornografiese webtuistes. Sekerlik die grootste uitdaging wat ek in die gemeente het en tans het, is pornografie. Nie net onder kinders nie, onder jong volwassenes. Nie net onder mans nie, maar ook onder studente meisies. So dit is maar 'n tendens. Dit is maar 'n paar van die goed wat gebeur het in ons gemeente.

N. Hoe kon jy hierdie mense help met 'n praktiese oplossing?

R. Een ding wat 'n mens moet besef is en wat ek vir die jongmense al oor die jare leer, ek dink dit is iets wat die hele tyd in jou lewe geinvesteer moet word, is die feit van dat as jou reputasie afgebreek is, is dit moeilik om jou reputasie terug te kry. So daarom is voorkoming seker een van die belangrikste dinge wat jy 'n jongmens kan leer. So een van die grootste waardes wat ons by hulle installeer *(sic)* is die feit van dink voordat jy spring. Dink voordat jy ietsie doen. Met ander woorde uhm ek wil hulle leer, voorkoming is een van die belangrikste waardes wat jy kan hê in jou lewe. Gewoonlik ondersteun ons dan kinders wat deur hierdie goed gaan en waar ek tans by besig is, deur berading om hulle weer te help om hulle identiteit en menswaardigheid in God te vind, want dit is seker een van die grootste dinge wat afgebreek word, wanneer hierdie goed gebeur, is hulle identiteit en hulle menswaardigheid. Uhm dis belangrik dat ek deur lering en Bybelse lering kinders sal leer oor hulle skeppingsdoel. Ek leer hulle elke Woensdag en Sondae by ons betrokke byeenkomste vir jongmense oor goddelike standaarde en leer hulle dat die lewe draai oor baie meer as net sosiale media. Sosiale media is slegs 'n klein deel van hulle bestaan en daar is tog tog soveel meer tot hulle lewe. So ek dink dit gaan baie oor lering, oor die input wat ek gee, na hulle kant toe. En dan, ek moedig kinders gereeld aan en daarom het ons kleingroepe en selgroepe in die gemeente om gesonde verhoudinge aan te knoop met kinders wat dieselfde waardes as hulle het. Daar is mos die Bybelvers wat sê: Slegte geselskap bederf goeie sedes. Uhm die Bybel leer vir ons dat yster slyp yster, so vorm vriende mekaar en daarom wil ons hulle skep ons geleentheid vir kinders by die kerk om hulle selfone af te sit, eenkant toe te sit en met mekaar te kan kommunikeer. Waar met baie van ons aksies te doen met kleingroepgesprekke. Om kinders te leer om te kommunikeer. Ons sal vir hulle probleme of probleemsituasies gee en sê: Hoe sal julle dit oplos? Hoe sal jy gereageer het en dit help hulle met die aanknoop van gesonde verhoudinge en kommunikasievaardighede. Dan moedig ons kinders ook aan om nie sosiale media te gebruik om hulle griewe teenoor vriende en slegte verhoudinge te kan loods nie. Met ander woorde ons leer hulle probleemoplossingsvaardighede. Gaan sê jy's jammer. Gaan vra verskoning en vergewe mekaar. Ek dink dis beginsels wat ons kinders vandag nie meer huldig nie. Kinders lewe regtig volgens die beginsel, ek gaan jou terug kry vir dit wat jy aan my gedoen het. Dis daardie Ou Testamentiese beginsel van oog vir 'n oog en tand vir 'n tand. Ons sien dit in ons kinders se lewens en daarom weet ek gesonde waardes is nie in die kinders se lewens geïnstalleer nie en daarom moedig ons hulle aan, die hele tyd, as daar slegte verhouding is, neem die inisialief, maak reg, want slegte verhoudinge lei tot slegte lewens en die lewe is nie lekker as verhoudings sleg is nie en daarom is een van die grootste waardes wat ons probeel installeer, deur lering, deur gereelde kommunikasie en deur berading om vir hulle te sê uhm gesonde verhoudings is jou mikpunt. Mik vir gesonde verhoudings, hê gesonde verhoudings met jou ouers en hê gesonde verhoudings met mense rondom jou. Ons sal reekse hê rondom detoks jou lewe uhm en hierdie reekse sal gepaardgaan met detoks jou lewe van van slegte geselskap, uhm detoks jou lewe van slegte invloede, uhm ons het reekse wat ons behartig rondom hoe om jou lewe te verwoes voor jy sestien is, waar ons dan kinders regdeur die jaar sal leer deur om te sê wat is die gevaar van sosiale media, so berading is verskriklik belangrik, lering (onduidelik) is verskriklik belangrik, ek weet een van die grootste redes hoekom kinders betrokke raak by hierdie goed is omdat hulle oningelig is oor die gevare daarvan. So om hulle gereeld in te lig en dan kommunikasies met hulle te hê. Uhm belangrik dat wat wat ons doen is praktiese oplossings is om kinders te help om tegnologie en sosiale media op verantwoordelike maniere

te gebruik. Met ander woorde ons ons ons het ’n paar praktiese goed het hulle, ons sal vrae vra. Hoeveel ure spandeer jy op Facebook? Hoeveel ure spandeer jy op sosiale media? En dan sal ons na die tyd vir die kinders vra, wat dik julle is ’n verantwoordbare tyd? Dan sal hulle sê, okay ons dink ’n halfuur ’n dag is genoeg of ’n uur is genoeg. So dis iets wat hulle op grond van hulle ervaring en blootstelling na vore kom en dan probeer ons om daardie waardes wat hulle in hulle groepsgesprekke gekry het, installeer by hulle en sê ons dink dis ’n goeie standaard. So ons wil hulle leer om volgens waardes te leef, maar ook om volgens standaarde te leef. Uhm en dit gebeur deur lering, dit gebeur kommunikasie en deur berading. Ons moedig hulle aan om sexting te rapporteer so ek het hierdie (onduidelik) met ons kinders, dat indien iets met jou gebeur op sosiale media, is my deur altyd oop. Hulle kan met my kom praat en dit wat gebeur bly privaat. Uhm niemand sal daarvan weet nie. Ek moes telkemale het die kinders al goed kom rapporteer teenoor ons en dan moes ek die nodige stappe neem byvoorbeeld dan om die kind na die ouers toe te neem, dat die ouers bewus raak van die situasie, die ouers van die ander party nader te kry en dan ’n vergadering te hou waar daaroor gekommunikeer word oor wat gebeur het en dan ’n oplossing te vind oor hoe om dit dan te hanteer. Dit is partykeer so belangrik en uhm as kinders die vrymoedigheid het om weet as jy iets gaan rapporteer gaan daar iets rondom dit gedoen word, voel kinders baie keer meer veilig om met jou te kom praat want tieners ervaar baie keer hieride ding hulle sal vir my sê, pastoor ek gaan praat met my ouers oor my situasie, maar hulle doen niks nie. So kinders wanneer hulle iets kom rapporteer of iets kom sê, moet daar iets daadwerklik rondom daardie saak gedoen word. Uhm ek dink by myself besef om kinders te leer dat dit wat hulle sien op Facebook uhm nie altyd die waarheid is nie, uhm hulle moet besef hulle vergelyk hulle lewe baie keer soos teenoor hulle ander vriende en maats en daai *(sic)* kind se lewe is perfek *(sic)* en daai *(sic)* kind se lewe is volmaak. So ons probeer beide deur berading, deur lering goeie selfbeelde installeer en ons probeer vir hulle sê, luister hierso, jou waarde as mens word nie bepaal deur hoe jy lyk en wie jy uh waar jy woon of wat jy of hoeveel geld jou ouers het nie, maar jou selfbeeld word gevind in ’n gesonde verhouding saam met Jesus Christus. So ons moedig hulle verskriklik aan, bou hulle persoonlikheid, bou hulle hulle uh rondom hulle talente, ons motiveer hulle on daardie unieke besonderse persoon te wees wat God vir hulle in gedagte het en uhm dan die belangrike praktiese ding wat ek doen is, ek kommunikeer gereeld die gevaar rondom sosiale media teenoor hulle. So dis maar ietsie, ’n paar dinge wat ons wat ons doen.

N. Wat is die voordele van sosiale media onder hoërskoolkinders na jou mening?

R. Ek dink dis ’n goeie kommunikasiemiddel om inligting rond te stuur. Ons gebruik by ons sosiale media. Ons is op Twitter, ons is op Facebook en dan en dan het ons ook Whattsapp. Hierdie middele help ons om basies om meer inligting aan kinders, aan ouers en aan mense deur te gee rondom aktiwiteite, uhm hoe laat vind aktiwiteite plaas, waar vind aktiwiteite plaas, wie kan na hierdie aktiwiteit toe kom. So ek dink daar is ’n great geleentheid om mense in te lig rondom aksies. Daar is ook ander voordele uhm wat ek besef uh media het en dit is dat ons ook bemoedigende boodskappe, Skrifte en video’s kan stuur, maar ek vind soos vanoggend ek dink vyf en twintig minute oor twee het ’n jongmens op een van ons Whattsappgroepe ’n *(lag)* ja, so vroeg die oggend het hulle ’n uhm ’n bemoedigende video ge-"post". Ons is besig met ’n reeks by die jongmense oor Dawid en Goliat en hoe om jou vrese te oorkom en hierdie videotjie was ’n bemoedigende boodskap vir jongmense om te sê, God is jou helper, hy sal jou nooit in die steek laat nie. So ek dink dit is ook maar ’n lekker middel om ’n bemoedigende boodskap, Skrifte en video’s aan te stuur. Uhm Facebook, jo die voordele daarvan ek kom agter dat kinders minder praat, hulle is vasgevang op hulle fone, hulle het minder kommunikasievaardighede, hulle kan nie konflik hanteer nie en uhm omdat hulle in sigself die gesigwaarde van kommunikasie heeltemal verloor het. Maar gelukkig het ons dalk hierdie media as gevolg van die feit dat ons nie baie keer toegang tot hulle het nie, kan ons dalk en het

ons dalk nog die toegang deur sosiale media om by hulle uit te kom, byvoorbeeld deur bemoedigende boodskappe.

N. Het julle gemeente 'n werkbare plan in plek om hoërskoolkinders te help om die gevare van sosiale media te konfronteer? Indien wel, vertel my asseblief meer daarvan.

R. Ek het uhm vroeër gesê en ek dink dis 'n belangrike waarde by ons dat 'n ingeligte kind is 'n toegeruste kind. So ons begin elke jaar eintlik klokslag, elke kwartaal, hanteer ons met kinders die gevare van sosiale media. Ons sal met hulle praat, ons verdeel in kleingroepe en in grootgroepe oor die gevare van Facebook en pornografie. Ons sal selfs mense inkry van buite af, wat daaroor kom gesels met die kinders. Ons loods gereeld kleingroepbesprekings. Ons vra verseke *(sic)* definitief hierdie twee vrae. Ons het vir hulle al gevra, wat ervaar hulle op sosiale media. Daar kry die kind om te sê, jo watter dinge beleef hulle en dan vra ons vir hulle ook, wat is jou belewenis op sosiale media en hoe hanteer jy goed soos sexting, hoe hanteer jy cyberbullying, hoe hanteer jy uhm al die dinge wat met jou gebeur? (Onduidelik). Ons skep 'n platform waar kinders kan kommunikeer oor dit wat hulle ervaar en beleef. Van daardie kinders wortel hierdie gevoelens van minderwaardigheid vir maande en selfs jare binne in hulle op. Dinge wat van hulle gesê word, gedoen was oor sosiale media en hierdie platform van kleingroepe bied hulle die geleentheid om net uiting te kan gee aan hulle emosies van frustrasie, onsekerheid en minderwaardigheid. Dan ook uhm begelei ons hulle na praktiese vaardighede en oplossings soos byvoorbeeld, ons sal vir hulle sê moenie jou rekenaar in 'n hoek sit of in 'n plek sit waar niemand kan sien wat op Facebook aangaan nie of op jou rekenaar aangaan nie, met ander woorde almal in jou huishouding moet kan sien wat op jou rekenaar aangaan. Uhm dit is 'n praktiese middel wat kinders nie betrokke kan wees by ietsie en weet niemand sien ek is die geheim hier besig. Dis 'n goeie praktiese middel. Uhm ons sê ook vir hulle moet nooit agter 'n toe deur met jou rekenaar sit nie. Hierdie is maar net 'n paar vaardighede om kinders te leer om vanuit 'n Bybelse perspektief ook hulle aan te moedig en te sê, maar wat verwag God van jou as jy betrokke is by sosiale media en uhm waarna kyk jy? Wat is God se standaarde? Ons herhaal lering en berading in is 'n deurgaande proses by ons in die gemeente en dan bied ons ook ouerleidingskursusse by die gemeente aan. Een van daardie kursusse is raising up a child en hierdie lering vind deurgans plaas, sal plaasvind, twee keer 'n jaar, waar ons dan ouers 'n Saterdag na die kerk toe nooi, waar ek dan as die jeugpastoor ouers sal inlig uhm rondom uhm die standaarde van hoe jy 'n kind moet grootmaak. Hierdie is 'n belangrike en pragtige videokursus van Walk Thru the Bilbe, maar dan so tussendeur my sessies is daar inligtingsessies waar ons vir ouers sal sê, hierdie is jou kind en dit is die stadium waar hy is. Hy ervaar hierdie in sy liggaam, hy ervaar hierdie in sy emosies. Uhm hierdie is jou kind en as gevolg van hierdie goed is hierdie die gevare. In sosiale media, wat's die invloed wat is die invloed van pornografie en wat kan jy as ouer doen en 'n paar praktiese dinge gee ons dan vir hulle deur hoe om hulle kinders te kan help. So dis maar 'n paar dinge wat ons in die gemeente doen.

N. Wat kan van die kerk se kant gedoen word om ouers te bemagtig om hulle hoërskoolkinders teen die gevare te beskerm?

R. Moedig ouers aan om betrokke te wees by hulle binders se lewens. Ek dink een ding wat kerke kan doen is om vandag se tyd baie meer kursusse aan te bied. Uhm ouers moet toegerus word. Uhm soos ek gesê het, een van die kursusse wat ons gebruik, is daai *(sic)* raising of your child, wat 'n goeie kursus is om ouers te leer dat kinders keueses maak, maar ouers kan kinders leer, hoe om verantwoordelike keuses te maak. Uhm ons kan ons kinders nie keer om keuses te maak nie, maar ons kan hulle leer om verantwoordelike keuses te maak. Dan voel ek uhm toegeruste ouers uhm lei tot toegeruste kinders. Toegeruste ouers is meer betrokke by hulle kinders se lewens, hulle is bewus van gevare. Uhm ouers wat inligtingsessies bywoon in en

rondom die gevare van sosiale media soos by ons gemeente, sal baie keer met my in kontak wees en sê, pastoor ons het hierdie ding opgetel by ons kind. Hoe kan ons dit hanteer? (onduidelik, keelskoonmaak) 'n gesprek reël hier by die kerk waar ek dan met die ouers en die kind sal gesels en praat oor dit het gebeur, hoe kan ons die situasie hanteer, waar die kind dan in 'n veilige atmosfeer sit, waar hy nie uhm sleg gesê word oor sy nuuskierigheid en goed nie, maar waar dat hy deur sy ouers se ondersteuning en dan ook deur my ondersteuning gebegelei kan word om te sê, maar ek moet verantwoordelik optree teenoor sosiale media. Uhm een, so kursusse is verskriklik belangrik. Dan kan ons praat van ons ouers se verantwoordelikheid rondom te kyk wat gaan gereeld op jou kind se foon aan. Uhm dit is belangrik dat ouers duidelike grense vir hulle kinders stel, uhm wagwoorde, ouerprogramme op jou kind se sosiale media toestelle soos die iPad is verskriklik belangrik. Ouers moet tred hou met hulle kinders se veranderende wêreld. So dis partykeer lekker om op te gaan google as ouer en te gaan sê, uhm what are sixteen years old children thinking about, en gaan lees daai artikel *(lag)* rondom wat sestienjarige seuns en dogters se koppe aangaan. So is jy as ouer bewus oor dit wat wat in hulle leefwêreld aangaan en ouers wat bewus is is toegeruste ouers. Ouers wat toegeruste ouers is weet hoe om situasie beter te hanteer. Uhm ouers moet gereeld kyk wat op hulle kinders se Whattsapp en Facebookblaaie gekommunikeer word en dan moet ouers kan gereeld familievergaderings hou. Familievergaderings waar selfone eenkant gesit word. As gevolg van hierdie tendens in tegnologie is daar nie meer betrokkenheid tussen ouers en kinders nie. Kinders kommunikeer al hoe minder met ouers en ouers kommunikeer al hoe minder met tieners en daarom dink ek dis 'n ouer se verantwoordelikheid om in 'n week en ek dink dit moet weekliks gebeur, 'n familievergadering te reël, waar alle teg *(sic)* toestelle eenkant toe gesit word. Dit kan selfs rondom die etenstafel gehou word. Daar kan reëls geïmplementeer word dat wanneer ons om die etenstafel sit is daar geen selfone, geen sosiale media nie, waar ouers en kinders weer kan kommunikeer. Ouers gaan van nature hierdie gesprek uhm moet voortsit om vir kinders te vra, hoe was jou dag? Uhm het jy nuwe vriende by die skool? Hoe lyk jou vriendekring op die oomblik? Uhm wat is die uitdagings wat jy face op die oomblik? Om my kinders die geleentheid te skep om die vrymoedigheid te kan hê om te kan kommunikeer. Uhm die tendens van sosiale media is, mense kommunikeer minder. Hulle praat daarvan dat pa's slegs tot vyf minute 'n week met hulle kind kommunikeer. Dis gevaarlik. Ek besef uhm as ek soveel tyd met my kind spandeer, uhm gaan ek nie weet wat in sy lewe aangaan nie en daarom kan ouers en moet ouers meer tyd maak en gesinsvergaderings dink ek is 'n primêre noodsaaklikheid vandag in Suid-Afrikaanse huishoudings.

N. Wat is na jou mening die rol wat sosiale media speel in die vorming van morele sedes en waardes by hoërskoolkinders?

R. As ons eerlik moet wees, weet ons op die ouderdom van dertien raak ouerbetrokkenheid by kinders baie minder. In die sin sê kinders dat hulle ouers nie meer die belangrikste raadgewer of beïnvloeding in hulle lewe is nie. Die jong kind sal sê, my pa kan alles doen, maar 'n tiener voel dat hulle ouers weet niks nie. Tieners sê hulle ouers voel nie en is nie in tred met hulle emosies nie, hulle verstaan nie hulle leefwêreld en weet nie wat is vir hulle belangrik op daardie stadium van hulle lewens nie. Ek sê altyd, uhm tieners leer by die experts en experts is hulle vriende, so jy gaan dit word, en hierdie is 'n belangrike beginsel, saam met wie jy die meeste van jou tyd spandeer. Daar word gesê dat ons sit met 'n generasie wat die minste slaap vandag, omdat kinders die meeste van die tyd tussen tien uur en twee uur in die nag betrokke is op sosiale media en ek ervaar dit redelik verskriklik baie en uh as hulle baie tyd op sosiale media spandeer, gaan dit die grootste invloed op hulle lewe wees, want met wie jy die meeste van jou tyd spandeer, jy gaan soos hulle word. As jy die meeste van die tyd saam met daardie bepaalde vriendekring is, gaan hulle waardes jou waardes word en net so, as jy baie tyd op

sosiale media spandeer, gaan die waardes, die standaarde, die perspektiewe, wat sosiale media dan huldig, altyd jou waardes, standaarde en perspektiewe word. Uhm so as ons moet eerlik wees, die sosiale media is seker een van die grootste en kragtige vormingswaardes in ons kinders se lewe op grond van wat is waar, wat juis is en wat is reg en dit is ons weet nie noodwendig verantwoordbaar nie. Dus al voel dit dit is reg, is dit nie noodwendig reg nie. Ons lewe vandag in 'n post-modernistiese samelewing. Wat beteken dit? Al wat dit beteken is hierdie generasie sê, as iets reg voel, is dit reg. Hulle glo nie aan absolute waardes nie en ons as 'n moderne generasie is baie keer in konflik met 'n post-moderne generasie want ons glo aan absolute waardes en die woord van God is 'n absolute waarde vir ons. 'n Post-modernistiese generasie sê, as iets reg voel, is dit reg. So as 'n tienerseun uh pornografie besigtig, dan kan hy byvoorbeeld leer, dat enige vrou soos 'n pornster hanteer moet word en in sy huwelik sal dit baie keer na vore toe kom, as hy getroud is. Hulle kry verskillende perspektiewe rondom wat is ware liefde, uhm die huwelik het nie meer vir hulle waarde nie. Hoekom kan mense nie saambly nie? Dit is een van die grootste dinge wat jongmense vandag kwytraak, omdat dit nie 'n absolute waarde is vir hulle nie. Dit voel reg, maar dit wat reg voel, is nie altyd reg nie. So, sosiale media beinvloed die vorming van ons kinders se waardes, dit vorm hulle identiteit en hulle seksuele perspektiewe. Die een rede, omdat hulle daaraan blootgestel word en hulle word blootgestel aan gesprekke, hulle word blootgestel aan volwasse internettuistes, met ander woorde die kinders is nie emosioneel volwasse nie, dalk fisies is hulle volwasse, maar psigo-sosiaal, kognitief en emosionele ontwikkeling is glad nog nie op daardie vlak nie, uhm en daarom is hulle vatbaar. Ek ervaar dat tieners soos sponse is. Hulle neem enige ietsie in. Of dit nou reg of verkeerd is, maar solank dit net vir hulle reg voel en dit is die grootste gevaar vandag wat ons in stap as kerk en as ouers, om ons kinders te installeer *(sic),* as ietsie reg voel, is dit nie noodwendig reg nie, maar wat is God se woord en God se standaard.

N. Dink jy jou gemeente doen genoeg om hoërskoolkinders bewus te maak van die gevare van "chat rooms" en ander internetpoorte tot pornografie en ander seksuele misbruike?

R. Uhm met ons huidiglike program wat ons loods elke jaar en elke kwartaal weet ons hierdie is 'n belangrige aspek om kinders in te lig oor die gevare van sosiale media. In ons gemeente het ons 'n duidelike program maar as ek na die breër kerk moet kyk, soos die AGS of ander gemeentes waar jeugwerkers ontbreek, waar kinderswerkers *(sic)* ontbreek, uhm verwag daai *(sic)* twee mense dat die presiderende pastoor uhm ook hierdie funksie moet vervul om met tieners te kan uh connect, want dit is kinders se grootste begeerte en behoefte is om met iemand te kan connect. Hulle soek 'n plek waar hulle kan behoort en ek dink baie kerke in die algemeen het nie strukture nie, het nie werkers nie, maar ook nie 'n definitiewe program wat hulle kan volg om kinders deur hierdie gevaarlike tyd in hulle lewe te kan begelei nie. Daarom as ek gemeentes kan aanmoedig is dit so belangrik om uhm kinder- en jeugwerkers in hulle gemeentes te hê. Ek weet dit is vandag moeilik vir baie gemeentes, kostegewys om nog 'n personeellid te kan bekostig, maar daarom uhm is dit belangrik om te kyk ook na vrywilligers en dan indien daar nie 'n jeugwerker of 'n kinderwerker is nie, geleenthede in die gemeente te skep, waar self die pastoor dit nie hoef te doen nie, hy hoef dit nie te doen nie, maar om iemand in te kry om dalk net ouers en kinders in te lig oor hierdie gevare.Ek voel ons het 'n goeie program, maar elke program het sy foute. Ek dink nie noodwendig dis 'n doeltreffende program nie, maar uhm dis 'n program wat huidiglik vir ons werk. Is daar meer wat ons kan doen? Ja. Uhm maar is die kerk in die breë toegerus? Nee. As jy eerlik moet wees dink ek nie hulle is nie, uhm en statistieke wys dit. Statistieke wys dit hoeveel kinders betrokke raak, hoeveel swangerskappe is daar, tienerswangerskappe uhm hoeveel kinders cyberbulling beleef, hoeveel dat sexting 'n tendens is vandag, dat Facebookdepressie gesien word as 'n siekte en kinders in klinieke en psigiatriese hospitale opgeneem word as gevolg van hulle verslawing aan Facebook en aan ander sosiale media's. Uhm as gevolg van daardie statistieke en dinge wat

in ons wêreld gebeur, dink ek nie uhm ons het doeltreffende programme om ons generasie te begelei in hierdie tyd nie.

N. Ter afsluiting, is daar iets wat jy dalk wil sê om in 'n neutedop saam te vat, of iets wat jou dalk ontgaan het, wat jy net wil noem?

R. Ek het uhm hierdie naweek gepraat by ons vadersdagdiens, toe praat ek uhm oor om 'n pa te wees soos Josef, Jesus se aardse pa en seker een van die drie belangrikste beginsels wat in Josef se lewe na vore gekom het, was onvoorwaardelike liefde vir Maria, al was sy in haar kultuur uhm was dit wat gebeur het nie aanvaarbaar nie, het hy 'n sagte hart gehad, het hy genade gehad en 'n sensitiwiteit van onvoorwaardelike liefde. Ek dink ouers het vandag nodig om hulle kinders met daardie selfde onvoorwaardelike liefde te kan hanteer. Uhm die gebrekkigheid van liefde in huise, dring kinders om liefde op ander plekke te gaan soek. Baie kinders wat ek mee gepraat het, meisies wat betrokke geraak het in ouer verhoudinge, uhm met ander ouer mans op Facebook en sosiale media was juis as gevolg van die leemte na vaderlike liefde in 'n huis. Ek kan nie vandag dit benadruk hoe belangrik pa's in huise is nie. Ek luister gister na uhm uh oor RSG radiostasie is daar 'n sielkundige wat gepraat het oor die belangrikheid van pa's vandag en sê pa's is nie so belangrik nie. Enige iemand kan daardie funksie verrig, wat ek nie dink nie. Ek dink God het dit so beplan dat 'n pa 'n fundamentele rol in kinders se lewens moet speel. Pa's is verantwoordelik vir dogters se selfbeelde, pa is verantwoordelik vir 'n seun se seksuele soeke en seksuele identiteit. Ons lewe vandag in 'n wêreld waar hierdie goed ontbreek en daarom gaan dit so sleg met ons kinders waar hulle gaan. So, onvoorwaardelike liefde is belangrik. Ek dink die tweede belangrike ding wat ons by Josef leer, is dat hy God gehoorsaam het. Ek dink, ouers moet gewillig wees om God te gehoorsaam. So 'n voorbeeldige lewe by ouers is vir my noodsaaklik. Sonder 'n voorbeeldige lewenstyl, het die kinders nie 'n voorbeeld om te volg nie. Kinders wil iemand volg en as ouers nie na opgekyk gaan word nie, kinders sal altyd vir my sê, pastoor, my pa steek sy hande die hoogste op in die kerk, maar by die huis is hy die duiwel, wat net vir my sê, dat 'n voorbeeldige lewe ontbreek vandag en daarom wil ek pa's en ouers aanmoedig, wees voorbeeldige mense in jou lewenstyl, in die manier van hoe jy Facebook hanteer, in die games wat jy op jou Facebook laai, in die sites wat jy besoek. Ons het al tendense waar pa's langs hulle tienerdogters sit en pornografie op hulle laptops kyk, terwyl hulle tienerdogter in hulle geselskap is en daardie meisies word groot met 'n verwronge beeld wat ware liefde is en seksualisering. Die derde belangrike ding wat ek by Josef sien, is dat hulle het gereeld Jesus kerk toe gevat. Soos die gebruik was het hulle Paasnaweek Jerusalem toe gegaan. Ek dink 'n belangrike ding van ouers is, bring jou kind kerk toe. Ek dink een van die belangrikste dinge wat vandag ontbreek in kinders se lewens, is dat mense nie meer gewoontelike kerkgangers is nie. Ek sien dit en ek kan dit uitwys vir mense kerklos en en kerkloos raak, verval familie strukture, verval kommunikasievaardighede en verbrokkel gesinverhoudinge *(sic)* en verbrokkel kinders se lewens. Uhm ek sien waar daar 'n gesonde jeugbediening in 'n gemeente is, waar ouers hulle kinders die verantwoordelik aanleer om kinders kerk toe te bring, sien ek kinders wat floreer, sien ek kinders met goeie standaarde, sien ek kinders wat die negatiewe druk van die samelewing en hulle kultuur en hulle portuurgroep kan teëstaan, maar as hulle geen input kry, goeie input kry nie, watter input kry hulle? Slegte input. So, ek wil ouers vandag aanmoedig, wees betrokke by jou kind se lewe deur onvoorwaardelike liefde. Ek wil vandag sê, daar is nie 'n belangriker ding as 'n voorbeeldige lewe nie. Die ouerhuis is die oefenkamp vir kinders en die derde ding is, bring jou kind kerk toe. Dankie pastoor.

N. Baie baie dankie vir al hierdie kosbare inligting. Ek waardeer dit.

ADDENDUM C: Getranskribeerde onderhoud met die respondent van gemeente nommer 2.

Die respondent met wie hierdie onderhoud gevoer was, het met tye gehakkel en die transkribering van die onderhoud is aangepas om die vloei van die gesprek beter te kan volg. Die onderhoud is in elektroniese formaat (op ’n kompakskyf) beskikbaar, indien enige iemand na die oorspronklike weergawe daarvan wil luister.

N-Navorser

R-Respondent

N. Baie dankie vir die geleentheid om vanmiddag die onderhoud met jou te kan voer. Ek waardeer jou tyd opreg en ek wil sommer dadelik begin deur te vra, tot watter mate dink jy is hoërskoolkinders eerlik met hulle ouers oor hulle gebruik van sosiale media, byvoorbeeld Facebook? En dan kan jy vir my ook uitbrei waarom jy so sê.

R. Ek dink die meerderheid van hoërskoolkinders en ons verwys ook na hulle as millennials is nie ten volle eerlik met hulle ouers oor hulle gebruik van sosiale media nie. Uhm ek dink dit gaan nie net oor eerlikheid nie maar hulle uhm bly net heeltemal stil daaroor. So hulle hulle hulle weerhou dalk van hulle ouers uhm informasie aangaande die gebruik van sosiale media.

N. Dink jy dat ouers van hoërskoolkinders in jou gemeente deeglik ingelig is oor die gevare van sosiale media en spesifiek Facebook?

R. Ek dink die meerderheid van die ouers is nie deeglik ingelig nie. Ek dink, die rede daarvoor is omdat hulle nie noodwendig self op sosiale media is nie. Ek dink nie hulle verstaan dit nie. Dit is nie eintlik ’n wêreld waarin hulle leef nie en as gevolg daarvan, verstaan hulle nie die gevare daarvan nie. Ek dink, as hulle wel ingelig word daaroor sal hulle baie meer beskermend optree teenoor hulle kinders.

N. Wat kan ouers doen om hulle hoërskoolkinders effektief teen die gevare van sosiale media te beskerm? En daar kan jy vir my sê van (onduidelik) ’n paar gevare waarvan jy weet.

R. So ons doen drie vraag drie en vier kan ons saam doen. Dit sê ook.

N. Ja.

R. Goed. Ek dink, dit is belangrik dat die ouers toegang moet hê tot hulle kinders se profiel. Uhm dat hulle kan sien waarmee is die kinders besig, maar ek dink ook ouers kan self bietjie gaan kyk, wat is die gevare van sosiale media. Uh ons het al te doen gekry met gevalle waar die kinders blootgestel word aan dinge van ’n seksuele natuur. Ons het al te doen gehad met gevalle waar hulle blootgestel word aan uhm eintlik vyandige ateïsme, uhm gevalle waar hulle te doen gehad het met uhm waar daar geweld was, mense wat baklei op sosiale media, video’s wat hulle gesien het van mense wat baklei, dalk waar mense geskiet word ook, uhm so ek dink as ouers blootgestel moet word aan hierdie tipe van goed, as hulle self kan sien, watter goed daar op sosiale media is, sal hulle hulle kinders daarteen kan beskerm. Ek dink, uhm soos ek nou-nou ook gesê het, ek dink omdat ouers nie self op sosiale media is noodwendig nie en nie self kan sien wat daar aangaan nie, los hulle dit maar, maar as hulle as ouers blootgestel kan word aan die gevare van dit, dink ek sal hulle hulle kinders teen dit beskerm. Uhm ons het ’n geval gehad waar daar video’s was op sosiale media waar daar mense is wat uitvaar teen God en probeer bewys dat daar nie iets is soos ’n God nie, dat daar nie ’n Skepper is nie, dat alles ontstaan het as

gevolg van uhm coincidence, of van wetenskaplike dinge. Ons het ook al gevalle gehad waar daar video's op was, waar daar uh snaakse dinge gedoen was in die naam van Christenskap en onder die vaandel van die Heilige Gees wat werk, uhm en ek moes gesprekke gehad het met die mense, met die tieners oor hierdie goeters *(sic),* want hulle het begin vrae vra daaroor. Hulle het het self begin vrae vra wat eintlik maar bietjie gewys het, hulle twyfel, aangaande die bestaan van God en die skepping en die Bybel en al hierdie goed en dit is alle ge-"trigger" deur dinge wat hulle op Facebook gesien het. Uhm daarmee die anderkant was daar video's gewees van dinge wat in 'n kerk gebeur het, dinge wat 'n pastoor gedoen het en wanneer jy daarna kyk, is dit glad nie in strook met wat die Bybel sê nie. Uhm ons dink ook byvoorbeeld aan daai berig wat op Facebook was van die een pastoor wat gesê het, mense moet petrol drink en hulle moet slange eet en 'n ander man het 'n video opgehad van waar mense hom moet betaal moet 'n honderdrandnoot en dan bid hy oor die geld en slaan hulle met die geld dat hulle nou genees moet word en dan vat hy die geld. So daar word hierdie vra gevra, aangaande aangaande die kerk, daar word vra gevra aangaande die werking van die Heilige Gees en dit skep baie verwarring in tieners en wat vir my interessant is, is dit is kerkbywonende mense. Dit is dit is kinders wat grootword in Christelike huise. So ek dink ouers moet bewus gemaak word daarvan, dat daar sulke tipe video's op Facebook is. Uhm daar's 'n geval in ons gemeente, uh 'n gesin in ons gemeente waar die ouers die kinders dwing, om vir hulle hulle fone te gee. Hulle mag geen chats delete nie, hulle uhm mag geen passwords op hulle fone hê nie. Wanneer die ouers vra vir die foon, moet die kind dit gee. So daar is nou nie eintlik 'n mate van privaatheid nie, maar uhm dit is hoe hulle werk en ek dink dit is 'n maatreël wat daardie ouers ingestel het, om te kyk dat daar nie ongeruimdhede plaasvind en misbruike plaasvind op sosiale media nie. Dit het in 'n mate gehelp, want die ouer het die foon gevat en op 'n chat gesien dat 'n vriend van hierdie van hulle seun uh selfmoordneigings het en sy het my gekontak en ek kon met die outjie daaroor gesels het. So dit is 'n maatreël wat daar in plek is en dit is 'n manier hoe 'n ouer kan help, maar weer aan die anderkant word die kind se privaatheid weggevat. So ek dink daarso is bietjie van 'n uitdaging, hoe 'n mens dit kan hanteer. En dit is my antwoord op vraag uh vraag drie né?

N. As ek vir jou net so kan vra oor die uh wat ouers kan doen, wat dink jy oor die bemagtiging van ouers van die kerk se kant af?

R. Ja, ek dink dit is nodig. Ek dink, 'n ou op uh op verskeie maniere doen. Uh ek dink byvoorbeeld 'n ding wat baie effektief is, uhm in die gemeentes waarby ek betrokke was, is dat die gemeente hou van uh van toneelspel, hulle hou van uh uh 'n opvoering, so ek dink 'n ou kan probeer om sulke tipe kwessies aan te raak en die gevare daarvan uit te wys deur toneelspel. Bietjie gemeenskapsteater. Jy gaan nie net jou eie uhm gemeente noodwendig trek nie, maar jy gaan mense in die gemeenskap ook trek en 'n ou kan 'n storielyn hê en en wys hoe probleme begin het by sosiale media en wat en hoe dit gaan uitspeel, dalk in iets uh soos 'n selfmoord of 'nseksuele misbruik. Natuurlik sal 'n mens dit nou baie mooi hanteer. Uhm ons het eintlik al toneelstukke opgevoer, waar ons bietjie sosiale media ingebring het en hoe dit 'n invloed het op iemand se lewe. Ek dink ook 'n mens kan 'n werkswinkel aanbied daaroor by jou gemeente vir ouers. Dalk kan 'n ou 'n brosjure maak, of 'n boekie maak, wat 'n ou kan uitgee, om ouers bewus te maak van hierdie dinge. So dis nie net 'n slegte kant of nie net 'n formele manier in terme van 'n werkswinkel en 'n boekie en so nie, maar ek dink 'n ou kan bietjie op 'n informele manier doen, in die vorm van 'n opvoering. Uhm en ek meen met 'n opvoering kan jy baie meer dinge aanraak as net uhm sosiale media. Ek dink,

nog ’n ding wat die kerk ook kan doen, as ek nou dink aan die AGS as sulks, ons het die streek, kinder- en jeugraad en ek dink ’n ou kan in dit ook werkswinkels aanbied, uhm dalk nie noodwendig gefokus op die ouers nie, maar op die kind self en self vir die kind wys watter gevare is daar en watter maatreëls of watter maniere is daar wat hy dit kan voorkom of hoe hy homself kan beskerm teen dit.

N. Wat is die voordele van sosiale media onder hoërskoolkinders van jou mening?

R. Ek dink uhm, kyk sosiale media dit sluit nou in Facebook, dit sluit in Instagram, ’n ou kan kyk na Twitter, ’n ou kan kyk na Tumblr, alhoewel Tumblr nou nie so gewild is onder die jongmense soos Instagram en Facebook nie, maar ek dink Whattsapp kan ’n ou ook na kyk. Dit is instant messaging. Die ouens kan vinnig kommunikeer. So ek dink regtig as daar ’n probleem is en ’n ou het nodig dat daar iemand moet weet, kan hulle kan hulle dit vinnig versprei. Uhm ek dink ook daar kan geleer word, uhm byvoorbeeld op Facebook het hulle pages soos Christelike leierskap, of uhm goed oor die Bybel, of moraliteit. So daar is tog Facebook pages wat vir ’n ou goeie dinge kan leer. Daarso is bemoedigende pages waar ’n ou kan opgaan en hulle stuur vir jou bemoedigende boodskappies. So ek dink op ’n manier kan dit hulle help, uhm maar ek ek dink nogals vir ’n kind wat nie baie selfbeheersing het nie , of ’n kind wat nie baie uhm begelei word deur sy ouers of goed groot gemaak word nie, kan Facebook eintlik meer skade doen as wat dit goed kan doen. Ek het ook gesien wat jongmense baie maal Facebook gebruik, as ’n manier om uiting te gee aan hulle gevoelens. Uhm baie mense sal kla daaroor, want hulle sê, kan jy nie maar jou gevoelens vir jouself hou nie, maar daar is maar kinders wat uiting gee, aan hulle hulle gevoelens veral as daar nou ’n sterfte in die familie is, of sulke tipe goeters *(sic)* dan sit hulle goed op Facebook en dit is seker maar ’n manier hoe hulle dit verwerk, so uhm dit is dalk in ’n manier ’n voordeel, uhm maar ek dink dit moet dit moet eerste bespreek word met ’n persoon. Hulle kan nie net op sosiale media leef, ja, daar moet tog ’n balans wees maar ek dink in ’n mate gee hulle uiting aan hulle gevoelens.

N. Het julle gemeente ’n werkbare plan in plek om hoërskoolkinders te help om oor gevare van sosiale om die gevare van sosiale media te konfronteer? En as julle het, kan jy dalk vir my meer daarvan vertel?

R. Nee, ons het nie ’n werkbare plan om hoërskoolkinders teen die gevare van sosiale media te uh help konfronteer nie.

N. Wat dink jy kan van die gemeente se kant gedoen word, om hoërskoolkinders te bemagtig teen die gevare van Facebook?

R. Ek dink, soos wat ek nou-nou ook gesê het, ’n ou kan kyk na ’n werkswinkel of uhm ’n boekie wat ’n ou kan uitgee aan hulle, uhm ek dink, natuurlik kan ’n mens dit kan ’n mens kyk na jou selgroepe, spesifiek jou jong volwassene selgroepe en jou tienerselgroepe, om maar periodies daaroor te gesels. Uhm dalk ook ’n bietjie hulle hulle insette te kry. Wat dink hulle daarvan? Uhm dalk vir hulle te vra, wat sê julle? Hoe voel julle kan ’n mens hierdie probleme oplos. Bietjie hulle eie input ook kry, eerder as wat ’n ou vir hulle sê, julle moet dit en julle moet dit, dat hy eerder kan voel, okay maar ek besluit self daaroor. Uhm en dan ook soos nou-nou daaroor gesê het, ’n mens kan dalk uhm dalk gebruik maak ’n mens kan dalk gebruik maak van bietjie gemeenskapsteater en ’n ou kan kyk na, dalk is daar video’s of sulke tipe goed wat ’n mens ook kan wys. Uhm maar ’n mens moet ook maar versigtig wees, want daai materiaal kan ouderdomsbeperkings op hê en dat daar dalk blootstelling dinge wat jy nie noodwendig wil hê hulle moet aan blootgestel word nie.

N. Wat kan van die kerk se kant gedoen word om ouers te bemagtig om hulle hoërskoolkinders teen die gevare te beskerm?

R. Ek dink ’n ou kan maar ook kyk na uhm soos met die kinders ook na ’n tipe van ’n werkswinkel om boeke beskikbaar te hê, om vir hulle te kan gee. Natuurlik gaan die inhou daarvan verskil as uhm die van die kinders s’ne. Ma *(sic)* ek dink daar moet ’n ou bietjie meer hard probeer slaan, dat die ouens mooi kan sien, dit is nie so wonderlik as wat ’n mens dink dit is nie.

N. Wat is na jou mening die rol wat sosiale media speel op die vorming van morele sedes en waardes by hoërskoolkinders?

R. Ek dink dit doen meer goed, ag meer sleg as wat dit goed doen. Uhm as jy vat as jy op Facebook gaan kyk en jy gaan deur jou feeds. Dis dalk nie so baie op Facebook as op Instagram nie, maar daar is gereeld prente van vrouens en van mans wat nie baie klere aan het nie. Dis nou nie heeltemal, hulle is nou nie heeltemal naak nie, maar uhm hulle het maar min klere aan en jy’t *(sic)* nie eintlik eers nodig om jou verbeelding te gebruik nie. Uhm so ek dink, dit daai tipe van goeters *(sic)* raak amper ’n norm. Mense gaan daardeur en hulle sien dit en dis eintlik niks nuuts nie. Uhm ek dink aan Instagram wat jy live streaming kan doen. Nou jy kan enige iets opsit op live streaming. Jy kan live stream hoe jy besig is om vleis te braai, of jy kan opsit hoe jy besig is om te drink, of ’n vuisgeveg, uhm seksuele misbruike kan jy ook daarop sit en dit is oop vir enige iemand om te kan sien en enige iemand kan kommentaar daarop lewer. So, ek dink, in ’n mate vorm dit nié goeie morele waardes by hoërskoolkinders nie, uhm want daar is goed daarop wat eintlik al reeds moreel onsuiwer is en hulle word daaraan blootgestel en as mens nie net kyk, mens hoef nie net te fokus op seksuele misbruike of uhm violence nie, maar daar is godslasterlike goed ook op. Daar’s rassistiese goed op. Daar’s haatspraak op. Uhm hoeveel uhm berigte is daar nie ook al op Facebook op mense se posts van hulle eie menings oor die regverdiging van byvoorbeeld homoseksualiteit nie. So, die kinders word ingesluk in ’n debat waar wat hulle eintlik nog nie gereed voor is nie en omdat kinders so beïnvloedbaar is en eintlik vulnerable is, uhm op daai ouderdom omdat hulle in hulle hoërskoolloopbaan besig is om hulle eie opinies en sienswyses te vorm aangaande dinge uhm word hulle blootgestel aan dinge waarvoor hulle nog nie gereed is nie en baie maal is dit ook eensydige argumente of eensydige opmerkings en uhm ek dink daardie tipe van goeters *(sic)* kan ’n kind se vorming van kinders se morele waardes en sedes eintlik benadeel, want hy het nog nie die vermoë om eintlik ’n standpunt heeltemal te kan inneem oor iets nie. Hy kan vandag so voel en môre voel hy anders en hierdie tipe goed beïnvloed hom. Ek sal eerder verkies dat die kind blootgestel moet word aan uhm aan Bybelse riglyne en uh morele waardes wat voortspruit uit die Bybel uit, as wat hy noodwendig kry op Facebook en op ander sosiale media. Uhm daar is nog iets wat ek nou wou sê, maar nou het ek vergeet. Skies. Kom ons doen die volgende vraag. Ek gaan dalk net terugkom as ek as ek onthou.

N. Dink jy jou gemeente doen genoeg on hoërskoolkinders bewus te maak van die gevare van "chat rooms” en ander internetpoorte tot pornografie en ander seksuele misbruike?

R. Die gemeente as sulks is daar nie ’n groot fokus op dit nie. Uhm ek lei ’n tienerselgroep en ek is ook betrokke by ’n jong volwassene selgroep. Ek het nog nie met hulle gepraat oor die gevare van chat rooms nie, maar ek het definitief al met hulle gepraat oor die gevaar van pornografie en seksuele misbruike, maar dit is ook maar ’n moeilike onderwerp om oor te praat, bloot omdat jy ouers het van mening is dat hulle

nie hulle kinders aan sulke wil hê kinders aan sulke gesprekke eers moet deelneem nie. So, ek het maar partykeer ’n ouderdomsbeperking op dit, uhm maar wat die selgroep betref sal ek sê hierdie tipe goeters daar oor daar word gesels oor hierdie tipe van goed. Chat rooms nog nie so baie nie, uhm ek is nie bewus van hoërskoolkinders wat nog deel is van chat rooms, daarvan dra ek nie veel kennis nie, maar ek is baie bewus van live streaming en uhm van groepe uhm op Whattsapp, maar dan sal dit groepe wees van mense wat hulle ken. Dit sal byvoorbeeld mense van hulle graad wees, of ’n hokkiespan, of ’n vriendekring. So, dit sal nie sommer mense wees wat hulle nie ken nie. Dis nie soos ek onthou destyds het ’n ou toe MixIt uitgekom het, kon jy aan enige jy kon in enige chat room ingaan en jy het nie ’n idee met wie jy praat nie. Ek sê nie hiermee dat ek dink dat dit nie meer ’n realiteit is nie. Ek dink definitief dat daar nog kinders is wat deelneem aan chat rooms met mense wat hulle glad nie ken nie, maar ek dra nie baie kennis van dit nie, wat my bediening betref op hierdie stadium nie.

N. As jy so uh ek weet nie of dit jou bygeval het nie, maar as jy so in die algemeen kan afsluit en samevattend iets wil sê, is jy welkom.

R. Ek dink die tyd waarin ons leef, is grense besig om afgebreek te word. As ek praat van grense praat ek van moraliteit morele grense, ek praat van die grense of die onderskeid van wat reg en wat verkeerd is. So, ek dink, daar’s baie as ek die term blurred lines, daar’s baie onduidelikheid oor presies wat reg is en wat verkeerd is en waar mens nou die lyn trek tussen is dit nou heel reg en ek dink die sosiale media speel ’n groot rol daarin. Uhm ek onthou destyds met die Oscar Pistoriussaak het een van die verslaggewers wat in die ateljee was gesê, die probleem met sosiale media is is dat almal nou ewe skielik ’n verslaggewer geword. Almal het nou die reg om iets net te mag sê en dit is so, daar is vryheid van spraak en al hierdie tipe van goed, maar ek dink juis as gevolg van dit het grense ook al begin afbreek, want jy kan nou net sê wat jy wil, jy kan post wat jy wil, en niemand kan net niks daaroor sê nie. Uhm ek dink ook ons moet in ag neem dat sosiale media het eintlik ’n gemeenskap geword op sy eie. Ek het een keer so humoristiese ding gesien, van uhm daarso die groot, die top drie grootste populasies, dan sê hulle die top een is sê maar byvoorbeeld die Verenigde State, die tweede ene is Rusland en die derde een, sosiale media. Dit het ’n gemeenskap geword op sy eie en soos wat ’n gemeenskap ook nou maar bestaan uit verskillende klasse van mense in verskillende belangstellings en so, het dit ook gebeur op sosiale media en ek dink jongmense gebruik sosiale media om aanklank te vind. Hulle soek identiteit daar, maar soos wat ons ook weet, die Bybel sê vir ons, yster slyp yster, so vriende vorm mekaar. Op die einde van die dag, die goed waarmee jy betrokke gaan raak op sosiale media, of dit nou goed of sleg is, gaan dit jou ook maar vorm. Dit gaan ’n invloed hê op hoe jy dink, dit gaan ’n invloed hê op jou wêreldsbeskouing, op jou verwysingsraamwerk. Uhm dit gaan jou gedrag beïnvloed, dit gaan jou gedagtes beïnvloed en ons weet, jou gedrag beïnvloed jou gedagtes en jou gedagtes beïnvloed jou gedrag en uhm dis maar net nog ’n invloed op ’n kind. Ek dink ons kan hierdie selfde gesprek hê oor TV, uhm want daar is ook maar snaakse dinge wat op TV is, snaakse programme wat mense kyk. Uhm maar dit is hierdie klomp invloede van buite af op ’n kind en soos ek nou-nou ook gesê het, hulle is nie noodwendig gereed vir dit nie. Moet ons die kinders in ’n kokon grootmaak? Dis nie wat ek sê nie, maar ons moet versigtig wees waaraan ons ons kinders blootstel. Ek gebruik baie keer die uhm die metafoor of die jy weet man, die dingetjie met die tieners en ek sê, as jy ’n vol blikkie Coke het, wat geseël is, jy kan hom nie inmekaar indruk nie, want hy is vol van iets, maar as jy ’n leë blikkie Coke vat, kan jy hom maklik

inmekaar indruk. Waarmee maak ons ons kinders vol? As ons ons kinders volmaak met die Woord en ons leer hulle om uhm te lewe volgens die Woord, ons weet Psalms *(sic)* honderd en negentien, is dit nou vers nege wat vir ons sê, hoe kan 'n jongmens sy lewe skoonhou, deur gehoorsaam te wees aan die Woord van God. So, ons maak hom vol met iets goeds. Ons leer hom van die Here. Ons bid dat hy vervul sal word en geseël sal word met die Heilige Gees. So, wanneer die lewe begin druk en hierdie geworstel van buite kant af, kan dit hom nie inmekaar indruk nie, want hy is goed opgevoed, maar wat nou gebeur is, dis 'n leë blikkie en hier kom sosiale media en hy kan die kind inmekaar indruk. So, ek dink ons moet net met ouers praat oor die gevare van sosiale media nie. Ek dink 'n mens moet 'n gesprek met hulle ook hê, van hoe verwag God van ons om ons kinders groot te maak? Wat sê die Bybel aangaande opvoeding? Wat moet jy jou kind leer? Daar sê Deuteronomium ses vir ons, daar vanaf vers ses, jy moet jou kinders grootmaak in die weë van die Here. Jy moet dink aan die Woord van God, jy moet daaroor praat, jy moet dit in dril, as ek die woord kan gebruik, by jou kinders. So, ek dink as jy jou kind reg grootmaak en hy kom op sosiale media en hierdie snaakse goed kom oor sy pad, sal hy die vermoë hê om dit van die hand te kan wys, want hy is reg opgevoed. Ek dink ons moet ons kinders grootmaak, dat hulle weet hulle kan ja of nee sê en dat hy nie betrokke moet raak by sekere dinge nie. As daar sê nou maar 'n vriend op Facebook is en die vriend begin met godslasterlike goed, leer die kind om eerder daai *(sic)* vriend eerder te delete, want hy kan kies watter invloede hy op sy lewe wil hê of nie en hy kan kies waarna hy kyk, hy kan kies waarna hy luister. So, lei hom, leer hom, om hom nie self op te hou met hierdie tipe van goed nie. Jy het die mag om te scroll met jou duim, maar jy het ook die mag om te kan kliek, ek wil nie na hierdie goed kyk nie. Insagram het 'n opsie, as daar 'n prentjie op jou feed is, waarvan jy nie hou nie en jy hou daai knoppie lank genoeg in, dan kan jy kies, show me less of this, en jy kan kliek daarso en hy gaan nie weer vir jou daai tipe goed wys nie. Leer hulle dat dit is alles onder jou beheer. Jy kan beheer waarna jy kyk, maar jy moet onthou, dit waarna jy kyk, gaan 'n invloed hê op jou lewe.

N. Ek wil net een laaste vraag vra. Dink jy dat die hoeveelheid vriende wat hoërskoolkinders op hulle Facebook uh profiele vir hulle noodwendig 'n aanduiding is van hulle populariteit, aldan nie?

R. Defnitief *(sic)* uh soos ek nou-nou gesê het, dit is 'n gemeenskap en hy het ook maar sy, hoe kan ek sê, sy eie dinamika en uhm hoe meer followers jy het, hoe beter is jy. So, jy kan enige iemand allow om jou te follow, of jy kan enige iemand aanvaar om jou vriend te wees, uhm want dan lyk jy net baie populêr, maar jy moet versigtig wees, want jy kan 'n seksuele predator *(sic)* kan 'n valse profiel hê en jy kan daai persoon accept en nou die gevaar is van dit, baie mense dink dit is veilig om te sê, net jou vriende kan jou informasie sien, want jy kan op Facebook mos nou sê, wat is jou verjaardag, wat is jou kontakbesonderhede, waar bly jy, al daai tipe van goeters *(sic)*, maar jy kan jou privacy stel, wie sien dit en wie sien dit nie. So, jou vriende kan dit sien, byvoorbeeld as jy kies dat net jou vriende dit kan sien, maar iemand onder 'n valse profiel kan jy aanvaar en dan sien hulle waar jy bly, hulle sien wat is jou kontakbesonderhede, hulle kan by jou uitkom, so daar is definitief populariteit (onduidelik) in dit.

N. Dankie vir jou tyd en dan gaan ek nou hierdie onderhoud afsluit. Baie baie dankie. Ek waardeer dit opreg.

ADDENDUM D: Getranskribeerde onderhoud met die respondent van gemeente nommer 3.

N-Navorser

R-Respondent

N. Ek wil begin deur te sê, baie dankie weereens vir die geleentheid om vanmôre hierdie onderhoud met jou te kan voer, vir die navorsing waarmee ek besig is. Ek wil begin deur te vra, tot watter mate dink jy is hoërskoolkinders eerlik is met hulle ouers oor die gebruik van sosiale media, byvoorbeeld Facebook? En waarom sê jy so?

R. Neil, ek dink glad nie kinders is eerlik met hulle ouers oor die gebruik van Facebook nie. Kinders voel dat dit ’n bedreiging vi hulle privaatheid sal wees. Ek dink, indien hulle ouers daarop aandring dat hulle hulle moet vriende maak op Facebook, dan sal kinders hulle wend tot ander sosiale netwerke of maniere. Ek dink kinders wil hulle ouers op Facebook as vriende hê nie, sodat ouers nie kan sien wat daar aangaan nie, want die millenials die sogenaamde millenials sien hulle ouers as van ’n vorige geslag en hulle voel hulle ouers is nie vertroud met die gebruik van sosiale media en internet nie en dan moet ek sê, ek dink kinders het ’n verkeerde idee van wat privaatheid beteken, of hulle reg op privaatheid. Kinders weet ook dikwels (keelskoonmaak) dat hulle hulleself besig hou met verkeerde dinge, noem dit dan sonde en hulle wil nie hê hulle ouers moet daarvan weet nie. Dis ook so dat die koms van sosiale media ’n nuwe soort taal geskep het. Kinders kommunikeer met akronieme, juis met die doel om ouers in die duister te hou oor hulle doen en late. Dit sê mos duidelik dat hulle besig is met duistere dinge op sosiale media. Ek sê weer dat kinders vir hulle ’n private wêreld skep en met behulp van sosia media sosiale media en dat dit skadelik is vir hulle. Ek dink privaatheid uh of ’n mens verdien die reg op privaatheid deur volwassenheid en deur jou verantwoordelikheid te bewys en kinders word groot in ’n era of die nuwer geslag dan nou, praat van die millenials as jy wil, word groot in ’n era waar hulle gehoor het en geleer is, rondom hulle reg op privaatheid en ek dink dit is ’n buite verhouding getrekte ding hierdie. Ek dink die kinders verstaan dit nie mooi nie. Ek dink nie hulle is volwasse genoeg noodwendig om privaatheid te hanteer nie en dan dink ek boonop het ons ouers die verantwoordelikheid, Bybelse verantwoordelikheid dink ek kan ons praat van ’n roeping, ’n roeping as ouer om jou kind te beskerm en as hulle nie volwasse genoeg is om privaatheid of hulle reg op privaatheid te kan hanteer nie, dan kan ons nie daarmee vertrou nie.

N. Dink jy dat ouers van hoërskoolkinders in jou gemeente deeglik ingelig is oor die gevare van sosiale media en spesifiek Facebook?

R. Nee, ek dink glad nie so nie. Hulle is nie bewus van dinge soos cyberbullying nie, uh dinge wat langtermyn skade kan maak nie, goed wat selfbeeld kan beïnvloed nie. Ouers is nie bewus van die sogenaamde settings wat gebruik kan word om ’n kind se Facebookblaaie te beveilig nie. Baie ouers is onbekend met terme wat vandag gebruik word. ’n Term soos sexting sal vir die deursnitouer in my gemeente onbekend wees. Hy sal nie weet waarvan ek praat nie. Tog gebruik hulleself sosiale media, maar ek dink nie (keelskoonmaak) op die vlak en die gereeldheid wat wat tieners dit doen nie, jongmense dit dan doen nie. So, nee ek dink nie, glad nie hulle is bewus van die gevare nie. Moontlik is ouers nie ingelig nie, omdat hulle nie belangstel om nuwe tegnologie te leer ken nie. Moontlik is ouers naïef omdat hulle kinders se gebruik van sosiale media en dink dalk dat dit net ander mense se kinders is wat by die duistere dinge van sosiale media betrokke is en nie hulle eie kinders nie.

N. Is daar enige iets spesifiek wat jy dink dan ouers meer spesifiek op fokus om hulle kinders in te lig oor die gevare?

R. Neil, ons maak ’n geslag groot wat nie meer kan kommunikeer nie. Daar is nie meer aangesig-tot-aangesig verbale kommunikasie tussen ouers en kinders nie en ook nie tussen kinders en hulle vriende ook nie. Ek dink ons moet kommunikasie en ek praat van aangesig-tot-aangesig-kommunikasie rondom etenstafel, wanneer ons saam kuier, weer prominensie in ons huise gee. Ons moet dit herstel. Sosiale media maak dat ons ’n lafhartige geslag groot maak. Hulle gaan nie weet hoe om konflik te hanteer nie, hulle gaan nie weet hoe om uitdrukking aan hulle emosies te gee nie. Dit gaan maak dat hulle altyd verhoudinge as moeilik en uitdagend gaan ervaar. Nog ’n ding wil ek sê, dat ouers moet vrye toegang tot hulle kinders se fone en rekenaars hê. Ouers moet vrye toegang hê tot hulle kinders se alle sosiale media, die webblaaie wat hulle besoek en dies meer. Daar moet kontrole wees. Kinders is nie toegerus om hierdie goed te kan hanteer nie, of om dit self te filter nie. Ons moet ons moet toegang hê tot hierdie dinge. Nog ’n ding is, kinders moet verstaan, soos ek nou-nou gesê het dat hulle reg op privaatheid kom met tyd, dit kom in volwassenheid. Dan, ouers het ’n roeping van die Here af om hulle kinders te beskerm. Dit geld vir alle terreine. Miskien het ons ’n verdraaide idee van wat liefde is. As ons kinders liefhet, sal ons moeite doen om te weet wat aangaan op hulle sosiale media en hulle devices wat hulle gebruik. Dan wil ek sê, ouers moet hulle weer vergewis van wat die Bybel sê, oor hulle roeping as ouers, hulle verantwoordelikheid as ouers. Die Bybel het baie duidelike riglyne. Daar is talle voorbeelde. Ons kan kyk na Efésiërs vier, vyf, ses. Ons kan kyk na hoofstukke soos Deuteronomium ses, wat baie maak van ’n ouer se verantwoordelikheid om die regte waardes aan hulle kinders Bybelse waardes aan hulle kinders te kommunikeer. As ons sosiale media se gevaar as ’n gevaar sien, dan is daar baie ander gevare in die lewe ook. So ons moet ons kinders ook in elk geval die regte waardes leer. Neil, as ouers nie die lig ken nie, dan gaan hulle nie die duisternis herken nie. Christenouers sal baie ernstig moet ag slaan op wat die Woord sê oor kinderopvoeding en hulle verantwoordelikheid. Hosea vier ses sê: My volk gaan ten gronde weens ’n gebrek aan kennis. Ons kinders gaan ten gronde, weens hulle ouers se gebrek aan kennis oor die Woord. Spreuke ses vers twaalf tot veertien praat van valsheid en valse mense. Ouers kan tekse soos hierdie gebruik, om kinders reg te leer en te waarsku. Sosiale media is in my opinie gewoonlik vals. Valse vriendskappe, valse omgee en valse verhoudinge. ’n Goedkoop plaasvervanger van iets wat baie kosbaar is. Sosiale media word gebruik om af te breek en nie op te bou nie. Leuens word verkondig om mense doelbewus seer te maak. Ek sien dikwels dat mense op sosiale media kwaadwillig optree. Hierdie dinge moet aan kinders gekommunikeer word aan die hand van die Bybel en ook ons as Christene se waardesisteme. Ek dink ouers moet gesonde waardes in hulle huise vestig. Dis jammer dat ouers staat maak op die kerk en die skool om kinders hierdie dinge te leer. Ouerbetrokkenheid was en sal altyd belangrik wees, veral in die vormingsjare waar veral morele waardes en sedes geleer, maar ook gevestig moet word. Ouers sal moet begin om pro-aktief op te tree en ouers sal met mekaar moet begin praat om hulle kennis oor die gevare te verbreed en Bybelse oplossings soek en met kinders moet deel. Daar moet grense en tye neergelê word wanneer kinders op sosiale media of Facebook kan wees. Hierdie grense moet aan die kinders gekommunikeer word en hierdie grense moet toegepas word. Ouers sal egter self ook gedissiplineerd moet optree en deur hul voorbeeld moet lei. Nog iets. Kinders moet goeie oordeel geleer word. Hulle moet besef dat dit wat hulle send, post or reply kan nie teruggetrek word nie. Ons woorde het gevolge. Psalm negentien vyftien is ’n goeie riglyn in die verband.

Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart welbehaaglik wees voor U aangesig, o Here, of Spreuke tien negentien wat ons leer dat by veelheid van woorde, ontbreek oortreding nie.

N. Wat kan ouers. Ekskuus. Wat is die gevare van sosiale media waarmee jy al in jou gemeente te doen gekry het?

R. Ek het ’n geval gehad waar ’n ma my kom sien het, omdat sy haar kind gevang het. Hy kyk na pornografie op sy selfoon. Uh dan het ek die geval gehad waar ek konflik tussen twee huishoudings in die gemeente gehad het, oor iets wat iemand geplaas het, op sy Facebookblad. Die probleem was dat baie ander gemeentelede ook hierdie goed gesien het en geweldige konflik veroorsaak het, en ja dan was daar een Sondagaand van die kleiner kinders in die gemeente, ek praat van agt, nege, tienjarige kinders vir my kom sê het, van die ouer dogters kyk, om hulle woorde te gebruik, vieslike goed op hulle telefone daar buite op die trappe van die kerk. So die goed dring verseker die kerk binne. Ek het ook al meer as een geval gehad(keelskoonmaak) ekskuus, waar ouers met my kom praat het oor hulle seuns wat videospeletjies speel, geweldadige videospeletjies en hulle bekommernis daaroor want hulle kan sien, hoe hierdie goed hulle kinders se gedrag beïnvloed. Die kinders kies naderhand uh speletjies bo werklike interaksie, of sonder hulle af. Dit beïnvloed hulle taalgebruik en dit beïnvloed hulle musieksmaak. Ek dink al hierdie dinge skep ’n onrealistiese verwagting van die lewe. Daar is ook al ’n geval waar ’n ma boodskappe op haar dogter se selfoon gekry het, waar ’n seun haar versoek om ’n half naakfoto van haarself vir hom te stuur. Uh sexting. Die ma weet tot vandag toe nie of die dogter dit gedoen het of nie. Sy beweer sy het nie. Ek lees nou die dag dat die gemiddelde ouderdom waarop kinders aan internetpornografie blootgestel word, is elf jaar oud. So sosiale media bevorder dierdie dinge.

N. Hoe kon jy hierdie mense met ’n praktiese oplossing help?

R. Neil, ons kan van die kerk se kant af dink ek, moet ons vir mense sê, wat die woord van die Here sê. Uhm ek dink dis weer, ons is terug by die waardes. Wat sê die woord van die Here oor hierdie goed? Oor grense? Wat sê die woord van die Here oor losbandigheid? Oor dissipline want die groot probleem met sosiale media is, mense het nie selfdissipline nie. Ons sal die effek die negatiewe effek daarvan kan beperk as ons selfdissipline kan gebruik. So ek dink ons moet kommunikeer wat die woord van die Here sê. (Keelskoonmaak). Dan dink ek kan ons meer doen om ouers in te lig oor filters wat op fone, op iPads gesit kan word. Daar word soveel sagteware ontwikkel wat mense kan help, om hierdie goed te beperk, die slegte goed te beperk. Ons moet verstaan dat ons kinders soek soms antwoorde, veral rondom hulle tydperk van hulle seksuele ontwaking en inligting is so vrylik beskikbaar, so hulle gaan soek daarvolgens inligting en dan kom hulle op verkeerde webblaaie af. Dit was nie hulle bedoeling nie, maar dan gryp, om so term te gebruik, hierdie goed hulle in elk geval. Hulle word daaraan blootgestel. So ek ek dink ons moet meer moeite doen met die praktiese dinge rondom rondom sosiale media. Beperkings, filters, hierdie tipe van dinge.

N. Wat is die voordele van sosiale media onder hoërskoolkinders na jou mening?

R. As ek na my eie huishouding kyk, weet ek waar ek twee tieners het, dan sien ek dit is ’n vinnige goedkoop manier van kommunikeer, rondom reëlings met die sportbyeenkomste, of huiswerk (hoes, keelskoonmaak), of uitstappies, hierdie tipe van goed. Kinders van die Here kan nie die gebruik van sosiale media uitskakel nie en ek dink ook nie dis nodig nie. Tog, ons moet dit bestuur. Ons kan dit tot ons voordeel

aanwend. As ons daarvan gaan onttrek, gaan dit in elk geval al hoe meer boos raak. Ek dink kinders van die Here kan dit aanwend. In my eie gemeente gebruik ek dit ook om om gebeure aan die gemeente te kommunikeer, byvoorbeeld tema van Sondag se dienste, of wanneer iemand siek is, of verjaarsdae, dies meer. Die wêreld van sosiale media gee natuurlik baie sogenaamge voordele daarvan. Hulle noem dinge soos belangegroepe wat nou maklik wêreldwyd kan kommunikeer en teikengerigte advertensies en selfs die moontlikheid om romanse te vind oor die internet. Hierdie dinge is vanuit 'n Christenperspektief glad nie voordelig nie en die nadele van sosiale media is baie baie meer as die voordele.

N. Het julle gemeente 'n werkbare plan in plek om hoërskoolkinders te help om die gevare van sosiale media te konfronteer? Indien wel, kan jy my meer daarvan vertel?

R. Nee, ons het nie. Ons behoort te hê, maar ons ons het op die stadium nie. Nee.

N. Wat dink jy kan van julle kan van die gemeente se kant af gedoen word om hoërskoolkinders te bemagtig teen die gevare van Facebook?

R. Neil, miskien moet ons as ons die kind wil bemagtig en waarsku, weereens by die huis begin, want ingeligte ouers laat ek s *(sic)* ingeligte ouers sal die grootste rol speel om hulle kinders te bemagtig. So die kerk moet die ouer inlig. Die kerk moet die ouer waarsku, wat weer hopelik die kind sal inlig en waarsku en die ouer meer paraat sal maak, maar dan moet ons die kinders ook verseker inlig. Miskien sal die aangewese ding wees om 'n kenner te kry, om die ouers en met die kinders en dan albei saam hieroor te gesels en dan moet ons dink aan kreatiewe maniere om Bybelse waarhede vir ons kinders te leer, want ek dink ons het daar gekom, ek kan nie vir die kinders net meer sê, die Bybel sê so nie. Ek dink ons moet meer kreatief raak in die kommunikeer van Bybelse waarhede en beginsels. Dalk kan ons iets soos toneelopvoerings gebruik om kinders te waarsku. Daar is mense wat spesialis jeugbedienings het. 'n Gemeente moet dalk moeite doen om hierdie mense te nooi. Daar is predikers soos Jentezen Franklin wat treffende jeugboodskappe op DVD beskikbaar stel. Ek dink so vinnig aan sy boodskappe soos the spitit of tython en image breaker en control your need to breed. Maar hierdie toerustinggeleenthede, of bemagtiging sal 'n deurlopende ding moet wees. 'n Aanhoudende ding. Dit sal twee of drie keer 'n jaar moet gebeur, of een keer 'n kwartaal selfs. Ons jeug sal ook weer die waarde van God se woord geleer moet word. Ons moet die Bybelse waardes en beginsels by hulle inskerp en die Bybel as 'n prakties toepaslike hulp in hulle lewens voorhou. 'n Hulp en nie net 'n boek vol moets en moenies nie. Hulle moet die waarde van die Bybel leer ken.

N. Wat kan van die kerk se kant gedoen word om ouers te bemagtig om hulle hoërskoolkinders teen die gevare te beskerm?

R. (Hoes. Keelskoonmaak). Ek wil weereens sê, inligting. Ouers moet ingelig word. Ouers moet ingelig word rondom sê dan nou maar praktiese goed soos filters wat hulle kan gebruik. Ouers moet ingelig word rondom die gevare. Dalk praktiese voorbeelde gegee word, van wat al gebeur het en hoe dit 'n negatiewe impak op op 'n kind kan hê, En kenners. Ek dink die kerk maak te min gebruik, daar is mense daar buite wat hierdie goed ken. Ek as pastor is nie genoeg ingelig nie. Ek het die vermoë om die gevare van Facebook en dies meer aan ouers te kommunikeer, maar dis dit. Ek is ook skuldig daaraan dat ek self nie eers van hierdie goed altyd bewus nie. Kerk het 'n opdrag van die Here af om te waak en te bid. Kom ons sê dan die bid is die geestelike deel. Jy leer die ouers waardes. Jy leer die kinders waardes. Jy leer die Bybelse beginsels. Wat sê die Here oor hierdie goed? Maar dan moet ons ook waak en dit beteken ons

moet praktiese dinge in plek kry. Ons moet grense in plek kry. Ons moet inligting in plek kry. Ons moet die sisteme wat daar is, wat ons kan help, gebruik. Ons moet beskerm wat ons s'n is, in die geval ons kinders. Neil. ek dink ons moet gesonde, gebalanseerde kinders grootmaak (hoes) met 'n gesonde selfbeeld. Die Bybel leer ons hoe. Ons moet kinders leer dat hulle is wie die Here sê hulle is. Hulle moet weet dat die Here hulle onvoorwaardelik liefhet. Hulle moet leer om hulleself te sien soos die Here hulle sien. Kosbaar soos Johannes drie sestien ons leer. Hulle moet leer dat die Here hulle voorspoed wil bewerk en vir hulle 'n toekoms het. Hulle moenie aanvaarding by mense soek nie. Die Bybel sê mos mooi daar in spreuke agtien dat baie vriende bring jou tot 'n val. Kinders moet geleer word dat kwaliteit verhoudings waardevol is en nie 'n klomp skyn Facebookvriende nie. Tieners het 'n beheptheid met die hoeveelheid likes wat hulle plasings op Facebook kry en dit is ongesond. Hulle moet weet hulle het dit nie nodig nie. Hulle moet eerder vrede met die Here hê, Sy goedkeuring is van waarde. Dit beteken vir 'n mens iets. Facebook dra ook by tot 'n valse idee van Christenskap, in my opinie. Ons moet ons kinders ook leer dat die plasing van 'n klomp Christelike boodskappies op Facebook, nie van iemand 'n Christen maak nie. Dit bewys absoluut niks. Ons leefwyse moet spreek van 'n verhouding met Christus. Die kerk moet ouers weer opnuut hierdie dinge leer en hulle moet dit dan weer by hulle kinders inskerp. Ouers moet ook bewus gemaak word daarvan dat kinders modelleer hulle gedrag op grond van dit wat hulle by hulle ouers sien. Ouers se gebruik van sosiale media verklap hulle waardesisteme. Kinders gaan dan dieselfde optree. Een Korinthiërs vyftien drie en dertig sê dat slegte gesprekke goeie sedes bederf. Ouers moet let op hulle gesprekke op sosiale media. Dit kan hulle kinders opbou of bederf. Dit kan self dit wat ouers oor jare in hulle kinders opgebou het, goeie waardes, kan dit vernietig wanneer kinders hulle gedrag modelleer op dit wat hulle ouers doen, op grond van dit.

N. Wat is na jou mening die rol wat sosiale media speel in die vorming van morele sedes en waardes by hoërskoolkinders?

R. 'n Reuse rol. Ek dink sosiale media speel 'n reuse rol, want kinders is heeldag daarmee besig. Dis onmoontlik dat sosiale media nie 'n rol gaan speel nie en ongelukkig is dit 'n negatiewe rol. Een van die grootste wapens wat ons vyand gebruik is kondisionering. Seksualiteit as voorbeeld word aan alles gekoppel. Advertensies gebruik seksualiteit. Orals sien ons seksualiteit en tieners se seksuele vrae word beantwoord deur hierdie goed maar dit gebeur sonder die regte waardes. Ek dink ons tieners word totaal en al seksueel geoorstimuleer *(sic)* deur dit wat hulle sien en hulle word gekondisioneer. Daarby bedoel ek goed wat vir hulle nie vandag aanvaarbaar is nie, is môre vir hulle aanvaarbaar, is oormôre niks meer snaaks nie, word afgesaag en hulle begin dan na erger soek en daar is natuurlik altyd iets erger te vind. Sosiale media speel 'n negatiewe rol in die vorming van morele sedes. Ongetwyfeld. Kinders word uitgedaag om gesag te ondermyn. Kinders word uitgedaag om Bybelse geslagsrolle te bevraagteken. Bybelse waardes te bevraagteken. Vuil taal word aanvaarbare taal op sosiale media. As ek byvoorbeeld kyk na die akronieme wat kinders gebruik om seksuele dade en ouergesag uh te beskryf, is dit skokkend dat ons kinders al so ver gekondisioneer is, dat hulle al so eksplisiet is. Sosiale media word gebruik om liefdeloos teenoor ander op te tree en dan word dit as aanprysinswaardig beskou. As jy iemand uitskel of afkraak of beledig, kry jy nogal 'n paar likes op Facebook. Ek hoor dat daar nou navorsing gedoen word oor iets genaamd Facebook depression. Jongmense voel reeds onseker van hulleself in hierdie gebroke en prestasiegedrewe wêreld. Nou skets Facebook 'n valse, uh weereens die woord valse

of eensydige prentjie van ander se lewens. Facebookvriende lyk almal gelukkiger as ek. Facebookvriende het meer en beter besittings as ek. My Facebookvriende het beter geleethede as ek. Hierdie leuen laat jongmense in 'n sogenaamde Facebookdepressie verval. Hulle voel heeltyd soos verloorders. Boonop word die waardesisteme uitgedaag. Hulle heg waarde aan al die tydelike dinge, maar heg nie waarde aan die dinge wat werklik saak maak nie. Efésiërs vier, vyf en ses maak baie van Christene se waardes en standaarde en ons moet hierdie dinge weer aan die kinders leer, vir die kinders leer, om deel van hulle leefwyse te word, want ek dink, sosiale media is besig om die kinders te steel van die kerk af en selfs te steel uit huishoudings uit. Nog 'n ding. (Keelskoonmaak). Kinders leer nie die waarde van gesonde verhoudinge nie. Facebookvriende is wegdoenbaar, maklik om teleur te stel, maklik om van te vergeet. Jy druk 'n knoppie en hulle is weg uit jou lewe. Ek vermoed jongmense leer dat mense daar is om gebruik te word, nie om ander te dien en ook nie om lief te hê nie. Hierdie tendense gaan vorentoe in kinders se lewens groot hartseer veroorsaak. Huwelikke is reeds in 'n krisis. Watter huwelik gaan vandag se jongmense hê, waar die waarde van toegewydheid erg ondermyn word? Of eerlikheid? Neil, kom ons vergelyk Facebook en ander sosiale media, as jy wil, met 'n boom. Matthues sewe sê dat 'n goeie boom goeie vrugte dra. Die vrug wat Facebook voortbring is sleg. Liefdeloosheid, bandeloosheid, afknouery, leuens, kwaadwilligheid. Dit beteken die boom is sleg. Ek verneem daar is 'n Facebookblad getiteld, I love sexting. Natuurlik gaan jongmense in hulle ontluiking van seksualiteit na die goed toe getrek word en dit gaan hulle inligting oor seks gee, maar nie God se plan met seks nie. Dit gaan hulle morele sedes en waardes baie sleg beïnvloed.

N. Dink jy jou gemeente doen genoeg om hoërskoolkinders bewus te maak van die gevare van "chat rooms" en ander internetpoorte tot pornografie en ander seksuele misbruike?

R. (Hoes). Ekskuus daaroor. Neil, nee glad nie. Ek dink glad nie ons doen genoeg nie. Eintlik doen ons gemeente niks nie en dis eintlik sleg om dit te herken, want dit lyk vir my as ek so moet sê, daar is 'n traak my nie agtige houding. Miskien is dit 'n bewys daarvan dat onsself wat in die leierskap van die gemeente staan, nie werklik bewus is van hierdie goed nie. Ons is te geïsoleerd. Ons uh ons ons lewe te geïsoleerd van die wêreld, anders as ons kinders wat aan dit blootgestel word. Kinders het tog steeds 'n soeke na aangesig-tot-aangesig-kommunikasie. Die Here het ons so gemaak. Nou is chat rooms 'n maklike maar baie swak alternatief. Omdat kinders kommunikasie soek, maar dalk nie die verantwoordelikheid van 'n verhouding nie of hulle voel onseker van hulleself, hulle het 'n swak selfbeeld of hulle is te skaam om sekere vrae vir hulle ouers te vra, wend hulle hulleself uh tot chat rooms. Dikwels dink ek hulle soek antwoorde op vrae wat hulle nie vrymoedig is om hulle ouers te vra nie en dan begin hulle op hierdie platvorms praat en woord blootgestel aan sogenaamde internetpredatore. Miskien moet ouers 'n meer vergewensgesinde of toeganklike atmosfeer in die huis skep, uhm ja, 'n omgewing van vergewensgesindheid. Dan indien 'n kind in hierdie ding betrokke sou raak en dit na vore kom, dit hanteer word op 'n liefdevolle konstruktiewe manier. Ek dink dis weereens waar die kerk 'n groot rol kan speel. Ons moet ouers bemagtig om hierdie goed te hanteer.

N. Ek wil vir jou vra, ter afsluiting, so in 'n neutedop, is daar enige iets wat jy wil byvoeg tot hierdie gesprek wat jy jou ervaring rondom sosiale media wil deel, of dalk 'n wenk of twee wat jou ontgaan het, wat jy van melding wil maak? Iets in daai *(sic)* lyn gaan ek vir jou geleentheid gee, om vir my met dit te kan afsluit.

R. Neil, ek dink die tyd is verby waar die kerk van die Here sogenaamde volstruispolitiek kan bedryf rondom hierdie saak. Ons kan nie meer ’n verskoning opper en sê, ons ken nie hierdie goed nie, ons weet nie hiervan nie. Ons kan nie lukraak of traak my nie agtig wees oor oor hierdie goed nie. Ons gaan moet hierdie aangeleentheid pak en die plaaslike gemeente gaan ’n groot rol hierin speel. Wanneer jy oor ouers se kinders praat, het jy dadelik die ouers se aandag. Miskien sal ons meer relevant wees in die kerk van die Here as ons begin aandag gee aan hierdie tipe goed. Miskien moet ons meer relevant preek, meer relevante lering gee oor hierdie dinge. Ek dink van die breë kerk se kant af is daar ’n kritieke tekort aan hierdie tipe navorsing waarmee jy besig is, of as dit gedoen word, dan word dit nie gekommunikeer aan gemeentes of leraars nie. Ek dink die kerk en miskien moet ek dan praat van ons denominasie, die AGS, moet dalk meer moeite doen met hierdie tipe van ding. Miskien is dit seker nou nie hulle verantwoordelikheid nie, want die plaaslike leraar en dan wil ek sommer die ouderlinge hierby betrek, het die verantwoordelikheid om sy kudde ingelig en beskerm te hou, maar ek is onkundig oor bronne, ek is onkundig oor hulp in die verband. Ek weet nie waar gaan ’n ou vir hierdie goed soek nie, maar weereens wil ek sê, dit kan nie langer in die kerk van die Here so aangaan nie. Ek dink nie die skool gaan dit voldoende aanspreek nie. Trouens, ek het nou die dag tot my skok ontdek, dat die waardes wat ek my kinders leer en die waardes wat hulle by die skool leer, is ook nie dieselfde nie en uh dit sê vir my dat die skool nie my waardes en beginsels, Bybelse waardes en beginsels wil ek graag glo, aan die kinders gaan kommunikeer rondom sosiale media nie. Ek dink ons neem die saak heeltemal te ligtelik op. Daar’s webwerwe waarna toe ouers kan gaan, wat kan hulp gee. Daar is professionele mense waarna ouers toe kan gaan. Dalk moet ons van die kerk se kant af en dalk die skool se kant af net meer moeite doen om hierdie geleenthede aan ouers te kommunikeer. My ervaring van sosiale media is negatief. Ekself het Facebook vir ’n kort rukkie gebruik, maar ek het glad nie ’n goeie ervaring daarvan gehad nie. Ek kyk na die afbrekende effek wat Facebook in my gemeente het, in mense se lewens het. Ek kyk na die hartseer en ongelukkigheid wat dit veroorsaak en ek kan nie anders as om te sê, dis ’n slegte boom wat slegte vrugte dra. Ek weet ons kan nie daarvan ontvlug nie. Dit is noodgedwonge nou deel van ons lewe, maar ons as kinders van die Here gaan dit baie baie beter moet bestuur.

N. Weereens baie dankie vir jou tyd dat ek die onderhoud vanmôre met jou kon voer en dan gaan ons nou hierdie onderhoud as afgehandel beskou. Nogmaals baie dankie.

R. Dis my voorreg. Dankie Neil.

ADDENDUM E: Getranskribeerde onderhoud met die respondent van gemeente nommer 4.

N-Navorser

R-Respondent

N. Ek wil begin deur te sê, baie dankie vir jou tyd om vanmôre die onderhoud met jou te kan voer. Tot watter mate dink jy dat hoërskoolkinders eerlik met hulle ouers oor hulle gebruik van sosiale media, byvoorbeeld Facebook is en waarom sê jy so?

R. As ek kan sê vanoggend, dan sal ek sê ek dink, dit is so as ek persentasie gewys moet vat, so vyftig persent eerlik met hulle ouers. Uh en die rede hoekom ek so sê is, omdat Facebook is baie uh verskoon die Engelse woord, ge-"link" en jy kan vriende wees met een persoon en die persoon kan vriende wees met 'n ander persoon, so wat die tiener dan op Facebook sal sit of sê, uh sal by die een of ander manier by die ou uitkom.

N. Dink jy dat ouers van hoërskoolkinders in jou gemeente deeglik ingelig is oor die gevare van sosiale media en spesifiek Facebook?

R. Nee. In die sin omdat uh baie van die ouers neem dit vanselfsprekend aan, dat elke kind maar uh Facebook op sy foon moet hê of hy ge-"link" moet wees met Facebook en uh baie ouers is naïef in hierdie opsig om te dink dat dit veilig is en hulle het nie rêrig die uhm hulle weet nie rêrig nie. Nee. (Onduidelik). Ek sou sê, nee.

N. Wat kan ouers doen om hulle hoërskoolkinders effektief teen die gevare van sosiale media te beskerm?

R. Ek dink ouers moet uh, ouers van tieners moet absoluut gaan en uh 'n geleerde persoon wat uh heeltemal bewus is van hoe sosiale media werk en dit gaan aanklop en uh die gevare daarvan uitvind. Die moets en moenies en waar die slaggate is en dan sou ek sê, uh die ouers met daardie kinders sit en en sê, luister hier, dit is hoe dit is en dan van die ouers se kant af 'n mate van dissipline inbou, in die in die ding in, om die kind uh op die regte spoor te hou en ook om die kind te beskerm.

N. Jy praat nou van dissipline. Kan jy vir my so ietsie meer sê, oor hoe dink jy kan hulle daardie dissipline dan toepas?

R. Dissipline sê ek is jy weet baie keer sit 'n ou 'n profielfoto op Facebook van hom of haarself uh en hoe die persoon op daardie stadium miskien gesstelik of fisies voel en dit is nie 'n rêrig 'n ware weerspiëeling van wie die persoon is nie, uh en daardie dissipline wat dan, mense konnekteer dan die profielfoto aan die persoon. Hulle konnekteer uh dat hierdie ou of hierdie kind dalk in 'n moeilikheid sit of iets betrokke is en dit en uh ek dink, wanneer ek sê dissipline, uh moet hulle selfdissipline aan die dag lê on te sê, dit wat hy op die Facebook op sy Facebook of haar Facebookprofiel sit, dat dit 'n ware weerspieëling sal wees van sy geloofsoortuigings, sy persoonlike oortuigings, van dit wie hy werklik is.

N. Wat is die gevare van sosiale media waarmee jy al in jou gemeente te doen gekry het?

R. Uh een van die grootste gevare waarmee ek innie *(sic)* wat ek nou onlangs gekry het, is van uh, dit is nie soseer van tieners nie, maar dit is van 'n tienerouer wat uhm byvoorbeeld by sekere plekke ingaan en dan foto's van dit opsit, waar hulle in is en wat hulle doen en uh die gevaar daaraan verbonde is, die kind sê, my ouers is in die kerk, my ma is byvoorbeeld in die kerk en sy gaan soentoe *(sic)* en sy sit dit op

Facebook. Uh almal sien dit en uhm niemand, die Engelse woord sê, reprimand haar daaroor nie en uh die kind kom tot die tot die konklusie en sê, hoor hierso maar dis actually is dit reg, dis nie so bad nie en uh die gevaar wat ek ook daarin sien, is dat uh die ouer kom ook by ’n punt wat sê, hoor hierso uhm dit lyk goed, dit is die regte ding om te doen, dit is Facebook en hulle adverteer dan ook uh die plek waar hulle in is adverteer hulle dan ook aan die gemeenskap. Uh Facebook is oop vir almal en ek kom weer terug na die vroeë punt wat ek gemaak het, van uhm op Facebook, elke mens is gekonnekteer en inge-"log" met iemand anderster *(sic),* so op een of ander manier sal van die gemeentelede ook het ook al gesien, dat die mense is in die kerk en die mense is betrokke by die plek, so dit is reg.

N. Is daar enige ander gevalle of situasies waarmee jy te doen gekry het? Gevaarsitusies?

R. Nie rêrig uhm ek moet sê in die gemeente self, die tieners uhm nie rêrig gekom waar ek gesê het, hoor hier, waar ’n tiener nou in ’n gevaarsituasie betrokke gewees het op Facebook nie. So nee, dit is omtrent die enigste geval wat ek van gaan kan dink.

N. Kon jy daardie persoon waarvan jy nou gepraat eht, help met ’n praktiese oplossing?

R. Ja nee ek het na die persoon toe gegaan, in in privaatheid van hulle eie huis en gesê, hoor hierso uhm wanneer jy hierdie tipe van handelinge doen en so aan, weerhou dit van Facebook, uh doen dit in jou privaatheid. Uh moet dit nie op Facebook sit, dat die hele wêreld dit kan sien nie en dan natuurlik ook met die persoon gepraat, in haar geestelike lewe uh om te besef, dit wat jy doen is verkeerd en dit is nie reg nie, sodat sy ook in daai *(sic)* opsig die ware ligdraer kan wees wat sy veronderstel is om te wees. Vir haar kinders en die gemeenskap. Vir die mense.

N. En hoe het sy dit ontvang?

R. Nee, sy het dit baie goed ontvang. Uh sy’t nie uh op sig self het sy nie besef dat sy dat dit rêrig so so sleg is nie, dat dit so verkeerd is nie, want sy’t nie die sy’t nie al die negatiewe aksies, uh konnektasies aan die ding verbonde gesien nie, want sy’t gedink dit is maar net, dit is maar net ’n onskuldige foto en maar sy het dit baie goed gevat en ek moet sê, daarvandaan af uhm het die hele het haar Facebookprofiel heeltemal heeltemal verander.

N. Wat is die voordele van sosiale media onder hoërskoolkinders na jou mening?

R. Ek dink, sosiale media het die voordele daar is vir my nogal baie uh dit is vir my baie interessant. Uh as ’n ou na die voordele kyk, om sosiale media, Facebook reg te gebruik, uh as jy ’n vriendin of iemand wil waarsku teen iets, teen iemand uh en wat die verkeerde dinge doen, wat verkeerde aanduidings gee, wat verkeerde intensies het, uh in daai *(sic)* opsig sal ek sê is is Facebook ’n goeie ding om dan dit op te sit, maar dan wil ek sê ook, uh om baie versigtif te wees, dat wanneer die persoon iets opsit, moet dit moet dit uhm daar moet bewyse wees. Jy kan nie net insinuasies maak nie, want uh vanselfsprekend vandag in ons tyd, uh as jy insinuasies maak en jy het nie bewyse nie, dan is daar regsimplikasies wat teen hom kan kom, maar Facebook is ’n goeie ding uhm as jy hom reg gebruik. Uh ek dink die kinders kan ook op ’n regte en ’n goeie manier kommunikeer op Facebook. Uh en ja dit ek dink as jy hom reg gebruik, dissipline wys, dan dan is dit ’n goeie ding.

N. Is daar enige ander voordele wat jy kan uitlig?

R. Ja, as ’n ou kyk na die voordele, is daar soveel uhm groepe vandag op Facebook. Christelike volgelinggroepe, volgelingegroepe en ek byvoorbeeld self, my eie gemeente het ’n groep vir my gemeente op Facebook. Ek sit so een maal in ’n week sit ek ’n kort boodskappie daarop, uh en mense gaan in en wanneer ’n persoon miskien op hierdie spesifieke dag dalk bietjie down voel, of af voel, of so en dit en uh dan beteken die boodskap iets vir so persoon en hulle kan dit nou soos wat die Facebook maar werk, hulle kan dit like en hulle kan dit share en hulle kan uh hulle kan hulle kan dit save vir hulleself. So ja, uhm Facebook in daardie opsig is ook ’n groot kommunikasiemiddel vir die woord van die Here en dis die een kant en dan natuurlik as iemand kom en sê, hoor hier, uhm bid saam met my of uhm vra vir geestelike hulp in een of ander manier of een of ander situasie. So ja, ek dink dis ’n weereens sê ek, as jy hom reg gebruik, kan dit ’n goeie ding wees.

N. Het julle gemeente ’n werkbare plan in plek om hoërskoolkinders te help om die gevare van sosiale media te konfronteer? Indien wel, kan jy my meer daarvan vertel?

R. Nee, ek sal nie sê die gemeente het as sulks ’n werkbare plan nie. Uhm wat ek op hierdie stadium doen is die onderwyser wat op hierdie stadium met my tieners werk in die gemeente, uh hy is so om en by seker die beste part van uh dertig jaar ’n onderwyser uh en hy is baie baie goed met die kinders en hy kom baie goed deur op hulle vlak, so ek gebruik hom baie om met die kinders te praat oor dit. Uh as ek dit as ’n werkbare plan kan noem, dan kan ek sê, die die die persoon wat die tieners doen, hy hy praat met hulle daaroor, maar nog nooit rêrig in diepte in gegaan en gesê, raait *(sic)* ons ons fokus op dit nie.

N. Behalwe hierdie een persoon wat jou help met dit, wat dink jy kan van julle gemeente se kant gedoen word om hoërskoolkinders te bemagtig teen die gevare van Facebook? In die breër gemeente?

R. Ja kyk, ek dink dit is absoluut ’n baie belangrike punt, ’n baie belangrike ding om te doen en ek dink van die gemeente se kant af en die beheerraad van die gemeente se kant af kan ’n ou begin om ’n veldtog te loods, miskien in die in die dorp en ’n kenner op die gebied in te trek en uh saam met die ouers en dit (klapgeluid) kinders en ouers om vir almal te kom sê en te sê, luister hier, dit is die voor- en nadele van Facebook. Uh maak seker dat jy weet waarvoor jy jou inlaat, as jy op Facebook ingaan. Uh om ’n kenner in te bring. Absoluut. Ek sal ’n voorstaander van dit wees.

N. Wat kan van die kerk se kant gedoen word om ouers te bemagtig om hulle hoërskoolkinders teen die gevare te beskerm?

R. Die kerk moet absoluut met die ouers kan praat, uh en die kerk moet absoluut uitreik na die ouers toe en vir die ouers sê, moenie net uh eenvoudig goedsmoeds aanvaar nie en uh dit wat jou kind op Facebook doen of iets nie. Uh die kind die die kerk moet ook sal ek sê, die ouer vat en die ouer uh as ek dit berading kan noem, uh as ek as ek dit ek het nog nooit so naam gehoor nie, maar as ek dit Facebookberading kan noem en vir die ouer kan inlig en sê, hoor hierso, uhm maak ’n punt daarvan om te sê, hoor hierso, uh kry jou kind se foon, of gaan in op jou kind se Facebookprofiel. Kyk, wat hy doen en en kyk met wie hulle vriende is en daai *(sic)* tipe goete *(sic),* sodat die ouer ook kan besef wat die gevare is.

N. Wat is na jou meneing die rol wat sosiale media speel in die vorming van morele sedes en waardes by hoërskoolkinders?

R. Absoluut uhm ek moet terug verwys na ’n radioprogram. ’n Radioprogram wat op RSG uitgesaai is en uh, dit was vir my baie interessant gewees wat die persoon gesê

het, rakende pornografie. Uh dat die die persoon het gesê, dat hulle opgetel het in hulle in hulle navorsing dat kinders so jonk as sewe jaar oud toegang tot Facebook het en toegang het tot pornografiese uhm uh uhm daai *(sic)* tipe goete *(sic)* en dit is dit is kommerwekkend en uh en ek dink, in daai *(sic)* opsig is Facebook oop. Jy uhm, die kind het vrye toegang tot dit en uhm ja, hulle gaan in ek kyk dit en dit is die storie. Dit is nie net dit nie, maar dit is ook ander ander sedes wat daaraan gekoppel is, uhm probleemareas en dit, maar ja, dit is 'n probleem. Ek sou sê, dit is dit is op daardie daardie vlak is dit 'n groot probleem.

N. Is daar enige ander gevare behalwe die pornografie wat jy kan aan dink?

R. Ja kyk, (onduidelik) as ek dit so kan sê, dit is vir my baie interessant uhm as jy kyk na die manier waarop hulle Facebook opgestel het. Jy kan die ding, jy kan jy kan jou profiel stel, dat net jy jou inligting sien, net jou naby vriende of jy kan hom stel dat almal sien. Die gevaar wat ek wat vir my verbonde is is dat jy ek ek glo nie almal is bewus van die tipe van goete *(sic)* nie. So en wanneer jy iets van jouself op jy sit, jy bou jou persoonlike profiel op Facebook en die ding gaan die hele wêreld in, uh so met ander woorde, enige vorm van misdaad, enige vorm van aanvalle wat op jou lewe, die kind se lewe geloods wil word, die adres, die uh where abouts van hierdie kind, van hierdie persoon is oop vir die wêreld. Uh vanselfsprekend is dit ook so dat jy die ouens kry, wat uh Facebookrekeninge hack, uh hulle gaan daarop in. As ek my dogter as 'n voorbeeld kan gebruik. Sy is sewe en twintig en sy's nog nie getroud nie en haar Facebookrekening is nou al ses keer ge-"hack", wat mense namens haar goed plaas op Facebook en elke keer moet sy gaan en sê, hoor hier, ek vra om verskoning, dis nie ek nie. Nou in daai *(sic)* opsig is dit haar woord teen die persoon se woord wat dit opgesit het en jy kan dit nie kry nie. Die gevare daaraan verbonde is dit uhm skaad jou persoonlikheid en dit skaad jou menslike jou menswees, want uhm mense sien jou dan in 'n ander lig. Misdaad, uhm dit is 'n tipe van manier wat hulle jou kan volg, uhm hulle kan jou uh hulle kan jou rêrig benadeel en dit. En ja, dit is wat ek dit is op die stadium hoe ek oor die ding voel.

N. Jy het nou-nou gepraat oor kinders, so jonk as sewe jaar wat 'n Facebookprofiel het. Volgens die opstelling van om 'n Facebookprofiel op te stel, moet 'n kind dertien jaar oud wees, voordat hy 'n Facebookrekening kan hê. Wat dink jy, of sal ek vra, wat gebeur dat hierdie kinders so jonk as sewe jaar dan Facebookprofiele het?

R. Kyk, dis absoluut uh ek ek gaan terug na die persoon toe wat die onderhoud gevoer het met die doktor, dit was 'n doktor gewees, uh wat die navorsing wat hulle gedoen het, is absoluut die kind het 'n foon uhm en die kind gaan in en hy uh sit vals jaargetalle in, uhm hulle is baie behulpsaam met die goete (sic) en so aan. Hulle kry mense wat hulle help ook. Hulle hulle gaan onder valse name, vals geboortedatums en dit gaan hulle in en hulle hulle skep vir hulleself dan 'n Facebookrekening, 'n Facebookwebsite *(sic)* en hulle gaan in. So eintlik is dit vir hierdie ouens baie maklik om dit te doen, juis met die met die manier wat die tegnologie en goed opgestel is.

N. As jy praat van mense wat hulle help, dink jy, daar is ouers betrokke wat hulle kinders help, om vroeër 'n Facebookrekening oop te maak?

R. Man ek dink so, dink so uhm elke ouers sal sê, hoor hierso, my kind is geregtig om 'n Facebookrekening te hê, hy het hy het 'n selfoon. Hy is geregtig om dit te hê. Uh nuwerwetse selfone is is jy die foon kry, die die die internet is vrylik beskikbaar daarop, uhm en die ouer gaan van die standpunt af uit en sê, well *(sic)* as die kind dit nie op Facebook gaan sien nie, gaan die kind dit in elk geval op die internet sien en dit is ook

een van die dinge wat uitgekom het, in die radiogesprek en wat die persoon sê, dat vir elke (onduidelik) en uh hierdie verskillende internet sites uh dis oop, uh en ja, daar is riglyne ingebou in dit, maar dit uhm die tegnologie het 'n manier gevind, om om dit te kom en om dit te werk en die kinders doen dit. Ja en dink, as 'n ouer as 'n ouer nie die waardes het nie, as 'n ouer nie die Christelike waardes het en die Christelike dinge sien vanuit die Bybelkontels uit wat die Here sê dan dink ek, wil ek sê, die ouers het 'n probleem in die sin as 'n mens die kind help met dit en as hy ook dit goedpraat in 'n kind se lewe. So, as 'n ou die sirkel wil trek en 'n ou wil sê, dis 'n bose kringloop, moet jy hom terug trek na die ouer toe en sê, luister hier, hoe is die kind hoe is die kind groot gemaak, wat is die waardes in die huis, wat is ma se waarde, wat is pa se waarde, uh wat is aan hulle neergelê, voorgelê. Uh my ma het die voorbeeld, my pa het die voorbeeld en dit is die storie. So en op daai *(sic)* opsig sal ek sê, moet die moet hulle kom en sê, luister hier, uhm nee, die kind is te jonk op die stadium is die kind te jonk en die kind kan nie uh op die stadium 'n Facebookrekening of profiel of iets hê nie en dan net (onduidelik). Dit is 'n uitdaging. Dit is vandag absoluut 'n uitdaging.

N. As jy praat van die Bybelse waardes, hoe dink jy kan die kerk of jou gemeente dan, jou gemeente se leierskap ouers meer bemagtig om Bybelse waardes in hulle kinders se lewe te vestig?

R. Kyk, in die vorm van die prediking wat uitkom, uhm ek ek het altyd 'n sê ding, 'n prediker uh praat oor 'n spesifieke onderwerp en kom ons vat nou, kom ons vat byvoorbeeld uh pornografie, kom ons vat pornografie as 'n onderwerp waaroor 'n prediker praat. Uh hoekom praat hy nie daaroor nie? Uh is dit dat uh hy dalk self besig is met pornografie? Uh die tweede punt uh glo hy nie dat dit verkeerd is nie? Uh en die derde ding is kan hy vir homself kom en sê, well *(sic)* ek weier eenvoudig net om daaroor te praat. Nou dis dit dit is 'n moeilike ding. Uh wanneer die gemeente en die prediker is staan in in uh hy is die leier van die gemeente, wanneer hy oor so iets praat moet hy moet die outoriteit hê om daaroor te kan praat, te kan sê, ek het ek het die mag om daaroor te praat. Uh nommer een, God spreek Hom uit, uit die Bybel teenoor dit, met ander woorde, ek is bemagtig deur God om daaroor te kan praat en dit dan te kan verkondig en vir die gemeente te kan sê, luister hier, dit en dit en dit is die storie en dit is verkeerd in in die oë van die Here en dit en ek dink, die groot probleem vandag is uh en ek het nou maar pornografie gebruik as 'n voorbeeld, daar is baie ander voorbeelde, uh en kom ek en ek sê, die probleem is hoekom dit nie verkondig word nie, in baie gevalle en ek is versigtig as ek dit sê, in baie gevalle staan die prediker self agter die deur en hy het nie die vrymoedigheid om oor hierdie ding te praat nie, want hoe kan hy iemand uh vir iemand sê, dat dit is verkeerd, as hy dit self doen en ek dink in daai *(sic)* opsig moet die gemeente die prediker as sulks, kyk, hy die gemeente kyk op na hom en hy moet absoluut gaan en sê, luister hier, oor hierdie ding te praat en dit vir die ouers te gee en te kan weet, ek glo, as die prediker se intensies reg is en sy handelinge is reg, dan glo ek, dat wanneer die woord uitgaan, of die vermaning of die lering gaan uit oor hierdie oor 'n spesifieke saak, kom ons praat oor Facebook, dan sal die ouer dit kan verstaan en die Here sal ook die woord Hy sal dit ook seën, want Hy weet die die leier het die hy het die reg om daaroor te praat.

N. Dink jy jou gemeente doen genoeg om hoërskoolkinders bewus te maak van die gevare van "chat rooms" en ander internetpoorte tot pornografie en ander seksuele misbruike?

R. Weet jy, ek kan nie sê, die gemeente doen genoeg nie. Ek ek kan dit nie sê nie. Uh juis in hierdie opsig wat ek nog nooit uh kan ek sê, die probleem of 'n probleem

opgemerk het by kinders en dit, of dat ’n ouer met my kom praat het en gesê, hoor hier, my kind is op ’n chat room of enige iets van sosiale media of iets of daar het iets gebeur nie. In daardie opsig sal ek sê, nee, die gemeente doen nie genoeg nie, want daar is nie ’n daar daar is nie ’n soos die spreekwoord sê, daar is nie waar daar ’n rokie is, is daar ’n vuurtjie. Daar is nie ’n rokie nie. Uh wanneer ons oor hierdie goed praat, in ’n onderhoud soos die kan ek kom en sê, en dit het my oë oopgemaak en dit het my uh so bietjie laat besef, uhm dat as daar net nie iets is nie, is dit ook nie ’n rede om nie daaroor te praat nie. So ek dink, in hierdie opsig uh moet die gemeenteraad saam met die pastoor kom en sê byvoorbeeld, uhm ons sê nie daar is ’n probleem nie, maar kom ons wees pro-aktief, ons raak pro-aktief in die saak en uh ons kry ’n kenner in, uh wat oor hierdie goed wat hierdie goed ken en so aan en dan ’n inligtingsessie kan hou vir die hele dorp, sodat hierdie persoon dan die absolute gevare vir ouers en kinders kan meedeel en ek dink dat ek wil sê dit as as ’n ou by dit kom, daar gaan ouers wees wat na so in *(sic)* sessie vir ’n kind sal sê, hoor hierso, bring jou foon hierso asseblief. Ek wil deur jou foon gaan, want ek het die ek het die reg daarop om dit te doen. Die probleem wat ek vandag daarmee het, of die probleem is uhm ons lewe in ’n tyd van menseregte. Ons is in die menseregte tyd, so elke mens het ’n reg en die kind sal kom en sê, hoor hierso, ek het ’n reg, ek het ’n reg tot privaatheid en en dit en ek dink, daar moet ’n ou by ’n punt kom waar jy vir jouself sê, hoor hierso, uhm hierdie privaatheid moet op so manier gebeur laat die kind kan weet, my ma het die reg om hierdie foon te kom vat, my pa het die reg om te kom kyk op wat ek doen, waarop ek is en dis die storie.

N. Ek gaan vir jou vra, ter afsluiting of na aanleiding van dit wat ek vir jou gevra het, is daar dalk enige iets wat jy wil byvoeg tot hierdie gesprek, wat kan bydra tot die formulering van hierdie model?

R. Ek dink, dit is ’n baie goeie ding. Uhm ek dink nie ons is aldag bewus van wat die chat rooms en Facebook en hierdie tipe goete *(sic)* doen nie en en wat hulle wat hulle die implikasies van wat dit op mense se lewens het nie uh en ek dink dis ’n baie goeie ding dat ’n ou van hiervandaan af kan gaan en sê, hoor hierso, uh dit is absoluut deel van ons lewe. Ons gaan dit nie ons gaan dit nie wegkry nie, maar laat ons ’n sisteem in plek kan kry, laat die ouers ’n sisteem in plek kan kry, laat die kerk ’n sisteem in plek kan kry, om hierdie uhm om die skade wat geberokken kan word, uh te kan bekamp, om die kind te beskerm, uh teen dit wat buitekant lê en loer vir die kind, in hierdie goete *(sic)*. Uh as ek kan afsluit, die die woord van die Here kom duidelik en Hy sê, Hy sê vandag, uh die vyand loop rond soos ’n brullende leeu, om te kyk wie hy kan verslind en wie beter om te kan verslind vandag, as ’n kind wat vars is in die gedagtes, uh jonk van gees is, uh wat sal kom en sê, beproef alle dinge, behou die goeie en die vyand sal so kind vat, uh die Engelse woord se vulnerable, die kind is vulnerable, hy’s besig om die lewe te te ontdek en hy’s besig om aan te gaan. Uh so ek dink, ons moet in hierdie opsig moet ’n ou gaan en ’n ou moet die kind kan beskerm, op so manier.

N. Baie dankie. Ek waardeer jou tyd en dan gaan ons nou hierdie onderhoud as afgehandel beskou.

ADDENDUM F: Getranskribeerde onderhoud met die respondent van gemeente nommer 5.

N-Navorser

R-Respondent

N. Ek wil van die geleentheid gebruik maak om vanmôre vir jou baie dankie te sê dat ek hierdie onderhoud met jou kan voer, om my te help met die navorsing waarmee ek besig is. Ek wil begin deur te vra, tot watter mate dink jy is hoërskoolkinders eerlik met hulle ouers oor hulle gebruik van sosiale media, byvoorbeeld Facebook en dan kan jy vir my uitbrei, waarom jy so sê?

R. Dankie Neil, dat ek julle ook kan help. Op jou vraag of is hulle baie eerlik met hulle ouers, moet ek vir jou sê, ek dink ek het gemengde gevoelens daaroor. Ons is nou ’n jaar in die gemeente en ek ooglopend lyk dit nie of kinders so eerlik is met hulle ouers soos wat ons sou wou hê hulle moet wees nie en uh ek sê dit maar omdat in dit wat ons gesien het in die afgelope jaar hier agterkom dat wanneer ouers met jou kom gesels, dan was daar goeters *(sic)* wat gebeur het by die huis waar die kinders dit half hanteer op ’n need to know basis en sê maar vir ma hulle wat het gebeur. Ek het ’n Facebookrekening of die een het dit gesê of dat gesê wat by die skool gebeur het waar die ware detail daarvan bly verskuil uhm en kry die ouers nie insig in ’n kind se lewe nie, waar baie op die agtergrond gedoen word waar die ouers nie van weet en dan as die verhouding versuur of iets het skeef geloop en ’n kind word byvoorbeeld by die skool uitgevang met pornografie op sy telefoon dan land dit hier in jou kantoor. Dan kom jy agter maar die ouers was glad nie daarvan bewus nie, op die oog af. Ek sê ek het gemengde gevoelens daaroor wat ek ook dink dat van die ouers wat wel probeer ’n positiewe invloed het in kinders se lewens en betrokke wil wees weet van dit en dan is daar vir my ’n gevoel van hulle hou ’n bietjie van ’n blinde oog. Hulle weet die goed is daar maar hulle vertrou maar die kind sal dit nie doen nie. Hulle weet hy’t ’n Facebookrekening, hulle weet hy’t hulle weet hy’s op WeChat en al hierdie ander sosiale media’s maar hulle weet nie wat regtig daarin aangaan nie, so ek dink dis so bietjie van ’n of ’n blinde oog of of so bietjie van ignoreer wat rondom hulle is. Ek glo dat skoolkinders hoërskoolkinders en ek besef ek veralgemeen baie, soos alle tieners deel nie alles met met die ouers nie. Ek uhm onthou toe ons ook kinders was, jy wil mos nou nie vir jou ouers alles gaan vertel wat gebeur het nie, maar uh vir hulle op hierdie ouderdom is hulle vriende se invloed en invloed van die groepsdruk en van ander volwassenes baie meer van belang is as wat die eie ouers se invloed is. So daarom dink ek dis vir hulle maklik om ingesuig te word, eerstens deur Facebook, deur enige sosiale front uhm tegnologiese front om ingesuig te word en dan wanneer hierdie cyberbullying en pornografie en lewensgevaarlike en hierdie dare *(sic)* speeletjies wat plaasvind, wat wel plaasvind, dan raak dit al hoe moeiliker om wel die ouer daarop in te laat, want jy is nou daarin en nou moet ek hulle vertel van hoekom is ek daarin en hoe’t *(sic)* ek daarin gekom, so dan op die einde van die dag op ’n stadium wat hy dalk wek met ’n ouer sou deel, is hy nou in ’n posisie waar hy in elk geval nie met hulle kan deel nie. So ja, is hulle (onduidelik) eerlik? Ek ek dink persentasie gewys is daar ’n groot persentasie eintlik sestig tot sewentig persent van die tieners wat besig is met goed waarvan hulle ouers eintlik glad nie eers weet nie en as hulle weet, weet hulle net dit wat hulle veronderstel is om te weet volgens die tiener.

N. Dink jy dat ouers van hoërskoolkinders in jou gemeente deeglik ingelig is oor die gevare van sosiale media en spesifiek Facebook?

R. Ek dink glad nie in ons gemeente is hulle so ingelig soos wat ’n mens sal wil hê nie en ek moet sê, vir myself ook na vandat ons begin gesels het oor hierdie onderhoude en die onderwerp, besef ek hoe in ons generasie en bietjie ouer generasies selfs min weet ons eintlik van die gevare. Jy’t nog altyd gehoor, maar omdat jy nie daarmee gekonfronteer is nie, was dit nie regtig in jou gesig nie. Dis maar dink ek, so jare terug wat ons gepraat het van inbrake en hijackings. Jy’t daarvan gehoor, maar dit het jou nie gepla nie, maar nou wat sê nuwe statistieke? Een in elke vier persone het is daarmee gekonfronteer. So dit het nou ’n ware ding geraak, waaroor jy bekommer is en jy kyk rondom jou en ek dink nog nie regtig dat die gevare en die uitvloei van wat op sosiale media gebeur al so aktief in ons lewens sigbaar is dat ons heeltyd daarop aandag gee nie. So, ek dink in ons area is mense bewus daarvan maar ek weet vir ’n feit in hierdie gemeente waar ons is in die platteland, was daar nog nooit amptelik inligting gegee, amptelik praatjies gegee, amptelik inligting gegee oor gevare of oor hoe om te hanteer rondom die gevare vir ouers nie. Ek dink hier in ons plattelandse gemeenskap speel naïwiteit ’n groot rol. As ouers is hulle bewus van die gevare maar ons dink, dalk kan dit nie met ons ouers gebeur nie. Dit is iets wat in ’n stad gebeur of tussen die die cyber tech ouens gebeur. Hier in die platteland dink die mense nie regtig dis van toepassing nie. Dis dalk iets wat oorsee gebeur, totdat soos ek sê, iets uitkom en dan snak almal na hulle asem en sê, hene man is dit hier, kan kan dit regtig by ons gebeur. So ek dink die golf is besig om op te vang met ons platteland en baie van die ouers sit in ’n posisie en sê, hene man waantoe *(sic)* nou? Ek het nie gedink dis so ernstig nie.

N. Wat kan ouers doen om hulle hoërskoolkinders effektief teen die gevare van sosiale media te beskerm?

R. Neil ek dink dit is moeilik vir ouers om die beskerming reg te hanteer sonder om ’n totale soos hulle sê blackout op alles te gaan sit vir hulle kind. Uhm tegnologie en maak kommunikasie en informasie so vrylik beskikbaar en ongelukkig met die spoed van alles wat ons het wat rondom ons gebeur met die internet en tegnologie ’n nanny geword vir die kinders. So in stede van jy wat hom help met sy skooltake of navorsing wat hy moet doen, word hy op sy eie gelaat en die oomblik wanneer jy op jou eie op die internet rondbeweeg, dan kom jy sonder dat jy wil daarmee in aanraking en hierdie goeters *(sic)* lê voor die hand vir kinders en ons besef dit nie altyd nie as ouers nie. Jy sien dit dalk, maar jy is nou al wys genoeg om daar verby te gaan en jy verbind nie die kolletjies om te dink maar my kind sien dieselfde link na ’n ander site en hierdie ding vat hom op ’n ander rigting in nie. So ek dink sosiale media kom nou maar in ons huise in waar tien vyftien jaar terug was dit glad nie so permanent daar nie, maar elke tiener het nou ’n selfoon so jy kan nie daarvan wegkom nie en ons as ouers sit met met ’n catch twenty two as ek dit so kan noem dat ons het nodig om met ons kind in kontak te bly. Vroeër jare het jou kind skool toe gestap en jy het gesê so laat is hy by die huis en hy was daar, maar nou eerstens is jy bekommerd oor hulle veiligheid aan die eenkant maar aan die anderkant ook jou tyd hardloop so rond dat mamma’s nie meer op tyd is wanneer sy hulle moet optel nie so dis maklik om gou-gou ’n boodskappie te stuur. So nou moet die kind ’n foon hê om met jou te kan kommunikeer, maar die oomblik as hy ’n foon het dan raak hy nou deel van die sirkel wat sê maar wat kan jy nou nog met hierdie foon doen? Benewens ’n speletjie speel en hulle aandag daarmee aflei, natuurlik die sosiale media en die groepe waarop hulle betrokke raak en dan daai *(sic)* deurtjie word net verder oopgeruk deur die vyand. Ek dink informasie uhm wat weet ons vra wat kan ouers doen om hulle te beskerm en ek glo die antwoord lê basies eerste in informasie. Ons ouers moet informasie kry, want

informasie beteken ook maar net dit uhm jy deel van die van die cyberspace informasie as jy dit nie gaan link met dit wat ons lewensaar as Christene nie en dis die Woord en as ek nie vir hulle gaan wys uit die Skrif en Skrifkennis, hoor hier maar dit waarmee ons besig is, is nie iets wat ek nie mag doen nie, dis iets wat ek nie wil doen nie en om my kinders terug te bring na liefde vir God en my liefde vir God groter raak en ek hierdie goed sien, dan raak dit nie 'n ding van hene wat gaan hulle sê nie. Dit raak 'n ding van ek maak God seer en ek wil 'n beter keuse maak. Dit raak nie 'n stok waarmee ek geslaan word nie, maar 'n ding wat ek regtig uit liefde wil doen en ek dink dis wat te kort is definiteif in ons gemeente is dit iets wat die Here op ons hart druk, is om in die liefdesrigting af te beweeg en hierdie liefdes *angle* as ek dit so kan sê en noudat ons hieroor praat en en daaroor dink, uhm besef ek dit is iets wat ons as ouers ook na ons kinders toe moet oordra en die woord liefde daarin, dan kan ek hulle beskerm sonder dat ek by hulle is, want die fondasie is reg sonder om hulle vir die wolwe te gooi, maar definitief moet ons op 'n konkrete manier gereeld kan kommunikeer met ouers en met kinders om te kan sê, hierdie is die gevare en die Woord sê, My volk gaan ten gronde as 'n gebrek aan as gevolg van 'n gebrek aan kennis en die ou mense het altyd gesê nee hene hoe minder jy van 'n ding af weet hoe beter. Ek dink glad nie meer dit gaan werk in vandag se tyd nie. Ek dink ons het nodig om hierdie goeters *(sic)* vir ouers uit te gee, sodat ouers kan bewus wees en dan reguit met hulle kinders kan praat daaroor op 'n vroeë ouderdom. Die eerste een wees wat vir hom sê wat is sexting? Wat is cyberbullying? Uhm wat is pornografie? Ek onthou op skool het ons uhm hier standerd ses, sewe rond het my vriende begin praat van 'n blou movie en ek hetb regtig gedink dit is 'n film met 'n blou kleursel oor en dan eendag word 'n ou word jy uitgenooi na 'n maatjie se huis toe en dan sien jy wat dit is. Nou dit was 'n lang proses en onskuldig half het jy by dit uitgekom maar vandag voel die outjie wat nie daarvan weet nie en hy het nie (onduidelik) daaraan nie, so hy gaan op google en hy gaan tik woorde in wat hy van gehoor het en dan is die hele blik wurms vir hom oop. So ouers het met 'n groot pad om te doen om informasie vir hulle kinders op 'n vroeë ouderdom te gee, glo ek.

N. Wat is die gevare van sosiale media waarmee jy al in jou gemeente te doen gekry het?

R. Neil, ons is nou so jaar in die gemeente en omdat 'n mens maar nuut is het jy nog nie gefokus spesifiek op hierdie detail van goed nie. Jy is nog besig met gemeente bou en die besoeke. Ons het 'n bestuursaand gehad met die tienerbestuur en van die beplaninge bespreek en een van die ma's was teenwoordig en die einde van die van die vergadering toe noem sy net, kan ons so bietjie in die volgende byeenkoms en dit wat voorlê met tieners begin praat oor internetboelies en afpersing en pornografie, want sy het nou al opgemerk die goed gebeur by haar seuns. Nou haar seuns is volgens my nog redelik jonk. Hulle is tien en dertien en ek het besef dat op hierdie ouderdom sien hulle dit al en ons het gedink, dis nie 'n probleem nie, maar hier is 'n ma wat dit sien, dis maar een ma, so die probleem is duidelik daar in die gemeenskap. Hierdie ma is nou betrokke by hulle, maar daar is ma's wat nie so betrokke is nie. So ek dink daar is 'n groter probleem as waarvan ons bewus is. Die ma het nou al gepraat dat haar seuns is, haar seuns is al geboelie daardeur en afgepers daardeur. Ons is nou onlangs gevra deur die plaaslike hoërskool om met die matrieks voor eindeksamen te praat oor depressie en die spanning wat erg raak en wanneer die depressie groot raak, dan raak hierdie internetafknouing ook nou nog dra by tot tot hierdie spanning en het ons agtergekom in ons area, het hierdie internet dare speletjie van blue whale sy kop uitgesteek en het ek spesifiek met hulle daaroor gepraat en vir

die tieners gaan inlig en ek was geskok om agter te kom dat hulle eintlik baie meer weet as wat ek gedink het ek vir hulle sê en ons is in die platteland. Die onderwysers het nie eers mooi geweet wat dit is nie. Hulle dag dis iets uit ’n natuurklas. Intussentyd is dit ’n speletjie wat die kinders al van weet. So ek dink daar is ’n gevaar en ons praat net nie altyd van hierdie goeters *(sic)* nie. Ons ons beweeg daaroor aan en ons kinders word op hulle eie gelaat om to face these dangers as ek so kan sê.

N. Hoe kon jy hulle help met ’n praktiese oplossing?

R. Vir die ma het ons op hierdie stadium nog nie ’n praktiese oplossing gehad nie, maar hoef *(sic)* hoe meer ons daarna gaan kyk en en ondersoek instel, besef ek maar ons het nodig om ’n praktiese werkbare manier daar te sit en prakties in die sin van eerstens ons het inligtingstukke nodig. So die ouers het fisies iets in die hand nodig om te kan sien, hoor hier maar dit is wat is sexting? Wat is chat rooms? Wat is live streaming? Want dit is terme wat ons dalk hoor, maar ons gee nie soveel aandag daaraan as jy nie daarin betrokke is nie. Nou sê ek maklik ons, want ek praat uit ’n kerklike oogpunt en ek en jy werk dalk nie aldag daarmee nie, maar vir van die ander ouers vir hulle is dit dalk iets algemeen want hulle is in so bedryf en hulle is op die internet en in cyberspace is hulle so al betrokke. So om dit vir hulle op te los, ek dink dis die grootste ding om vir hulle in te (onduidelik) eerstens te wys wat is lig en wat is duisternis en op Sondae wanneer ons saam is, die groter lig te kom skyn op op ’n verskil tussen reg en verkeerd en hoekom wil ek reg doen? Want ons het gewoond geraak aan Sondag is kerk en hier word ek gesê, jy mag nie, jy mag nie, jy mag nie en dan gaan ek uit en dan gaan ek weer aan met dit wat ek graag wil doen en ek dink ons as kerk se posisie het nodig om om sterker te verander of sterker te word as dit reeds verander het, na uh wat ek graag wil doen en wat ek nie wil doen nie, met ander woorde my liefde vir Woord, my liefde vir Skrif, my liefde vir God raak so groot dat ek wil nie betrokke raak by hierdie goeters *(sic)* nie en my kinders moet dit in my kan sien en omdat hulle dit in my dan sien, dan kan hulle na my toe kom in ’n oop kanaal en sê, hoor hier ek het eerstens net ’n kommunikasie met my ouers alhoewel hulle nie baie daar is nie, wanneer hulle daar is praat hulle met my en tweedens dit wat hulle sien en dit wat hulle elke dag vir my as voorbeeld stel is van groter praktiese waarde vir die kind as iemand wat vir hulle kom sê, hoor hier jy mag nie hierdie nie en jy moenie op daardie site ingaan nie, want al wat hulle doen is, hulle gaan nou maar net weer agter jou rug tensy jy fisies sy foon gaan blok *(sic)* en allerhande goeters gaan opsit. So, prakties glo ek regtig ons as as kerk uhm om weer op te staan. Ons het ook nou maar self onsself bietjie verwyder van jou posisie as kerk in die geenskap na een wat uhm uhm voorheen die morele toon gegee het. Wanneer dit kom by tegnologie en internet dan is dit half op ’n ander vlak wat ons moet fokus op die tradisionele manier, dit wat hier voor jou kom en in jou kantoor kom sit en ons het nodig om wakker te word en te sien wat rondom ons aangaan. Dit is ’n dit is ’n groot gevaar en iets wat die vyand totaal en al tot sy voordeel gebruik.

N. Wat is die voordele van sosiale media onder hoërskoolkinders na jou mening?

R. Ek dink daar daar kan voordeel voordele wees van die sosiale media. Een daarvan naruurlik is om vinniger vermeerdering in klasse te hê, kirrikulums wat verbeter kan word om om by te bly by wat in tegnologie aangaan as dit kom em dink byvoorbeeld aan geskiedenis. Uh as ’n onderwyser besig is in sy klas om geskiedenis om geskiedenis te leer, die grootte van die informasie wat jy kan in die hande kry, hoe vinnig jy dit kan in die hande kry teen voorheen en natuurlik aktualiteit daarvan. Hoe jy voorbeelde kan vergelyk in ’n klaskamer in van Korea na Amerika in dieselfde

tydgleuf en kan inligting te kan trek. Ek ek dink dit is ’n voordeel. Natuurlik is daar ook ’n druk tussen skole, keeping up with the Joneses. Die ander skole het hierdie goed wat hulle doen, so jy moet nou soontoe gaan. Advertensies is dalk ’n voorbeeld vir skole. Jy kan finansiële gewin daaruit kry, om gees te bou by ’n kind. Ek het dit gesien by ons tieners. Omdat almal op sosiale media is kan jy ’n positiewe invloed daardeur create. So, die tieners het ’n groep gaan stig, waar hulle positiewe opbouende boodskappe vir mekaar gee en nie net Bybelversies en hierdie prentjies wat julle vir vir mekaar aanstuur nie, maar hulle kan uit hulle hart uit vir mekaar iets skryf en uhm dit het ek nogals gesien, het ’n positiewe invloed na uhm na wat ’n mens al ’n bietjie met hulle beginne *(sic)* gesels het om liefde op te bou en dink en ek ek dink daar kan wel ’n voordeel wees. As ’n mens regtig daaroor gaan sit en dink, dan moet ek vir myself afvra, gaan ons dit mis as dit nie daar is nie? En miskien is dit soos die sluier wat oor almal se oë is en dink ons daar is baie meer voordele maar as internet skielik afgaan vir ’n tydperk, dink ek gaan gesinne skrik en agterkom, hoor hier ma *(sic)* my pa se voorkop lyk heel anderster as hy hom oplig en my in die oë kyk. Tot my kind lyk heel anderster *(sic)* as hulle my in die oë kyk en ek nie in sy kop vaskyk nie, want ons sit om ’n tafel by aandetes en is so besig op hierdie fone dat ons nie eers mekaar meer sien nie. So, is daar voordele? Miskien bietjie finansieël. Ek dink ons nadele is baie groter as ons voordele vir ons as gemeenskap orals hier in die stad. Dus jy kom nie meer by ’n ou waarvan ek weet nie wie is my bure nie maar sê dit op ’n Whattsapp, want hy gaan in en uit, maar ek weet nie hoe lyk sy huis, of sy braai-area want dis wat ons destyds geweet het. Hy sê net vir my, hoor hier, hy’s is uit, hou ’n ogie oor my huis en dis dis die meeste wat jy van ’n ou se lewe weet. So, ja ons kan mekaar vinnig laat weet, voordeel natuurlik om te weet waar is my kinders, waar beweeg hulle rond, planne het verander, juffrou moes my kom aflaai, ons gaan nou eers soentoe *(sic).* So, dis lekker om in kontak te bly, maar in dieselfde asem, so kan hulle wat wil skade aanrig ook in kontak bly, want nou het jy ’n cyber footprint waar jy rondbeweeg en as jou location enabled is op jou foon dan weet hulle presies waar jy is. Enige iets wat jy post kan hulle op google maps sien waar jy is. So, ek dink ons wat ons gedink het was voordele destyds het eintlik groter nadele beginne *(sic)* raak. Dis ’n web waarin ons onsself vasspin.

N. Het julle gemeente ’n werkbare plan in plek om hoërskoolkinders te help om die gevare van sosiale media te konfronteer? Indien wel, kan jy my meer daarvan vertel?

R. Neil, ons het nie een in plek gehad nie. Ek dink daar is verskeie redes hoekom daar nie een in was nie, maar op hierdie stadium daar was nie een in plek nie en vandat ons beginne *(sic)* praat het oor hierdie onderwerpe en onderhoude beplan en doen, het ek bewus geraak van die gevare en dringendheid wat daar is om daaroor *(sic)* te reageer en het ons ook met ons tiener uhm leiers en met die voogde oor oor die tieners gaan gesels, om ons eie opnames te beginne *(sic)* doen en inligting eerstens te kry uit tieners uit. Wat is hulle persepsie hiervan? Alhoewel dit hulle (onduidelik) sal wees, het ons nodig om hulle hulle in te trek daarmee en dan natuurlik inligtingsaande te hou waar ons kenners op die gebiedens *(sic)* kan kry, of kennis wat onsself opdoen kan deel op ’n positiewe manier, eerstens met die kinders self en dan definitief met die ouers om hulle konkreet in te lig oor dit wat vir ons voorlê en dit waarmee ons op hierdie oomblik moet moet deurgaan om eerstens ’n beter keuse te kan maak en dan altyd weer terug te vat na hoekom wil ek ’n beter keuse maak, maar ek is ’n Christen en wat maak my ’n Christen? Wat maak my anders as al my ander vriende wat op die internet kom en keer, dit is waaraan ek glo. Nou hoef ek nie meer skaam te wees waarin ek glo nie, want dit waarin ek glo is so groot en so sterk, ek kan trots wees

daarop. So, ek dink regtig om ’n plan daar te stel, inligting te gee en op ’n positiewe manier weer te gaan opbou, dat dan wanneer kinders daar uit beweeg, dat hy bemagtig is met krag en die wete binnekant hom, hoekom kan ek dit wees, want hoekom wil ek dit wees, maar nie van wat mag ek nie doen nie.

N. Wat dink jy kan van julle gemeente se kant gedoen word om hoërskoolkinders te bemagtig teen die gevare van Facebook?

R. Ek dink ons moet eerstens met hulle kant van hulle kant af bietjie met hulle gesels, om hulle insig te kry, want jy kan baie navorsing doen en sien wat is op die internet, maar ons het nog nodig om te weet in ons area, wat is aktueel? Wat vind plaas hier? Is die groot ding soos ek nou-nou ook gesê het, die blue whale wat deur hierdie area trek. Ander areas weet nog nie eers daarvan nie. So, ek dink eerstens om kommunikasie met hulle te hê. Om te gesels en sien wat vind hulle uit, is ’n probleem aan hulle kant. Ons het ’n goeie gesindheid tussen die gemeentes in die area en ook daaruit groei dan weer ’n goeie samewerking tussen die tieners. So, ek glo wanneer oor *(sic)* ons hieroor gesels, om die dorp te betrek in ope inligtingsaande, vrae aande, jy kan uit speletjies uit ook daaruit aflei wat is vir die tieners belangrik en aktief dit dan te gaan aanspreek. Tieners aktief bewus te maak eerstens van die gevare en tweedens die gevare wat hulle dan uitgelig het, vir hulle maniere te kan gee hoe om dit te hanteer. Wat doen jy as jy afgepers word deur ’n groep by die skool? Wat doen jy as iemand jou begin afknou as daar ’n boelie is en mekaar te begin bemagtig om op te staan as jy dit sien plaas vind plaas. Staan op vir jou maatjie en sê iets positief op die groep en staan saam om die ene wat dit doen dan af te haal of uit te sluit uit ’n groep uit eerder as om nou maar net stil te bly en te sien hierdie goed gebeur.

N. Wat kan van die kerk se kant gedoen word om ouers te bemagtig om hulle hoërskoolkinders teen die gevare te beskerm?

R. Neil, ek dink soos ons nou-nou gesê het dat ons as kerk het ek regtig ’n ervaring het het die Sondagplek geraak en so bietjie in tradisie verval van hier preek ons sekere boodskappe en dan as hy hier uitgaan dan is daar ’n verwydering tussen kerk en werk, of kerk en die res van my lewe en vandat ons hier is het ons regtig dit ervaar op ons hart dat ons weer die interaksie tussen God en my lewe kom in die regte lig stel en dit nie sien as twee aparte goeters *(sic)* nie. Dit is iets wat ek doen in die aand voor ek gaan slaap en miskien as ek tyd het in die week en dan Sondae vir so rukkie en dan die res moet ek aangaan met my lewe en Hy het dit op ons hart baie gedruk om die liefde te kom deurdring en wanneer die liefde beginne *(sic)* invloei, dan raak dit weer deel van ons lewe orals *(sic).* Nou wat die kerk kan doen om kinders te beskerm dink ek is definitief weer ons plek in te neem as die morele standaard waar ons goed gemeet moet word, want ek glo die vyand het dit van ons kom wegsteel en het die internet gaan stel as die standaard. So, wanneer kinders daarna beginne *(sic)* kyk, en hulle sien dis aanvaarbaar om op hierdie chat rooms te wees, of dis aanvaarbaar om vir ’n outjie fototjies te stuur van hoe ek sit of hoe ek lyk, dan raak dit vir my my morele standaard en ouers is te besig of was te besig om dit te weerspreek en wanneer ek dit wil weerspreek vanuit ’n kerkoogpunt dan kom ek agter ma *(sic)* ek doen dit uit ’n kerkoogpunt want ek ken nie my Skrif nie en dan moet ek probeer onthou wat is laas vir my gepreek, omdat dit nie meer deel is van my lewe nie. Ons het nie meer Skrifbasis nie, kan ek dit nie onmiddelik weerspreek en eerstens die krag en ouroriteit van die Woord gebruik en van dat Christus in my is in my kind se lewe ingee nie maar tweedens ook ek voel oudmodies want ek sien die die relevansie meer van kerk, van Skrif, van Woord in my lewe nie, want dit is iets wat ek moet Sondae vir ’n uur of twee

ure en dan raak dit al baie plaasvind. So, wat kan ons as kerk doen? Ek glo regtig ons het nodig om eerstens ons relevansie in vandag se lewe in te spreek, deur in ons preke in te werk deur vir mense dit terwyl jy preek hierdie terme te gebruik en hierdie voorbeelde te gebruik van wat gebeur en uhm dit help nie net om te praat van 'n profeet wat in erdekruike rondloop nie, maar jy het dalk nodig om meer relevant raak en te beginne *(sic)* praat van wat op Facebook gebeur en en Skrif te gaan soek om te kan weerlê hoekom wil ek nie so praat nie. Om vir hulle te gaan sê maar die Jakobus drie vers agt sê, die tong is is dodelike gif, so wanneer ek op Facebook is dan raak my vingers my tong en ek moet pasop wat ek daar sê, want ek kan mense doodmaak met dit wat ek skryf en so ek dink om ons plek weer in te neem as die morele standaard waarvolgens die kerk en ek dink dis dalk waar ons fout gegaan het in ons tradisie is ons het kerk die gebou geraak en dit was nooit glo ek wat Jesus wou kom doen nie. Hy wou liggaam kom skep en as ons terugkom na liggaam kerk toe, hulle wat ecclesia wat (onduidelik) hulle wat saam is en omdat ons saam is en omgee in liefde dan kan ons hierdie goed beginne *(sic)* aanspreek en sê ek ervaar die en nou kan ons 'n vrymoedigheid hê om te kom gesels, maar ons het die gebou gaan aankleef en daarom stap mense uit ons geboue uit en verwyder die twee raak dit moeilik om woord in my lewe te gaan toepas want my woord is die gebou, dis nie in my gemeenskap nie.

N. Wat is na jou mening die rol wat sosiale media speel in die vorming van morele sedes en waardes by hoërskoolkinders?

R. Soos ek nou gesê het die ek glo sosiale media het die morele maatstaf geraak daar buite. Hoe populêr jy is hang af van hoeveel likes en hoeveel vriende het jy op Facebook. Het jy meer as 'n duisend of het jy minder as 'n duisend. Hoe populêr jy is hang af van hoeveel likes jy kry op 'n foto wat jy opsit, jou sirkel waarin jy beweeg het nie net meer aktiewe sirkel geraak nie maar 'n space sirkel. So, 'n outjie wat voorheen stil en eenkant was en maar skool toe gegaan het en huistoe gegaan het en dinge op sy eie gedoen het, het nou deel geraak van 'n wêreld daar buite waar hy nog eintlik stil eenkant is, maar hy het 'n ander persoonlikheid. Hy kan agter 'n skuilnaam ander goed gaan doen en ander goed gaan sê wat hy nooit in die regte lewe sou doen nie. So, ek dink dies *(sic)* sosiale media het definitief dit gaan verwar en gaan verbrokkel. Hulle het dit algemeen aanvaarbaar gemaak om halfnaak foto's rond te stuur, om kru taal te gebruik, om dit wat onderwysers en ouers sê te gaan belaglik maak en dis maklik en bespotlik uh en dis maklik om van iemand 'n bespotting te maak oor sosiale media en dit trek baie vinnig. Ons het 'n onderwyser in ons skool wat baie gesukkel het met sy gesondheid en die kinders in die klas het hom vreeslik beginne *(sic)* aftakel en die grootste manier hoe hulle dit begin doen het, is om hierdie grappies vir mekaar rond te stuur oor hom op hulle fone terwyl hy in die klas is en dan hoor hy net heeltyd hierdie gegiggel en dit het hom geestelik heeltemal afgetakel dat hy naderhand ingegee het en dit is omdat dit die platform is wat geskep het dit is aanvaarbaar om grappies te gaan maak, want almal doen dit. So, dan kan ek ook ma *(sic)* ietsie sê, ek wil ook snaaks wees, ek wil ook aanvaar word deur die res van die groep. So, benewens dit het die internet glo ek die term kom skep vir ons taalgebruiik die tipe taal wat kinders gebruik deesdae, hulle afkortings van woorde en hulle raak so gewoond om op hulle fone so te praat, dat wanneer hy eintlik iets moet skryf, dan kan hy nie meer spel nie, want op internet maak dit nie saak of ek reg kan spel of nie, daar is eerstens is daar 'n spel checker en tweedens het ek in elk geval my eie afkortings vir al die goeters *(sic)* nou moet ek kom sit en skryf op 'n stuk papier en volle woorde gebruik, dan begin jy sien, by baie onderwysers hoor jy dit, kinders sukkel om te spel, hulle kom net nie

meer kan nie meer woorde reg spel nie en ons aanvaar dit nou maar half want ons verstaan darem wat wat daar sê, so ek dink so het die internet ook ons ons waardes kom verander, waar ons voorheen baie streng was op suiwer taalgebruik raak *slang* en afkortings raak deel van ons spraak deesdae. Uhm jy hoor hoe kinders met mekaar gesels en dan sal hulle sê, *omg,* nie dat hulle veronderstel is om dit te oh my god nie, maar net om ’n voorbeeld te gee van ek gebruik al hierdie afkortings in my taalgebruik en dit is omdat dit aanvaarbaar is op internet wat nou my waardes skaaf en ’n rigting gee. So, ek dink dit beïnvloed alles orals.

N. Dra jy kennis van ander van hierdie afkortings waarna jy verwys, dalk?

R. Ek het min kennis daarvan gedra. Ek meen jy het maar geweet van jou algemene goed wat jy dalk as volwassene sien, soos lol en sulke goeters *(sic)* wat mense gebruik en dit het my lank gevat om uit te vind *lol* staan vir laugh out loud, dan dink ek altyd as iemand dit gebruik, lag jy regtig hardop vir jouself waar jy is of rol jy regtig op die grond rond waar jy is uhm of gebruik jy dit maar net as ’n sê-ding en die skrikwekkende ding toe ek nou bietjie hier rond beginne *(sic)* kyk en agterkom van organisasies wat daar is wat vir jou goeie inligting gee daaroor is dat daar soveel meer afkortings waarvan ons bewus was en dat kinders kinders dalk ek weet nie eintlik of dit in hulle gelê het om dit te oorspronklik gaan ontwerp het nie maar hulle het hierdie gevat wat ons destyds gehad het afkortings en dit net soveel verder gaan maak. Hulle het gaan afkortings of nommertjies getalle gaan gebruik om goeters *(sic)* vir mekaar te kan sê, lettertjies soos ag waar waaraan dink ek nou ek ken nie eers ek ken nie eers al hulle goeters wat hulle gebruik nie. Goedjies soos een vier drie, I love you. Hoe hulle daarby uitkom het ek glad nie ’n idee nie en ek dink dis dalk ’n idee wat ek graag by ouers wil oorbring is dat eerstens hierdie goed bestaan hierdie afkortings jy sien dit op jou kind se foon en jy weet nie wat dit beteken nie maar ek sal graag wil weet wat het wat het gelei wat het gemaak dat een vier drie beteken I love you want as jy die psige agter dit verstaan dalk kan jy verstaan hoekom praat hulle op ’n manier wat hulle praat maar dat dit ’n erkende taal is en dat hulle so werk tussen mekaar en hulle verstaan dit dis dis ’n feit. Jy gaan na jou kind se foon kyk en jy gaan sien daar staan bbiaf en dan beteken dit be back in a few. Ek sou in my lewe nooit geweet het wat beteken dit nie. Ek sou net gedink het dis nou weer een of ander spelfoute. So, ek dink hulle doen dit om taal te vergemaklik maar verseker het die het die vyand dit gebruik om goed te kan verskans, steek nog ietsie weg en dit is hoe hy subtiel besig is en ek dink nie eers meer dit is subtiel nie om die kinders aan te moedig om in die duister te beweeg want hoe meer jy die taal gebruik hoe minder weet my ma en pa. Die afkortings beskryf eintlik hoe dom ouers is of uhm the watchkeeper is here en dis alles deel van respek om respek af te breek. Die vyfde gebod sê eer jou vader en jou moeder en die vyand is besig (onduidelik) moet hulle nie eer nie, doen net iets agter hulle rug, doen iets eintlik voor hulle rug en hulle weet nie eers daarvan nie. Ek dink van hierdie tieners put dalk genot daaruit om ’n taalgebruik op ’n foon te hê en die ouer kyk daarna en het nie ’n idee wat daar staan nie en dis vir hulle eintlik heel snaaks. Eintlik sê hulle reguit vir hulle ma waarmee hulle besig is maar niemand weet nie.

N. Dink jy jou gemeente doen genoeg om hoërskoolkinders bewus te maak van die gevare van "chat rooms” en ander internetpoorte tot pornografie en ander seksuele misbruike?

R. Nee Neil, glad nie. Op hierdie stadium het ons bewus geword eerstens self van gevare in die area. Dit was dalk al lankal hier ma *(sic)* nie iets waaroor iemand gepraat het nie. Ek dink dit is soos daai *(sic)* boetie wat jy gehad het in die tronk en jy’t geweet

van hom, jy's nogsteeds lief vir hom, jy praat net nooit oor hom nie en en hierdie probleem was hier onder die gemeente en as gemeenskap al 'n ruk lank maar dit is nou tyd dat ons lig daarop sit ek dink deur van organisasies soos CPYU te gebruik om goeie konkrete inligting te gebruik om vir die ouers te gee het ons as kerk nodig om vorentoe te beweeg en leiding te neem. Die skole is dalk daarmee besig en jeugwerkers maar ek dink 'n ou probeer fokus op skoolwerk en sport en hierdie goeters *(sic)* wat eintlik 'n invloed daarop het, ignoreer hulle half en hoop dit gaan weg. Dis die gevoel wat ek kry maar vir seker het ons tot dusver het ons nog nie 'n groot impak gehad nie en dis 'n plek eerstens vir ons om inligting te gee en tweedens om dit te gaan verbind met Skrif. Hoekom wil 'n kerk inmeng? Wel, hoekom nie? Ons is die lewe (onduidelik) jou hele lewe hang af van God se woord en Jesus het gesê, Ek is die Weg en die Waarheid en as ek nie die weg en die waarheid preek en leef en uitdra in die gemeenskap nie, hoe gaan hulle weet wat is die Weg en die Waarheid? Maar ons moet uit ons kerkgeboue uitkom en aktief betrokke raak weer in ons gemeenskap.

N. Is daar enige iets wat jy samevattend wil sê voordat ons die onderhoud gaan beïndig?

R. Neil, ek glo dat hierdie tipe navorsing is 'n bewys net weereens die mmm *(sic)* belangrikheid van om relevant te bly. Ons het ek weet toe ons gestudeer het altyd het hulle gaan verwys na kerke wat wat media het en dan het ons gedink van jy weet as hy 'n preek stream op You Tube en ons het gepraat van hierdie tipe media en is dit reg? Is dit nie reg nie? Hoe voel die ouer mense? maar ek dink nie meer ons kan ons kerk en onsself verwyder daarvan nie. Dit is is hier. Dit is rondom ons en as jy dit nie voordelig gebruik met amder woorde deur inligting te gee, deur God se woord te versprei, deur die krag van God se woord daarop te versprei nie, gaan dit jou ondermyn en gaan dit van jou mense insluk. Hierdie probleme is is in ons area. Dis nie iets wat kom nie, dis nie iets wat eendag kan gebeur nie, dis nou reeds hier. So, ek dink die die grootste ding wat vir my hier uitgekom het definitief is jy't nodig om aktief weer God se woord eerstens in ons lewens in te bring en tweedens die kerk het nodig om uit die gebou uit te beweeg, méér nog vir die van ons wat reeds het, maar meer nog en in te beweeg in die plek waar die vyand besig is om te beweeg. Die woord leer ons ons geveg is nie teen vlees en bloed nie en hoe beter het die vyand nie vir ons kom bewys hoe waar dit is nie, want ons veg nie teen vlees en bloed nie, jy veg teen 'n internet, jy veg teen iets wat in die lug rondbeweeg en in ons kinders se hande inkom en as my kind nie weet wat is my geestelik wapenuitrusting wat ek kan aantrek om staande te bly nie, hoe hoe gaan hy staande bly.

N. Weereens baie dankie vir jou tyd dat ek die onderhoud met jou kon voer en dan gaan ons nou hierdie onderhoud as afgehandel beskou. Nogmaals baie dankie.

ADDENDUM G: Getranskribeerde onderhoud met die respondent van gemeente nommer 6.

Die respondent met wie hierdie onderhoud gevoer was, het met tye baie gehakkel en die transkribering van die onderhoud is aangepas om die vloei van die gesprek beter te kan volg.

Die onderhoud is in elektroniese formaat (op ’n kompakskyf) beskikbaar, indien enige iemand na die oorspronklike weergawe daarvan wil luister.

N-Navorser

R-Respondent

N. Ek wil vanmôre begin deur eerste dankie te sê vir die geleentheid om hierdie onderhoud met jou te kan voer rondom die navorsing waarmee ek besig is en as ek kan begin met vraag een wil ek vra, tot watter mate dink jy is hoërskoolkinders eerlik met hulle ouers oor hulle gebruik van sosiale media, byvoorbeeld Facebook en dan kan jy vir my uitbrei waarom jy so sê?

R. Wanneer ek kyk wat kinders doen, hoe hulle dit doen en waar hulle dit doen, dan dink ek nie regtig dat kinders heeltemal eerlik is oor uh waar hulle is op die uh oomblik op Facebook of sosiale media nie, want hulle wil alles privaat hou en ek glo dat uh wanneer iemand uh iets privaat hou wanneer hy dit nie kan oopstel vir sy ouers eers om insae te hê in dit wat hy doen nie, dan uh is hy besig met dinge uh wat nie volgens die woord van die Here met regte dinge is nie. Dan is hulle besig om uh seker uh soos ek die afgelope tyd ook gesien het seker uh op Facebook uh private geselsies met mekaar aan te sit waar sekere dinge uitstaan van uh sedes wat nie reg is nie of uh mekaar sleg sê of uhm is ek beter as ’n ander een en dit het my nogal opgeval dat van ons jongmense uh uh vergelykings tref wanneer hulle op Facebook is. Het jy gesien die ene is kleredrag of het jy gesien hoe daardie een aantrek en dit is op die oomblik gaan hulle is hulle besig om uh dit wat mooi is, dit wat ons die positiwiteit wat ons uit media kan kry uit sosiale media uh is die ouens besig om te misbruik deur uh slegte dinge dalk daaroor te doen of om mekaar af te kraak. Uh ek het by geleentheid gesien waar ’n jong persoon gesit het en uhm met ek weet nie op Whattsapp eers of Facebook of wat besig is nie, maar uh toe sy begin trane in haar oë kry en begin uh ongelukkig wees oor dit wat sy daarop gelees het, nou dit wys vir my en dit sê vir my is dat daai *(sic)* kind op daai *(sic)* oomblik met iets besig was wat nie haar ouers se goedkeuring sou wegdra nie. Hoekom ek so sê, waarom sê ek so is dat uhm uh verskeie van ons kinders uh het uh het nie meer daardie soos toe ons jonk was daardie mooi oop gesprekke eers met hulle ouers nie. Uhm hulle ek het gesien dat hulle selfs met hierdie sms’e of uhm fone dan praat hulle met hulle ouers. So, die tyd toe hulle nog gepraat het met mamma en pappa waar hulle gesê het is, dis my probleem, word nou half deur uh die uh media gebruik om te kyk vir die oogkontak wat hulle het is nie meer daar nie en dit is vir my belangrik dat wanneer jy in geselskap is, wanneer jy in kommunikasie is met iemand dat jy darem oogkontak het. Nou praat hulle en kan eintlik hulle hart uitspoel teenoor ’n ander een sonder om die persoon eer in die oë die gesig te kyk.

N. Dink jy dat ouers van hoërskoolkinders in jou gemeente deeglik ingelig is oor die gevare van sosiale media en spesifiek Facebook?

R. Ek uh ek is nie seker wat uh hoe die kinders se ouers se houding is rondom hierdie goed nie. Ek dink nie hulle is ingelig oor wat regtig daarin is nie, want wanneer ’n mens bietjie gaan oplees en jou huiswerk doen oor uh sosiale media en spesifiek Facebook dan nou dan dink ek dat daar eintlik op die oomblik meer gevare in Facebook is as wat daar is die die mooi daarvan kan kom. Uhm ekself het al uh gesien dat of geondervind is dat uh dat iets moois verkeerd verdraai word op Facebook en dat die

ouers dan uh uh agterna ’n hele saak gehad het met die ander of die betrokke persone by die ding en dan is dit moeilik om om regtig hulle daarin te help, want hulle wil dit nog steeds privaat hou. Uh so ek dink nie almal is ingelig oor die gevare nie en die ouers en kinders is nie eerlik met mekaar daaroor nie, uh hulle skuif dit maar af op die kinders en gee vir die kinders hierdie uh media om om om om sommer sosiaal te verkeer, waar ons as kinders toe ons jonk was uhm dit nie regtig nodig gehad het om eers ’n selfoon te hê nie, want die kommunikasie tussen die ons skole byvoorbeeld en ons ouers was daar. Uh vandag is dit gegee vir kinders net om iets in die hand te hê of ek dink baie keer dat die ouers hulle gewete streel deur vir ’n kind ’n selfoon te gee, nooit te weet wat die kind rêrig besig is om te doen nie.

N. Dink jy dan dat die selfone ’n direkte oorsaak is waarom ouers nie hulle kinders oor hierdie gevare inlig nie?

R. Ja, ek dink uh uh ek eerlik as ek dink is dat selfs die ouers het is nie ingelig oor die gevare nie en dan gee hulle vir die kind die selfoon en die kind word dan uh uitgebuit of die kind kom op plekke waar hy as kind op sy ouderdomsvlak of eintlik nie eers moet kom as hy groot is nie en dit veroorsaak dat ons uh kinders se uh gedagtesgange uh idees van die lewe heltemal korrup draai en verkeerd draai deurdat hulle in die gevare van Facebook of sosiale media nie vir die kinders uitwys nie. Uh maar nou weet ons ook dat wanneer jy vir ’n kind iets uitwys, dan sal hy reeds daar wil gaan om te gaan kyk wat dit is, uh so, dit sal beter wees dat ons dan byvoorbeeld uh eerder ons kinders meer inlig oor die woord. Wat sê die Woord vir ons in plaas daarvan om vir hulle ’n selfoon te gee wat kontakte gaan uh ek dink as ’n mens dan regtig kontak moet hou met jou kind, moet jy dalk vir hom ’n selfoon gee wat geen ander dinge kan doen net as om jou te kontak dan as hy jou nodig kry nie.

N. Wat kan ouers doen om hulle hoërskoolkinders effektief teen die gevare van sosiale media te beskerm?

R. Ek dink persoonlik dat die ouers uh die kinders dalk moet attend maak op elke vlak van sosiale media, wat die sosiale media se plan is. Ek weet dat sosiale media vir ons uh vooruitgang is maar dat dit ook kan skeef draai partykeer, want ek dink de ou vyand, die ou duiwel gebruik dan juis die sosiale media om uh homself te promoveer uh om in mense se lewens in te kom, waar ons eerder die kindes kan sê dat hulle uh uhm die woord kan vestig soos Deuteronomium ses uh kan hulle dalk inskerp by hulle kinders. Wat die woord sê is byvoorbeeld, en hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan. Ook moet jy dit as ’n teken bind op jou hand, en dit moet as ’n voorhoofsband tussen jou oë gesit word sodat jy die heel tyd geherinner word dat jy die woord moet inskerp by jou kinders in plaas van om hulle bloot te stel aan aan uh buite as gevare wat die sosiale media kan hê. Dit sal hulle eerder beskerm. Ek dink dat as hulle die woord maar ook net so goed ken soos wat hulle hulle selfone ken sal dit vir ons kinders baie beter wees, want die woord sê ook in Efésiërs vier sewe en twintig gee aan die duiwel geen plek nie. So, uh ons moet die deure toemaak vir ons kinders. Ons moet hulle leer dat uh as dinge nie goed lyk nie om eerder maar self los te kom van die gevare wat ons draai.

N. Wat sou jy voorstel dan as as ’n middel om die kinders te beskerm as jy praat dat die ouers moet die Woord gebruik uh bedoel jy iets soos huisgodsdiens of iets in daai *(sic)* lyn wat ouers spesifiek kan doen om die gevare bloot te lê en dan kan ek sê ’n teenaksie te hê teen dierdie gevaar uit die woord van die Here?

R. Ja, ek dink ook dat uh ons moet huise uh die hoof van die huis die pa eintlik baie afwesig is uh in kinders se lewens, hetsy die pa dalkuh vas is aan die werk wat hy doen uh of geskeide ouers waar ’n ma ’n kind grootmaak alleen word daai *(sic)* uhm daai *(sic)* vestiging van huisgodsdiens nie meer gedoen met die kinders nie, so uh hulle het heeltyd die reg of die geleentheid om dan uh eerder maar hulle selfone te gryp uh en dan op dit te gaan waar ’n pa uh dalk meer ’n vaste uh band tussen sy kinders kan hê dat wanneer hulle byvoorbeeld die aand na hulle geëet het dalk na die Bybel kan gryp, gryp die kinders al weereens die selfone en uh ek dink dis tog die plig van die ouers uh hoeveel te meer die pa se plig dat hy as prietser van sy huis moet seker maak dat sy kind die woord van God in sy lewe het, want ek glo ook dat wanneer die kind die woord van die Here in sy lewe het en hy ken die Woord, hy ken die toepassing van die woord dan sal hy ook uh minder uh of sal die Gees van die Here hom ook aankla uh dat hy nie op plekke of op uh dinge sal ingaan waar dit dan ’n gevaar is vir hom en homself blootstel aan dinge wat hy of sy nie ken of sien of hierdie vlak van sy lewe kan ondervind nie.

N. Wat is die gevare van sosiale media waarmee jy al in jou gemeente te doen gekry het?

R. Jong dis vir my baie bekommerd dat uh wanneer ’n ou selfs uh gedurende ’n ou se preke sien jy mense op selfone en dan gebruik hulle die verskoning van maar ek het die Bybel op my selfoon. Daarom is dit vir my lekker om eerder uh die woord van die Here en die Bybel te vat staan ek weg van my kansel af langs die kansel dat die gemeente en almal in die gemeente sien dat ek lees die Bybel uh en in plaas van om ’n tablet of ’n computer of ’n komper *(sic)* te gebruik om dit te doen sodat ek nog steeds die vestiging van om die Bybel te lees by die mense tuisbring en ek het ook al gevra is dat gemeentelede moet uh dis lekker om dalk die Bybel op jou foon te hê, maar uh mense gebruik die foon of hulle lees die Bybel saam met jou op hulle foon en dan die volgende ookmblik kry hy ’n boodskap en dan is die gevaar daar dat die persoon uh die boodskap wil lees. So, breek jy dan eintlik die uhm die salwing of die uhm samehorigheid af dat die dat jy besig is om in eenheid saam die woord van die Here te lees uhm gaan hierdie ou dalk nou maar op sy telefoon gaan en uh waar ’n boodskap wat hy kon kry dalk om vir hom nou eerder na die diens kon meer waarde geheg het doen hy nou en ek het ook al gesien ’n ou kry ’n boodskap en dan staan hy op en dan stap hy uit onder die diens en uh ek dink nie dis gesond nie dat jy nie eers vir ’n halfuur of ’n driekwart uur jou foon kan afsit en net eenkant stoot en sê, ek vestig my aandag nou op die woord van die Here. Uhm wat ek ook nou al gesien het is dat mense uhm ag kom ons gaan bietjie buite die kerk ek meen mense wanneer jy in ’n gesprek is met ’n ou ’n goeie gesprek dan lui sy foon en die hele gesprek is daarmee heen want nou het hy ’n nuwe ding om sy aandag op te vestig.

N. Is daar enige ander gevare? Ek onthou by ’n geleentheid vroeër het jy genoem van iemand wat iets op Facebook gesit het wat jou toe waaraan jy toe gekoppel was wat jy in ’n gesprek by ’n streeksbyeenkoms genoem het.

R. Ja, ek het uhm uh ek dink tog wanneer ’n mens iemand ontmoet of jou gemeentelede uh is dit mos maar ’n mens se dat jy plaas ’n tien op elke ou se kop. Jy wil graag hê dat elke persoon wat jy sien is ’n geesvervulde kind van die Here en dan uhm ongelukkig is die persoon nie dieselfde op media of op Facebook laat hy hom uit en hy sê dinge of hy is besig met dinge op Facebook wat dan eintlik die beeld afkraak van wat jy gedink het hierdie persoon vir jou is. So, op die einde van die dag is dat uhm dink ek dat die mense eintlik dan maar ’n mombakkies aansit wanneer hulle daar

kom. Uh veral toe ek eenkeer ’n pragtige persoon wat ek so van baie van gedink het gesien het dat hy’s besig uh pornografie op Facebook. Hy gaan in op plekke wat hy aan gekoppel word en dit wys net vir my dit is dat die man se gedagtes is nie regtig op of sy lewe is nie regtig op die plek wat hy behoort te wees nie en dan op die einde van die dag uh is dit dalk nie goed vir ’n persoon om dit te sien nie uh maar dalk is dit ook die Gees van die Here wat dit aan jou openbaar sodat jy kan weet waaroor jy jou aandag op kan vestig en dalk ook dan daai *(sic)* persoon dan kan help. Uhm ander gevalle wat ek gesien het uh is dat mense eintlik mekaar afkraak of uh hulle noem dit mos bullying of cyberbullying waar hulle die Facebook gebruik om ’n ander persoon se beeld af te kraak uhm waar iets goeds daaruit moes kom is dit eintlik sleg en uh ek dink nie dis goed nie. Dit spreek van probleme in mense se lewens wanneer hy op die verkeerde dinge op Facebook byvoorbeeld is of uh ons weet nooit wat ouens heeltyd op internet of op hierdie goed lees nie, want die woord van die Here sê mos wat die hart van vol is loop die mond van oor en uhm dit gebeur so dat mense die duiwel vestiging gee of ’n vastrapplek in hulle lewens gee. Een Korinthiërs vyftien vers drie en dertig sê vir ons, moenie dwaal nie; slegte gesprekke bederf goeie sedes. So, uhm jy kan sien hoe die mense afdwaal wanneer hulle dit doen en dan wat mooi gesprekke sou wees is op die einde ’n bitter smaak los dit ’n bitter smaak in jou mond.

N. Vir diegene wat met die probleme gesit het, waarna jy nou verwys, kon jy hulle help met ’n praktiese oplossing vir die probleem wat hulle gehad het of probleme?

R. Ja, wat ek gedoen het is dat ek uh die betrokke persoon gekontak het na dit en dit was toe darem uh die verskoning wat gekom het dat hy is gekoppel aan iemand anderster *(sic)* se program en ek is nou nie so kundig op die gebied van dit nie maar dit was eintlik maar ’n flou verskoning maar toe op die einde kon ek darem die persoon help en na die Here toe lei en hom toe weer kry dat hy sy gedagtes eerlik en skoon kon doen. Uh ek kan wel sê is dat die goeie het uit die slegte gekom. Ons kon dit darem draai vir die persoon so maar dit is onaangenaam, dis nie lekker nie om sulke verrassings te kry van ouens wat jy dit nie verwag het nie op Facebook.

N. As jy nou kyk na die persoon se lewe, is jy seker dat hy volhard in die regte weg wat hy gekies het?

R. Ja, ek het uh direk daarna was ek so teleurgesteld in Facebook byvoorbeeld dat ek myself ’n tyd lank van Facebook afgehaal het en gesê het, ek stel nie meer belang nie uh want dit was vir my ’n skok om agter te kom dat die persoom homself so blootgestel het aan hierdie gemors en uh agterna kan ek darem sien in die persoon se lewe dat daar iets met hom gebeur het en dit is na die goeie kant toe so ek glo, ek vertrou dat hy uhm verlos is van dit want ek is nie meer in kontak op Facebook met hom nie

N. Wat is die voordele van sosiale media onder hoërskoolkinders na jou mening?

R. As ek dink aan die voordele wat daar is, dink ek maar dit is baie minder as die slegte goeters. Die voordele daarin is dat hulle dalk mekaar kan kontak uh dat ’n mens dalk uh goeie kommunikasie kan hê om sekere goeie dinge wat jy wil uit hê moet gebeur byvoorbeeld ons het ’n jeugbyeenkoms gehad en uh ons het ’n nuwe outjie in die gemeente gekry wat kontak gehad het met baie jongmense op ander in die skool byvoorbeeld en uh ek het hom gevra is dat hy dalk dat hy vir hulle moet laat weet dat uh dat ons so youth bash het en uh hy het toe dadelik seker omtrent vyftien of twintig van sy vriende kon kontak uh en hulle het toe gesê hulle sal hier wees waarvan toe hierdie vyftien wat hy toe omtrent gekontak het het toe maar sewe gekom maar dit was ’n goeie hulle kon iets goeds daaruit doen. So, hulle kon kontak hê en hulle kon

met mekaar gesels uh oor dit. ’n Mens moet nie net altyd negatief wees oor Facebook byvoorbeeld nie want ek dink tog dat dit ’n goeie kommunikasiemiddel is waar ons het dan ook maar sms’e wat ons kon uitgestuur het wat ook werk of ons kon dalk uh al hierdie nuwe dinge (onduidelik) op die telefone het soos Whattsappgroep kon gebruik het om dieselfde kommunikasie moontlik ek dink tog daar is iets goeds daarin.

N. Is daar enige ander voordele wat jy so uit die vuis uit kan noem?

R. (Onduidelik). Wat ons gedoen het is dat ons het ’n gemeente Facebookprogram begin of uh so rekening geopen waar ons kon uh foto’s van uh gebeure wat gaan gebeur in die gemeente plaas uh om dan die woord te versprei dat ons besig is soos wat ons nou is met die wederkomsreeks het ek uh die plakaat afgeneem en op Facebook versprei en die mense kon mense versprei mense wat toe op ’n verder seker tien of twintig kilometers vanaf ons af bly wat nooit sou gesien het dat hierdie plakaat opgeplak is by die Spar of so nie uh toe agtergekom het ons is besig met dit en die mense toe kom hoor het uh wat is hierdie program wat ons aanbied. So, uhm ’n mens kan daardeur ook darem seker uh uhm jou gemeente uh kan ek maar sê in Engels promote met Facebook maar ’n ou het ook die gevaar dalk dat dinge daarop kan opspring wat nou nie uh vir jou gemeente goed kan doen nie, beteken of goed kan doen nie.

N. Het julle gemeente ’n werkbare plan in plek om hoërskoolkinders te help om die gevare van sosiale media te konfronteer? Indien wel, kan jy my meer daarvan vertel?

R. Ons het nog nie uh op skrif ’n plan nie, maar wat ons besig is om te doen is dat ons het nou so twee of drie Vrydae middae terug het uh die man wat in beheer is van ons jongmense en ons tieners byvoorbeeld uh begin om vir hulle uit te wys oor musiek wat hulle so graag luister en uh hulle vir mekaar aanstuur op Facebook of uh per selfoon uhm vir hulle bietjie gewys dat net hulle attend gemaak op wat is die gevare van musiek wat so gespeel word onder ons kinders. Ek weet jare terug het ons so gepraat van om musiek agteruit te speel en dan het dit ’n ander betekenis en dit was vir my ’n besondere bywoning wat ons gehad het van jongmense en uh of hulle net oor die musiek dit te vertel, wat die musiek se gevare daarin is wat die boodskap wat musiek deur die media vir ons kinders gegee het. Uh so ek ons is in plan ons is besig om dinge op te stel en met behulp van die ouers van ons tieners en die betrokke persoon wat ons aangestel het om ons tieners te hanteer en myself gaan ons in die toekoms definitief ’n plan op die vloer sit uh en ons kinders daardeur vat en uh maar ek voel so sterk daaroor dat ek selfs ons ouers wil inlig oor die gevare wat sosiale media vir ons kan inhou uhm en dalk vir hulle uitwys wat is die voordele daarin ook betrokke.

N. Wat dink jy kan van die gemeente se kant gedoen word om hoërskoolkinders spesifiek te bemagtig teen die gevare van Facebook?

R. Ek dink dat uh ons moet eerstens byvoorbeeld die woord in hulle losmaak uh soos kom die wapenrusting uh seker te maak dat hulle weet waaroor die wapenrusting gaan want uh ons stryd is nie teen vlees en bloed nie waarvan soos jy weet die sosiale media definitief nie vlees en bloed is nie man *(sic)* wat deur ons mense misbruik word. So, ons moet ons kinders leer dat in die reg gebruik van Facebook, die reg gebruik van sosiale media en ons sal moet uh ook ons uh gemeente leer dat ’n mens Facebook of sosiale media kan gebruik uh tot voordeel van dit wat ons in ons gemeente het of dit wat hulle in hulle lewens doen by skole en uh en in hulle private *(sic)* lewens en so aan.

N. Wat kan van die kerk se kant gedoen word om ouers te bemagtig om hulle hoërskoolkinders teen die gevare te beskerm?

R. Soos ek gesê het is uh in ’n vorige vraag is dat ek regtig van my kant af nou dat ek so bietjie opgelees het oor die gevare daarvan en so bietjie gesels het met jou vandag daaroor dat ek as herder van my gemeente my mense moet beskerm en dat ek myself sal moet skool daarin en dan uh vir hulle by geleentheid uh gee waar ek plek skep of ’n spasie skep by ons in ons weeklikse program waar ons miskien op ons uhm Woensdae aande se byeenkomste waar ons uh dit kan uitgooi vir ons leiers daar om met ons ouers daaroor te praat en die gevare daar is en dan uh sodoende kan ons ook hulle help om hulle te beskerm want ek dink ons ouers is maar ook besig, ons kinders is besig en uh dalk is dit ’n goeie gedagte dat ons meer huiswerk rondom hierdie saak doen en dit dan deurgee aan ons ouers uh en ons ouers kan dit dan deurgee aan die kinders.

N. Wat is na jou mening die rol wat sosiale media speel in die vorming van morele sedes en waardes by hoërskoolkinders?

R. Sjoe ekke *(sic)* dink regtig dat uh Kolossense vier twee sê, ons woorde moet aangenaam wees met sout besprinkel en uh wanneer ’n mens dan die regte vorming of die regte woordplasing of die regte woorde gebruik uh sal ook die morele sedes uitstaan en uh ons kinders daarteen help en daarmee help dat hulle die regte waardes by ons kinders vorm. Ek dink dat wanneer jy die woord vat en jy die regte waardes by jou kinders inskerp uh ek wil nou nie sê hulle moet met die Bybel onder die arm loop heeldag nie, maar ek voel darem dat hulle met die woord van die Here in hulle harte kan loop, sal dit hulle daarteen beskerm, sal hulle agterkom dat hulle besig is met verkeerde dinge dalk en dan so deur sal die Gees van die Here dan ook aan hulle openbaar wanneer hulle dalk uh met op verkeerde plekke beland en ook op media of besig is met verkeerde goeters *(sic)* sodat hulle ook daardeur hulleself kan weerhou om by verkeerde dinge en slegte dinge betrokke te raak.

N. Dink jy dat die sosiale media juis die vorming van morele sedes en waardes by hierdie kinders nadelig raak?

R. Ja, ek dink omdat dit so blootstelling is. Daar is nie ’n briek *(sic)* aan nie, jy kan nie die kinders weerhou van die goed nie want ons kinders is al so uh in of hulle ken hulle eie selfone beter as wat die ouer of die die uh herder van die gemeente dit ken. Ek meen van kleins af uh is die kinders besig met selfone en hulle kan nog makliker op plekke kom as wat ons ooit kan droom om te kom. Ek meen ons het nie groot geword met dit nie en dis vir ons dan moeilik om hulle ook te keer wanneer hulle op te kom *(sic).* Wat die vorming daarvan betref is dat uh ja, ek dink daar’s goeie dinge wat ons kinders kan leer op sosiale media. Uhm dit kan goeie dinge by hulle vorm, maar ons kinders moet weet hulle moet waak dat hulle nie in die verkeerde dinge betrokke raak nie

N. Dink jy jou gemeente doen genoeg om hoërskoolkinders bewus te maak van die gevare van "chat rooms” en ander internetpoorte tot pornografie en ander seksuele misbruike?

R. Op die stadium nie, maar ek glo dat in die toekoms uh ons regtig om omdat dit maar eintlik ons plig as kerk is, as herder van die gemeente is dit ons plig om ons kinder *(sic)* ons mense in te lig, ons mense positief te hou, ons mens te weerhou van om met die verkeerde dinge betrokke te wees, uh gaan ons definitief werkbare planne in aksie sit en uh ons kan meer doen. Ons kan regtig meer doen om hulle betrokke te kry by

die regte dinge in plaas van met chat rooms en goeters *(sic)* en die internetpoorte en pornografie en seksuele misbruike, hulle beskerm daarteen. Uhm baie ouers voel sensitief as jy oor hierdie dinge praat, maar in my hart voel ek regtig dat die waarheid van die woord by die woord is, kinders sal vrymaak, want dis slegs die waarheid wat jou vrymaak, sodat ons ons kinders daarop attend *(sic)* maak uhm ons het tog maar van kleins af geleer dis dat mens moet uhm gaan kyk wat in die wêreld aangaan, dan die goeie te behou uit dit. Miskien is dit ook iets wat ons vir ons kinders kan leer van op hierdie nuwe kan ek amper sê, hierdie nuwe leefwyse wat ons kinders leef dat uh hulle dit dalk kan beproef maar die goeie behou soos die woord van die Here vir ons gee, sodat hulle dan ook ander kan help daarin.

N. Kan ek jou vra of jy ter afsluiting as daar dalk iets is wat jy nie genoem het nie, net so in ’n neutedop wil saamvat, voordat ons die onderhoud beëindig?

R. Wat vir my ’n riem onder die hart is dat die Gees van die Here ons altyd voorberei uh wanneer moeilikheid kom of vir goeie dinge en ek glo dat dit wat ons die afgelope onderhoud gesels het, dit ook deel is wat die Gees van die Here wat ons voorberei om ons kinders en ons mense te help op wat die misbruik van sosiale media kan wees uhm en anderster *(sic)* sou dit nie ons pad langs gekom het nie. Anders sou hierdie dinge nie met ons gebeur het nie. Dinge val nie maar net te per toeval in ons skoot en nou moet ons daarop antwoord nie. Ek glo dis ’n plan van die Here om ons ook teen die uhm vyand te beskerm wat iets wat goed is, want hy gebruik mos maar als *(sic)* wat goed is, swaai hy om in die lelike uh en wil die lelike openbaar en wil die lelike vir die mens opbring sodat hy hulle op ’n plek kan kry waar hulle op hulle knieë is voor hom, dink ek en vertrou ek dat dit die plan van die Here is dat ons op hierdie oomblik bewus raak van hierdie dinge en bewus is van hierdie dinge sodat ons daarteen kan waak, sodat on Sy woord kan gebruik om ons krag te gee en ons sterkte te gee en ons staande te hou teen die aanvalle wat die vyand ook deur sosiale media tot ons bring, want hy’s definitief uit daarop om ons mense te vernietig en uh gaan ons hierdie dinge maar net los, ons eie gang te gaan, gaan hy van ons kosbare mense ons kosbare jongmense wat vir ons baie waardevol is gaan hy vernietig en dit kan hulle hele lewe vorentoe beïnvloed. Daarom glo ek dat ons van hierdie oomblik af regtig werk moet maak om hierdie uh mooi van wat dit vir ons kan beteken by ons kinders in te skerp en uh om hulle teen die gevare van sosiale media te waarsku. Ek dink dit is ’n oproep van die Here af

N. Weereens baie dankie vir jou tyd om die onderhoud met jou te kan voer en dan gaan ons nou hierdie onderhoud as afgehandel beskou. Baie dankie.

R. Reg so. Dankie.

ADDENDUM H: Getranskribeerde onderhoud met die respondent van gemeente nommer 7.

N-Navorser

R-Respondent

N. Ek wil begin deur te sê baie dankie vir die voorreg om vanmôre die onderhoud te kan voer met jou, vir hierdie belangrike navorsing waarmee ek besig is en ek wil begin deur te vra, tot watter mate dink jy is hoërskoolkinders eerlik met hulle ouers oor hulle gebruik van sosiale media, byvoorbeeld Facebook? En dan kan jy vir my uitbrei daarop, waarom sê jy so?

R. Ek dink dat daar uh van die kinders is wat eerlik is en waarvan die ouers alles bewus is. Ek het ’n geval van uh ouers wat baie betrokke is by hulle kinders en presies weet waar hulle kinders is en waarmee hulle besig is op Facebook. Uh hulle kon vir my sê uh wat hulle kinders op ’n daaglikse basie doen, maar ek dink dat die groot meerderheid van ons tieners se ouers is glad nie bewus nie uh bewus van waarmee hulle besig is nie. Facebook bied vir die kinders uh partykeer ’n uitweg wat hulle nie by die huis kry nie, uh en die generasie van ouers van baie van ons tieners is soos hulleself nou al gesê het, tegnologiegestremd *(sic).* Hulle stel nie belang om self bietjie te gaan kyk wat op media’s soos Facebook en Twitter en blogs en so aangaan nie. Uh in gesprekke wat ek met tieners al gehad het, het hulle vir my baie duidelik gesê, nee, hulle ouers is nie bewus van al die plekke wat hulle in is nie. Ek het ’n seun wat na my toe gekom het en vir my kom sê het, dat hy het met pornografie betrokke geraak via Facebook en dat hy hulp soek en as jy kyk na en baie duidelik vir my gesê hy is verskriklik bang om oor hierdie goed te praat, want sy ouers is nie bewus van wat hy doen nie en dat hy dit meer sal doen as sy ouers nie by die huis is nie, uh sy grootouers bly ook by hulle en hulle is ook nie bewus nie en dat hy baie skuldig voel oor die feit laat laat *(sic)* sy ouers hom so vertrou met die tegnologie en dat hulle nie weet waarmee hy homself besig hou nie. Uh in van die gesprekke wat ek met hom gehad het, het hy baie duidelik ook gestel dit het begin deur ’n vriendin wat hom genooi het om ’n vriend te wees. Sy het ’n baie uh uh uh geslote groep gehad en uh dit het begin met foto’s uitruil uh en dat hy begin belangstel het, omdat dit hom geprikkel het en so het hy al dieper en dieper gegaan. Sy het hom verder gewys hoe om by verskillende media uh by betrokke te raak by hierdie goed. Skaam outjie, teruggetrokke outjie wat wat nie ’n meisie het nie. Ek het hom onder andere met hom gepraat en gevra, het hy ’n vaste vriendin? Stel hy belang aan verhouding? Ja, hy stel belang maar hy’s baie skaam en dat hierdie media gee vir hom ’n beter ’n tipe van ’n anonieme uh uh gedeelte, want hulle wys nie altyd hulle gesigte nie. Hulle hoef dit nie te wys nie. So, uh op hierdie manier kan hy sy anonimiteit behou en sy identiteit behou en is almal nie bewus altyd daarvan nie.

N. Dink jy dat ouers van hoërskoolkinders in jou gemeente deeglik ingelig is oor die gevare van sosiale media en spesifiek Facebook?

R. Die gemeente waarby ek betrokke is bestaan hoofsaaklik uit ouer mense. Uhm ek dink nie dat uhm dat die ouers is baie goed ingelig nie. Soos ek reeds genoem het, baie van die ouers is baie bang vir tegnologie en bly daarby weg. Ek het uh oor ’n duisend vriende of ongeveer ’n duisend vriende op Facebook regoor die wêreld en bitter min van hierdie mense is gemeente mense en ek het baie van die mense al genader om te vra of hoekom is hulle nie op Facebook en uh of op Twitter of Whattsapp waar ons kan gesels nie en hulle het baie duidelik gestel, dat hulle is bang vir hierdie goed. Hulle weet nie wat dit behels nie. Mense is baie baie oningelig. Die

ouer garde baie oningelig oor sosiale media en wat dit behels, uh alhoewel baie van die mense met wie ek al gesels het, is bewus van vir as daar ’n skandaal is wat op sosiale media wat in die nuus beland en so, sal hulle baie maklik vir jou sê, dat dit is die rede hoekom hulle nie hierby betrokke raak nie. Uh en ek dink dat hulle is dan oor die algemeen uh ignoreer hulle die uitdagings wat sosiale media veral vir kinders teweegbring en dat hulle glad nie bereid is om te gaan navors of te gaan kyk waaroor hierdie goed gaan en wat beskikbaar is op sosiale media nie.

N. So, verstaan ek jou reg, omdat die ouers versigtig is vir die tegnologie dat hulle dan as gevolg van hulle gebrek aan kennis oor die tegnologie, onbetrokke is of nie hulle kinders kan skool in hierdie opsig nie?

R. Ek glo dit met my hele hart. Ek uh my tiener my kinders is nou nie meer tieners nie en uh hulle is betrokke daarby maar hulle hulle het byvoorbeeld besluit (onduidelik) hulle ken die tegnologie en hulle het besluit om hulle kinders byvoorbeeld nie toe te laat om betrokke te raak by tegnologie nie voordat hulle kan verstaan wat die gevare daarby verbonde is nie. Nie al die ouers het hierdie wysheid en kennis om vir die kinders te verduidelik. Ekself het tot onlangs toe baie van hierdie goed nie geweet nie uh totdat uh pastoor met my gesels het om vir my en ek gaan kyk het ’n bietjie en navorsing gedoen het en gesien het wat die gevare hierby betrokke is en uh ook betrokke weer begin raak het by die tieners, agtergekom het ma *(sic)* die ouers se belangstelling solank as wat die ouers ek kry die gevoel dat solank as wat ouers hulle kinders kan voorsien met hierdie goed en uh hulle kan op ’n plek gaan aflaai waar hulle voel hulle redelik veilig is, is daar baie groot onbetrokkenheid by ons ouers veral wat hierdie goed aanbetref, kennis van tegnologie baie keer wat ek praat, ekself het in ’n tegnologiese omgewing redelik groot geword uh en moes baie keer gaan navorsing doen oor tegnologie uh wat ek vir my partykeer op goed gebring het wat ek nie verstaan het nie en uh ek dink ons generasie ouers is baie onbetrokke as gevolg van ’n gebrek aan kennis.

N. Wat kan ouers doen om hulle hoërskoolkinders effektief teen die gevare van sosiale media te beskerm?

R. Ek ek dink ek het baie geleer uh vandat pastoor my gekontak het. Uh as ek vir die ouers kan sê wat om te doen is om my skoondogter het ’n oulike sê-ding as ek sukkel, dan sê sy vir my, pa gaan google dit en so het ek geleer om maak nie saak wat ek op google insit nie, daar’s altyd iets oor die onderwerp. Uh ek het ook ’n ander ding geleer is define dubbelpunt en dan ’n spesifieke woord en dan kan ek baie daaroor nalees. Ek dink die grootste ding wat ons kan doen om veral om ons ouers te help om te verstaan, is om vir hulle te wys dat daar nie net slegte goed op die netwerke beskikbaar is maar daar is ook goeie goed uh en dat uh uh dat baie sterre *(sic)* geestelike groepe bestaan en hoe om hierdie goed te gebruik en te wys hoedat die kinders daarby betrokke kan raak. Ons sal moet begin op ’n punt kom waar ons ons ouers leer dat kennis maak mag en dat as jy kennis het kan jy beter verstaan wat jou tiener deurgaan en die die uh uhm die gewetenswroeginge wanneer hulle betrokke raak by hierdie goed en hulle weet nie hoe om om van hierdie goed ontslae te raak nie en die ouers weet nie hoe om dit te hanteer nie en kom vra baie keer vir hulp, want hulle kan sien dat daar probleme is met hulle tieners omdat hulleself nie weet nie. Ek dink navorsing en bietjie gaan nalees dit vat nie vreeslik baie tyd nie, dit vat nie vreeslik baie werk om te gaan kyk en bietjie gaan sê, ma *(sic)* waarmee is hierdie ouens besig? Ek het uh op myself so bietjie gaan in tik uh tieners en en Facebook en tieners en en blogs en tieners en Twitter en ek was verstom gewees om te sien hoeveel websites

beskikbaar is wat ouers kan bena *(sic)* kan beoordeel uh wat kennis aanbetref oor hierdie goed.

N. Wat is die gevare van sosiale media waarmee jy al in jou gemeente te doen gekry het?

R. Ek wil graag hierdie vraag beantwoord uhm deur uh van voorbeelde gebruik te maak die afgelope tyd waar ons met uh jongmense gewerk het soos ek dit reeds genoem het, 'n seun wat 'n prominente kind is in die uhm uh gemeente en by die tieners het na my toe gekom en gevra, dat hy het 'n probleem met pornografie spesifiek en hy in die gesprek het dit baie duidelik vorendag gekom dat hy het uh betrokke geraak via Facebook, 'n vriendinetjie wat hom genooi het, dis 'n baie teruggetrokke seun, baie skaam seun, uh reeds sestienjaar oud, hy't nie 'n verhouding met teenoorgestelde geslag vaste verhoudings nie, baie teruggetrokke en skaam en toe hulle hom genooi het na 'n uh closed group en uh waar baie eksplisiete foto's uitgestal word en so aan en so het hy betrokke geraak en geprikkel, hy wou meer weet en die kinders het hom dan gehelp om meer van hierdie bladsye en en sites, *chat* groepe en so by betrokke te raak. Ander geval waar 'n meisietjie 'n jong meisie 'n jong dametjie na my toe gekom het, my kom sê het dat daar is seuns wat vir haar die mees eksplisiete foto's stuur. Ek is nie seker op watter media nie en ek het besef dat sy kom vra vir hulp en ek het besef dat hierdie kind uh moet iets in die verlede gedoen het, sodat die kinders dan die vrymoedigheid het om vir haar hierdie goed te stuur, wat dan ook so was. Uhm al hoe meer en meer kry ek te doen met soos wat die kinders ons begin vertrou om te kom sê, hoor hierso, ek het hulp nodig uh in gesprekke met van die kinders uh en tydens die dienste kan ek sien dat die kinders partykeer op hulle selfone besig is en elke keer wat ons 'n selfoon afgeneem het, het ons gesien dat uh Facebook is oop of uh uh ander media soos Twitter of hulle is besig op 'n blog en uh dit was vir my nogal 'n ervaring gewees om te besef dat ons kinders uhm uh uh is betrokke by hierdie goed.

N. As jy praat van 'n closed group, het hulle meer uitgewei wat dit behels? Is dit net sekere mense wat deel gemaak word, kry ek die idee, van so groep?

R. Die kinders self het nie uitgeb *(sic)* die seun self het nie uitgerei oor wat 'n closed group is nie, maar ek het 'n bietjie gaan kyk en uh toe agtergekom dat uh dit is 'n groep waarby 'n persoon kan vra om die groep deel te word van die groep of wat deur vriende uitgenooi word. Wat ek verstaan van 'n geslote groep is dat dit slegs kinders is wat soortgelyke of uh uh media wil deel of en niemand van buitekant af soos ek dit verstaan kan hierdie groepe binnekom nie. Jy moet of genooi word of aansoek doen en dat jy gekeur word om aan hierdie groepe deel te neem.

N. Dis baie interessant. Is daar enige ander gevare wat julle mee te doen gekry het?

R. Dissipline en gedrag dink ek is 'n geweldige groot probleem uh want die kinders rebelleer teen dissipline. Uh baie min selfrespek uh vir hulleself ek is nie ek is 'n leek wat hierdie goed aanbetref maar uit baie van die gesprekke uit wat ons kry is waar kinders met dwelms deurmekaar geraak het en ek het 'n geval waar 'n seun met wat ons mee 'n baie lang tyd negentien jaar oud mee gewerk het, uhm wat sê dat hy met dwelms deurmekaar geraak as gevolg van sosiale media. Dit was vir hom aangebied as uh uh hoor hierso jy's in as jy by hierdie goed betrokke raak ensovoorts. Hy het hier van die kinders ontmoet in die omgewing uhm en die kind het totaal verval in in dwelms en dan by netwerke betrokke begin raak waar hierdie goed gebruik word en dit ook natuurlik begin promoveer onder die ander kinders. Die die kinders verloor hulle eie selfwaarde, hulle het geen respek vir (onduidelik) die kinders wat ons al mee gesels

het en wat ons mee begin het met berading het baie duidelik is daar geen selfrespek nie. Uh hulle kan hulleself nie vergewe nie, hulle sit met hierdie geweldige vrese binne hulle dat hulle ouers of hulle vriende gaan ontdek waarmee hulle besig is, dat hulle verwerp gaan word, baie van my ervaring is dat baie van hierdie kinders ly aan selfverwerping want hulle kan nie dis vir hulle baie moeilik om te aanvaar as hulle betrokke raak want, veral waar daar ouers is wat kinders van die Here is wanneer ouers nie betrokke by hulle tieners nie en hulle weet nie wat hulle tieners doen nie. Net die vrees alleen om ontdek te word is is ’n geweldige ding.

N. Het julle al te doen gekry met cyberbullying waar kinders geteister word?

R. Persoonlik nee nog nie. Ek het al daarvan gehoor maar nog nie te doen gekry daarmee nie.

N. Hoe kon jy diegene help met ’n praktiese oplossing wat aangeklop het vir hulp by jou?

R. In hierdie stadium die kinders wat met ons praat het en kom help het uh kom vra het vir hulp, het ons uh mee gesprekke gehad en dan uhm Bybelse beginsels begin uh uh toepas en begin wys oor hoe is dit moontlik eerstens om jouself te vergewe uh om weer op ’n plek te kom waar hy in homself kan beginne *(sic)* glo, dat die kind potensiaal het, uh uh maak nie saak wat ander sê van hom en so nie, uh dat die kind selfwaarde het. Ons het ook begin om hierdie kinders te betrek by ons ons tieners en seker te maak dat hulle by ’n plek kom waar hulle ervaar dat hulle erken word vir dit wat hulle potensiaal is en wat hulle kan bydra. Uhm ek is nog baie uh baie onlangs maar betrokke geraak weer by die tieners. Ek is het egter ’n paar gedagtes en ek het dit met die leierskap van ons kerk onlangs gedeel, dat ek is dringend opsoek na coaches en mentors. Ek dink een van ons grootste leemtes en probleme binne die kerk uh en binne die gemeenskap as sulks is dat ons nie behoorlike coaches en mentors ouer mense het wat uit lewenservaring hierdie kinders kan help om hulle potensiaal ten volle te bereik nie en dit is ’n geweldige groot probleem dat uh ouers is nie betrokke nie en hulle wil nie betrokke raak nie dat ons grootmense uh nie bereid is om betrokke te raak by ons tieners se probleme nie. As ons hulle so ver kan kry om coaches en mentors, coaches en mentors nie net vir die aanval wat die media die sosiale media op ons op ons jongmense het nie, maar ook hulle skoolwerk kinders wat glo hulle is nie goed genoeg nie, om daardie kinders se selfwaarde en selfrespek weer terug te bring. As ons coaches en mentors in ons skole kan kry en dit moet in die kerk begin. Ek dink ’n ander gedagte wat ons het en wat ons nou Vrydagaand gaan implementeer is om groepe binne die tieners te stig om die kinders se belangstelling op daardie manier te prikkel. Tipies sal wees soos gospel danse, uh voorbidders, tiener voorbidders uh selgroepies wat ons graag wil stig waar ons leiers geïdentifiseer wat al deur hierdie goed is (onduidelik) om van hulle eie van tieners te gebruik, wat deur hierdie goed gekom het en wat werklik die uh uh wat hulle self bekeer het en die Here aangeneem het en wat besef het wat die wat se self destruction en ek is jammer vir die Engels self destruction hierdie goed uh in die jongmense se lewens sien. Uhm ’n kind wat uh uh wat ons mee te doen gehad het is ’n seun wat weggeloop het, baie leuens vertel het nadat hy teruggekom het. Uh en hy het ’n meisie deur sosiale media Facebook spesifiek ontmoet, wat baie ouer was as hy. Sy het hom geprikkel deur haar liggaamsdele vir hom te wys ensovoorts en hy saam met haar weggeloop het, oor dat sy eerste ervaring is sy ouers baie eng, baie streng grootgemaak waarmee daar geen probleme is nie, maar hulle het nie besef dat hierdie kind betrokke geraak het by hierdie goed nie en en hy het eenvoudig van die huis af verdwyn, uh die *pink ladies*

het ’n post opgesit op Facebook, uh die gemeente het beginne *(sic)* bid en uiteindelik het die kind terug gekom en die leuens kom vertel om te verdoesel van dit wat hy rêrig deur is en ons het met hierdie kind gaan ernstig gaan sit en gesels en uh hom met liefde behandel, met respek behandel en hierdie kind het oopgemaak en daarop gesê dat hoe’t *(sic)* hy betrokke geraak. So, ek dink baie van hierdie kinders soek iemand om mee te praat, soek iemand wat kan verstaan en nie net krities is en aanval en wil raas en baklei en stry en so nie. Ek dink nie ons maak die tyd vir ons kinders om hulle probleme die daar’s boelies by die skole en ons maak nie plek vir ons kinders nie. Met my eie kleindogter het uh is geweldig geboelie by die skool en hulle ouers het dit nie agtergekom nie, maar ons het omdat die kinders van tyd tot tyd by ons is het ons agtergekom sy is besig om self te ontrek, sy is nie meer die sprankelende kind wat ons ken nie, sy praat nie meer so maklik nie en toe ons met haar gaan sit en gesels, het ons agtergekom sy word geboelie uh deur kinders wat ouer as sy is, selfde ouderdom en deur net te luister en toe met ons kinders te kan gaan sit en gesels en haar betrokke te kry waar sy erkenning gekry het, sy is nie goed in skole sport nie maar sy is goed in karate en waar sy selfdissipline geleer het, selfverdediging geleer het en geleer het daar is iets waarin sy goed is, blink sy nou uit. Sy blink uit in haar skoolwerk, sy kry toekennings. So, ek dink ons is baie onbetrokke.

N. Die kinders wat julle gehelp het, sal jy sê hulle is op ’n goeie plek op hierdie stadium geestelik, dat hulle nie weer onttrek het nie, maar betrokke is in die gemeente en dat julle kan sien dat jy verwys spesifiek na die Woord wat julle gebruik het, dat jy kan sien dat daardie impak wat die Woord in hulle lewe het, ’n blywende positiewe impak het op hulle lewe?

R. Definitief. Twee van die tieners is nou by my tienerleiers. Hulle het uh baie van die die Vrydae aande bymekaarkomste het hulle dit hulle eie gemaak, sluit die kerk oop voor die tyd, uh maak seker dat daarvoor gebid word, voordat die tienerdiens begin. Hulle pak die koppies uit, maak seker na die diens dat die kerk skoon is. Uhm ons het baie probleme gehad voorheen uh met die kinders wat die papiertjies en die goed daar gelos het en die Sondag is daar dienste of die Saterdag is daar ’n (stilte). Hierdie kinders het eenvoudig net en hulle nuuskierigheid oor die Woord het toegeneem. Uh oom kan jy my help om Bybelstudie te doen, ek weet nie hoe om Bybelstudie te doen nie, ek weet nie wat in die Bybel aangaan nie, ek weet nie waar om te begin nie, ek weet nie hoe om die Woord te lees en wat om te lees nie. Ek weet nie waar moet ek gaan as ek nie die Woord verstaan nie. Ten minste is twee van hierdie tieners op ’n plek waar hulle geestelik groei en waar hulle daadwerklik probeer. Natuurlik val die duiwel hulle nog aan met hierdie goed en uh dis nie ’n maklike omgewing waarin die kinders vandag is nie, uh hulle verloor baie van hulle vriende. Ons het hulle baie duidelik gestel, as hulle ’n besluit vir die Here geneem het, dat hulle hulle ou vriende gaan verloor, maar dat daar nuwe vriende is wat soortgelyke belangstellings soos hulle het. Uh van hierdie kinders kom ook met voorstelle van hoe ons uh uh hoe ons ons tieners kan verbeter en een die seun wat weggeloop het, is op ’n baie baie goeie plek in hierdie stadium. Ongelukkig het hulle weggetrek van die dorp af en is hulle in Ellisras. Uhm wat ek kan sien ook gebeur is as hierdie kinders aanvalle ervaar en wanneer dit vir hulle begin moeilik raak, dat hulle die vrymoedigheid neem om ons te skakel, dag en nag, uh of ons hier is of nie hier is nie, dan skakel hulle en vra vir ons dat ons moet help met gebed en dat hulle word aangeval. Uh ons het gisteraand ’n jongmeisie van wat uit ’n kinderhuis uitkom wat uh gemolesteer is deur haar stiefpa en haar boetie en wat baie traumatiese ervarings in haar lewe wat ons tans mee werk en wat gisteraand uh met ons kom praat het en gevra het, hoe kan sy groei in die Here?

Hoe verstaan sy die Woord? Hoe sy sy sukkel partykeer om te verstaan (onduidelik) en ons kry dat die kinders wat werklik uh deurbrake maak uh wil geestelik groei en die gedagte is nou om ’n kern geestelike groep te ontwikkel binne die tieners en hulle te kry om ander tieners te bereik deur hulle ervarings en nie skaam te wees oor dit waardeur hulle is nie.

N. Wat is die voordele van sosiale media onder hoërskoolkinders na jou mening?

R. Baie mense, veral die ouer garde meen dat sosiale media behoort nie ’n plek hê by jongmense nie. Ek dink dat sosiale media is ’n baie kragtige medium om probleme wat ontstaan te kan tipies kan studie uh studiegroepe wees. Uh ek het uh uh gesien in die tyd wat ek gestudeer het, hoedat die selfoon geweldig baie bygedra het, wanneer ek ’n ding nie verstaan nie, ek kan nie by ’n groep uitkom nie ensovoorts en hoedat die selfoon net op sms’e kan sosiale media kan baie blogs van uh uh uh wiskunde kinders sukkel met wiskunde, wetenskap en hoe hulle dalk ouers kan betrokke kry, uh kan onderwysers, coaches en mentors, ek het coaches en mentors genoem, hoedat hulle hierdie mense kan kry om betrokke te raak. Hulle kan hulle probleme uh daarso bespreek en uh mense kan op ’n verantwoordelike manier en selfs skoolwerk kan op daardie manier gedeel word, hoe om dit op te los. Ek dink daar is baie voordele daarin as dit reg hanteer en reg gebruik word.

N. Kan jy dalk aan nog een of twee dink?

R. Ek dink emosionele uh uh baie ouers is nie bereid om te luister na ons kinders se probleme nie en die kinders hardloop na hierdie forums toe en dis baie keer verkeerde forums, maar jy kan forums soos hierdie stig binne die kerk en binne die jeug waar kinders wat nie graag hulle wil hê dat ander moet weet nie, kan jy die groep toemaak net vir jou kerk of ’n spesifieke groepie en dan die administrateur van hierdie groep moet baie streng wees om seker te maak dat die kinders by die riglyne bly, dat daar spesifieke riglyne is. Ek wil noem dat ek by ek ek is baie lief vir die buitelewe en daarom kamp ek baie en ons het ’n groep van tagtigduisend ondersteuners binne hierdie groep wat genoem word kampmal en hier word probleme wat mense ervaar in kampe, kampe se voordele en nadele, slegte ervarings, goeie ervarings word hier gedeel en so stig ons mekaar en weet mense hoor hierso waarheen om te gaan. Hulle kan hulle beplanning beter doen, uh hulle kan deel oor ek het gesien in hierdie groep hoedat ’n persoon gestrand raak hier naby Kroonstad en hoe hy vra hy het dringend hulp nodig, hy kan niks verder beweeg nie en mense eenvoudig ingespring het en binne ’n ommesientjie was daar vier vyf bakkies op die toneel om hierdie mense te help en die karavaan uh uh reg te maak. Ek dink daar’s baie dis moeilik om te sê vir ander wat nog nie betrokke was nie maar dis ek dink daar is geweldige voordele daarin om groepe te stig, wat emosionele ondersteuning kan gee, wat uh uh leerondersteuning kan gee, wat probleme waar jy kan jou probleme deel en hoe dit opgelos word en sodoende die kinders te versterk.

N. Het julle gemeente ’n werkbare plan in plek om hoërskoolkinders te help om die gevare van sosiale media te konfronteer? Indien wel, kan jy vir my meer daarvan vertel?

R. Nee, ek moet ongelukkig sê dat ons gemeente ek het vanoggend bevestig by een van die leiers in ons gemeente dat ons glad nie so ’n forum het nie. Ons het nie ’n plan nie, uh ek het nou maar begin noudat nadat ek bewus geword het van hierdie goed om te kyk om iets saam te stel en ek het ’n paar idees en gedagtes wat ek by die volgende raadsvergadering sal bespreek

N. Wat dink jy (hoes), wat dink jy kan julle van die gemeente se kant doen om hoërskoolkinders te bemagtig teen die gevare van Facebook?

R. Ek het reeds genoem dat ek dink coaches en mentors is verskriklik belangrik om ons kinders te bereik en te help in die die uitdagings wat hierdie jongmense se lewe bied. Uh ek dink dit is een van die dit kan geweldige impak hê. Ons het 'n groep wat hulleself ouma's wat bid noem, wat spesifiek vir kleinkinders van mense wat gebedsversoeke instuur doen. Ek dink daar kan meer sulke goed wees wat nie net op gebed van toepassing is nie maar 'n groep ouer mense wat al deur die lewe gekom het, waarvan die lewe 'n leerskool was en wat bereid is om te gaan leer en te gaan navorsing doen en mense te kry wat ek herroep my aan 'n ou soos Rodney Seale wat baie nou betrokke is by hierdie goed, wat jy kan gebruik byvoorbeeld om die kinders hierdie gevare te kom uitwys maar nie net vir die kinders nie, ook vir die gemeente uh uh mense met kennis, mense wat werklik weet wat aangaan om en nie te eng in jou jou gemeente so te beskerm dat jy nie mense wil hê wat wat met hierdie kennis vir jou kom leer om dit te doen nie. Ons my gedagte in hierdie stadium is om te kyk na coaches en mentors en die coaches en mentors te leer wat die gevare is sodat hulle kan verstaan en hulle te kry die kinders vertrou nie maklik nie. My ervaring is dat mense kom hy praat nou met jou en dan gaan praat hulle onder mekaar en dan loop dit die hele wêreld vol en so verloor jy die kinders en maak jy hulle baie seer, so dit moet mense wees wat vertroue kan inboesem uh die grootmense is die antwoord wat ons hulle moet bemagtig en leer wat dit is en om hulle dan te kry om te verstaan waardeur hierdie kinders gaan.

N. So jy sê, as ek jou reg verstaan, dat die bemagtiging nie net op die vlak van die ouers moet wees of van die kinders nie maar dat albei hierdie groepe bemagtig moet word met kennis deur kundiges soos coaches en mentors wat dan van daardie vlak of op daardie punt af met hulle kan deel?

R. Dit is reg. Uhm ek dink hoekom ek ook sê die kinders as ek het netnou gepraat van kinders wat reeds betrokke was by hierdie goed wat hulle losmaak van hierdie dinge, hulle weet wat die gevare is, hulle ken hierdie omgewing, hulle hulle weet presies hoedat kinders gelok word in hierdie omgewing in en as jy daai *(sic)* kinders gaan oplei as 'n coach en 'n mentor en hulle kan weet van hulle maats vat, daai *(sic)* ding het die vermoë om om uh uh soos wat jy 'n klippie in die water gooi en hy begin uit te ring het die vermoë om uit te skuif. Hierso die probleem hoe kry 'n mens wat een gemeente begin daarmee uh of 'n uh uh uh gemeenskap 'n klein groepie in die gemeenskap begin daarmee. Hoe kry jy die ander kerke, gemeenskapsforums en so betrokke dat dit nie net 'n klein dingetjie in die gemeente bly en jy spreek jou gemeentekinders aan nie. Uhm dit is vir my 'n baie groot uitdaging in hierdie stadium. Ek het uh Sondagoggend het ek die voorreg gehad om 'n ander gemeente te besoek, saam met een van ons leiers en ek het daar dadelik ek het met die pastoor en die leier daar gepraat en hy was baie beïn *(sic)* uh uh uh inskiklik oor dit wat ons mee besig is en so en gevra kan hulle betrokke raak. So, daar is gemeentes wat wil betrokke raak maar daar is gemeentes ook wat ongelukkig op hulle eie wil aangaan, hulle wil nie ander gemeentes toelaat om te help en 'n bietjie te kom gesels en so nie. So, ek dink daar is 'n baie groot uitdaging vir ons, maar definitief ons kan nie net bly by die grootmense nie. Ons moet van ons kinders ook gebruik wat al reeds hierdeur is wat sterk staan, wat geleer het deur ervaring om ook coaches en mentors te wees. Hulle kan dit in die skole ook wees.

N. Wat kan van die kerk se kant gedoen word om ouers te bemagtig om hulle hoërskoolkinders te bemagtig teen die gevare van Facebook?

R. Ek het genoem dat ek dink die kerk is baie onbetrokke. Tieners kry nie uh uh (onduidelik) ek dink die grootste probleem is dat in baie kerke het tieners nie 'n plek nie. Ons maak nie voorsiening om ons tieners te te akkomodeer nie. Tieners uh is 'n handvol. Moeilik. Dissipline is baie keer 'n probleem, hulle selfrespek is 'n probleem, selfwaarde is 'n probleem en mense raak baie gou geïrriteerd as die kinders as jongmense nie stilsit en so nie en ek dink dat die kerk is besig om ons tieners te verloor as gevolg van die feit dat ons nie vir hulle plek maak nie. Uh ek dink dat die kerk moet begin besef dat die tiener is die kerk van môre, is die gemeente van môre en dat ons gaan moet verstaan, eerstens gaan verstaan wat is die **behoeftes van ons tieners**. Ek dink nie ons verstaan wat die behoeftes van ons tieners is nie, kan verstaan wat die behoefte van die tieners is. Waarin stel hulle belang? In plaas van om byvoorbeeld om 'n tienerdiens of 'n diens 'n eenmalige diens te hou waar die tieners en die ouers en die grootouers almal betrokke is. Kry jong uh uh persoon wat die tieners verstaan, verseker dat hy geskool is in hierdie goed uh dat hy 'n tienerdiens hou na die hoofdiens of voor die hoofdiens uh en waar die tieners beter gehuisves kan word en verstaan kan word. Ek dink uh dat ons werklik begin aandag gee uh hier is 'n ander probleem het. Baie van die die pa's werk weg van die huis af en as ek kyk byvoorbeeld in ons eie gemeente hoeveel ouers uh die pa's is is die ma weet nie hoe om dit te hanteer nie. Sy is nie veronderstel om dissipline toe te pas nie, uh dit is ook 'n baie groot probleem binne in ons kerk want die ma sit daar want die kinders luister nie vir haar nie en jy verloor hulle of mense storm uit die kerk uit omdat die tiener uh uh bietjie uh nie na hulle wense optree nie. Die musiek is nie noodwendig die tieners se tipe musiek nie, uh dit is draderig en dit trek en die tieners is opgewonde, hulle wil hulle is vol lewenslus en so aan en nou gee ons vir die tieners 'n geleentheid, ag die tienerorkes 'n geleentheid en helfte van die gemeente staan op en loop. Dit breek daai *(sic)* kinders se moed. Uh ek dink regtig ons moet kyk wat is die behoefte van ons tieners en sien hoe die kerk dit kan aanspreek. Ek dink die kerk het voeling met ons tieners verloor.

N. As ek jou reg verstaan, dan sê jy dat die bemagtiging van die ouers dan nie net die bebagtiging van 'n enkele ouer in die gesin moet wees nie, maar beide die pa en die ma?

R. Dit moet beide pa en ma wees. Ek dink beide is verantwoordelik. Die woord van die Here sê, ek en my huis, sal die Here dien. Daar is ook 'n gesegde wat sê dat die kleinste gemeente binne 'n gemeenskap of binne 'n kerk is 'n gesin. So, as een van die ouers nie betrokke is nie, dan sukkel jy meer om dissipline te handhaaf, nommer twee om die kinders op te rig en op te lei in waardes. Ek dink waardes die sosiale media het waardes begin vir *(sic)* veral morele waardes beginne *(sic)* afwater. Uh ek sê ons praat van 'n (onduidelik) die kleinste gemeente is 'n gesin, die kerk se ek dink daar's sulke dwalinge wat die ouers verward maak uh byvoorbeeld dat as ek een keer bekeerd is ek bekeerd en maak nie saak wat ek daarna doen nie, ek gaan hemel toe en ek is Vrydagaand ge-challencge deur 'n seun wie se ouers by hierdie goed betrokke is, wat sê, as ek my bekeer het en ek sondig daarna, maak nie saak nie ek kan ek gaan in elk geval hemel toe en hy't my ge-challenge en hiers *(sic)* my antwoord op hom. As jy my wil uitdaag, is dit reg. Ek hou daarvan. Ek is mal daaroor dat die tieners nie net aanvaar dit wat ek sê nie, dat hulle moet vra vrae, dan weet ek hulle is betrokke uh en so aan en vir hom gesê, as jy my wil uitdaag, daag my met die Skrif uit. Kom met Skrif, wys my in die Skrif waar dit staan. 'n Ou moet baie versigtig wees en dit is dink ek wat dit baie keer in ouerhuise gebeur, is ek breek hom so af voor sy maats en

sy vriende die die een ouer en die ander ouer gee toe. Die een sê nee, die ander een sê ja. Hulle tel hierdie goed van kleins af op en speel hierdie goed af, so as ouers gesamentlik reëls binne die huis het nie en dit streng toepas nie en nou praat ek nie van jou met ’n hammer oor die kop slaan en elke dag slaan en die reëls so maak dat hy geen vreugde uit die lewe uit put nie. Ek praat van spesifieke ouer gefundeerde gesinsgefundeerde reëls uh toe ek by die tieners oorgevat het, was daar geen reëls. Niks. Die tieners maak soos hulle wil. In die donker diens gehou en so aan. Ek het onmiddelik die ligte aangesit. ’n Klomp reëls neergelê en gesê, hier is die reëls waaraan julle voldoen as julle hiernatoe kom. ’n Klomp van die tieners het weggebly en hulle het gevoel dit is nie reg nie. In die tussentyd het negentig persent terug gekom, wat verskoning kom vra het en gesê het, hulle verstaan nou waaroor dit gaan en in die week het ons weer tieners gehad wat terug gekom het, selfs vir die pastore van die gemeente kom vra het. As ouers nie gaan begin om die reëls neer te lê in die huisgesin nie en dit saam toepas nie, dan gaan dit nie werk nie.

N. Wat is na jou mening die rol wat sosiale media speel in die vorming van morele sedes en waardes by hoërskoolkinders?

R. Ek lees ’n boodskap van ’n tiener wat ernstige probleme het op ’n Facebookblad en hoedat die ander tieners vir hom sê, ek kan nie eers die woorde uitspreek nie, geweldig baie vloekwoorde gebruik eerstens om te sê jou ouers het nie reg op jou lewe nie. Jou ouers kan nie vir jou sê om dit nie te doen nie of dit so te doen uh soos wat hulle wil nie. Hulle is verkrompe. Hulle hulle is eng in hulle gedagtes. Hulle is eng in dit wat hulle doen. Uh op hierdie manier begin die kinders te rebelleer. Uh pornografie is vrylik beskikbaar op die net en op Facebook uh ek het gaan kyk na blogs, ek het gevra, gekyk gaan vra teen chat rooms, aanvanklik net gevra chat rooms toe gaan sit ek bietjie teen chat rooms in, toe kry ek die skok van my lewe uh dat hoeveel ek het uh een wat baie onskuldig lyk het ek gaan oopmaak en gekom tot waar jy moet registreer en daar het ek gestop, uh want hy het ’n beskrywing van wat in hierdie chat room aangaan en dit was vir my ’n geweldige skok om te besef wat aangaan. Ek dink morele waardes die oorspronklike dit wat God bedoel het ons in die huis moet hê word totaal afgebreek deur sosiale media as die kinders betrokke raak by van die verkeerde kant van sosiale media. Weer sê ek, ek dink sosiale media het ’n goeie kant maar dat daar ’n gedeelte is en die kinders rebelleer teen hulle ouers, hulle rebelleer teen die samelewing, hulle rebelleer teen die staat, dit is hoekom ons in ons land is waar ons is. As ek kyk, dit is jongmense wat die goed afbrand en hier praat ek nie politiek nie, ek praat van my ervaring met tieners sit ek met swart, wit, Indiërs, uh uh kleurlinge, so dit gaan nie oor dit gaan oor die waardes wat wat sosiale media ons leer. Die die ouens sien hierdie goed en hulle dink dis reg, want dit begin die norm te raak in plaas van om te verstaan en dan dink ek godsdiens binne die huisgesin verwant het uitgesterf. Daar word voor die televisie geëet, daar word uhm Sondae in plaas van om om kerk toe te gaan of na plekke te gaan waar ek waar ek geestelik gevoed kan word, word daar rugbywedstryde gaan gekyk, sport word beoefen uh skolesport deesdae begin al op ’n Sondag plaas te vind en sosiale media dink ek dra net erger by daartoe dat uh ek bied vir jou iets aan wat die kerk nie vir jou aanbied nie

N. So, die morele verval waarna jy nou verwys, kan dan ook toegeskryf word aan die verkeerde aanwending of gebruik van sosiale media?

R. Definitief. Kinders soek ’n uitkoms vir hulle frustrasies. Kinders soek uh uh het ons plek vir sekere uh riglyne omdat hulle dit nie verstaan nie. Ek het altyd nog gesê, dat as jy vir ’n kind sê, moet dit nie doen nie uhm moet hy weet hoekom hy dit nie moet

doen nie en ek dink dit is waar die probleem lê. Ons sê nie vir ’n kind hoekom hy dit nie moet doen nie, wat is die gevare daaraan verbonde nie en uh die die media oor die algemeen uh as ek mag veralgemeen die media oor die algemeen uh bevorder nie sosiale waardes nie en ook nie morele waardes nie. Uh ek dink dit breek dit baie af uh want dit is makliker om oor die negatiewe te publiseer en te praat as oor positiewe goete *(sic)* en dit is tog wat morele waardes is. Dit breek die persoon af as jy in ’n negatiewe fase van jou lewe kom waar alles nie vir jou sin maak nie, selfs lei na selfmoord toe.

N. Dink jy jou gemeente doen genoeg om hoërskoolkinders bewus te maak van die gevare van "chat rooms” en ander internetpoorte tot pornografie en ander seksuele misbruike?

R. Soos ek reeds genoem het, uh ons gemeente is definitief nie betrokke daarby om ons kinders van hierdie gevare ek moet bieg as ek sê ek het self nie geweet van baie van hierdie goed nie en baie van die ander mense in die gemeente wat ek die afgelope tyd geself het, uh ek het gister met ’n man gesels uh en vir hom ’n bietjie ook ’n oupa en ’n ou wat betrokke is by sy kleinkinders en vir hom gevra of hulle in hulle gemeente programme het en vir hom verduidelik en vir hom vertel ek kan hom ongelukkig nie vandag sien nie, ek het hierdie onderhoud en vir hom gevra: Martin, weet jy van hierdie goed? En ek was verstom gewees toe hy gesê het, nee, hy weet nie, toe sê ek, en julle gemeente, hy’s baie betrokke in die gemeente, toe sê hy daar’s nie sulke goed nie. In ons gemeente is daar definitief nie. Ek het vanoggend bevestig. Ons het niks nie, ek kry baie keer die indruk dat ons wil mense plesier in dit wat ons sê, in dit wat ons bring, want mense hardloop deesdae baie maklik weg as hulle die waarheid hoor en ons is baie bang om vir mense te sê wat is sonde, wat is verkeerd, want dan kom mense en sê, julle sê net altyd alles is verkeerd maar terselfde tyd moet jy ingelig wees om te kan sê, hoor hier, hierdie goed is nie reg nie, uh en ek dink mense is baie bang vir hierdie goed, baie baie bang om ’n bietjie navorsing te gaan doen, om bietjie te gaan nalees, om bietjie te gaan kyk en te gaan ervaar wat hierdie goed is en mense en ek dink dit is nie net tieners nie, ek dink baie van ons getroude pare is betrokke by baie van hierdie goed, uh dis hoekom huwelikke skade ly. Ons het nou ’n geval waar die ’n jong paartjie, baie jong paartjie, jong kinders, waar die man by op hierdie netwerke boer en sy vrou afskeep en hulle huwelik is besig om te sink en hy nie bereid is om die goed op te gee nie. So, maar ons praat nie hieroor nie, nie in ons kerke nie, ons is baie bang vir hierdie goed, terwyl God Hooglied geskryf het, as dié intimiteitsboek vir ons huwelikke. Dis die riglyne vir ons huwelikke, dit is hoe ons ons huwelikke moet rig, God se voorskrifte vir ons huwelikke. Ons kinders ek het nou al met hulle gepraat oor die huwelik en uh van ons jongmense wat getroud is weet nie eers van om in die huwelik op te tree nie en uh ons gemeente is nie betrokke nie.

N. Jy het ’n rukkie terug verwys na chat rooms, wat jyself ’n bietjie navorsing oor gaan doen het. Kan jy vir my meer uitbrei waarmee jy te doen gekry het, hetsy positief of negatief?

R. Ek was verstom. Ek het die meeste wat ek geweet het van ’n chat room, ek is lief vir die nuus, graag op hoogte bly is toe uh ’n chat room met die naam van Maddison in die lig gekom het, al hierdie hacks op die verskillende en hierdie ouens het hierdie spesifieke chat room ge-hack en uh toe weer ouens se data gekry en begin afpers en so aan. Dis die eerste keer wat ek rêrig van ’n chat room gehoor het. My toe ek en pastoor Neil gepraat het oor chat rooms was my gedagte van ’n chat room was, dis ’n plek waar mense ’n forum wat hulle skep om oor een of ander topic te gesels. Ek was

nie verkeerd wat dit aanbetref nie, want toe ek gaan kyk het, toe kom ek agter man nege en negentig persent van die chat rooms en jy hoef net die woord chat room op google te gaan insit en hierdie blasye en bladsye en bladsye van hierdie goed maak oop. Uh by Wikipedia het ek ’n bietjie gaan kyk wat ’n chat room is en die definisie daarvan gesien en gesien dat negentig meer as negentig persent van die chat rooms is meer seksueel van aard, pornografies van aard, is uh baie uitdagend van aard. Ek het na ’n paar se omskrywings gaan kyk en ek kon nie een vind wat nie gegaan het oor uh flirts, uh om binne die huwelik jou huweliksmaat uh uh te verneuk nie, uh om uh virtuele seks te kan hê nie. Dit was vir my verstommend om te sien uh en dan het ek gegaan en die woordjie teen chat room het ek gaan teenager chat room gaan insit en tot my groot skok agter gekom, dat die meeste van hierdie chat rooms uh is en wat hulle daar sê is dat op een van die omskrywings dat soveel as drie uit vier kinders tieners is betrokke by chat rooms uh met navorsing wat hulle gedoen het. Ek kan nou nie die die die navorsingsmaatskappy se naam onthou nie, dat sestig persent van die kinders tot op die ouderdom van twaalf alreeds by chat rooms betrokke is en dit was vir my skrikwekkend, veral omdat ek nou vir die eerste keer besef het en gesien het wat dit is en waaroor dit gaan en hoe maklik dit is. Daar is geen manier al die twee of drie waarna ek gaan kyk het, ek het werklik nie die goed oopgemaak nie, ek het net na die omskrywing gaan kyk en op die voorblaaie is daar reeds eksplisiete foto’s wat veral vir jong seuns prikkelbaar gaan wees. Wat daar staan is uh is jy ’n sekere ouderdom, agtien en ouer of 21 en ouer of 23 en ouer, daar’s ek glo met my hele hart daar is geen manier hoe hulle dit kan bevestig nie. Hoe gaan hulle weet, hoor hier hulle is betrokke by hierdie goed.

N. So, wat jy dan vir my sê is dat kinders kan deel word van ’n chat room terwyl hulle nie aan die minimum vereiste van ’n ouderdom voldoen nie.?

R. Ek glo dit is moontlik want soos ek sê, ek kan nie sien dat daar ’n verivikasie van ouderdom is nie uh dat jy op een of ander manier jou id-nommer of ’n ding moet insit of iets moet bewys lewer dat jy daai *(sic)* ouderdom is nie.

N. Ter afsluiting wil ek vra, as jy dalk iets wil byvoeg, so in ’n neutedop wat jy dalk wat jou vroeër ontgaan het wat jy wou genoem het, dan gaan ek vir jou geleentheid gee daarvoor?

R. Pastoor, ek dink die goed het so maklik geword dat daar is geen magic meer daaraan nie. Die tyd toe my baas na my toe gekom het en gesê hy gee vir my ’n rekenaar het ek verskriklik hard baklei om nie ’n rekenaar te kry nie want en dit is nou baie jare terug ek wou hom nie gehad het nie. Jy weet die ding het vir my ’n vrees ingeboesem. Vir die kinders deesdae wat is tegnologie so vrylik besikbaar. Dit het maklik geword om by die goed betrokke te raak by hierdie goed om die behoeftes wat nie deur my ouers, deur vriende, deur ouma’s en oupa’s, deur die gemeenskap en die gemeente aangespreek te word nie ekskuus tog deur die gemeente aangespreek te word nie om op daardie plekke te gaan bevredig en ek dink dit is hoe ons kinders betrokke raak by hierdie goed.

N. Baie dankie vir jou tyd vanmôre om hierdie onderhoud met jou te kon voer en dan gaan ons nou ook die onderhoud as afgehandel beskou. Nogmaals baie dankie.

R. Plesier.

ADDENDUM I: Ingeligte toestemmingsvorm

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

Privaatsak X6001, Potchefstroom

Suid-Afrika 2520

Tel: (018) 299-1111/2222

Web: http://www.nwu.ac.za

INGELIGTE TOESTEMMING

Geagte deelnemer

U word uitgenooi om deel te neem aan ’n navorsingsprojek getiteld **"Facebook en die bediening van die kerkjeug in die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika. ’n Pastorale studie”.**

Die navorsing word uitgevoer deur pastoor Neil (DJ) du Plessis, ’n PhD-student in pastorale studies aan die Noordwes Universiteit, Fakulteit van Teologie. Die studie geskied onder toesig van Prof Marius Nel (AGS/NWU) en Prof Gert Breed (NWU).

Met die voltooiing van die navorsingsprojek, poog die navorser om ’n praktiese bedieningsmodel te ontwikkel wat gebruik kan word vir die bemagtiging van gesinne (ouers en hoërskoolleerders), ten opsigte van die verantwoordelike gebruik van Facebook.

Dit is belangrik dat u as deelnemer die volgende moet verstaan voordat u aan die navorsingsprojek deelneem:

- Deelname aan die navorsing is heeltemal vrywillig.
- Indien u instem tot deelname aan die navorsing, kan u te enige tyd van die proses ontrek, indien u nie wil voort gaan nie. Daar sal nie van u verwag word om enige rede(s) vir u ontrekking te vermeld nie. Daar sal geen nagevolge wees indien u sou ontrek nie.
- Indien u enige vrae het, met betrekking tot die semi-gestruktureerde vraelys is u welkom om die navorser, pastoor Neil du Plessis te kontak by 082 423 1207 of per epos by neildp8@gmail.com
- Daar sal van u as deelnemer verwag word om deel te neem aan ’n een-tot-een onderhoud van tussen 30 minute en een uur. Toestemming te gee dat die onderhoud in MP-3 formaat opgeneem word en dat die navorser die

transkribering daarvan persoonlik kan behartig. Toestemming te gee dat die navorser die bevindinge van die onderhoud anoniem in sy proefskrif en as deel van artikels mag rapporteer.

- Daar sal van die vrywillige deelnemers (ouers en hoërskoolleerders) wat die kwantitatiewe vraelyste onder toesig van ’n onafhanklike persoon *(“gatekeeper”)* voltooi, verwag word om dié vorm te onderteken.
- Die potensiële skade of risiko’s vir u as deelnemer is minimaal.
- U identiteit sal nie in die dokumentasie van die navorsing geopenbaar word nie.
- Daar sal geen vergoeding vir u as deelnemer wees nie.
- Die navorsingsbevindinge sal gratis aan alle deelnemers beskikbaar gestel word by die voltooiing van die navorsing, deur ’n epos wat aan die pastoor/jeugpastoor gestuur sal word en dit sal ook in die biblioteek van Noordwes Universiteit beskikbaar wees.
- Die hele proses word deur die Navorsingsetiekkomitee van Noordwes Universiteit gemonitor om die waardigheid en regte van u as deelnemer te beskerm.
- Indien u as deelnemer enige navrae of klagtes oor die proses het, kan u met die toesighouers in verbinding tree.

Kontaknommer van Prof Marius Nel (Promotor): 018 299 1591.

Kontaknommer van Prof Gert Breed (Mede-promotor): 018 299 1029.

Verklaring deur onafhanklike persoon *(“gatekeeper”)*

Ek, pastoor _____ wat in ’n onafhanklike hoedanigheid as *“gatekeeper”* vir hierdie navorsing optree, het die inhoud van hierdie ingeligte toestemmingsvorm verbaal aan die deelnemers verduidelik.

_____ _____

“Gatekeeper” Datum

Verklaring deur deelnemer

Ek, die ondergetekende, verklaar dat ek ten volle vertroud is met die inligting wat in die ingeligte toestemmingsvorm vervat is en dat dit verbaal deur die onafhanklike persoon *(“gatekeeper”)* aan my verduidelik is.

Ek het die geleentheid gehad om relevante aspekte van die navorsing met die onafhanklike persoon *(“gatekeeper”)* te bespreek en stem hiermee in tot vrywillige deelname aan die studie.

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 2018.

_____ _____

Handtekening van deelnemer Getuie

Verklaring deur navorser

Ek, _____ verklaar dat:

- Ek die inligting van hierdie dokument aan _____ verduidelik het, wat vir hierdie spesifieke doeleindes opgelei is.
- Ek hom aangemoedig het om vrae te vra en dat ek genoegsame tyd spandeer het in die beantwoording van al sy vrae. Ek was ook beskikbaar om enige verdere vrae wat hy moontlik kon hê, te beantwoord.
- Die ingeligte toestemming is deur 'n onafhanklike persoon *("gatekeeper")* verkry.
- Ek is tevrede dat hy alle aspekte van die navorsing, soos hierbo beskryf, ten volle verstaan.
- Ek is tevrede dat hy tyd gehad het om die aspekte van die navorsing met die promotot en mede-promotor te bespreek indien hy dit wou doen.

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 2018.

_____ _____

Handtekening van navorser Getuie

ADDENDUM J: Voorbeeld van die vraelys wat vir kwantitatiewe navorsing onder ouers van hoërskoolkinders gebruik is

Vrae aan ouers oor die gebruik van Facebook deur hulle hoërskoolkinders

1. Gebruik jy as ouer Facebook?

JA	NEE

2. Het jou kind 'n Facebookprofiel?

JA	NEE	WEET NIE

3. Het jou kind al 'n vals Facebookprofiel geskep (onder 'n vals naam)?

JA	NEE	WEET NIE

4. Het jou kind 'n Facebookprofiel geskep voor hy of sy dertien jaar oud was of eers daarna?

VOOR 13-JARIGE OUDERDOM	NA 13-JARIGE OUDERDOM	WEET NIE

5. Hoeveel tyd dink jy spandeer jou kind 'n dag op Facebook?

WEET NIE	MINDER AS 1 UUR	1-2 UUR	2-3 UUR	MEER AS 3 UUR

6. Hoe ingelig is jy as ouer van die gevare wat Facebook as sosiale mediaplatform kan inhou vir kinders?

GLAD NIE	GERINGE MATE	REDELIKE MATE	GROOT MATE

7. Van watter gevare is jy bewus?

1.	2.	3.

8. Wat is die voordele van Facebook vir kinders?

1.	2.	3.

9. Wat dink jy is die effek van plasings/inskrywings wat jou kind op Facebook maak, op sy of haar vriende?

GEEN EFFEK NIE	GERINGE EFFEK	REDELIKE EFFEK	GROOT EFFEK

10. Beïnvloed die aantal vriendskappe wat jou kind op Facebook het sy of haar populariteit, na jou mening?

GLAD NIE	GERINGE MATE	REDELIKE MATE	GROOT MATE

11. Tot watter mate dink jy kan kinders op Facebook seksueel uitgebuit word deur mense met bose motiewe?

GLAD NIE	GERINGE MATE	REDELIKE MATE	GROOT MATE

12. Tot watter mate hou kuberteistering ("cyberbullying", afdreiging van kinders) 'n gevaar in vir kinders?

GLAD NIE	GERINGE MATE	REDELIKE MATE	GROOT MATE

13. Tot watter mate hou identiteitsdiefstal (dat 'n kind se identiteitsprofiel gesteel word) op internet 'n gevaar in vir kinders?

GLAD NIE	GERINGE MATE	REDELIKE MATE	GROOT MATE	EK HET NOG NIE SO DAARAAN GEDINK NIE

14. Dink jy hoërskoolkinders spandeer tyd in *"chat rooms"*?

JA	NEE	WEET NIE

15. Dink jy jou kinders het al hulle Facebook-vriende persoonlik ontmoet?

GLAD NIE	SLEGS 'N PAAR	GROTENDEELS	WEET NIE

16. Het jy toegang tot jou kind se Facebookprofiel/e?

JA	NEE

17. Indien jy wel het, hoe gereeld vergewis jy jou van wat daar aangaan?

1 KEER PER MAAND	1 KEER PER WEEK	2 KEER PER WEEK	3 KEER OF MEER PER WEEK

18. As jy ingaan op die profiel, het jy al op inskrywings afgekom wat jy nie goedkeur nie?

GLAD NIE	BAIE MIN KERE	ENKELE KERE	BAIE KEER	EK GAAN NIE IN NIE	EK HET NIE TOEGANG NIE

19. Het jy sulke inskrywings met jou kind bespreek?

GLAD NIE	BAIE MIN KERE	ENKELE KERE	BAIE KEER	NIE VAN TOEPASSING

20. Weet jy of jou kind/ers al aan ander godsdienste buiten Christengodsdiens op Facebook blootgestel was?

JA	NEE	WEET NIE

21. Het jy geweet dat jy jou kind se privaatheidstellings op die Facebookprofiel/e kan stel om jou kind te beskerm?

JA	NEE

22. Weet jy van die volgende toepassings ("*apps*") wat party hoërskoolkinders gebruik?
22.1 Kik Messenger, wat gebruik word om vreemdelinge vir "sexting" te ontmoet.

JA	NEE

22.2 Snapchat, waar foto's en videos binne 10 sekondes nadat dit ontvang is, verdwyn.

JA	NEE

22.3 Whisper, wat gebruikers toelaat om 'n anonieme rekening te skep, terwyl dit presies wys waar gebruikers hulle bevind.

JA	NEE

22.4 Tumblr, wat maklike toegang tot pornografie en geweld bied.

JA	NEE

ADDENDUM K: Statistieke ten opsigte van die kwantitatiewe vraelyste wat deur die ouers van hoërskoolkinders voltooi is

Vraag 1-Gebruik jy as ouer Facebook?

	Frekwensie	**Persentasie**
Ja	83	84.7
Nee	15	15.3
Totaal	98	100.0

Vraag 2-Het jou kind ’n Facebookprofiel?

	Frekwensie	**Persentasie**
Ja	81	82.7
Nee	16	16.3
Weet nie	1	1.0
Totaal	98	100.0

Vraag 3-Het jou kind al ’n vals Facebookprofiel geskep (onder ’n vals naam)?

	Frekwensie	Persentasie
Ja	81	82.7
Nee	16	16.3
Weet nie	1	1.0
Totaal	98	100.0

Vraag 4-Het jou kind ’n Facebookprofiel geskep voor hy of sy dertien jaar oud was of eers daarna?

	Frekwensie	Persentasie
Voor 13-jarige ouderdom	18	18.4
Na 13-jarige ouderdom	61	62.2
Weet nie	12	12.2
Totaal	91	92.9
Nie aangedui	7	7.1
Totaal	98	100.0

Vraag 5-Hoeveel tyd dink jy spandeer jou kind ’n dag op Facebook?

	Frekwensie	**Persentasie**
Weet nie	13	13.3
Minder as 1 uur	27	27.6
1-2 uur	19	19.4
2-3 uur	19	19.4
Meer as 3 uur	13	13.3
Totaal	91	92.9
Nie aangedui	7	7.1
Totaal	98	100.0

Vraag 6-Hoe ingelig is jy as ouer van die gevare wat Facebook as sosiale mediaplatform kan inhou vir kinders?

	Frekwensie	**Persentasie**
Glad nie	7	7.1
Geringe mate	20	20.4
Redelike mate	40	40.8
Groot mate	31	31.6
Totaal	98	100.0

Vraag 7- Van watter gevare is jy bewus?

Geïdentifiseerde gevare	**Aantal kere na die gevaar verwys**
Pornografie	27
Identiteitsdiefstal *("profile hacking")*	22
Kuberteistering *("cyberbullying")*	20
Bedreiging van Facebookgebruikers se privaatheid	19
"Sexting"	15
Seksuele predatore	15
Verkeerde vriendskappe	15
Ontvoering/mensehandel	10
Valse Facebookprofiele	8
Persoonlike inligting wat maklik deur ander Facebookverbruikers bekom kan word	6
Geen gevare	5
Verspreiding van verkeerde inligting	5
Facebookdepressie	5
Prostitusie	4
Vermorsing van tyd	4
Kontak met onbekende mense	4
Teistering	4
Dwelms	4
Geweld	4
Naamskending	3
"Chat rooms"	3
Satanisme	3

"Blue whale"	3
Negatiewe gedrag	3
Groepsdruk	3
Propaganda	2
Blootstelling aan gevare	2
Facebookverslawing	2
Vuil- en beledigende taal	2
Negatiewe kommentaar	2
Leuens	2
Afsondering	2
Swendelary	1
Posisie bepaling	1
Rassisme	1
Plasing van nuusberigte/gerugte deur oningeligte persone	1
Selfdoding	1
Disrespek teenoor ander Facebookgebruikers	1
Onbetrokkenheis van ouers	1

Vraag 8-Wat is die voordele van Facebook vir kinders?

Geïdentifiseerde voordeel	Aantal kere na die voordeel verwys
Dit is ’n goeie kommunikasiemiddel om met familie en vriende kontak te behou	41
Facebook hou geen voordele vir kinders in nie	31
Facebook bied vir kinders ’n platform om met regte vriende vriendskappe te vestig	14
Facebook bied aan kinders ’n platform vir die verspreiding van Christelike boodskappe	13
Facebook bied aan kinders wat deel van groepe is die geleentheid om byvoorbeeld belanghebbenes van gemeente aktiwiteite en kinders van skoolwerk in kennis te stel	12
Familie en vriende kan foto’s met mekaar deel	6
Facebook bied aan gebruikers leergeleenthede	6
Facebook stel kinders in staat om op hoogte van nuusgebeure te bly	6
Facebook stel kinders in staat om familie en vriende met wie kontak verloor is, maklik op te spoor	5
Facebookgebruikers word in kennis gestel van Facebookvriende se verjaarsdae	5
Facebook stel kinders in staat om maklik en vinnig met hulle vriende in verbinding te tree	4
Facebook bied gesonde vermaak vir kinders	2
Aanbieding van hulp	1

Facebookgebruikers kan maklik en goedkoop advertensies op Facebook plaas	1

Vraag 9-Wat dink jy is die effek van plasings/inskrywings wat jou kind op Facebook maak, op sy of haar vriende?

	Frekwensie	**Persentasie**
Geen effek nie	8	8.2
Geringe effek	20	20.4
Redelike effek	33	33.7
Groot effek	35	35.7
Totaal	96	98.0
Nie aangedui	2	2.0
Totaal	98	100.0

Vraag 10-Beïnvloed die aantal vriendskappe wat jou kind op Facebook het sy of haar populariteit, na jou mening?

	Frekwensie	**Persentasie**
Glad nie	29	29.6
Geringe mate	24	24.5
Redelike mate	23	23.5
Groot mate	19	19.4
Totaal	95	96.9
Nie aangedui	3	3.1
Totaal	98	100.0

Vraag 11-Tot watter mate dink jy kan kinders op Facebook seksueel uitgebuit word deur mense met bose motiewe?

	Frekwensie	**Persentasie**
Glad nie	3	3.1
Geringe mate	4	4.1
Redelike mate	20	20.4
Groot mate	71	72.4
Totaal	98	100.0

Vraag 12-Tot watter mate hou kuberteistering *("cyberbullying",* afdreiging van kinders) 'n gevaar in vir kinders?

	Frekwensie	**Persentasie**
Glad nie	4	4.1
Geringe mate	3	3.1
Redelike mate	23	23.5
Groot mate	68	69.4
Totaal	98	100.0

Vraag 13-Tot watter mate hou identiteitsdiefstal (dat ’n kind se identiteitsprofiel gesteel word) op internet ’n gevaar in vir kinders?

	Frekwensie	**Persentasie**
Glad nie	3	3.1
Geringe mate	4	4.1
Redelike mate	15	15.3
Groot mate	58	59.2
Ek het nog nie so daaraan gedink nie	18	18.4
Totaal	98	100.0

Vraag 14-Dink jy hoërskoolkinders spandeer tyd in *"chat rooms"*?

	Frekwensie	**Persentasie**
Ja	63	64.3
Nee	6	6.1
Weet nie	29	29.6
Totaal	98	100.0

Vraag 15-Dink jy kinders het al hulle Facebook-vriende persoonlik ontmoet?

	Frekwensie	**Persentasie**
Glad nie	20	20.4
Slegs ’n paar	30	30.6
Grotendeels	30	30.6
Weet nie	16	16.3
Totaal	96	98.0
Nie aangedui	2	2.0
Totaal	100.0	100.0

Vraag 16-Het jy toegang tot jou kind se Facebookprofiel/e?

	Frekwensie	Persentasie
Ja	61	62.2
Nee	33	33.7
Totaal	94	95.9
Nie aangedui	4	4.1
Totaal	98	100.0

Vraag 17-Indien jy wel het, hoe gereeld vergewis jy jou van wat daar aangaan?

	Frekwensie	Persentasie
1 Keer per maand	32	32.7
1 Keer per week	17	17.3
2 Keer per week	6	6.1
3 Keer of meer per week	16	16.3
Totaal	71	72.4
Nie aangedui	27	27.6
Totaal	98	100.0

Vraag 18-As jy ingaan op die profiel, het jy al op inskrywings afgekom wat jy nie goedkeur nie?

	Frekwensie	**Persentasie**
Glad nie	39	39.8
Baie min kere	21	21.4
Enkele kere	8	8.2
Baie keer	5	5.1
Ek gaan nie in nie	7	7.1
Ek het nie toegang nie	4	4.1
Totaal	84	85.7
Nie aangedui	14	14.3
Totaal	98	100.0

Vraag 19-Het jy sulke inskrywings met jou kind bespreek?

	Frekwensie	Persentasie
Glad nie	22	22.4
Baie min kere	8	8.2
Enkele kere	15	15.3
Baie keer	21	21.4
Nie van toepassing	18	18.4
Totaal	84	85.7
Nie aangedui	14	14.3
Totaal	98	100.0

Vraag 20-Weet jy of jou kind/ers al aan ander godsdienste buiten Christengodsdiens op Facebook blootgestel was?

	Frekwensie	**Persentasie**
Ja	17	17.3
Nee	39	39.8
Weet nie	41	41.8
Totaal	97	99.0
Nie aangedui	1	1.0
Totaal	98	100.0

Vraag 21-Het jy geweet dat jy jou kind se privaatheidstellings op die Facebookprofiel/e kan stel om jou kind te beskerm?

	Frekwensie	**Persentasie**
Ja	55	56.1
Nee	40	40.8
Totaal	95	96.9
Nie aangedui	3	3.1
Totaal	98	100.0

Vraag 22-Weet jy van die volgende toepassings *("apps")* wat party hoërskoolkinders gebruik?

Vraag 22.1-Kik Messenger, wat gebruik word om vreemdelinge vir "sexting" te ontmoet.

	Frekwensie	**Persentasie**
Ja	22	22.4
Nee	75	76.5
Totaal	97	99.0
Nie aangedui	1	1.0
Totaal	98	100.0

Vraag 22.2-Snapchat, waar foto's en videos binne 10 sekondes nadat dit ontvang is, verdwyn.

	Frekwensie	**Persentasie**
Ja	41	41.8
Nee	57	58.2
Totaal	98	100.0

Vraag 22.3-Whisper, wat gebruikers toelaat om ’n anonieme rekening te skep, terwyl dit presies wys waar gebruikes hulle bevind.

	Frekwensie	Persentasie
Ja	9	9.2
Nee	89	90.8
Totaal	98	100.0

Vraag 22.4-Tumblr, wat maklike toegang tot pornografie en geweld bied.

	Frekwensie	Persentasie
Ja	13	13.3
Nee	84	85.7
Totaal	97	99.0
Nie aangedui	1	1.0
Totaal	98	100.0

ADDENDUM L: Statistieke ten opsigte van die verskille tussen die sewe deelnemende gemeentes waar ouers van hoërskoolkinders by die navorsing betrek is

Tabel 1

Gemeente	Vraag 1-Gebruik jy as ouer Facebook?		
	Ja	Nee	Totaal
Gauteng-Gemeente 1	24	4	28
	85.7%	14.3%	100.0%
Gauteng-Gemeente 2	6	1	7
	85.7%	14.3%	100.0%
Gauteng-Gemeente 3	14	7	21
	66.7%	33.3%	100.0%
Vrystaat-Gemeente 4	9	1	10
	90%	10%	100.0%
Vrystaat-Gemeente 5	7	0	7
	100.0%	0.0%	100.0%
Vrystaat-Gemeente 6	15	1	16
	93.8%	6.2%	100.0%
Vrystaat-Gemeente 7	8	1	9
	88.9%	11.1%	100.0%
Totaal	83	15	98
	84.7%	15.3%	100.0%

Cramer's V-beduidendheidspeil

	Cramer's V Waarde	**Statisties Betekenisvol**
Nominaal by nominaal	.284	.245
Aantal geldige vraelyste		98

Tabel 2

Gemeente	Vraag 2-Het jou kind ’n Facebookprofiel?			
	Ja	Nee	Weet nie	Totaal
Gauteng-Gemeente 1	23	5	0	28
	82.1%	17.9%	0.0%	100.0%
Gauteng-Gemeente 2	7	0	0	7
	100.0%	0.0%	0.0%	100.0%
Gauteng-Gemeente 3	14	7	0	21
	66.7%	33.3%	0.0%	100.0%
Vrystaat-Gemeente 4	10	0	0	10
	100.0%	0.0%	0.0%	100.0%
Vrystaat-Gemeente 5	5	1	1	7
	71.4%	14.3%	14.3%	100.0%
Vrystaat-Gemeente 6	13	3	0	16
	81.3%	18.7%	0.0%	100.0%
Vrystaat-Gemeente 7	9	0	0	9
	100.0%	0.0%	0.0%	100.0%
Totaal	81	16	1	98
	82.7%	16.3%	1.0%	100.0%

Cramer’s V-beduidendheidspeil

	Cramer’s V Waarde	**Statisties Betekenisvol**
Nominaal by nominaal	.341	.030
Aantal geldige vraelyste		98

Tabel 3

Gemeente	Vraag 4-Het jou kind ’n Facebookprofiel geskep voor hy of sy dertien jaar oud was of eers daarna?			
	Voor 13-jarige ouderdom	Na 13-jarige ouderdom	Weet nie	Totaal
Gauteng-Gemeente 1	8	12	3	23
	34.8%	52.2%	13.0%	100.0%
Gauteng-Gemeente 2	0	7	0	7
	0.0%	100.0%	0.0%	100.0%
Gauteng-Gemeente 3	0	17	2	19
	0.0%	89.5%	10.5%	100.0%
Vrystaat-Gemeente 4	0	10	0	10
	0.0%	100.0%	0.0%	100.0%
Vrystaat-Gemeente 5	5	1	1	7
	71.4%	14.3%	14.3%	100.0%
Vrystaat-Gemeente 6	4	7	5	16
	25.0%	43.8%	31.2%	100.0%
Vrystaat-Gemeente 7	1	7	1	9
	11.1%	77.8%	11.1%	100.0%
Totaal	18	61	12	91
	19.8%	67.0%	13.2%	100.0%

Cramer’s V-beduidendheidspeil

	Cramer’s V Waarde	**Statisties Betekenisvol**
Nominaal by nominaal	.441	.000
Aantal geldige vraelyste		91

Tabel 4

Gemeente	Vraag 5-Hoeveel tyd dink jy spandeer jou kind ’n dag op Facebook?					
	Weet nie	Minder as 1 uur	1-2 uur	2-3 uur	Meer as 3 uur	Totaal
Gauteng-Gemeente 1	2	9	5	6	1	23
	8.7%	39.1%	21.7%	26.1%	4.3%	100.0%
Gauteng-Gemeente 2	0	3	2	1	1	7
	0.0%	42.9%	28.6%	14.3%	14.3%	100.0%
Gauteng-Gemeente 3	3	7	3	5	1	19
	15.8%	36.8%	15.8%	26.3%	5.3%	100.0%
Vrystaat-Gemeente 4	0	3	2	3	2	10
	0.0%	30.0%	20.0%	30.0%	20.0%	100.0%
Vrystaat-Gemeente 5	2	1	3	1	0	7
	28.6%	14.3%	42.9%	14.3%	0.0%	100.0%
Vrystaat-Gemeente 6	5	2	1	3	5	16
	31.3%	12.5%	6.3%	18.8%	31.3%	100.0%
Vrystaat-Gemeente 7	1	2	3	0	3	9
	11.1%	22.2%	33.3%	0.0%	33.3%	100.0%
Totaal	13	27	19	19	13	91
	14.3%	29.7%	20.9%	20.9%	14.3%	100.0%

Cramer’s V-beduidendheidspeil

	Cramer’s V Waarde	**Statisties Betekenisvol**
Nominaal by nominaal	.227	.262
Aantal geldige vraelyste		91

Tabel 5

Gemeente	Vraag 6-Hoe ingelig is jy as ouer oor die gevare wat Facebook as sosiale mediaplatform kan inhou vir kinders?				
	Glad nie	Geringe mate	Redelike mate	Groot mate	Totaal
Gauteng-Gemeente 1	1	1	13	13	28
	3.6%	3.6%	46.4%	46.4%	100.0%
Gauteng-Gemeente 2	0	1	4	2	7
	0.0%	14.3%	57.1%	28.6%	100.0%
Gauteng-Gemeente 3	2	7	8	4	21
	9.5%	33.3%	38.1%	19.0%	100.0%
Vrystaat-Gemeente 4	0	2	5	3	10
	0.0%	20.0%	50.0%	30.0%	100.0%
Vrystaat-Gemeente 5	0	5	2	0	7
	0.0%	71.4%	28.6%	0.0%	100.0%
Vrystaat-Gemeente 6	4	3	4	5	16
	25.0%	18.8%	25.0%	31.2%	100.0%
Vrystaat-Gemeente 7	0	1	4	4	9
	0.0%	11.1%	44.4%	44.4%	100.0%
Totaal	7	20	40	31	98
	7.1%	20.4%	40.8%	31.6%	100.0%

Cramer's V-beduidendheidspeil

	Cramer's V Waarde	**Statisties Betekenisvol**
Nominaal by nominaal	.336	.016
Aantal geldige vraelyste		98

Tabel 6

Gemeente	Vraag 9-Wat dink jy is die effek van plasings/inskrywings wat jou kind op Facebook maak, op sy of haar vriende?				
	Geen effek	Geringe effek	Redelike effek	Groot effek	Totaal
Gauteng-Gemeente 1	5	4	8	9	26
	19.2%	15.4%	30.8%	34.6%	100.0%
Gauteng-Gemeente 2	0	0	2	5	7
	0.0%	0.0%	28.6%	71.4%	100.0%
Gauteng-Gemeente 3	1	7	9	4	21
	4.8%	33.3%	42.6%	19.0%	100.0%
Vrystaat-Gemeente 4	1	2	3	4	10
	10.0%	20.0%	30.0%	40.0%	100.0%
Vrystaat-Gemeente 5	0	1	3	3	7
	0.0%	14.2%	42.9%	42.9%	100.0%
Vrystaat-Gemeente 6	0	5	4	7	16
	0.0%	31.2%	25.0%	43.8%	100.0%
Vrystaat-Gemeente 7	1	1	4	3	9
	11.1%	11.1%	44.4%	33.3%	100.0%
Totaal	8	20	33	35	96
	8.3%	20.8%	34.4%	36.5%	100.0%

Cramer's V-beduidendheidspeil

	Cramer's V Waarde	**Statisties Betekenisvol**
Nominaal by nominaal	.246	.495
Aantal geldige vraelyste		96

Tabel 7

Gemeente	Vraag 10-Beïnvloed die aantal vriendskappe wat jou kind op Facebook het sy of haar populariteit, na jou mening?				
	Glad nie	Geringe mate	Redelike mate	Groot mate	Totaal
Gauteng-Gemeente 1	8	6	6	5	25
